# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# SAKELYS

## vir die

# TIENDE SINODE

## gehou te Pretoria

## 3 – 8 September 2001

*VERTROULIK*

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die sinode oor sake daarin besluit het nie.*

## INHOUDSOPGAWE

1. INHOUDSOPGAWE ..... ii
2. VOORWOORD ..... iii
3. ORDEREËLINGS ..... iv
4. DAGPROGRAM ..... vi

## VERSLAG VAN

5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE ..... 1 – 34
6. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE ..... 35 – 110
7. FINANSIËLE KOMMISSIE ..... 111 – 164
8. DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE ..... 165 – 186
9. KURATORIUM ..... 187 – 194
10. PUBLIKASIEKOMMISSIE ..... 195 – 212
11. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK ..... 213 – 294
12. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE ..... 295 – 318
13. KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG ..... 319 – 336
14. KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING ..... 337 – 346
15. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN –MUSIEK ..... 347 – 360
16. KOMMISSIE VIR KERKARGIEF ..... 361 – 373

# VOORWOORD

Ons het toe die nuwe millennium ingegaan, en nog steeds wag ons op die Here. Wat sy wederkoms betref, wag Hy op ons. *Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.* ***Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?*** *– julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.* (2 Pet 3:9-12.)

Die landsomstandighede kan nogal daartoe bydra dat ons losraak van die stoflike dinge – letterlik en in ons gemoedere. Dit kos maar net een motorkaping, een koeëlwond, een messteek om ons binne sekondes vir altyd los te maak van die materiële dinge waaraan mense so vasklou. En steeds is dit vir baie mense die grootste bedreiging: die moontlike verlies van hulle besittings en hulle lewe. Intussen vind daar 'n veel groter roof plaas – ons word beroof van ons Christelike waardes en beginsels, van ons taal en kultuur, van 'n nageslag wat nog Boere-Afrikaners kon wees as hulle nie so meegesleur word nie deur sommige onheilige onderwysleerplanne en deur die blikkerige Engels-Amerikaanse kultuur wat daagliks d.m.v. die TV ongehinderd deur ons huise spoel. In so 'n tyd gaan ons hierdie September saam op pad – sinode 2001. Dit pas ons as Christen enkelinge, maar ook as kerk, om in ons besinning, besluite en dade die klem te laat val waar dit hoort – *op 'n skat in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie* (Mt 6:19-21).

Mag u die sinode ook in dié opsig verrykend vind!

**Praktiese reëlings**

Afgevaardigdes wat deur hulle kerkrade met die hoë verantwoordelikheid vertrou is om die kerkrade by die sinode te verteenwoordig, word vriendelik gevra om

1. 'n Kopie van Omsendbrief 9/2001 by hulle skribas te bekom en hullé vertroud te maak met die belangrike inligting daarin;

2. die inhoud van die *Sakelys* as vertroulik te beskou totdat die sinode dit afgehandel het; die hele *Sakelys* vooraf aandagtig te bestudeer; die inhoud sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word;

3. 'n Bybel, Psalm- en Gesangeboek, Proefsangbundel, asook 'n eksemplaar van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk (2000-uitgawe) saam te bring na die sinode;

4. die Ordereëls vir kerklike vergaderings op bl. 51-55 in die Kerkordeboek aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal ook as gelese beskou word by die aanvang van die sinode);

5. onderling te reël dat na afloop van die sinode, en na ontvangs van die *Handelinge*, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig;

6. gereeld voorbidding vir die komende sinode te doen en te vra by hulle gemeentes.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die sinode toegebid.

MECHIEL ADENDORFF
(Skriba SKK)

## ORDEREËLINGS

1. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig KO Bepaling 41E totdat voorsitter gekies is: Prof. JC Lombard

2. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is: di. G Pretorius en AS van Staden

3. Opening deur waarnemende voorsitter: Skriflesing, sang en gebed

4. Verwelkoming deur

   4.1 waarnemende voorsitter
   4.2 voorsitter, kerkraad AP Kerk Wonderboom.

5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe

6. Konstituering

7. Aanwysing van stemopnemers en –tellers

8. Kennisname van ordereëls vir kerklike vergaderings (bl. 51 in Kerkordeboek) – word as gelese beskou

9. Verkiesing (Art. 40 en Bepaling 41B)

10. Benoeming van tydelike kommissies (indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede deur afgevaardigdes vooraf op Vorm Sin.3 aangedui)

**AANBEVELINGS**

**10.1 Die sinode besluit dat tydelike kommissies uit hoogstens 20 lede sal bestaan, naamlik diegene wie se name reeds op die kennisgewingborde aangebring is.**

**10.2 Die sinode besluit dat die Tydelike Kommissie vir die Samestelling van Permanente Kommissies bestaan uit die moderatuur en die voorsitters van die uittredende permanente kommissies. Die sameroeper is die ondervoorsitter van die sinode.**

**10.3 Die sinode besluit dat sake wat uit 'n verslag voortspruit, en wat langdurige werk deur 'n tydelike kommissie sal verg, slegs in hoogs uitsonderlike gevalle nog tydens hierdie sinode behandel sal word. Sodanige sake, waaroor nie spoedig tydens hierdie sinode besluit kan word nie, sal na die betrokke volgende permanente kommissie verwys word met die oog op 'n voorlegging tydens die volgende sinode.**

**Motivering**

10.1.1 Indien 'n permanente kommissie 'n voorlegging doen, behoort die aangeleentheid al deeglik uitgepluis en weloorwoë te wees, sodat die sinode 'n finale besluit kan neem. Kleiner wysigings aan voorstelle van die permanente kommissie behoort gemaklik gehanteer te kan word. Indien daar egter ernstige verskil oor 'n voorstel of saak bestaan, sodat die sinode nie spoedig tot 'n goeie besluit kan kom nie, moet dit deur die volgende permanente kommissie hanteer word, wat genoeg tyd tot hulle beskikking sal hê om die saak behoorlik na te vors, deeglik te bespreek en met 'n verantwoordelike aanbeveling na die volgende sinode te kom.

10.1.2 Weens gebrek aan tyd tydens die sinode kan oorhaastige besluite geneem word indien die uitgangspunt sou wees dat alles tydens hierdie sinode reeds afgehandel môét word.

10.1.3 Kundige broeders word gewoonlik op tydelike kommissies aangewys. Dit gebeur dan dat hulle soms met hulle kommissiewerk besig is terwyl die sinode met sy sakelys voortgaan en hulle gevolglik nie ook dáár hulle kundigheid tot beskikking van die sinode kan stel nie.

10.1.4 Lang besprekings op tydelike kommissies het die gevolg dat baie belangrike sake op die laaste sittingsdag te midde van 'n druk program ingeforseer moet word. Dan ontbreek die tyd vir deeglike bespreking en kan besluite geneem word wat onnodige tyd op die volgende sinode in beslag neem weens beswaarskrifte.

11. Vasstelling van Sakelys

12. Goedkeuring van dagprogram

13. Openingsrede deur prof. FAH van Staden

14. Broederlike gesprek – inleier: ds. MC Adendorff

15. Verslae van permanente kommissies

16. Verslae van tydelike kommissies

A. Kerkregtelike Sake
B. Finansies
C. Jeug en Verbondsonderrig
D. Onderwys en opvoeding
E. Kerkargief
F. Formuliere en liturgie
G. Kerkleer en Christelike etiek
H. Besluiteregister van sinodale besluite vir aandag van kerkrade en ringe
I. Kerksang en –musiek
J. Mediaskakeling
K. Ringsindeling
L. Verlofaansoeke
M. Notule
N. Literatuurbekendstelling
O. Geloofsbriewe
P. Publikasies en Bybelverklaring
Q. Stemtellers
R Samestelling van permanente kommissies

17. Konstituering van permanente kommissies

18. Konstituering van RKA
18.2 Vergadering van die RKA waartydens die verslag van die BRKA behandel word
18.3 Verkiesing van 5 lede (met sekundi) van die BRKA. Kyk Reglement 6.1, bl. 72-73 in Kerkordeboek, en die onderstaande besluit van die RKA in 1997 (Handelinge bl. 280 pt. 23.1.3.3):

**Die lede op die BRKA (5) word soos volg gekies:**
**a. afgevaardigdes se belangstellings- en ervaringsveld moet met gemeentes se geloofsbriewe na die RKA saamgestuur word;**
**b. RKA-lede nomineer lede vir die BRKA en gee self saam met nominasies 'n kort uiteensettting van die belangstellings- en ervaringsveld van die genomineerde;**
**c. die Kommissie vir Kommissies maak 'n lys van genomineerdes met 'n opsomming daarby van elke genomineerde se belangstellings- en ervaringsveld soos verkry uit gemeentes se inligting en die inligting van die persoon wat genomineer het;**
**d. die RKA besluit per stembrief op 5 uit hierdie genomineerdes as lede van die BRKA.**

19. Bedankings

20. Mosies

21. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed

22. Spreekbeurte: Ds. WM Grové (tydens behandeling van verslag van KKA)
Ds L Geldenhuys (Bybelgenootskap van Suid-Afrika)
Dr. HJ Smith (behandeling van verslag van Publikasiekommissie)
Mnr. Bennie Bierman (tydens behandeling van verslag van KKM)

# DAGPROGRAM

## LET WEL:

1. **Die sinode besluit dat sy verrigtinge geslote is vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.**

2. **Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.**

3. **Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang onder leiding van die Kommissie vir Kerksang en -musiek.**

### MAANDAG 3 SEPTEMBER 2001

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07:00-10:00 | Registrasie: | 1. | Vir Sinode/RKA en |
| | | 2. | vir verblyf. |

**Let wel: Afgevaardigdes wat ná 10:00 registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag later deur die sinode behandel is nie.**

| | | |
|---|---|---|
| 10:00-11:00 | Kommissie vir Geloofsbriewe stel na registrasie verslag op | |
| 11:00-13:00 | Opening: | 11:00-11:15 |
| | Verwelkoming: waarnemende voorsitter | 11:15-11:20 |
| | Voorsitter van kerkraad | 11:20-11:25 |
| | Verslag oor Geloofsbriewe | 11:25-12:15 |
| | Konstituering | 12:15-12:18 |
| | Aanwysing stemopnemers en -tellers | 12:18-12:30 |
| | Kennisname van Ordereëls | 12:30-12:32 |
| | Verkiesing van voorsitter | 12:32-12:47 |
| | Benoeming van Tydelike Kommissies | 12:47-12:55 |
| | Aanbevelings 10.1-10.3 hierbo | 12:55-13:00 |
| | Tafelgebed | |
| 13:00-14:00 | Middagete | |
| 14:00-14:05 | Aankondigings | |
| 14:05-14:10 | Ordereëlings 11-12, 15 | |
| 14:10-15:30 | Verslag SKK (1 uur 20 min.) | |
| 15:30-16:00 | Koffietyd | |
| 16:00-17:30 | Verslag SKK (1 uur 30 min.) | |
| | Tafelgebed | |
| 17:30-18:30 | Aandete | |
| 18:30-19:15 | Openingsrede | |
| 19:15-20:30 | Broederlike gesprek | |
| 20:30-21:00 | Verslag SKK voltooi (30 min. – totaal 3 uur 20 min.) | |
| 21:00 | Verdaging. Tee | |

### DINSDAG 4 SEPTEMBER 2001

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-08:20 | Bidstond – Afgevaardigde oudl. AP Kerk Carltonville |
| 08:20-08:30 | Aankondigings en reëlings |
| 08:30-10:30 | Verslag KKS (2 uur) |
| 10:30-11:00 | Teetyd |
| 11:00-12:50 | Verslag KKS (1 uur 50 min.) |
| 12:50-13:00 | Boekbekendstelling tydens uitdeel van notule. Afkondigings. |
| | Tafelgebed |
| 13:00-14:00 | Middagete |

| | |
|---|---|
| 14:00-15:50 | Verslag KKS voltooi (1 uur 50 min. – totaal 5 uur 40 min.) |
| 15:50-16:00 | Boekbekendstelling, afkondigings |
| 16:00-16:30 | Koffietyd |
| 16:30-17:20 | Verslag FK (50 min.) |
| 17:20-17:40 | Mediaverslag |
| 17:40-17:50 | Verlofaansoeke en aankondigings |
| 17:50-18:00 | Behandeling van notule |
| | Tafelgebed |
| 18:00-19:00 | Aandete |
| 19:00-20:30 | Verslag FK (1 uur 30 min.) |
| 20:30-21:00 | Teetyd |
| 21:00 | Tydelike kommissies vergader. Lees notule *tuis* |

**WOENSDAG 5 SEPTEMBER 2001**

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-08:20 | Bidstond – Afgevaardigde ouderling AP Kerk Christiana |
| 08:20-08:30 | Aankondigings, reëlings, notule |
| 08:30-10:30 | Verslag FK voltooi (2 uur – totaal 4 uur 20 min.) |
| 10:30-11:00 | Teetyd |
| 11:00-12:50 | Konstitueer as RKA |
| | Verslag BRKA (1 uur 50 min.) |
| 12:50-13:00 | Konstitueer as Sinode |
| | Aankondigings, uitdeel van notule |
| | Tafelgebed |
| 13:00-14:00 | Middagete |
| 14:00-15:40 | Konstitueer as RKA |
| | Verslag BRKA voltooi (1 uur 40 min. – totaal 3 uur 30 min.) |
| 15:40-16:00 | Konstitueer as Sinode |
| | Boekbekendstelling, aankondigings, notule |
| 16:00-16:30 | Koffietyd |
| 16:30-17:30 | Verslag Kuratorium (1 uur) |
| 17:30-18:00 | Mediaverslag, verlofaansoeke, aankondigings |
| | Tafelgebed |
| 18:00-19:00 | Aandete |
| 19:00-19:30 | Behandeling van notule |
| 19:30-20:30 | Verslag Kuratorium (1 uur) |
| 20:30-21:00 | Teetyd |
| 21:00 | Tydelike kommissies vergader. Bestudeer notule tuis |

**DONDERDAG 6 SEPTEMBER 2001**

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-08:20 | Bidstond – Afgevaardigde oudl. AP Kerk Coligny |
| 08:20-08:30 | Afkondigings en reëlings |
| 08:30-09:30 | Verslag Kuratorium voltooi (1 uur – totaal 3 ure) |
| 09:30-10:30 | Verslag Pk. (1 uur) |
| 10:30-11:00 | Teetyd |
| 11:00-12:10 | Verslag Pk. voltooi (1 uur 10 min., insluitend oorhandiging van *Lig in Duisternis prys*) – totaal 2 uur 10 min.) |
| 12:10-12:50 | Verslag KKCE (40 min.) |
| 12:50-13:00 | Uitdeel van notule. Aankondigings |
| | Tafelgebed |
| 13:00-14:00 | Middagete |
| 14:00-15:50 | Verslag KKCE (1 uur 50 min.) |
| 15:50-16:00 | Aankondigings |
| 16:00-16:30 | Koffietyd |
| 16:30-17:00 | Verslag KKCE voltooi (30 min. – totaal 3 uur) |
| 17:00-18:00 | Verslae tydelike kommissies (1 uur) |
| | Tafelgebed |
| 18:00-19:00 | Aandete |
| 19:00-19:30 | Behandeling van notule |

| | |
|---|---|
| 19:30-20:30 | Verslag Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake: Appèlle; ander tydelike kommissies (1 uur) |
| 20:30-21:00 | Teetyd |
| 21:00 | Tydelike kommissies vergader. Bestudering van notule |

**VRYDAG 7 SEPTEMBER 2001**

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-08:20 | Bidstond – Afgevaardigde oudl. AP Kerk Cullinan/Rayton |
| 08:20-08:30 | Aankondigings en reëlings |
| 08:30-10:30 | Verslag Kommissie vir Formuliere en Liturgie (2 ure) |
| 10:30-11:00 | Teetyd |
| 11:00-12:00 | Verslag van Kommissie vir Formuliere en Liturgie voltooi (1 uur – totaal 3 ure) |
| 12:00-12:50 | Verslag Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (50 min.) |
| 12:50-13:00 | Aankondigings. Uitdeel van notule<br>Tafelgebed |
| 13:00-14:00 | Etenstyd |
| 14:00-14:30 | Verslag verteenwoordiger Bybelgenootskap lewer en voltooi (totaal 30 min.) |
| 14:30-14:50 | Verslag Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig voltooi (20 min. – totaal 1 uur 10 min.) |
| 14:50-15:20 | Verslag Kommissie vir Onderwys en Opvoeding lewer en voltooi (totaal 30 min.) |
| 15:20-16:00 | Verslag Tydelike Kommissie vir Samestelling van Permanente kommissies (40 min.) |
| 16:00-16:30 | Koffietyd |
| 16:30-16:40 | Aankondigings |
| 16:40-17:00 | Verslag tydelike kommissies (20 min.) |
| 17:00-18:00 | Verslag Kerksang en –musiek lewer en voltooi (totaal 1 uur)<br>Tafelgebed |
| 18:00-19:00 | Aandete |
| 19:00-19:30 | Behandeling van notule |
| 19:30-20:30 | Verslag Argief lewer en voltooi – insluitend spreekbeurt van 10 min. (1 uur) |
| 20:30-20:40 | Aankondigings |
| 20:40-21:00 | Teetyd |
| 21:00 | Konstituering van permanente kommissies en van BRKA<br>Bestudering van notule tuis |

**SATERDAG 8 SEPTEMBER 2001**

| | |
|---|---|
| 07:00-08:00 | Ontbyt |
| 08:00-08:20 | Bidstond – Afgevaardigde oudl. AP Kerk Delmas |
| 08:20-08:30 | Aankondigings.Reëlings. Uitdeel van notule |
| 08:30-09:40 | Laaste verslag van tydelike kommissies (1 uur 10 min. –totaal 4 ure 10 min.) |
| 09:40-09:50 | *Censura Morum* |
| 09:50-10:00 | Afhandeling van uitstaande sake |
| 10:00-10:30 | Laaste mediaverslag |
| 10:30-10:40 | Dankbetuigings deur ondervoorsitter |
| 10:40-10:50 | Mosies |
| 10:50-11:00 | Afsluiting, Skriflesing, sang, gebed. Daarmee eindig die Sinode van 2001. |

**TYDTOEDELING**

| | |
|---|---|
| SKK | 3 uur 20 min. |
| KKS | 5 uur 40 min. |
| FK | 4 uur 20 min. |
| BRKA | 3 uur 30 min. |
| KUR | 3 uur |
| Pk. | 2 uur 10 min. |
| KKCE | 3 uur |
| KFL | 3 uur |
| KJV | 1 uur 10 min. |
| KOO | 30 min. |
| KKM | 1 uur |
| KKA | 1 uur |
| BYBELGENOOTSKAP | 30 min. |
| TYDELIKE KOMMISSIES | 5 uur (uitgesluit verslagtyd van kommissies vir Mediaskakeling, Verlofaansoeke, Literatuurbekendstelling, Notule en Stemtellers) |
| TOTAAL | 37 uur 10 min. |

**VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)**
**Tydperk: 11 September 1999 tot 31 Mei 2001**

## 1. PERSONEEL

Proff. IA Brink (voorsitter), R Marè (ondervoorsitter), FAH van Staden, MC Adendorff (skriba), RMJ Britz (hulpskriba), G Pretorius.

Die drie sekundi is di. NJ Rautenbach, DJ Malan en br. P Fouché.

Verteenwoordiger op BRKA: Prof. FAH van Staden. Sekundus: Prof. R Marè.

## 2. VERGADERINGS

In die tydperk is 13 gewone vergaderings gehou en twee saam met die diakonieë van Pretoria.

## 3. LASGEWING

Die SKK het volgens sy lasgewing opgetree.

## 4. SINODEREËLINGS

**AANBEVELING**

**Die sinode keur die volgende reëlings goed:**

**4.1 die plek, datum en tyd van die sinode;**
**4.2 die ordereëlings;**
**4.3 die dagprogram vir die sinode;**
**4.4 die Sakelys soos voorgelê;**
**4.5 alle selfone in die sinodesaal moet tydens die sinode afgeskakel wees**

## 5. STATISTIEK


Gemeentelike statistiekvorms vir verpligte gebruik, asook verslagvorms vir vrywillige gebruik deur ringe is in 1999 en 2000 aan gemeentes versend ter uitvoering van lasgewing L11 (Kerkordeboek 2000 bl. 131). Die SKK het van die Argiefkonsultant voorstelle vir 'n gewysigde gemeentelike verslagvorm aan die ring ontvang, en voorts kennis geneem van nuttige verslagvorms wat in die ringe van Nelspruit en Moot-Sentraal gebruik word.

**AANBEVELING**
**5.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om verbetering van die bestaande gemeentelike verslagvorm te oorweeg en te implementeer met inagneming van voorstelle deur die Argiefkonsultant en verslagvorms van die ring van Moot-Sentraal en Nelspruit, asook van ander voorstelle en verslagvorms wat uit die kerkverband ontvang word. Die sinode versoek kerkrade en ringe om voorstelle en bruikbare verslagvorms vir die doel aan die SKK voor te lê.**

Van minder as die helfte van die gemeentes is die verpligte statistiekvorms ontvang (119 in 1999 en 90 in 2000). Dit maak dit dus onmoontlik om uitvoering aan dié lasgewing te gee (L6, bl. 130 in Kerkordeboek 2000).


Op grond van die syfers wat vir die Kerkjaarboek ingesamel word (en ook daarvoor moet baie gemeentes herhaaldelik geskakel word omdat hulle nie op die omsendbriewe in die verband reageer nie), word die volgende grafieke aan die sinode voorgelê.

Groei in lidmatetal in AP KERK





| | 1989 | 1990 | 1991 | 1992 | 1993 | 1994 | 1995 | 1996 | 1997 | 1998 | 1999 | 2000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Lidmate | 14548 | 18684 | 21598 | 28691 | 32146 | 34027 | 36295 | 36999 | 37684 | 38875 | 39017 | 38480 |
| Dooplid. | 7423 | 9215 | 10266 | 12848 | 14250 | 14880 | 15111 | 15194 | 14445 | 14493 | 14163 | 13254 |
| Totaal | 21971 | 27899 | 31864 | 41539 | 46396 | 48907 | 51406 | 52193 | 52129 | 53368 | 53180 | 51734 |

**Verspreiding van lidmate in provinsies in die jaar 2000 (dooplidmate ingesluit)**




**Verspreiding van gemeentes in provinsies in 2000**




Tvl 109 Natalia 10 OVS 57 Kaap 63 Namibië 7 Totaal 246

## 6. GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT DIE VORIGE SINODE

**6.1 Gestig:** Klerksdorp-Sentraal (27/02/2000), Weskus (27/02/2000), Hoëveld Ermelo (13/8/2000), Reddersburg (11/09/2000), Onrusrivier (15/10/2000).

**6.2 Ontbind**: Alexandria, Diamantstreek, Sandveld, Pongola (?), Maclear.

## 7. LERAARS GEËMERITEER

Ds. Andrew Gerber (30/11/99); CJJ van Rensburg (31/12/99); JJJ Roodt (21/03/2000); dr. CI van Heerden (28/05/2000); dr. WA Burger (28/02/01); ds. A Boshoff (snr.)(30/11/2000); CJS Botha (31/12/2000).

## 8. LERAARS UIT DIE BEDIENING

### 8.1 Amp neergelê

Ds. HF Gothan (21/09/99), Dr. GJJ Labuschagne (28/03/99 en oorlede op 08/02/01) JDJ van Rensburg (14/11/00), JG van Staden (8/5/00), JI de Kock (1/9/00), J Breytenbach (emeritus, 18/6/00).

### 8.2 Band losgemaak en nog nie beroep nie

Di. AR Nel op 13/6/00; L Skein op 2/6/01.

## 9. LERAARS OORLEDE

Dr. FA Bester (6/8/1999); dr. JA Scholtz (4/12/1999); dr. Eben Friis (1/1/2000); ds. DJ (Dirk) Malan (15/9/2000); ds. DT van Loggerenberg (4/12/2000); ds. PJB Engelbrecht (5/2/2001); ds. JJR Katzke (30/3/2001).

## 10. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET

**10.1** Volgens kennis van die SKK het die volgende leraars gedurende die verslagtydperk reisende diens gelewer (sommige geheel of gedeeltelik deur die SKK gereël, ander deur onderlinge reëling tussen die leraars en kerkrade): Di. G Pretorius, LD Pienaar, A Hough (na Zambië); Danilo Stoltz, GJ Grobler, prof. R Marè (na Caaguazu); ds. Adriaan Swart (na Leonardville); G. Smit en L Skein (na Namakwaland). Bogenoemde leraars het in die betrokke gemeentes o.m. eredienste gelei en huisbesoek gedoen. Daarbenewens is ook besoeke by gemeentes afgelê in opdrag van die SKK en in oorleg met betrokke kerkrade deur prof. Brink en ds. Adendorff.

**AANBEVELING**

**10.1.1 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor elke kerkraad wat dit vir sy leraar moontlik gemaak het om reisende diens te lewer in gemeentes wat daaraan behoefte gehad het.**

### 10.2 Bedrae aan reisende diens bestee (tydperk 12/10/1999 tot 31/3/2001)

Die SKK kon vanweë die ernstige besnoeiing van die Bedieningsfonds nie werklik in al die behoeftes bevredigend voorsien nie. 'n Bedrag van R39503.04 is aan reisende diens bestee, hoofsaaklik as reiskoste.

### 10.3 Hospitaalbesoeke

Die SKK het gebruik gemaak van plaaslike leraars en teologiese studente om lidmate van plattelandse gemeentes in hospitale in Pretoria te besoek. Die meeste leraars lê die besoeke op eie koste af, maar in enkele gevalle is wel eise vir reiskoste ontvang. Die geringe koste hieraan verbonde is uit die Bedieningsfonds betaal.

**AANBEVELING**

**10.3.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor leraars wat steeds bereid is om met pastorale bewoënheid besoek af te lê by lidmate wat uit ander gemeentes in hospitale binne hulle gemeentegrense of in hulle omgewing opgeneem word.**

## 11. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES

**11.1** Die name van gemeentes en die bedrae wat hulle ontvang het, word in Bylae SKK1 weergegee. As gevolg van die nood by vele gemeentes, die druk wat op die Bedieningsfonds geplaas is, die verslegtende ekonomiese toestand en die besnoeiing van die begroting, moes die SKK met deeglike en omvattende beplanning voortgaan. Baie gemeentes in verskeie gebiede is besoek en gemeentes wat selfstandig funksioneer is hierby betrek.

Hulpbehoewende gemeentes is besoek en daar is saam met hulle besin oor besparingsmoontlikhede en oor hergroepering van kombinasies. Hierdie proses is nie verby nie en sal deurlopend aandag moet kry aangesien omstandighede voortdurend verander en daar etlike gemeentes is van wie die aansoeke om hulp moes oorstaan vanweë tekort aan fondse.

**AANBEVELING**

**11.1.1 Die sinode neem met dank kennis daarvan dat soveel gemeentes op verantwoordelike wyse uit die beperkte bedieningsfonds sedert die vorige sinode gehelp kon word.**

### 11.2 Studie oor die verskillende moontlikhede van hulp aan kleinere gemeentes

Ter uitvoering van die besluit van die sinode van 1999 (*Handelinge Negende Sinode*, bl. 429) is 'n studie deur prof. FAH van Staden uitgevoer, en deur die SKK met geringe wysigings goedgekeur. Dit word as Bylae SKK 2 agter aan hierdie verslag aangeheg vir kennisname.

**AANBEVELINGS**

**11.2.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds met beplanning voort te gaan ten einde op die effektiefste wyse aandag te gee aan die bediening van hulpbehoewende gemeentes sodat die geestelike opbou van lidmate die nodige aandag kan kry.**

**11.2.2 Die sinode versoek kleiner gemeentes wat nie selfstandig kan bestaan nie om dit te oorweeg om met ander gemeentes saam te werk ten einde voortgaande bediening te verseker. Die SKK kan om beplanningshulp of hulp met koördinering genader word.**

**11.2.3 Die sinode moedig klein gemeentes wat nie 'n voltydse bediening kan bekostig nie, aan om bediening met beperkte opdrag of met beperkte dienstermyn ernstig te oorweeg daar dit bediening verseker teen 'n kleiner uitgawe.**

## 12. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

Volgens besluite van vorige sinodes (vergelyk bv. *Handelinge Negende Sinode*, bl. 394, 12.6) is gesprekke met ander kerke ooreenkomstig KO art. 64 gevoer. Die volgende gesprekke het plaasgevind:

### 12.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Een gesprek is op 20/1/2000 gevoer en nog 'n gesprek word voor die sinode beoog.

### 12.2 Die Gereformeerde Kerke in SA

Twee gesprekke het plaasgevind, t.w. op 22/10/1999 en op 3/10/2000, en 'n volgende gesprek is ten tye van die opstel van hierdie verslag reeds gereël vir DV 28/8/2001.

**AANBEVELING**

**12.2.1 Die sinode neem kennis daarvan dat die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besluit het om 'n groeteboodskap aan die sinode oor te dra en gee opdrag aan die SKK om die uitnodiging en reëlings daarvoor te behartig.**

### 12.3 Nederduitsch Hervormde Kerk

Daar het nog nie weer 'n afsonderlike gesprek met die NH Kerk plaasgevind nie, maar die NH Kerk was wel betrokke in die gesprek wat onder punt 12.4 vermeld word.

### 12.4 Tussenkerklike Kommissie (TKK)

Daar bestaan reeds vir baie jare 'n TKK, saamgestel uit verteenwoordigers van die NG Kerk, die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA), en die NH Kerk. Gedurende hierdie jaar het die SKK 'n

uitnodiging ontvang om verteenwoordigers na 'n vergadering van die TKK op 19 – 20 Maart 2001 te stuur. Die SKK het sy ondervoorsitter en skriba afgevaardig om die vergadering as waarnemers by te woon, maar uiteindelik was dit net vir die ondervoorsitter moontlik om teenwoordig te wees. Prof. Marè het 'n baie sinvolle verslag aan die SKK gelewer, wat gelei het tot die volgende

**AANBEVELING**
**12.4.1 Die AP Kerk word volle lid van die TKK (en gevolglik eventueel van die beoogde Tussenkerklike Raad wat die TKK sal vervang), en dosente van die Afrikaanse Protestantse Akademie word vir die doel betrek.**

### 12.5 *Reformed Church of the North Shore, Auckland*, Nieu Seeland

Goeie en nuttige samesprekings het met eerw. John Rogers tydens sy besoek aan Suid-Afrika plaasgevind. Die SKK het verdere kommentaar van die Spies-familie in NS aangevra (wat nog nie ontvang is nie) met die bedoeling om daarna 'n aanbeveling in *Die Boodskapper* te plaas dat mense wat familie in NS het, hulle moet aanmoedig om by die kerkverband waaraan John Rogers behoort, aan te sluit.

### 12.6 Gereformeerde Kerke van Australië

Die SKK het 'n uitnodiging van mnr. Rob vander Nood van dié kerk ontvang om verteenwoordigers van die AP Kerk na hulle sinodesitting van 8 tot 18 Mei 2000 te stuur met die oog op samesprekings oor Suid-Afrikaanse emigrante na Australië en hulle geestelike versorging. Die SKK het sy spyt uitgespreek dat hy nie die huidige uitnodiging kan aanneem nie, en die kerk bedank vir die uitnodiging.

### 12.7 Vrye Gereformeerde Kerk De Deur

Aanvoorwerk is gedoen vir 'n moontlike gesprek met dié kerk, en die SKK het meer besonderhede van die kerk aangevra.

**AANBEVELING**
**12.8 Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds, met inagneming van KO art. 64, gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit en die boodskap van die AP Kerk uit te dra.**

## 13. MEDIASKAKELING

### 13.1 Verklarings

Die voorsitter en skriba van die SKK het van tyd tot tyd die standpunte van die AP Kerk aan die media gestel waar hulle om kommentaar gevra was. Dit raak veral Radio Pretoria en die pers. In enkele gevalle waar dit nodig was, is die media na ander kundiges verwys.

### 13.2 Kerknuus

Kerknuus is gereeld aan Radio Pretoria en CNW deurgegee vir uitsending. Radio Pretoria saai alle nuus van die AP Kerk uit wat ons voorsien, en vul dit self aan met berigte uit *Die Boodskapper*. Van die nuus wat aan CNW (per epos) gestuur word, word darem die beroepenuus oor *Radio Sonder Grense* uitgesaai.Uitsaaibeurte vir godsdiensprogramme oor Radio Pretoria word gereeld aan AP kerke gegee, en prof. R Marè tree gereeld op in die Sondagprogram *Maak my u weë bekend.*

**AANBEVELINGS**
**13.2.1 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor Radio Pretoria en sy satelietstasies vir**
- **Die ruim geleentheid wat onbeskaamd in sy programme aan kerke met 'n gereformeerde belydenis gebied word vir die uitdra van hulle boodskap;**
- **die gereelde uitsending van nuus van die AP Kerk;**
- **die radiopreekbeurte wat aan leraars van die AP Kerk gebied word;**
- **die geleentheid wat aan lidmate van AP kerke gebied word om deel te neem aan die uitsending van dagopenings en –afsluitings en aandgodsdiens.**

**13.2.2 Die sinode betuig sy dank teenoor CNW en Radio Sonder Grense vir gereelde uitsending van nuus van die AP Kerk, en doen 'n beroep op dié instansies om meer preekbeurte aan leraars van die AP Kerk te bied.**

**13.3** In gevalle waar die AP Kerk in die openbare pers in berigte betrek is, is geantwoord. Alle antwoorde is egter nie sonder redigering geplaas nie. Op versoek is in die media oor aktuele onderwerpe berig.

## 14. KORRESPONDENSIE

Die SKK het in die verslagtydperk 'n enorme administratiewe las gedra in die vorm van korrespondensie, onderhoude, telefoongesprekke en besoeke wat baie tyd in beslag geneem het.

**AANBEVELING**

**14.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die direkteur en sy personeel vir die hantering van die korrespondensie en al die administratiewe verantwoordelikhede hieraan verbonde.**

## 15. SUSTERSWERKSAAMHEDE

Die SKK het die koördinering van susterswerksaamhede behartig en hulle bygestaan in die beplanning van drie konferensies. Verslae van al die byeenkomste dui daarop dat dit baie geseënd was.

## 16. ANDER SINODALE OPDRAGTE

**16.1 Beginselstandpunte oor die wenslikheid van kerklike beheer oor skole (*Handelinge Negende Sinode*, bl. 417)**

Die SKK het die beginselstandpunte soos in die *Sakelys vir die Sinode van 1999* as bylae SKK 2 vervat (bl. 18) weer oorweeg, en lê nou die onderstaande aanbevelings voor wat na goedkeuring daarvan sal dien as beginselbesluite oor die verhouding tussen kerk en skool.

**AANBEVELINGS**

**16.1.1 Die ideaal van Christelik-Calvinistiese volkseie ouerskole moet steeds nagestreef word.**

**16.1.1.1 Die kerk moet die ouers toerus en motiveer om**

- **toe te sien dat die skool onderwys gee wat in ooreenstemming is met die Woord van God;**
- **betrokke wees by die bestuur, beheer, curricula, aanstelling van leerkragte, buitemuurse aktiwiteite en die hele etos van die skool;**
- **in staat wees om toe te sien dat die skool 'n ware verlengstuk van die Christelik-Calvinistiese ouerhuis is en nie in stryd is met die doopbelofte van die ouer nie (nl. om toe te sien dat die kind in die vrees van die HERE opgevoed word).**

**16.1.1.2 Die kerk bied sy geestelike steun aan die skool en gee sy heelhartige samewerking.**

**16.1.1.3 Die kerk waak op sy eie unieke wyse oor die etos, sillabus, en lewensuitinge van die skool deur vir die toepaslike Bybelse beginsels te getuig teenoor die skool self en teenoor die onderwysowerhede.**

**16.1.1.4 Die kerk beywer hom daarvoor dat die opleiding van onderwysers sodanig sal wees dat hulle toegerus kan wees om die skool aan sy gestelde ideale te laat beantwoord.**

**16.1.2 Wanneer omstandighede dit noop, is die kerk geroepe om self oor te gaan tot die oprigting van kerkskole.**

- **In dié verband word die volgende standpunt van prof. HG Stoker (*Stryd om die ordes*, bl. 240) onderskryf:**

**"Ons het in die eerste plek die toestand dat een of ander menslike verband sy pligte verwaarloos, onbevoegd is om sy pligte te vervul, of deur praktiese noodtoestande verhinder word om sy bestemming te verwesenlik. Waar ander menslike verbande van so 'n menslike verband en van sy arbeid afhanklik is, kan die toestand nie so gelaat word nie.**

**In sodanige gevalle kan 'n naas-staande, 'n verwante menslike verband optree, en tydelik die taak van daardie menslike verband oorneem, totdat die betrokke menslike verband weer in staat is om sy pligte self en selfstandig te vervul. Sodra dit kan geskied, moet die vir hom intredende menslike verband sy voogdyskap laat vaar.**
**Ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die onderwys en opvoeding van hul kinders, en moet sorg dat daar skole kom, insover hulle self die onderwys en opvoeding nie kan behartig nie - skole wat die kinders vorm volgens die geestesrigting van die huislike opvoeding. Maar waar die ouers hul plig nie besef nie, of nie kan optree nie, is dit goed dat die kerk of die staat intree en kerk-, respektiewelik staatskole stig. Hierdie noodskepping verval, sodra die kerk, respektiewelik die staat aan die ouers die skool kan oordra, of besondere seggenskap insake die geestesrigting van die skool kan gee. (Insover skoolonderwys ook van staatsbelang is, en die staat aangewese is om hierdie onderwys finansieël te ondersteun, asook om die peil, ens. van die onderwys te bepaal, sal die staat (bv. in skoolverenigings, skoolrade, ens.) medeseggingskap in skoolsake behou – maar die bepaling van die geestestigting van die skool is saak van die ouers, nie van die staat nie."**
**16.1.3 Die sinode oordeel dat daar tans in Suid-Afrika Christelik-Calvinistiese volkseie skole is waar dié skole wel aan die Bybelse beginsels vir onderwys en opvoeding beantwoord.**
**16.1.4 Die sinode besluit verder: Sou dit werklik nodig word, sal dit prinsipieel in orde wees om kerkskole te stig waarin enige Boere-Afrikanerkind gehuisves kan word, of selfs skole eksklusief vir kinders uit AP kerkgeledere, wat uitsluitlik onder beheer van AP kerkrade sal staan.**
**16.1.5 Die sinode stel dit as ideaal dat daar 'n ooreenkoms tussen die AP Kerk en die beheerliggaam van Christelike (Calvinistiese) Boere-Afrikaner volkseie skole kom waarin gemelde beheerliggaam hom aan die Kerk verbind ten opsigte van die volgende:**
- **dat die belydenis van die Bybel as die onfeilbare Woord van God gehandhaaf sal word;**
- **dat die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf sal word omdat hulle met die Heilige Skrif ooreenkom.**

**Skole wat nie bereid is om hierdie beginselvertrekpunte te onderskryf en te handhaaf nie, sal nie op die steun van die AP Kerk kan staatmaak nie.**
**16.1.6 Sou daar nie skole gevind kan word wat bereid is om aan punt 16.1.5 uitvoering te gee nie, sal die AP Kerk hom daarvoor beywer om die totstandkoming van skole wat wel so 'n onderneming kan gee, te inisieer.**
**16.1.7 Die sinode besluit: Enige vorige sinodale besluit wat in stryd met hierdie beginselbesluite (beleid) mag wees, word hiermee herroep.**
**16.1.8 Die sinode is dankbaar daaroor dat daar tans wel skole is wat op gemelde basiese beginsels gebou is.**

### 16.2 Paneel van medewerkers t.o.v. sending

Die SKK het prof. FAH van Staden versoek om 'n memorandum in dié verband op te stel, en dit word as Bylae SKK 2 hierby aangeheg.

**AANBEVELINGS**
**16.2.1 Ooreenkomstig die bepalings van art. 46 ten opsigte van evangelisasie en art. 47 ten opsigte van sending, sien die sinode af van 'n werksaamheid wat kerkordelik nie aan hom gegee is nie.**
**16.2.2 Lasgewing 15 van die SKK word derhalwe geskrap.**
**16.2.3 Ouderlingerade wat ten opsigte van sending vind dat "wyer belange van die sending dit vereis" kan met "n naburige AP kerk" skakel, en ook advies van die betrokke ring vra. Indien meer as een ring se plaaslike kerke betrokke raak, kan die betrokke ringe volgens art. 37.2 om "advies en hulp" genader word.**
**16.2.4 Die sinode dra dit aan die PK op om spoedeisend vakkundiges op die terreine van evangelisasie en sending te versoek om algemene praktiese riglyne in evangelisasie en sending op te stel, wat deur die PK gepubliseer en tot beskikking van ouderlingerade/kerkrade gestel kan word.**
**16.2.5 Die sinode dra dit aan die PK op om vakkundiges op die terreine van evangelisasie en sending te versoek om traktaatjies te skryf, wat deur die PK gepubliseer word en tot beskikking van ouderlingerade/kerkrade gestel word vir evangelisasie- en sendingwerk.**
**16.2.6 'n Ring of ringe tree as koördineerder(s) op vanuit die bepaling van art. 37.2 sonder om as ring(e) die sending te bedryf met handhawing van art. 47.**

**16.2.7 Sending, net soos evangelisasie, is 'n bedieningstaak wat kundige bedieningsmetodes vereis, waarvoor geen kitsmetode bestaan nie. Sending moet deur ouderlingerade in die eie gemeentes sorgvuldig beplan word, en indien wyer belange dit vereis, moet geskakel word met ouderlingerade (of 'n raad) wat betrokke kan wees.**

### 16.3 Samewerking met Bybelgenootskap van SA (*Handelinge* bl. 417)

Die SKK het dit nog nie wenslik geag nie om die besluit van die sinode te implementeer waarvolgens 'n leraar wat aan 'n gemeente verbonde is, deeltyds in diens van die Bybelgenootskap van SA kan tree. Vanweë die feit dat die implementering van so 'n praktyk rekening sal moet hou met die besondere omstandighede van die gemeente waaraan so 'n leraar verbonde is, is daar gevolglik ook nog nie 'n konsepooreenkoms opgestel nie.

### 16.4 Elektroniese skakeling

Die SKK het aan alle sinodale kommissies wat moontlik kan deelneem, 'n skrywe gerig en wenke oor 'n rubriek t.o.v. die werksterreine van elk van die betrokke kommissies aangevra. Die kommissies het positief gereageer en die SKK is besig met verdere beplanning in samewerking met kundiges om 'n eie webwerf daar te stel.

Die beperkte skakeling wat reeds plaasvind, word deur bestaande personeel in die Sentrale Kerkkantoor behartig (e-pos, en deur die goedgunstige samewerking met gemeentes wat reeds oor 'n webwerf beskik, ook plasing van artikels uit *Die Boodskapper)*

### 16.5 Buite-kerkverbandstelling van 'n gemeente (Handelinge, bl. 418 – 419 en 405)

Verslag oor die uitvoering van die opdrag word deur die KKS voorgelê.

### 16.6 Hersiening van *Ontmoet die AP Kerk*

Die SKK het begin aandag gee aan die saak deur prof. FAH van Staden te versoek om die inhoud van die boekie aan te pas by die vereistes van die KO, en sal wanneer die huidige voorraad byna uitgeput is, die verdere hersiening behartig.

### 16.7 Kontrole oor besteding uit die Bedieningsfonds deur die FK (*Handelinge* bl. 401)

Die SKK het kennis geneem daarvan dat die FK insae in die stand van die Bedieningsfonds in hulle finansiële state kry, en die SKK het daarmee volstaan.

### 16.8 Konferensie oor blanke verarming (*Handelinge* bl. 428)

'n Diakonale konferensie is gehou tydens die opening van die Teologiese Skool op die teologiese dag op 30 en 31 Januarie 2001. Die SKK het daarna tydens twee vergaderings met die diakonieë van Pretoria begeleidend opgetree t.o.v. die uitvoering van planne wat tydens die diakonale konferensie aan die diakens voorgelê is. Daarna is korrespondensie met alle diakonieë gevoer en van hulle kommentaar afgevra t.o.v. die beplanning om blanke verarming en regstellende maatreëls te hanteer.

**AANBEVELING**

**16.8.1 Die sinode doen 'n beroep op alle diakonieë en kerkrade om die Gesamentlike Diakonale Kommissie (GDK) te ondersteun deur diakonieë landswyd te organiseer ten einde gekoördineerd en doelgerig die probleme rondom die taak van barmhartigheid wat op gemeenskaplike terrein val, aan te pak.** (Inligting is in Omsendbrief 5/2001 vervat, en verdere inligting kan van die voorsitter van die GDK in Pretoria verkry word, nl. diaken Jurie Henrico, Posbus 43096, Theresapark, tel. 082 763 2121.)

### 16.9 Huldeblyk vir 26 000 vrouens en kinders wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in konsentrasiekampe gesterf het (*Handelinge* bl. 513)

Die SKK het opdrag gegee aan prof. FAH van Staden om 'n konsep vir die program op te stel. Die SKK het daarna geringe wysigings daaraan aangebring, en die finale huldeblyk word as Bylae SKK 4 hierby aangeheg.

**AANBEVELINGS**
**16.9.1 Alle afgevaardigdes, studente, amptenare en besoekers neem hulle sitplekke in en behou dit vir die duur van die huldeblyk. Geen rondlopery word in dié tydperk toegelaat nie, en 'n eerbiedige stilte word gehandhaaf.**
**16.9.2 Die huldeblyk word voorgelees.**
**16.9.3 Daarna staan almal vir 'n kort oomblik, terwyl die voorsitter of iemand deur hom daartoe versoek in gebed voorgaan en aan die Here die eer toegebring word.**

## 17.1 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (BSA)

Die verslag wat van die BSA ontvang is, word in verkorte vorm as Bylae SKK 5 weergegee.

**AANBEVELING**
**17.1.1 Die sinode bring weer eens die besluit van die sinode van 1999 onder aandag van kerkrade: *Die sinode beveel aan en versoek kerkrade om waar moontlik die verliesbedrag (tans R15.00) van een standaard Bybel per belydende lidmaat per jaar aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oor te betaal.***

Die SKK het 'n versoek ontvang van ds. Gerrit Kritzinger, hoofsekretaris van die BSA, dat die AP Kerk hom uitspreek oor die wenslikheid van 'n nuwe vertaling van die Bybel. Die SKK het die dosente in Ou en Nuwe Testament gevra om 'n simposium oor die Bybelvertaling by te woon, en hulle, asook die verteenwoordiger van die BSA, sal meer agtergrondinligting oor die saak aan die sinode kan verskaf.

**AANBEVELING**
**17.1.2 Die sinode spreek hom uit oor die wenslikheid van 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel.**

## 18. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die ondersoek na 'n moontlike samewerkingsooreenkoms met Volkshulp 2000 het om 'n verskeidenheid van redes nog nie verder gevorder nie. Die ontwikkeling van die dienste van diakonieë het voorkeur geniet soos in punt 16.8 hierbo blyk, en uit die verdere ontwikkeling sal waarskynlik duideliker koers kom ten opsigte van moontlike samewerking met Volkshulp 2000.

## 19. BESKRYWINGSPUNTE AAN DIE SINODE

### 19.1 Ring van Klerksdorp: Dag van verootmoediging

Die sinode besluit dat daar indringend gekyk word na 'n dag van verootmoediging binne kerkverband ten opsigte van die ekonomiese- en veiligheidsituasie waarin ons lidmate tans verkeer.

**Motivering**

Bogenoemde negatiewe faktore beïnvloed die welwese en bywoning van eredienste binne die kerkverband.

**AANBEVELING**
**19.1.1 Die sinode is oortuig dat daar ter wille van die eer van die Here en die heil van die kerk en die welsyn van die samelewing in die algemeen 'n dringende behoefte is aan voortdurende verootmoediging. Die verootmoediging verg van elke sondaar, die tollenaar en die fariseër, eerlike selfondersoek en belydenis van oortreding van elk van die tien gebooie in gedagte, woord en daad, selfs in sy verfyndste vorm. *Almal het gesondig, en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God* (Rm 3:23). Die gelowige wat hom nie willoos aan die huidige vlaag van sonde oorgee nie, *maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag ... hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie ...* (Ps 1:1-2). Daartoe word elke lidmaat dringend opgeroep.**

### 19.2 Ring van Steynsburg: Landswye gebedsaksie

Die sinode besluit om 'n landswye gebedsaksie in te stel. Alle AP gemeentes word versoek om daagliks in hul huisgodsdiens, stiltetyd en bidure die Here aan te roep, hulself te verootmoedig, te bid, God se aangesig te soek en om hulself te bekeer van hul verkeerde weë. Volksgenote in ander kerke sal deur die SKK by wyse van 'n persverklaring uitgenooi word om ook deel te neem.

**Motivering**

1. 2 Kronieke 7:14: "... as my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."

2. As ons bely dat daar 'n God in die hemel is wat gebede verhoor en mense se lot kan verander, dring dit ons om onsself te verootmoedig.

3. Suid-Afrika het verander van 'n Christelike staat na 'n sekulêr-humanistiese staat. Die Afrikanervolk het sy land en sy vryheid verloor en die oor wie God die oorwinning aan ons voorouers by Bloedrivier gegee het, het nou die kop in ons land geword. Soos ons voorouers voor die slag van Bloedrivier, staan ons ook voor baie ernstige omstandighede. Dit betaam ons om hulle voorbeeld te volg en te bid totdat ons uitkoms verkry het.

4. Psalm 22:5: "Op U het ons vaders vertrou; hulle het vertrou, en U het hulle uitgered."

5. Psalm 20:8: "Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar ons sal roem op die Naam van die Here onse God."

**AANBEVELING**

**19.2.1 Die sinode roep gelowige volks- en geesgenote in ander kerke ook op om hulle ooreenkomstig die besluit by 19.1.1 te verootmoedig.**

### 19.3 Ring van Bethlehem: Bediening aan lidmate in die buiteland

Die sinode besluit om

- navorsing te doen met betrekking tot die omstandighede van ons, veral jong lidmate in die buiteland sodat die evangelie daar aan hulle gebring kan word;
- hulle kerklik ingeskakel te hou;
- toe te sien dat daar so gou moontlik bediening daar kom.

**Motivering**

Daar heers kommer in ons harte oor die kerklike betrokkenheid en die bediening van die evangelie aan ons lidmate, maar in die besonder ons talle jongmense in die buiteland. Die grootste konsentrasie van hulle is in Londen en dan versprei oor die VSA.

Soveel van die jongmense kom deur die loop van die jaar wat hulle gewoonlik daar vertoef glad nie in die kerk nie. Die wat kerklik êrens wil inskakel weet nie by watter kerkverband om dit te doen nie. In Londen is daar die NG gemeente wat te kenne gee dat hulle 'n interkerklike bediening daar aanbied. Ons is nie gerus oor die aard van dié bediening nie en is bevrees dat ons oor 'n klompie jare kan vind dat ons 'n geslag jongmense het wat deur die verloop van hierdie omstandighede van ons kerk weggegroei het en dalk selfs vervreem geraak het.

Kerklike inskakeling is ook 'n probleem. Die enigste weg wat vir 'n gemeente gebied word is 'n reisattestaat, maar waar gaan jy daarmee heen?

**AANBEVELING**

**19.3.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om navorsing te doen met betrekking tot die omstandighede van lidmate in die buiteland, in besonder ook van jong lidmate, en hetsy deur korrespondensie of persoonlike besoeke (soos byvoorbeeld op uitnodiging na die sinode van die Gereformeerde Kerke van Australië), reëlings te tref dat hulle kerklik ingeskakel en pastoraal versorg word.**

### 19.4 Ring van Steynsburg: Hulp aan blankes in nood

Die sinode besluit:
a. dat daar op nasionale vlak 'n opname gemaak word van blanke plakkerskampe in die RSA waar blankes, en veral kinders in haglike omstandighede lewe;
b. dat noodvoorraad op gemeentevlak opgebou word, waar nuwe sowel as gebruikte klere, komberse en ander noodsaaklike lewensmiddele ingesamel en geberg word;
c. dat die inligting ingewin en ontleed word, en hulp verleen word aan persone wat dit absoluut nodig het. Hierdie aksie kan op ringsvlak geadministreer word.

**Motivering**

- Onbevestigde inligting is ontvang dat daar plus minus 20 blanke plakkerskampe in die RSA is, waar blankes en dan veral kinders in haglike toestande lewe.
- Dat welsynsorganisasies weinig doen om die ellende van die persone te verlig.
- Ons kan nie apaties staan teenoor hierdie medemens nie. Dit kan môre ek en jy wees. Om te sê dat hulle nie lidmate van ons kerk is nie, is nie goed genoeg nie. God se Woord is baie duidelik in hierdie verband. As 'n persoon niks het nie, is 'n sny droë brood of 'n gestopte trui in die winter baie welkom. Laat ons na ons eie mense omsien, want andere gaan dit nie doen nie.

**AANBEVELING**
**19.4.1 Die sinode versoek elke plaaslike diakonie om vas te stel of daar binne die grense van die gemeente 'n plakkerskamp van blankes is. Waar dit wel die geval is, moet die diakonie sy barmhartigheidsroeping nakom. In die proses moet vasgestel word in watter mate ander kerke en/of organisasies reeds hulp verleen. Indien nodig, kan die hulp van ander diakonieë in die ringsgebied gevra word.**
**19.4.2 Die kerkraad binne wie se grense so 'n kamp val, het daar 'n sending- en evangelisasieroeping.**
**19.4.3 Die sinode versoek ringe om hierdie saak deur middel van visitasie in 2002 en 2003 te hanteer.**

### 19.5 Kerkraad van Moot-Sentraal: Tendervoorwaardes vir gemeentes wat sinode wil akkommodeer

Die sinode dra aan die Sentrale Kerkekommissie op om tendervoorwaardes op te stel en te implementeer waarkragtens die tenders van gemeentes om sinodevergaderings in 'n bepaalde gemeente te hou, beoordeel word.

**Motivering**

Daar bestaan tans geen sodanige riglyne nie.

**AANBEVELING**
**19.5.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**Motivering**

Die kerkordelike weg vir indiening van beskrywingspunte is nie gevolg nie deurdat die ring dit nie hanteer en aanbeveel het nie. (Kerkordeboek 2000, bl. 138, punt 8.1.4.)

### 19.6 Ring van Middelburg: Gesprek met NG Kerk

Die sinode besluit dat daar in die toekoms geen amptelike gesprekvoering met die NG kerk sal plaasvind nie.
**Motivering**

Die woord van God gee 'n duidelike opdrag in 2 Johannes 9, 10 en 11. "Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun."

"As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie."

"Want die een wat hom groet het gemeenskap aan sy bose werke."

Daar is verskeie optredes en uitsprake van teoloë in die NG kerk wat deur die sinode stilswyend aanvaar word. Hierdie optredes en uitsprake is welbekend aan die APK soos dit duidelik blyk uit die artikel van ds. DJ Malan wat in *Die Boodskapper* van Maart 2001 p.7 verskyn het. Hierby volledig aangeheg. Al die uitlatings wat in die artikel verskyn is deur NG teoloë gemaak en deur die kerk stilswyend aanvaar.

Daar kan moontlik argumente ter ondersteuning van sommige uitlatings gebring word maar dat die Bybel as die ware Woord van God in twyfel getrek word en dat Jesus Christus NIE die enigste weg tot saligheid en redding is NIE kan NOOIT verskoon word nie en dit alleen bied rede dat die kerk nie in die huis van die AP Kerk toegelaat behoort te word en ook nie gegroet (mee gepraat) behoort te word nie.

As die sinode nie hierdie opdrag van die Woord van God uitvoer nie, dan het die APK "gemeenskap aan sy bose werke." En verwerp ons die woorde van die Here Jesus as Hy sê "Ek is die weg en die waarheid en die lewe en niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

**AANBEVELING**
**19.6.1 Die sinode volstaan met artikel 64 en dra dit aan die SKK op om steeds getuienis vir die waarheid teenoor die NG Kerk te lewer en in besonder die klem te laat val op die vereistes vir 'n ware kerk soos deur die belydenisskrifte aangedui.**

### 19.7 Ring van Germiston: Gelofte van Jan van Riebeeck

Die sinode versoek kerkrade en gemeentes om reg te laat geskied aan die Gelofte van Jan van Riebeeck soos bewoord op 6 April 1654 nl. "om 6 April tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word."

**AANBEVELING**
**Die sinode versoek kerkrade en gemeentes om reg te laat geskied aan die Gelofte van Jan van Riebeeck soos bewoord op 6 April 1654 nl. "om 6 April tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word."**

### 19.8 Ring van Newcastle: Betrokkenheid van AP Kerk by Bloedrivier

Die sinode beveel aan dat daar meer betrokkenheid rakende Bloedrivier behoort te wees. Deur betrokke te raak en sitting op die direksie te verkry, sal dit nie net die regdenkende gemeenskap van Noord-Natal meer hefboom-voordeel gee nie, maar die hele land se Boerevolk.

**Motivering**

Die Bloedrivierterrein word tans bestuur deur 'n direksie genaamd BLOEDRIVIER STIGTING. Dit bestaan uit verskeie organisasies wat elk R2500-00 per jaar bydra en sodoende hulle eie DIREKTEUR aanwys om in die direksie inspraak te hê. Al die Afrikaanse Protestantse gemeentes in Noord-Natal het as kleiner organisasies aangesluit deur R250-00 per jaar by te dra. Met ondersteuning van die Verkenners is daar ook vir genoemde groepe 'n Direkteurspos geskep en iemand deur **ons** mense aangewys wat reeds in die stigting dien. Daar dien reeds drie direkteure van die regdenkende kant in die direksie. Dit het nou noodsaaklik geword dat die APK sinode ook sy voet in die deur kry om ons Afrikaanse Boerevolk se kleinnood, BLOEDRIVIER te help beskerm. 'n Ideale geleentheid is juis deur direkteurskap.

Wat is die huidige toestand by Bloedrivier?

Die BLOEDRIVIER GELOFTE-FEESKOMITEE is 'n komitee wat uit die plaaslike gemeenskap by 'n algemene jaarvergadering verkies word om die Bloedrivier se Geloftefees te reël en toe te sien dat alles ordelik verloop. Hierdie komitee bestaan uit 15 lede en ons kan u met trots meedeel dat 13 van die 15 komiteelede uit regdenkende geledere kom. Manne met Boereharte! Daar is veral die afgelope drie jaar hard gewerk om die lug te "suiwer" en daar was nog nooit 'n beter tyd as nou om die krane groter oop te draai nie. Ons benodig nog dringend meer seggenskap op die direksie, want dit is vanwaar die skip gestuur word. Ons kry terugvoering dat sommige van die Nederduitse Gereformeerde Kerk-leraars nie meer veel met Bloedrivier te doene wil hê nie aangesien dit vir hulle 'n verleentheid skep wanneer dit by die versoeningsboodskap kom. Die komitee laat nie meer toe dat enige boodskap behalwe die GELOFTE soos aan ons Boerevolk bekend en die ware geskiedenis daar verkondig word nie. Terloops, die Bloedrivier Gelofte-erediens was verlede Desember waargeneem deur niemand anders nie as die voorsitter van die sinode van 1999, prof. Izak Brink.

**AANBEVELING**
**19.8.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om jaarliks die bedrag van R2500 aan die Bloedrivier Stigting te betaal en 'n direkteur te benoem om op die Stigting te dien ten einde 'n Bybelsverantwoorde standpunt oor die Gelofte uit te dra.**

**19.9 Ring van Graniet: Byvoeging van lesse oor algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis in verbondsonderrigboeke**

Die sinode beveel aan dat daar lesse in al die verbondsonderrigboeke bygevoeg word oor die algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis.

**Motivering**

Uit navrae by die belydenisklasse (finalejaars) van die verbondsonderrig blyk dit dat die kinders nie bwus is waarom daar Belydenisskrifte, verskillende kerkdenominasies en kerklike instellings is nie. Deur te fokus op die Reformasie, om die historiese en teologiese begronding van die ontstaan van die Gereformeerd/Protestantse Kerke te verduidelik, sal dit vir die kinders ook duideliker wees waar ons Belydenisskrifte vandaan kom. Deur te fokus op die vaderlandse kerkgeskiedenis sal die kinders ook kan insig kry in die ontstaan van die AP kerke.

**en**

**19.10 Ring van Graniet: Opname van Drie Formuliere van Eenheid en drie algemene geloofsbelydenisse in verbondsonderrigboeke St. 6 –8**

Die sinode besluit dat in die verbondsonderrigboeke van st. 6, 7 en 8 as bylae die Drie Formuliere van Eenheid en die drie Algemene Geloofsbelydenisse bygevoeg word.

**Motivering**

Uit navrae by die verbondsonderrigklasse blyk dit dat kinders nie bewus is van die bestaan van die Belydenisskrifte en Geloofsbelydenisse van die kerk nie. Aangesien dit nie meer as bylae in die Psalm- en Gesangboek voorkom nie, is dit ook nie geredelik beskikbaar vir lidmate nie. Wanneer in die laaste drie jaar van die verbondsonderrig voor belydenisklas daarna verwys word, is daar geen bron waarna verbondsonderrigvoorgangers kan verwys nie. Deur dit as bylae in die werksboeke te plaas, sal hierdie probleem ondervang word, en sal die belydenisskrifte weer aan ons lidmate bekend word.

Bogemelde twee beskrywingspunte is van die ring van Graniet ontvang sonder handtekening van die ringsvoorsitter of ringskriba daarop, en sonder vermelding van goedkeuring in die dekbrief daarby. Om dié rede is die beskrywingspunte nie na die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig deurgestuur nie. Uit 'n latere studie van die notule van die ringsvergadering wat by die brief aangeheg was, blyk egter dat die beskrywingspunte wel deur die ring goedgekeur is.

**AANBEVELING**
**19.10.1 Die sinode verwys die twee beskrywingspunte na die Tydelike Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vir hantering en rapport tydens die sinode.**

Die SKK vertrou dat hy sy taak na behore uitgevoer het en bid die sinode die seën van die Here toe.

w.g. **PROF. IA BRINK** (voorsitter) **DS. MC ADENDORFF** (skriba)

# BYLAE SKK 1

## BEDIENINGSWERK – HULP AAN GEMEENTES VANAF KERKSTIGTING TOT 31 MAART

| GEMEENTE | DATUM GESTIG JJMM | JONGSTE LIDMAAT GETAL | 87-8/95 | 9/95-8/97 | 9/97-4/99 | 5/99-3/01 | TOTAAL 87 - 3/01 | % VAN TOTAAL | HULP PER LIDMAAT PER MAAND | 15% BYDRAE PER LIDMAAT PER MAAND |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | R | R | R | | R | | R | R |
| ABERDEEN | 8811 | 47 | 8,498 | 20,267 | | | 28,765 | 0.5 | 0 | 10.17 |
| ALGOA | 8709 | 154 | 1,083 | | | | 1,083 | 0.0 | 0 | 13.83 |
| AMAJUBA | 9104 | 108 | 508 | 6,000 | | | 6,508 | 0.1 | 0 | 28.67 |
| BALFOUR | 8901 | 83 | 1,375 | | | | 1,375 | 0.0 | 0 | 5.83 |
| BARBERTON | 8709 | 29 | | | 11,250 | | 11,250 | 0.2 | 0 | 1.00 |
| BARKLY-OOS/STEYNSBURG/TARKASTAD/MACLEAR | 8803-9102 | 106 | | 126,237 | 128,571 | 192,855 | 447,662 | 8.2 | 152 | 19.33 |
| BARKLY-WES | 8801 | 97 | 7,500 | | | | 7,500 | 0.1 | 0 | 27.67 |
| BEAUFORT-WES | 8708 | 128 | | 15,000 | | | 15,000 | 0.3 | 0 | 18.75 |
| BETHULIE/EDENBURG/PHILIPPOLISVENTERSTAD | 9107-9301 | 135 | 1,169 | 191,655 | 228,611 | 240,209 | 661,644 | 12.1 | 148 | 20.33 |
| BLOEMFONTEIN-NOORD | 8707 | 361 | | 18,000 | | | 18,000 | 0.3 | 0 | 14.08 |
| BOKSBURG | 8804 | 75 | 6,500 | | 12,500 | 42,000 | 61,000 | 1.1 | 47 | GEEN |
| BOSHOF | 8709 | 34 | 16,907 | | | | 16,907 | 0.3 | 0 | 17.00 |
| CAAGUAZU | 9510 | 22 | 3,828 | 34,242 | 15,682 | | 53,752 | 1.0 | 0 | 1.25 |
| CALVINIA/HARDEVELD/OLIFANTSRIVIER | 9011-9411 | 207 | 0 | 71,466 | 254,436 | 235,838 | 561,740 | 10.3 | 95 | 25.83 |
| CARNARVON/FRASERBURG/SUTHERLAND/VANWYKSVL | 8804-9506 | 154 | 0 | 95,098 | 193,307 | 1,800 | 290,205 | 5.3 | 1 | 38.00 |
| CLANWILLIAM | 8802 | 159 | 5,100 | | | 2,668 | 7,768 | 0.1 | 1 | 10.50 |
| DANIELSKUIL | 9011 | | 8,000 | | | | 8,000 | 0.1 | #DIV/0! | ONTBIND |
| DE AAR | 8803 | 81 | | | | 8,400 | 8,400 | 0.2 | 9 | 11.00 |
| DEALESVILLE | 8709 | 60 | 2,411 | | | | 2,411 | 0.0 | 0 | 11.08 |
| DEWETSDORP/SMITHFIELD/ZASTRON | 8812-9502 | 160 | | 18,409 | 169,998 | 224,324 | 412,732 | 7.6 | 117 | 11.67 |
| *ELLIOT)/JAMESTOWN/(MACLEAR)* | 8807-9106 | 33 | 235,922 | 76,348 | | | 312,270 | 5.7 | 0 | 4.50 |
| ELLISRAS | 9011 | 122 | | 1,209 | | | 1,209 | 0.0 | 0 | 0.58 |
| FOCHVILLE | 8708 | 104 | 36,056 | 11,000 | | | 47,056 | 0.9 | 0 | 2.67 |
| GEORGE | 8708 | 99 | | 1,500 | | | 1,500 | 0.0 | 0 | 10.67 |
| GOBABIS | 9207 | 36 | | 3,221 | | | 3,221 | 0.1 | 0 | 1.00 |
| GRAAFF-REINET | 8802 | 23 | 5,417 | | | | 5,417 | 0.1 | 0 | 9.83 |
| GROOTFONTEIN | 9106 | 66 | 2,850 | | | | 2,850 | 0.1 | 0 | 18.08 |
| HEIDELBERG | 8708 | 280 | 2,065 | | | | 2,065 | 0.0 | 0 | 12.25 |
| HLUHLUWE | 8802 | 45 | | 15,000 | 38,500 | 35,000 | 88,500 | 1.6 | 65 | 11.17 |
| JAMESTOWN/GRENS | 8807 | 51 | | | 180,710 | 33,252 | 213,962 | 3.9 | 54 | 11.83 |
| JAMESTOWN/SMITHFIELD/ZASTRON | 8807-9502 | 102 | 1,050 | 136,666 | | | 137,716 | 2.5 | 0 | 5.67 |
| KAREEDOUW | 9103 | 128 | 22,500 | | | | 22,500 | 0.4 | 0 | 21.33 |
| KEETMANSHOOP | 8906 | 41 | 6,400 | 34,500 | 41,000 | | 81,900 | 1.5 | 0 | 21.92 |
| KNYSNA | 9306 | 40 | | 1,300 | | | 1,300 | 0.0 | 0 | 2.25 |
| LEBOMBO | 8806 | 155 | 15,000 | 20,100 | | | 35,100 | 0.6 | 0 | 29.50 |
| LEEUDORINGSTAD | 8811 | 66 | 7,500 | | | | 7,500 | 0.1 | 0 | 8.50 |
| LICHTENBURG | 8707 | 659 | 886 | | | | 886 | 0.0 | 0 | 51.92 |
| LOUWNA | 8707 | 16 | 2,920 | | | | 2,920 | 0.1 | 0 | GEEN |
| LYDENBURG | 8801 | 234 | 6,160 | | | | 6,160 | 0.1 | 0 | 17.08 |
| *MACLEAR* | 9102 | 30 | 1,960 | 392 | | | 2,352 | 0.0 | 0 | 0.92 |
| MESSINA/WEIPE | 8803-8901 | 81 | | 45,000 | 42,000 | 63,600 | 150,600 | 2.8 | 65 | 14.75 |
| MIDDELBURG | 8707 | 833 | 2,333 | | | | 2,333 | 0.0 | 0 | 38.33 |
| MIGDOL | 8706 | 103 | 611 | | | | 611 | 0.0 | 0 | 2.33 |
| MOOT-SENTRAAL | 8707 | 649 | 2,908 | | | | 2,908 | 0.1 | 0 | 29.33 |
| MOSSELBAAI | 8904 | 220 | | | | 33,000 | 33,000 | 0.6 | 13 | 58.08 |
| NAMAKWALAND | 8809 | 128 | | | | 2,864 | 2,864 | 0.1 | 2 | 2.42 |
| OLIFANTSRIVIER | 9107 | 43 | 780 | | | | 780 | 0.0 | 0 | 2.67 |
| ORANIA | 9107 | 114 | | 970 | | | 970 | 0.0 | 0 | 59.92 |
| OUDTSHOORN | 8708 | 379 | 11,450 | | | | 11,450 | 0.2 | 0 | 25.17 |
| OUTJO | 8811 | 105 | 8,643 | | | | 8,643 | 0.2 | 0 | 4.33 |
| PAARL (HUGENOTEVALLEI) | 8708 | 122 | 6,197 | | | | 6,197 | 0.1 | 0 | 2.08 |
| PETRUSBURG/JAGERSFONTEIN-FAURESMITH | 8707-9105 | 136 | 18,500 | 30,833 | 93,020 | 94,100 | 236,453 | 4.3 | 58 | 22.33 |
| *PRETORIA-SENTRAAL* | 8902 | 110 | 323,806 | | | | 323,806 | 5.9 | 0 | ONTBIND |
| PRIESKA/GROBLERSHOOP | 8710-8808 | 98 | 4,416 | 31,600 | 123,250 | 117,500 | 276,766 | 5.1 | 100 | 21.50 |
| *RICHMOND* | 9311 | 10 | | 1,759 | | | 1,759 | 0.0 | 0 | ONTBIND |
| RIVERSDAL | 8708 | 131 | | 9,000 | | | 9,000 | 0.2 | 0 | 15.67 |
| SANDDRIFT | 8801 | 127 | | | 6,963 | | 6,963 | 0.1 | 0 | |
| SOMERSET-OOS | 8709 | 80 | 68,786 | 42,900 | 20,000 | | 131,686 | 2.4 | 0 | 4.92 |
| SPRINGS (FONTEINE) | 8802 | 243 | 59,922 | | 2,000 | | 61,922 | 1.1 | 0 | 9.08 |
| STELLENBOSCH | 8708 | 184 | 3,250 | 12,000 | | 28,500 | 43,750 | 0.8 | 13 | 11.42 |
| STEYNSBURG/*CRADOCK*/VENTERSTAD | 8803-9104 | 73 | 136,804 | 35,342 | | | 172,146 | 3.2 | 0 | 4.58 |
| STRYDENBURG | 8806 | 30 | 100 | | | | 100 | 0.0 | 0 | 17.92 |
| THEUNISSEN | 9002 | 45 | 4,500 | | | | 4,500 | 0.1 | 0 | 70.67 |
| TYGERBERG | 8709 | 162 | 5,042 | 30,000 | 15,000 | 36,000 | 86,042 | 1.6 | 19 | 43.50 |
| VANWYKSVLEI | 9506 | 16 | | | | 6,400 | 6,400 | 0.1 | 33 | 0.75 |
| VEKEERDEVLEI | 8709 | 24 | | 14,450 | | | 14,450 | 0.3 | 0 | 0.50 |
| WARMBAD | 8708 | 144 | 15,426 | | | | 15,426 | 0.3 | 0 | 8.08 |
| WELBEKEND | 9611 | 97 | | 24,000 | | | 24,000 | 0.4 | 0 | 2.83 |
| WELKOM/HENNENMAN | 8710-8711 | 232 | | 11,700 | 72,900 | 60,000 | 144,600 | 2.7 | 22 | 22.00 |
| WELWITSCHIA | 9312 | 44 | | 4,249 | | | 4,249 | 0.1 | 0 | 4.83 |
| WESSELSBRON | 9002 | 88 | 4,500 | | | | 4,500 | 0.1 | 0 | 24.50 |
| WINDHOEK | 8907 | 86 | 36,300 | 2,607 | | | 38,907 | 0.7 | 0 | 7.92 |
| WITBANK | 8709 | 353 | 13,862 | | | | 13,862 | 0.3 | 0 | 6.00 |
| WONDERBOOM | 9005 | 643 | 10,500 | | | | 10,500 | 0.2 | 0 | 62.25 |
| WORCESTER | 9011 | 164 | 3,552 | | | | 3,552 | 0.1 | 0 | 2.83 |
| TOTAAL | | 10,627 | 1,151,753 | 1,194,020 | 1,649,697 | 1,458,311 | 5,453,781 | 100.0 | | |

**BYLAE SKK 2**

# BEPLANNING VIR BEDIENING VAN KLEINER GEMEENTES

## 1. SINODEBESLUITE (SINODE 1999, ACTA P. 428-429)

**1.1** Die sinode dra dit aan die SKK op om steeds met beplanning voort te gaan ten einde op die effektiefste manier aandag te gee aan die bediening van hulpbehoewende gemeentes sodat die geestelike opbou van lidmate die nodige aandag kan kry.

**1.2** Die sinode versoek kleiner gemeentes wat nie selfstandig kan bestaan nie om dit te oorweeg om met ander gemeentes saam te werk of een te word ten einde voortgaande bediening te verseker. Die SKK kan om beplanningshulp of hulp met koördinering genader word.

**1.3** Die sinode dra dit aan ringe op om dringend aandag aan gemeentes binne hulle ringsgebied, wat finansieel en/of wat lidmategetalle betref, nie lewensvatbaar is nie, te gee.

**1.4** Ringe sal sodanige gemeentes lei en adviseer om by naburige gemeentes in te skakel en/of saam te werk ten einde gemeentes te verstewig sodat hulle die kerk in verband kan dien.

**1.5** Die sinode dra dit op aan die SKK om in samewerking met die KKS 'n studie te doen na die verskillende moontlikhede van hulp aan en bestaan van kleinere gemeentes.

**1.6** Die resultaat van die studie sal as verslag met aanbevelings aan die volgende sinode voorgelê word.

**1.7** Die SKK kry opdrag om die studiestuk, wanneer gereed, te gebruik, binne die voorsiening van pt. 24.5.1 van die Sakelys.

## 2. DIE KWESSIE IN VERBAND MET EENWORDING VAN GEMEENTES

Volgens die *Sakelys Sinode 1999*, p. 11, pt. 24.6.1 het die oorspronklike aanbeveling van die SKK nie die bewoording "of een te word" bevat nie. Dit moes "op een of ander wyse" by die sinode ingeskryf gewees het sonder 'n amendement, wat nie die korrekte wyse van handeling is nie. Onder pt. 24.6 is net kennis geneem van die beskrywingspunt, ring van Heidelberg in sake "samevoeging van kleiner gemeentes", waarop volg "aanbeveling (dit is die oorspronklike van die SKK) gewysig en goedgekeur" met die bogemelde bewoording ingeskryf. Daarop is 'n amendement te wete pt. 1.4 hierbo ook goedgekeur wat ringe "versoek" ("sal") "sodanige gemeentes lei en adviseer om by naburige gemeentes in te skakel en of saam te werk...".

**Beredenering**

1. Volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering (Gereformeerd kerkregtelik) het geen meerdere vergadering (ring of sinode) die bevoegdheid om te besluit dat 'n plaaslike kerk (ecclesia) "moet ontbind", "ophou om te bestaan" of "in te skakel" by 'n ander plaaslike kerk nie. Net 'n plaaslike kerk kan sodanige besluit oor homself neem. Daarom maak die Kerkorde ook nie voorsiening vir so 'n besluit nie. Die SKK se aanbeveling was dus Gereformeerd kerkregtelik en kerkordelik beoordeel korrek. Sinodegangers moet dus baie meer bedag wees op "die klein jakkalsies", wat by sinodes van die vloer af die "wingerd" tot skade indring net bloot omdat dit prakties sou kan werk.

2. Bep. 37J maak wel voorsiening daarvoor dat "die ring die inisiatief" moet neem om "waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie", "die lidmate tot 'n gemeentelike tuiste te begelei". Die bepaling word ook eensydig geïnterpreteer asof dit dui op net die beëindiging van 'n gemeente, terwyl dit ook betrekking het op 'n gemeente, wat bestaan, maar waarvan elke kerkraadslid ontslaan is uit die amp om 'n verskeidenheid redes en prosedures en dit die ring se taak is om 'n kerkraad te laat kies.

3. In pt. 1.2 hierbo word verwys na "gemeentes wat nie selfstandig kan bestaan nie". Daar is Gereformeerd kerkregtelik beoordeel 'n wesenlike probleem met die onderskeid wat gemaak word ten opsigte van die "selfstandigheid" en die "onafhanklikheid" van 'n gemeente, aangesien

enersyds nie steun daarvoor by Gereformeerde kerkregkundiges gevind word nie en andersyds beteken "onafhanklikheid" volgens die Afrikaanse woordeboeke "nie afhanklik nie, vry, selfstandig" en "selfstandigheid" beteken "onafhanklik, outonoom". Hiervolgens beteken "gemeentes wat nie selfstandig kan bestaan nie", dus "gemeentes wat nie onafhanklik kan bestaan nie". Dit beteken gemeentes sonder "bestaansreg" en dit dui nie net op die finansiële onvermoë van 'n gemeente nie. Watter bevoegdheid het 'n sinode om oor 'n bestaande plaaslike kerk só te besluit?

4. Die feit van die saak is dat gemeentes gestig is (toe dit nog toelaatbaar was) en afgestig is (volgens bep. 37A van die Kerkorde) en dus bestaan as plaaslike gemeentes. Bep. 37A gelees met 37A.1 en 37A.3 plaas die onus vierkantig op die skouers van die kerkraad, wat oor afstigting besluit, om te oordeel of die "finansiële posisie van die te-stigte gemeente dit regverdig" al dan nie. Die afstigtingsbesluit berus dus eksklusief by die kerkraad. Die afstigting van gemeentes wat nie finansieel die mas sal kan opkom nie, moet dus deur kerkrade verhinder word. Kerkrade moet dus opgeskerp word om met meer nougesetheid en verantwoordelikheid die situasie te hanteer.

Die probleem in die praktyk is dat kerkrade, (dikwels deur hulle eie toedoen) te make kry met

- ontevrede lidmate wat afstigting as die enigste uitweg vir die oplossing van hulle probleme sien;
- probleme rondom ontevrede lidmate en dan afstigting toestem om van hierdie lidmate ontslae te raak;
- lidmate in dorpe of gebiede binne 'n bestaande gemeente wat weens afstande moeilik bedien kan word en dus tot afstigting gelei word of as dit van die kant van die lidmate kom, dit toestem;
- die potensiaal van groei in 'n dorp of gebied binne 'n bestaande gemeente.

5. Kerkrade, wat tot afstigting toestem, is blykbaar selde in die vermoë om afstigtende gemeentes finansieel by te staan of selfs 'n sogenaamde "bruidskat" te gee, sodat van die grond af op eie finansiële vermoë opgebou moet word, terwyl hulle tog vir 'n periode help opbou het aan die "moedergemeente". Aan die ander kant is die afstigtendes ten aanvang so oortuig van hulle finansiële vermoëns, terwyl nie rekening gehou word met die eise van kerkwees nie.

6. Bedieningsprobleme vir klein gemeentes, wat nie finansieel bestaansreg het nie, sal dus bly voortbestaan en toeneem indien die OORSAAK soos bo gestel nie aangespreek word nie.

## 3. RINGSOPTREDE

Pte. 1.3 en 1.4 hierbo bring die ring(e) in verband met die hantering van die probleem *re* die bediening van klein gemeentes. Ten eerste word vergeet dat die Kerkorde, anders as by sekere ander kerkverbande waar aan ringe volgens die Kollegialisme bevoegdhede toegesê word, nie allerlei bevoegdhede aan ringe gee, wat ingryping in plaaslike kerke moontlik maak nie, vgl. arts. 37 en veral 26.2. Daarom is die besluit in pt. 1.3 vervat wesenlik van geen waarde nie. "Ringe moet dringend aandag gee " sê niks, want hoe (!) moet hulle aandag gee om sonder bevoegdheid wat (?) te kan doen.

Soos reeds gestel kan die eerste deel van pt. 1.4 nie gevolg word nie, naamlik om "gemeentes te lei en adviseer om by naburige gemeentes in te skakel nie". Wat dus oorbly is die moontlikheid van "saam te werk". Dit sluit aan by die oorspronklike aanbeveling van die SKK, naamlik "om dit te oorweeg om met ander gemeentes saam te werk...ten einde voortgaande bediening te verseker". Dit beteken dat ringe, waar nodig oortuigingswerk tot samewerking moet doen.

In die kerkverband word voorsiening gemaak vir twee wyses van moontlike samewerking naamlik kombinasie en bedieningsooreenkoms.

## 4. OPLOSSINGSMOONTLIKHEDE

**4.1** Die eerste oplossingsmoontlikheid is vervat in pt. 1.1 hierbo genoem. Dit is die wyse waarop die SKK tans, volgens 'n heel effektiewe metode, bedieningshulp aan hulpbehoewende

gemeentes verleen. Die werksmetode van die SKK plaas groot verantwoordelikheid op die kerkrade, wat by versuim van die nakoming van hierdie verantwoordelikheid hulleself penaliseer en dus tot verantwoordelikheid roep. Die grootste stremming is die beskikbaarheid van genoegsame fondse, waarin die SKK afhanklik is van die toegesegde fondse op begroting ooreenkomstig die beskikbare fondse soos verkry deur die 15% heffing.

Dit is seker so dat gemeentes in 'n ekonomiese tyd soos hierdie almal maar moeilik kry. Aan die anderkant gaan dit die SKK ook nie verby dat vele gemeentes met hartelike samewerking goeie inkomste verseker (basaars wat duisende rande oplewer) nie. Die genade en goedertierenheid van die Here is groot. Wanneer gemeentes hulle 15% weerhou of truuks bedink om aan die 15%-verpligting te ontkom, is die vraag relevant: hoe groot dankbaarheid wel is en die gevolglike offervaardigheid? Dan vergeet kerkrade die eenheid van die gemeentes in die kerkverband as liggaam van Jesus Christus en dus die eenheid in Jesus Christus, die Hoof. Hier geld dit dat die liefde van Christus dring, vgl. Gl 6:2.

Kerkrade, ook in ringsverband sal bewus gemaak moet word van hulpdiens uit dankbaarheid en offervaardigheid.

**4.2** 'n Verdere moontlikheid is die van kombinasie of bedieningsooreenkoms. In 'n vorige studiestuk is die verkieslikheid van laasgenoemde bo eersgenoemde aangetoon. Die sinode en ringe kan 'n beroep doen op kerkrade om bedieningsooreenkomste aan te gaan. Die metode stel die minste eise en skep die minste probleme. Dit moet eintlik begin by kerkrade, wat toestem dat gemeentes afstig onder die skyn van finansiële lewensvatbaarheid, terwyl dit wesenlik om probleme gaan. Die probleem is egter dat waar die predikant deel van die probleem was, die afgestigte gemeente nie sy dienste begeer te aanvaar nie. Bedieningsooreenkomste spat ook uitmekaar, omdat kerkrade te dikwels onverdraagsaam en onredelik is en eise stel, wat niks getuig van Christelike liefde en offervaardigheid nie.

'n Ander wesenlike probleem is die euwel van die sogenaamde "gemeente-kerk", wat gelei het tot "gemeentevergaderings", waardeur lidmate regeringsbevoegdheid bo kerkrade (ouderlingerade) opeis, wat in die beginjare gepropageer is deur gemeentestigters, wat nie Gereformeerde kerkreg geken het nie en Gereformeerdheid met Independentisme verwar het en wat in die kerkverband voortvreet soos 'n kankerkiem. Te veel gemeentelede wil in bedieningsooreenkomste in onkunde dikteer. Hierdie euwel moet uitgeroei word indien ons Gereformeerde kerke van Christus wil wees.

Die voordeel van bedieningsooreenkomste moet baie duideliker en dringender aan kerkrade uitgespel word op die basis van Bybelse, Christelike, broederlike vereistes, teenoor die wêreldse gees van selfsugtigheid, ongeregverdigde winsvoordele, onredelike eise ens. Dit werk in baie gevalle goed. Dit kan oral werk met 'n bietjie selfverloëning.

Dit moet oorweeg word om kerkrade, wat finansiële hulp verlang, eers te verplig tot bedieningsooreenkomste en kerkrade te vind wat sodanig wil help, alvorens hulp verleen word.

**4.3** 'n Derde moontlikheid is dié van die beroeping van 'n predikant met beperkte opdrag of met beperkte dienstermyn (sesmaandestelsel), wat bediening met kleiner vergoeding moontlik maak en wat 'n kleiner gemeente waarskynlik sal kan bybring.

## BYLAE SKK 3

# VOORLEGGING AAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE: PANEEL VAN MEDEWERKERS IN VERBAND MET SENDING- EN EVANGELISASIE-AKSIES WAT SKK BEHULPSAAM MOET WEES

### 1. SKEIDING VAN ARTIKELS

Volgens die artikels van die Kerkorde re SENDING en EVANGELISASIE is dit noodsaaklik dat die twee sake geskei moet word, daar die artikel oor Evangelisasie meer beperkend is as die oor Sending.

## 2. ARTIKELS

Art. 46 bepaal oor Evangelisasie: "die ouderlingeraad rig hom deur middel van evangelisering tot diegene wat, vervreemd van die evangelie, in ongeloof, bygeloof of kerkloosheid verval het, met die doel om hulle tot die gemeenskap van Christus en sy kerk (gemeente) te herstel".

Art. 47 bepaal oor Sending: "Ooreenkomstig die opdrag van Christus, die Hoof van die kerk (gemeente) is sendingwerk in die eerste instansie die roeping van elke lidmaat, en gesamentlik die van die plaaslike kerk (gemeente), onder toesig van die ouderlingeraad. Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel".

## 3. BELEID VAN DIE KERKE IN KERKVERBAND

Met die eerste sinode het die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband reeds die beleid vasgestel dat die werksaamhede van ringe en sinode beperk word tot bepaalde sake wat vir die kerke van gemeenskaplike belang is. Vandaar die bepaling deur art. 26: "'n sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is, of wat deur 'n ring of kerkraad via 'n ring na hom verwys is, omdat dit nie deur die ring afgehandel kon word nie. Dieselfde geld vir 'n ring met betrekking tot 'n kerkraad". Geen ring mag enige saak, wat by 'n kerkraad (ouderlingeraad) tuishoort en kerkordelik bepaal is, in behandeling neem, behalwe as 'n kerkraad 'n saak na die ring verwys het, aangesien die kerkraad dit nie kon afhandel sonder die hulp van die ring nie. Eweso mag die sinode geen saak, wat by 'n ring of kerkraad (ouderlingeraad) tuishoort en kerkordelik bepaal is, in behandeling neem, behalwe as 'n ring of kerkraad 'n saak na die sinode verwys het, aangesien die kerkraad en/of ring dit nie kon afhandel nie.

## 4. INTERPRETASIE VAN ARTIKELS 46 EN 47

**4.1 Art. 46** bepaal uitdruklik dat evangelisering in die Afrikaanse Protestantse kerkverband die opdrag van die ouderlingeraad is. Dit sluit aan by die opdrag van die ouderlinge in art. 21: "die roeping om ander na Christus te lei". Dit is 'n eksklusiewe bepaling. 'n Ouderling word net in en vir 'n plaaslike kerk gekies. 'n Ouderling het dus geen opdrag en dus geen bevoegdheid van enige handeling buite die grense van die gemeente waarin hy as ouderling gekies en bevestig is nie.

Hierdie artikel maak geen voorsiening daarvoor dat 'n ouderlingeraad, soos art. 47 ten opsigte van sending bepaal, dat "naburige AP kerke met mekaar (kan) skakel" nie. **Die artikel sluit ook enige rings- en sinodale betrokkenheid uit,** vgl. weer art. 26.2.

Hierdie artikel stel as objek vir evangelisasie persone wat "vervreemd van die evangelie, in ongeloof, bygeloof of kerkloosheid verval het". Daar elke AP kerk (gemeente) met plaaslike kerke van soveel ander kerkverbande oorvleuel, moet ouderlingerade egter daarteen waak dat hulle nie inmeng by persone, wat ten spyte van vervreemding ens. nie tog nog lidmate van gemeentes in ander kerkverbande is nie. Ouderlingerade sal met die situasie van vandag wel persone binne die grense van die eie gemeente vind, wat reeds buite enige kerkverband lewe, wat as objek van evangelisasie bearbei kan word, veral in die stede en groter sentra, sodat 'n wyer arbeidsveld nie gesoek hoef te word nie. Wanneer 'n ouderlingeraad buite eie gemeentegrense wil beweeg, sal met die ouderlingeraad van elke ander AP kerk, wat as teiken(s) gestel word, onderhandel moet word, want hierdie oorskryding van grense is 'n oorskryding van bevoegdheid soos reeds hierbo gestel. Oorskryding van die grense sal eventueel ook die eie predikant, ten opsigte van die verbod wat art. 16 plaas, in die gedrang bring.

**4.2 Art. 47** plaas sending ewe-eens as 'n werksaamheid van die plaaslike kerk "onder toesig van die ouderlingeraad". Daarom geld dit wat onder art. 46 hierbo reeds gestel is, ook vir art. 47.

Art. 47 bevat egter 'n tweede sin, naamlik "indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel". Of die woord "skakel" met al sy woordeboekbetekenisse óók kan beteken "samewerking" is 'n dubieuse saak, wat disputabel is.

Hierdie atikel maak wel skakeling tussen ouderlingerade moontlik "indien wyer belange van die sending dit vereis". Wat alles onder "wyer belange" verstaan moet word, sal ewe-eens uitgeklaar

moet word. Dat "naburige AP kerke...kan...skakel" is natuurlik opsioneel. Verder dat "naburige kerke met mekaar kan skakel", **beteken geensins dat dit om 'n ring of ringe gaan nie. Die artikel bepaal NIE dat dit 'n ringsaangeleentheid is, kan wees of word nie, wat deur 'n ring ter tafel geneem kan word vir behandeling nie,** behalwe as 'n ouderlingeraad dit na die ring verwys, volgens art. 26.2 én dan sal die ring steeds nog moet besluit of dit 'n ringsaangeleentheid moet word in die lig van die kerkbeleid soos in art. 26.2 vasgestel en of met die nodige "advies en hulp", vgl. art. 37.2 die aangeleentheid nie terugverwys moet of kan word vir handeling nie.

Volgens vele kerkregkundige adviese wat gevra word, is daar bekommernis in die kerkverband dat daar 'n neiging bestaan en verder ontwikkel dat aangeleenthede wat by kerkrade/ouderlingerade tuishoort te maklik na luid van NGK- en NHK-tradisie na ringe en sinodes verwys word, wat geensins aangemoedig moet word in die kring van Gereformeerde kerke nie.

## 5. RASIONALISERING VAN SINODALE KOMMISSIES

Toe die sinode besluit het om die sinodale kommissies te rasionaliseer, is besluit om die sinodale kommissies vir Evangelisasie en Sending te rojeer, aangesien evangelisasie en sending NIE sinodale aangeleenthede is nie, maar die van plaaslike kerke. Die sinode het hiermee sy eie Kerkorde getrou gebly. Dit is onbegryplik dat die sinode, ten spyte van sy Kerkordegetroue besluit, daarna die twee aangeleenthede weer as 'n werksaamheid van die sinode teruggeneem het as 'n lasgewing van sy Sentrale Kerkekommissie, wat soos volg lui: "hulp waar moontlik, op versoek van ouderlingerade met koördinering van sendingaksies (vgl. KO Art. 47) en evangeliseringsaksies (vgl. KO Art. 46) wat deur gemeentes of ringe geloods word".

Dat die sinode só besluit het, is strydig met artikels 46 en 47, want die sinode het geen eie reg tot 'n dusdanige besluit nie. Sending en evangelisasie is nie sy werksaamheid nie! Hy kan dus nie een van sy kommissies 'n lasgewing gee oor aangeleenthede wat buite sy, deur sy eie Kerkorde vasgestelde, jurisdiksie val nie. Arts. 46 en 47 reël ook glad nie dat 'n ring of ringe hierdie twee aksies kan loods nie. Hierdie twee artikels bepaal ook nie dat ouderlingerade die sinode, soos die lasgewing bepaal deur middel van sy kommissie om hulp kan vra nie. Art. 37.2 bepaal wel dat dit 'n "werksaamheid" van die ring is om "advies en hulp aan kerkrade" te gee. Hierdie lasgewing lei daartoe dat die SKK soos volg aan die Sinode 1995 rapporteer: "Die opdrag om toe te sien dat aan die Sinode verslag gedoen word oor die stand van sending en evangelisasie in die APK vind die SKK bykans onuitvoerbaar, omdat kerkrade nie verplig is om daaroor aan die SKK te rapporteer nie", (p.10, pt. 12 Sakelys), wat reeds 'n rooi lig vir die sinode gewees het ten opsigte van die oorskryding van werksaamhede. Ewe-eens doen die besluit van die Sinode-1991 vreemd aan om aan die Publikasiekommissie opdrag te gegee het "om praktiese riglyne uit te (ge)werk (het) ten opsigte van die doen van praktiese evangelisasie en sendingwerk deur kerkrade", wat die Pk oorgedra het na die SKK. Dit is duidelik dat die sinode self nie geweet het aan wie 'n saak opgedra moes word waaroor hy geen jurisdiksie het nie.

## 6. RELEVANTE BESLUITE SINODE-1997

Die SKK rapporteer in sy verslag aan die Sinode-1997 (Sakelys p.10, pt. 21.6) na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die ring van Nelspruit dat die sinode die stuk "Riglyne vir praktiese Sending- en Evangelisasiewerk" deur die SKK onder aandag van die kerkrade en ringe moet bring en dat kerkrade en ringe gewys word op lasgewing 15 van die SKK "waarvolgens koördinering van sendingaksies wat deur gemeentes of ringe begin word, slegs op versoek van ouderlingerade deur die SKK behartig word". Die SKK handhaaf wel die lasgewing dat hy nét op versoek van ouderlingerade koördinerend sal optree, maar verwys steeds daarna dat "ringe" hierdie werksaamhede kan "begin", wat strydig is met art. 46 en 47. Só bly hierdie aangeleenthede steeds werksaamhede van die sinode via die SKK, wat strydig met arts. 46 en 47 is. Kragtens hierdie lasgewing sal die SKK voorts steeds aan sinodes sal moet rapporteer oor "sending" as 'n saak wat nie 'n sinodale werksaamheid is nie.

## 7. DIE PANEEL VAN MEDEWERKERS

Volgens die Sakelys vir die Sinode-1997 het die SKK nie in verband met "sending" na 'n paneel van medewerkers verwys nie. Dit is derhalwe so dat 'n voorstel vanaf die vloer na aanleiding

van die saak gemaak is, wat nie by wyse van beskrywingspunt gedien het nie, wat strydig met art. 47 is en dus nie kon gedien het nie.

Die voorstel lui soos volg: "Die Sinode dra dit aan die SKK op om 'n paneel van medewerkers saam te stel, bestaande uit: "SKK lid/lede, oud-sendelinge en kundiges. Die paneel staan die SKK by in die koördinering van sendingaksies. Die kommissie sal nie sendingprojekte loods nie, maar op aanvraag deur ouderlingerade, advies, toerusting, inligting en fasilitering gee". Dit het besluit van die sinode geword. **Met ander woorde die sinode het nog 'n stap verder gegaan om "sending" as 'n sinodale werksaamheid te vestig.** Die tweede saak is dat pertinent besluit is wie geskik vir benoeming op die paneel is - 'n "lid of lede van die SKK" en "oud-sendelinge" en dan "kundiges", wat net kan dui op sendingkundiges. Die benoemde paneel bestaan uit geen lid van die SKK nie, vier oud-sendelinge en nege ander predikante, waarvan agt oud-studente van die Teologiese Skool van die Afrikaanse Protestantse kerkverband, tans die Afrikaanse Protestantse Akademie is, waarvan nie een van die agt in Missiologie gespesialiseer het nie - nie eens 'n skripsie in Sendingwetenskap geskryf het nie. Is met die benoeming van die paneel hoegenaamd rekening gehou met die besluit van "kundiges"? Dit is dus 'n ope vraag welke kundige advies ens. gegee kan word? Die besluit verwys na "die kommissie" wat duidelik nie op die SKK dui nie, maar op "die paneel". Dit beteken dat die sinode 'n stap verder gegaan het in die oorskryding van sy werksaamheid deur wesenlik weer 'n "sendingkommissie" saam te stel, oor wie se werksaamheid verslag gedoen moet word aan die sinode. Die vraag is waaroor die SKK verslag sal moet doen, terwyl ouderlingerade nie die SKK nader vir koördinering, terwyl dit nie 'n sinodale werksaamheid is nie?

Die feit van die geskiedenis is dat geen ouderlingeraad nog om koördineringshulp gevra het nie. Die saak is op onreëlmatige wyse strydig met die Kerkorde deur 'n ring by die sinode op die spits gedryf.

## 8. EVANGELISASIE-AKSIE

Die SKK het hieromtrent volgens die Sakelys Sinode-1999 soos volg verslag gedoen: "Geen versoeke in die verband is ontvang nie. Die ondersoek raak 'n bedieningsmetode aan wat moet lei tot groter offervaardigheid. 'n Kitsmetode bestaan ongelukkig nie en die verlangde resultaat kan net deur Skrifgetroue prediking, liefdevolle pastoraat en getrouheid van die ampte wat deurwerk na al die lidmate, bewerk kan word". Hiervan is deur die sinode kennis geneem. Hiermee het die SKK getrou aan art. 46 die saak van evangelisasie uit die hande van die sinode geneem en dit teruggeplaas by die ouderlingerade met duidelik geen voorbehoud van koördinering nie. Daarom word dit verder daar gelaat.

**BYLAE SKK 4**

# HULDEBLYK AAN VROUENS EN KINDERS WAT TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG IN KONSENTRASIEKAMPE GESTERF HET

## 1. BESLUIT VAN DIE SINODE 1999

Die sinode besluit (volgens 'n onbestrede mosie) om aan die SKK opdrag te gee om tydens die volgende sinode 'n kort huldeblyk te reël vir 26 000 vrouens en kinders wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in konsentrasiekampe gesterf het."

## 2. DIE BRITSE KONSENTRASIEKAMPBELEID

Die Britse regering het met die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 in die waan verkeer dat hulle die twee Boererepublieke binne enkele maande sou onderwerp. Toe hulle deur die Boereweerstand wreed ontnugter is, het lord Roberts, die Britse opperbevelhebber die beleid, bekend as dié van "verskroeide aarde" begin toepas. Volgens die beleid is alle gesaaides verwoes deur brande, alle vee gedood of vermink en boerewonings afgebrand. Daardeur is proviand vir die vegtende Boere vernietig en vroue en kinders weerloos gelaat.

Die toepassing van hierdie beleid was 'n skaamtelose skending van etlike artikels van die Haagse Konvensie van 1899 wat juis dit in oorlogstyd verbied het.

Lord Roberts se tweede roekelose stap was om hierdie ontredderde vrouens en kinders na Boerekommando's te stuur, wat 'n swaar las op die vegtende Boere gelaai het, en die vrouens en kinders doelbewus in die noodlottige spervuur van gevegte geplaas het tussen Boer en Brit.

Ten einde die Boeremagte spoediger tot vredesluiting en onderwerping te dwing, het eers lord Roberts en toe lord Kitchener die verskroeide aarde-beleid gepaar met die konsentrasiekamp-beleid. Hierdie beleid was die breinkind van die Engelse generaal Weyler, wat bepaal het dat vrouens en kinders op verskillende punte in die land onder Britse beheer saamgehok (gekonsentreer) moes word. Na buite is die beleid voorgehou as "Refugee"-kampe. In werklikheid was dit "dwangkampe", ook bekend as "helkampe", want families is gevange geneem en teen wil en dank weerloos na die konsentrasiekampe geneem deur hulle per voet deur swart soldate te laat aanjaag òf met kaal ossewaens òf per trein in oop bees- en steenkooltrokke te vervoer.

## 3. DIE KONSENTRASIEKAMPE

Die konsentrasiekampe is opgerig in die Zuid-Afrikaansche Republiek, die Vrystaatse Republiek, Natal en enkeles in die Kaapkolonie. Die families is in klein ronde wit tentjies gehuisves waardeur hulle blootgestel was aan hitte en koue, wind, reën en storms. Moeders was toegelaat om net die allernoodsaaklikste kleding, beddegoed en eetgerei mee te neem, wanneer dit wel toegelaat was. Daar is bewyse vòorhande dat selfs tot twintig persone in een tentjie ingehok was. Vrouens en kinders het dikwels reeds siek in die kampe aangekom weens die blootstelling aan die elemente van die natuur onderweg daarheen.

Die voedselrantsoene was karig en geensins voedsaam, wat uitgedeel is by voedselpunte in die kampe, waar die ingehoktes dit moes afhaal in wind en weer. Daar is feitelike getuienis dat blou-vitrioel en glasstukkies soms in suiker gegooi was; dat blikkiesvleis met 'n klein gaatjie in die blik vergiftig is; dat in geseëlde blikkiesvleis vishoekies gevind is. Geen wonder dat ondervoeding ingetree het, wat gelei het tot die dood van kinders, ná smartlike lyding.

Vir kinders en moeders om siek te word, veral longsiekte, was fataal – die voorspel tot die dood. Britse soldate het as "inspekteurs" gereeld die rondte gedoen om siekes uit te snuffel en summier na die "kamphospitale" te neem, waaruit bloedweinig, veral kinders, weer lewendig gekom het. Daarom het moeders gepoog om hulle siek kinders so lank moontlik weg te steek onder beddegoed. Die smart van moederharte en die lyding van kinders was perkeloos.

## 4. KONSENTRASIEKAMPE WORD MOORDKAMPE

Volgens die beste beskikbare bronne het daar 4 177 vrouens en 22 074 kinders, dus 26 251 in die konsentrasiekampe gesterwe, asook 1 676 mans bo die ouderdom van 16 jaar, hoofsaaklik bejaardes, sieklikes, gestremdes en seuns, wat nie aan die stryd deelgeneem het nie. Dit was van die room van die volk wat hul offers gebring het vir vryheid. Dit was ook die ramp wat die groei van 'n volk gestrem het. Maar vrouens en kinders, wat die moordkampe oorleef het, het die keur geword waaruit 'n volk kon opstaan en groei.

Hier moet egter die naam van die predikantsdogter uit Cornwallis genoem word, Emily Hobhouse, wat, nadat die haglike toestande in die konsentrasiekampe in Engeland deurgesypel het, op eie koste haar hierheen gehaas het en kloekmoedig as kampvegter vir reg en geregtigheid opgetree het deur die Britse owerheid en opperbevel aan te durf. Sy was die eer aangedoen om gevra te word om die Vrouemonument te onthul, maar 'n hartaandoening het dit verhinder terwyl sy onderweg daarheen was. Sy is begrawe aan die voet van die monument.

## 5. EER HUL GEDAGTENIS

Ná 'n eeu word die Tweede Vryheidsoorlog herdenk. Onvermydelik doem die konsentrasie-kampkerkhowe, oor die velde van Suid-Afrika versprei, voor ons op. Dit verhaal tot herinnering die smartlikste lyding en die dood van 26 251 vrouens en kinders.

Die sinode van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband bring vandag hulde namens die lidmate aan die nagedagtenis van hierdie volksmoeders en kinders in die woorde van Emily Hobhouse: "Die Vroue van Suid-Afrika, wie se verduring van beproewing, onderwerping in verlies, onafhanklikheid onder dwang, waardigheid onder vernedering, geduld onder smart en kalmte by die dood" vir die nageslag as besieling dien.

*"Ek sien haar wag, geduldig, sonder woord,*
*soos sy al honderd jaar gewag het en gely,*
*Ek sien haar win deur lye, net soos Hy;*
*Ek sien haar win, vir man en seun en broeder,*
*Want haar naam is*
*Vrou, en Moeder!"*

Jan FE Celliers.

Eer aan God, wat uit "Die smarte van die oorlog en wie dit gely het" 'n Afrikanervolk laat opstaan het om hier, aan die suidpunt van Afrika, ook deur die afgelope eeu heen, "te verkondig die deugde van Hom wat ons geroep het uit die duisternis tot sy wonderbare lig".

**ENKELE BRONNE**


JC Otto : Konsentrasiekampe, 1954.
AJH van der Walt *et al* : Geskiedenis van Suid-Afrika 1, 1951.
E Steenkamp : Helkampe, s.j.
Mev. HL Neethling : Vergeten? 1917.
DH van Zyl : In die Konsentrasiekamp, 1944.
J Brandt-Van Warmelo : Het Concentratiekamp van Irene, 1905.
S Visser : Via Dolorosa, 1942.
NJ van der Merwe : Die Nasionale Vrouemonument, s.j.
A Terblanche : Emily Hobhouse, 1948
E Hobhouse : The Brunt of the War and where it fell, 1902.
NJ van der Merwe : Die Smarte van die oorlog en wie dit gely het (vertaling van "The Brunt of the War", 1941, tweede deel).
R van Reenen : Heldin uit die vreemde, 1970.


Opgestel deur prof. FAH van Staden.

## VERSLAG: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA BYLAE SKK 5

**AAN:** 2001 SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Geagte voorsitter en lede van die vergadering

### ❖ 1. INLEIDING

Drie belangrike gebeure gedurende 2000 het tot gevolg gehad dat die Bybelgenootskap van Suid Afrika (BSA) 'n ongeëwenaarde besige jaar beleef het. Hierdie gebeure was:-

- Die aanwys van 2000 deur die BSA, in samewerking met die kerke, as die "**Jaar van die Bybel**".
- Die besluit van die BSA om 'n telethon - **Bibliathon 2000** - te hou. Die Bibliathon is gehou om fondse in te samel vir die produksie van spesiale Bybels vir spesiale mense.
- Die besluit van die **Wêreldbond van Bybelgenootskappe** (WBG) om die WBG Algemene Vergadering in Suid-Afrika te hou.

Die Here het deur hierdie besondere gebeure met al die aktiwiteite daarom heen, asook deur ons volgehoue werksaamhede, die werk van die BSA ryklik geseën. Die ondersteuning en betrokkenheid van die ganse Christengemeenskap, het verseker dat dit vir die BSA moontlik was om sy opdrag, **die beskikbaarstelling van die Woord van God**, uit te voer.

### ❖ 2. BYBELVERTALINGS

Die volledige Bybel is tans in 383 tale beskikbaar. Die BSA het publikasies in 16 tale hanteer, nl. Afrikaans, Chewa, Engels, Herero, Ndebele, Noord-Sotho, Portugees, Shona, Suid-Ndebele, Suid-Sotho, Swati, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa en Zulu.

Belangrike vertalingsprojekte in verskillende stadia van vordering:-

#### ➢ 2.1 AFRIKAANSE BYBEL VIR DOWES

Die Vertalingskomitee gaan voort met die vertaling van die Bybel vir Dowes. 'n Bybelgedeelte wat die boeke **Daniël tot Maleagi** bevat, is op 10 September 2000 in Pretoria bekendgestel.

#### ➢ 2.2 NOORD-SOTHO BYBEL

Die publikasiegeleentheid van die nuwe vertaling van die Bybel in Noord-Sotho is op 21 Oktober 2000 in Pietersburg, waar die vertalers die afgelope 25 jaar werksaam was, gehou.

#### ➢ 2.3 SUID-NDEBELE BYBEL

Die eersteling van die Suid-Ndebele Ou Testament-projek het met die publikasie van 'n geïllustreerde boekie *Umusa kaZimu ungowabo boke (God se genade is vir almal)* op 22 Julie 2000 te Sizanani naby Bronkhorstspruit die lig gesien. Die boeke **Rut en Jona** is hierin vervat.

### ❖ 3. BYBELPRODUKSIE

➢ 3.1 Die produksie van Bybels het met 33,01% toegeneem en die van Nuwe Testamente met 47,31%. 'n Totaal van **2 121 520 Bybels en Bybelgedeeltes**, wat 1 153 559 Bybels, 92 044 Nuwe Testamente, 305 317 Bybelgedeeltes, 385 850 Nuweleser-Bybelgedeeltes en 184 750 Seleksies insluit, is in 2000 in **16 tale** en 24 weergawes geproduseer. Dit sluit 34 nuwe publikasies in.

➢ 3.2 Gedurende die jaar is **1 211 ton Bybelpapier** ten bedrae van **R 10 533 573** ingevoer. **Sedert Januarie 2001 het die papier se prys reeds van gemiddeld R 9 800 / ton tot meer as R 13 000 / ton gestyg.**

➢ 3.3 Produksie hoogtepunte was die publikasie van die Millenniumbybel in al elf die amptelike tale, 'n nuwe vertaling van die Bybel in Noord-Sotho en 'n Bybelgedeelte "Leef in Hoop" wat bedoel is vir mense wie se lewens deur HIV/VIGS geraak word, laasgenoemde óók in al elf amptelike tale.

## ❖ 4. BYBELVERSPREIDING

➢ 4.1 'n Totaal van **1 179 739 Bybels en Bybelgedeeltes**, insluitende 641 398 Bybels, 68 622 Nuwe Testamente, 228 358 Bybelgedeeltes, 65 688 Nuweleser-Bybelgedeeltes en 175 673 Seleksies, is in **90 tale** en 111 weergawes in Suid-Afrika versprei.

➢ 4.2 Die publikasiekoste per standaard Bybel is tans **R 52-00**. Hierdie Bybel word teen **R33-00** en minder aan die mark beskikbaar gestel, sodat elkeen dit kan bekostig. **Die gevolglike gemiddelde verlies op elke standaard Bybel beloop dus minstens R 19–00.** Van die volledige Bybels wat versprei is, is **92,6%** teen hierdie verliesbedrag teenoor die publikasiekoste beskikbaar gestel. **Hiérdie verliese moes verhaal word uit donasies aan die BSA!**

➢ 4.3 Volledige Bybels is versprei in Engels (175 684), **Afrikaans (141 458)**, Zulu (103 866), Suid-Sotho (52 731), Xhosa (44 121), Tsonga (35 875), Noord-Sotho (27 140), Tswana (26 650), Venda (11 034), Portugees (6 471) en Swati (3 221).

➢ 4.4 Die verspreiding van die amptelike vertalings van die Afrikaanse Bybel in verskillende gedrukte formate was **53 649 eksemplare van die 1933/53-vertaling** en 88 047 eksemplare van die 1983-vertaling.

➢ 4.5 In vergelyking met die vorige jaar is dit:

| | 1999/20 | 1998/9 | % |
|---|---|---|---|
| **1953-Vertaling Afrikaanse Bybels** | **53 649** | **40 238** | **+33.32%** |
| 1983-Vertaling Afrikaanse Bybels | 88 047 | 76 512 | +15,07% |

➢ 4.6 Die totale aantal 1933/53 Afrikaanse Bybels versprei sedert 1934 = 6 855 011
Die totale aantal 1983 Afrikaanse Bybels versprei sedert 1983 = 2 701 964
TOTAAL: = 9 556 975

## ❖ 5. INTERNASIONALE SKAKELING

➢ 5.1 Die WBG Algemene Vergadering wat gedurende Oktober 2000 in Midrand, Suid-Afrika, gehou is, was 'n unieke gebeurtenis. Ongeveer 400 Bybelgenootskapafgevaardigdes van oor die hele wêreld is ontmoet. Beleidsake en strategieë vir die volgende vier jaar is formuleer en belangrike sake rakende wêreldwye Bybelvertaling, produksie, effektiewe verspreiding en fondsinsameling is bespreek en na moontlike oplossings gesoek.

➢ 5.2 Aan die einde het die Vergadering 'n missieverklaring uitgereik wat ons gemeenskaplike taak in die Bybelsaak soos volg definieer-
Om die Heilige Skrif so wyd, effektief en betekenisvol as moontlik te versprei -

- in tale en formate wat in die wêreldwye behoeftes van mense voorsien
- in vertalings wat getrou is aan die Bybelse grondtekste en wat die Bybelse boodskap oordra
- teen bekostigbare pryse en om mense se interaksie met die Woord te bevorder.

➢ 5.3 Die Bybelgenootskappe wil hulle taak in vennootskap en in samewerking met alle Christelike kerke en kerkverwante organisasies uitvoer. In 'n treffende afsluitingseremonie het die afgevaardigdes onderneem om deur die genade van ons Here Jesus Christus hierdie gemeenskaplike taak uit te voer. Dit was werklik 'n Algemene Vergadering wat die bande tussen Bybelgenootskappe in ons Here Jesus Christus verstewig het en wat eer aan God gebring het.

## ❖ 6. BEFONDSING

Ons donateurs het die middele verskaf sodat Gods Woord verder as ooit te vore kon uitkring. Die toename in bydraes het ons in staat gestel om in die groter behoefte aan die Bybel, te voorsien Die spesiale Bibliathon 2000-poging het veral op mense met spesiale Bybelbehoeftes gefokus

### ➢ 6.1 INKOMSTE

Die BSA se totale donateursbasis het R 24,1 milj bygedra.

### ➢ 6.2 UITGAWES

Gedurende 2000 het die Bybelgenootskap 57 sent van elke rand aan Bybelvertaling, produksie en verspreiding bestee, 24 sent aan menslike hulpbronne, 11 sent aan ondersteuningsprogramme en 8 sent aan administrasie.

Die koste van Bybelvertaling, produksie en verspreidingprogramme beloop die volgende:

| | |
|---|---|
| Bybelproduksie vir Suid-Afrika | R17,5 miljoen |
| Bybelproduksie vir ander Bybelgenootskappe | 9,7 miljoen |
| Vertalingsprojekte | 1,5 miljoen |
| Bydraes tot wêreldwye werk | 0,7 miljoen |
| | R29,4 miljoen |

## ❖ 7. MEDIA FOKUS OP DIE BSA

➢ 7.1 Die **"Jaar van die Bybel"**, **Bibliathon 2000** en die **WBG Algemene Vergadering** het tot buitengewone publisiteit aanleiding gegee. **Televisiedekking** het onder andere die loodsing van Bibliathon 2000, programme wat Bibliathondag vooraf gegaan het én 'n vier uur lange direkte uitsending op Bibliathondag ingesluit.

➢ 7.2 SABC **radiostasies** en CNW Radio het die afgelope jaar omvattende dekking aan die BSA verleen. Radio Kansel asook gemeenskapsradiostasies, het aan die "Jaar van die Bybel" én Bibliathon 2000 breedvoerige dekking verleen. Aangesien die radio as 'n vorm van kommunikasie van die allergrootste belang is in die Suid-Afrikaanse samelewing, is dié blootstelling van onskatbare waarde.

➢ 7.3 Die BSA het, danksy die spesiale projekte wat met **Bibliathon 2000 en die "Jaar van die Bybel"** verband gehou het, uitstekende nuusdekking in beide die **kerklike en sekulêre gedrukte media** ontvang. Ons glo die BSA sal in die jare wat kom die vrugte pluk aangesien die omvattende mediadekking van die afgelope jaar die BSA definitief meer prominent onder die aandag van die samelewing gebring het.

➢ 7.4 Die BSA se **webtuiste** kan by www.biblesociety.co.za besoek word. Daar word met CNW-Internet saamgewerk. 'n Kategorie "Biblenet" is by CNW-internet geskep, vir BSA nuus

➢ 7.5 **E-pos** kommunikasie na die Sekretaris vir u Sinodale gebied is:

| | | |
|---|---|---|
| TRANSVAAL | geldenhuys@biblesociety.co.za | Ds Lourens Geldenhuys |
| NATALIA | boshoff@biblesociety.co.za | Ds Andries Boshoff |
| ORANJE-VRYSTAAT | vandyk@biblesociety.co.za | Ds Gerrie van Dyk |
| KAAPPROVINSIE | louw@biblesociety.co.za | Ds Eugene Louw |
| | fourie@biblesociety.co.za | Ds Ben Fourie |

## ❖ 8. KONTAK TUSSEN DIE BSA EN DIE AP KERK

➢ 8.1 BSA predikante voortgegaan om gemeentes te besoek ten einde die werk van die BSA bekend te stel en eredienste waar te neem. Ringsvergaderings is besoek vir die bespreking van BSA verslae. Dit was telkens 'n vreugde en voorreg om die Woord te kon bedien en belydende– asook dooplidmate te kon inlig oor die werksaamhede rondom die Boek van alle boeke. Gasvryheid, vriendelikheid en 'n goeie gesindheid is oral met hierdie besoeke ervaar.

➢ 8.2 'n Totale bedrag van **R 157 000-53** is gedurende die Sinodale boekjaar (1 Januarie 2000 – 31 Desember 2000) deur gemeentes en individue van die AP Kerk vir die werk van die BSA bygedra. Dit verteenwoordig 'n bedrag van **R 4-14 per belydende lidmaat**.

➢ 8.3 Die volledige bydrae patroon van elke gemeente in Rings- en Sinodale verband is aangedui op die aangehegte tabelle.

## ❖ 9. AANBEVELINGS

➢ 9.1 Die vergadering neem kennis van die verslag.

➢ 9.2 Die vergadering neem Bylae A, die bydraeverslae van die gemeentes en Ringe van die Sinode, in behandeling en bepreek dit.

➢ 9.3 Die vergadering neem punte 9.4 tot 9.11 in behandeling en keur dit goed, óf neem slegs daarvan kennis na gelang van die vergadering se oordeel oor die saak.

➢ 9.4 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor Kerkrade en lidmate vir hul aktiewe steun tydens die BSA se herdenking van die jaar 2000 AD as die **"JAAR VAN DIE BYBEL"** asook vir deelname aan die landswye **BIBLIATHON 2000** projekte.

➢ 9.5 **Die Sinode beveel aan en versoek kerkrade om waar moontlik die verlies bedrag (tans R 19–00) van een standaard Bybel per belydende lidmaat per jaar aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oor te betaal.**

➢ 9.6 Die Sinode versoek dat Kerkrade alle bydraes ten bate van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontvang, so spoedig moontlik sal oorbetaal aan die Bybelgenootskap sodat bydraes dadelik in Bybels omgesit kan word.

➢ 9.7 Die Sinode beveel aan dat Kassiers, indien moontlik, oorbetalings vóór 15 Desember van die betrokke boekjaar sal doen om die probleem van laat betalings op te los.

➢ 9.8 Die Sinode beveel aan dat Kassiers, wanneer direkte bankinbetalings vir bydraes gedoen word, die bankinbetaalstrokie met die gemeente se naam duidelik daarop, aan die bepaalde kantoor vir die betrokke Sekretaris se aandag sal faks. Dit is nodig sodat die fondse direk korrek geallokeer kan word. Die bankbesonderhede is as volg:

TRANSVAAL:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekeninghouer: | BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA | | |
| Bankiers: | ABSA KEMPTON PARK | Rekeningnommer: | 260-220-748 |
| Vir aandag: | Ds Lourens Geldenhuys | Faksnommer: | 011-970-2506 |

NATALIA:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekeninghouer: | BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA | | |
| Bankiers: | STANDARD BANK ABC TAK | Rekeningnommer: | 050-953-702 |
| Vir aandag: | Ds Andries Boshoff | Faksnommer: | 031-207-1058 |

OVS:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekeninghouer: | BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA | | |
| Bankiers: | ABSA BRANDWAG | Rekeningnommer: | 470-220-406 |
| Vir aandag: | Ds Gerrie van Dyk | Faksnommer: | 051-448-9455 |

KAAPSTAD:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rekeninghouer: | BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA | | |
| Bankiers: | ABSA HEERENGRACHT | Rekeningnommer: | 550-220-288 |
| Vir aandag: | Ds Eugene Louw | Faksnommer: | 021-419-4846 |

PORT ELIZABETH:
Rekeninghouer: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
Bankiers: STANDARD BANK: GOVERN EN MBEKI LAAN
Rekeningnommer: 080-215-025
Vir aandag: Ds Ben Fourie Faksnommer: 041-364-1138

➢ 9.9 Die Sinode neem kennis dat Kerkrade hulle Bybelaankope direk by die Bybelgenootskap kan doen en dat daar sodoende 'n besparing sal wees.

➢ 9.10 Die Sinode beveel aan dat Kerkrade koeverte vir donasies aan die Bybelgenootskap jaarliks tydig aan lidmate uitdeel en 'n spesifieke Sondag aandui vir só 'n insameling.

➢ 9.11 Die Sinode neem kennis dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sal voortgaan om die 1953/53 vertaling van die Bybel in Afrikaans beskikbaar te stel.

## 10. SLOT EN DANKWOORD

**Ons hartlike dank aan elkeen wat die Bybelgenootskap in die afgelope jaar deur gebed en daad ondersteun het.** Deur u aktiewe betrokkenheid verseker u dat die lig van Gods Woord die miljoene wat nog in duisternis verkeer, sal bereik. Danksy u, het ons genoegsame fondse bekom om die meeste van ons Bybelprogramme in 2000 te kon finansier.

Aan die begin van 2000 het ons die behoefte van mense aan die Bybel in spesiale formate geïdentifiseer: die blindes, die dowes, gestremdes en diegene wat nie die gedrukte woord kan volg nie. Na raming moet ons 'n bykomende R15 miljoen insamel om in hierdie behoefte te voorsien. Bydraes van Bibliathon 2000 (R7,5 miljoen tot op datum) sal ons in staat stel om van hierdie projekte te befonds.

Daar is nog baie wat gedoen moet word: Volgens die "Record", die tydskrif van die Amerikaanse Bybelgenootskap, is daar meer as 3 biljoen mense wat nog nie 'n Bybel besit nie. Dit is 'n oorweldigende uitdaging, maar een wat ons as in samewerking met ander Bybelgenootskappe die hoof moet bied ten einde die lig van die Evangelie die nuwe millennium binne te dra.

Die Here se ryke seën word die vergadering toegebid

Ds Lourens Geldenhuys
ORGANISERENDE SEKRETARIS
02-05-2001

Ook namens:
Ds Andries Boshoff
Ds Gerrie van Dyk
Ds Eugene Louw
Ds Ben Fourie

## Opsomming van ontvangstes vir die boekjaar 01/01/00 – 31/12/00

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

TOTALE VAN SINODALE GEBIED

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/00 - 31/12/00

| RINGE | BE-LYDENDE LIDMATE | KERKRAAD | GEMID PER LIDMAAT | VROUE-DIENS | VER-BONDS-ONDERRIG | INDIVIDUE | TOTAAL 2000 | TOTAAL 1999 | % +/- | GEMIDDELD PER LIDMAAT 2000 | GEMIDDELD PER LIDMAAT 1999 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TRANSVAAL | 23636 | 82,537.23 | 3.49 | 460.00 | 139.52 | 30,128.00 | **113,264.75** | 81,159.40 | 39.6 | **4.79** | **3.39** |
| NATALIA | 942 | 776.27 | 0.82 | 200.00 | 0.00 | 180.00 | **1,156.27** | 2,875.32 | -59.8 | **1.23** | **2.94** |
| ORANJE-VRYSTAAT | 7047 | 21,689.12 | 3.08 | 0.00 | 1,000.00 | 2,060.00 | **24,749.12** | 18,856.07 | 31.3 | **3.51** | **2.59** |
| KAAPPROVINSIE | 6253 | 7,276.90 | 1.16 | 700.00 | 693.47 | 9,160.02 | **17,830.39** | 11,816.62 | 50.9 | **2.85** | **1.92** |
| TOTAAL | **37878** | **112,279.52** | **2.96** | **1,360.00** | **1,832.99** | **41,528.02** | **157,000.53** | **114,707.41** | **36.9** | **4.14** | **3.03** |

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

**RINGE VAN TRANSVAAL**

**OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/00 - 31/12/00**

| RINGE | BE-LYDENDE LIDMATE | KERKRAAD | GEMID PER LIDMAAT | VROUE-DIENS | VER-BONDS-ONDERRIG | INDIVIDUE | TOTAAL 2000 | TOTAAL 1999 | % +/- | GEMIDDELD PER LIDMAAT 2000 | GEMIDDELD PER LIDMAAT 1999 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BENONI | 2050 | 5,422.59 | 2.65 | 460.00 | 31.81 | 1,785.00 | **7,699.40** | 1,680.00 | 358.3 | **3.76** | **0.84** |
| DENDRON | 1528 | 3,330.76 | 2.18 | 0.00 | 0.00 | 300.00 | **3,630.76** | 2,854.95 | 27.2 | **2.38** | **1.78** |
| DERBY | 1338 | 8,535.03 | 6.38 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **8,535.03** | 5,715.90 | 49.3 | **6.38** | **4.36** |
| ERMELO | 506 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **0.00** | 0.00 | 0.0 | **0.00** | **0.00** |
| GERMISTON | 599 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 900.00 | **900.00** | 860.00 | 4.7 | **1.50** | **1.34** |
| HEIDELBERG | 813 | 343.50 | 0.42 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **343.50** | 800.00 | -57.1 | **0.42** | **1.01** |
| KLERKSDORP | 1045 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 100.00 | **100.00** | 1,740.30 | -94.3 | **0.10** | **1.50** |
| LICHTENBURG | 1134 | 2,300.30 | 2.03 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **2,300.30** | 10,932.00 | -79.0 | **2.03** | **3.20** |
| MIDDELBURG | 1903 | 601.00 | 0.32 | 0.00 | 0.00 | 50.00 | **651.00** | 5,288.08 | -87.7 | **0.34** | **2.74** |
| MIGDOL | 1205 | 1,349.20 | 1.12 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **1,349.20** | 250.00 | 439.7 | **1.12** | **0.21** |
| MOOINOOI | 1706 | 3,541.31 | 2.08 | 0.00 | 0.00 | 500.00 | **4,041.31** | 2,721.33 | 48.5 | **2.37** | **1.57** |
| MOOT-SENTRAAL | 3353 | 19,095.10 | 5.69 | 0.00 | 0.00 | 20,000.00 | **39,095.10** | 22,620.13 | 72.8 | **11.66** | **6.43** |
| MORGENZON | 1013 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **0.00** | 181.50 | -100.0 | **0.00** | **0.00** |
| NABOOMSPRUIT | 1209 | 18,651.45 | 15.43 | 0.00 | 0.00 | 1,122.00 | **19,773.45** | 12,980.83 | 52.3 | **16.36** | **10.90** |
| NELSPRUIT | 1352 | 4,218.39 | 3.12 | 0.00 | 107.71 | 1,100.00 | **5,426.10** | 3,622.03 | 49.8 | **4.01** | **1.83** |
| POTGIETERSRUS | 1151 | 9,900.00 | 8.60 | 0.00 | 0.00 | 4,271.00 | **14,171.00** | 7,652.35 | 85.2 | **12.31** | **6.51** |
| ROODEPOORT | 1008 | 4,450.00 | 4.41 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **4,450.00** | 1,260.00 | 253.2 | **4.41** | **1.14** |
| VEREENIGING | 723 | 798.60 | 1.10 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **798.60** | 0.00 | 0.0 | **1.10** | **0.00** |
| **TOTAAL** | **23636** | **82,537.23** | **3.49** | **460.00** | **139.52** | **30,128.00** | **113,264.75** | **81,159.40** | **39.6** | **4.79** | **3.39** |

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

**RINGE VAN NATALIA**

**OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/00 - 31/12/00**

| RINGE | BE-LYDENDE LIDMATE | KERKRAAD | GEMID PER LIDMAAT | VROUE-DIENS | VER-BONDS-ONDERRIG | INDIVIDUE | TOTAAL 2000 | TOTAAL 1999 | % +/- | GEMIDDELD PER LIDMAAT 2000 | GEMIDDELD PER LIDMAAT 1999 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| NEWCASTLE | 395 | 0.00 | 0.00 | 200.00 | 0.00 | 0.00 | **200.00** | 0.00 | 100.0 | **0.51** | **0.00** |
| SUIDKUS | 547 | 776.27 | 1.42 | 0.00 | 0.00 | 180.00 | **956.27** | 2,875.32 | -66.7 | **1.75** | **4.89** |
| **TOTAAL** | **942** | **776.27** | **0.82** | **200.00** | **0.00** | **180.00** | **1,156.27** | **2,875.32** | **-59.8** | **1.23** | **2.94** |

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

**RINGE VAN ORANJE VRYSTAAT**

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/00 - 31/12/00

| RINGE | BE-LYDENDE LIDMATE | KERKRAAD | GEMID PER LIDMAAT | VROUE-DIENS | VER-BONDS-ONDERRIG | INDIVIDUE | TOTAAL 2000 | TOTAAL 1999 | % +/- | GEMIDDELD PER LIDMAAT 2000 | GEMIDDELD PER LIDMAAT 1999 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BETHLEHEM | 1135 | 80.00 | 0.07 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **80.00** | 400.00 | -80.0 | **0.07** | **0.34** |
| BLOEMFONTEIN | 1988 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 1,000.00 | 1,260.00 | **2,260.00** | 2,202.17 | 2.6 | **1.14** | **1.05** |
| BRANDFORT | 606 | 830.00 | 1.37 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **830.00** | 500.00 | 66.0 | **1.37** | **0.77** |
| CORNELIA | 721 | 1,210.00 | 1.68 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **1,210.00** | 3,470.70 | -65.1 | **1.68** | **5.31** |
| GRANIET | 1026 | 10,590.46 | 10.32 | 0.00 | 0.00 | 300.00 | **10,890.46** | 5,874.20 | 85.4 | **10.61** | **5.82** |
| HENNENMAN | 721 | 6,040.00 | 8.38 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **6,040.00** | 5,250.00 | 15.0 | **8.38** | **7.60** |
| MEMEL | 448 | 1,170.71 | 2.61 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **1,170.71** | 700.00 | 67.2 | **2.61** | **1.45** |
| PETRUSBURG | 402 | 1,767.95 | 4.40 | 0.00 | 0.00 | 500.00 | **2,267.95** | 459.00 | 394.1 | **5.64** | **1.27** |
| **TOTAAL** | **7047** | **21,689.12** | **3.08** | **0.00** | **1,000.00** | **2,060.00** | **24,749.12** | **18,856.07** | **31.3** | **3.51** | **2.59** |

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

## RINGE VAN KAAPPROVINSIE

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES VIR DIE BOEKJAAR 01/01/00 - 31/12/00

| RINGE | BE-LYDENDE LIDMATE | KERKRAAD | GEMID PER LIDMAAT | VROUE-DIENS | VER-BONDS-ONDERRIG | INDIVIDUE | TOTAAL 2000 | TOTAAL 1999 | % + / - | GEMIDDELD PER LIDMAAT 2000 | GEMIDDELD PER LIDMAAT 1999 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BEAUFORT-WES | 522 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **0.00** | 10.00 | -100.0 | **0.00** | **0.02** |
| CLANWILLIAM | 506 | 500.00 | 0.99 | 500.00 | 0.00 | 277.00 | **1,277.00** | 720.00 | 77.4 | **2.52** | **1.25** |
| GORDONIA | 648 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 100.00 | **100.00** | 1,096.37 | -90.9 | **0.15** | **1.65** |
| KIMBERLEY | 1492 | 1,393.99 | 0.93 | 0.00 | 0.00 | 40.00 | **1,433.99** | 1,220.00 | 17.5 | **0.96** | **0.80** |
| OLIFANTSHOEK | 454 | 262.90 | 0.58 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **262.90** | 0.00 | 100.0 | **0.58** | **0.00** |
| RIVERSDAL | 1007 | 1,638.86 | 1.63 | 0.00 | 0.00 | 5,060.00 | **6,698.86** | 1,675.00 | 299.9 | **6.65** | **1.70** |
| SOMERSET-OOS | 685 | 1,349.42 | 1.97 | 200.00 | 693.47 | 1,473.91 | **3,716.80** | 3,796.45 | -2.1 | **5.43** | **5.22** |
| STELLENBOSCH | 752 | 2,131.73 | 2.83 | 0.00 | 0.00 | 2,209.11 | **4,340.84** | 3,098.80 | 40.1 | **5.77** | **3.68** |
| STEYNSBURG | 187 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | **0.00** | 200.00 | -100.0 | **0.00** | **0.99** |
| **TOTAAL** | **6253** | **7,276.90** | **1.16** | **700.00** | **693.47** | **9,160.02** | **17,830.39** | **11,816.62** | **50.9** | **2.85** | **1.92** |

**VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)**
**Tydperk: September 1999 tot 3 Mei 2001**

## 1. PERSONEEL

Di. AS van Jaarsveld (voorsitter), MJ Hartzenberg (ondervoorsitter), A Hough, oudl. MJ Maree, prof. FAH van Staden en dr. HM Grobler (skriba).

## 2. VERGADERINGS

Die KKS het agt keer vergader tot 25 April 2001. Daar was ook drie spesiale dagbestuursvergaderings.

## 3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE SINODE (1999)

**3.1 Die wysiginge in die Kerkorde, ordereëls en tersaaklike sinodebesluite is uitgevoer.**

**3.2 Ander werksopdragte is uitgevoer soos hierna vermeld**

**3.3 Die wesenlike gevaar dat kerkrade, wat weens hulle weiering om die kerkorde en/of sinodale besluite uit te voer, hul gemeentes buite die kerkverband kan plaas.**

### 3.3.1 Sinodale besluite

Die sinode 1999 het die volgende besluite geneem:

**3.3.1.1** *Die sinode besluit dat indien dit feitelik bevind word dat 'n plaaslike kerk nie hou by die sinodebesluite in verband met wie in 'n AP Kerk mag preek nie (Bylae 1, bl. 57-58 KO 1998), dat so 'n kerk ná deeglike ondersoek deur die betrokke ring in samewerking met die KKS, deur die betrokke ring in kennis gestel word dat hy homself met sy optrede buite die orde en dissipline van die kerke in kerkverband en derhalwe buite die kerkverband stel. Die ring moet dan ook dusdanig rapporteer aan die daaropvolgende sinode wat dan weer op sy beurt die besluit finaal sal bevestig al dan nie.*

**3.3.1.2** *Die sinode besluit:*

**3.3.1.2.1** *AP kerke wat weier om hulle finansiële verpligting en verantwoordelikhede ten opsigte van besluite wat deur die sinode ten opsigte van finansies geneem is na te kom, het hulleself buite die akkoord gestel.*

**3.3.1.2.2** *Die sinode besluit om hierdie handelinge wat voortspruit uit punt 1, te verwys na die KKS, FK en SKK om die konsekwensies van "buite akkoord" met die betrokke kerkrade uit te klaar. Die eersvolgende sinode besluit finaal oor uittrede uit die kerkverband.*

### 3.3.2 Die kerkregtelike grondslag

**3.3.2.1** Grondbeginsels van die Presbiteriale (Gereformeerde) kerkregeringstelsel.

Twee van die grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel is hier ter sprake, naamlik

**3.3.2.1.1** dié van die plaaslike kerk (gemeente) as 'n selfstandige komplete kerk van Jesus Christus waarvan Hy die Hoof is en die gemeente sy liggaam, Ef 1:22, 23; 4:15, 16; Kol 1:18. Hy regeer sy kerk (gemeente, liggaam) deur sy Gees met sy Woord en in die plaaslike kerk, middellik deur die besondere amp deur Hom ingestel, te wete die ouderlingamp (ouderlingskap). Die ouderlinge as 'n *ministerium* regeer die gemeente met die gesag van Christus, waarvoor Hy die grondreëls in sy Woord gegee het;

**3.3.2.1.2** dié van die kerkverband, dit beteken dat plaaslike kerke (gemeentes), wat gegrond is op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God, die leer bely as betroubare

samevatting van die waarhede van die Bybel soos vervat in die Formuliere van Eenheid (soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht 1618-1619), dieselfde liturgiese volgorde handhaaf en navolg en ingerig en regeer word volgens dieselfde stelsel van kerkregering, te wete die Presbiteriale of Gereformeerde stelsel, dus as Gereformeerde kerke, vgl. KO art. 1.2.1, met mekaar in 'n kerkverband tree en saamlewe. Die beginsel van die kerkverband beklemtoon die noodsaaklikheid dat Gereformeerde kerke, ondanks die feit dat elke kerk in homself 'n volledige kerk is, nie independentisties sal bestaan, maar in verband met mekaar. A Kuyper stel dit soos volg: *een kerk mag niet op zichzelve blijven staan, daar zij niet dé kerke Christi is, maar slechts een openbaring van de kerke Christi op ééne enkele plaats*, (Kuyper 1883: *Tractaat van de Reformatie der kerken*, 47, vgl. Bouwman H 1934: "Gereformeerd Kerkrecht" II 1-12). Die kerkverband gee uitdrukking aan die eenheid van *Gereformeerde plaaslike kerke in die Hoof, Jesus Christus.*

Die grondslag vir die kerkverband is 1) die positief Goddelike reg (*jus divinum positivum*) en 2) die wedersydse bewilliging of instemming (die vrywillige beginsel) deur die plaaslike kerke. H Bouwman verklaar dat *deze vrijheid is geen willekeur,* maar moet gedra word deur gewigtige redes, daar independentisme in die Presbiteriale stelsel eintlik abnormaal is, Bouwman 1934: II 9, 10. Voetius vergelyk die twee samehangende grondslae met die huwelik as 'n Goddelike instelling, maar dit kom eers tot stand deur die wedersydse wilsooreenstemming van die huwelikspartye, (Geldenhuys FE O'B: *Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode*, 147). Voetius stel dit verder dat die vrywillige beginsel of wedersydse bewilliging deur plaaslike kerke vir toetrede tot die kerkverband gesien moet word as *ex debito*, dus *uit verskuldiging* aan mekaar.

Die Presbiteriale stelsel van kerkinrigting en regering is deur Johannes Calvyn gedurende die kerkreformasie vanuit die Skrif ontwikkel. Sedertdien het Gereformeerde plaaslike kerke in lande oor die wêreld kerkverbande met mekaar aangegaan soos in Nederland, Frankryk, VSA, Suid-Afrika en ander.

### 3.3.3 Is die kerkverband bindend?

Op die vraag of die kerkverband bindend is, moet met stelligheid geantwoord word *ja* vir elke plaaslike kerk in kerkverband solank 'n plaaslike kerk in kerkverband is. Gereformeerde kerkregkundiges spreek die oortuiging uit dat die kerkverband wel verbreek kan of mag word in die geval van noodsaaklikheid, (H Bouwman 1934: II 10; A Kuyper 1883-148). Bouwman stel dit so: *evenals de geloovigen eenmaal in de gemeenschap der Kerk ingelijfd, dien band niet willekeurig mogen verbreken, zoo ook mag de kerkgemeenschap niet anders dan in geval van noodzaaklikheid worden verbroken.* Kuyper verdedig die uittrede uit die kerkverband met 'n beroep op die gehoorsaamheid wat moet betoon word aan die eise van God se Woord. Dit beteken dat verbreking van die kerkverband 'n baie ernstige saak is, wat nie maar ligtelik kan geskied op grond van sekondêre verskille nie, maar op grond van baie gewigtige redes.

Die kerkverband, deur middel van die meerdere vergaderinge van ring (classis) en sinode kan nie 'n plaaslike kerk uit die kerkverband reël of plaas nie. Die verbreking van die kerkverband berus by die plaaslike kerk. Wanneer 'n plaaslike kerk egter so optree dat hy toon dat hy nie langer deel wil of kan wees van die kerkverband nie, plaas hy homself buite die kerkverband en sal en moet die kerkverband deur middel van sy meerdere vergadering, die sinode, die betrokke plaaslike kerk buite kerkverband verklaar.

### 3.3.4 Die doel van die kerkverband

Plaaslike kerke tree in kerkverband met mekaar soos onder pt. 2.1.2 gestel met as hoofdoel om hulle eenheid as Gereformeerde kerke in Jesus Christus, die Hoof van die kerk te toon – Hy is Hoof, hulle die liggaam.

Tweedens leef hulle in kerkverband met mekaar saam om mekaar se welwese (*bene esse*) te dien en te bevorder. Paulus skrywe aan die Korinthiërs: *Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. As die voet sou sê: omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? ... Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam. En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie: ... sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra. En*

*as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly,* 1 Kor. 12:14-26.

Derdens moet in elke plaaslike kerk *alles welvoeglik en ordelik toegaan,* 1 Kor 14:40. Dissipline en orde in die liggaam is essensieel, *want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges,* 1 Kor 14:33. Die lede van die liggaam staan ook mekaar hierin by dat alles in elke plaaslike kerk gepas en ordelik toegaan deur gesamentlike ordereëls vas te stel waarvolgens geleef moet word. Saam met die reëls om gemeenskaplike handeling en optrede te bevorder, geld hierdie reëls ook om eenvormigheid van handeling en optrede te bevorder, want die lede van die liggaam moet harmonieus funksioneer.

### 3.3.5 Gesamentlikheid en eenvormigheid

Die kerkrade van plaaslike kerke in kerkverband vaardig periodiek, soos met mekaar ooreengekom, ouderlinge, die getal elk waartoe ooreengekom is en hul predikante af na 'n vergadering van die kerke in kerkverband, die meerdere vergadering, die sinode, waarna, ter wille van die welwese van die kerke en ter wille van die interne dissipline en orde én ter wille van die goeie verhouding tussen die kerke onderling, *sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie,* 1 Kor 12:25, gesamentlike besluite met mekaar geneem word oor die sake wat almal gesamentlik en gemeenskaplik betref, die *res generalia,* sodat ten opsigte van hierdie sake eenvormig opgetree kan word. Hierdie afgevaardigdes kom met mekaar ooreen namens hul kerkrade (en dus gemeentes) dat die meerdere vergaderings van ring of sinode net oor die gemeenskaplike sake (*res generalia*) besluite neem. Hierdie ooreenkoms begrens uiteraard die plaaslike kerk en sy kerkraad in sy bevoegdhede deur dit te beperk tot die sake van die plaaslike kerk (*res particularia*), wat nie volgens die verbandsooreenkoms as algemene of gemeenskaplike sake aangedui is nie.

Ten opsigte van die gemeenskaplike sake is die gesamentlik genome besluite bindend op elke kerkraad, ampsdraer, lidmaat en meerdere kerkvergadering ongeag of die afgevaardigdes van 'n kerkraad of meer kerkrade teen die genome besluit gestem het en ongeag afwesigheid toe 'n besluit geneem is. Die uitgangspunt en veronderstelling is dat elke kerkraad deur afvaardiging teenwoordig moet wees (moes gewees het) en teenwoordig kan wees (kon gewees het). Verskoning vir afwesigheid met die sakelys van die sinode in die hand, sodat kennis geneem is van die sake wat behandel en oor besluit sal word, kan nie grond wees vir die nie-aanvaarding of nie-onderwerping aan genome besluite nie.

In die praktyk word besluite op kerkvergaderinge nooit anders geneem as eenparig of deur meerderheidstem nie. 'n Besluit met meerderheidstem is ewe bindend as 'n eenparig genome besluit. 'n Belydende lidmaat of kerkvergadering wat veronreg voel of dan beswaar het teen 'n genome besluit, kan 'n beswaarskrif by die sinode indien., vgl. art. 31 KO. Intussen is die genome besluit geldig en bindend. 'n Beswaarskrif wat nie slaag nie, beteken dat die besluit geldig en bindend bly en dus onderwerp aan moet word.

### 3.3.6 Die Kerkorde

Volgens die Gereformeerde Kerkreg is die *Kerkorde* die akkoord van die plaaslike kerke in kerkverband. Vgl. KO art. 1.1. In die *Kerkorde* word die gemeenskaplike besluite, tot eenvormige handelinge in die plaaslike kerke, deur die sinode geneem, vasgestel. Hierdie besluite handel oor die kerkverband, die belydenis, die lidmaatskap, die ampte, die kerkvergaderinge, erediens en sakramente, opsig en tug, ampsbediening en gemeenskaplike verhoudinge en optrede na buite. Op die keper beskou gaan dit om die sake wat direk en indirek met die kerkregering te doen het, want dit reël en spreek die goeie orde en dissipline in die plaaslike kerke en kerkverband aan, 1 Kor 14:40.

Kerkregkundiges het *kerkorde* gedefinieer. Van Staden (1973: *Kerkorde in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk(e) in Suid-Afrika 1652-1970,* 21) het op grond van hierdie definisies én die kenmerke van 'n kerkorde die volgende definisie geformuleer: *'n Kerkorde is die, onderskeie van kerklike besluite en gewoontes, op die Woord van God gegronde en met die Belydenis van die kerk ooreenstemmende, algemeen kerklik aangenome en in getal beperkte, geldige en bindende reëls vir die goeie orde van die kerklike lewe van alle kerke in die bepaalde kerkverband.*

Die Kerkorde as die akkoord van die plaaslike kerke in kerkverband is dus geldig vir en bindend vir elke lidmaat, ampsdraer, en alle kerkvergaderings. Die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke bepaal dan ook duidelik en bo alle twyfel *hierdie Kerkorde (Artikels en Bepalings), is bindend op alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings* ..., (art. 66). Geen lidmaat, ampsdraer of kerkvergadering het dus die reg of bevoegdheid om die Kerkorde ongehoorsaam te wees, ter syde te stel of te ignoreer nie. Wie dit doen, verbreek die akkoord en dus die kerkverband.

Enige lidmaat, ampsdraer, kerkraad, ouderlingeraad of ring wat *veronreg voel*, KO art. 31, of beswaard voel omdat *gemeen word* dat 'n kerkorde-artikel of –bepaling *in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die kerkorde en/of 'n ander reeds genome besluit van 'n kerkvergadering*, KO art. 31, kan 'n beswaarskrif daarteen by die sinode indien of 'n beskrywingspunt volgens die voorgeskrewe prosedure, KO art. 66. Beswaarmakers moet egter goed let op die gronde vir 'n beswaarskrif! Intussen is elke kerkorde-artikel en –bepaling geldig en bindend. Indien die sinode 'n beswaarskrif nie handhaaf nie en 'n beskrywingspunt nie aanvaar nie, moet die beswaarmaker, as lidmaat wat hom onderwerp het aan die kerklike regering en opsig of die ampsdraers (kerkraad, ouderlingeraad, ring), met dieselfde onderwerping in die sinodale besluit berus of anders hulle aan die akkoord (verband) onttrek.

### 3.3.7 'n Sinodale besluit

Dit is reeds gestel dat kerkorde-artikels en –bepalings wesenlik sinodale besluite is. Omdat 'n kerkorde nie 'n kerkwet is, wat alles in besonderhede probeer reglementeer nie, maar as kerkorde 'n beperkte aantal reëls bevat, wat hoofsaaklik die beginsels vasstel, word alle sinodale besluite nie in 'n kerkorde opgeneem nie. 'n Sinode kan binne sy beperkte bevoegdheid besluite neem van gemeenskaplike belang vir al die plaaslike kerke in die kerkverband soos byvoorbeeld die opleiding van predikante en die finansiële voorsiening daarvoor, oor die optrede van predikante van buite die kerkverband aangesien die belydenis op die spel geplaas word en die feit dat daar geen jurisdiksie is oor dusdanige predikante nie, die skepping van 'n gemeenskaplike sentrale kerkkantoor en die instandhouding daarvan, omdat daar soveel gemeenskaplike sake is, wat eenvormig hanteer moet word, die daarstel van 'n gemeenskaplike kerkblad en die instandhouding daarvan, gemeenskaplike ordereëls vir kerklike vergaderings, eenvormige dokumente (beroepsbrief, demissiebrief, attestate, eenvormige reëling van kombinasies of bedieningsooreenkomste, geloofsbrief), die reëling van kerkregtelike adviese vir gemeenskaplike handelinge, ekumeniese betrekking met ander kerkverbande, skakeling met die owerheid, die Bybelvertaling en Psalmboek, organisasies, verenigings, ens. ens.

Al dusdanige besluite is gemeenskaplike besluite en is geldig en bindend volgens die Kerkorde, art. 31. Verontregting of beswaar daaromtrent word op dieselfde wyse behandel soos hierbo onder *Die Kerkorde* gestel, volgens die voorskrif van art. 31. Wie egter nie wil berus in die besluit van die sinode oor 'n beswaarskrif of appèl nie, verkeer presies in dieselfde omstandigheid soos in die slotsin van pt. 3.3.6 hierbo.

### 3.3.8 Die aangehaalde besluite onder pt. 3.3.1

Die eerste besluit handel oor *wie in 'n AP kerk mag preek* en die tweede oor die finansiële verpligtinge en verantwoordelikhede van plaaslike kerke (kerkrade/ouderlingerade) kragtens die gemeenskaplike besluite deur 'n sinode daaromtrent geneem.

Soos reeds hierbo gestel en beredeneer is die Kerkorde geldig en *bindend vir alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings* ... en is sinodale besluite *bindend* volgens art. 31.1. Wie die Kerkorde of 'n sinodale besluit ongehoorsaam is, ignoreer of links laat lê, is skuldig aan die verbreking van die gemeenskaplike akkoord en stel homself deur sodanige optrede buite die orde en dissipline van die kerke in kerkverband en derhalwe buite die kerkverband.

#### 3.3.8.1 Beredenering

**3.3.8.1.1** Elke Afrikaanse Protestantse plaaslike kerk (gemeente) is 'n Gereformeerde kerk van Jesus Christus. Die plaaslike kerke in kerkverband is 'n selfstandige kerkverband onderskeie en afgeskeie van enige bestaande kerkverband en geen replika van enige ander kerkverband nie, (Van Staden 1990: *Gereformeerd kerkregtelike probleemareas*: 1). As sodanig

het hierdie kerke in kerkverband 'n eie gemeenskaplike akkoord, te wete die Kerkorde, waarvolgens elke plaaslike kerk ingerig en regeer word. Naas die Kerkorde word ander besluite gemeenskaplik geneem, wat ewe bindend is as die Kerkorde.

Lidmate en ampsdraers, dus kerkrade en ouderlingerade, wat in die kerkverband saamlewe, moet besef dat hulle daardeur begrens word en in hulle bevoegdhede beperk word. Hulle kan dus nie met beroep op hulle selfstandigheid die Kerkorde en sinodale besluite ter syde stel, ignoreer of daaraan ongehoorsaam wees nie. Wie sy selfstandigheid absoluut en totaal binne die kerkverband opeis, kan nie langer in die kerkverband saamlewe met die ander plaaslike kerke nie. Wie so selfstandigheid absoluut en totaal opeis, word independentisties en skei homself daardeur van die kerkverband af.

**3.3.8.1.2** Die afgevaardigdes per geloofsbrief van die kerkrade na die sinode het besluit op die Bybelvertaling en Psalmboek vir amptelike gebruik, die Belydenisskrifte vasgestel, die Kerkorde vasgestel, KO arts. 41.1 – 41.3 en het artikels vasgestel vir die openbare erediens, art. 42 en die sakramente, art. 43. Dit is essensieel vir die goeie orde in die plaaslike kerke. Daarby het die sinode ook bepaal dat evangeliedienaars vir die kerkverband opgelei word, art. 41.4 en langs watter weg predikante uit ander Gereformeerde kerkverbande lidmaatskap en predikantskap in die Afrikaanse Protestantse kerkverband kan verkry, arts. 9 en 10.3. Dit dien die goeie orde, 1 Kor 14:40 gelees met v. 33, en die welwese van die plaaslike kerke. Geen kerkraad of ouderlingeraad het enige jurisdiksie oor enige predikant wat nie lidmaatskap in 'n plaaslike kerk het nie en wat nie as predikant in die kerkverband toegelaat is nie, art. 10.3.

Indien elke kerkraad dan, ten spyte van die begrensing deur die kerkverband van sy selfstandigheid, die Kerkorde en sinodale besluite in die verband ongehoorsaam is, ignoreer of ter syde stel en eiewillig, met beroep op sy selfstandigheid wil handel, handel teen die gemeenskaplike akkoord in op 'n onordelike wyse met 'n gees van verbandsverbreking. Geen ouderlingeraad kan toesig hou oor die suiwer bediening van die Woord, die een kenmerk van 'n ware Gereformeerde kerk, as hy nie jurisdiksie het oor 'n predikant nie. Hulle het geen reg om hom aan te spreek of te bestraf nie en nog minder enige reg om 'n klag teen hom te lê. Elke ouderlingeraad het die absolute veantwoordelikheid, art. 42.1, 42.2, 42.4 en 15, pte. 1-3 van die KO, om die lidmate te beskerm teen enige leerafwyking. Die feite dat 'n kerkverband verlaat is weens bepaalde besluite waarteen besware van gewigtige aard bestaan en gevolglik weens oortuiging, is nie te rym daarmee dat predikante van daardie kerkverband steeds gebruik word nie. Die verweer dat lidmate nie leesdienste verkies nie, dat predikante buite die kerkverband beskikbaar is en meermale selfs ruim getrakteer word vir siekebesoek en huisbesoek (hoe onkerkordelik tog!), dat die predikante plaaslik bekend is, behoudend is, *soos ek dink* ens. is geen verweer vir die ongehoorsaamheid aan, ignorering van en ter syde stelling van die Kerkorde en sinodale besluite nie. Vir Saul is gewaarsku: *gehoorsaamheid is beter as offerande.* Dusdanige verweer verander ook niks aan die feit van die jurisdiksie nie.

Die afgevaardigdes van die kerkrade in die sinode was egter nie ongevoelig vir plaaslike probleme weens die tekort aan predikante nie en ook nie ten opsigte van die wense oor familieskap nie. Daarom is die besluit soos in Bylae 1 van die Kerkorde opgeneem oor *Wie mag in 'n AP kerk preek.* Hierdie besluit handhaaf steeds bepalinge as veiligheidsmaatreëls soos *by geleentheid* en *by wyse van hoë uitsondering, en as tydelike maatreël* met die *medewete en goedkeuring* van die kerkverband. Die sanksie van die kerkverband hou onder andere die veiligheidsmaatreël in dat die kerkverband dalk meer weet van 'n betrokke predikant as die ouderlingeraad en dus betyds gewaarsku kan word en ook dat by 'n eventuele probleem wat mag ontstaan, die ouderlingeraad kan reken op die steun van die kerkverband. Die grootste probleem is dat kerkrade die besluit eenvoudig ignoreer en self besluit, die beperkinge ignoreer en die diens na eie wil reël vir langer periodes as dié *by geleentheid* of *hoë uitsondering as tydelike maatreëls.* So 'n optrede is absoluut strydig met die akkoord van die kerkverband en kan nie getolereer word nie. Vandaar die regmatige besluit van die sinode in die kerkverband.

**3.3.8.1.3** Die afgevaardigdes van die kerkrade het ook in die sinode besluite geneem van gemeenskaplike aard wat die welwese van die plaaslike kerke dien. Só het geen kerkraad die akademiese en finansiële vermoë om predikante op te lei nie. Dit is net absoluut essensieel dat elke kerkverband sy eie predikante sal oplei en voorsien. Daarom is die gemeenskaplike besluit geneem dat die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik die verantwoordelikheid vir die opleiding van predikante sal onderneem, asook die finansiële verantwoordelikheid daarvoor, wat insluit die plek (gebou) vir opleiding, die toerusting, die biblioteek, lesingsmoontlikheid, die

vergoeding van die teologiese dosente en personeel, KO arts. 10.1, 10.4. Art. 10.6 bepaal dan ook dat die Kuratorium *'n teologiese dosent namens al die kerke (gemeentes) benoem.* Dit is en bly altyd 'n gesamentlike onderneming.

Daarom het die eerste sinode 1987 reeds besluit op die opleiding van predikante en dat elke kerkraad, natuurlik ook die van gemeentes wat later toegetree het, die finansiële verpligting gesamentlik sal dra. Dit is toe besluit dat elke kerkraad 15% van sy totale inkomste sal bydra tot die gemeenskaplike fondse waaruit onder andere die teologiese opleiding instand gehou sal word.

Só is ook gesamentlik besluit op die skepping van 'n gemeenskaplike sentrale kerkkantoor, 'n gebou, toerusting, personeel wat verantwoordelik sal wees vir administrasie, die voorsiening van verbondsonderrigboeke, kerklike dokumentasie, die Kerkorde, sinodale vergaderings, die pensioen- en mediesefonds vir predikante en eie amptenare, kommissiewerk, publikasies, die amptelike kerkblad *Die Boodskapper*, ens. ens. Hierdie diens sou ook gefinansier word uit die bogemelde 15% bydraes deur die kerkrade. 'n Baie belangrike aspek en diens wat bygekom het, is die bedieningsnood, wat gegroei het namate gemeentes toegevoeg is. *Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus*, Gl 6:2, vgl. 2 Kor 9:1. 5, 12, 13.

Hierdie gesamentlike 15%-besluit is bindend op alle kerkrade en wel op alle inkomste. Kerkrade wat nie alle inkomste in berekening bring nie, is ongehoorsaam aan 'n gemeenskaplike besluit en neem nie hul gemeenskaplike verantwoordelikheid vir die teologiese skool en kerkkantoor in ag nie. Kerkrade wat van hulle inkomste oormerk as trustfondse, waaruit hulle dan nie 15% bydra nie of van hulle inkomste wegsteek en dus nie 15% daarvan bydra nie, is ongehoorsaam aan die gemeenskaplike besluit, tree eiewillig op, verbreek die akkoord en stel hulself buite die kerkverband.

Die groot vraag is, én daar is reeds getuienis in die verband wat die teendeel verklaar, of kerkrade hulle gemeentelede ten volle op die hoogte van hulle besluite om inkomste só te hanteer, hou? Weet lidmate van die verpligting van die 15% en weet lidmate, wat aanvaar dat hulle bydrae ook bestem is nie net vir die plaaslike kerk nie maar ook vir die instandhouding van die teologiese opleiding en die kerkkantoor, dat kerkrade hulle 15% weerhou en/of met allerlei besluite afskaal? Weet lidmate dat kerkrade daardeur besig is om hulle buite die kerkverband te plaas en neem hulle daarmee genoeë? 'n Lidmaat wat lidmaat in 'n AP kerk is en lidmaat wil bly, besef dat hy/sy 'n verantwoordelikheid teenoor die kerkverband het en geen kerkraad het die reg om só teenoor die kerkverband op te tree dat die lidmaatskap van hulle lidmate in die gedrang gebring word deur eiewillige optrede strydig met die akkoord van die kerkverband nie.

### 3.3.9 Optrede van die kant van die kerkverband

Geen kerkraad, wat ten volle gehoorsaam is aan die besluit oor *wie in 'n AP kerk mag preek* en wat ten alle tye eerlik uit sy totale inkomste die volle 15% bydrae oorbetaal, kan genoeë daarmee neem dat sekere kerkrade ongehoorsaam is aan hierdie gesamentlike besluite tot skade van die teologiese opleiding en die noodsaaklike instandhouding van die sentrale kerkkantoor nie. Dit getuig die erns waarmee die sinode die bogemelde twee besluite eenparig geneem het volgens die *Handelinge van die Sinode 1999.*

Die kerkordelike weg van optrede blyk, soos reeds in besluit 3.3.1.1 hierbo vervat, dié te wees dat elke ring by die ringsvergadering, wanneer die verslae behandel word, wat ook handel oor die gemeentelike bediening, sal vasstel of kerkrade gehoorsaam is aan die besluit en indien 'n kerkraad ongehoorsaam is en eiewillig handel, 'n dusdanige kerkraad sal vermaan. Dit moet opgevolg word met die opdrag aan sy kerkvisitasiekommissie om by kerkvisitasie, waar die hele kerkraad aanwesig is hulle daaroor aan te spreek en te vermaan. Die volle implikasies van hierdie eiewillige optrede moet uitgespel word. 'n Kerkvisitasiekommissie wat te make kry met weerstand en 'n weiering om tot orde en ordelike optrede geroep te word, moet aan die ring rapporteer en kan selfs 'n buitengewone ringsvergadering daartoe versoek. Die ring sal dan kan besluit om die kerkraad te versoek vir 'n kerkvisitasiegeleentheid met die gemeente, sodat die gemeente kan hoor wat die implikasies van die kerkraad se weiering tot gehoorsaamheid is en of die lidmate daarmee genoeë neem. Die ring moet, volgens die sinodale besluit, in samewerking met die KKS optree, wat beteken dat die ring die KKS kan versoek dat van sy lede, nie net die moontlik tweede nie, maar ook die eerste visitasiegeleentheid bywoon. Die ring

moet deur sy visitasiekommissie vasstel of die hele kerkraad en die hele gemeente die besluit van die kerkraad ondersteun, ook as hulle die implikasies besef. Die kerkraad of die kerkraadslede en die gemeentelede wat in ongehoorsaamheid volhard moet deur die ring in kennis gestel word dat hulle hulself as lidmate buite die kerkverband gestel het en die kerkraadslede en gemeentelede wat gehoorsaam aan die sinodale besluit wil wees, bly as die gemeente voortbestaan, wat, volgens hofuitsprake die eienaar van die bestaande gemeente se eiendom en fondse is. Die ring moet sy bevinding aan die SKK deurgee, sodat die sinode finaal sal besluit.

Ten opsigte van besluit 3.3.1.2 hierbo moet die FK die ring in kennis stel van die kerkraad(rade) wat weier om sy(hulle) finansiële verpligtinge na te kom. Die ring sal dan presies soos met besluit 3.3.1.1 dieselfde prosedure volg in samewerking met die KKS tot by die punt waar hy dan sy bevinding aan die FK deurgee, sodat die sinode finaal sal besluit.

### 3.3.10 Konsekwensie

'n Volle kerkraad, wat met die eenparige stem van die belydende lidmate hom- en hulleself buite die kerkverband stel, mag nie die gesamentlike kerknaam, die Afrikaanse Protestantse Kerk verder gebruik nie. Kerkraadslede en gemeentelede, wat hulle dusdanig afskei, mag eweneens nie die gemeenskaplike kerknaam gebruik nie. Kerkraadslede en gemeentelede of net gemeentelede wat die Kerkorde en sinodebesluite wil gehoorsaam en handhaaf en dus steeds die bestaande gemeente is en handhaaf, bly in die kerkverband onder die gemeenskaplike kerknaam.

### 3.3.11 ADDENDUM

#### 3.3.11.1 Inleiding

Met die behandeling van bogemelde studiestuk (3.3.1-3.3.10) deur die BRKA, veral ten opsigte van die aangeduide werkswyse en prosedure wat gevolg moet word dat die sinode uiteindelik kan verklaar dat 'n kerkraad, wat volhard in sy weiering om die 15% heffing aan die kerkverband oor te betaal, homself met die gemeente uit die kerkverband gestel het, is begryp dat die voorgestelde werkswyse en prosedure die meer tolerante wyse van optrede is. Dit is toe aangetoon dat, alhoewel dit nie in die studiestuk uitgespel is nie, daar ook volgens die Kerkorde 'n drastiese wyse van optrede is. Op versoek van die BRKA word dit gevolglik uitgespel.

#### 3.3.11.2 Die drastieser wyse van optrede

##### 3.3.11.2.1 Die geldigheid van sinodale besluite

Elke sinodale besluit deur 'n sinode geneem, is die gesamentlike besluit van al die kerkrade van al die gemeentes in die kerkverband deur middel van hulle afgevaardigdes, al was afgevaardigdes om watter rede ook al verskoon. Art. 31 bepaal uitdruklik: *Die besluit van 'n kerkvergadering is bindend.* Verder bepaal art. 66: *hierdie Kerkorde (Artikels en Bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings ...*

Art. 66 bepaal verder dat 'n artikel of bepaling van die Kerkorde gewysig kan word *by wyse van 'n beskrywingspunt of beswaar aan die sinode*, met dien verstande dat 'n sinode die beskrywingspunt goedkeur of die beswaar handhaaf. Anders bly die artikel of bepaling onveranderd geldig en bindend. Dit geld ook vir art. 31.

##### 3.3.11.2.2 Oortreding van art. 31

'n Kerkraad wat besluit dat hy nie die sinodale besluit om die 15% heffing op al die gemeentelike inkomste aan die BRKA oor te betaal, gaan gehoorsaam en uitvoer nie, maak homself skuldig aan die oortreding van die Kerkorde ten opsigte van art. 31 en 66. Soos reeds aangetoon kan geen kerkraad hom beroep op die outonomiteit van die plaaslike kerk nie. Die feit bly staan dat die kerkraad pertinent weier om 'n gesamentlik genome besluit uit te voer. Dit is verset teen die Kerkorde as *die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes) wat in kerkverband met mekaar saamlewe* ..., art. 1.1. Hierdie verset is 'n verbreking van die akkoord en dus 'n verwerping van art. 1.1.

Dit geld nie net ten opsigte van blatante weiering om die besluit te gehoorsaam en uit te voer nie, maar ook wanneer 'n kerkraad die besluit probeer omseil met een of ander truuk waardeur inkomste sogenaamd geoormerk word vir byvoorbeeld 'n *trustfonds* of op 'n ander wyse verberg word, dus nie eerlik verklaar word en 15% heffing daarop betaal word nie.

### 3.3.11.2.3 Optrede van 'n kerkraad

- Dit blyk in meer dan een geval waar 'n kerkraad besluit het om nie die 15% heffing oor te betaal nie, dat die gemeente nie daaromtrent ingelig is nie en dus onkundig is aangaande die optrede.
- Dit blyk ook dat 'n kerkraad wel die gemeente ingelig het omtrent sy besluit en die gemeente oortuig het van sy sogenaamde *goeie reg* tot só 'n besluit in die *belang van die gemeente*, maar sonder om die konsekwensies van 'n sodanige onreëlmatige besluit aan die gemeente uit te spel, naamlik, dat dit 'n verbreking van die gemeenskaplike akkoord is, waardeur die kerkraad die gemeente buite die kerkverband plaas.
- Kerkrade beroem hulle op hul sogenaamde *outonomie*, in gewaande wysheid, maar in blatante onkunde oor die konsekwensies van hulle besluit, waarteen ewe onkundige en soms misleide gemeentelede beskerm moet word.

### 3.3.11.2.4 Optrede vanuit die kerkverband

Die werkswyse en prosedure om die optrede van 'n kerkraad, wat wederregtelik handel by die sinode te kan bring, is uitgespel. Die meer drastiese wyse van optrede is dat 'n ring, wat die voorgeskrewe werkswyse gevolge het met 'n kerkraad, maar wat dan stuit teen 'n weerbarstige kerkraad, as ring besluit (of aan sy ringskommissie opdrag gee) om die hele kerkraad, elke lid indiwidueel volgens die voorskrif van Bep. 53A aan te kla.

Dit sal dan volgens art. 55.4 tot gevolg hê dat die ouderlingeraad nie self die ondersoek volgens art. 55 kan doen nie, synde die aangeklaagdes, wat in hierdie geval nie regter in hulle eie saak kan wees nie. Die voorsitter van die ouderlingeraad sal dan met 'n ander ouderlingeraad in ringsverband moet reël om die ondersoek volgens art. 55 te doen. Indien 'n predikant deel is van die weerbarstige kerkraad, moet die voorsitter van die ouderlingeraad met die konsulent volgens bep. 37F.2.2 reël om as voorsitter op te tree wanneer die ondersoek teen die predikant plaasvind.

Die ring moet net baie seker maak dat die klag opgestel, by die ouderlingeraad ingedien moet word en aan elke lid van die kerkraad bedien word volgens bep. 53A. Aangesien dit om dieselfde saak gaan, kan elke klag dieselfde bewoording dra.

Die kerkraadslede sal indiwidueel aangekla word weens –

- die oortreding van die Kerkorde art. 31 gelees saam met art. 66;
- die verbreking van art. 1.1, dit is die verbreking van die gesamentlike akkoord waardeur die plaaslike kerke in kerkverband met mekaar saamlewe; en indien dit sou blyk dat die kerkraad se besluit nie aan die gemeente bekend gemaak was nie of bekend gemaak was sonder dat die konsekwensies vir die gemeente uitgespel was, kan 'n derde grond bygevoeg word, naamlik
- die weerhouding van die ware feite van die gemeente en die misleiding van die gemeente, waardeur die lidmaatskap van die gemeentelede in die gedrang gebring is en die gemeente se voortsamelewing binne die kerkverband.

**L.W. 1** 'n Gemeente wat só deur sy kerkraad buite die kerkverband gestel word, het nie die reg om die gesamentlike naam van die gemeentes in die kerkverband te wete Afrikaanse Protestantse Kerk te gebruik nie.
**L.W. 2** Indien 'n kerkraad deur sy optrede die posisie van die gemeente in die gedrang bring en daar lidmate is wat nie genoeë neem met die optrede van die kerkraad nie, bly hierdie lidmate van die gemeente deel van die kerkverband.
Dit kan net nie bedink word watter verweer kerkraadslede sal kan aanvoer teen hierdie klag nie, wat as 'n baie ernstige klag beskou moet word.
**L.W.3** Omdat die ring of ringskommissie in opdrag as klaer optree, moet in gedagte gehou word dat die ring se optrede ampshalwe is en homself nie daarom diskwalifiseer om die ondersoek te doen nie, want 'n dusdanige ampshalwe-optrede maak die ring nie regter in sy eie

saak nie. Die ring kan egter volgens art. 55.5, volgens eie diskresie 'n naburige ring raadpleeg, wat aanbevelenswaardig is, mits 'n dusdanige naburige ring nie self te make het met 'n kerkraad wat self skuldig is aan die oortreding van art. 31 weens dieselfde rede nie, daar die afgevaardigdes van so 'n kerkraad nie onpartydig kan optree nie.

Indien die ouderlingeraad, wat die ondersoek doen, substansie bevind (en dit kan soos reeds gestel nie bedink word dat dit nie bevind kan word nie), volg die stappe van arts. 55.2.1-55.3. Die ouderlingeraad, wat die ondersoek doen, kan ook art. 55.2.3 toepas, want die oortreding van die Kerkorde en veral die doelbewuste oortreding is 'n ernstige saak. Indien art. 55.2.3 toegepas word, moet die ring so spoedig moontlik (binne 'n dag!) byeengeroep word vir die gesamentlike ondersoek, want met al die kerkraadslede gestuit, rus die opdrag van bep. 37J as uiters dringende saak op die ring. Die ring moet spoedig sy bevinding maak, want daar is nie 'n kerkraad wat kan handel nie.

Afhangend van die gesindheid van kerkraadslede, veral ten opsigte van bewese berou en belydenis en die vaste voorneme om nie langer weerbarstig te wees nie, kan art. 57.3.1 as tugmaatreël toegepas word. Kerkraadslede wat weerbarstig bly, sal noodwendig die toepassing van art. 57.3.2.2 tot gevolg hê en nie art. 57.3.2.1 nie.

Die ring sal summier die gemeente moet oproep deur opdrag aan die ringskommissie om bep. 37J uit te voer, of as kerkraadslede onder art. 57.3.1 berispe is en dus in die amp herstel is, met opdrag aan hulle. Die gemeente of die gemeente met die herstelde ampsdraers, sal dan onder leiding van die ring volgens bep. 37J die vakatures moet vul. In die geval sal die ring volgens bep. 37A.4 gelees met bep. 23E, die verkose kerkraadslede onmiddellik na verkiesing in die amp bevestig en só verseker dat die gemeente weer 'n volwaardige kerkraad het.

**AANBEVELING**
**3.3.12 Die sinode keur die studiestuk goed vir implementering deur die betrokke kerklike vergaderings.**

### 3.4 Samestelling van gemeentes

Die sinode gee opdrag aan die KKS om prosedure op te stel en leraars en kerkrade te adviseer oor regverdige en billike werkswyses wat gevolg moet word wanneer die samestelling van gemeentes by die hantering van geloofsbriewe en die konstituering van sinodes in gedrang kom of betwis word. (*Handelinge 1999*, bl. 438, 112).

**AANBEVELING**
**3.4.1 Die Kerkorde gee voldoende leiding en geen nuwe prosedure is in hierdie verband nodig nie.**

### 3.5 Kerklike huweliksbevestiging sonder nakoming van staatswetlike vereistes

#### 3.5.1 Sinodebesluit (Sinode 1999, *Sakelys* bls. 251-255, pt. 2.7; *Handelinge 1999* bl. 482, pt. 2.7.3):

Die sinodebesluit lui: Hierdie verslag word verwys na die KKS met die oog op evaluering en finale advies.

#### 3.5.2 Die sinodale opdrag

Gebonde aan sy lasgewing kan die KKS slegs aan die ter saaklike kerkregtelike aspekte en, in soverre van toepassing, aan vereistes van die statutêre reg (staatswetgewing), aandag gee in die evaluering en advies.

#### 3.5.3 Evaluering van die verslag
**3.5.3.1 Die KKCE se beredenering**
**3.5.3.1.1** Beginselbesluit:
Oor die beginsel nl. dat die kerk 'n huwelik van sy lidmate kan en behoort te bevestig, behoort daar geen twyfel te bestaan nie. Ook die statutêre reg in ons vaderland erken en eerbiedig hierdie beginsel, soos ook in advokaat Danzfuss se regsadvies aangetoon. (Vgl. Verslag van die KKCE, *Sakelys 1999*, bls. 252-255.)

Dit word vir die doeleindes van hierdie verslag aanvaar dat die KKCE met *beginselbesluit* bedoel: die sinode spreek hom uit, of ten gunste of teen die kerklike bevestiging van 'n huwelik, sonder nakoming van staatswetlike vereistes. Die motivering deur ds. Van Staden nl. dat vir bejaardes in die spesifieke situasie voorsiening gemaak behoort te word, met uitsluiting van ander gevalle, bring vrae na vore oor die implikasies van so 'n goedkeuring vir die kerklike samelewing en of dit so geregverdig kan word. Myns insiens vereis dit verdere besinning.

In die Gereformeerde tradisie word die standpunt gehandhaaf dat geen huwelik geïsoleerd gesien of hanteer mag word nie, omdat 'n huwelik altyd regte en verpligtinge meebring wat ook binne die maatskaplike orde en gemeenskap neerslag vind. Verder word daar van die standpunt uitgegaan dat die huwelik behoort tot die terrein van die natuurlike lewensverbande, waaroor ook die owerheid gesag dra. So het Calvyn reeds in die Kerkorde van Geneve dit vasgelê dat die huwelik aspekte verteenwoordig wat tot die gesagsterrein van die owerheid behoort en wat tot die gesagsterrein van die kerk behoort. Hierdie standpunte het neerslag gevind in bv. die kerklike inseëning van 'n huwelik deur 'n landdros voltrek, en die opneem van die staatswetlike vereistes in die Huweliksformulier. Van verdere belang is dat die huwelik in die Gereformeerde tradisie gehandhaaf word as in onlosmaaklike verband met die bediening van die Woord.

**3.5.3.1.2** Die wil voorkom of die KKCE aanvaar dat die onderhawige geval deur ds. Van Staden onder aandag gebring, wel aan al die kerklike vereistes voldoen het. Daar is regsadvies deur die egpaar ingewin, en gevind dat geen *wetsoortreding* plaasgevind het nie. 'n Belangrike vraag is egter wat die implikasies van so 'n huwelik in die regsverkeer het. Hieraan gee die regsadvies van adv. Danzfuss wel sekere aandag.

**3.5.3.2** Die voorlegging van ds Van Staden

**3.5.3.2.1** Die meriete vir die optrede van ds. Van Staden in die besondere geval, word slegs aangedui as *testament-bepalings of pensioenfondsreëlings, ens.*, maar nie verder in besonderhede vermeld sodat daar nie geoordeel kan word of dit werklik 'n uitsonderingsgeval is en of dit algemeen-voorkomend is nie. Uit ds. Van Staden se motivering wil dit lyk asof dit wel algemeen-voorkomend is. Van wesenlike belang is die regsadvies van adv. Danzfuss onder paragrawe 19 en 20 op bladsy 255 van die *Sakelys Sinode 1999*. Die advies van adv. Danzfuss dat elke voorkomende geval se meriete baie deeglik beoordeel en geweeg sal moet word, indien goedkeuring verleen word, moet deeglik verreken word.

**3.5.3.2.2** Die opmerking van ds. Van Staden ... *terwyl ons geen erg het aan die wetlike aspek van die huwelike nie...*, gee op die sigwaarde daarvan blyke van 'n siening van die verhouding kerk/staat met betrekking tot die huwelik, wat nie ooreenstem met die Gereformeerde tradisie se hantering van die saak nie. Na my oordeel is die bestaande siening in die Afrikaanse Protestantse kerkverband, dat die huwelik nie 'n sakrament is soos by die Rooms Katolieke kerk nie, ook nooit los van die ander samelewingsverband en die owerheid se statutêre taak, gesien mag word nie, maar 'n burgerlike aangeleentheid is, waarby die kerk 'n besondere belang het (vgl. verwysing hierbo na Calvyn).

**3.5.3.2.3** Indien 'n uitsonderingsgeval vir bejaardes oorweeg word, sal die implikasies daarvan vir die gemeente en samelewing in die algemeen baie noukeurig en deeglik in ag geneem moet word.

**3.5.3.3 Regsadvies van adv. Danzfuss**

**3.5.3.3.1** Met waardering vir die advies word vir doeleindes van hierdie verslag slegs die aandag gevestig op die volgende:

**3.5.3.3.1.1** Die gevolge van saamwoning en van 'n huwelik sonder nakoming van die staatswetlike vereistes, nl. onder ander dat sodanige persone ... *sal in die oë van die reg beoordeel word asof hulle bloot saamwoners is en wel in ooreenstemming met die regsbeginsels van kohabitasie.*

**3.5.3.3.1.2** Die moontlikheid dat baie van die probleme in die regsverkeer wel deur 'n wettige saamwoonooreenkoms ondervang kan word.

### 3.5.4 Adviese

**3.5.4.1** Vir die sinode om te besluit of voorkomende uitsonderingsgevalle soos die onderhawige een, 'n besluit met riglyne vir toekomstige soortgelyke gevalle regverdig, sal verdere deeglike studie en besinning verg. Die sinode moet gevolglik oorweeg of verdere studie en besinning nodig is.

**3.5.4.2** Naas dit waarteen adv. Danzfuss waarsku, (vgl. paragrawe 20, 20.1 en 20.2 van sy regsadvies), blyk dit uit wat hierbo beredeneer is, dat die sinode in elk geval nie op hierdie tydstip 'n besluit ten gunste van die bevestiging van huwelike sonder nakoming van staatswetlike vereistes kan neem nie.

**3.5.4.3** Voorkomende gevalle, soos die onderhawige, behoort soos alle ander saamwoon-gevalle kerklik hanteer te word met die aanbod van hulpverlening waar nodig. In die onderhawige geval is dit sekerlik wel deeglik gedoen, maar daar mag ook nie misverstande wees, asof die afwesigheid van 'n wetsoortreding en die kerklike bevestiging, wel 'n normale regsverkeer van die betrokke huwelik verseker nie. Adv. Danzfuss het dit duidelik in sy advies aangedui.

### 3.6 Raad vir Kerkadministrasie

Die sinode van 1999 besluit dat die saak oor die ontbinding van die RKA terugverwys word na die KKS om weer 'n verslag met motivering voor te berei en aan die volgende sinode 'n aanbeveling te doen met spesifieke verwysing na die finansiële implikasies. (*Handelinge 1999*, bl. 495, 209).

Die volgende verslag word aan die sinode voorgehou:

#### 3.6.1 Ou bewoording

1. *Die sinode keur die stigting van die RKA in beginsel goed en dra dit aan die benoemde SKK op om die RKA, in oorleg met die te-benoemde Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) en ons regsadviseur, te realiseer, nodige reglement op te stel, die RKA wetlik op die been te bring en volledig aan die eersvolgende sinode te rapporteer.* Dié voorstel is goedgekeur en word telkens opgeneem in die Kerkordeboek, vgl. 1998-uitgawe, bl. 63, pt. 1.3.
2. Die Kommissie vir Regte (later gewysig na die Kommissie vir Kerkregtelike Sake – KKS ) het aanbeveel dat: *Elke sinode se afgevaardigdes vorm tegelyk 'n ledevergadering van die RKA wat onder meer die Raad se bestuurslede aanwys,* (vgl. Kerkordeboek, uitgawe 1998, bl. 63, pt. 1.2.3 en die Konstitusie vir die RKA pt. 5:2.1 *elke sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes word gekonstitueer as 'n ledevergadering van die RKA op 'n gekose tydstip en volgens eie besluit tydens elke sinodesitting,* vgl. Kerkordeboek 1998-uitgawe, bl. 67, pt. 5.2 Samestelling. Vergelyk ook pt. 5.7 van die Konstitusie in verband met lede en vergaderings.
3. Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) se samestelling, vgl. Reglement vir BRKA, Samestelling, pt. 6.1.1(a) bepaal dat naas vyf lede, wat elke RKA uit sy lede aanwys, vier lede *uit elk van die volgende kommissies deur die sinode aangewys: die SKK, die Kuratarium, die Finansiële Kommissie en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake* aangewys word.
4. Die RKA kan volgens pt. 5.9 van die Konstitusie van die RKA in opdrag van die sinode ontbind: *wanneer die RKA in opdrag van die sinode ontbind, moet eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende kerke na verhouding van die getal belydende lidmate van die kerk verdeel word, tensy die sinode anders besluit.*

#### 3.6.2 Nuwe bewoording

Die sinode besluit om

1. die RKA te ontbind volgens pt. 5.9 van die Konstitusie van die RKA:
2. kragtens die bevoegdheid in pt. 5.9 van die Konstitusie van die RKA aan die sinode verleen, soos in die woorde vervat *tensy die sinode anders besluit*, vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik 'n gemeenregtelike regspersoon in die lewe te roep om regshandelinge aan te gaan en gemeenskaplike eiendomme te beheer en wel die permanente gemeenskaplike kerkkantoor;

3. 'n sinodale gemeenskaplike kerkkantoorkommissie te benoem, wat belas word met die hantering en uitvoering van die funksies van die gemeenregtelike regspersoon;
4. die sinodale finansiële kommissie te skrap (kyk *Nuwe Bewoording*, pt. 5.2 hieropvolgende);
5. die sinodale gemeenskaplike kerkkantoorkommissie soos volg saam te stel:
5.1 die direkteur, administrateur, rekenmeester van die kerkkantoorpersoneel;
5.2 drie (3) ouderlingafgevaardigdes na die sinode wat finansiële en bestuursdeskundiges moet wees (kyk pt. 4 hierbo);
5.3 'n lid van die sinodale kommissie van Kerkregtelike Sake, deur die KKS uit sy geledere aangewys, wat as kerkregkundige adviseur optree met keurstem;
5.4 die rektor van die (deur die Onderwyswet geregistreerde), selfstandige Afrikaanse Protestantse Akademie as skakelpersoon tussen die Akademie en die subsidiërende sinode met keurstem;
6. alle regte, bevoegdhede, die bates, onroerend en roerend, wat op naam van die RKA geregistreer is, verkry is en beheer word en die doelstellings soos in die Konstitusie van die RKA vervat, asook die bevoegdhede, pligte, personeel, soos in die Reglement van die BRKA vervat, oor te dra op naam van die Gemeenskaplike Kerkkantoor van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband wat 'n permanente gevestigde instansie is en dus aan die vereiste van permanensie voldoen;
7. sy besluit soos in pte. 2 en 3 hierbo vervat op te dra aan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie om in samewerking met die Kommissie vir Kerkregtelike Sake met volmag dadelik na afloop van die sinode alles wat in die besluit vervat is en daaruit voortvloei af te handel en in werking te stel en met volmag aan die KKS om volgens pt. J5 van sy lasgewing 'n regsadviseur te raadpleeg indien nodig;
8. Volgens pt. 4 nie 'n konstitusie of reglement vir die Gemeenskaplike Kerkkantoor as regspersoon en die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie op te stel nie, maar *'n Lasgewing*, deur die Sinodale Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie, in oorleg met die KKS.

### 3.6.3 Motivering

1. Alle Afrikaanse Protestantse kerke in sinodale verband is die samestellende lede van die RKA (Konstitusie 5.7.1). **Omdat elke sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes die ledevergadering van die RKA vorm, word 'n ledevergadering van die RKA gekonstitueer op 'n gekose tydstip gedurende die sinodesitting (5.7.2). Dit beteken dat die RKA net kan konstitueer wanneer 'n sinode in sitting is, want die sinodale afgevaardigdes vorm sy ledevergadering. Die RKA kan nie anders selfstandig konstitueer nie en geen buitengewone vergadering hou nie, behalwe as die sinode 'n buitengewone vergadering hou.** Die RKA se regte en bevoegdhede is vervat in sy Konstitusie, wat deur die sinode goedgekeur is en die duur van sy bestaan is afhanklik van 'n sinodale besluit (5.9)
2. Die RKA het ontstaan vanuit die behoefte van die sinode, wat 'n tydelike vergadering is, dog funksies namens die plaaslike kerke in kerkverband moet vervul, aan 'n gemeenregtelike regspersoon vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik.
3. Die sinode word egter nie anders gekonstitueer as deur die afgevaardigdes van al die plaaslike kerke in die kerkverband nie, dit is dieselfde afgevaardigdes wat die ledevergadering van die RKA konstitueer. Die afgevaardigdes na die sinode kom uit al die plaaslike kerke in kerkverband, wat die samestellende lede van die RKA is. Dit gaan in die sinode om die plaaslike kerke om wie dit vir die RKA ook gaan.
4. Die sinode, wat die RKA opgerig het en weer kan ontbind, het die reg en bevoegdheid om te enige tyd deur sy afgevaardigdes die RKA, as die gemeenregtelike regspersoon, te ontbind en 'n ander gemeenskaplike regspersoon in die lewe te roep.
5. Prof. Gerrit Pienaar in *Die regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* stel die volgende in verband met *'n gemeenregtelike regspersoon*: **Plaaslike kerke kan gesamentlik 'n gemeenregtelike regspersoon in die lewe roep om regshandelinge aan te gaan en gemeenskaplike kerkeiendomme te beheer**. Die plaaslike kerke as regspersone (personae) is dan die lede van hierdie beheerregspersoon. Daar kom geen oorkoepelende liggaam tot stand wat gesag voer oor die plaaslike kerke nie, maar weens praktiese oorwegings **ontstaan hier 'n regsfiguur onder gesag van die plaaslike kerke** wat gemeenskaplike eiendom beheer en gemeenskaplike regte en verpligtinge uitoefen. Hierdie beheersregpersoon word nie vereenselwig met die sinode, kerkverband of 'n meerdere vergadering nie. **Dit oefen derhalwe nie gesag oor die plaaslike kerke**

**uit nie, maar word juis deur die plaaslike kerke opgerig en beheer**. Die doel van so 'n beheerregspersoon is dan ook net om as eienaar van gemeenskaplike kerkeiendomme op te tree en gemeenskaplike regshandelinge uit te voer. **By meerdere vergaderings waar die betrokke plaaslike kerke (wat lede van die beheerregspersoon vorm) byeenkom, word dan besluite geneem rakende die gemeenskaplike belange van die selfstandige kerke, welke besluite deur die beheerregspersoon uitgevoer moet word ...** Myns insiens is gesamentlike regshandeling betreffende gemeenskaplike kerkeiendom, publikasies, teologiese studie, ensovoorts, beslis kerklike sake (kursiveringe deur die insender van die beskrywingspunt).

6. Behalwe die probleem onder pt. 1 genoem in verband met die konstituering van die RKA, **is dit ook so dat die RKA prakties net funksioneer wanneer die sinode in sitting is en alle funksies werklik deur die BRKA, die bestuur van die RKA, uitgeoefen word met besondere sterk selfstandige bevoegdhede en regte.** Die funksionering van die RKA is tydsgebonde en beperk. Dit ontvang 'n permanensie vanuit die feit dat die plaaslike kerke in sinodale verband, wat sy samestellende lede is, permanent bestaan. Eweso sal, volgens prof. Pienaar (pt. 5), enige ander liggaam wat opgerig word met die plaaslike kerke as samestellende lede, vanuit hul permanente bestaan, permanensie ontvang. Al is die sinode 'n tydelike vergadering, sê prof. Pienaar dat *by meerdere vergaderings* (in hierdie geval die sinode – invoeging deur die insender van die beskrywingspunt), *waar die betrokke plaaslike kerke* (wat lede van die beheerregspersoon vorm) *byeenkom, word dan besluite geneem rakende die gemeenskaplike belange van die selfstandige kerke, welke besluite deur die beheerregspersoon uitgevoer moet word.* Myns insiens is gesamentlike regshandelinge betreffende gemeenskaplike kerkeiendom, publikasies, teologiese studie, ensovoorts beslis kerklike sake. ***Die sinode, waar die plaaslike kerke wat lede van die beheerregspersoon vorm, byeenkom, neem besluite van gemeenskaplike belang, wat die beheerregspersoon moet uitvoer. Die sinode stel 'n begroting op vir al sy werksaamhede deur sy permanente kommissies én die RKA (BRKA), wat laasgenoemde moet administreer. Die sinode neem ook ander besluite, wat die BRKA namens die RKA uitvoer, Die sinode sal steeds besluite neem, wat die beheerregspersoon moet uitvoer ongeag wie dit is.***

7. Die sinode is tydelik, maar die samestellende plaaslike kerke is elkeen permanent. Dit is steeds die sinode wat die gemeenregtelike regspersoon in die lewe roep. Hy handel namens die samestellende plaaslike kerke, wat permanent is. Elke kommissie (deputaatskap), wat die sinode benoem, ontvang sy opdragte ook van die sinode in die belang van die plaaslike kerke. Dit dien uiteindelik al die gemeenskaplike belange van al die plaaslike kerke. ***Dit blyk 'n heel kunsmatige greep te wees om te redeneer dat 'n RKA, wat net kan funksioneer wanneer 'n sinode funksioneer, 'n beter gemeenregtelike regspersoon kan wees as byvoorbeeld die Gemeenskaplike Kerkkantoor wat ook die opdragte van 'n sinode uitvoer,*** 'n sinode waar al die plaaslike kerke teenwoordig is deur die afgevaardigdes van die kerkrade. Dit doen niks af aan die feit dat 'n sinode saamgestel word deur die afgevaardigdes van kerkrade, sonder dat gemeentes daarin 'n sê het nie. Sonder 'n gemeente is daar nie 'n kerkraad, wat kan afvaardig nie. Buitendien bepaal die Kerkorde, art. 38.1: Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: *Uit elke kerk (gemeente)* ... en dan word verstaan dat dit die kerkrade is wat afvaardig.

8. Die groot vraag is hoe omvangryk die gemeenregtelike regspersoon kan wees en hoe verteenwoordigend? Indien gelet word op die bevoegdhede en pligte van die BRKA, moet toegegee word dat die BRKA met nege lede kragtens sy reglement geheel selfstandig kan optree en blykbaar net verantwoording aan die RKA hoef te doen oor die uitvoering van sy pligte. So figureer die BRKA eintlik as die regspersoon, sonder om die RKA te raadpleeg. Buitendien kies die RKA, as die gemeenregtelike regsperoon en as die ledevergadering van sy lede, die plaaslike kerke in kerkverband, net vyf van die nege lede van die BRKA, terwyl die ander vier lede deur vier sinodale kommissies selfstandig, uit eie geledere, benoem word, sonder dat die RKA enige seggenskap of vetoreg daaromtrent het. Hierdie kommissies se lewensduur is van sinode tot sinode, sodat hulle lede eintlik tydelik werksaam is.

9. Daar dien ook op gewys te word dat die eerste sinode die Kuratorium, 'n sinodale kommissie, as sy regspersoon benoem het en dat met die benoeming van die RKA die sinode nêrens en nooit besluit het dat die Kuratorium nie meer regspersoon is nie. Met die benoeming van die RKA is nie besluit dat die RKA die Kuratorium vervang of veronderstel is om te vervang nie.

10. ***Dit is ook baie moontlik (en het reeds gebeur) dat die sinode en die RKA botsende besluite kan neem as selfstandige vergaderings, wat verreikende gevolge kan hê en wat die bestaan van die RKA in die gedrang kan bring.*** Eweso kan die selfstandige optrede van die BRKA, wat in elk geval gebind is deur die Kerkorde, botsend wees met die lasgewings en belange van sinodale kommissies. Indien die Gesamentlike Kerkkantoor tot die gemeenregtelike regsperoon in die lewe geroep word vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik word alle belangebotsings uitgesluit met een besluitnemende liggaam, naamlik die sinode.
11. Die sinode moet, vanweë tekort aan inkomste baie suinig begroot en dan versoek die Finansiële Kommissie boonop nog dat elke kommissie 'n bepaalde persentasie moet bespaar. Tans is daar die ekstra uitgawe vir die BRKA ten opsigte van sy werksaamhede. 'n Noemenswaardige besparing aan fondse kan met die ontbinding van die RKA ten aansien van 'n gedeelte van die uitgawe van die BRKA bespaar word.
12. By elke sinodale vergadering is die sakelys vermeng met dié van die RKA en moet telkens óf die sinode óf die RKA tussenin herkonstitueer word, wat uiters steurend en verwarrend is en dit het reeds meermale gebeur dat selfs 'n voorsitter hierdie voortdurende herkonstituering per abuis nagelaat het by die volle besef dat dit vir geen voorsitter 'n gemaklike taak is om 'n sinode te lei nie en dan nog rekening te hou met twee vergaderings nie.
13. Enige beswaar teen byvoorbeeld 'n permanente sinodale kommissie as sou dit nie voortbestaan nadat 'n volgende sinode gekonstitueer het nie, word ondervang deur die feit dat as die Gemeenskaplike Kerkkantoor as regspersoon benoem word, daar geen probleem kan wees nie, want die Gemeenskaplike Kerkkantoor is 'n permanente instansie.
14. Die skrapping van die Sinodale Finansiële Kommissie met vervanging deur 'n Sinodale Gemeenskaplike Kerkkantoor sal die duplisering van funksies deur die BRKA en die FK uitskakel met groot kostebesparing vir die sinode.
15. Die moontlike koste-aspek van die skep van 'n nuwe regspersoon en registrasie van die eiendomme op die naam van 'n nuwe regspersoon sal volgens inligting deur 'n kundige prokureur tussen R800 – R1000 bedra.

**3.7 Die prosedure by appèlsake by 'n ring en die sinode is terugverwys na die KKS (*Handelinge 1999*, bl. 508, 6).**

Die volgende is deur die KKS voorberei:

**Hantering van appélle deur ring en sinode, in aansluiting by kerkorde bepalings 31A.1 tot 31B.6, EN 58A.1 tot 58E**

**3.7.1 Kommissie verantwoordelik vir die vooraf-ondersoek en –evaluering**

**3.7.1.1** In geval van 'n appèl na die ring, neem die ring 'n besluit dat die ringskommissie die appèl sal hanteer met die oog op verslag aan die ring;

**3.7.1.2** In geval van appèl na die sinode, maak die lasgewing van die KKS reeds die nodige voorsiening.

**3.7.2 Indiening**

**3.7.2.1** Naas die vereiste van kennisgewing binne 21 dae nadat die notule goedgekeur is wat die besluit bevat waarteen geappèlleer word, moet in geval van 'n appèl na die ring, die appèlskrif sowel as die verweerskrif die ringskriba nie later bereik as 30 dae voor die ringsitting waarop die appèl behandel sal word nie;

**3.7.2.2** In geval van 'n appèl na die sinode, moet die appèlskrif die skriba van die KKS, en die skriba van die betrokke ring bereik nie later as die sluitingsdatum vir die indiening van beskrywingspunte na die sinode nie. Die verweerskrif deur die ring moet die skriba van die KKS bereik nie later as 30 dae na die sluitingsdatum vir beskrywingspunte nie.

**3.7.2.3** Die appèlskrif moet volledig wees met alle dokumentasie wat daarop betrekking het vir die behandeling deur die ring of sinode, soos die geval mag wees. Die appellant voorsien slegs die appèlskrif aan die skriba van die vergadering wat die verweer moet doen.

**3.7.3 Koste-aspek**

**3.7.3.1** Met die erkenning van ontvangs van die appèlskrif deur die ringskriba en skriba van die KKS, word die appellant gewys op die inhoud van bylae 4 in die Kerkordeboekie, wat handel oor die hantering van die koste-aspek deur die betrokke vergadering.

**3.7.3.2** Indien die appellant hierteen beswaar het, moet die ringskriba of skriba van die KKS, soos die geval mag wees, daarvan in kennis gestel word met redes sodat dit in die verslag aan die ring/sinode opgeneem kan word.

### 3.7.4 Voorlopige hantering en –evaluering

**3.7.4.1** 'n Appèl word op grond van die appèlskrif en gepaardgaande dokumentasie beoordeel en geëvalueer. Indien die betrokke vergadering, ring of sinode, so besluit, kan mondelinge getuienis gelewer word. Die kommissie wat die voorlopige ondersoek doen, kan te dien effekte 'n aanbeveling doen.

**3.7.4.2** Die kommissie wat die voorlopige ondersoek hanteer, voorsien die ring of sinode, soos die geval mag wees, van 'n verslag waarin 'n kort opsomming van die vernaamste gronde of redes vir die appèl vervat is, sowel as 'n aanbeveling rakende die formele vereistes van die Kerkorde en bepalings, en moontlike aanbevelings rakende die meriete van die appèl.

### 3.7.5 Optrede deur die ring of sinode

Die volgende moontlike besluit(e) kan geneem word:

**3.7.5.1** Die appèl in geheel of gedeeltelik handhaaf. In eersgenoemde geval word die betrokke besluit van die kerkvergadering in geheel ter syde gestel. In laasgenoemde geval word 'n aanbeveling vir 'n wysiging aan die betrokke kerkvergadering gestuur.

**3.7.5.2** Die appèl word as nie-ontvanklik verklaar wanneer daar nie aan formele vereistes beantwoord is nie.

**3.7.5.3** Die appèl kan terugverwys word na die betrokke kerkvergadering om die saak van nuuts af te hanteer wanneer daar wesenlike onreëlmatighede plaasgevind het tydens die vergadering wat die appèl aanvanklik hanteer het.

**3.7.5.4** Die appèl word in geheel afgewys, wat die besluit van die kerkvergadering in geheel bekragtig.

**3.7.5.5** Die bevinding en besluit van die vergadering wat die appèl hanteer het, word aan beide die appellant en die betrokke kerkvergadering skriftelik gekommunikeer.

Bogemelde word voorgelê vir oorweging, wysiging en aanvulling indien nodig geag.

## 4. SAKE OP VERSOEK VAN DIE SKK

Op versoek van die SKK word die volgende voorlegging gedoen oor die bywoning van begrafnisse deur anderskleuriges:

### 4.1 Adviesnavrae

**4.1.1** Sentrale Kerkekommissie (SKK) gedateer 20 September 2000;
**4.1.2** Kerkraad van AP Kerk Johannesburg gedateer 18 Januarie 2001.

### 4.2 Bestaande besluite

**4.2.1** Die bestaande sinodebesluite verskyn volledig in die Kerkordeboekie 2000, punt 5 op bladsy 136 tot 137.

**4.2.2** Beide die bogemelde aanvrae om advies versoek 'n interpretasie van die bestaande besluite in verhouding tot die Kerkorde en bepalings en verdere beleid van die AP kerke in kerkverband. Die SKK vra vir 'n voorlegging aan die eersvolgende sinode.

### 4.3 Bestaande besluite in die lig van die Kerkorde en bepalings

**4.3.1 1987-Besluit** (By sinodes 1988 en 1990 gehandhaaf):

**4.3.1.1** Die besluit verbind die afkeuring van die bywoning van begrafnisse deur anderskleuriges aan die vereiste dat dit nie 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak nie. Die implikasie van hierdie deel van die besluit is dat as dit so hanteer kan word dat dit nie 'n steuring veroorsaak nie, dit wel deur die ouderlingeraad toegelaat kan word. Let wel dat die ouderlingeraad as die liggaam wat 'n regeerfunksie met betrekking tot orde en vrede in die gemeente het, oor hierdie saak moet beslis. 'n Verdere implikasie is dat lidmate hulle by die beslissing en hantering van die saak deur die ouderlingeraad moet neerlê, slegs op kerkordelike wyse daarteen kan reageer, (KO art. 31), en aan optrede van vermaning en selfs verdere tug blootgestel is, indien 'n lidmaat of lidmate, weens misnoeë met die ouderlingeraad se hantering, steurings in die gemeente veroorsaak.

**4.3.1.2** Die besluit sê verder dit moet *dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede.* Dit is veral hierdie deel van die besluit wat tot misverstande aanleiding gee en soos voorgekom het, juis aanleiding gegee het tot steurings in gemeentes. Die ernstige misverstand is dat hierdie woorde as 'n besondere uitsonderingsgeval, die besluitnemingsbevoegdheid van die ouderlingeraad opskort en dit plaas in die hande van die gemeente, en wel by 'n sogenaamde *gemeentevergadering.* Daar is myns insiens al genoegsaam by sinodes en deur adviese van die KKS aangedui dat 'n *gemeentevergadering* wat stemreg uitbrei na gemeentelede, behalwe in gevalle waarvoor die Kerkorde en bepalings spesifiek voorsiening maak, in stryd is met die Heilige Skrif soos dit neerslag vind in die Gereformeerde kerkregering, dat dit 'n mosie van wantroue beteken in die ouderlingeraad/kerkraad wat deur die gemeente verkies is vir die kerkregering, en dat dit juis tot ernstige verdeeldheid en onrus in die gemeente lei. Hierdie woorde in die 1987-besluit kan nie anders verstaan word as binne die bestaande Kerkorde en bepalings nie, waarvolgens die gemeentelede nie 'n spesiale uitsonderingstemreg met betrekking tot hierdie saak het nie, maar dat slegs die ouderlingeraad daaroor beslis.

**4.3.1.3** Soos die huidige besluit lui: ... *moet dus eenparig aanvaar word deur gemeentelede* is dit in stryd met die KO art. 21, bep. 34D en Ordereël 19. Dit kon nooit die bedoeling van die sinode gewees het om of die ouderlingeraad/kerkraad se besluitnemingsbevoegdheid in hierdie geval op te skort, of om Ordereël 19 op te skort vir hierdie spesifieke geval nie. Soos die besluit lui beteken dit dat die afkeuring eenparig aanvaar moet word met die implikasie dat as dit nie eenparig afgekeur word nie, dit toegelaat word. Wanneer daar dus 'n poging aangewend word om die bedoeling en trefkrag uit die besluit self af te lei, kom 'n mens te staan voor die probleem dat die besluit vir misverstand vatbaar is en deur verskillende mense verskillend vertolk kan word.

**4.3.1.4** Die KKS het deurgaans die besluit probeer vertolk volgens die bedoeling en gees van KO bepaling 34D, nl. dat die ouderlingeraad kragtens sy opdrag (KO art. 2.1), die saak met die nodige omsigtigheid sal hanteer ten einde orde en vrede in die gemeente te handhaaf en ook met die vereiste deernis, oorleg en welwillendheid, en na die eis van omstandighede die betrokke familie se versoeke sal hanteer. Wat vir almal duidelik behoort te wees, is dat die sinode nie 'n absolute verbod beoog het, of vir sommige 'n geleentheid wou bied om 'n drukgroep in die gemeente te vorm, of die gemeente en kerkverband in enige opsig wou blootstel aan die vyandigheid van of mense of vyandige media nie. Terwyl die KKS in hierdie gees en bedoeling die besluit probeer hanteer het, het dit ook duidelik geblyk dat die besluit mank gaan aan duidelikheid en nie die werklike eise van omstandighede ontmoet nie.

**4.3.2 Die 1989 besluit:**

**4.3.2.1** Die 1989 sinode het met betrekking tot hierdie saak beleidsbesluite geneem, nl. dat lidmaatskap gehandhaaf bly soos in die Kerkorde neergelê, dat die eenheid in Christus nie te demonstreer is in gesamentlike byeenkomste met ander volke nie, en dat politieke motiewe vir integrasie buite orde is. Hiermee het die sinode beleid neergelê in lyn met die amptelike publikasie: *Skriflig op Kerk en Volk.*

**4.3.2.2** Hierdie besluite saamgelees met die 1987 besluit het belangrike riglyne neergelê vir die omsigtige en weloorweë optrede van ouderlingerade.

**4.4 Gebeure wat die praktyk beïnvloed**

**4.4.1** Sedert die 1987- en 1989-besluite geneem is en herbevestig is by die 1990 sinode, het dramatiese veranderinge in ons vaderland plaasgevind. Genoegsaam om te verwys na 'n nuwe Grondwet met sy Menseregte-akte, voortvloeiende wetgewing wat meegebring het dat die kerklike praktyk met omsigtigheid, wysheid en oorleg beoefen moet word ten einde 'n sterk en suiwer getuienis vir die waarheid van Gods Woord te lewer, en die feit dat die kerk van Christus tans in 'n heidense samelewing sy getuienis vir Christus moet lewer. Die woorde van die apostel Petrus in 1 Petrus 2 vers 12 het vir die AP kerke in kerkverband van besondere belang geword, nl. ... *hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.*

**4.4.2** Die vyandige lewensomgewing waarin ons as kerk ons Skrifgebonde beleid moet uitlewe, het nie en gaan nie minder vyandig word nie, eerder meer. Dit is ook elke ouderlingeraad, kerkaad, ring en sinode se roeping om die gemeente as liggaam van Christus te beskerm in lyn met Skrifuitsprake soos 1 Petrus 2 verse 11-17, Romeine 13 verse 1-7 en Hd 5 vers 29. In paragrawe 234 en 290 van *Skriflig op Kerk en Volk*, word die verhouding tot die owerheid en wetgewing uitvoerig behandel.

**4.4.3** In die praktyk het en sal gevalle voorkom waar naasbestaandes versoek, of waar amptelike werksverhoudings dit vereis, dat andervolkige persone die geleentheid gegun word om ook 'n laaste eer te bewys en meermale om goeie verhoudinge wat oor jare ontwikkel het, te eerbiedig, deur bywoning van die begrafnisdiens, en/of teraardebestelling. Toestemming hiertoe, wyse hantering deur ouderlingerade en ampsdraers, juis ook deur nie aan vyandiggesindes 'n geleentheid of rede te gee om die AP Kerk skade te berokken nie, is myns insiens volledig in lyn daarmee dat mense *op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.* Ervaring het reeds bewys dat waar daar met omsigtigheid, deernis en met handhawing van ons Skrifgebonde beleid opgetree word, die respek van mense afgedwing word.

**4.4.4** Na twee kante moet gewaak word teen politieke ondertone wat die kerk van Christus vir eie gewin wil aanwend. Aan die een kant teen pogings van eenheidsdemonstrasies of skepping van geleenthede vir vyandige media-dekking, en aan die ander kant teen persone wat die kerk gebruik om te toon dat 'n beleid teen die regering voorgestaan word.

**4.5 AANBEVELING AAN EERSVOLGENDE SINODE**

**4.5.1 Die sinode besluit**

**4.5.1.1 dat die beleidsuitsprake van 1989 herbevestig word;**

**4.5.1.2 dat die besluit van 1987 herroep word en vervang word met die volgende besluit:**

**4.5.1.2.1 dat wanneer versoeke van lidmate vir die bywoning van begrafnisse deur andervolkiges ontvang word, kerkrade/ouderlingerade versoek word om met groot omsigtigheid op te tree;**

**4.5.1.2.2 dat, waar nodig geag lidmate ingelig word omtrent die AP kerke se beleid, ook dat 'n begrafnisdiens nie 'n erediens is nie, maar 'n geleentheidsdiens met die oog op vertroosting en 'n Christelike begrafnis op versoek van lidmate as naasbestaandes, en dat sodanige bywoning geensins lidmaatskap of enige ander aspek van die AP kerke se beleid verander nie.**

## 5. APPÈLLE

### 5.1 AP Kerk Ventersdorp

Die inligting sal mondelings oorgedra word by die sinode.

## 6. BESKRYWINGSPUNTE

### 6.1 Ring van Derby: Uitbreiding van Artikel 10.3

**6.1.1** Die sinode besluit om Artikel 10.3 soos volg uit te brei:

Huidige redaksie:

Die sinode stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, *Colloquium Doctum* en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp

van bedienaar van die Woord beklee het en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander kerke het en lidmaatskap in 'n AP kerk wil verkry, behartig.

Voorgestelde redaksie

Die sinode stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, *Colloquium Doctum en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander kerke het en lidmaatskap in 'n AP kerk wil verkry, behartig.* ***Die Kuratorium moet ook toesien dat die bepalings van die legitimasie-akte deur alle leraars uitgevoer word en heroorweeg die status van leraars wat die legitimasie-akte verbreek.***

**6.1.2 Motivering**

Die legitimasie-akte het 2 pilare, nl. die suiwere leer en die onderwerping aan die kerklike tug en albei is noodsaaklik vir die gesonde funksionering van die leraarsamp in die kerkverband.

**6.1.3 AANBEVELINGS**
**6.1.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik**
**6.1.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.1.4 Motivering**

1. Volgens art. 10.3 van die Kerkorde het die Kuratorium as kommissie van die sinode net die bevoegdheid tot legitimasie en verlening van predikantstatus en beroepbaarstelling, vgl. ook art. 17.3 en die oordeel oor behoud van status volgens art. 19.6 indien geen beroep binne die eerste ses maande nadat die band losgemaak is, ontvang is nie;

2. die Kuratorium het geen tugreg nie en kan hoogstens volgens art. 56.5 as klaer optree in die geval van teologiese dosente, wat Gereformeerd kerkregtelik korrek is as synde 'n kommissie;

3. 'n predikant kan sy status verbeur kragtens art. 17.1, art. 17.4, art. 19.3 (gelees met arts. 19.1 en 19.2), art. 57.4.3 (as gevolg van art. 56.3). Indien 'n predikant 'n daad sou pleeg waardeur hy sy legitimasie-akte sou verbreek, is dit die roeping van sy ouderlingeraad en verder die ring wat op grond van 'n klag (bep. 53A) 'n tugondersoek hou (art. 53.4; art. 56.2.1; bep. 53C) en indien skuldigbevinding plaasvind die toepassing van 'n tugmaatreël, wat art. 57.4.3 kan wees van *afsetting uit die diens* met nietigverklaring van die legitimasie-akte. Hierdie prosedure lê buite die bevoegdheid van 'n Kuratorium wat net 'n kommissie is;

4. die motivering vir die beskrywingspunt bevestig die gemelde motiverings wat die verbreking van die legitimasie-akte verbind aan *die onderwerping aan kerklike tug;*

5. ouderlingerade en ringe, wat albei klagreg het, moet met groot waaksaamheid let op optredes van predikante wat hulle legitimasie-akte verbreek en handel.

**6.2 Ring van Moot-Sentraal: Wysiging van Artikel 10.3**

**6.2.1** Die sinode besluit om art. 10.3 te wysig met die volgende aanvulling:

Art. 10.3 lees soos volg: Die sinode stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding *Colloquium Doctum* en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het, en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander kerke het, en lidmaatskap in 'n AP kerk wil verkry, behartig.

**Byvoeging**:
Predikante wat die sewende gebod oortree en geskei het, al is dit ook in vorige kerke waar hulle gedien het en aansoek doen vir predikantstatus, mag nie deur die Kuratorium oorweeg word as bedienaar van die Woord in die AP kerkverband nie.

### 6.2.2 Motivering

In die verlede en tot nou toe sien ons dat predikante ná stigting van die AP Kerk aansoek gedoen het en nog steeds aansoek doen om predikantstatus in die AP Kerk te verkry omdat hulle by hulle vorige kerke of in 'n staat van tug was of van hulle predikantstatus ontneem is as gevolg van egskeiding. Omdat hulle vorige kerkverband nie weer hulle status wil herstel nie, kom soek hierdie predikante werk by die AP Kerk.

Ons lees in 1 Tm 3:1-5: *Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige; geen geldgierige nie; een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?* Ons verwys ook na 1 Kor 10 waarin ons kan lees hoe ernstig die Skrif 'n egskeiding sien.

### 6.2.3 AANBEVELING

**Die sinode besluit**
**6.2.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.2.3.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

### 6.2.4 Motivering

1. Die byvoeging tot art. 10.3, soos voorgestel, plaas 'n totale verbod op die Kuratorium om selfs 'n dusdanige aansoek te oorweeg, terwyl 'n sodanige verbod strydig is met art. 59.3.3 van die Kerkorde wat die reg aan die sinode gee om verlof tot herstel in die amp te gee, wat kragtens art. 10.3 deur die Kuratorium voor die sinode gebring moet word, saamgelees met art. 59.3.2;

2. die eerste gedeelte van die motivering bevat nie die waarheid nie en is derhalwe misleidend aangesien dit strydig is met die ervaring van agt Kuratoria en 'n aantal SKK's (wat vroeër ook aansoeke hanteer het) in die verband;

3. die gemelde bewering in die motivering werp 'n refleksie op die keuringswerk van Kuratorium en SKK's wat dusdanige aansoekers toegelaat het, aangesien

3.1 die bewering dat aansoeke vir predikantstatus oorweeg was van persone *wat in 'n staat van tug was* van alle waarheid ontbloot is;
3.2 dit nie waar van alle dusdanige aansoekers was dat hulle bloot werksoekers was nie, aangesien daar ook aansoekers was wat in die verband in hulle kerkverband tug ondergaan het en wat reeds in hulle kerkverband in die amp herstel was en wat uit oortuiging na die AP kerkverband oorgekom het en derhalwe nie as werksoekers *by die AP Kerk* bestempel kan word nie en dié bewering meteen ook die eerbaarheid van dusdanige predikante onder verdenking plaas;
3.3 Kuratoria nog altyd die wysheid ontvang het om *werksoekers* te identifiseer en af te keur;
3.4 geen enkele aansoeker, wat nie meer predikantstatus gehad het nie, vanweë die ses maande beletsel deur die Kuratorium in die amp herstel kon word nie, aangesien die beletsel vereis dat dusdanige aansoeker ses maande lidmaatskap in 'n AP kerk moet hê aleer die aansoek hoegenaamd hanteer word en dat die aansoek ondersteun moet word deur 'n getuigskrif van die kerkraad/ouderlingeraad en sover moontlik ook deur die ring;
3.5 dit ook 'n feit is dat die Kuratoria en vroeër ook die SKK's, vele aansoeke afgekeur het om grondige redes en ander na etlike jare eers toegelaat is nadat die erns en volharding van die aansoekers beproef en getoets is;

4. in verband met die verwysing na 1 Tm 3:1-5 verklaar prof. EP Groenewald in *Die Pastorale Briewe* (1977 NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad): *In sekere kringe, veral van Roomse kant, word aangevoer dat die ampsdraer aan hoër sedelike norme moet voldoen as die gewone lidmaat van die gemeente. Dit is egter 'n onjuiste afleiding uit hierdie voorskrifte van die apostel. Dit val juis op dat die eise wat hy stel, niks anders is nie as*

*dié waaraan 'n fatsoenlike mens in die samelewing, en met name die Christen, moet voldoen. Hy stel hierdie eise ten opsigte van die opsiener, nie om te wil sê dat hy 'n beter mens as sy medegelowige moet wees nie, maar op die uiterste noodsaaklikheid dat die voorganger in die gemeente se gedrag onberispelik moet wees ...*, bl. 42.

5. In die motivering word veral klem gelê op *die man van één vrou.* Prof. Groenewald verklaar: *oor die betekenis van hierdie uitdrukking bestaan daar verskil van mening ...* Hy verwys dan na die destydse heidense samelewing waar owerspel en egskeiding normaal was. *Teen hierdie verval van die huwelik het Paulus in sy briewe hom sterk uitgespreek ... . ... die man van een vrou* wees. *Daarmee kan bedoel word dat die opsiener nie 'n tweede huwelik mag aangaan nie. As hy 'n wewenaar of geskeidene is, moet hy so bly ... Tog blyk dit dat Paulus uit ander uitsprake nie 'n tweede huwelik afgekeur het nie, maar dit vir die weduwees juis aanbeveel het (1 Kor 7:39; 1 Tm 4:14). En aangesien hy vir die weduwee seker nie 'n ander reël sou wou maak as vir die wewenaar nie, moet ons aanvaar dat hy ook die man toegelaat het om 'n tweede huwelik aan te gaan. Daarom is dit beter om die bedoeling van die apostel ruimer te verstaan. Hy wil sê dat die opsiener 'n man moet wees wat aan sy vrou getrou moet wees ... maar getrou bly aan die vrou met wie hy getroud is, of dit nou sy eerste vrou is of die vrou in 'n tweede huwelik.*

6. Die *opsiener* in 1 Tm 3:2 is sinoniem met *ouderling*, vgl. Hd 20:28; Tt 1:5, 7; Flp 1:1. Die vereistes in 1 Tm 3:1-7 gestel, is vir die ouderling of opsiener, dit is die ouderling soos ons die amp ken. Vanuit 1 Tm 5:17 kan dit dan ook op die lerende ouderling van toepassing wees. Prof. Groenewald verklaar dit dan juis as bedoelende die ouderling of opsiener. Die Gereformeerde kerkreg leer dan ook dat die drie besondere ampte gelykwaardig is en net in opdrag onderskei word, vgl. Kerkorde art. 7. Om die voorgestelde byvoeging dus net op die lerende ouderling (predikant) van toepassing te maak en nie ook op die regerende ouderling nie, vind nie grond in 1 Tm 3:1-5 nie.

7. Dit is duidelik uit art. 59.3.3 van die Kerkorde dat alhoewel *owerspel* (*egskeiding* word nie genoem soos in die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk) hier pertinent genoem word saam met onsedelikheid, meineed, diefstal en *wat verder deur die sinode as sodanige beskou mag word,* dit nie deur die sinode of ander Gereformeerde sinodes as 'n onvergeeflike sonde geag word en wat 'n berouvolle, belydende *ampsdraer,* (soos enige lidmaat) totaal uitskakel om selfs *by hoë uitsondering* herstel te mag word nie.

### 6.3 Ring van Naboomspruit: Leraars slegs op een sinodale kommissie

**6.3.1** Die sinode besluit
dat dit onwenslik is vir enige leraar om op meer as een permanente sinodale kommissie te dien en dat meer ouderlinge benoem sal word, ten minste om die helfte.

**6.3.2 Motivering**

Toenemende hiërargie-vorming deur leraars wat nooit wissel in permanente sinodale kommissies nie, moet in belang van die AP kerkverband teengegaan word.

**6.3.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.3.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.3.3.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.3.4 Motivering**

1. Dit is geen beginsel in die Gereformeerde kerkreg, wat reeds vanaf die sinode van Dordt 1618-1619 bewysbaar is, dat predikante en ouderlinge noodwendig op 'n 50%-basis in deputaatskappe verkies, benoem of aangewys word nie.

2. Dit is praktyk om waar dit om deputaatskappe gaan die mees kundige afgevaardigdes ter wille van die beswil van die kerke in kerkverband aan te wend, vandaar ook die gebruik van koöptering van bepaalde kundiges vanweë hulle kundigheid.

3. Daar is geen bewese bewyse van hiërargie-vorming deur predikante wat in die AP kerkverband in sinodale kommissies dien nie en die motivering is 'n onbewese veralgemening wat skadelike verdagmaking saai en 'n refleksie werp op die eerbaarheid van predikante en hulle toegewyde diens aan die kerkverband.

4. Die sinode het reeds die dien van predikante eensydig beperk tot twee kommissies, terwyl dit nie van toepassing op ouderlinge is nie.

5. By elke sinode vind daar 'n wisseling op die deputaatskappe plaas met inagneming van kontinuïteit en bepaalde kundigheid.

6. Die stelling *onwenslik* word soos onder pte. 3, 4, 5 aangetoon nie deur die motivering enigsins gekwalifiseer of gestaaf nie.

### 6.4 Ring van Naboomspruit: Bedienaars van die Woord en egskeidings

**6.4.1** Die sinode besluit
Dat sy ernstige kommer met betrekking tot die egskeidings van bedienaars van die Woord binne die AP kerkverband nou dringend konkrete beslag moet kry in besluite wat die voortgesette status van die betrokke leraars sal beëindig.

**6.4.2 Motivering**

Die morele siddering wat deur die AP kerkverband getrek het met betrekking tot twee leraars wat egskeidings aangegaan het vanaf 1999 tot 2000 en status behou het, verdien 'n besluit om 'n einde hieraan te maak. Dit bedoel om leraars staande in kerkverband nie status te laat behou nie.

**6.4.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.4.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.4.3.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie en word van kennis geneem.**

**6.4.4 Motivering**

Die beskrywingspunt vermeld *ernstige kommer* wat *nou dringend konkrete beslag moet ..... sal beëindig*, dog stel geen *modus operandi* voor nie, terwyl die Kerkorde reeds duidelik 'n werkswyse reël deur die reg van beklaging, 'n tugondersoek en tugmaatreëls wat gevolg moet word.

1. In die twee voorbeelde in die motivering gemeld, was in beide gevalle klagtes gelê, deur die ouderlingerade ondersoek en het die een geval verseker die prosedure van 'n gesamentlike ondersoek deur die ring en die ouderlingeraad (art. 56) met besluit oor 'n tugmaatreël gevolg.

2. Kyk verder motivering by die soortgelyke beskrywingspunt van die ring van Moot-Sentraal, punt 6.5.

### 6.5 Ring van Moot-Sentraal: Geskeide leraars moet onmiddellik hulle amp neerlê

**6.5.1** 'n Ampsdraer in die Afrikaanse Protestantse Kerk moet onmiddellik sy amp neerlê sodra hy geskei is.

**6.5.2 Motivering**

Hierdie beskrywingspunt het noodsaaklik geword omrede:
1. Ampsdraers in die Afrikaanse Protestantse Kerk voortgaan in hulle amp nadat hulle van hul vrouens geskei het.

2. Ouderlingerade nie die sewende gebod na behore toepas wanneer daar 'n egskeiding plaasvind nie en sodoende 'n ampsdraer toelaat om voort te gaan na 'n egskeiding.

3. Ouderlingerade nie deurgaans 'n egskeidingsgeval deurgee na die ring vir behoorlike ondersoek en afhandeling op kerkordelike wyse nie.

**6.5.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.5.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.5.3.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.5.4 Motivering**

1. Die beskrywingspunt verwys na *ampsdraer* wat beteken predikant, ouderling en diaken, maar volgens die motivering blyk dit net op die predikant te dui. Die drie besondere ampte is volgens die Gereformeerde kerkreg gelykwaardig, maar word net in opdrag onderskei, vgl. kerkorde art. 7, sodat as *ampsdraer* in die beskrywingspunt net die predikant bedoel, die drie ampte nie langer as gelykwaardig beskou word nie.

2. Die Afrikaanse Protestantse kerke is Gereformeerde kerke, wat volgens die Presbiteriale (Gereformeerde) stelsel van kerkregering ingerig en regeer word, wat duidelik vereis dat in die geval van dwaling in leer en/of lewe en wanneer dit gaan oor *tugwaardige sondes*, KO art. 52.1, móet aan die hand van *'n klag of gerug*, bep. 53C, gelees met bep. 53A, 'n ondersoek ingestel word (kyk art. 55 vir ouderlinge en diakens en art. 56 vir predikant ens.) met *'n regverdige geleentheid tot verweer*, vgl. ook arts. 53.1, 53.3 en 53.4. Indien substansie bevind is en skuldigbevinding volg, moet die ring oor die tugmaatreëls besluit, art. 57.3 vir kerkraadslede en art. 57.4 vir evangeliedienaars afhangend van verskeie faktore.

3. Geen sinode kan 'n besluit neem soos in die beskrywingspunt voorgestel met die negering van sy eie Kerkorde-artikels en –bepalings nie, sonder om willens en wetens homself hofsake op die hals te haal nie.

4. Die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband as Gereformeerde kerke *is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God*, waarvan die Tien Gebooie wesenlik deel is. Die Heidelbergse Kategismus leer in antwoord 93: in twee tafels (a) waarvan die eerste leer hoe ons ons teenoor God moet gedra; die ander, wat ons aan ons naaste verskuldig is; (b) Elke gebod van die tweede tafel is vir Gereformeerdes gelykwaardig en geeneen van hierdie ses gebooie kan belangriker en gewigtiger as die ander geag word nie. Daarom kan een gebod nie uitgesonder word as 'n *dwaling (of afdwaling) in lewe*, (arts. 54, 55, 56 en bep. 53A en ander van die Kerkorde) wat 'n ampsdraer summier uit die amp plaas, sonder 'n tugondersoek nie.

5. Alhoewel by egskeiding in die reël verklaar word dat beide partye skuld dra, is dit bewese in gevalle waar die ampsdraer die lydende party was en het eggenotes dit skriftelik erken en gepleit vir behoud van sy amp. Dit kan nie geïgnoreer word deur 'n sinodale besluit wat 'n tugondersoek verhinder en die reg van verweer teen 'n klag nie.

6. Dit is 'n onaanvaarbare veralgemening wat 'n refleksie op ouderlingerade werp om sonder meer te motiveer dat *ouderlingerade nie die sewende gebod na behore toepas wanneer daar 'n egskeiding plaasvind en sodoende 'n ampsdraer toelaat om voort te gaan na 'n egskeiding*, 'n aantyging waarteen ouderlingerade beswaar moet maak.

**6.6 Ring van Morgenzon: Byvoeging tot Kerkorde artikel 4**

**6.6.1** Die sinode besluit dat Kerkorde art. 4 soos volg uitgebrei word:

4.4 Indien 'n lidmaat graag lidmaatskap van 'n naburige gemeente wil verkry, moet beide ouderlingerade daaroor besluit en toestemming verleen. Beide ouderlingerade vergewis hulle eers of die saak onder die tugartikels behandel moet word. Indien beide ouderlingerade tevrede is met die aansoek, stuur die huidige ouderlingeraad die lidmaat se attestaat oor na die naburige gemeente. Die naburige gemeente se ouderlingeraad moet verantwoordelikheid aanvaar vir die kerklike bearbeiding, opsig en tug van die betrokke lidmaat.

4.5 Indien die persoon bedank het uit die vorige gemeente in wie se grense hy/sy woonagtig is, moet die ouderlingeraad waar hy/sy aansoek doen ook deur middel van 'n brief aan die vorige ouderlingeraad verantwoordelikheid aanvaar vir sy/haar kerklike bearbeiding, opsig en tug, nadat seker gemaak is dat die saak nie onder die tugartikels behandel moet word nie. Indien die saak onder die tugartikels hoort, moet beide ouderlingerade eers die saak bespreek.

**6.6.2 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.6.2.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.6.2.2 punt 4.4. van die beskrywingspunt word goedgekeur soos effe gewysig en lui soos volg:** ***4.4 Indien 'n lidmaat woonagtig binne die grense van een gemeente lidmaatskap in 'n naburige gemeente wil verkry en hierdie ouderlingeraad bereid is om sy/haar aansoek te oorweeg, moet die huidige ouderlingeraad daaroor besluit en toestemming verleen. Beide ouderlingerade moet hulle eers vergewis of die saak nie onder die tugartikels behandel moet word nie. Indien beide ouderlingerade die aansoek goedkeur, stuur die huidige ouderlingeraad die lidmaat se attestaat oor na die naburige ouderlingeraad.***

**6.6.3 Motivering**

1. Die gewysigde formulering stel in 4.4 die hantering van die aansoek duideliker;

2. die laaste sin van 4.4 val weg daar dit vanselfsprekend is dat die lidmaat onder die opsig van die ouderlingeraad is, waar hy/sy lidmaatskap verkry het.

3. Punt 4.5 van die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie. Indien 'n persoon lidmaatskap in 'n gemeente opgesê het, (*bedank* het) is so 'n persoon kerkloos, want 'n persoon is lidmaat van 'n gemeente (arts. 4 en 5) en nie van die kerkverband nie.

**6.7 Ring van Morgenzon: Wysiging van Kerkorde art. 31**

**6.7.1 Die sinode besluit dat Kerkorde Art. 31 soos volg gewysig word:**

**Huidige redaksie**

Artikel 31
Sake van Hoër beroep
(Vgl. ook Art. 58 en aanverwante bepalings)

31.1 Die besluit van 'n kerkvergadering is bindend.

31.2 Wanneer 'n belydende lidmaat of kerkvergadering egter veronreg voel deur 'n besluit of meen dat dit in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die kerkorde en/of 'n ander reeds genome besluit van 'n kerkvergadering, kan hy
31.2.1 'n beswaarskrif by dáárdie vergadering wat die betrokke besluit geneem het, indien;
31.2.2 of appelleer na die volgende meerdere vergadering.

31.3 'n Beswaarskrif kan oor enige besluit van enige kerkvergadering te eniger tyd ingedien word.
31.4 'n Beswaarskrif kan meermale aan dieselfde vergadering voorgelê word indien telkens bykomende of nuwe gronde voorgelê word.

Bepaling 31A

31A.1 beswaarskrif moet
- skriftelik wees;
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer;
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word;
- ingedien word by die ouderlingeraad/kerkraad as dit oor 'n besluit van voorgenoemde handel;

- of ingedien word by die ring/sinode as dit handel oor 'n besluit van voorgenoemde handel.

31A.2 Die betrokke kerkvergadering bepaal eers die ontvanklikheid al dan nie van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

31A.3 Nadat die beswaarskrif formeel in orde bevind is, volg die beoordeling daarvan.

Bepaling 31B

Appèl (Bep. 31.2.2) kan alleen aangeteken word binne 21 dae nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke ouderlingeraad, kerkraad of ringskommissie van die ring wat die besluit geneem het.

31B.1 'n appèlskrif moet

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen geappelleer word, woordeliks aanhaal;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar dit teenstrydig met die Skrif, belydenisskrifte, Kerkorde of 'n ander besluit van 'n kerkvergadering is;
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word;
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ouderlingeraad of kerkraad;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring.

31B.2 Die betrokke kerkvergadering bepaal eers die ontvanklikheid al dan nie van die appèlskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

31B.3 Nadat die appèlskrif formeel in orde bevind is volg die beoordeling daarvan.

31B.4 Wanneer 'n appèl teen 'n ouderlingeraad- of kerkraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad asook die appellant(e) van die vergadering uitgesluit word sonder stemreg.

31B.5 Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e) van die vergadering uitgesluit word sonder stemreg.

31B.6 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die ouderlingeraad, kerkraad of die ring wat die besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die ouderlingeraad, kerkraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

**6.7.2 Voorgestelde redaksie:**

**ARTIKEL 31**
**SAKE VAN HOËR BEROEP**
(Vgl. ook Art 58 en Bep 58A en 58B)
Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die kerkorde en/of 'n besluit van 'n kerkvergadering, kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

BEPALING 31A
**Beswaarskrif**

'n Beswaarskrif moet
* skriftelik wees;
* die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal;

* ingedien word by die ouderlingeraad/kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die ouderlingeraad/kerkraad;
* ingedien word by die ring/sinode as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring/sinode;
* duidelike gronde vir die beswaar aanvoer;
* betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

'n Beswaarskrif kan te enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke ouderlingeraad/kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is, alvorens dit beoordeel word.

BEPALING 31B

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n appèl aanhanging maak (vgl. Art 31). Dieselfde geld vir 'n ouderlingeraad/kerkraad/ring ten opsigte van 'n besluit van 'n meerdere vergadering.

BEPALING 31C

'n Appèlskrif moet (vlg. Art 31)
* skriftelik wees;
* die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
* ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
* ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring;
* aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif, ens., besluit is (vgl. Art 31);
* betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

BEPALING 31 D

Appèl moet binne 21 dae, nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, aangeteken word met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad, ouderlingeraad of ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad, ouderlingeraad of die ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die kerkraad, ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.
'n Appellant moet sy/haar kennisgewing van appèl, nie later as 30 dae voor die ringsitting nie, opvolg met 'n appèlskrif met opgaaf van redes by die betrokke meerdere vergadering. Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is, alvorens dit oorweeg word.

BEPALING 31E

Wanneer 'n appèl teen 'n kerkraadsbesluit of 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, word die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e), by die behandeling en besluit uit die vergadering verskoon.
Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, word die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e), by die behandeling en besluit uit die vergadering verskoon.

### 6.7.2 Motivering

1. Die verdeling van die artikel in soveel genumereerde onderverdelings bemoeilik die praktiese hantering soos ervaar word.

**6.7.4.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.7.4.2 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

### 6.8 Ring van Morgenzon: Wysiging van Bepaling 37I van die Kerkorde

**6.8.1** Die sinode besluit dat Bepaling 37.1 van die Kerkorde soos volg gewysig word:

**Huidige redaksie:**

Niemand mag, behalwe in die geval van 'n buitengewone ringsitting, by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie.

**Voorgestelde redaksie:**

Niemand mag, behalwe in die geval van 'n buitengewone ringsitting by drie agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie.

**6.8.2 Motivering**

Daar is steeds heelwat gemeentes wat nie 'n leraar het nie, en waar alle afgevaardigde ouderlinge nie bereid is om as voorsitter van die ring te dien nie. Dit skep probleme vir 'n ring waar dalk niemand anders is wat as 'n voorsitter kan of wil optree nie. Daarby is daar sekere persone (hetsy leraars of ouderlinge) wat baie goeie voorsitters is. Gee dan aan die *man wat die werk kan doen die geleentheid om dit te doen*, eerder as om 'n persoon te gebruik wat sukkel as voorsitter.

**6.8.3 AANBEVELINGS**

**Die sinode besluit**
**6.8.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.8.3.2 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.8.4 Motivering**

Dit is belangrik dat kerklike vergaderinge deur goeie leiding gedissiplineerd hulle funksies sal vervul.

### 6.9 Ring van Riversdal: Gesag van ringe

**6.9.1** Die sinode besluit om hom weer uit te spreek oor die gesag van ringe kragtens KO Art. 37 sodat die gesag van die plaaslike ring eerbiedig kan word en alle sake wat by die plaaslike kerk hoort terugverwys word na die plaaslike ouderlingeraad en ring en onder geen omstandighede deur die SKK of KKS in behandeling geneem word nie. Advies van bogenoemde kommissies aan lidmate of kerkvergaderings moet skriftelik deurgegee word en moet nie-voorskriftelik wees nie.

**6.9.2 Motivering**

1. Die plaaslike ring en/of ouderlingeraad het meer volledige insae in bepaalde sake.

2. Te veel lidmate wat advies by bogenoemde kommissies vra, gee nie volledige inligting deur nie of verswyg noodsaaklike inligting sodat die kommissie onvolledige of verkeerde advies gee en dit uiteindelik geweldige probleme in die plaaslike gemeente veroorsaak.

**6.9.3 AANBEVELINGS**
**6.9.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.9.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.9.4 Motivering**

1. Volgens die Gereformeerde kerkleer is die ring se gesag beperk en goed saamgevat in Art. 37 van ons Kerkorde.

2. Dit is die KKS se doel en funksie om te adviseer. Hierdie advies is nie voorskriftelik nie. Dit is die Kerkorde se artikels en bepalings wat voorskriftelik is.

3. Deur hierdie beskrywingspunt te aanvaar, word die rug gekeer op die Gereformeerde kerkleer en kerkreg.

4. Die veronderstelling dat die SKK en KKS hulle lasgewing sou oortree is nie gesubstansieer nie.

**6.10 Ring van Mooinooi: Wysiging van Kerkorde Art. 14**

**6.10.1** Die sinode besluit om artikel 14 soos volg te wysig:

**Ou redaksie:**

*14.1 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n erediens nadat die beroepene skriftelik die beroep aanvaar het en 'n akte van demissie van die kerkraad van die losmakende gemeente ingelewer is.*

Nuwe redaksie:

*14.1 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n erediens nadat die beroepene skriftelik die beroep aanvaar het en 'n akte van demissie van die ouderlingeraad van die losmakende gemeente ingelewer is.*

Die beginsel word regdeur Artikel 14 op die kerkraad toegepas.

**6.10.2 Motivering**

1. Net soos wat die ouderlingeraad, en nie die kerkraad nie, aansoeke om lidmaatskap goedkeur of lidmate wat met attestaat van 'n ander AP-gemeente oorkom in die gemeente opneem, net so is dit 'n beginsel dat die ouderlingeraad en nie die kerkraad nie, die demissie (attestaat) van 'n leraar sal ontvang en hom in die gemeente opneem.

2. Dit is tog net logies dat die vergadering wat tugbevoegdheid (ouderlingeraad) oor die leraar het ook sy lidmaatskap (demissie) sal hanteer.

3. Die goedkeuring van hierdie besluit sal beteken dat al die verwante artikels in die KO dienooreenkomstig hierdie beginsel gewysig moet word, d.i. art. 19 en 23.

**6.10.3 AANBEVELINGS**
**6.10.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.10.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.10.4 Motivering**

1. Die kerkraad beroep tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep is. Aangesien dit die kerkraad is wat beroep en nie die ouderlingeraad nie, sal dit die Kerkorde weerspreek indien hierdie artikel gewysig word.

**6.11 Ring van Morgenzon: Wysiging van Kerkorde art. 53**

**6.11.1** Die sinode besluit dat Kerkorde Art. 53 soos volg gewysig word:

**Huidige redaksie**:

*53.1 Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde.*

*53.2 In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Mt 18:15–20.*

*53.3 In die geval van openbare ergerlike sondes moet die betrokke kerkvergadering handel volgens die bepalinge van die Kerkorde.*

*53.4 Geen tugmaatreël mag toegepas word alvorens 'n klag grondig ondersoek is, die klaer volle geleentheid vir bewyslewering van sy klag gebied is en die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer gekry het nie.*

BEPALING 53A

'n Belydende lidmaat, 'n ampsdraer(s), wat nie onder sensuur is nie, 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad, 'n ring en 'n ringskommissie kan net by 'n ouderlingeraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat/lidmate of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit.

BEPALING 53B

By die kennisname deur 'n lid of lede van 'n kerkvergadering van 'n verspreidende nadelige gerug of gerugte aangaande diegene wat aan sy opsig en tug onderworpe is, vind 'n tugondersoek plaas.

BEPALING 53C

'n Kerkvergadering wat in die eerste instansie 'n klag of gerug hanteer, moet volgens die artikels en bepalinge van die Kerkorde optree, ondersoek instel, die aangeklaagde 'n regverdige geleentheid tot verweer bied en sy bevinding skriftelik formuler en oordra aan die klaer en aangeklaagde. Die betrokke kerkvergadering besluit verder oor die tugstappe indien van toepassing.

BEPALING 53D

Geen regspraktisyn of pleitbesorger kan namens enige party optree nie, met dien verstande dat die klaer getuienis kan inroep in belang van sy klag en die aangeklaagde getuienis mag voorlê en getuies mag roep in belang van sy verweer. Dieselfde geld vir die betrokke kerkvergadering.

**Voorgestelde redaksie**:

ARTIKEL 53

Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde. In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Mt 18:15-20. In die geval van openbare, ergerlike sondes moet die betrokke kerkvergadering handel volgens die bepalinge van die Kerkorde. Geen tugmaatreël mag toegepas word alvorens 'n klag grondig ondersoek is en die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer gekry het nie.

BEPALING 53A

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, 'n ampsdraer(s), ouderlingeraad, kerkraad, ring of ringskommissie in opdrag van die ring, moet by 'n ouderlingeraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit.

BEPALING 53B

By die kennisname deur 'n lid of lede van 'n kerkvergadering van 'n verspreidende nadelige gerug of gerugte aangaande diegene wat aan sy opsig en tug onderworpe is, vind 'n tugondersoek plaas.
BEPALING 53C

'n Kerklike vergadering wat in die eerste instansie 'n klag of gerug hanteer, moet volgens die artikels en bepalings van die Kerkorde optree, ondersoek instel, die aangeklaagde 'n regverdige geleentheid tot verweer bied en sy bevinding skriftelik formuleer en oordra aan die klaer en

aangeklaagde. Die betrokke kerkvergadering besluit verder oor die tugstappe indien van toepassing.

BEPALING 53D

Geen regspraktisyn of pleitbesorger mag namens enige party optree nie, met dien verstande dat die aangeklaagde getuienis mag voorlê en getuies mag roep in belang van sy verweer en die klaer ter stawing van sy klag. Dieselfde geld vir die betrokke kerklike vergadering.

**6.11.2 Motivering**:

1.1 Die verdeling van art.53 in genumereerde onderdele reglementeer dit onnodig, daar die artikel as 'n eenheid makliker verstaanbaar is.
1.2 By bep. 53 D word *kan* met *mag* vervang om die verbod duideliker te stel.

**6.11.3 AANBEVELING:**
**6.11.3.1 Die sinode besluit:**
**6.11.3.1.1 die beskrywingspunt is ontvanklik;**
**6.11.3.1.2 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.12 Ring van Morgenzon: Wysiging van Kerkorde Art. 55**

**6.12.1** Die sinode besluit dat Kerkorde Art. 55 soos volg gewysig word:

**Huidige redaksie**:

ARTIKEL 55

In geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in en oordeel oor die substansie daarvan.

55.1 Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel.

55.2.1 Indien 'n klag substansie het –

55.2.2 moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word, sodat 'n ring saamgeroep word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad;

55.2.3 en *die erns van die saak dit regverdig,* kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.

55.3 Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

55.4 Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlingeraad en wat handel volgens Kerkorde Art 55.

55.5 Die ring kan in bepaalde probleemgevalle 'n naburige ring raadpleeg.

**Voorgestelde redaksie:**

ARTIKEL 55.1

In die geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in volgens die bepalings van art 53.4 en bep. 53C en oordeel oor die substansie daarvan. Indien geen substansie bevind word nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde, bep. 53 C. Indien substansie bevind word, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit,

a. mits die erns van die saak dit regverdig, én

b. moet dadelik aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring onverwyld saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes, klaer(s) en aangeklaagde(s).

ARTIKEL 55.2

Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband, vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlinge, wat handel volgens Art. 55.1.

ARTIKEL 55.3

Die ring kan in bepaalde probleemgevalle 'n naburige ring raadpleeg.

BEPALING 55A

Die "gesamentlike ondersoek" word deur die ouderlingeraad en die ring gedoen en moet staande die vergadering se notule goedkeur.

**6.12.2 Motivering**

1. Die samevoeging van die artikels onder die huidige numerering is noodsaaklik aangesien dit makliker as eenheid verstaanbaar is.

2. Die huidige neig tot reglementering.

3. Terwyl art 55.2.1 tot 55.3 wegval, word art 55.4 nou art 55.2 en art 55.5 word art 55.3 as maklike numerering.

4. Art 55.1 word uitgebrei om prosedure duideliker te stel.

**6.12.3 AANBEVELINGS**
**6.12.3.1 Die sinode besluit**
**6.12.3.2 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.12.3.3 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.13 Ring van Morgenzon: Wysiging van Kerkorde Art. 56**

**6.13.1** Die sinode besluit dat Kerkorde Art. 56 soos volg gewysig word:

**Huidige redaksie**:

In geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitende emeritus of teologiese dosent, hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in en oordeel oor die substansie daarvan.

56.1 Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

56.2 Indien 'n klag substansie het –

56.2.1 moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word, sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad;

56.2.2 en *die erns van die saak dit regverdig*, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.

56.3 Die ring beslis oor skuldig bevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

56.4 Die ring kan in bepaalde probleemgevalle 'n naburige ring raadpleeg.

56.5 Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree.

**Voorgestelde redaksie**:

ARTIKEL 56

In die geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitend emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad met toepassing van Bep. 37F2.2 ondersoek in volgens die bepalings van Art 53.4 en Bep.53C en oordeel oor die substansie daarvan. Indien geen substansie bevind word nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde, Bep.53C. Indien substansie bevind word, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit

a. *mits die erns van die saak dit regverdig,* én
b. moet dadelik aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring onverwyld saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad.

Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes, klaer(s) en aangeklaagde(s).

BEPALING 56A

Die *gesamentlike ondersoek* word deur die ouderlingeraad en die ring gedoen en die notule moet staande deur die vergadering goedgekeur word.

**6.13.2 Motivering**:

Dit is 'n verbetering op die vorige formulering, veral ten opsigte van prosedure-uiteensetting.

**6.13.3 AANBEVELINGS**
**6.13.3.1 Die sinode besluit**
**6.13.3.1.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.13.3.1.2 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.13 Ring van Morgenzon: Wysiging van Kerkorde Art. 57.3**
**6.13.1** Die sinode besluit dat Art. 57.3 soos volg gewysig word:

**Huidige redaksie**

Art. 57.3.2.2 Ontslag uit die amp.

Art. 57.3.3 Afsetting uit die diens deur die ring.

**Nuwe redaksie**

Skrap art. 57.3.2.2 en behou art. 57.3.3

**VERANDER DIE NUMERERING GEVOLGLIK SOOS VOLG:**

Art. 57.3.2.1 word art. 57.3.2.

**6.14.2 Motivering**

Ontslag uit die amp en afsetting uit die diens as 'n tugmaatreël het dieselfde betekenis en dus is arts. 57.3.2.1 en 57.3.3 'n duplikasie.

**6.14.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.14.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.14.3.2 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.15 Ring van Morgenzon: Wysigsing van Kerkorde Art. 58**
**6.15.1** Die sinode besluit dat Kerkorde Art. 58 soos volg gewysig word:

**Huidige redaksie**:

ARTIKEL 58
REG TOT APPÈL

58.1 'n Aangeklaagde wat hom in 'n tugsaak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering veronreg voel, het die reg tot appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

58.2.1 In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer indien die kerkvergadering die aangeklaagde vrygespreek het, die reg tot appèl tot by die sinode.

58.2.2 Net so beskik die aangeklaagde, indien die kerkvergadering hom skuldig bevind het, oor dieselfde reg.

58.3.1 'n Lidmaat wat 'n besluit van skuldigbevinding deur 'n ouderlingeraad of meerdere vergadering in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het die reg van appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde.

58.3.2 'n Ouderlingeraad wat 'n besluit van skuldigbevinding deur die ring in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het dieselfde reg.

58.3.3 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit per notule goedgekeur is, met opgaaf van redes, skriftelik by 'n meerdere vergadering ingedien word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het, wat 'n afskrif van die appèl insluit.

BEPALING 58A.1

'n Appèl kan alleen skriftelik aangeteken word

* binne 21 dae;
* nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is;
* met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke ouderlingeraad of ring wat die besluit geneem het;
* vergesel van 'n kopie van die appèlskrif; en
* moet die besluit waarteen geappelleer word, aanhaal met die motivering vir die appèl.

BEPALING 58A.2
'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die ouderlingeraad of ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

BEPALING 58A.3

Die appellant moet 'n afskrif van die appèlskrif by die ouderlingeraad of die ringskommissie van die ring wat die besluit geneem het binne genoemde 21 dae indien.

BEPALING 58B

'n Appèlskrif moet formeel
* skriftelik wees;
* die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
* ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
* of ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring;
* aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of Kerkorde en/of 'n ander sinodebesluit gehandel is;
* betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

BEPALING 58C

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van 'n appèlskrif deur na te gaan of dit aan bg. formele vereistes voldoen.

BEPALING 58D

Wanneer 'n appèl teen 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, word die afgevaardigdes van daardie kerkraad, asook die appellant(e), van die vergadering uitgesluit sonder stemreg.

BEPALING 58E

Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, geld bogenoemde werkswyse ook t.o.v. die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook t.o.v. die appellant(e).

**Voorgestelde redaksie:**

ARTIKEL 58
REG TOT APPÈL

58.1 'n Aangeklaagde, wat hom/haar in 'n tugsaak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering veronreg voel, het die reg tot appèl tot by die sinode.

58.2 In tugsake wat die leer van die kerk raak, het klaer in 'n vryspraak die reg tot appèl tot by die sinode.

58.3 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit, waarteen geappèlleer word per notule goedgekeur is, skriftelik by 'n meerdere vergadering aangeteken word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het.

58.4 'n Appèllant moet sy/haar kennisgewing van appèl so spoedig doenlik opvolg met 'n appèlskrif met opgaaf van redes, by die betrokke meerdere vergadering.

58.5 'n Kerklike vergadering wat 'n appèl hanteer het, moet staande die vergadering die notule goedkeur en sy besluit skriftelik aan die appèllant verstrek.

BEPALING 58A

'n Appèllant kan reeds tydens die vergadering van die ouderlingeraad of ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die ouderlingeraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

BEPALING 58B

'n Appèlskrif moet (vgl. Art 31)
* skriftelik wees;
* die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
* ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
* ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van die ring;
* aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif, ens., besluit is (vgl. Art 31);
* betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

BEPALING 58C

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèlskrif aan die hand van art 58.3 en bep.58B

BEPALING 58D

Die ring behandel en besluit oor 'n appèl in die afwesigheid van die afgevaardigdes van die betrokke kerkraad en die appèllant(e).

Die sinode behandel en besluit oor 'n appèl in die afwesigheid van die afgevaardigdes uit die gemeentes in die betrokke ringresort en die appèllant(e).

**6.15.2 Motivering**

1. Die voorgestelde nuwe redaksie skrap art. 58.2.2 en 58.3.1 omdat dit 'n duplisering is van art.58.1. 'n *Aangeklaagde* (art 58.1) is vanselfsprekend 'n *lidmaat* (art 58.3.1).

2. Skrap art. 58.3.2, omdat dit moeilik denkbaar is op watter gronde 'n ouderlingeraad, wat substansie vir 'n klag bevind het en dit na die ring verwys het vir gesamentlike ondersoek, verontreg kan wees indien die ring die substansie met skuldigbevinding bevestig.

3. Die numerering moet gevolglik verander van art. 58.2.1 na 58.2 en 58.3.3 na 58.3

4. Ten einde die appèlhandeling van beslissing te bevorder blyk die nuwe artikels 58.4 en 58.5 noodsaaklik.

5. Bepalings 58A1 en 58A3 is duplikasies wat geskrap kan word sodat bepaling 58A2 bepaling 58A word.

6. Bepaling 58D en 58E is werklik 'n eenheid en word saam gegroepeer met die verbeterde formulering.

**6.15.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.15.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.15.3.1 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.15.4 Motivering**

Die voorgestelde redaksie formuleer die appèlprosedure duideliker en is geheel in ooreenstemming gebring met art 31.

**6.16 Ring van Nelspruit: Wysiging van artikel 56 en 56.2.1**

**6.16.1** Die sinode besluit om artikel 56 en 56.2.1 te wysig om soos volg te lui:

(a) **Huidige bewoording artikel 56:**
In geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitende emeritus of teologiese dosent, hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in en oordeel oor die substansie daarvan.

(b) **Gewysigde bewoording:**
In geval 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitende emeritus of teologiese dosent, hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad saam met die ringskommissie ondersoek in en oordeel oor die substansie daarvan.

(c) **Huidige bewoording artikel 56.2.1**
Moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad.

(d) **Gewysigde bewoording:**
Moet die ringskommissie onverwyld 'n ring saamroep vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad.

**6.16.2 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.16.2.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.16.2.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.16.3 Motivering**

1. 'n Ringskommissie is volgens die Kerkorde en die Gereformeerde kerkreg bloot 'n kommissie van 'n ring, wat sy opdragte van die ring ontvang en het geen eie bevoegdheid nie.

2. 'n Sinode kan nie bevoegdhede aan 'n kommissie van 'n ring gee nie.

3. Die beskrywingspunt doen afbreuk aan die Skriftuurlike en Gereformeerd kerkregtelike bevoegdheid van die ouderlinge.

4. Die voorgestelde wysiging in punt (d) is reeds vervat in punt (c ), art. 56.2.1.

**6.17 Ring van Nelspruit: Wysiging van artikel 53a**

**6.17.1** Die sinode besluit om artikel 53a uit te brei om te lui:

(a) **Huidige bewoording**
'n Belydende lidmaat, 'n ampsdraer(s), wat nie onder sensuur is nie, 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad, 'n ring en 'n ringskommissie kan net by 'n ouderlingeraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat/lidmate of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit.

(b) **Gewysigde bewoording**
'n Belydende lidmaat, 'n ampsdraer(s), wat nie onder sensuur is nie, 'n ouderlingeraad, 'n kerkraad, 'n ring en 'n ringskommissie kan net by 'n ouderlingeraad skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat/lidmate of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit. **Indien die ampsdraer 'n predikant, emeritus of teologiese professor is moet die klag ook aan die skriba van die ringskommissie gegee word.**

**6.17.2** Die sinode besluit dat hierdie besluit dadelik van krag is.

**6.17.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.17.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.17.3.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.17.4 Motivering**

1. Indien die bedoeling van die wysiging gaan om die betrokke maak van die ringskommissie by die ondersoek, is dit reeds beantwoord dat 'n ringskommissie geen selfstandige bevoegdheid het nie.

2. Dit is daarom anders nie duidelik wat die ringskriba met die klag moet maak nie.

3. Dit diskrimineer teen een besondere amp, terwyl die besondere ampte gelykwaardig is, vgl. art. 7 KO.

**6.18 Ring van Somerset-Oos: Wysiging van artikels 55-59**

**6.18.1 Die sinode keur die verandering van die formulering van artikels 55.2.3, 55.3, 56.2.2, 56.3, 57.3.1, 57.3.2.1, 57.3.3, 57.4.1, 58.3.1, 58.3.2, 58.3.3, 59.3.1, 59.3.2 soos vervat in die Kerkorde en Bepalings 2000 uitgawe, goed.**

Art. 55.2.3 **Ou redaksie**
En die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.

Art. 55.2.3 **Nuwe redaksie**
*En die erns van die saak dit regverdig, kan sy kerkraad, op advies van die ouderlingeraad, die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.*

Art. 55.3 **Ou Redaksie**
Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde.

Art. 55.3 **Nuwe redaksie**
*Die ring besluit op 'n gegronde advies t.o.v. skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes en gee dit skriftelik aan die betrokke kerkraad deur vir besluitneming. Die kerkraad gee skriftelik kennis van sy besluit aan die klaer en aangeklaagde.*

Art. 56.2.2 **Ou redaksie**
en die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.

Art. 56.2.2 **Nuwe redaksie**
*en die erns van die saak dit regverdig, kan sy kerkraad, op advies van die ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit.*

Art. 56.3 **Ou redaksie**
Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes met skriftelike kennisgewing aan die klaer en aangeklaagde

Art. 56.3 **Nuwe redaksie**
*Die ring formuleer 'n advies oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes waar die predikant in diens is. Die kerkraad neem dan die finale besluit en stel die klaer en aangeklaagde skriftelik in kennis.*

Art. 57.3.1 **Ou redaksie**
'n bestraffing in of buite die vergadering van die ring; of

Art. 57.3.1 **Nuwe redaksie**
*'n bestraffing binne of buite die kerkraadsvergadering; of*

Art. 57.3.2.1 **Ou redaksie**
skorsing deur die ring wat onder bepaalde omstandighede, kragtens die aard en graad van die oortreding vir 'n vasgestelde tydperk geskied; of

Art. 57.3.2.1 **Nuwe redaksie**
*skorsing deur die kerkraad wat onder bepaalde omstandighede, kragtens die aard en graad van die oortreding vir 'n vasgestelde tydperk geskied; of*

Art. 57.3.3 **Ou redaksie**
Afsetting uit die diens deur die ring

Art. 57.3.3 **Nuwe redaksie**
*Afsetting uit die diens deur die kerkraad;*

Art. 57.4.1 **Ou redaksie**
'n bestraffing binne of buite die ring; of

Art. 57.4.1 **Nuwe redaksie**
*'n bestraffing binne of buite die kerkraad; of*

Art. 57.4.2 **Ou redaksie**
skorsing in die diens met onmiddellike losmaking van die band met dien verstande dat die ring dié predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is (vgl. Kerkorde Art. 59.3.1); of

Art. 57.4.2 **Nuwe redaksie**
*skorsing in die diens met onmiddellike losmaking van die band deur die kerkraad,met dien verstande dat die ring, op aanbeveling van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy val, dié*

*predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is (vgl. Kerkorde Art. 59.3.1); of*

Art. 58.3.1 **Ou redaksie**
'n lidmaat wat 'n besluit van skuldigbevinding deur 'n ouderlingeraad of meerdere vergadering in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het die reg van appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde

Art. 58.3.1 **Nuwe redaksie**
*'n lidmaat wat 'n besluit van skuldigbevinding deur 'n ouderlingeraad of kerkraad in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het die reg van appèl na die ring en sinode, in hierdie volgorde*

Art. 58.3.2 **Ou redaksie**
'n ouderlingeraad wat 'n besluit van skuldigbevinding deur die ring in 'n tugondersoek nie kan onderskryf nie, het dieselfde reg.

Art. 58.3.2 **Nuwe redaksie**
*Artikel verval.*

Art. 58.3.3 **Nuwe redaksie**
*Numerering verander na Art. 58.3.2.*

Art. 59.3.1 **Ou redaksie**
Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom bevind, en met beroepbaarstelling deur die ring.

Art. 59.3.1 **Nuwe redaksie**
*Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die kerkraad wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom bevind, en met beroepbaarstelling deur die ring.*

Art. 59.3.2 **Ou redaksie**
Herstel in die amp as predikant en beroepbaarstelling na *Colloquium Doctum* na afsetting of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 of gemeenteverlating volgens Art. 17.4, vind plaas deur die Kuratorium, op voorstel van die ring wat hom afgesit het of losmaking van die amp volgens art. 17.1 goedgekeur het en wel op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom intussen bevind het en in die geval van gemeenteverlating op voorstel van die ring en op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom intussen bevind het. Indien die afsetting of gemeenteverlating volgens Art. 17.4 die gevolg was van 'n ergerlike sonde, dit is 'n sonde wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag.

Art. 59.3.2 **Nuwe redaksie**
*Herstel in die amp as predikant en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum na afsetting of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 of gemeenteverlating volgens Art. 17.4, vind plaas deur die Kuratorium, op voorstel van die* ***kerkraad*** *wat hom afgesit het of losmaking van die amp (statusverlies) na goedkeuring deur die ring volgens Art. 17.1. Die ouderlingeraad moet 'n aanbeveling maak aan die kerkraad waar hy laaste in diens was, voordat die kerkraad 'n aanbeveling aan die ring doen. Die ring moet ook die aanbevelinge van al die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom intussen bevind het, in ag neem. In die geval van gemeenteverlating volgens Art. 17.4 beoordeel die ring die aansoek na aanbevelinge van al die ouderlingerade onder wie se toesig hy hom na losmaking bevind het. Indien die afsetting of gemeenteverlating volgens Art. 17.4 die gevolg was van 'n ergerlike sonde, dit is 'n sonde wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag.*

**6.18.2 Motivering**

1. Ouderlinge en diakens word deur die kerkraad op 'n uitgebreide kerkraadsvergadering verkies. Toesig vind wel deur die ouderlingeraad plaas, maar kerkraadslede vorm deel

van die enigste regsliggaam, die kerkraad, en kan daarom net deur daardie liggaam ontslaan of gedissiplineer word.

2. Predikante sluit 'n kontrak met 'n kerkraad, die regsliggaam van die plaaslike kerk, en daarom kan net hierdie liggaam dissipline toepas of die kontrak beëindig deur losmaking of aftrede by demissie.

3. As die ring betrokke raak by die regshandeling van tug (dissipline) en selfs losmaking of skorsing (diensbeëindiging), dan word die ring deel van die regsproses en kan die konstituerende gemeentes van die ring verantwoordelik gehou word vir koste en enige regskoste wat uit regsgedinge sou voortspruit. Daarom word in die saak André du Plessis/Groot Marico die ring aangespreek in die uitspraak en nie die kerkraad wat die verweerder was nie. Die ring het deur sy handeling die regsinstrument geword.

4. Die akte van bevestiging deur die ring (sien Bylae 5.1 en bepaling 14D) vervang nie die amptelike kontraksluiting met die plaaslike kerk, deur die ampsliggaam, die kerkraad nie, want die beroep (aanbod van 'n kontrak) het van die kerkraad uitgegaan en moet skriftelik aanvaar word deur die proponent of leraar ná aflegging van *Colloquium Doctum* (Art. 14.2). Die Akte van Bevestiging het ten nouste te doen met die verkryging en behoud van status, as 'n saak van die akkoord van kerke, en daarom is dit 'n handeling van die ringskommissie as verteenwoordiger van die verband of akkoord van kerke en vervang die Akte nie die kontrak (beroepsbrief) nie.

5. Indien 'n ampsdraer ná appèl na die ring en sinode hom geoorloof voel om hom na die wêreldse hof te wend, kan slegs die plaaslike kerkraad die respondent wees en word die verband nie betrek nie. Die onus vir enorme regskoste berus dan nie by die verband nie en sodoende kan 'n regsaak in een gemeente nie die hele ring of verband onderploeg nie.

**6.18.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.18.3.1 die beskrywingspunt, wat oor 'n reeks tugartikels van die Kerkorde handel, word as 'n eenheid, soos ontvang, behandel;**
**6.18.3.2 die bskrywingspunt in al sy dele is formeel ontvanklik;**
**6.18.3.3 die beskrywingspunt in al sy dele word nie goedgekeur nie.**

**6.18.4 Motivering**

1. Vir die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband en die kerkverband beteken volgens die Kerkorde *kerkraad* die plaaslike kerklike vergadering van ouderlinge, predikante en diakens; *ouderlingeraad* die plaaslike kerklike vergadering van ouderlinge, wat kragtens die Kerkorde 'n selfstandige vergadering is en nie 'n kommissie van die kerkraad nie, met die bevoegdheid om die sake wat deur die Kerkorde onder sy jurisdiksie geplaas is selfstandig af te handel sonder rapport aan die kerkraad, die minste vir goedkeuring; *diakonie* die plaaslike kerklike vergadering van die diakens om selfstandig hulle opdrag volgens art. 22 uit te voer (vgl. Dordtse Kerkorde 1618-1619).

2. Die Afrikaanse Protestantse kerke het as Gereformeerde kerke in die sinodes oor die jare in die denke en in die praktyk uiters suksesvol daarin geslaag om uitvoering te gee aan die beginsels van die Presbiteriale (Gereformeerde) stelsel van kerkinrigting en kerkregering ten opsigte van die bevoegdhede van die ouderlinge. Dit is daarom jammer dat die beskrywingspunt hierdie gesonde kerkregtelike ontwikkeling in trurat wil plaas deur die ouderlinge, regerende en lerende, van hulle bevoegdhede (arts. 15 en 21) te wil ontneem en dit terug te plaas na die kerkraad, waardeur tugreg aan die diakens verleen word (voorbeeld die meeste nuwe redaksie van artikels).

3. Die beskrywingspunt skep onnodige verwarring deur die ouderlingeraad te betrek as 'n blote adviesliggaam (byvoorbeeld nuwe redaksie art. 56.2.2) strydig met art. 21.

4. Die ring kry die bevoegdheid om saam met die ouderlingeraad 'n tugondersoek te doen, beslis selfstandig oor skuldigbevinding en tugtoepassing, wat dan net advies aan die kerkraad word, sonder om 'n reëling te bepaal indien die ouderlinge op die kerkraad wat

deelgeneem het aan die ondersoek oor die skuldigbevinding met die ring sou verskil en dit op die kerkraadsvergadering te kenne sou gee? (nuwe redaksie arts. 53.3 en 56.3). Die formulering is ook nie deurdag nie en verskil in bewoording.

5. 'n Gereformeerde kerk as kerk van Jesus Christus kan nie sy toesig- en tugbevoegdhede in sy Kerkorde baseer op enige ander reg as die beginsels van die Presbiteriale stelsel van kerkregering en dan nog kerk wil wees nie.

6. Ouderlinge en diakens word nie op 'n *uitgebreide kerkraadsvergadering verkies* nie, maar op 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word vir deelname. Die aanwesige lidmate verander nie die karakter van die kerkraadsvergadering en word nie deel van die vergadering, waardeur die kerkraadsvergadering uitgebrei word nie. Die stelling getuig van 'n totale wanbegrip van art. 23.1.

7. Die motiverings pte. 3 en 4 is irrelevant ten opsigte van die Gereformeerde kerkreg.

### 6.19 Ring van Somerset-Oos: Wysiging van Kerkorde Artikels 4.2 en 4.3

**6.19.1 Die sinode keur die wysigings van art. 4.2, art. 4.3 goed en bring die volgende wysigings en aanvullings aan:**

Art. 4.2 **Ou redaksie**
Opname deur die ouderlingeraad op grond van 'n attestaat of bewys (verklaring van lidmaatskap deur 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk {gemeente})

Art. 4.2 **Nuwe redaksie**
*Opname deur die ouderlingeraad op grond van 'n geldige attestaat (wat nie ouer as drie maande is nie) deur 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk {gemeente})*

Art. 4.3 **Ou redaksie**
Opname na goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap (na approbasie deur die gemeente) wat deur belydende lidmate vanuit ander Gereformeerde (of Gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is.

Art. 4.3 **Nuwe redaksie**
*1. opname van lidmate nadat die bewys (verklaring) van lidmaatskap ontvang is, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke.*
*2. Hierdie opnames is slegs geldig vir aansoekers om lidmaatskap uit ander Gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke.*
*3. Die ouderlingeraad moet hierdie aansoeke keur en dit aan die gemeente voorlê vir approbasie*

Bepaling 4B word 'n nuwe bepaling wat as volg lui:
*Ten opsigte van 'n lidmaat wat met 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap na 'n ander AP kerk vertrek moet 'n aantekening aangebring word op die bewys (verklaring) van lidmaatskap t.o.v. die volgende situasies:*
*1. As 'n lidmaat die AP Kerk verlaat het om by 'n ander nie-erkende denominasie aan te sluit.*
*2. As 'n lidmaat die Kerk verlaat het onder negatiewe omstandighede, bv. terwyl daar onmin betrokke was of tug nog nie tot sensuur gevorder het nie.*
*Die ouderlingeraad oordeel, afhangende van die aantekeninge op die bewys (verklaring) van lidmaatskap, watter toepaslike verbondsonderrig of gesprekke nodig is.*

En die sinode bring die volgende numeriese wysiginge aan:

**Die bestaande 4E word 4F; en die bestaande 4F word 4G; en die bestaande 4H word 4I; en die bestaande 4I word 4J.**

**6.19.2 Motivering**

'n Geldige attestaat hoef nie vir approbasie voorgelê te word aan die gemeente nie en is 'n voorreg binne die akkoord van kerke. 'n Aansoek om lidmaatskap van lidmate van ander Gereformeerde (of Gereformeerdgesinde) kerke met 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap is 'n *nuwe* aansoek, maar sonder verbondsonderrig en aflê van belydenis. Indien die bewys (verklaring) van lidmaatskap aantoon dat 'n aansoeker na 'n nie-erkende denominasie vertrek het, of omdat daar kennis geneem is van aantekeninge t.o.v. negatiewe gebeure, is verbondsonderrig by wyse van toepaslike gesprekke nodig. 'n Ouderlingeraad kan nie verantwoordelik optree as daar nie sinvolle kommunikasie is nie. 'n Telefoniese uitklaring is nie voldoende en verantwoordelik nie.

**6.19.3 AANBEVELINGS**
**6.19.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.19.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.19.4 Motivering**

1. Die huidige vorm van die attestaat laat ruimte vir enige aanbevelings of opmerkings deur die ouderlingeraad van die gemeente wat die attestaat uitreik.

2. Bepaling 4C maak dit duidelik dat 'n attestaat geldig is. Volgens bepaling 4C dien 'n attestaat wat ouer as drie maande is in elk geval as 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap indien uitvoering gegee word aan bepaling 4C.

3. Die voorgestelde bepaling 4E word reeds voldoende bevat in Artikel 4 van die Kerkorde.

**6.20 Ring van Newcastle: Tydelike kommissie van kundiges**

**6.20.1** Die sinode beveel aan dat daar 'n tydelike kommissie van kundiges aangestel word om die artikels in die Kerkorde wat resorteer onder OPSIG EN TUG, TUGMAATREËLS, REG TOT APPÈL, OPHEFFING VAN TUG, so te beskryf dat dit volledig as eenheid staan. Dat die nuwe beskrywing geredelik vir alle lidmate toeganklik sal wees en dat dit sonder vrees van vervolging, deur owerheid en/of lidmate, toegepas kan word.

**6.20.2 Motivering**

**Inleiding**

Geforseerde veranderings in die werklike wêreld waar ons woon vereis 'n nuwe professionele aanslag. Dit is noodsaaklik om enige instansie professioneel te bestuur in terme van finansies en menslike hulpbronne. Die bestuur, die veranderende wêreld van die Afrikaanse Protestantse kerke het 'n uitdaging geword wat 'n dinamiese plan vereis. Hierdie stelling is veral waar in die geval van die religieuse opset.

'n Veranderende wêreld meen nie noodwendig 'n veranderende dogma nie. Nee dit beteken juis dat die basis van ons diens tot God dieselfde sal bly. Gereformeerd, suiwer Calvinisties, gebou op die Hoeksteen, Jesus Christus met 'n onwrikbare Ou Testamentiese geloof in die Almagtige God Drie-enig wat hemel en aarde gemaak het. In die diens tot God gaan dit nie om die seën nie maar juis om God. Dink veral aan die kerkverband wat wel aan die druk van die wêreld toegegee het op die geestelike vlak. Maar dink terselfdertyd daaraan dat ons in die APK juis blootgestel word aan 'n eiesoortige probleem. Die meeste van die gemeentes is klein en kan nie regtig die dienste van 'n voltydse leraar bekostig nie, ook nie die nodige instandhouding van 'n gemeente nie (erediens, kerkgebou, pastorie, munisipale heffings, ens.). Die lidmaatgetal is juis opgemaak uit die gedeelte van die Afrikanervolk wat voos geslaan is. Hulle is reeds verstar en het in die meeste gevalle reeds besluit dat hulle maar die bittereinders is en dat, na hulle geslag, daar geen hoop meer is nie. Voeg hierby faktore waaraan ons halstarrig vasklou, byvoorbeeld vergoedingstruktuur van leraar, rolverdeling binne die gemeente, rekenskap van gebeurtenisse, verouderde Kerkorde, ens.

**Wat is dit wat die lidmaat behoort te verwag in terme van die bestuur van sy gemeente**

Die Woord beskryf die verskillende ampte duidelik, behoorlik uiteengesit en met presiese opdrag hoe elke amp binne die gemeente moet funksioneer. Dit sou egter nie buite perke wees

van 'n lidmaat om rekenskap te eis in terme van die bestuur van die gemeentelike sake nie, net soos die ouderling jaloers moet waak oor die suiwer bediening van die Woord.

- **Wat behoort ons visie te wees**

Agtergrond
In art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die Ware Kerk beskryf:
i) suiwer prediking van die Evangelie; ii) die suiwer bediening van die sakramente soos deur Jesus Christus ingestel en iii) die Kerklike tug gehandhaaf word om van sondes te suiwer – *en dit is vir niemand geoorloof om hom daarvan af te skei nie.*
Die regering van die kerk word in art. 30 beskryf.

Verder is dit ook so dat die staat en die kerk twee soewereine instellings is en dus is die lidmate onderhewig aan beide.

Voorbeelde van 'n visie
Die gemeente dring aan op professionele strategiese en geestelike leiding deur die kerkraad, gefundeer op die Woord van God en belydenisskrifte, die Kerkorde van die APK en binne die raamwerk van die wetgewer.
Die leraar van die gemeente vorm deel van hierdie vennootskap met die fokus daarop dat hy die agent sal wees wat die visie helder en klinkklaar uitdra. Die oog altyd op Jesus Christus gerig.

**Waar staan ons?**
Om enigsins te kan verskuif van een paradigma na die ander moet ons eers weet wat die huidige paradigma beskryf:

- **Bepaal die werklikheid**

Gedagtig aan gebeure binne die AP kerkverband is daar historiese grond tot kommer.
- gemeentes kan nie hulle pligte nakom teenoor hulle krediteure nie.
- Hulle kan die leraar van die gemeente nie meer onderhou nie.
- Die bediening van die Woord word gestrem.
- Lidmate verlaat die AP kerkverband (ampsdraers verdwyn eenvoudig).
- Kerkorde word geminag.
- Liefdelose vyandigheid tussen gemeentes en tussen leraars en lidmate.
- Uitbuiting van die omstandighede deur opportuniste (eweneens leraars en gemeentes. Siviele vervolging).
- Die vereiste van 'n ware kerk vervaag na iets minder as net 'n herinnering van weleer.

Gevolge:
- Bediening van die Evangelie steeds suiwer voorgelees deur 'n ouderling maar net bygewoon deur 'n handjievol lidmate.
- Bediening van Sakramente word elders indien nodig, voltrek.
- Opsig en tug verval! Lidmaat, ouderlingeraad en leraar steur hulle ewe min daaraan.
- Die ring word eenvoudig op 'n sylyn gerangeer, en daarmee saam die sinode.

Dit is so dat daar meganismes (KO) in plek gestel is wat, as dit gevolg sou word deur lidmaat en ouderlingeraad, probleme aangespreek kan word. Dit is egter nie gewaarborg dat dit opgelos sal word nie. Die KO is so geskryf dat dit slegs effektief is as die betrokke partye hulle daaraan onderwerp. Wie ook al die saak maak en/of ondersoek moet 'n grondige kennis van die werking van die KO hê, so nie is daar eenvoudig te veel gate (kruisverwysings en rompslomp).

Lidmate en kerkrade wend hulle gereeld na die SKK vir hulp, maar helaas die SKK se hande is gebind deur dieselfde KO. Jammer, broeder en suster, u het nie die prosedure gevolg nie. Jammer, eintlik moes dit as 'n besprekingspunt deur die weg van die ring na die sinode gevolg het. 'n Eenvoudige prosedure word 'n uitgerekte marteling in die praktyk.

**Opsomming**

Dit is die werklikheid wat in vele van die APK gemeentes voorkom. Sommige in 'n meerdere mate en in ander minder. Feit is dat daar 'n rooilig aan is. Onthou, die merktekens wat vereis

word vir 'n ware kerk is drievoudig, nie dalk net een of twee uit die drie vereistes nie, maar al drie.

Om hier te wil voorgee dat daar 'n enkelvoudige beskrywing vir die probleem is, is om jouself te mislei. Om verder te gaan en te wil voorgee dat die probleem 'n eenvoudige oplossing het is nie net naïef nie, maar getuig van onvolwasse begrip vir die dimensie van die probleem. Die probleem is ook nie eie aan Newcastle nie en hierdie kerkraad wil ook nie agter die veralgemening van die probleem wegkruip nie.

Nadat Adam en Eva uit die tuin van Eden verdryf is het God gérubs met 'n swaard wat vlam by die poort gestel om seker te maak dat hulle nie terugkeer na die boom van die lewe nie. Die punt is dat dit die *tug* is wat gerespekteer *sal* word anders sterf jy aan die lem van vlamme. Wat ook al die oplossing, die herstel van die tug en die respek daarvoor moet die kardinale beginsel van die oplossing wees. Die stelsel moet eenvoudig en maklik toeganklik wees vir die eenvoudigste lidmaat.

Dit is dus duidelik, gedagtig aan die Kerkorde se bepalings ten opsigte van WYSIGINGE, dat 'n herskrywing van die tersaaklike artikels nie op die weg van een lidmaat lê nie, maar deur 'n kommissie van kundiges met rekenskap aan die sinode.

**6.20.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.20.3.1 die beskrywingspunt se ontvanklikheid is twyfelagtig daar dit nie die gemelde artikels van die Kerkorde aanhaal soos voorgeskryf nie;**
**6.20.3.2 die beskrywingspunt kan nie goedgekeur word nie.**

**6.20.4 Motivering**

1. Die artikels ten opsigte van *opsig en tug* is in die Kerkorde as artikels 50 tot 59 reeds as 'n eenheid geplaas, wat logies op mekaar volg.

2. Die publikasie *Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug* wat die tugartikels verduidelik en deur die sinode-1995 goedgekeur is, sluit ook vanaf bl. 49 tot 57, kragtens sinodale besluit, die stappe in wat vanaf die klag, die ondersoekprosedure ens. stap vir stap behandel. Die probleem is egter dat die publikasie nie gebruik word deur kerklike vergaderings nie, daar dit afgemaak word as die persoonlike standpunt van die skrywer, sonder dat die feit dat dit deur die sinode goedgekeur is, verreken word.

3. Die tugartikels is almal gebaseer op die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg, soos meestal terug te vind in die Dordtse Kerkorde 1618-19 en soos aangepas vir huidige omstandighede.

4. Die sinode 1987 het reeds reglemente in die AP kerkverband as ongewens verklaar. Dit is die sekere weg vir die skepping van 'n omslagtige kerkwet .en vernietiging van 'n Gereformeerde kerkorde.

5. Ouderlingerade en ringe wat die Kerkorde-artikels by 'n tugondersoek en by tugtoepassing stiptelik navolg en nie prosedurefoute begaan nie en dus hulle hou binne die Kerkorde, as volgens die howe, die *Grondwet* van die kerke in kerkverband, hoef nie by voorbaat die wending na 'n hof te vrees nie, daar regters tot op datum dit volledig verreken het of die kerklike vergadering sy eie *grondwet* gehandhaaf het.

6. Lidmate by aflegging van belydenis van geloof en ampsdraers by bevestiging in die amp verklaar almal voor die Here dat hulle hul *onderwerp aan kerklike opsig en tug*. Lidmate en ampsdraers het by tugtoepassing die reg van appèl na die sinode. Lidmate en ampsdraers wat hulle na howe wend in plaas van die kerklike weg te volg en weier om hulle te onderwerp, verbreek die geloftes en is sensurabel. Solank lidmate en ampsdraers hierdie gelofte aan die Here gering ag, só lank sal geen Kerkorde, kerkwet of reglement, hoe in besonderhede ook al geformuleer, dusdaniges daarvan weerhou om hulle sonder meer na howe te wend nie.

7. Die motivering vir die beskrywingspunt bevat soveel wat irrelevant tot die saak is dat die restant nie veel krag as motivering het in die lig van die voorafgaande nie.

8. Die Kerkorde voldoen aan die beginsels van die Presbiteriale stelsel van kerkregering soos gegee in die Skrif (*jus constitiendum*) en soos deur die sinodes geformuleer en vasgestel in die Kerkorde (*jus constitutum*), met inagneming van die omstandighede waarin die kerke bestaan.

9. Ringe moet hul verantwoordelikheid nakom om beskrywingspunte te beoordeel en indien hulle dit steun, ten minste sorg te dra dat die beskrywingspunte aan vereistes voldoen en georden is.

**6.21 Ring van Potgietersrus: Wysiging van Bepaling 41E**

**6.21.1** Die sinode besluit om Bepaling 41E van die Kerkorde soos volg te wysig:

**Huidige bewoording**
*Die afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering totdat die voorsitter verkies is.*

**Voorgestelde bewoording**
Die afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening van die sinode. Daarna neem die voorsitter van die vorige sinode die leiding by konstituering totdat die voorsitter verkies is. Indien hy nie beskikbaar is nie, neem die ondervoorsitter van die vorige sinode of die aktuarius van die vorige sinode of die skriba van die vorige sinode of die leraar wat die oudste in jare is, in hierdie volgorde waar, afhangende van die beskikbaarheid.

**6.21.2 Motivering**

Dit gebeur dikwels dat met die konstituering van die sinode moeilike sake hanteer moet word bv. dispute oor die toelating van afgevaardigdes. Die vorige voorsitter of ondervoorsitter kan die saak bespoedig omdat die persoon kennis dra van sulke sake. Sodoende kan kosbare tyd bespaar word.

**6.21.3 AANBEVELINGS**
**6.21.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.21.3.2 Die beskrywingspunt word aanvaar met 'n wysiging dat dit soos volg lui:**
***Die afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening van die sinode. Daarna neem die voorsitter van die vorige sinode die leiding by konstituering totdat die voorsitter verkies is. Indien hy nie beskikbaar is nie neem die ondervoorsitter van die vorige jaar of die aktuarius van die vorige sinode waar, afhangende van die beskikbaarheid.***

**6.22 Ring van Moot-Sentraal: Sinodale kommissies**

**6.22.1 Die sinode besluit:**

1. dat 'n afgevaardigde bedienaar van die Woord slegs op een permanente sinodale kommissie benoem mag word;

2. dat vir die aanwysing deur die vier permanente kommissies (FK, SKK, KKS en KUR) van hulle onderskeie lede om op die BRKA te dien, laasgenoemde vir die doel nie as 'n kommissie geag word nie;

3. dat 'n bedienaar van die Woord vir hoogstens twee agtereenvolgende tydperke op dieselfde permanente sinodale kommissie benoem mag word;

4. dat 'n bedienaar van die Woord wat tot op hede al vir vier en meer tydperke tussen sinodes op dieselfde permanente kommissie gedien het, tans nie weer herbenoem word alvorens een termyn verstryk het nie;

5. dat permanente sinodale kommissies so saamgestel word dat die helfte uit die afgevaardigde bedienaars van die Woord en die ander helfte uit afgevaardigde ouderlinge bestaan, met die uitsondering van die Kuratorium (KUR) en die Kommissie vir Kerksang en -musiek (KKM) waarop minstens een afgevaardigde ouderling benoem moet word;

6. dat afgevaardigde bedienaars van die Woord en afgevaardigde ouderlinge uit dieselfde gemeente nie op dieselfde permanente sinodale kommissie benoem mag word nie;

7. dat by die samestelling van Kommissie vir Kommissies geen twee afgevaardigdes uit dieselfde gemeente daarop kan dien nie.

**6.22.2 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.22.2.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.22.2.2 die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.22.3 Motivering**

1. Dit is geen beginsel in die Gereformeerde kerkreg, wat reeds vanaf die sinode van Dordt 1618-19 bewysbaar is, dat predikante en ouderlinge noodwendig op 'n 50% basis in deputaatskappe verkies, benoem of aangewys word nie.

2. Dit is wel 'n beginsel dat sinodale deputaatskappe ten doel het om ter wille van die beswil van die kerke in kerkverband en die kerkverband van die mees kundige afgevaardigdes ten opsigte van bepaalde sake gebruik te maak en nie bloot om verteenwoordiging moontlik te maak nie, vandaar ook die reg van koöptering van bepaalde kundiges wanneer die sinode as opdraggewer dusdanig besluit.

3. Die beskrywingspunt erken self die beginsel in pt. 5 wat ten opsigte van die samestelling van die Kuratorium en die Kommissie vir Kerksang en –musiek uitsondering wil maak om welke ander redes as die noodsaaklikheid van kundigheid en dan ontstaan die vraag waarom nie ook ten opsigte van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake, wat 'n spesialiteitskommissie is en die Finansiële Kommissie, wat 'n ewe spesialiteitskommissie is en reeds vanaf die sinode-1987 sake/finansiële deskundiges as deputate het en wel uiteraard ouderlinge?

4. Dit is reeds 'n besluit dat predikante op hoogstens twee permanente sinodale kommissies kan dien, wat nie ten opsigte van ouderlinge geld nie en dat die afskaling na net een kommissie 'n ernstige inperking is op die beginsel van kundigheid, wat ook geld ten opsigte van die voorstel wat 'n predikant beperk tot hoogstens twee agtereenvolgende termyne as lid van dieselfde permanente sinodale kommissie.

5. Geen motivering is gegee vir die voorstelle in die beskrywingspunt nie, wat die vraag laat ontstaan oor wat die motiewe is vir die voorstelle, aangesien
5.1 dit net ernstige bindinge plaas op predikante en nie ook op ouderlinge nie;
5.2 dit op niks anders dui as diskriminasie teen predikante nie, terwyl alle afgevaardigdes na die sinode, predikante en ouderlinge as afgevaardigdes van die kerkrade, gelykwaardig is belas met dieselfde bevoegdheid, wat die sinode nie mag aantas nie;
5.3 dit geensins rekening hou met en erkenning gee aan die Skriftuurlike waarheid dat predikante óók ouderlinge is, belas met regeerbevoegdheid (die gesag en regering van Christus oor sy kerk) net soos ouderlinge en dat albei ampte deur Christus ingestel is, vgl. Ef. 4:11 en veral 1 Tm 5:17: *Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in Woord en leer*, die Skrif sê predikante is ouderlinge, wat ook geëer sal word as ampsdraers;
5.4 geen sinode, wat as meerdere vergadering die welwese van die plaaslike kerke verantwoordelik ten beste wil dien, besluite behoort te neem waardeur hy hierdie diens by voorbaat kan benadeel deur die doelbewuste uitskakeling van kundigheid nie;
5.5 die beskrywingspunt 'n misverstand openbaar ten opsigte van die byhaal van die BRKA, aangesien die BRKA die bestuur (kommissie) van die RKA is en nie 'n sinodale kommissie nie, wat saamgestel word volgens die konstitusie van die RKA, wat self bepaal hoedanig lede van die sinodale kommissies betrek sal word en nie die sinode nie;
5.6 dit 'n aantasting van die beginsel van die aanwending van die beste kundigheid tot beswil van plaaslike kerke is, indien die sinode 'n beperking daarop sou plaas dat afgevaardigdes uit een gemeente nie op dieselfde permanente sinodale kommissie benoem mag word nie;
5.7 daar by elke sinode 'n wisseling op die deputaatskappe is, sodat reeds ernstig daarteen gewaak moet word dat kundigheid en kontimuïteit nie verlore gaan nie.

### 6.23 Ring van Nelspruit: Voorsitter van die sinodale vergadering

**6.23.1** Aanbeveling
Die sinode neem revisie op 'n vorige besluit dat die oudste dienende leraar die sinode lei totdat 'n nuwe voorsitter gekies is.

**6.23.1.1** Aanbeveling
Die oudste dienende leraar neem nog steeds die opening van die sinode waar.

**6.23.1.2** Aanbeveling
Die sinode besluit dat die voorsitter van die vorige sinode die daaropvolgende sinode lei totdat 'n nuwe voorsitter gekies is.

**6.23.2 Motivering**

Dit sal die vloei en tempo van die sinode bevorder tot die nuwe voorsitter verkies is.

**6.23.3 AANBEVELINGS**
**6.23.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.23.3.2 die beskrywingspunt word nie aanvaar nie;**
**6.23.3.3 die sinode se aandag word verwys na die beskrywingspunt van Potgietersrus (6.21)**

### 6.24 Kerkargief: Wysiging van Bepaling 37E

**6.24.1** Die sinode keur die volgende wysiging van bepaling 37E goed:

**Huidige bewoording**:
Die ringskriba voer alle besluite en opdragte van die ring uit, behartig korrespondensie, versend alle ringsverslae binne 14 dae na die sentrale kerkkantoor vir argiefdoeleindes, voer die toepaslike bepalings van die Kerkorde uit en hanteer alle sake van die ringskommissie.

**Nuwe bewoording**:
*Die sinode besluit om Bep. 37E soos volg uit te brei: Die ringskriba voer alle besluite en opdragte van die ring uit, behartig korrespondensie, versend alle ringsverslae* ***en die ondertekende oorspronklike notule van die ringsvergadering asook die ondertekende oorspronklike notule van die ringskommissie****, binne 14 dae na die sentrale kerkkantoor vir argiefdoeleindes, voer die toepaslike bepalings van die Kerkorde uit en hanteer alle sake van die ringskommissie.*

**6.24.2 Motivering**

1. Dit is ongelukkig 'n bekende feit dat by sommige ringe die inhoud van die ringsargief al verlore geraak het en stukke nie weer opgespoor kon word nie.

2. Bogenoemde feit is soms die gevolg van die oningeligtheid van 'n nuutgekose ringskriba.

3. Die meeste ringskribas het skynbaar nie geskikte bergingsgeriewe nie.

4. Oor die algemeen is daar 'n voortdurende wisseling van ringskribas met gevolglike gebrek aan kontinuïteit.

5. Die oorspronklike en ondertekende dokument dra die eintlike gesag en waarde. Die meeste soortgelyke dokumente wat wel by die kerkargief aankom, is minder goeie fotokopieë en nie onderteken nie met dus onsekere waarde vir die navorser.

**6.24.3 AANBEVELING**
**6.24.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.24.3.2 Die sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt.**

**6.24.4 Motivering**

Die uitbreiding van die bepaling sal die werk van die argiefkommissie vergemaklik en sorg dra dat meer inligting vir die argief behoue bly.

### 6.25 Ring van Petrusburg: Kerkvisitasie

**6.25.1 Omskrywing**
Die sinode gee opdrag aan al die ringe in die kerkverband om kerkvisitasie jaarliks nougeset uit te voer met behoorlike verslag aan die vergaderings van die onderskeie ringe.

**6.25.2 Motivering**

Die ring van Petrusburg het diep onder die indruk van die tweërlei liefdesgebod van die Here, Jesus Christus, sy leedwese uitgespreek oor die gebeure in die AP Kerk Koppies, waar na verneem word 'n kerkgebou op 'n geregtelike veiling onder die hamer gekom het. Na berig word het hierdie verkoping plaasgevind oor 'n bedrag wat in die tyd waarin ons leef, relatief min is – minder as vyftig duisend rand. Gesien in die lig van die aantal gemeentes en lidmate in die kerkverband, sou 'n finansiële oplossing moontlik gewees het – al was dit dan net om ons geliefde Kerk se naam uit die modder van die pers te hou. Die Woord sê in elk geval dat iemand wat vir sy eie mense nie kan sorg nie, slegter as 'n ongelowige is –vgl. 1 Tm 5:8.

Die ring van Petrusburg het op sy gewone jaarlikse vergadering oor hierdie aangeleentheid besin met die oog op 'n voorkoming van sulke smart in eie geledere. Alhoewel die feite rondom die spesifieke geval van Koppies nie aan die vergadering bekend was nie, het die vergadering tog besef dat sake van hierdie aard, waar lidmate, gemeentes en die hele kerkverband seerkry, ten alle koste voorkom moet word. Daarom is die vergadering daarvan oortuig dat hulp betyds gegee sou word as die saak maar net bekend was!
Die eerste tekens van onoplosbare probleme moes aan die lidmate van die betrokke gemeente bekend gewees het; die eie ouderlingeraad, die ringskommissie en uiteindelik die ring moes ook geweet het; sinodale kommissies moes geweet het ... en tog het die inligting die breë kerkverband eers uit die dagblaaie van die pers getref! Miskien het niemand behalwe die eie gemeente geweet nie – en as dit so was, is kerkvisitasie nie gedoen (of na behore gedoen) nie.

Daarom die beskrywingspunt aan die Sinode 2001.

**6.25.3 AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
**6.25.3.1 die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**6.25.4 Moltivering**

Die beginsel vir kerkregering dat sake wat in mindere vergaderings afgehandel behoort te word, nie na meerdere vergaderings aangeskuif word nie, is nie toegepas nie. Die ring het verder bloot op media-berigte gereageer, en sou, indien kerklik behoorlik navraag gedoen is, waarskynlik nie die beskrywingspunt eers ter tafel geneem het nie.

### 6.26 Ring van Bethlehem: Tugtoepassing

**6.26.1** Die sinode besluit om elke ouderlingeraad te versoek om die tugtoepassings, met klem op die opsig veral, te handhaaf en dat die gemeente ooreenkomstig ingelig word.

**6.26.2 Motivering**

1. Baie van die gemeentes se probleme lê in die gesagstruktuur van die kerk, naamlik dat gesag alleen gehandhaaf en die kerklike meelewing laat vloei as die tug en opsig volwaardig bestaan en gehandhaaf word.

2. Om die stempel van die ware kerk te bevestig deurdat die gemeente voortdurend bewus sal wees van die ouderlingeraad se handelinge.

3. Die vrese om oom Koos of tant Sannie aan te spreek, moet so 'n bietjie opsy geskuif word, want dit is juis hierdie oordrewe ter wille wees wat probleme laat groei.

4. Toe die AP Kerk pas gestig was, het ons vele navrae gehad en baie lidmate het toegetree omdat ons sterk ingestel was om die tug volwaardig te laat geld, maar ons het teruggesak en dit is een van die redes waarom ons groei ook feitlik tot stilstand gekom het.

5. Hiermee word geensins bedoel om die Kerkorde, handleidings of tugprosedures te verander nie, maar om dit toe te pas.

6. Die kommunikasie met die gemeente is reeds 'n direkte en indirekte vermaning en toepassing, veral rakende daardie dinge wat teen die orde en dissipline in die gemeente indruis, sowel die kwaadwillige gerugte en die verspreiding daarvan, skinderveldtogte, erediensbywoning en verbondsonderrig.

7. Wanneer die samelewing van die Boerevolk ontleed word, vind ons vandag die totale dissiplineloosheid op haas elke terrein en dit is die taak van die ouderlingeraad om opnuut dissipline te laat terugkeer deur die handhawing daarvan.

**6.26.3 AANBEVELINGS**
**6.26.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.26.3.2 die beskrywingspunt word nie aanvaar nie;**
**6.26.3.3 die sinode doen 'n beroep op ouderlingerade om voortdurende erns te maak met hierdie wesenskenmerk van die ware kerk, nl. die suiwere toepassing van kerklike opsig en tug.**

**6.26.4 Motivering**

Die saak wat die beskrywingspunt onder aandag bring, is van wesenlike belang en verdien beklemtoning. Korrekte kerkordelike hantering van opsig en tug sluit die nodige kommunikasie met die gemeente in.

**6.27 Ring van Riversdal: Verkiesings van genomineerdes op die groslys**

**6.27.1** Die sinode besluit om die volgende by te voeg by paragraaf by art. 23, bep. 23B: *Wanneer daar gelyke nominasies op die groslys is as vakatures wat beskikbaar is, word daar nie gestem nie, maar word die genomineerdes beskou as persone wat met 'n volstrekte meerderheid verkies is.*

**6.27.2 Motivering**

1. Verkiesing van kerkraadslede word meestal op Sondae na 'n erediens gehou waarna daar nog verbondsonderrig plaasvind. Die verkiesing kan op hierdie wyse baie tyd spaar.

2. In die praktyk word die genomineerdes in elk geval met 'n volstrekte meerderheid verkies.

3. Indien iemand teen 'n genomineerde besware het, is daar in elk geval 'n approbasie-tydperk waarin hy skriftelik 'n beswaar teen 'n verkose lidmaat kan inbring.

**6.27.3 AANBEVELINGS**
**Die sinode besluit**
**6.27.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklilk;**
**6.27.3.2 die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.27.4 Motivering**

Die beskrywingspunt weerspreek homself deurdat genomineerdes beskou word as met 'n volstrekte meerderheid verkies, terwyl geen stemming plaasgevind het nie. Lidmate kan nie die reg ontneem word om teen 'n genomineerde te stem nie.

**6.28 Ring van Stellenbosch: Weiering van visitasie-opdrag**

**6.28.1** Die sinode spreek hom in die lig van art. 37.1 en art. 66 uit oor gemeentes wat oor onbenullige redes weier dat die ring sy visitasie-opdrag in die gemeente uitvoer.

**6.28.2 Motivering**

1. Visitasie is een van die werksaamhede van die ring (art. 37.1)

2. Die ring het visitasie altyd onderling gereël om sowel ring en gemeentes te pas.

3. Nêrens in die KO of op vorige ringsvergaderings is bepaal of aangedring op voorafbepaalde kennisgewings deur die ring nie.

4. Die ring het sy visitasie nog altyd probeer koördineer en laat saamval met die terugontvang van die gemeentes se state van die rekenmeesters af.

5. Die ring behoort groter gesag toegeken te word sodat hy teen sodanige gemeentes kan optree.

**6.28.3 AANBEVELINGS**
**6.28.3.1 die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.28.3.2 die sinode keur die beskrywingspunt goed en versoek ringe om dit onder aandag van ouderlingerade/kerkrade wat kerkvisitasie deur die ring weier, te bring dat hulle die volgende gevare loop:**

**a) dat sodanige independentistiese optrede die gevolg mag hê dat sodanige kerkrade/ ouderlingerade bekla mag word vir handeling ooreenkomstig die tugartikels;**

**b) dat optrede mag volg om daardie ampsdraers en lidmate wat sodanige weiering onderskryf, buite kerkverband te plaas, sodat die gemeente kan voortgaan met daardie lidmate wat binne AP kerkverband wil bly, met handhawing van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls.**

**6.28.4 Motivering**

Die weiering van kerkvisitasie is sodanig in stryd met die Skrif, Belydenis en Kerkorde, dat optrede deur die kerkverband nie mag uitbly nie.

**6.29 Ring van Naboomspruit: Adviese deur die KKS**

**6.29.1 Die sinode besluit**
Wanneer die KKS en/of individuele lede van die KKS advies(e) gee aan individuele lidmate van gemeentes, moet die KKS of die lid van die KKS wat daardie advies gegee het, onmiddellik skakel met die voorsitter van die ouderlingeraad van die gemeente waaraan die individu behoort aan wie advies gegee is, en die voorsitter volledig inlig met betrekking tot aan wie dit gegee is, wanneer dit gegee is, asook die volledige inhoud van die advies.

**6.29.2 Motivering**

Dit is om te verhoed dat ouderlingerade onkant gevang word met eensydige adviese wat gegee is en verder dat daar nie 'n gedagte van 'n agteraf gekonkel deur die KKS met die sondebokke in gemeentes by ouderlingerade ontstaan nie.

**6.29.3 AANBEVELINGS**
**6.29.3.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**6.29.4 Motivering**

1. Die beskrywingspunt en die motivering impliseer ongesubstansieerde beskuldigings en bevraagtekening van 'n sinodale kommissie se optrede. Die woordgebruik van *agteraf gekonkel* en *sondebokke* behoort deur die ring aangespreek te gewees het, aangesien sulke ongesubstansieerde verwysings nie by 'n kerkvergadering pas nie en nog minder na 'n sinode deurgestuur behoort te word.

2. Die lasgewing en toepaslike sinodale besluite wat op die KKS betrekking het, maak juis voorsiening daarvoor dat nie alleen vertroulike adviese gegee kan word nie, maar maak ook voorsiening daarvoor dat dit enige lidmaat, ampsdraer, ring, kerkraad, sinodale kommissie vry staan om advies te vra en dat sodanige advies gesien sal word as korrespondensie tussen die persoon of instansie en die KKS, en slegs op gemotiveerde aanvraag aan 'n ander persoon of instansie voorsien word, nadat sodanige versoek deur die KKS goegekeur is. Hierdie werkswyse is tot dusver deur die KKS toegepas en die werkswyse deur die beskrywingspunt geïmpliseer sal nie tot opbou van die kerk dien nie, omdat dit die vryheid tot opbouende advies ondermyn.

3. Indien enige ouderlingeraad of enige ander persoon of instansie gesubstansieerde besware teen die KKS se optrede het, kan die kerkordelike weg van 'n beswaarskrif of appèl gevolg word.

### 6.30 Ring van Moot-Sentraal: Wysiging van Kerkorde artikels 10 en 38

**6.30.1** Die sinode besluit om die volgende wysigings aan te bring by die Kerkorde. By art. 10 word slegs punte 10.10 en 10.11 bygevoeg.

**KERKORDE ARTIKEL 10**

**Ou redaksie**

10.1 Die sinode bepaal die vereistes vir opleiding, vereistes vir toelating, toesig oor opleiding en plek van opleiding en neem volle verantwoordelikheid vir die dosente wat vir die akademiese opleiding van studente verantwoordelik is.

10.2 Die sinode besluit oor die omvang en standaard van die opleiding.

10.3 Die sinode stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, *Colloquium Doctum* en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander kerke het en lidmaatskap in die AP Kerk wil verkry, behartig.

10.4 Die sinode magtig die Kuratorium om namens die plaaslike kerke in kerkverband dosente te benoem en in diens te stel vir die leerstoele wat die sinode goedkeur.

10.5 Die sinode bepaal dat indien 'n bedienaar van die Woord die benoeming as teologiese dosent aanvaar, hy volgens arts. 17.1 tot 17.3 by die Kuratorium aansoek doen vir behoud van status.

10.6 Die sinode bepaal dat, aangesien die Kuratorium 'n teologiese dosent namens al die kerke (gemeentes) benoem, die Kuratorium die opsig oor die dosent se dienswerk behou.

10.7 Indien 'n dosent dus, om welke rede ookal, onbevoeg raak om sy dienswerk uit te voer, mag die Kuratorium hom van sy pligte onthef en, indien wenslik, in die amptelike blad van die kerk bekend maak dat hy 'n beroep afwag. Hy ontvang egter steeds traktement (insluitende pensioen- en mediesefondsbydraes en huisvesting of behuisingstoelaes) terwyl hy beroepafwagtend is. Indien na drie maande geen beroep op hom uitgebring is nie, word sy traktering en behoud van status deur die Kuratorium in heroorweging geneem.

10.8 Wanneer 'n dosent hom egter op 'n growwe wyse in leer of lewe misgaan, moet die Kuratorium hom net in sy dienswerk stuit, waarna volgens KO arts. 56 en 57.4 op ringsvlak bepaal word of skorsing of afsetting moet volg. Die dosent moet egter die volle reg van verweer hê volgens art. 53 en behou ook die reg tot appèl volgens art. 58.

10.9 Die sinode bepaal dat 'n teologiese dosent deur 'n kerkraad met uiters beperkte opdrag beroep kan word, met dien verstande dat met die Kuratorium onderhandel word oor die omvang van die opdrag (vgl. art. 38.2).

**Nuwe redaksie**

*10.1 Die sinode bepaal die vereistes vir opleiding, vereistes vir toelating, toesig oor opleiding en plek van opleiding en neem volle verantwoordelikheid vir die dosente wat vir die akademiese opleiding van studente verantwoordelik is.*

*10.2 Die sinode besluit oor die omvang en standaard van die opleiding.*

*10.3 Die sinode stel 'n Kuratorium aan wat alle belange ten opsigte van opleiding, Colloquium Doctum en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander kerke het en lidmaatskap in die AP Kerk wil verkry, behartig.*

*10.4 Die sinode magtig die Kuratorium om namens die plaaslike kerke in kerkverband dosente te benoem en in diens te stel vir die leerstoele wat die sinode goedkeur.*

*10.5 Die sinode bepaal dat indien 'n bedienaar van die Woord die benoeming as teologiese dosent aanvaar, hy volgens arts. 17.1 tot 17.3 by die Kuratorium aansoek doen vir behoud van status.*

*10.6 Die sinode bepaal dat, aangesien die Kuratorium 'n teologiese dosent namens al die kerke (gemeentes) benoem, die Kuratorium die opsig oor die dosent se dienswerk behou.*

*10.7 Indien 'n dosent dus, om welke rede ookal, onbevoeg raak om sy dienswerk uit te voer, mag die Kuratorium hom van sy pligte onthef en, indien wenslik, in die amptelike blad van die kerk bekend maak dat hy 'n beroep afwag. Hy ontvang egter steeds traktement (insluitende pensioen- en mediesefondsbydraes en huisvesting of behuisingstoelaes) terwyl hy beroepafwagtend is. Indien na drie maande geen beroep op hom uitgebring is nie, word sy traktering en behoud van status deur die Kuratorium in heroorweging geneem.*

*10.8 Wanneer 'n dosent hom egter op 'n growwe wyse in leer of lewe misgaan, moet die Kuratorium hom net in sy dienswerk stuit, waarna volgens KO arts. 56 en 57.4 op ringsvlak bepaal word of skorsing of afsetting moet volg. Die dosent moet egter die volle reg van verweer hê volgens art. 53 en behou ook die reg tot appèl volgens art. 58.*

*10.9 Die sinode bepaal dat 'n teologiese dosent deur 'n kerkraad met uiters beperkte opdrag beroep kan word, met dien verstande dat met die Kuratorium onderhandel word oor die omvang van die opdrag (vgl. art. 38.2).*

*10.10 Waar 'n teologiese dosent met uiters beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is, kan hy nie afgevaardig word na 'n meerdere vergadering (ring en sinode) nie.*

*10.11 Permanente sinodale kommissies mag wel teologiese dosente in adviserende hoedanigheid gebruik.*

KERKORDE ARTIKEL 38

**Ou redaksie**

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes:

38.1 uit elke kerk (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee ouderlinge. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word;

38.2 'n teologiese dosent moet in adviserende hoedanigheid sitting neem, tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens art. 38.1 deur die kerkraad afgevaardig word (dit is indien die gemeente nie 'n voltydse leraar het nie – vgl. art. 10.9)

**Nuwe redaksie**

*Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes wat van geloofsbriewe voorsien is:*

*38.1 uit elke kerk (gemeente) die bedienaars van die Woord (hoogstens twee) en twee ouderlinge.*

*38.2 Die teologiese dosente, die eindredakteur van Die Boodskapper, die Direkteur van Kerkadministrasie asook die administrateur en rekenmeester moet in adviserende hoedanigheid sitting neem.*

**6.30.2 Motivering**

1. Die werklading van ons dosente behoort so groot te wees dat daar nie nog tyd afgestaan kan word vir die vele ander aktiwiteite waaraan sommige deelneem nie.

2. Tydens ons eerste sinode was daar gewaarsku dat dit wat in die NG Kerk gebeur het, waar die professore feitlik die kerk gekaap het, nie ook by ons mag gebeur nie.

**6.30.3 AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
**6.30.3.1 die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**6.30.4 Motivering**

1. Aangesien die ring die beskrywingspunt goedgekeur het, moet aanvaar word dat die ring met die beskrywingspunt, sy inhoud en motivering saamstem (vgl. pt. 8.1.1 op bl. 138, Kerkordeboekie 2000-uitgawe). Die beskrywingspunt se motivering met die wysigings wat voorgestel word, werp 'n ernstige refleksie op die Kuratorium, dosente aan die Afrikaanse Protestantse Akademie en die Direkteur van Kerkadministrasie en sy personeel. Ná 13 jaar se onselfsugtige en hoë gehalte diens, word deur die beskrywingspunt geïnsinueer dat die dosente nie hulle tyd na behore aan hulle taak bestee nie, aan *vele ander aktiwiteite deelneem*, hulle posisie verder dalk kan misbruik, met die implikasie dat die Kuratorium en BRKA as verantwoordelike liggame ook nie ten volle hulle verantwoordelikheid volgens KO art. 10 en 38 nakom nie. Dat so 'n beskrywingspunt wat verder net agterdog kan wek, in die sinode se sakelys moet verskyn omdat die ring dit goedgekeur het, vereis 'n sterk boodskap dat dit nie 'n kerkvergadering pas om dit selfs as ontvanklik te ag nie.

2. Die AP kerke in kerkverband het reeds deur verskeie sinodebesluite vereistes ingebou in die Kerkorde, en publikasies wat beleid verduidelik, het met spoke van die verlede afgereken. Eerder as om uit vrese van die verlede te leef, behoort met inset van alle beskikbare kundigheid en vermoëns geywer te word om die AP kerke in kerkverband op te bou en uit te bou as 'n kerkverband wat ook vir die Christusgelowige Boere-Afrikanerjeug 'n verbeeldingryke geestelike tuiste bied.

3. Die bestaande dissipline met betrekking tot beperkte opdrag, en die dissipline ter vergadering dat 'n persoon nie keurstem het in sake wat hom as persoon in diens aangaan nie, is voldoende om moontlike gevare te vermy. Andersins werp dit 'n refleksie op die betrokke vergadering se eie interne dissipline. Verder is dit die reg van 'n gemeente om verteenwoordig te word deur 'n lerende ouderling waar en wanneer dit kerkordelik in orde is.

**6.31 Ring van Lichtenburg: Rasionalisering van sinodale kommissies**

**6.31.1.1** Die sinode besluit dat die permanente sinodale kommissies gerasionaliseer en verklein word en dra dit aan die Kommissie vir Kommissies op om, met inagneming van die besluit van die sinode 1995, staande hierdie vergadering hierdie besluit te implementeer.
**6.31.1.2** Die aangehegte skema dien as leidraad vir die Kommissie vir Kommissies (kyk punt 8 onder *Motivering*).

**6.31.2 Motivering**

1. Volgens die motivering deur die Finansiële Kommissie aan kommissies voorgehou vir die versoek tot besnoeiing van die begroting vir 2001, is daar vanweë die knellende landsekonomie 'n dalende inkomstetendens wat in 2002 verder kan verswak, indien veral die landbousektor, nie beter oeste kan verseker met beter pryse nie.

2. Gemeentes uit die platteland, wat sterk steun op die boerderygemeenskap, ervaar reeds die invloed van die verslegtende landsekonomie en dalende boerdery-inkomste ten opsigte van die bydraes van lidmate, sodat al is die bydrae aan die sinode 15% die dalende inkomste 'n kleiner 15% tot gevolg aan sinodale inkomste gaan hê.

3. Dit is aan die anderkant essensieel dat die sinodale dienste, wat in belang van die gemeentes bedryf moet word, soos die sentrale kerkkantoor, die teologiese opleiding, *Die Boodskapper* en ander, onbelemmerd en sonder finansiële inkorting voorts gelewer moet word as die kerkverband nie skade wil ly nie, sodat in hierdie verband 'n minimum bespaar kan word.

4. Dit blyk egter dat die sinode besparing te weeg kan bring deur driejaarliks te vergader en sy permanente kommissies verder te rasionaliseer en te verklein wat 'n besparing sal meebring ten opsigte van reiskoste en sekere vergaderingsbesparings.

5. Alhoewel beweer is dat hierdie besparings nie aansienlik sal wees nie, blyk dit tog 'n besparing van etlike duisende rande oor 'n tydperk van drie jaar te beloop.

6. Volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering is 'n veelheid en verskeidenheid van deputaatskappe op permanente basis met 'n groot ledetal nie essensieel nie en bestaan daar ook die moontlikheid van tydelike en veral eenmalige koöptasie.
7. Die vorige rasionalisasie van kommissies is in die wiele gery deurdat sekere kommissies wat uitgeskakel moes word, bly voorbestaan het en 'n ander weer in twee verdeel is met ekstra uitgawes ten opsigte van vergaderings en reiskostes.

8. 'n Sinvolle skema vir oorweging is die volgende sonder die gevaar van benadeling of hierargie:
8.1 Finansies (FK) verklein van 6 tot 4;
8.2 Formuliere en Litrugie (KFL) word geskrap en sy lasgewing vir sover dit nog geldig is oorgedra na die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE), waar dit baie goed inpas;
8.3 Verbondsonderrig en Opvoeding (KVO) verskyn nog in die Kerkorde 2000-uitgawe, bl. 122/3 as een kommissie, maar die sinode-1999 het dit weer verdeel met nie minder as 11 lede gesamentlik nie, wat 'n toename van 2 was met kosteverhoging. Indien dit noodwendig twee kommissies moet bly, sal die ledetal van elk drasties verminder moet word en wel soos volg: Jeug en Verbondsonderrig van 7 tot 4; Onderwys en opvoeding van 4 tot 3.
8.4 Kerkargief (KKA) verklein van 5 tot 2; die lasgewing van die kommissie regverdig nie soveel lede nie en buitendien behoort meer van die dosent in Kerkgeskiedenis (ekklesiologie) gebruik gemaak te word;
8.5 Sentrale Kerkekommissie (SKK) verklein van 6 tot 5;
8.6 Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) wat nou belas word met die pligte van die Kommissie vir Formuliere en Liturgie se ledetal word behou op 4, wat 'n besparing van 3 lede op die KFL is, wat verdwyn;
8.7 Kerkregtelike Sake (KKS) verklein van 6 tot 4; hierdie kommissie is 'n absolute spesialiteitskommissie, wat net kundiges vereis en nie in 'n groot getal nie;
8.8 Kerksang en –musiek (KKM) verklein van 5 tot 3; hierdie kommissie se lasgewing moet totaal hersien word en dit is 'n ope vraag of dit, nadat die nuwe Psalm- en Gesangbundel verskyn het en wat die sinode ook al daaroor besluit, met inagneming van kostes, nie net as 'n ad hoc-kommissie moet funksioneer nie?
8.9 Kuratorium verklein van 11 tot 7; met die selfstandigwording van die AP Akademie onder 'n eie Raad, verklein die lasgewing van die Kuratorium tot hoofsaaklilk die kerklike eksamen van die finalejaar teologiese studente, legitimasie en behandeling van die aansoeke om predikantskap en statusverlening.
8.10 Publikasies verklein van 5 tot 4.
8.11 Verteenwoordigers vir die Bybelgenootskap bly dieselfde.
8.12 Kerklike Advieskomitee vir die Bybelgenootskap bly op 2. Dit is 'n totale besparing van reiskoste en vergaderingskoste van 22.

**6.31.3 AANBEVELINGS**
**6.31.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik;**
**6.31.3.2 die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.31.4 Motivering**

Die motivering vervat in die beskrywingspunt self, gee voldoende rede om die beskrywingspunt gunstig te oorweeg.

**6.32 Ring van Lichtenburg: Wysiging van Bepaling 34D**

**6.32.1** Die bestaande bewoording in Kerkorde uitgawe 2000
*Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing die gemeente te eniger tyd na 'n kerkraadsvergadering te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad kan so n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan).*

**Nuwe bewoording**
*Die sinode besluit: skrap al die woorde in die tweede sin, dit wil sê vanaf* ***Die kerkraad*** *tot met* ***tien lidmate bestaan,*** *sodat die bepaling sal lui:* ***Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing, die gemeente te eniger tyd na 'n kerkraadsvergadering te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee.***

**6.32.2 Motivering**

1. Elke Afrikaanse Protestantse kerk in kerkverband is 'n Gereformeerde kerk, wat ingerig is en regeer word volgens die beginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel, terwyl die deel van die bepaling wat voorgestel is geskrap te word 'n duidelike beginsel van die Independentistiese of Kongregasionalistiese stelsel is wat nie tuishoort in 'n Gereformeerde kerk nie.

2. Die eerste gedeelte van die bepaling is vir die kerkraad opsioneel (*dit staan die kerkraad vry*) en alhoewel die tweede gedeelte, naamlik *die kerkraad kan ...*, ook opsioneel vir die kerkraad is, bied die tweede deel aan tien lidmate (of meer) die reg om so 'n vergadering *met opgaaf van redes* te versoek, wat die kerkraad in die dilemma plaas van toestaan met konsekwensies wat reeds in vele gevalle bewys is nadelig te gewees het en/of wat by weiering die bron van wrywing in gemeentes geword het.

3. Dit skep die geleentheid vir ontevrede lidmate, al is die reg ook aan hulle kant, om die kerkraad as deur die gemeente verkose, voor stok te kry oor sekere aangeleenthede wat telkens uitloop op wat onder pt. 2 as konsekwensies gestel is.

4. Daar is ander metodes, wat deur gereformeerde beginsels gedra word waarlangs lidmate met wesenlike klagtes of beswaarskrifte dit kan indien of klagtes kan lê.

5. *Die opgaaf van redes* moet die sakelys van die versoekte vergadering wees, met ander woorde 'n kerkraad se hele sakelys word van buite vasgestel.

**6.32.3 AANBEVELINGS**
**6.32.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.32.3.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.32.4 Motivering**

Naas die motivering wat in die beskrywingspunt self verskyn, die voorsiening wat reeds in KO artikel 31 en ander kerkorde-artikels verskyn, staan dit enige lidmaat vry om 'n skriftelike en gemotiveerde versoek aan die kerkraad/ouderlingeraad/diakonie te rig, wat dan kerkordelik ooreenkomstig die Gereformeerde kerkregeringstelsel behoorlik hanteer kan word.

**6.33 Ring van Vereeniging: Ad hoc-kommissie vir Advies en leiding**

**6.33.1** Die sinode/RKA 2001 besluit dat die Ad hoc-kommissie vir Advies en Leiding afgeskaf word.
**6.33.2 Motivering**

1. Waar probleme in 'n plaaslike kerk ontstaan, en die ouderlingeraad dit allereers hanteer, lê dit op die terrein van die plaaslike ringe om hierin 'n ondersteunende rol te vervul. Indien nodig en indien omstandighede dit vereis kan ringe hulp en advies aanvra van die Finansiële Kommissie en van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

2. Dit kan ook kostebesparing meebring. Sien die uitgawe verbonde aan die betrokke kommissie vir die afgelope twee jaar.

**6.33.3 AANBEVELINGS**
**6.33.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.33.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**
**6.33.3.3 Die Ad hoc-kommissie vir Advies en Leiding word nie gekontinueer nie.**

**6.33.4 Motivering**

Die betrokke kommissie as 'n ad hoc-kommissie eindig wat sy bestaan en opdragte betref, met hierdie sinode. Indien die sinode die bestaan nie kontinueer nie, word die beskrywingspunt se inhoud in elk geval eerbiedig.

**6.34 Ring van Vereeniging: Vermindering van lede op permanente kommissies**

**6.34.1** Die sinode/RKA 2001 besluit dat die personeel van Permanente Kommissies verminder word tot vier lede met vier secundi-lede. In die jaar van die sinodesitting mag die kommissies enkele lede koöpteer verkieslik van die secundi-lede om behulpsaam te wees met die hantering van beskrywingspunte.

**6.34.2 Motivering**

Kostebesparing in die lig van die finansiële omstandighede in ons land wat die verarming van die Afrikaner in die hand werk.

**6.34.3 AANBEVELINGS**
**6.34.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.34.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.34.4 Motivering**

Die beskrywingspunt van die ring van Lichtenburg, wat meer uitgebreid is en ook hierdie beskrywingspunt se inhoud dek, behoort voorkeur te kry.

**6.35 Ring van Middelburg: Konsistoriebesluite**

**6.35.1** Formulering: Dat voorsiening in die Kerkorde gemaak word om konsistoriebesluite binne orde te plaas ten einde sake te hanteer en besluite te neem wat nie uitgestel kan word na die volgende kerkraadsvergadering en dit verder nie wenslik is om 'n buitengewone kerkraadsvergadering te belê nie.

**6.35.2 Motivering**

Normale aktiwiteite en aksies van 'n gemeente vereis dikwels dat 'n saak hanteer word en die kerkraad (kworum) 'n besluit neem voordat 'n kerkraadsvergadering gehou word. Konsistoriebesluite kan volgens kerkorde nie geneem word nie en word die werksaamhede van 'n kerkraad as gevolg hiervan vertraag. 'n Oplossing vir die probleem met sekere voorbehoude moet gevind word.

**6.35.3 AANBEVELING**
**6.35.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.35.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.35.4 Motivering**
'n Bekende definisie van 'n geldige vergadering is: dat dit behoorlik byeengeroep is, behoorlik saamgestel is en behoorlik verloop. Gevolglik geld die Ordereëls vir vergaderings, soos dit in die

Kerkordeboekie verskyn, vir alle kerklike vergaderings om as wettige vergadering te geld. Hierdie ordereëls bevat ook die vereistes van die gemenereg vir geldige vergaderings. Daar kan gevolglik nie so iets soos 'n geldige *konsistorievergadering* wees nie, maar alleen 'n kerkraads/ ouderlingeraad/diakonie vergadering wat in die konsistorie gehou word en waarby aan alle vereistes vir 'n geldige vergadering, nl. geldige kennisgewing, konstituering, e.s.m. soos deur die ordereëls neergelê, voldoen is.

### 6.36 Ring van Ermelo: Gemeentegrense

#### 6.36.1 Wysiging van sinodebesluit 20, bl. 144 Kerkorde 2000

Huidige sinodebesluit, bl. 144

20. Gemeentegrense

Die sinode adviseer kerkrade en ringe na aanleiding van die verskeie beskrywingspunte rakende lidmaatskap oor gemeentegrense heen soos volg:

20.1 Uitvoering word gegee aan artikel 37.4.

20.2 Waar 'n lidmaat van 'n bepaalde kerk (gemeente) lidmaatskap by 'n buurgemeente binne dieselfde ringsgebied wil bekom, kan ooreenkomste getref word tussen die twee ouderlingerade. Die ring word ingelig oor die ooreenkomste.

20.3 Waar ooreenkomste nie bereik kan word nie, word die saak na die ring verwys vir 'n reëling. Die ring moet deeglik ondersoek instel of daar legitieme redes bestaan wat nie deur een van die betrokke ouderlingerade eerbiedig is nie en tref 'n reëling wat die geestelike heil van die betrokke lidmate en die welwese van die kerke in die kerkverband kan dien. Hierdie reëlings word as tydelike reëlings getref ter wille van die goeie orde en behoort uiteindelik te lei tot die bevordering van die beginsel van geografiese gemeentegrense.

20.4 Indien 'n ander ring of ringe betrokke is, moet hulle gesamentlik 'n reëling tref in die lig van pt. 3 (*Handelinge 8ste Sinode*, bl. 288).

**Voorgestelde gewysigde sinodebesluit**

20. Gemeentegrense

Die sinode adviseer kerkrade en ringe na aanleiding van die verskeie beskrywingspunte rakende lidmaatskap oor gemeentegrense heen soos volg:

20.1 Uitvoering word gegee aan artikel 37.4.

20.2 Dat geografiese grense soos onderling ooreengekom as ordereëling sal geld.

20.3 Dat afstigting van 'n gemeente nie mag plaasvind voordat geskille nie bygelê is nie.

#### 6.36.2 Motivering

1. Sinode 1997, bl. 166, pt. 4.2.4.

2. Handelinge bl. 288, pt.128.

3. Sinode 1999, bl. 27-29, pt. 3.3 tot 3.3.10.3

4. Handelinge, bl. 404, pt. 58.

5. In die verslag van die KKS in die *Sakelys* van die sinode van 1999 is 'n deeglike Skrifondersoek en studie gemaak van gemeentegrense. Ons glo dat dit gepaard gegaan het met volhardende gebed. Darom wil ons die aanbeveling van harte ondersteun.

6. Ons wil die aandag vestig op die gebeure wat gevolg het na die besluit van die sinode wat in die Kerkorde van 1998 opgeneem en bevestig is in dié van 2000:

6.1 Ná die stigting van die tweede gemeente in Witbank, is besluit dat slegs as tydelike maatreël, gemeentegrense nie getrek is nie. Dit is nou 4 (vier) jaar later en nog steeds is daar nie gemeentegrense getrek nie. Daarom die vraag *Hoe lank is tydelik?* Wat nog meer onrusbarend is, is dat hartlike samewerking tussen die twee kerkrade ontbreek volgens getuienis van die lidmate.

6.2 Lidmate van Witbank het verby Middelburg, wat die buurgemeente is, na Belfast gegaan om daar lidmate te word sodat hulle kon afstig. Daar is nie volgens die sinodebesluit van 1997 (*Handelinge 1997*, bl. 288, pt. 128) gehandel nie. Die besluit lui soos volg: *Waar 'n lidmaat van 'n bepaalde kerk (gemeente) lidmaatskap by 'n buurgemeente binne dieselfde ringsgebied wil bekom, kan ooreenkomste getref word tussen die twee ouderlingerade. Die ring word ingelig oor die ooreenkomste.*
Die Bybelse weg om eers met my broer vrede te maak, is nie gevolg nie en as gevolg van onvrede is die tydelike maatreël nog in werking.

6.3 In navolging het lidmate in Ermelo op dieselfde manier sonder onderlinge ooreenkomste deur die kerkrade, by Amersfoort lidmaatskap aangevra en verkry. Afstigting is daarna gevra en verkry by die kerkraad van Amersfoort. Weereens is die voorbeeld gevolg wat gestel is, omdat op die waarskuwing deur die aangetekende teenstem (*Handelinge 1997*, bl. 366, pt. 13.2) nie ag geslaan is nie.
Die motivering van die teenstem lui soos volg:
*Dit impliseer*

6.3.1 *dat die afstigting van 'n gemeente uit onversoenbaarheid goedgekeur word;*

6.3.2 *dat afstigting kan plaasvind binne dieselfde dorp, sonder dat lidmaatgetalle so 'n afstigting regverdig;*

6.3.3 *dat die beginsel van behoorlike gemeentegrense geïgnoreer word.*

7. Lidmate verlaat die kerk omdat hulle nie langer die stryery of die onmin in die gemeentes wil ervaar nie. Die beskuldiging word gemaak dat die AP kerk 'n eiewillige kerk is waar nie elke mens berou het oor geskille nie, maar ondanks die Woord van God se vermanings nog hulle eie weg wil gaan. Hier kan ons na Saul kyk waar hy nie wou wag tot Samuel gekom het om die offers te bring nie (1 Samuel 13:1-23). Daar ontvang hy die waarskuwing waarop hy ook nie ag slaan nie, soos die bewys gevind word in 1 Samuel 15. Sy verskoning was dat hy die offers vir die HERE wou bring, maar dan volg die verdoemende woorde in verse 22 en 23: *Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer; om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens.*

Daarom moet ons die HERE GOD om vergifnis vra en doen wat reg is in die oë van die Here. God stel sy dienaars aan en hy bepaal die dienaars se leef- en tydsgrense. Wie is ons om dit na ons denke en wil te verander?

8. As na die statistiek gekyk word, wys dit ook dat, sedert die saak oor eiewilligheid van gemeentegrense en onmin wat nie bygelê word nie (ter wille van getalle in die gemeente), geopper is, die groei in getalle minder of selfs negatief is. Nuwe lidmate word verwar, want waar moet hulle inskakel indien daar nie duidelike grense is nie? Werwing vind dan plaas om meer lidmate te kry, omdat die gemeentes te klein is om werklik selfstandig te kan bestaan. Christus se vermaning volgens Mt 5:23 en 24 moet dan ter harte geneem word: *As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broer, en kom dan en bring jou gawe.* Waar 'n tweede of derde gemeente dan gestig word in dieselfde dorp, en 'n predikant word beroep, maar die kerke in kerkverband moet finansieël help, dan dui dit mos op eiewilligheid. Daarom kan die vraag dan met reg gevra word: *Is ons 'n ware kerk? En skeur julle hart en nie julle klere nie, ... sê die HERE julle God.* (Joël 2.13)

Daarom moet ons die woorde van die KKS goed oordink en uitvoer en doen wat reg is in die oë van die Here.

9. Wanneer daar na die Nederlandse Geloofsbelydenis gekyk word om die kenmerke van 'n *ware Kerk* te sien, dan staan ons des te meer in die beskuldigdebank. In artikel 29 van hierdie belydenis lees ons die volgende: *... kortom, as alle dinge geëis word volgens die norm van Gods Woord; alles verwerp word wat daarteen stry, en ten slotte Jesus Christus erken word as die enigste Hoof. Hieruit kan met sekerheid die ware Kerk geken word, en dis vir niemand geoorloof om hom daarvan af te skei nie. En aangaande diegene wat tot die Kerk behoort, hulle kan geken word uit die merktekens van die Christene, naamlik uit die geloof en as hulle - nadat hulle die enigste Saligmaker, Jesus Christus aangeneem het - die sonde ontvlug en die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, ook nie regs of links afwyk nie en hulle vlees kruisig met sy werke. Wat*

*die valse kerk betref, dit skryf aan homself en sy verordeninge meer gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie* ... Christus het ons meegedeel dat jy jou broer sewentig maal sewe keer moet vergewe, en as ons dit nie doen nie dan jaag ons sekerlik nie die geregtigheid na nie.

*10.* Die Heidelbergse Kategismus leer ons in Sondag 4 Vraag en Antwoord 10 die volgende:
*Vraag: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?*
*Antwoord: Nee, sekerlik nie; maar Hy vertoorn hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf, soos Hy gesê het: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die Boek van die wet om dit te doen nie.*

*Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God* (Heb 10:31). *Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde,* leer die Woord van God ons in Ja 4:17. Dan staan 1 Jn 3:23 ook voor ons: *En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het.* Ons kan die Naam van Jesus in die wêreld nie bely nie of ons moet ook die drang van die liefde gehoorsaam en die broeders dien. Die wet van God is een wet. Die twee tafels hoort bymekaar.

**6.36.3 AANBEVELINGS**

**6.36.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.36.3.2 Die sinode keur punte 20.1 en 20.2 van die beskrywingspunt goed wat beteken dat die huidige besluit herroep word.**
**6.36.3.3 Die sinode wysig punt 20.3 van die beskrywingspunt deur KO bepaling 37.4 aan te vul met die volgende: Voeg in na: *...volgens art. 37 van die KO ... : Die ring wys die afhandeling van die stigting van 'n nuwe gemeente terug na die kerkraad indien nie aan al die vereistes van Bepaling 37A 1-4 voldoen is nie.***
**6.36.3.4 Die sinode keur punt 20.3 soos gewysig in 6.36.3.3 goed.**

**6.37 Ring van Klerksdorp: Daarstelling van 'n kerklike ombudsman**

**6.37.1** Die sinode ag dit as prioriteit om aandag te gee aan die spoedige daarstelling van 'n kerklike ombudsman ten einde die onopgeloste probleme, nadat kerklike advies reeds aangevra is en die kerkordelike weg bewandel is, in die kerkverband te hanteer.

**6.37.2 Motivering.**

1. Met kommer verneem die kerk van sovele gemeentes waar daar probleme rondom die bediening van leraars en gemeentes bestaan.

2. Sodanige probleme beland dikwels in die wêreldse hof wat oneindige skade aan die Koninkryk van God berokken en 'n groot stuk liefdeloosheid in die hand werk.

3. So 'n pos, wat desnoods 'n begrypende en simpatieke emeritus-leraar kan wees, behoort menige probleem te kan aanspreek en help oplos op 'n kerklike wyse sodat dit tot onderlinge stigting kan dien.

4. Dit sou verder verseker dat ons akademiese personeel hulle aandag voltyds aan die opleiding van ons teologiese studente sou kon gee in plaas van tyd en kragte in te span om die rol van arbiters te vervul.

**6.37.3 Daarstelling van kerklike ombudsman**

Alvorens die KKS 'n aanbeveling oor hierdie beskrywingspunt maak, wil hy enkele opmerkings maak. Lede van die KKS het al meer as eenmaal dit in die wandelgange opgetel dat die KKS 'n starre, hartelose kommissie is wat nie die Bybel nie, maar die KO gebruik om oudmodiese, onpraktiese gebruike op lidmate af te dwing. Dit was nog altyd die KKS se standpunt dat kerklike sake op 'n kerklike wyse hanteer moet word (KO art. 52.2). 'n *Kerklike wyse* behoort Bybelgetrou te wees. Dit bly steeds die standpunt van die KKS.

**AANBEVELING**
**6.37.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.37.3.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

1. Wie wys die ombudsman aan, aan wie is hy verantwoording verskuldig en wie besoldig hom?

2. Is daar enige Gereformeerde kerk vir wie dit nog erns is om gereformeerd te wees, wat so 'n pos het?

3. Is daar 'n Bybelse voorbeeld van 'n ombudsman?

4. Die KKS noem twee moontlike voorbeelde, t.w. **Debora:** Ri 4:4, 5 ... *en die kinders van Israel het na haar opgegaan vir regspraak ... sodat sy hulle geskille kon bylê* (NAV). Let daarop dat hulle **na haar gegaan het** met hulle probleme.
**Moses**: Ex 18. Let daarop dat al die belangrike sake na Moses verwys is en dat hy *bekwame en regverdige manne* (ouderlinge) moes aanwys om die ander sake te behartig. Die moontlike hiërargie wat hier bemerk word, dui juis op dit wat ons in die Gereformeerde kerkregstelsel het, nl. ouderlingeraad, ring en sinode.

5. Die KKS vind nie in die NT enige dissipel of apostel wat as ombudsman werk nie, so ook geen ander lidmaat. Daar is egter talle teksgedeeltes soos Mt 18 en perikope uit die geskrifte van die apostel Paulus waar duidelike riglyne vir kerklike tug gegee word. Dit vorm die basis van die Gereformeerde kerkreg se tugprosedures en vind so sy neerslag in ons eie KO.

6. Die KKS is van oordeel dat ons die fout op die verkeerde plek soek en op die verkeerde manier probeer oplos.

7. Ons *soek die fout* buite onsself! Dit is of die dominee, of die ouderlingeraad, of die ring en natuurlik, as genoemdes eers almal saam is, dan is dit of die adviseur of die KKS wat die sondaar is.

8. Ons *los dit op* deurdat ons vanaf ons eie podium vertrek, daar waar ek baas is en ek alleen reg is en les bes ek nooit mag verloor nie.

   Waar lê die oplossing?
   By onsself, in ons harte, in ons gedagtes en met ons oë op ons Verlosser Jesus Christus, **prakties** *met ons knieë op die grond en met ons oë in die Bybel.*

## 6.38 Ring van Moot-Sentraal: Uitskakeling van die Eindredakteur van *Die Boodskapper* en Direkteur van Kerkadministrasie as afgevaardigdes na die sinode

**6.38.1** Die sinode besluit om onder LASGEWING VAN PERMANENTE KOMMISSIES by punt Kuratorium, Publikasies en *Die Boodskapper* 'n nuwe punt 6.7 by te voeg.
6.7 Indien die Eindredakteur met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is, kan hy nie na 'n meerdere vergadering afgevaardig word nie.

**Beskrywingspunt**
Die sinode besluit om by die REGLEMENT VIR DIE BRKA die volgende punt 6.1.5 by te voeg:
6.1.5 Indien die Direkteur met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is, kan hy nie na 'n meerdere vergadering afgevaardig word nie.

**6.38.2 Motivering**

1. Die werklading van ons dosente asook ons kerklike amptenare behoort so groot te wees dat daar nie nog tyd afgestaan kan word vir die vele ander aktiwiteite waaraan sommige deelneem nie.

2. Tydens ons eerste sinode was daar gewaarsku dat dit wat in die NG Kerk gebeur het, nie ook by ons mag gebeur nie.

**6.38.3 AANBEVELING**
**6.38.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.38.3.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**6.38.4 Motivering**

1. Die indieners van die beskrywingspunt het op geen enkele wyse aangetoon dat daar 'n werklike leemte in die Kerkorde bestaan nie. Daar is ook van geen Skriftuurlike of Dogmatiese motivering gebruik gemaak om die saak te staaf nie. Die KKS vind ook geen soeke in die Belydenisskrifte of ander kerkordes vir hierdie voorstel nie.

2. Sinodale besluit 18, bl. 144, KO 2000-uitgawe reël baie duidelik saam met art. 38.2 dat leraars in diens van die kerk wat met beperkte opdrag werk wel die sinode mag bywoon. Slegs indien daar wel 'n leraar in die gemeente is, mag hulle nie. Waarom sonder die indieners van die beskrywingspunt hierdie twee uit?

3. Die beskrywingspunt skep die indruk van 'n persoonlike aanval wat hierdie vergadering nie waardig is nie.

**6.39 Ring van Stellenbosch: Wysiging van artikel 37 van die Kerkorde**

**6.39.1** Die sinode voeg 'n nuwe artikel 37.9 by artikel 37 van die Kerkorde wat handel oor die werksaamhede van die ring, nl.: Art. 37.9 *die reg om die stigting van gemeentes af te keur waar dit nie tot voordeel van die ring is nie.*

**6.39.2 Motivering**

1. Volgens die Kerkorde is die ring bloot 'n rubberstempel by die stigting van die gemeentes, want die ring **moet** die stigting goedkeur as aan al die vereistes van bep. 37A voldoen is.

2. Kleiner gemeentes kom so tot stand wat, hoewel finansieël dalk selfstandig, probleme veroorsaak t.o.v. amptelike dienste (bv. sakramentsbediening, bevestiging van kerkraadslede en voornemende lidmate) waar daar nie genoeg konsulente in die ring is nie.

3. Gemeentes het ook so tot stand gekom nie vanweë natuurlike groei en vir die uitbreiding van die Koninkryk van God nie, maar vanweë onderlinge twiste en skeuringe waarin die ring geen jurisdiksie het nie omdat sodanige gemeente voldoen aan die vereistes van KO vir afstigting.

4. Indien afstigting nie tot voordeel van die ring is nie vanweë 'n onmoontlike las op die ringskonsulente of onopgeloste twiste en skeuringe, sal afkeuring van afstigting:
4.1 alle oorhaastige gemeentevorminge verhoed;
4.2 die ring genoeg geleentheid bied om relevante twiste en skeuringe kerkordelik aan te spreek;
4.3 gemeentes opskerp om eers reëel te groei voordat afstigting begeer en geregverdig kan word.

**6.39.3 AANBEVELING**
**6.39.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.39.3.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**6.39.4 Motivering**

1. Elkeen van die Tien Gebooie is in die negatiewe geskryf.... Jy mag nie ... ; tog weet elkeen van ons dat elke gebod ook 'n duidelike positiewe betekenis het.

2. As 'n ring volgens die huidige art. 37 met sy bepalings vind dat daar leemtes is, moet hy dan die stigting goedkeur? Hoegenaamd nie! Broeders, bestaan daar dalk een of ander leemte? Weet die ring nie wat alles ondersoek moet word nie? Indien wel, wys dit uit.

3. Wil u graag die ring sterk maak? Die ring se krag en gesag setel in dié van sy deelnemende kerkrade. Sy krag lê nie in sy eenheid of die feit dat *ons baie* is nie, maar in sy geloof. Die kerk, of dit een plaaslike gemeente of meer is, is altyd die liggaam van Christus en daarom lê sy krag in Christus. Die ring of sinode is vergaderinge waar deelnemende kerkrade met geloofsbriewe vergader. Voetius sê dat so 'n vergadering nie beteken dat 'n nuwe struktuur van die kerk totstand kom nie. Moenie gesag aan 'n vergadering wil gee wat die Skrif nie gee nie.

4. Die ring is nie die liggaam wat die *te stigte kerk (gemeente)* gaan bedien, administreer of geldelik help nie (gewoonlik gee die kerk (gemeente) van wie afgestig word aan die te stigte gemeente 'n bruidskat). Die nuwe plaaslike kerkraad sorg vir die bediening, administrasie en fondse.

**6.40 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 32A**

**6.40.1** Die sinode besluit om artikel 32A van die Kerkorde soos volg te wysig:

**Ou redaksie**
*Die magte van die kerkraad van elke plaaslike Afrikaanse Protestantse kerk (gemeente) is ...*

**Nuwe redaksie**
Die magte van die ouderlingeraad van elke plaaslike Afrikaanse Protestantse kerk (gemeente) is ...

Die verandering word deurgaans toegepas.

**6.40.2 Motivering**

Die ouderlingeraad is die vergadering wat tug uitoefen wat in meeste van die gevalle die sake sal wees waaroor regsgedinge in 'n wêreldse hof sal handel. Volgens hierdie artikel is die kerkraad die regspersoon wat sal beteken dat die kerkraad in 'n hofgeding betrokke kan raak oor 'n besluit of handeling van die ouderlingeraad wat nie die regspersoon is nie. Dit sal die onhoudbaarheid van die situasie verander as die ouderlingeraad die regspersoon is.

**6.40.3 AANBEVELING**
**6.40.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.40.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.40.4 Motivering**

1. Ernstige hofgedinge het byvoorbeeld al plaasgevind oor kerklike eiendom en geldverduistering. Raak dit die ouderlinge alleen?

2. Wat maak ons met artikel 30 van die NGb. ... ook opsieners en diakens om saam met die herders as 't ware 'n Raad van die Kerk te vorm ... is dit in stryd met die Woord? Dan moet ons dit regmaak en alvorens al die ander gereformeerde kerke die NGb. dusdanig verander het, bly die huidige die Belydenis.

3. Is dit net die ouderling wat besluitnemingsbevoegdheid het? Wat van die ander ampte, het die profeet geen verantwoordelikheid of besluitnemingsbevoegdheid en so ook die priester nie? Word die profeet alleen geduld omdat hy die lerende ouderling is? Moet die priester die middele insamel, maar mag nie saam besluit oor die aanwending daarvan nie? Die diaken moet opmerksaam kyk na die omstandighede van die wese en weduwees en die hulpbehoewendes, maar mag nie saam besluit of daar gehelp sal word of nie, dit doen die regeerders alleen. Dien dit regtig die saak van ons Meester en die Presbiteriale kerkregeringstelsel?

4. Het net die ouderlinge 'n sê oor die eiendom van die gemeente? In Ou Testamentiese terme sou ons kon sê die priesters moes die tempel bou, maar die koning alleen kon besluit wat met en in die tempel gedoen kon word.

5. Kan net die ouderlinge 'n leraar beroep? Is dit net hulle wat 'n dienskontrak met die leraar aangaan? So 'n kerkraad lyk bra *smal*.

### 6.41 Ring van Derby: Wysiging van Bepaling 65A

**6.41.1** Die sinode besluit om bepaling 65A met 'n punt 7 uit te brei.

**Huidige redaksie**
Die Raad vir Kerkadministrasie is gemagtig om

1. roerende en onroerende eiendom te besit, te koop, te verkoop, te ruil, as geskenk te aanvaar, te skenk, te verbind en die verbande te registreer, te belas deur serwitute of enige ander beswaring en sulke serwitute of beswaringe te registreer;

2. enige kontrak met enige ander party aan te gaan en sulke kontrakte te registreer indien deur die wet vereis;

3. op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik;

4. garansies uit te reik;

5. enige eis te bestry of in te stel in enige hof van die Republiek van Suid-Afrika of enige ander land;

6. lenings aan te gaan.

**Voorgestelde redaksie**
Voeg na punt 6 hierbo 'n punt 7 by wat soos volg lui:
... verantwoordelikheid te aanvaar vir alle besluite van meerdere vergaderings wat volgens die Kerkorde korrek geneem is en vir alle kostes wat daarmee gepaard gaan, te begroot.

**6.41.2 Motivering**

1. Die ringe en sinode het nie regsbevoegdheid nie.

2. Die sinode het reeds in 1999 besluit om 'n polis as voorsorgmaatreël uit te neem. Sien *Handelinge van die Sinode 1999*, bl. 507, pt. 4.13 wat lees: *Die sinode besluit dat die BRKA en FK die moontlikheid sal ondersoek en uitvoer om 'n polis vir regsaanspreeklikheid uit te neem om die RKA teen die moontlike nadelige implikasies van besluite van meerdere vergaderings te beskerm.*

   Hierdie besluit is tot op hede nie uitgevoer nie.

3. Die kerkverband word deur die hof as 'n vrye vereniging beskou teen wie geen eise ingestel kan word nie.

**6.41.3 AANBEVELING**
**6.41.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.41.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.41.4 Motivering**

1. Die ring sê in sy motivering dat die howe die kerk as 'n vereniging sien. Die howe het die kerk nog altyd volgens die jurisdiksiereëls vir klubs hanteer. Die kerk se eie *konstitusie*, die Kerkorde, word deur die hof eerbiedig. Die Kerkorde moet net nie met homself in stryd wees nie en die kerk moet dit reg toepas.

2. Waarom wil ons so 'n probleem nou die ring of die sinode se verantwoordelikheid maak? Het die probleem nie in gemeente X ontstaan nie? Het die ouderlingeraad van X nie advies gevra nie? As u in 'n wêreldse saak vir u prokureur raad vra en u verloor later u saak, betaal u prokureur dan u teëparty, skeld hy dan dit wat u hom skuld vir die saak kwyt? Verseker nie, want dit is u saak, hy is net die funksionaris wat namens u optree. Net so is dit gemeente X se saak en die ring en die KKS tree net op om advies, raad en hulp te gee.

3. As daar 'n instansie is wat homself moet probeer verskans as daar probleme opduik, dan is dit die plaaslike kerkraad, nie die ring of die sinode nie.

### 6.42 Ring van Hennenman: Bywoning van begrafnisse

**6.42.1** Wysiging van sinodebesluit: KO 2000-uitgawe, bl. 136, pt. 5

**Huidige redaksie**
Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede (*Handelinge Sinode 1987*, bl. 64, pt. 104). Dié besluit is weer so aanbeveel by die sinode van 1988 (*Handelinge Sinode 1988*, bl. 56, pt. 65.4). Die sinode van 1989 besluit verder:

5.1 Die sinode beklemtoon dit opnuut dat die AP Kerk 'n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners is en dat lidmaatskap daarvolgens deur die Kerkorde vasgestel is.

5.2 Die sinode spreek hom onomwonde uit teen enige gesamentlike byeenkomste met ander volke as 'n poging om daarmee die eenheid in Christus sigbaar te demonstreer.

5.3 Die sinode distansieer hom ten sterkste van enige poging om die kerk dienstig te maak aan 'n politieke beleid van integrasie deur deelname aan gemengde godsdienste byeenkomste.

Die sinode van 1990 het die besluit van 1987 herbevestig (*Sakelys Sinode 1990*, bl. 157; *Handelinge Sinode 1990*, bl. 582, pt. 100.22.3)

**Nuwe redaksie**
*Kerkrade besluit, soos in die geval van enige ander besluit, met volstrekte meerderheidstem van die teenwoordige lede (soos bepaal in KO 2000 bl. 53, ordereël 19) of hulle gemeentelike eiendom beskikbaar stel vir begrafnisse wat deur anderskleuriges bygewoon sal word. So 'n besluit kan, soos enige ander besluit, in hersiening geneem word soos bepaal in ordereëls 25 en 26 van die KO 2000-uitgawe.*

*5.1 Die sinode beklemtoon dit opnuut dat die AP Kerk 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners is en dat lidmaatskap daarvolgens deur die Kerkorde vasgestel is.*

*5.2 Die sinode spreek hom onomwonde uit teen enige gesamentlike byeenkomste met ander volke as 'n poging om daarmee die eenheid in Christus sigbaar te demonstreer.*

*5.3 Die sinode distansieer hom ten sterkste van enige poging om die kerk dienstig te maak aan 'n politieke beleid van integrasie deur deelname aan gemengde godsdienstige byeenkomste.*

**6.42.2 Motivering**

Die huidige besluit is te vaag en leen hom nie tot 'n duidelike interpretasie nie soos uitgewys in besprekings in die kerkraad, in sinodestukke en navrae by die KKS. Dit bevat ook verskeie anomalieë, soos deur navrae by die KKS bevestig, waaronder die volgende:

Die feit dat 'n besluit oor die bywoning van 'n begrafnis deur anderskleuriges, eenparig deur gemeentelede aanvaar moet word, verleen by implikasie aan gemeentelede stemreg oor hierdie saak terwyl die Kerkorde slegs by die beroeping van leraars en die verkiesing van kerkraadslede stemreg aan gemeentelede verleen (sien artikels 11A en 23.1 saamgelees met Ordereël 1 van die 2000-uitgawe van die Kerkorde).

Ordereël 19 bepaal uitdruklik dat 'n vergadering sy besluite met volstrekte meerderheidstem van die teenwoordige lede moet neem, dus is enige bepaling dat 'n besluit eenparig deur gemeentelede geneem moet word, in stryd hiermee.

Daar word beklemtoon dat hoewel 'n begrafnis nie 'n erediens onder kerkraadstoesig is nie, en inderdaad 'n familie-aangeleentheid is (vgl. bv. B1, pt. 2, bl. 60 en sinodebesluite, pt. 14, bl. 142 van die 2000-uitgawe van die Kerkorde) het die kerkraad wel die bevoegdheid om oor die gebruik van die gemeente se eiendom te besluit (vgl. bv. art. 32A.8.1, bl. 24 en sinodebesluite, pt. 14, bl. 142 van die 2000-uitgawe van die Kerkorde).

Voorts word genoem dat eenheid van optrede dwarsdeur die kerkverband, wat immers die doel van die Kerkorde is, oor hierdie netelige aangeleentheid nie verkry sal word indien die voorskrif vir die neem van 'n besluit daaroor nie duidelik en ondubbelsinnig is nie.

**6.42.3 AANBEVELING**
**6.42.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.42.3.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.42.4 Motivering**

Die beskrywingspunt wysig slegs die feit dat die gemeente eenparig die saak moet goedkeur. Die wysiging bring die besluit in lyn met die res van die Kerkorde dat die gemeente alleen stem by die verkiesing van kerkraadslede en die beroeping van 'n leraar.

**6.43 Ring van Hennenman: Bywoning van begrafnisse en troues**

**6.43.1** Die ring van Hennenman versoek die sinode om meer duidelikheid oor die bywoning van begrafnisse en troues deur anderskleuriges

Dat die huidige besluit oor die bywoning van anderskleuriges by begrafnisse en troues indringend hersien sal word, aangesien die huidige besluit nie duidelike riglyne aan kerkrade gee nie en dat dit verwarring skep.
Die ring van Hennenman lê die volgende beskrywingspunt voor:
Dat die sinodebesluit van 1987 hersien sal word en soos volg sal lees:

1. Die sinode herbevestig sy vorige besluite insake bywoning van anderskleuriges by alle kerklike byeenkomste

2. Dat wat betref die bywoning van anderskleuriges by begrafnisse, enkeles op meriete met toestemming van die dagbestuur van die kerkraad wel sal toegelaat word om die roudiens in die kerk by te woon.

3. Dat by huwelike dit die voorreg van die ouers aan beide kante sal wees om gaste pesoonlik en skriftelik na die huweliksbevestiging uit te nooi. Indien die ouers anderskleuriges na die huweliksbevestiging uitnooi, word hulle versoek om die huwelik in 'n ander kerk te laat plaasvind waar anderskleuriges toegelaat word.

**6.43.2 AANBEVELING**
**6.43.2.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.43.2.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**6.43.3 Motivering**
Die indieners van die beskrywingspunt wil by geleentheid andersvolkiges toelaat, maar alhoewel begrafnisse en troues albei familie-aangeleenthede is, word daar ook onderskeid tussen die twee geleenthede getref. Die voorstel skep in sigself verwarring, want dit huldig verskillende standpunte vir verskillende aangeleenthede. Dit bly steeds 'n verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad en u broeders kerkraadslede moet weet dit is nie u kerk nie, dit is Christus se kerk. U besluit moet nie uself en u gemeente bevredig nie, maar juis die Hoof van die Kerk.

**6.44 Ring van Newcastle: Sinode betrokke by kleiner gemeentes**

**6.44.1** Die sinode beveel aan dat hy meer betrokke raak by soveel kleiner gemeentes wat werklik probeer oorleef, maar weens sy omstandighede nie die mas kan opkom nie.

**6.44.2 Motivering**

Kleiner gemeentes in Noord Natal sou baie daarby gebaat het as daar betyds hulp en raad voorsien kon word toe hulle dit nodig gehad het. Dit is veral in Natal waar die AP Kerk nog geweldig sukkel om uit te brei en sy gemeentetal te versterk. Hy kan nie bekostig om aan die agterspeen te suip nie (sien ook Kerkorde onder SINODEBESLUITE ITEM 1.8 hou verband).

**6.44.3 AANBEVELING**
**6.44.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.44.3.2 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**6.44.4 Motivering**

1. Die sinode is 'n tydelike vergadering wat ontbind na sy sitting, en die beskrywingspunt kan gevolglik nie vra dat *die sinode* meer betrokke raak by kleiner gemeentes nie.

2. Hierdie saak is reeds deur die negende sinode goedgekeur deur die volgende besluit: *Die sinode besluit dat die SKK moet voortgaan met beplanning rondom bediening aan onselfstandige, hulpbehoewende gemeentes* (vgl. *Handelinge van die Negende Sinode*, pt. 1.2.1, bl. 393).

3. In 1997 is reeds 'n voorstel goedgekeur t.o.v. bediening aan kleiner gemeentes (vgl. *Handelinge 1997*, pt. 233, bl. 322, *Sakelys 1999*, pt. 20.12, bl. 8 en *Handelinge 1999*, pt. 20.12, bl. 417) wat gekoördineer word deur die SKK.

4. Aangesien die AP kerke die gedagte van 'n sinodokrasie verwerp, kan geen sinode of kommissies in die werksaamhede van 'n kerkraad of ring inmeng nie, tensy genoemde vergadering/s 'n versoek aan 'n bepaalde kommissie rig (art. 26.2). Versoeke vanaf behoewende gemeentes in hierdie verband moet dus aan die SKK gerig word om leiding te verskaf aan kleiner gemeentes.

**6.45 Ring van Newcastle: Verandering van onderskrif by naam van Kerk**

**6.45.1** Die ring beveel aan dat die onderskrif *onder blanke Afrikaners* vervang moet word met *vir die Boerevolk.*

**6.45.2 Motivering**

ARGUMENTE VIR VERANDERING VAN ONDERSKRIF – APK
.. *onder blanke Afrikaners*

1. Toe kerk gestig is in 1987 was die land nog in 'n rasse-bedeling. Staatkundig was daar 'n drie-kamer parlement vir Blankes, Indiërs en Kleurlinge. Sedertdien is ons nou in 'n bedeling waar rassisme en apartheid negatief gesien word. Daarmee saam was daar wêreldwyd 'n ontwaking van die erkenning vir etnisiteit en nasionalisme (bv. Oos-Europa en Rusland). Volkere kry weer erkenning teenoor negativering van rasse onderskeid.

2. Die terme Blanke Arikaner is om die volgende redes negatief:
- dit skep ruimte vir kritiek teen die kerk as rassisties;
- dit impliseer dat daar ook ander kleur Afrikaners is.

3. Daar is al meer 'n tendens vir die gebruik van die term Boere-Afrikaner vir ons volksgenote ter onderskeiding van onsself van die volksvervreemde Blankes.

4. Die term Afrikaner is wyd en sluit baie mense in wat hulle nie noodwendig vereenselwig met die volk se vryheidstryd, kultuur, geskiedenis en voortbestaan nie.

5. Weens die groeiende kloof tussen die twee soorte Afrikaners sal daar uiteindelik net dié wees wat bekend staan as Boere en die ander stroming wat Suid-Afrikaners en uiteindelik Azaniërs sal word.

6. Hoekom die term Boer gebruik:

- na volksplanting het ons voorouers bekend gestaan as Trekboere wat onder die Hollands-Oos Indiese Kompanjie se beheer uitgetrek het en in vryheid wou leef.
- Daarna het die Voortrekkers weens Engelse oorheersing weggetrek uit die Kaap om hulle vryheid in die binneland te vind.
- Die Boere Republieke is opgerig en deur die Boere tydens die Boere-oorlog wat die Engelse teen die Boerevolk gevoer het, verdedig.
- Met Uniewording en Republiekwording is gepoog m die nasie te verenig onder die term Afrikaner wat almal van die Kaap tot Transvaal ingesluit het wat in een staatkundige bedeling geleef het.
- Noudat ons weer onder vreemde oorheersing staan, kom die noodsaak vir die identifisering van die vryheidsliewende lede van die volk weer na vore en daarom die behoefte vir die herlewing van die term Boer vir die volk wat as volk wil bly voortbestaan.

7. Deur jouself te benaam as Boer sluit jy al die tegniese argumente uit rondom die definisie van 'n Afrikaner of almal wat Afrikaans praat deel daarvan is. Geen Kleurling of liberalis gaan homself probeer definieer as 'n Boer nie.

8. Wêreldwyd ken almal die Boere as daardie volk wat aan die Suidpunt van Afrika nog altyd geveg het vir hulle vryheid en onafhanklikheid. Dit is onder daardie volk wat ons kerk wil wees.

**6.45.3 AANBEVELING**
**6.45.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.45.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.45.4 Motivering**

1. Die besluit van 1997 word gehandhaaf (*Handelinge van die Agtste Sinode,* bl. 274, pt. 3.4)

2. Die onderskrif het reeds goed inslag gevind onder die kerkvolk en 'n verandering sal nie noodwendig positief wees nie.

3. Die verwysing in die motivering oor die geskiedenis is nie in alle opsigte histories korrek nie.

**6.46 Ring van Kimberley: Nagmaalgebruik**

**6.46.1** Die sinode besluit dat lidmate van die NG Kerk en die Gereformeerde Kerk nie die Heilige Nagmaal in 'n plaaslike AP Kerk mag gebruik nie.
**6.46.2** Die sinode besluit dat predikante van die NG Kerk en die Gereformeerde Kerk nie die Woord in 'n plaaslike AP Kerk mag bedien nie.

**6.46.3 Motivering**

Die AP Kerk laat nie lidmate van 'n sekte toe om saam die Heilige Nagmaal in 'n plaaslike AP Kerk te gebruik nie, as gevolg van leerverskille. Ernstige leerverskille bestaan tussen die AP Kerk en die Gereformeerde en NG Kerke. Leerverskille in die lig van die Woord van God en ten opsigte van:

- volkerebeskouing
- Nagmaalbediening aan dooplidmate
- Belydenisskrifte

Ons vertrou dat hierdie beskrywingspunt die Kerk van Jesus Christus sal dien in sy stryd tot Skrifgebondenheid en –suiwerheid

**6.46.4 AANBEVELING**
**6.46.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.46.4.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.46.5 Motivering**

1. Die argumentasie wat aangevoer word deur die ring van Kimberley ter motivering van hierdie beskrywingspunt, is die klassifisering van die NG en Gereformeerde Kerke as sektes. Deur hierdie argumentasie maak die ring homself skuldig deur by implikasie te argumenteer dat die AP Kerk teenoor hierdie kerke staan as die *ware* kerk. Om hierdie vlymskerp klassifikasies te maak, sou self neerkom op verwaandheid en geestelike arrogansie. Daarom onderskei ons in die gereformeerde wetenskappe tussen suiwer en minder suiwere kerke, maar eien ons onself nie die reg toe om die AP kerke as die enigste ware kerk te proklameer nie.

2. Hierdie beskrywingspunt staan teenoor artikel 43 wat lidmate vanuit ander erkende Gereformeerde kerke toelaat tot deelname aan die Nagmaal.

3. Hierdie beskrywingspunt staan teenoor artikel 4 (saamgelees met die sinodebesluit (bylae 2, KO 2000, bl. 61)) dat lidmate van hierdie kerke met bewys van lidmaatskap gemeenskap met die AP kerke mag opneem sonder om weer belydenis van geloof af te lê.

4. Hierdie beskrywingspunt staan ook teenoor die gees van wat Sinode 1999 besluit het t.o.v. die verhouding tussen die AP kerke en die NG Kerk. Veral die volgende punte van die besluit word beklemtoon:

4.1 Die twee kerke onderneem om die volgende Skrifbeginsel deurgaans in hulle onderlinge verhoudinge te eerbiedig: *Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe* (Ef 4:2-3)

4.2 Die twee kerke doen 'n beroep op alle predikante, kerkrade en lidmate om mekaar, as 'n getuienis in hierdie wêreld, soos ware broers en susters te bejeën en te behandel.

4.3 Die kerke moedig alle lidmate aan om op plaaslike vlak met agting vir die verskeidenheid – ook van verskillende standpunte – en vir die eenheid in Christus met mekaar om te gaan. Verskille mag nooit in bitter geskille ontaard nie (vgl. *Handelinge Negende Sinode 1999,* bl. 393, pt. 18).

5. Die gebruik van Nagmaal deur lidmate van ander kerke (ook ander gemeentes binne die AP kerke), staan onder die toesig van die plaaslike ouderlingeraad (bepaling 43C, KO 2000). Ouderlingerade word eerder aangemoedig om hierdie bepaling met die nodige erns in hulle gemeentes toe te pas.

6. Hoewel die AP Kerk geensins die kindernagmaal goedpraat nie en ook wel ernstige besware daarteen het, met die nodige getuienis daaroor teenoor die NG Kerk, is dit ook in hierdie geval die taak en roeping van die betrokke ouderlingerade om met sorg toesig te hou oor die tafel van die Here om dusdanige gebruikers te weer. Daarom bly dit belangrik om elke sinodeganger weereens met erns daarop te wys dat die Nagmaal in die AP kerke nie 'n *oop* Nagmaal is nie! Enige lidmaat van enige ander kerk (AP kerk ook!), moet aansoek doen by die betrokke ouderlingeraad om saam Nagmaal te gebruik, sodat die Nagmaal nie lukraak aan enige een bedien word en sodoende die toorn van God oor die gemeente verwek nie (vgl. HK v/a 82).

7. Wat betref die prediking van predikante van die NG Kerk en Gereformeerde Kerk in die AP Kerk, word verwys na Bylae 1, KO 2000, bl. 59. Die besluit van die sinode is juis so geformuleer om predikante van hierdie kerke met groot omsigtigheid op die kansels van die AP kerke toe te laat. Daarom het die sinode besluit dat *'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/NH Kerk/Geref. Kerke/ARK – slegs by wyse van* ***hoë uitsondering, en as tydelike maatreël*** mag preek in die AP kerke. Dit kan alleen geskied met die medewete en goedkeuring van die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium wat skriftelik verleen word na behoorlike skriftelike motivering deur die kerkraad wat toestemming daartoe vra (KO 2000, bl. 59).

8. Aangesien die ouderlingerade van plaaslike kerke verantwoordelik is vir die toesig oor die leer wat leraars voordra (vgl. Eietydse formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens), bly dit die verantwoordelikheid van elke ouderlingeraad om in gevalle van *hoë uitsondering* waar predikante van genoemde kerke in gemeentes preek, hulself te

vergewis van dusdanige leraars se leer en/of lewe voordat hulle aansoek doen by die SKK of Kuratorium, dat bepaalde leraars van genoemde kerke by hulle kan preek.

9. In die motivering van die ring van Kimberley stel hulle dat daar *leerverskille bestaan in die lig van die Woord van God ten opsigte van belydenisskrifte.* Genoemde kerke het egter nie ander belydenisskrifte as dieselfde ses wat die AP kerke onderskryf nie.

**6.47 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 11**

**6.47.1** Die sinode besluit om artikel 11 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**

Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n kerkraadsvergadering, waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word.

**Nuwe redaksie**

*Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n ouderlingeraadsvergadering, waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word.*

Die verandering van kerkraad na ouderlingeraad word konsekwent in art. 11 so gewysig.

**6.47.2 AANBEVELING**

**6.47.2.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.47.2.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.47.3 Motivering**

1. Geen motivering word gegee waarom die bepaalde artikel verander moet word nie.

2. Die voorgestelde verandering word nie as 'n verbetering beskou nie.

3. *Die kerkraad verteenwoordig die plaaslike gemeente in sy sigbare, georganiseerde gestalte ...* (Kleynhans 1985, III, 41)

4. Volgens artikel 18 is die plaaslike kerk verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord en is dit gevolglik die kerkraad as verteenwoordiger van die plaaslike gemeente wat ook hierdie verantwoordelikheid het.

5. Hoewel die ouderlingeraad verantwoordelik is vir die opsig en regering, strek die dienste van die leraar wyer as slegs dié van 'n verantwoordelikheid teenoor die ouderlingeraad.

**6.48 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 12**

**6.48.1** Die sinode besluit om artikel 12 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**

Die beroepende vergadering gee dadelik aan die beroepene kennis van die beroep, berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die Kerk, en versend so gou moontlik die beroepsbrief wat deur die kerkraadslede onderteken is.

**Nuwe redaksie**

*Die beroepende vergadering gee dadelik aan die beroepene kennis van die beroep, berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die Kerk, en versend so gou moontlik die beroepsbrief wat deur die ouderlingeraad onderteken is.*

Die verandering van kerkraad na ouderlingeraad word konsekwent in art. 12 so gewysig.

**6.48.2 AANBEVELING**

**6.48.2.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.48.2.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.48.3 Motivering**

Vgl. *Motivering* by voorgestelde verandering van artikel 11.

**6.49 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 13**

**6.49.1** Die sinode besluit om artikel 13 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om skriftelike beswaar by die kerkraad aan te teken voor verstryking van die periode van approbasie, op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene, of op grond van onreëlmatigheid in verband met die beroep.

**Nuwe redaksie**

*Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om skriftelike beswaar by die ouderlingeraad aan te teken voor verstryking van die periode van approbasie, op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene, of op grond van onreëlmatigheid in verband met die beroep.*

Die verandering van kerkraad na ouderlingeraad word konsekwent in art. 13 so gewysig.

**6.49.2 Motivering**

Art. 13A wys duidelik dat 'n kerkraad nie tugbevoegdheid oor die leraar het nie. Dit is nie konsekwent nie dat een vergadering (kerkraad) 'n leraar kan beroep, maar 'n ander vergadering (ouderlingeraad) het tugbevoegdheid oor hom. Dieselfde vergadering wat beroep moet ook tog die bevoegdheid hê om die band los te maak. Daarom is dit kerkregtelik meer korrek dat die kerkraad in die bogenoemde artikels met ouderlingeraad vervang word.

Dieselfde geld natuurlik vir art. 23, 24, 34C, E.

**6.49.3 AANBEVELING**

**6.49.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.49.3.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.49.4 Motivering**

1. Dit is wel korrek so dat die ouderlingeraad verantwoordelik is vir opsig en tug in die plaaslike kerk en die bevoegdheid tot tug by die ouderlingeraad lê.

2. Die motivering van die beskrywingspunt wat stel dat *dit nie konsekwent (is) dat een vergadering (kerkraad) 'n leraar kan beroep, maar 'n ander vergadering (ouderlingeraad) ... tugbevoegdheid oor hom (het)*, is egter nie suiwer nie.

3. Bepaling 13A word as volg gewysig: *wanneer die voorsitter of skriba van die ouderlingeraad die beswaar ontvang, word 'n ouderlingeraadsvergadering onverwyld belê om die beswaar te oorweeg.*

**6.50 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 36**

**6.50.1** Die sinode besluit om artikel 36 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**

36.4 Elke afvaardigende kerkraad moet sy afgevaardigde(s) van 'n geloofsbrief voorsien.

**Nuwe redaksie**

*36.4 Elke afvaardigende ouderlingeraad moet sy afgevaardigde(s) van 'n geloofsbrief voorsien.*

**Ou redaksie**

36.5 Indien geen ringskommissie deur die vorige ring benoem was nie, roep die kerkraad van die gemeente wat in die ringsressort die oudste is, 'n ring op.

**Nuwe redaksie**

*36.5 Indien geen ringskommissie deur die vorige ring benoem was nie, roep die ouderlingeraad van die gemeente wat in die ringsressort die oudste is, 'n ring op.*

**6.50.2 Motivering**

Die sinode van 1999 het besluit dat slegs ouderlinge sittingsreg op meerdere vergaderings het. As slegs ouderlinge na 'n ring afgevaardig kan word, is dit tog logies dat die ouderlingeraad die vergadering is waarvandaan afgevaardig moet word. So ook is dit dan die oudste ouderlingeraad wat 'n ring moet bymekaar roep.

Dieselfde beginsel moet nou ook op artikel 38.2 toegepas word wat handel oor die afvaardiging na 'n sinode.

**6.50.3 AANBEVELING**
**6.50.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.50.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.50.4 Motivering**

1. Meerdere vergaderings is vergaderings van kerke in kerkverband.

2. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings word dus gekies deur die kerkraad, as verteenwoordiger van die plaaslike kerk.

3. Diesulke afgevaardigdes verteenwoordig dan hulle kerkrade tydens die meerdere vergaderings, hoewel die kerkrade slegs ouderlinge mag verkies. Die meerdere vergaderings word dan saamgestel deur kerkrade van die kerkverband.

4. Dieselfde argument geld t.o.v. die verantwoordelikheid van die kerkraad wat ringsittings byeen kan roep. Die ring is tog nie 'n vergadering van plaaslike kerke se ouderlingerade nie, maar van die kerkrade! Die plaaslike kerkraad word egter beperk tot die verkiesing van ouderlinge na die ring, vanweë die aard en funksie van die ring.

**6.51 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 41**

**6.51.1** Die sinode besluit om artikel 41 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**
Vir gewone vergaderings van die sinode moet 'n kerkraad die geloofsbriewe ...

**Nuwe redaksie**
*Vir gewone vergaderings van die sinode moet 'n ouderlingeraad die geloofsbriewe ...*

**6.51.2 Motivering**

Aangesien die afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering net uit ouderlinge bestaan, is dit tog logies dat dit die ouderlingeraad moet wees wat die afgevaardigdes stuur.

Al die ander plekke in die KO waar die kerkraad nog genoem word t.o.v. sake wat die ouderlingeraad moet hanteer, moet asseblief hiermee saam gewysig word.

**6.51.3 AANBEVELING**
**6.51.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.51.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.51.4 Motivering**

1. Meerdere vergaderings is vergaderings van kerke in kerkverband.

2. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings word dus gekies deur die kerkraad, as verteenwoordiger van die plaaslike kerk.

3. Diesulke afgevaardigdes verteenwoordig dan hulle kerkrade tydens die meerdere vergaderings, hoewel die kerkrade slegs ouderlinge mag verkies. Die meerdere vergaderings word dan saamgestel deur kerkrade van die kerkverband.

4. Dieselfde argument geld t.o.v. die verantwoordelikheid van die kerkraad wat ringsittings byeen kan roep. Die ring is tog nie 'n vergadering van plaaslike kerke se ouderlingerade nie, maar van die kerkrade! Die plaaslike kerkraad word egter beperk tot die verkiesing van ouderlinge na die ring, vanweë die aard en funksie van die ring.

**6.52 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 41**

**6.52.1** Die sinode besluit om artikel 41 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**
41.1 Die aanwysing van ('n) Bybelvertaling(s) vir amptelike gebruik

**Nuwe redaksie**
*41.1 Die aanwysing van ('n) Bybelvertaling(s) en sangbundel(s) vir amptelike gebruik*

**6.52.2 Motivering**
Juis omdat daar nou meer as een Psalmboek bestaan, moet die sinode 'n besluit daaroor neem en sal dit gepas wees as hierdie artikel dit sê.

**6.52.3 AANBEVELING**
**6.52.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.52.3.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.**

**6.52.4 Motivering**

In praktyk bestaan die gebruik reeds dat plaaslike kerke nie sangbundels mag gebruik wat nie deur die sinode goedgekeur is nie.

**6.53 Ring van Mooinooi: Wysiging van artikel 42**

**6.53.1** Die sinode besluit om artikel 42 soos volg te wysig:

**Ou redaksie**
42.2 Die inrigting van die erediens word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van Bybelvertalings, wat vir amptelike gebruik aanvaar is, die liturgiese orde van die erediens, die Psalm- en Gesangeboek en liturgiese formuliere.

**Nuwe redaksie**
*42.2 Die inrigting van die erediens word deur die ouderlingeraad vasgestel met gebruikmaking van Bybelvertalings, wat vir amptelike gebruik aanvaar is, die liturgiese orde van die erediens, die Psalm- en Gesangeboek en liturgiese formuliere.*

**Ou redaksie**
42.3. Die leiding van die erediens berus by die plaaslike bedienaar(s) van die Woord óf in sy (hul) afwesigheid, die konsulent of ander predikant van die AP kerke deur die kerkraad daartoe versoek; óf deur 'n manlike lidmaat van daardie A P kerk, deur die kerkraad aangewys, wat 'n leesdiens hou

**Nuwe redaksie**
*42.3 Die leiding van die erediens berus by die plaaslike bedienaar(s) van die Woord óf in sy (hul) afwesigheid, die konsulent of ander predikant van die AP kerke deur die ouderlingeraad daartoe versoek; óf deur 'n manlike lidmaat van daardie A P kerk, deur die ouderlingeraad aangewys, wat 'n leesdiens hou*

**6.53.2 Motivering**

Slegs die ouderlingeraad het die roeping om opsig en toesig te hou oor die gemeente. Volgens art. 21 moet die ouderlingeraad waak oor die suiwerheid van die leer, sorg vir die goeie orde, dissipline en instandhouding van die erediens en is verantwoordelik vir gereelde eredienste.

Die KO is hier met homself in teëspraak. As die ouderlinge moet sorg vir die goeie orde in die erediens en moet waak oor die leer wat verkondig word, is dit tog net logies dat dit ook dié

vergadering moet wees wat besluit wie mag preek en watter orde in die erediens gevolg moet word. Hier het die kerkraad geen belang nie.

**6.53.3 AANBEVELING**
**6.53.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.53.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.53.4 Motivering**

1. Die erediens staan in harmonie met al drie die besondere ampte en elkeen het 'n besondere rol waarbinne die erediens tot sy volle ontplooiing kom om die Koning van die Kerk te dien. Daarom word die diakonie nie uitgesluit by die vasstelling van die inrigting van die erediens nie. Dit beteken geensins dat die diakonie 'n regeringsfunksie of opsienerstaak ontvang nie, maar die diakonie het ook 'n taak te verrig binne die erediens. So is dit die taak van die diakonie om die Nagmaal te bedien (binne die erediens!). Hulle kan tog nie uitgesluit word in die beplanning van die inrigting van die erediens nie! In hierdie verband sluit artikel 42.1 mooi aan: *Die erediens is die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die gelowiges onder die genadige werking van die Heilige Gees en* ***onder die leiding van die besondere ampte*** ...

2. Met inrigting van die erediens word verwys na die formele handelinge van die erediens. Die toesig van die ouderlinge word egter steeds verlang oor d*ie suiwerheid van die leer.*

3. Omtrent artikel 42.3: Soos in die geval van 'n leraar wat beroep word, het die kerkraad ook hier belang (vgl. Motivering by voorgestelde wysiging van artikel 11).

**6.54 Ring van Mooinooi: Meervoudsvorm by Kerknaam**

**6.54.1** Die ring besluit om die beskrywingspunt wat handel oor die meervoudsvorm by die Kerknaam weer in te stuur.

a) Die sinode besluit om die meervoudsvorm in die Kerknaam te gebruik as daar van die AP kerkverband gepraat word en dit nie aan 'n bepaalde gemeente verbind word nie, nl. Afrikaanse Protestantse Kerke (Gereformeerde kerke van Christus onder blanke Afrikaners). In 'n plaaslike kerk bly dit uit die aard van die saak in die enkelvoud, bv. Afrikaanse Protestantse Kerk Germiston.

b) Die sinode besluit om die Artikels van die Kerkorde so te wysig dat wanneer daar van die kerkverband gepraat word die meervoudsvorm kerke gebruik word. Byvoorbeeld:
**Ou redaksie artikel 1.2.1:** Die Afrikaanse Protestantse Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

**Nuwe redaksie artikel 1.2.1**
Die Afrikaanse Protestantse Kerke is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

**6.54.2 AANBEVELING**
**6.54.2.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.54.2.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.54.3 Motivering**

Die sinode handhaaf die besluit van die Sinode van 1993, bl. 243, pt.10.1 soos opgeneem in die KO 2000, bl. 141.

**6.55 Ring van Riversdal: Definiëring van 'n kworum**

**6.55.1** Die sinode definieer die betekenis van 'n kworum sodat dit in die Kerkorde opgeneem kan word om onduidelikheid uit te skakel wanneer daar 'n verkiesing in 'n kerklike vergadering plaasvind.

**6.55.2 Motivering**

1. Daar is tans verwarring rondom die term volstrekte meerderheid. Volgens die huidige interpretasie word dit verstaan as die helfte plus een terwyl 'n volstrekte meerderheid in die WAT gedefinieer word as net meer as die helfte.

2. In die praktyk beteken die verskil dat as 'n vergadering uit 10 lede bestaan daar volgens die kerklike interpretasie 6 lede teenwoordig moet wees om 'n kworum te vorm. Wanneer 'n vergadering egter uit 11 lede betaan, kan 6 lede egter nie volgens die huidige interpretasie 'n kworum vorm nie (die helfte plus een), maar moet daar inderdaad 7 lede teenwoordig wees.

**6.55.3 AANBEVELING**
**6.55.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.55.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.55.4 Motivering**

1. Die motivering van die ring van Riversdal beskryf die regte prosedure by die vasstelling van 'n kworum.

2. Dit hoef dus nie nader omskryf te word nie.

**6.56 Ring van Mooinooi: Voorsitter van die sinode**

**6.56.1** Die ring besluit dat die beskrywingspunt wat handel oor die aantal kere wat 'n persoon as voorsitter van die sinode gekies kan word weer ingestuur moet word.

Die sinode besluit om Bepaling 41F soos volg te wysig:

**Ou redaksie**
Niemand mag vir meer as twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie.

**Nuwe redaksie**
*Niemand mag by twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie.*

**6.56.2 Motivering**

1. Daar is geen beginselgrond waarop 'n voorsitter 'n tweede maal herkiesbaar is nie. Ook hier moet gewaak word teen moontlike hiërargie en die skyn van 'n persoon wat as kerkhoof optree.

2. Hierdie bepaling is nie konsekwent nie, want die voorsitter van 'n ring mag nie 'n tweede keer herkies word nie, en die twee voorsitters is tog in wese gelyk.

**6.56.3 AANBEVELING**
**6.56.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.56.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.56.4 Motivering**

1. Soos die motivering aanspraak maak op geen beginselgrond vir waarop 'n voorsitter 'n tweede maal herkiesbaar is nie, net so is daar geen beginselgrond waarop 'n voorsitter nie 'n tweedemaal herkiesbaar is nie.

2. Aangesien 'n sinode 'n buitengewone groot vergadering is wat 'n voorsitter met bepaalde vaardighede vereis, kan kontinuïteit in hierdie geval slegs positief wees.

3. Hiërargiese denke en die gedagte van 'n kerkhoof kan beslis nie na twee sinodale vergaderings bevorder word nie.

### 6.57 Ring van Graniet: Spreekbeurte in sinodale vergaderings

**6.57.1** Die sinode besluit om die spreekbeurt van enige lid van die vergadering onmiddellik te beëindig wanneer die voorsitter of die vergadering oordeel dat daar onbillik of skerp en afbrekend opgetree is.

### 6.57.2 Motivering

Hierdie beskrywingspunt word ingestuur na aanleiding van die 1999 sinode van die Kerk in Pretoria. Dit is met groot bekommernis wat hierdie beskrywingspunt ingestuur word.

Al maak die ordereëls gedeeltelik voorsiening vir gedrag op 'n vergadering, is instuurder van oortuiging dat daar nog sterker opgetree moet word in sodanige omstandighede. Ons lof en dank aan ons hemelse Vader vir baie genade en seën oor die afgelope jare. Baie dankie aan elkeen wat saamwerk dat dit goed gaan. Dit kos inspanning en toewyding om hierdie saak van die kerk uit te bou en te laat werk tot eer van God. Daar is egter tweespalt te bespeur op die sinode, en dit is ook in sommige gemeentes te vinde. Aan die begin het ons gedink dat hierdie tweespalt maar groeipyne was wat mettertyd sou weggaan, maar dit word net erger! Die Afrikaanse Protestantse Kerk behoort in die eerste plek aan God; lidmate het nie die reg om ander lidmate op 'n onbillike manier te behandel nie. Wanneer mens om jou rondkyk, sien mens dit gaan in baie gemeentes geestelik en finansieel sleg. Dis tragies, maar ons mense misbruik die kerk soos dit hulle pas en dan ook soms om mekaar by te kom. Sommige sinode afgevaardigdes gedra hulleself so dat mens jou afvra: Is hierdie mense wat so optree? Geen afgevaardigde het die reg om 'n medegelowige op 'n sinode of enige ander plek aan te spreek op 'n manier wat nie pas by kinders van God nie. Indien 'n afgevaardigde nie iets kan sê of doen wat die saak van die HERE en die kerk tot eer strek nie, moet hy liewer stilbly, of selfs nie sinode toe gaan nie! Met hierdie optrede is ons besig om ons saak in hierdie krisistyd vir die Afrikaner en Christen ontsettend skade te berokken. Ons grootste dank aan prof. Roelof Marè vir die bekwame manier waarop hy alle situasies tydens die 1999-sinode hanteer het.

Ons as Christen-Afrikaners is heeltemal in te groot moeilikheid in hierdie land om mekaar en dus ook die kerk van Jesus Christus só te benadeel. Die huidige situasie in die land bied aan die AP Kerk-lidmate 'n gulde geleentheid om die Afrikaner grotendeels bymekaar te bring. Ons mag hierdie belangrike saak nie daar laat nie.

Mag ons hemelse Vader elkeen ryklik seën, en mag ons van krag tot krag gaan deur ons lidmate se toewyding en harde werk.

**6.57.3 AANBEVELING**

**6.57.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**

**6.57.3.2 Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

**6.57.3.3 Die sinode besluit om onmiddellik na konstituering die volgende interne dissipline te aanvaar:**

**Eerstens: die voorsitter bring ordereëls 12 tot 14 onder die vergadering se aandag.**

**Tweedens: indien enige lid hom op 'n wyse gedra, hetsy deur taal of gedrag wat 'n kerklike vergadering onwaardig is, sal die voorsitter hom onmiddellik tot orde roep en reël dat hy by die eerste geleentheid die dagbestuur van die sinode ontmoet, sodat indien nodig, verdere optrede ooreenkomstig ordereël 14 oorweeg kan word.**

### 6.57.4 Motivering

Die beskrywingspunt bring 'n saak onder die sinode se aandag wat 'n optrede vereis, wat die beginsel van Mt 18 eerbiedig en ook uitvoering gee aan die tweede deel van ordereël 14.

### 6.58 Ring van Clanwilliam: Diakens na meerdere vergaderings

**6.58.1** Die sinode besluit dat diakens na meerdere vergaderings as afgevaardigdes gestuur kan word.

**6.58.2 Motivering**

Die huidige besluit van die sinode berus op 'n teoretiese benadering dat die meerdere vergaderings bygewoon word net deur persone in die lerende en toesighoudende ampte nl. leraar en ouderling. Die praktyk in kerklike regering kom al oor jare waar die diaken wel deel gehad het in meerdere vergaderings. Hierdie praktyk kan nie aangetoon word dat dit skadelik vir die kerkbestuur was nie, ook kan dit nie onomwonde as onkerklik of onbybels bewys word nie.

Met dié dat die diaken uitgesluit word uit meerdere vergaderings word daar egter 'n leemte in ons kerkregering geskep, veral in kleiner plattelandse gemeentes. Die gesonde benadering van kontinuïteit in die kerkregering ly skade omdat die diakens uitgesluit word. In die praktyk beteken dit dat feitlik dieselfde persone jaar na jaar meerdere vergaderings bywoon. Sodoende ontstaan 'n leemte indien die ouderling(e) nie meer beskikbaar is as afgevaardigde nie.

Indien die diaken veral ringsvergaderings kan bywoon, dien die ervaring as leerskool. Sodoende word die leemte aan ervaring wat nou aan die ontstaan is oorkom.

**6.58.3 AANBEVELING**
**6.58.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.**
**6.58.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

**6.58.4 Motivering**

1. In die Sakelys van 1999 bl. 29 – 40 is daar 'n duidelike motivering gegee waarom die diaken nie op meerdere vergaderings met keurstem kan dien nie.

2. Die sinodale besluit berus nie op 'n teoretiese benadering nie, maar op die Woord van God en gereformeerde kerkleer.

3. Die geskiedenis bepaal nie kerklike regering nie, maar wel die kerkregeringstelsel waar hy figureer.

4. Die gereformeerde stelsel ken die begrip kerkregering en nie die kontinuïteit van kerkregering nie.

**6.59 Ring van Migdol: Diakens na meerdere vergaderings**

**6.59.1** Na deeglike bespreking lê die kerkraad graag die volgende beskrywingspunt aan die ring van Migdol voor vir oorweging: Die sinode besluit dat diakens wel as afgevaardigdes van 'n gemeente meerdere vergaderings mag bywoon.

**6.59.2 Motivering**

Deur diakens van meerdere vergaderings uit te sluit, gaan baie kundigheid verlore en ontsê dit kleiner gemeentes die voorreg om waardevolle insette te lewer.

**6.59.3 AANBEVELING**
**6.59.3.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie aangesien daar geen aanduiding is dat dit deur die ring behandel is nie.**

**7. BESWAARSKRIFTE**

**7.1 Ring van Olifantshoek**

**AANBEVELING**
**7.1.1 Die sinode besluit**
**7.1.1.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**
**7.1.1.2 Die inligting met betrekking tot die beswaarskrif sal mondelings tydens die sinode weergegee word.**

**7.2 Ds. JCG Janse van Vuuren**

**AANBEVELING**

**7.2.1 Die sinode besluit**

**7.2.1.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.**

**7.2.1.2 Die inligting met betrekking tot die beswaarskrif sal mondelings tydens die sinode weergegee word.**

**8. Hierdie verslag is opgestel en voorberei deur die volle KKS en goedgekeur op sy dagbestuursvergadering van 9 Mei 2001.**

Ons vertrou dat hiermee uitvoering gegee is aan die opdragte kragtens lasgewing.
Ons bid die vergadering die seën van die Here toe.

DS. AS VAN JAARSVELD (Voorsitter) DR. HM GROBLER (skriba)

# VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE
# Tydperk:12/9/1999-8/5/2001

## 1. PERSONEEL

Primarii: Oudle. BJM Rossouw (voorsitter), SA van der Westhuizen (ondervoorsitter), ds. PR Buitendag (sekretaris), J Serfontein, PJ Fouché, diak. L Minnaar.

Sekundi: Oudl. LR Treurnich, ds. JA de Beer.

Op die vergadering van 2 November 2000 het die FK, as gevolg van die werkslading van ds. Buitendag, mnr. LJ Korkie ampshalwe aangewys as sekretaris van die FK.

## 2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die FK 6 vergaderings gehou.

## 3. ONDERSOEK NA 'N BETER MEDIESE SKEMA

Die negende sinode (*Handelinge* bl. 402, punt 49, 3.1), het die volgende besluit geneem:
"Die sinode verleen goedkeuring aan die FK en BRKA om die mediese skema van die kerk aan te pas of te wysig of van mediese skema te verander soos en wanneer hulle dit in belang van die lede mag ag."

3.1 Die BRKA het op 1 Desember 1999 oorgeskakel na 'n nuwe mediese fonds, naamlik Discovery Health van Momentum. Die tariewe en voordele van Momentum was op daardie stadium die gunstigste, terwyl die tariewe van Kaapse Mediese Plan die hoogte ingeskiet het sonder om beter voordele te bied.

3.2 Verslag: Mediese skema (Kyk Bylae FK 1.)

## 4. TOEREIKENDHEID VAN PENSIOEN VAN LERAARS MET MINDER AS 15 DIENSJARE IN DIE AP KERK

Die negende sinode het die volgende besluite geneem:
*Die sinode/RKA besluit om aan die FK op te dra om die volgende te implementeer:*

- *Om die totale huidige trustfondskapitaal polisbeleggings en die R7 000.00 per maand belegging, asook beskikbare kapitaal na Sanlam se demutualisering, aan die administrateurs van die pensioenfonds oor te dra om te administreer.*
- *'n Pensioen van nie meer as 40% van traktement (salaris) of so naby aan 40% as die beskikbare kapitaal dit moontlik maak, te voorsien en aan die volgende sinode volledig verslag te doen.*
- *Die addisionele pensioen uit die AP Kerk Trustfonds word net voorsien vir leraars wat daarvoor kwalifiseer volgens vorige sinodebesluite.*

Die FK het kwotasies aangevra vir 'n verbeterde pensioenfonds wat die probleem van leraars met minder as 15 diensjare in die AP Kerk kan ondervang en die FK sal in die addendumverslag aan die sinode daaroor verslag doen.

## 5. TARIEF VIR REISKOSTE

Die tarief vir reiskoste van leraars en vir sinodale werk is gedurende die verslagtydperk soos volg aangepas:
R1.40 per km vanaf 1 Oktober 1999;
R1.55 per km vanaf 1 Mei 2000;
R1.60 per km vanaf 1 Januarie 2001.
R1.70 per km vanaf 1 Junie 2001.

**AANBEVELING**
**6.1 Die sinode keur dit goed dat die tarief vir reiskoste volgens die aanbeveling van die FK, soos volg vasgestel is: R1.40 per km vanaf 1 Oktober 1999; R1.55 per km vanaf 1 Mei 2000; R1.60 per km vanaf 1 Januarie 2001; R1.70 per km vanaf 1 Junie 2001.**

## 7. TRAKTEMENTSKAAL VAN LERAARS

Kragtens sy lasgewing (kyk C11, bl. 121, KO 2000) het die FK jaarliks aandag gegee aan die traktementskaal van leraars en aanbevelings aan kerkrade deurgestuur.

Vir die jaar met ingang 1 Maart 2000 het die FK die traktementskaal met 3% verhoog en vir die jaar met ingang 1 Maart 2001 het die FK op 'n gemiddelde verhoging van 6% besluit.

**AANBEVELING**

**7.1 Die sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante wat vanaf 1 Maart 2000 van toepassing is, volgens aanbeveling van die FK soos volg vasgestel is: R48 600 x 3 900 - 64 200 x 4 680 - 92 280 x 6 168 - 98 448**

**7.2 Die sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante wat vanaf 1 Maart 2001 van toepassing is, volgens aanbeveling van die FK soos volg vasgestel is: R51 480 x 4 140 - 68 040 x 4 920 - 97 560 x 6 720 - 104 280**

## 8. AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES EN BYDRAES TOT DIE MEDIESE FONDS EN PENSIOENFONDS

Ten opsigte van agterstallige 15% bydraes het die agtste sinode besluit (*Handelinge* bl. 272):

4.1 'n Agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan voor 31 Desember 1997 met die BRKA.

4.2 Die sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël is.

4.3 Die sinode dra dit aan elke ring op om toe te sien dat die reëlings van agterstallige gemeentes rakende agterstallige bydraes met die BRKA nagekom word.

Aan elke gemeente wat agterstallig is met 15% bydraes is weereens persoonlike briewe gerig waarin die besluit van die agtste sinode aangehaal is en optrede van die kerkraad dienooreenkomstig gevra is. Afskrifte van dié briewe is aan die betrokke ring gerig met die versoek om die sinodebesluit uit te voer.

Daar is gemeentes wat op die skrywe gereageer het, maar 37 gemeentes het nie gereageer nie. Sedert die toegewing deur die sinode van 1997 gemaak is, het 10 gemeentes voldoen aan die voorwaardes vir die afskrywing van 50% van die uitstaande 15% bydraes wat voor 31 Desember 1995 verskuldig was. Van hierdie 10 gemeentes wat voldoen het aan die vereistes het 3 gemeentes intussen nie hulle verpligtinge nagekom nie en het die toegewing van 'n 50%-afskrywing dus verval.

Daar is ook 8 gemeentes wat reëlings met die BRKA getref het vir afbetaling van die verskuldigde 15% bydraes. In Bylae FK 2 verskyn die name van die gemeentes wat nog steeds agterstallig is met hulle 15% bydraes sowel as die aantal maande wat hulle agterstallig is. (Ook t.o.v. bydraes vir pensioen, gadeversekering, medies, uitgestelde vergoeding.)

## 9. FINANSIËLE VERSLAE

Die FK het die geouditeerde finansiële jaarstate van 1999 en 2000 behandel en dit aan die BRKA voorgelê.

### 9.1 Finansiële verslag 1999

Die volledige verslag met aantekeninge en opmerkings word hiermee aangebied vir kennisname.

**9.1.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 1999**

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## FINANSIËLE JAARSTATE - 1999

### INHOUDSOPGAWE


| | BLADSY |
|---|---|
| Verslag van die voorsitter van die Bestuur Van die Raad vir Kerkadministrasie | 2 |
| Bekragtiging van die finansiële jaarstate | 2 |
| Verslag van die ouditeur | 3 |
| Inkomstestaat | 4 |
| Balansstaat | 5 |
| Kontantvloeistaat | 6 |
| Aantekeninge by die finansiële jaarstate | 7-12 |

M.A. FAUL
*Geoktrooieerde Rekenmeester (S.A.)*
*Chartered Accountant (S.A.)*

Posbus / P.O. Box 1200
BENORYN, 150
Tel. (011) 849-833

## OUDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 4 - 12 geoudit. Hierdie finansiële jaarstate is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek.

**Omvang**
Ons het ons oudit in ooreenstemming met standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële jaarstate steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, en
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

**Ouditmening**
Na ons mening is hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die BRKA op 31 Desember 1999 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

MA FAUL

8.11.2001
DATUM

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Die Rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deeglik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state blyk duidelik hoe die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël word. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan.

Aan ons Rekenmeester, personeel van afdeling finansies en ander personeel betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

MNR SA VAN DER WESTHUIZEN
(Voorsitter, BRKA)

## BEKRAGTIGING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 12 is op 7 November 2000 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie

MNR SA VAN DER WESTHUIZEN
(Voorsitter, BRKA)

MNR LJ KORKIE
Administrateur

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

### INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999

| | Aantekening | 1999<br>R | 1998<br>R |
|---|---|---|---|
| INKOMSTE | | 5,844,653 | 5,202,236 |
| Gemeentebydraes (15%) | | 5,792,388 | 5,172,554 |
| Huur ontvang - Woonstel | | 12,371 | - |
| Rente ontvang | | 11,493 | 26,056 |
| APK Jeugtuiste - wins | 2 | 24,428 | - |
| Skenkings ontvang | | - | 100 |
| Wins met verkoop van bates | | 3,973 | 3,526 |
| UITGAWES | | 3,682,126 | 3,331,162 |
| APK Jeugtuiste - verlies | | - | 83,577 |
| Bankkoste | | 4,615 | 4,877 |
| Dankfeeskoste | | - | 900 |
| Groepversekering | | 45,413 | 50,217 |
| Huur van toerusting | | 22,182 | - |
| Instandhouding - geboue/terrein/meubels | | 216,930 | 181,633 |
| Kommissiewerk | | 119,669 | 121,785 |
| Kuratorium/Teologiese skool-uitgawes | 3 | 1,171,173 | 1,072,399 |
| Mediese bystand afgetrede lede | | 121,627 | 103,771 |
| Munisipale koste | | 38,440 | 32,430 |
| Ouditgelde | | 6,000 | 5,000 |
| Oninvorderbare bedrae afgeskryf | | 175 | 8,570 |
| Posgeld | | 10,361 | 18,224 |
| Regskoste | | 14,210 | 1,740 |
| Reiskoste - administratief | | 29,032 | 28,032 |
| Rente betaal | | 20,146 | 10,597 |
| Salarisse - administratief | | 1,443,200 | 1,388,009 |
| Koste: Personeel konsultante | | 3,216 | - |
| Skryfbehoeftes | | 34,834 | 34,677 |
| Spaarplan - leraars | | 627 | 656 |
| Spyseniering en verversings | | 3,046 | 4,325 |
| Telefoon en faks | | 35,474 | 31,016 |
| Versekering | | 14,165 | 12,840 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 227,673 | |
| Waardevermindering | | 99,918 | 135,887 |
| **NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK** | | **2,162,527** | **1,871,074** |

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

### BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1999

| | Aantekening | 1999 R | 1998 R |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| Nie - Bedryfsbates | 4 | 4,236,045 | 4,482,177 |
| Ander bates | 5 | 2,660,170 | 2,229,429 |
| Bedryfsbates | | 5,558,278 | 4,910,102 |
| -Kontant en kontantekwivalente | 6 | 4,313,038 | 3,553,598 |
| -Debiteure | 7 | 732,433 | 970,309 |
| -Publikasie - voorraad | 8 | 511,467 | 384,715 |
| -Munisipale deposito's | | 1,340 | 1,480 |
| **TOTALE BATES** | | **12,454,493** | **11,621,708** |
| **FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| Algemene fonds en reserwe | 9 | 7,172,524 | 6,758,331 |
| Spesifieke fondse | 10 | 4,842,682 | 4,017,192 |
| Bedryfslaste | | 439,287 | 846,185 |
| -Diverse krediteure | | 369,377 | 783,912 |
| -Inkomste vooruit ontvang : Boodskapperverkope 2000 | | 69,910 | 62,273 |
| **TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE** | | **12,454,493** | **11,621,708** |

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

### KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999

| | Aantekening | 1999 R | 1998 R |
|---|---|---|---|
| KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHEDE | | 1,999,067 | 2,227,203 |
| Kontant gegenereer deur bedrywighede | 1 | 1,963,146 | 2,201,147 |
| Beleggingsinkomste (rente / Jeugtuiste) | | 35,921 | 26,056 |
| KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE | | 447,670 | 489,849 |
| Eiendom aangekoop | | - | 130,887 |
| verkoop | | - | (14,000) |
| Aankoop van meubels en toerusting | | 26,433 | 19,538 |
| Min: Opbrengs met verkoop van bates | | (9,504) | (3,680) |
| Aankoop van voertuie | | - | 19,000 |
| Toename in studielenings - leraars | | 46,783 | 42,924 |
| Toename in studielenings - studente | | 383,004 | 292,459 |
| Biblioteek aankope | | 954 | 2,721 |
| KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE | | (791,957) | (501,645) |
| Toename in spesifieke fondse | | 825,490 | 1,119,215 |
| Toename / (afname) in reserwe fonds | | 379,134 | 768,960 |
| Trek af: Netto interne oorplasings | | (1,996,581) | (2,389,820) |
| **TOENAME IN KONTANTFONDSE** | | **759,440** | **1,235,709** |

### AANTEKENINGE

**1. KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Netto inkomste per inkomstestaat | 2,162,527 | 1,871,074 |
| Trek af: Rente ontvang en Jeugtuiste wins | 35,919 | 26,056 |
| | 2,126,608 | 1,845,018 |
| Tel by: Waardevermindering | 136,148 | 192,738 |
| | 2,262,756 | 2,037,756 |
| : Verlies met verkoop van vaste bates | - | - |
| | 2,262,756 | 2,037,756 |
| Trek af: Wins met verkoop van vaste bates | 3,973 | 3,526 |
| | 2,258,783 | 2,034,230 |
| Plus:Afname/(Min:Toename) in netto bedryfsbates (uitgesonderd kontantfondse) | (295,637) | 203,322 |
| Afname/(Toename) in bedryfsbates : | 111,261 | 12,020 |
| Afname/(Toename) in gemeentebydraes verskuldig | (334,674) | 84,833 |
| Afname/(Toename) in publikasievoorraad | (126,752) | 93,177 |
| Afname/(Toename) in diverse debiteure | 572,547 | (166,890) |
| Afname in munisipale depositos | 140 | 900 |
| Toename/(Afname) in bedryfslaste (diverse krediteure) | (406,898) | 191,302 |
| **TOTALE KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE** | **1,963,146** | **2,237,552** |

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999**

### 1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

**1.1** Rekeningkundige grondslag
Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegrondslag opgestel.

**1.2** Vaste bates en waardevermindering
Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.
Waardevermindering word soos volg voorsien:
- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys
- Op elektroniese toerusting teen 33.3% per jaar op kosprys

**1.3** Publikasievoorraad
Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

### 2. APK JEUGTUISTE

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER**

| | | 1999 | 1998 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| INKOMSTE | | 97,022 | 81,512 |
| Etegeld | # | 1,322 | - |
| Verblyf | | 95,600 | 80,722 |
| Skenkings | | 100 | 790 |
| UITGAWES | | 72,594 | 165,089 |
| Etegeld - tekort | # | - | 39,600 |
| Instandhouding - Geboue, terrein & meubels | | 32,994 | 79,403 |
| - Skoonmaakmiddels | | - | 4,687 |
| Munisipale koste | | 30,167 | 31,279 |
| Reiskoste | | - | 150 |
| Telefoon | | 1,652 | 2,102 |
| Versekering | | 2,428 | 2,201 |
| Waardevermindering | | 5,353 | 5,667 |
| WINS / (VERLIES) NA BRKA | | 24,428 | (83,577) |
| # **ETES:-** | | | |
| Etegeld ontvang | | 1,322 | 97,333 |
| Min: Eetware | | - | (77,964) |
| Salaris: Spysenier | | - | (46,408) |
| Reiskoste: Spysenier | | - | (6,000) |
| Tydelike hulp vir spysenier | | - | (566) |
| Instandhouding: John Rock 103 | | - | (4,064) |
| Munisipale koste: John Rock 103 | | - | (1,931) |
| Netto etegeld ontvang / (tekort) | | 1,322 | (39,600) |

### 3. KURATORIUM

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER**

| | R | R |
|---|---|---|
| UITGAWES | | |
| Dosentevergoeding | 925,069 | 826,924 |
| Instandhouding | 71,259 | 51,739 |
| Munisipale koste | 7,468 | 5,055 |
| Reiskoste Vergaderings | 28,949 | 24,030 |
| Registrasiegelde | 10,000 | - |
| Salarisse Administratief | 170,182 | 147,493 |
| Skryfbehoeftes | 811 | 4,256 |
| Telefoon | 18,225 | 12,374 |
| Versekering | 3,643 | 3,302 |
| Verversings | 1,690 | 1,032 |
| Waardevermindering | 30,877 | 51,184 |
| TOTALE UITGAWES | 1,268,173 | 1,127,399 |
| Min Klasgelde ontvang deur die jaar | 97,000 | 55,000 |
| **NETTO KOSTE AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK** | **1,171,173** | **1,072,399** |

| | | 1999 | 1998 |
|---|---|---|---|
| 4. | **NIE - BEDRYFSBATES** | R | R |
| | **Grond en geboue** | 3,968,348 | 4,099,235 |
| | - Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2 | 413,853 | 413,853 |
| | Kosprys 24 Oktober 1988 | 227,083 | 227,083 |
| | Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 186,770 | 186,770 |
| | - Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2 | 716,055 | 716,055 |
| | Kosprys | 432,117 | 432,117 |
| | Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 283,938 | 283,938 |
| | - Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2 | 2,753,129 | 2,753,129 |
| | Kosprys | 1,528,466 | 1,528,466 |
| | Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 1,224,663 | 1,224,663 |
| | - John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside | 85,311 | 85,311 |
| | Kosprys | 80,916 | 80,916 |
| | Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 4,395 | 4,395 |
| | - Onderverdelings A en C van die plaas Kleinfontein no. 368 Registrasie afdeling JR, grootte 13.34ha. | - | 130,887 |
| | **Die eiendomme is onbeswaar.** | | |
| | **Meubels en toerusting** | 247,009 | 337,081 |
| | Kosprys | 937,419 | 925,399 |
| | Opgehoopte waardevermindering | 690,410 | 588,318 |
| | **Motorvoertuie** | 20,688 | 45,861 |
| | Kosprys | 152,976 | 152,976 |
| | Opgehoopte waardevermindering | 132,288 | 107,115 |
| | | **4,236,045** | **4,482,177** |
| 5. | **ANDER BATES** | | |
| | -Biblioteek teen kosprys | 150,396 | 149,44 |
| | -Studielenings | 2,509,774 | 2,079,98 |
| | -Leraars | 471,700 | 424,91 |
| | -Studente | 2,038,074 | 1,655,07 |
| | | **2,660,170** | **2,229,42** |
| 6. | **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | | |
| | -Kontant in bank | 179,850 | 156,86 |
| | -Kontant voorhande | 1,700 | 3,68 |
| | -Spesiale deposito's (aantekening 11) | 4,131,488 | 3,393,05 |
| | | **4,313,038** | **3,553,59** |
| 7. | **DEBITEURE** | | |
| | -Gemeentebydraes verskuldig | 486,301 | 151,62 |
| | -Ander debiteure na voorsiening vir oninbare skulde van R 350 000 | 246,132 | 818,68 |
| | -(1998 :R 122 327) | **732,433** | **970,30** |

8. **PUBLIKASIE - VOORRAAD**
Die publikasie - voorraad word gewaardeer teen kosprys min afskrywings vir stadig bewegende voorraad

## 9. STAAT VAN VERANDERING IN ALGEMENE FONDS EN RESERWE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999

| | Algemene fonds | Reserwe | Totaal |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| Saldo's : Begin van die jaar | 5,338,885 | 1,419,446 | 6,758,331 |
| Plus : Netto inkomste | 2,162,527 | | 2,162,527 |
| Oorplasing vanaf Algemene fonds | | 379,134 | 379,134 |
| Oorplasing vanaf Biblioteekfonds | 3,525 | | 3,525 |
| Min : Oorplasing na ander fondse : aant. 1 | (2,000,106) | | (2,000,106) |
| -APK Trustfonds | (60,000) | | |
| -Bedieningsfonds | (900,000) | | |
| -Biblioteekfonds | (7,000) | | |
| -Sinodefonds | (50,000) | | |
| -Publikasiefonds | (400,000) | | |
| -Reserwefonds | (379,134) | | |
| -Willie Lubbe Studiefonds | (200,000) | | |
| -Bedieningsfonds : tekort | (3,972) | | |
| Ondersoek na alternatiewe eiendom : aant. 2 | (130,887) | | (130,887) |
| **SALDO'S OP 31 DESEMBER 1999** | **5,373,944** | **1,798,580** | **7,172,524** |

Aantekeninge

**1 OORPLASINGS**

Oorplasings ingevolge besluite en / of begroting

**2 ONDERSOEK NA ALTERNATIEWE EIENDOM**

Die BRKA het tydens 'n vergadering in Februarie 2000 besluit om die ontwikkelingskoste vir alternatiewe eiendom aangegaan af te skryf aangesien dit onwaarskynlik is dat die voorwaardes wat gestel is om eienaarskap van die grond te verkry, nagekom sal kan word.

**3 AANWENDING VAN ALGEMENE FONDS SE SALDO**

| | 1999 | 1998 |
|---|---|---|
| Grond en geboue | 3,968,348 | 4,099,235 |
| Meubels en toerusting | 247,009 | 337,081 |
| Motorvoertuie | 20,688 | 45,861 |
| Biblioteek | 150,396 | 149,442 |
| Spesiale deposito | - | 36,405 |
| Ander netto Bedryfsbates (uitgesonder Spesiale deposito) | 987,503 | 670,861 |
| **TOTALE AANWENDING** | **5,373,944** | **5,338,885** |

## 10. SPESIFIEKE FONDSE

### 10.1 ALIMENTASIEFONDS

| | | |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | 36,248 | 30,021 |
| Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk | - | 1,711 |
| Plus: Rente toegedeel | 11,442 | 5,793 |
| | 47,690 | 37,525 |
| Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk | - | 1,278 |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **47,690** | **36,247** |

### 10.2 APK TRUSTFONDS

| | | |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | 776,112 | 348,051 |
| Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds | 60,000 | 60,000 |
| Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk | 83,293 | 476,811 |
| Polis uitbetaal | - | 395,923 |
| Gemeentebydraes | 83,293 | 80,888 |
| Plus: Rente toegedeel | 189,143 | 67,640 |
| | 1,108,548 | 952,502 |
| Min: Uitbetalings: | 174,013 | 176,390 |
| Premies betaal (beleggingspolisse) | 24,000 | 69,000 |
| Toelaes betaal | 150,013 | 107,390 |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **934,535** | **776,112** |

**10.3 BEDIENINGSFONDS**

| | 1999 | 1998 |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | - | 173,426 |
| Plus: Bydraes deur gemeentes | 10,592 | - |
| Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds | 900,000 | 800,000 |
| Rente toegedeel | 3,033 | 61,909 |
| | 913,625 | 1,035,335 |
| Min: Uitgawes | 917,597 | 1,107,777 |
| Hulp aan gemeentes | 906,572 | 1,036,139 |
| Netto koste - reisende leraars | 10,615 | 70,698 |
| Hospitaalbesoeke | 410 | 940 |
| SURPLUS/(TEKORT)VIR DIE JAAR | (3,972) | (72,442) |
| Tekort oorgedra na Opgehoopte Fonds | 3,972 | 72,442 |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | - | - |

**10.4 MOTORVERVANGINGSFONDS**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | 127,595 | 101,326 |
| Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds | - | 6,968 |
| Plus: Rente toegedeel | 40,280 | 19,302 |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **167,875** | **127,596** |

**10.5 ANDER FONDSE**

| | Beginsaldo R | Ontvang/ toegedeel R | Uitbetaal/ oorgeplaas R | Eindsaldo R |
|---|---|---|---|---|
| APK Weeshuisfonds | 1,738 | 549 | - | 2,287 |
| Biblioteekfonds | 16,101 | 14,202 | 3,555 | 26,749 |
| Bybelverspreidingsfonds | 232,989 | 102,914 | 60,945 | 274,958 |
| Gevangenisbearbeidingsfonds | 528 | 1,820 | 1,292 | 1,057 |
| Gebeurlikheidsfonds | 140,226 | 52,795 | - | 193,022 |
| Gebouverbeteringsfonds | 11,000 | - | - | 11,000 |
| Ouetehuisfonds | 806 | 254 | - | 1,061 |
| Studiefonds: Dr Hanna Pienaar | 50,487 | 15,971 | - | 66,458 |
| Vroue-aksiefonds | 28,257 | 8,920 | - | 37,177 |
| OT / JM v Niekerk-fonds | 125,000 | 15,000 | - | 140,000 |
| | **607,132** | 212,425 | 65,792 | **753,769** |

**10.6 PUBLIKASIEFONDS**

| | 1999 | 1998 |
|---|---|---|
| INKOMSTE | 956,611 | 901,059 |
| Verkope - Publikasies | 626,082 | 588,163 |
| - Boodskapper | 288,033 | 278,099 |
| Advertensies - Publikasies | 6,050 | 8,300 |
| - Boodskapper | 29,839 | 26,443 |
| Skenkings | 6,607 | 54 |
| UITGAWES | 1,320,509 | 1,300,263 |
| Kosprys van verkope: - Publikasies | 375,171 | 412,334 |
| Beginvoorraad | 384,715 | 477,892 |
| Plus: Aankope | 501,923 | 319,157 |
| | 886,638 | 797,049 |
| Min: Eindvoorraad | 511,467 | 384,715 |
| Beoordeling - boeke | 1,755 | 158 |
| Drukkoste - Boodskapper | 195,982 | 241,250 |
| Instandhouding - meubels & toerusting | - | - |
| Intekengeld | (168) | 251 |
| Medewerkers | 19,696 | 10,748 |
| Pligiewerings | 22,962 | 8,258 |
| Posgeld en verpakking - Publikasies | 17,959 | 19,316 |
| Posgeld en verpakking - Boodskapper | 37,717 | 37,927 |
| Promosies | 140 | - |
| Reiskoste - Publikasies | - | 60 |
| Reiskoste - Boodskapper | 7,998 | 8,518 |
| Kommissiewerk - Publikasies | 10,590 | 11,331 |
| Salarisse - admin. & versending | 597,624 | 509,631 |
| Skryfbehoeftes | 10,475 | 11,554 |
| Tantieme | 9,137 | 10,977 |
| Telefoon | 9,414 | 8,670 |
| Tydelike hulp | 4,057 | 9,280 |
| NETTO TEKORT VIR DIE TYDPERK | (363,898) | (399,204) |
| SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK | 37,789 | - |
| PLUS: | | |
| Oorgedra vanaf opgehoopte fonds volgens begroting | 400,000 | 374,450 |
| Rente toegedeel | 77,246 | 62,543 |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **151,137** | **37,789** |

**VOORRAADWAARDASIE : REGSTELLING VORIGE JAAR**

Die waarde van voorraad soos op 1 Januarie 1999 het BTW ingesluit, met die gevolg dat die vooraadwaarde met ongeveer R 36 405 oorwaardeer was. Die tekort op die handelsresultate was verder met die bedrag te laag en die saldo van die Publikasiefonds was te hoog. Die vorige jaar se resultate is aangesuiwer sodat die huidige jaar se resultate die ware toedrag van sake reflekteer.

## 0.7 SINODEFONDS

| | R | R |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | 56,605 | - |
| Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds | 50,000 | 50,000 |
| Plus: Bydraes ontvang | 140,697 | - |
| Plus: Rente toegedeel | 25,336 | 6,665 |
| | 272,638 | 56,665 |
| Min: Uitgawes vir die tydperk | 199,828 | 60 |
| SALDO AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK | **72,810** | **56,605** |

## 0.8 STUDIEFONDS LERAARS

| | | R | R |
|---|---|---|---|
| Saldo aan begin van tydperk | | 487,174 | 424,993 |
| Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds | | - | 50,000 |
| Ontvang deur die jaar | | - | 755 |
| Rente toegedeel | | 13,464 | 11,426 |
| Saldo aan einde van tydperk | | **500,638** | **487,174** |
| **Ontleding** | | | |
| Studielenings toegestaan | | 595,441 | |
| | - 1990 tot 1998 | 532,250 | |
| | - 1999 | 63,191 | |
| Studielenings terug ontvang | | 123,741 | |
| | - 1991 tot 1998 | 107,334 | |
| | - 1999 | 16,407 | |
| | | 471,700 | |
| **Bedrag beskikbaar op 31/12/1999** | | 28,938 | |
| | | 500,638 | |

## 0.9 WILLIE LUBBE STUDIEFONDS

| | | R | R |
|---|---|---|---|
| Saldo aan begin van tydperk | | 1,888,534 | 1,497,669 |
| Plus: Ontvang deur die jaar | | 71,174 | 145,918 |
| Oorgedra vanaf opgehoopte fonds | | 200,000 | 200,000 |
| Rente toegedeel | | 54,520 | 44,947 |
| Saldo aan einde van tydperk | | **2,214,228** | **1,888,534** |
| **Ontleding** | | | |
| Studielenings toegestaan | | 2,308,791 | |
| | - 1988 tot 1998 | 1,902,593 | |
| | - 1999 | 406,198 | |
| Studielenings terug ontvang | | 270,717 | |
| | - 1988 tot 1998 | 247,523 | |
| | - 1999 | 23,194 | |
| | | 2,038,074 | |
| **Bedrag beskikbaar op 31/12/1999** | | 176,154 | |
| | | 2,214,228 | |
| **TOTAAL VAN SPESIFIEKE FONDSE** | | **4,842,682** | **4,017,189** |

## 11. SPESIALE DEPOSITO

| | R |
|---|---|
| Bedrag belê 1/1/99 | 3,391,936 |
| Plus : Verhoging in belegging vir jaar | 181,121 |
| Plus: Rente ontvang | 558,431 |
| Saldo op 31 Desember 1999 | 4,131,488 |

| Verteenwoordig deur: | Saldo van spesifieke fondse op 31 / 12 / 99 | Beleggings ten opsigte van spesifieke fondse op 31 / 12 / 99 |
|---|---|---|
| | R | R |
| Alimentasiefonds | 47,690 | 47,690 |
| APK Trustfonds | 934,535 | 934,535 |
| Gevangenisbearbeidingsfonds | 1,057 | 1,057 |
| APK Weeshuisfonds | 2,287 | 2,287 |
| Bedieningsfonds | - | - |
| Biblioteekfonds | 26,749 | 26,749 |
| Bybelverspreidingsfonds | 274,958 | 274,958 |
| Gebeurlikheidsfonds | 193,022 | 193,022 |
| Geboueverbeteringsfonds | 11,000 | 11,000 |
| Motorvervangingsfonds | 167,875 | 167,875 |
| Ouetehuisfonds | 1,061 | 1,061 |
| Publikasiefonds | 151,137 | 151,137 |
| Vroue-aksiefonds | 37,177 | 37,177 |
| Studiefonds leraars | 28,938 | 28,938 |
| Studiefonds: Dr Hanna Pienaar | 66,458 | 66,458 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 176,154 | 176,154 |
| Sinodefonds | 72,810 | 72,810 |
| OT / JM van Niekerk-fonds | 140,000 | 140,000 |
| | 2,332,908 | 2,332,908 |
| Reserwefonds | 1,798,580 | 1,798,580 |
| | **4,131,488** | **4,131,488** |

## 12. NA - BALANSSTAATGEBEURE

Op die balansstaatdatum is daar 'n bedrag van R 163326.16 ten opsigte van 'n bedrog - tjek wat in O 1998 ontstaan het, onder Ander debiteure ingesluit. Op 12 Junie 2000 is 'n aanbod ontvang om R 1[illegible] ten aansien van bogenoemde kapitale bedrag te betaal asook rente teen 15,5 % per jaar vanaf 23 Oktober 1998 tot datum van betaling.

## 9.1.2 Meting van werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 1999

Meting van die werklike bedrae teen begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 1999

| | Ontvang / Besteding tot 31/12/99 R | Begroot 1999 R | Gunstig/ (Ongunstig) R |
|---|---|---|---|
| ONTVANGSTE | 5,820,225 | 4,800,000 | 1,020,225 |
| Gemeentebydraes (15%) | 5,820,225 | 4,800,000 | 1,020,225 |
| UITGAWES (Besteding) | 4,999,478 | 4,954,700 | -44,778 |
| APK Jeugtuiste | -24,428 | - | 24,428 |
| APK Trustfonds | 60,000 | 60,000 | - |
| Bankkoste | 4,615 | 8,000 | 3,385 |
| Bedieningshulp | 903,972 | 900,000 | -3,972 |
| Diverse | - | 5,000 | 5,000 |
| Groepversekering | 45,413 | 58,000 | 12,587 |
| Huur van Toerusting | 22,182 | 42,000 | 19,818 |
| Instandhouding-geboue/toerusting | 216,930 | 79,000 | -137,930 |
| Kommissiewerk | 148,484 | 186,300 | 37,816 |
| Kuratorium | 1,208,347 | 1,165,400 | -42,947 |
| Mediese bystand afgetrede lede | 121,627 | 90,000 | -31,627 |
| Meubels en toerusting | | 20,000 | 20,000 |
| Munisipale koste | 38,440 | 40,000 | 1,560 |
| Oninvorderbare bedrae afgeskryf | 175 | - | -175 |
| Ouditgelde | 6,000 | 5,000 | -1,000 |
| Posgeld | 10,361 | 25,000 | 14,639 |
| Publikasie administrasie | 389,410 | 382,000 | -7,410 |
| Regskoste | 14,210 | - | -14,210 |
| Reiskoste - administratief | 29,032 | 30,000 | 968 |
| Rente betaal | 20,146 | 32,000 | 11,854 |
| Salarisse - administratief | 1,443,200 | 1,479,000 | 35,800 |
| Koste : Personeel konsultante | 3,216 | - | -3,216 |
| Sinodekoste | 50,000 | 50,000 | - |
| Skryfbehoeftes | 34,834 | 40,000 | 5,166 |
| Spaarplan - leraars | 627 | 1,000 | 373 |
| Studiefonds leraars | - | - | - |
| Spyseniering en verversings | 3,046 | 5,000 | 1,954 |
| Telefoon | 35,474 | 35,000 | -474 |
| Versekering | 14,165 | 17,000 | 2,835 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 200,000 | 200,000 | - |
| | 820,747 | -154,700 | 975,447 |

### 9.1.3 Kommissiewerk

Die volgende staat meet die werklike besteding deur kommissies teen begrote bedrae vir die jaar geëindig 31 Desember 1999:

| Kommissie | Werklik tot 31/12/99 R | Totale Begroting R | Beskikbaar/ oorskreiding R | % beskikbaar oorskryding |
|---|---|---|---|---|
| Argief | 2,161 | 1,300 | -861 | -66% |
| BRKA | 16,470 | 15,000 | -1,470 | -10% |
| Finansies | 8,193 | 12,000 | 3,807 | 32% |
| Formuliere en Liturgie | 6,877 | 10,000 | 3,123 | 31% |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 826 | 2,000 | 1,174 | 59% |
| Kerkregtelike sake | 19,748 | 30,000 | 10,252 | 34% |
| Kerksang en musiek | 8,397 | 18,000 | 9,603 | 53% |
| Kuratorium | 28,949 | 25,000 | -3,949 | -16% |
| SKK | 20,000 | 20,000 | 0 | 0% |
| SKK en ander kommissies | 3,117 | 5,000 | 1,883 | 38% |
| Verbondsonderrig Opvoedin | 23,156 | 30,000 | 6,844 | 23% |
| Subtotaal | 137,894 | 168,300 | 61,851 | 35% |
| Publikasies | 10,590 | 18,000 | 7,410 | 41% |
| Totaal | 148,484 | 186,300 | 37,816 | 20% |

## 9.2 Finansiële verslag 2000

Die volledige verslag met aantekeninge en opmerkings word hiermee aangebied vir kennisname.

### 9.2.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2000

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

# FINANSIëLE JAARSTATE - 2000

## INHOUDSOPGAWE


| | BLADSY |
|---|---|
| Verslag van die voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie | 2 |
| Bekragtiging van die Finansiële Jaarstate | 2 |
| Verslag van die ouditeur | 3 |
| Inkomstestaat | 4 |
| Balansstaat | 5 |
| Kontantvloeistaat | 6 |
| Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate | 7-12 |

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Die rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deeglik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state word die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan.

Aan ons sentrale kerkkantoorpersoneel en personeel in elke gemeente betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

MNR SA VAN DER WESTHUIZEN
(Voorsitter, BRKA)

## BEKRAGTIGING VAN FINANSIËLE JAARSTATE 2000

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 12 is op 22 Maart 2001 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie

MNR SA VAN DER WESTHUIZEN
(Voorsitter, BRKA)

MNR GJJ VAN RENSBURG
Rekenmeester

M.A. FAUL
*Geakkrediteerde Rekenmeester (S.A.)*
*Chartered Accountant (S.A.)*

Posbus P.O. Box 12008
BENORYN, 1504
Tel. (011) 849-8833

**OUDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)**

Ons het die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2000, soos uiteengesit op bladsye 2-3, geoudit Hierdie finansiële jaarstate is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek.

**Omvang**

Ons het ons oudit in ooreenstemming met standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële jaarstate steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is. en
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

**Ouditmening**

Na ons mening is hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die BRKA op 31 Desember 2000 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

MA FAUL

22/3/2001
DATUM

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2000**

| | Aantekening | 2000 R | 1999 R |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | 5,795,116 | 5,844,653 |
| Gemeentebydraes (15%) | | 5,692,605 | 5,792,388 |
| Huur ontvang - Woonstel | | 13,845 | 12,371 |
| Rente ontvang | | 39,147 | 11,493 |
| APK Jeugtuiste - surplus | 2 | 47,509 | 24,428 |
| Skenkings ontvang | | 2,010 | - |
| Wins met verkoop van bates | | - | 3,973 |
| **UITGAWES** | | 3,541,001 | 3,682,126 |
| Bankkoste | | 8,183 | 4,615 |
| Groepversekering | | 42,601 | 45,413 |
| Huur van toerusting | | 30,408 | 22,182 |
| Instandhouding - geboue/terrein/meubels | | 4,545 | 216,930 |
| Kommissiewerk | | 97,927 | 119,669 |
| Afrikaanse Protestantse Akademie-uitgawes | 3 | 1,206,868 | 1,171,173 |
| Mediese bystand afgetrede lede | | 190,497 | 121,627 |
| Munisipale koste | | 38,105 | 38,440 |
| Ouditgelde | | 8,500 | 6,000 |
| Oninvorderbare bedrae afgeskryf | | - | 175 |
| Posgeld | | 10,232 | 10,361 |
| Regskoste | | 186,221 | 14,210 |
| Reiskoste - administratief | | 7,283 | 29,032 |
| Rente betaal | | 19,986 | 20,146 |
| Salarisse - administratief | | 1,429,672 | 1,443,200 |
| Koste: Personeel konsultante | | - | 3,216 |
| Skryfbehoeftes | | 26,036 | 34,834 |
| Spaarplan - leraars | | - | 627 |
| Spyseniering en verversings | | 7,085 | 3,046 |
| Telefoon en faks | | 34,169 | 35,474 |
| Versekering | | 13,142 | 14,165 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 100,000 | 227,673 |
| Waardevermindering | | 79,541 | 99,918 |
| **NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK VOOR OORPLASINGS NA ANDER FONDSE (Aantekening 9)** | | **2,254,115** | **2,162,527** |

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2000

| | Aantekening | 2000 R | 1999 R |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| Nie - Bedryfsbates | 4 | 4,144,808 | 4,236,045 |
| Ander bates | 5 | 2,979,439 | 2,660,170 |
| Bedryfsbates | | 6,654,089 | 5,558,278 |
| -Kontant en kontantekwivalente | 6 | 5,661,781 | 4,313,038 |
| -Debiteure | 7 | 587,242 | 732,433 |
| -Publikasie - voorraad | 8 | 403,726 | 511,467 |
| -Munisipale deposito's | | 1,340 | 1,340 |
| **TOTALE BATES** | | **13,778,336** | **12,454,493** |
| **FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| Algemene fonds en reserwe | 9 | 7,402,266 | 7,172,524 |
| Spesifieke fondse | 10 | 5,886,089 | 4,842,682 |
| Bedryfslaste | | 489,981 | 439,287 |
| -Diverse krediteure | | 413,530 | 369,377 |
| -Inkomste vooruit ontvang : Boodskapperverkope 2000 | | 76,451 | 69,910 |
| **TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE** | | **13,778,336** | **12,454,493** |

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

### KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2000

| | Aantekening | 2000<br>R | 1999<br>R |
|---|---|---|---|
| **KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHEDE** | | 2,654,530 | 1,999,067 |
| Kontant gegenereer deur bedrywighede | 1 | 2,567,874 | 1,963,146 |
| Beleggingsinkomste (rente / Jeugtuiste) | | 86,656 | 35,921 |
| **KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | 322,642 | 447,670 |
| Aankoop van meubels en toerusting | | 5,550 | 26,433 |
| Min: Opbrengs met verkoop van bates | | | (9,504) |
| Toename in studielenings - leraars | | 31,425 | 46,783 |
| Toename in studielenings - studente | | 285,667 | 383,004 |
| Biblioteek aankope | | - | 954 |
| **KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | (983,143) | (791,957) |
| Toename in spesifieke fondse | | 1,043,407 | 825,490 |
| Toename / (afname) in reserwe fonds | | 660,681 | 379,134 |
| Trek af: Netto interne oorplasings | | (2,687,231) | (1,996,581) |
| **TOENAME IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | | **1,348,745** | **759,440** |

### AANTEKENING BY DIE KONTANTVLOEISTAAT

**1. KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Netto inkomste per inkomstestaat | 2,254,115 | 2,162,527 |
| Trek af: Rente ontvang en Jeugtuiste surplus | 86,654 | 35,919 |
| | 2,167,461 | 2,126,608 |
| Tel by: Waardevermindering | 96,787 | 136,148 |
| | 2,264,248 | 2,262,756 |
| | 2,264,248 | 2,262,756 |
| Trek af: Wins met verkoop van vaste bates | - | 3,973 |
| | 2,264,248 | 2,258,783 |
| Plus:Afname/(Min:Toename) in netto bedryfsbates | 303,626 | (295,637) |
| *(uitgesonderd kontantfondse)* | | |
| Afname/(Toename) in bedryfsbates : | 252,932 | 111,261 |
| Afname/(Toename) in gemeentebydraes verskuldig | (33,430) | (334,674) |
| Afname/(Toename) in publikasievoorraad | 107,741 | (126,752) |
| Afname/(Toename) in diverse debiteure | 178,621 | 572,547 |
| Afname in munisipale depositos | - | 140 |
| Toename/(Afname) in bedryfslaste (diverse krediteure) | 50,694 | (406,898) |
| **TOTALE KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE** | **2,567,874** | **1,963,146** |

## AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2000**

**1. REKENINGKUNDIGE BELEID**

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

**1.1** Rekeningkundige grondslag
Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegrondslag opgestel.

**1.2** Vaste bates en waardevermindering
Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.
Waardevermindering word soos volg voorsien:
- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys
- Op elektroniese toerusting teen 33.3% per jaar op kosprys

**1.3** Publikasievoorraad
Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

**1.4** Oordrag na Reserwefonds
Die jaareindsaldos van die spesiale depositos word allereers aangewend om voorsiening te maak vir die jaareindsaldos van die spesifieke fondse, waarna die oorblywende saldo van die spesiale depositos aan die Reserwefonds toegewys word ten einde die saldo van die spesiale depositos ooreen te stem met die saldos van al die spesifieke fondse, uitgesonderd die Algemene fonds.
'n Oordrag word uit die Algemene fonds aan die Reserwefonds gemaak om die saldo van die Reserwe fonds ooreen te stem met die kontant daarvoor beskikbaar.
Die Algemene fonds is aangewend vir nie-kontant bates en ander bedryfsbates soos verwys in aantekening 9.3.

**2. APK JEUGTUISTE**

| **INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER** | | **2000** | **1999** |
|---|---|---|---|
| | | **R** | **R** |
| INKOMSTE | | 84,600 | 97,022 |
| Etegeld | # | - | 1,322 |
| Verblyf | | 84,600 | 95,600 |
| Skenkings | | - | 100 |
| UITGAWES | | 37,091 | 72,594 |
| Instandhouding - Geboue, terrein & meubels | | - | 32,994 |
| Munisipale koste | | 29,561 | 30,167 |
| Telefoon | | - | 1,652 |
| Versekering | | 2,253 | 2,428 |
| Waardevermindering | | 5,277 | 5,353 |
| SURPLUS / (TEKORT) NA BRKA | | 47,509 | 24,428 |

\# **ETES:-**

| | | |
|---|---|---|
| Etegeld ontvang | - | 1,322 |
| Netto etegeld ontvang / (tekort) | - | 1,322 |

**3. AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE**

| **INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER** | **2000** | **1999** |
|---|---|---|
| UITGAWES | **R** | **R** |
| Dosentevergoeding | 1,050,473 | 925,069 |
| Instandhouding | 3,684 | 71,259 |
| Munisipale koste | 7,123 | 7,468 |
| Reiskoste Vergaderings | 16,222 | 28,949 |
| Registrasiegelde | 4,046 | 10,000 |
| Salarisse Administratief | 181,442 | 170,182 |
| Skryfbehoeftes | 3,309 | 811 |
| Telefoon | 28,211 | 18,225 |
| Versekering | 3,379 | 3,643 |
| Verversings | 2,010 | 1,690 |
| Waardevermindering | 11,969 | 30,877 |
| TOTALE UITGAWES | 1,311,868 | 1,268,173 |
| Min Klasgelde ontvang deur die jaar (verwys aantekening 9.2) | 105,000 | 97,000 |
| **NETTO KOSTE AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK** | **1,206,868** | **1,171,173** |

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2000 (vervolg)**

| 4. NIE - BEDRYFSBATES | 2000 | 1999 |
|---|---|---|
| | R | R |
| **Grond en geboue** | 3,968,348 | 3,968,348 |
| - Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2 | 413,853 | 413,853 |
| Kosprys 24 Oktober 1988 | 227,083 | 227,083 |
| Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 186,770 | 186,770 |
| - Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2 | 716,055 | 716,055 |
| Kosprys | 432,117 | 432,117 |
| Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 283,938 | 283,938 |
| - Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2 | 2,753,129 | 2,753,129 |
| Kosprys | 1,528,466 | 1,528,466 |
| Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 1,224,663 | 1,224,663 |
| - John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside | 85,311 | 85,311 |
| Kosprys | 80,916 | 80,916 |
| - Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum | 4,395 | 4,395 |
| **Die eiendomme is onbeswaar.** | | |
| **Meubels en toerusting** | 166,326 | 247,009 |
| Kosprys | 942,969 | 937,419 |
| Opgehoopte waardevermindering | 776,643 | 690,410 |
| **Motorvoertuie** | 10,134 | 20,688 |
| Kosprys | 152,976 | 152,976 |
| Opgehoopte waardevermindering | 142,842 | 132,288 |
| | **4,144,808** | **4,236,045** |

| 5. ANDER BATES | | |
|---|---|---|
| -Biblioteek teen kosprys | 152,573 | 150,396 |
| -Studielenings | 2,826,866 | 2,509,774 |
| -Leraars | 503,125 | 471,700 |
| -Studente | 2,323,741 | 2,038,074 |
| | **2,979,439** | **2,660,170** |

| 6. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE | | |
|---|---|---|
| -Kontant in bank | 141,597 | 179,850 |
| -Kontant voorhande | 1,700 | 1,700 |
| -Spesiale deposito's *(aantekening 1.4 en 11)* | 5,518,484 | 4,131,488 |
| | **5,661,781** | **4,313,038** |

| 7. DEBITEURE | | |
|---|---|---|
| -Gemeentebydraes verskuldig | 519,731 | 486,301 |
| -Ander debiteure na voorsiening vir oninbare skulde van R 450 000 | 67,511 | 246,132 |
| -(1999 :R 246132 , Voorsiening R 350 000) | | |
| | **587,242** | **732,433** |

| 8. PUBLIKASIE - VOORRAAD | **403,726** | **511,467** |
|---|---|---|

Die publikasie - voorraad word gewaardeer teen kosprys min afskrywings vir stadig bewegende voorraad.

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2000 (vervolg)**

**9. STAAT VAN VERANDERING IN ALGEMENE FONDS EN RESERWEFONDS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2000**

| | Algemene fonds R | Reserwe R | Totaal R |
|---|---|---|---|
| Saldo's : Begin van die jaar | 5,373,944 | 1,798,580 | 7,172,524 |
| Plus : Netto inkomste | 2,254,115 | | 2,254,115 |
| Oorplasing na instandhoudingsfonds | | -300,000 | -300,000 |
| Oorplasing vanaf Biblioteekfonds | 2,177 | | 2,177 |
| Oorplasing vanaf Algemene fonds | | 960,681 | 960,681 |
| Min : Oorplasing na ander fondse : aant. 9.1 | -2,687,231 | | -2,687,231 |
| -APK Trustfonds | 0 | | |
| -Bedieningsfonds | -750,000 | | |
| -Biblioteekfonds | 0 | | |
| -Sinodefonds | -50,000 | | |
| -Publikasiefonds | -535,550 | | |
| -Reserwefonds | -960,681 | | |
| -Willie Lubbe Studiefonds | -200,000 | | |
| -Bedieningsfonds : tekort | | | |
| -Leraar Studiefonds | -50,000 | | |
| -Instandhoudingsfonds | -141,000 | | |
| **SALDO'S OP 31 DESEMBER 2000** | **4,943,005** | **2,459,261** | **7,402,266** |

**Aantekeninge**

**9.1 OORPLASINGS**

Oorplasings ingevolge besluite en / of begroting.

**9.2 VOORGRAADSE KLASGELDFONDS**

Die Algemene fonds sluit 'n balans van R 104,954 ten opsigte van netto voorgraadse klasgelde in wat as volg opgeloop het - 1998 : R 25,000 ; 1999: R 39,000 ; 2000: R 40,954.

| **9.3 AANWENDING VAN ALGEMENE FONDS SE SALDO** | **2000** | **1999** |
|---|---|---|
| Grond en geboue | 3,968,348 | 3,968,348 |
| Meubels en toerusting | 166,326 | 247,009 |
| Motorvoertuie | 10,134 | 20,688 |
| Biblioteek | 152,573 | 150,396 |
| Spesiale deposito *(aantekening 1.4 en 11)* | (0) | - |
| Ander netto Bedryfsbates (uitgesonder Spesiale deposito) | 645,624 | 987,503 |
| **TOTALE AANWENDING** | **4,943,005** | **5,373,944** |

**10. SPESIFIEKE FONDSE**

**10.1 ALIMENTASIEFONDS**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | 47,690 | 36,248 |
| Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk | 400 | - |
| Plus: Rente toegedeel | 9,822 | 11,442 |
| | 57,912 | 47,690 |
| Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk | - | - |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **57,913** | **47,690** |

**10.2 APK TRUSTFONDS**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo aan begin van die tydperk | 934,535 | 776,112 |
| Plus: Oorgedra vanaf Algemene fonds | - | 60,000 |
| Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk | 74,309 | 83,293 |
| Gemeentebydraes | 74,309 | 83,293 |
| Plus: Rente toegedeel | 178,683 | 189,143 |
| | 1,187,527 | 1,108,548 |
| Min: Uitbetalings: | 181,493 | 174,013 |
| Premies betaal (beleggingspolisse) | 24,000 | 24,000 |
| Toelaes betaal | 157,493 | 150,013 |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **1,006,033** | **934,535** |

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER**

| | | 2000 | 1999 |
|---|---|---|---|
| **10.3** | **BEDIENINGSFONDS** | | |
| | Saldo aan begin van die tydperk | - | - |
| | Plus: Bydraes deur gemeentes | 13,712 | 10,592 |
| | Plus: Oorgedra vanaf Algemene fonds | 750,000 | 900,000 |
| | Rente toegedeel | 1,139 | 3,033 |
| | | 764,851 | 913,625 |
| | Min: Uitgawes | 737,993 | 917,597 |
| | Hulp aan gemeentes | 726,002 | 906,572 |
| | Netto koste - reisende leraars | 11,500 | 10,615 |
| | Hospitaalbesoeke | 491 | 410 |
| | SURPLUS/(TEKORT)VIR DIE JAAR | 26,858 | (3,972) |
| | Tekort oorgedra na Algemene fonds | - | 3,972 |
| | SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **26,858** | - |
| **10.4** | **MOTORVERVANGINGSFONDS** | | |
| | Saldo aan begin van die tydperk | 167,875 | 127,595 |
| | Plus: Oorgedra vanaf Algemene fonds | - | - |
| | Plus: Rente toegedeel | 34,353 | 40,280 |
| | SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **202,228** | **167,875** |

**10.5 ANDER FONDSE**

| | Beginsaldo R | Ontvang/ toegedeel R | Uitbetaal/ oorgeplaas R | Eindsaldo R |
|---|---|---|---|---|
| APK Weeshuisfonds | 2,287 | 468 | - | 2,755 |
| Bibliotheekfonds | 26,748 | 4,550 | (2,177) | 29,121 |
| Bybelverspreidingsfonds | 274,958 | 72,170 | - | 347,127 |
| Gevangenisbearbeidingsfonds | 1,057 | 2,280 | (1,500) | 1,837 |
| Gebeurlikheidsfonds | 193,022 | 36,547 | - | 229,569 |
| Geboueverbeteringsfonds | 11,000 | - | (11,000) | - |
| Ouetehuisfonds | 1,061 | 217 | - | 1,278 |
| Studiefonds: Dr. Hanna Pienaar | 66,457 | 13,600 | - | 80,057 |
| Vroue-aksiefonds | 37,177 | 7,608 | - | 44,785 |
| OT / JM v Niekerk-fonds | 140,000 | 28,000 | - | 168,000 |
| | **753,767** | 165,440 | (14,677) | **904,529** |

| | | 2000 | 1999 |
|---|---|---|---|
| **10.6** | **PUBLIKASIEFONDS** | | |
| | INKOMSTE | 929,336 | 956,611 |
| | Verkope - Publikasies | 632,953 | 626,082 |
| | - Boodskapper | 275,458 | 288,033 |
| | Advertensies - Publikasies | - | 6,050 |
| | - Boodskapper | 19,921 | 29,839 |
| | Skenkings | 1,004 | 6,607 |
| | UITGAWES | 1,459,090 | 1,320,509 |
| | Kosprys van verkope: - Publikasies | 440,730 | 375,171 |
| | Beginvoorraad | 511,467 | 384,715 |
| | Plus: Aankope | 332,989 | 501,923 |
| | | 844,456 | 886,638 |
| | Min: Eindvoorraad | 403,726 | 511,467 |
| | Beoordeling - boeke | 6,135 | 1,755 |
| | Drukkoste - Boodskapper | 265,873 | 195,982 |
| | Instandhouding - sekuriteit | 576 | - |
| | Inteken en ledegeld | 378 | (168) |
| | Medewerkers | 10,261 | 19,696 |
| | Pligiewerings | 64,602 | 22,962 |
| | Posgeld en verpakking - Publikasies | 21,119 | 17,959 |
| | Posgeld en verpakking - Boodskapper | 28,657 | 37,717 |
| | Promosies | 5,004 | 140 |
| | Reiskoste - Publikasies | 174 | - |
| | Reiskoste - Boodskapper | 845 | 7,998 |
| | Kommissiewerk - Publikasies | 14,812 | 10,590 |
| | Salarisse - admin. & versending | 552,036 | 597,624 |
| | Skryfbehoeftes | 13,881 | 10,475 |
| | Tantieme | 17,848 | 9,137 |
| | Telefoon | 8,766 | 9,414 |
| | Tydelike hulp | 7,393 | 4,057 |
| | NETTO TEKORT VIR DIE TYDPERK | (529,754) | (363,898) |
| | SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK | 151,137 | 37,789 |
| | PLUS: | | |
| | Oorgedra vanaf Algemene fonds volgens begroting | 535,550 | 400,000 |
| | Rente toegedeel | 47,500 | 77,245 |
| | SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **204,433** | **151,137** |

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER

| | | 2000 | 1999 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| **10.7** | **SINODEFONDS** | | |
| | Saldo aan begin van die tydperk | 72,810 | 56,605 |
| | Plus: Oorgedra vanaf Algemene fonds | 50,000 | 50,000 |
| | Plus: Bydraes ontvang | - | 140,597 |
| | Plus: Rente toegedeel | 22,025 | 25,336 |
| | | 144,835 | 272,538 |
| | Min: Uitgawes vir die tydperk | 7,088 | 199,828 |
| | SALDO AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK | **137,747** | **72,810** |
| | | R | R |
| **10.8** | **STUDIEFONDS LERAARS** | | |
| | Saldo aan begin van tydperk | 500,638 | 487,174 |
| | Plus: Oorgedra vanaf Algemene fonds | 50,000 | - |
| | Ontvang deur die jaar | 15,436 | - |
| | Rente toegedeel | 8,699 | 13,464 |
| | Saldo aan einde van tydperk | **574,773** | **500,638** |
| | **Ontleding** | | |
| | Studielenings toegestaan | 658,084 | |
| | - 1990 tot 1999 | 595,441 | |
| | - 2000 | 62,643 | |
| | Studielenings terug ontvang | (154,960) | |
| | - 1991 tot 1999 | (123,741) | |
| | - 2000 | (31,219) | |
| | | 503,125 | |
| | **Bedrag beskikbaar op 31/12/2000** | 71,648 | |
| | | **574,773** | |
| | | R | R |
| **10.9** | **WILLIE LUBBE STUDIEFONDS** | | |
| | Saldo aan begin van tydperk | 2,214,230 | 1,888,534 |
| | Plus: Ontvang deur die jaar # | 215,575 | 71,174 |
| | Oorgedra vanaf Algemene fonds | 200,000 | 200,000 |
| | Rente toegedeel | 37,318 | 54,520 |
| | Saldo aan einde van tydperk | **2,667,123** | **2,214,228** |

\# 'n Bedrag van R 139 811 is ontvang vanaf Sanlam vir demutualiseringsaandele.

| | | |
|---|---|---|
| **Ontleding** | | |
| Studielenings toegestaan | 2,674,732 | |
| - 1988 tot 1999 | 2,308,791 | |
| - 2000 | 365,941 | |
| Studielenings terug ontvang | (350,991) | |
| - 1988 tot 1999 | (270,718) | |
| - 2000 | (80,273) | |
| | 2,323,741 | |
| **Bedrag beskikbaar op 31/12/2000** | 343,382 | |
| | **2,667,123** | |

| AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER | 2000 | 1999 |
|---|---|---|
| **10.10 INSTANDHOUDINGSFONDS** | | |
| Oordrag vanaf Geboueverbeteringsfonds | 11,000 | |
| Plus: Oorgedra vanaf Algemene fonds | 141,000 | |
| Oorgedra vanaf Reserwe fonds | 300,000 | |
| Plus: Rente toegedeel | 13,226 | |
| | 465,226 | |
| Uitgawes vir die jaar 2000 - | 360,774 | |
| Brookshuis - meubels en toerusting | (28,757) | |
| Brookshuis - geboue en terrein | (175,486) | |
| Teologiese Skool - meubels en toerusting | (6,596) | |
| Teologiese Skool - geboue en terrein | (87,518) | |
| Jeugtuiste - toerusting | (2,187) | |
| Jeugtuiste - geboue en terrein | (51,683) | |
| Boekwinkel - toerusting en terrein | (2,654) | |
| John Rock - deeltitelheffing | (5,893) | |
| SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK | **104,452** | |
| **TOTAAL VAN SPESIFIEKE FONDSE** | **5,886,089** | **4,842,680** |

**11. SPESIALE DEPOSITO**

| | R |
|---|---|
| Bedrag belê 1/1/2000 | 4,131,488 |
| Plus : Verhoging in belegging vir jaar | 910,000 |
| Plus: Rente ontvang | 476,996 |
| Saldo op 31 Desember 2000 | **5,518,484** |

Verteenwoordig deur:

| | Saldo van spesifieke fondse op 31 / 12 / 00 | Beleggings ten opsigte van spesifieke fondse op 31 / 12 / 00 |
|---|---|---|
| | R | R |
| Alimentasiefonds | 57,913 | 57,913 |
| APK Trustfonds | 1,006,033 | 1,006,033 |
| Gevangenisbearbeidingsfonds | 1,837 | 1,837 |
| APK Weeshuisfonds | 2,755 | 2,755 |
| Bedieningsfonds | 26,858 | 26,858 |
| Biblioteekfonds | 29,121 | 29,121 |
| Bybelverspreidingsfonds | 347,127 | 347,127 |
| Gebeurlikheidsfonds | 229,569 | 229,569 |
| Motorvervangingsfonds | 202,228 | 202,228 |
| Ouetehuisfonds | 1,278 | 1,278 |
| Publikasiefonds | 204,433 | 204,433 |
| Vroue-aksiefonds | 44,785 | 44,785 |
| Studiefonds leraars | 71,648 | 71,648 |
| Studiefonds: Dr Hanna Pienaar | 80,057 | 80,057 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 343,382 | 343,382 |
| Sinodefonds | 137,747 | 137,747 |
| Instandhoudingsfonds | 104,452 | 104,452 |
| OT / JM van Niekerk-fonds | 168,000 | 168,000 |
| | 3,059,223 | 3,059,223 |
| Reserwefonds | 2,459,261 | 2,459,261 |
| | **5,518,484** | **5,518,484** |

**12. NA-BALANSSTAATGEBEURE**

Op die balansstaatdatum is daar geen wesenlike omstandighede bekend aan die BRKA wat die redelikheid van die aanbieding van die finansiële state op 31 Desember 2000 behoort te beïnvloed nie.

## 9.2.2 Meting van werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 2000

Meting van die werklike bedrae teen begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 2000

| | Ontvang / Besteding tot 31/12/00 R | Begroot 2000 R | Gunstig/ (Ongunstig) R |
|---|---|---|---|
| ONTVANGSTE | | | |
| Gemeentebydraes (15%) | 5,692,605 | 4,800,000 | 892,605 |
| UITGAWES (Besteding) | 4,887,532 | 4,990,550 | 103,018 |
| APK Jeugtuiste : surplus (-) | -47,509 | - | 47,509 |
| Bankkoste | 8,183 | 8,000 | -183 |
| Bedieningsfonds | 750,000 | 750,000 | - |
| Diverse | - | 2,000 | 2,000 |
| Groepversekering | 42,601 | 58,000 | 15,399 |
| Huur van Toerusting | 30,408 | 30,000 | -408 |
| Instandhouding-geboue/toerustin | 4,545 | 141,000 | 136,455 |
| Kommissiewerk | 128,961 | 192,000 | 63,039 |
| Kuratorium | 1,178,677 | 1,136,500 | -42,177 |
| Mediese bystand afgetrede lede | 190,497 | 130,000 | -60,497 |
| Munisipale koste | 38,105 | 40,000 | 1,895 |
| Ouditgelde | 8,500 | 5,500 | -3,000 |
| Posgeld | 10,232 | 20,000 | 9,768 |
| Publikasiefonds | 520,738 | 519,550 | -1,188 |
| Regskoste | 186,221 | 5,000 | -181,221 |
| Reiskoste - administratief | 7,283 | 31,000 | 23,717 |
| Rente betaal | 19,986 | 32,000 | 12,014 |
| Salarisse - administratief | 1,429,672 | 1,494,000 | 64,328 |
| Sinodekoste | 50,000 | 50,000 | - |
| Skryfbehoeftes | 26,036 | 40,000 | 13,964 |
| Spaarplan - leraars | - | 1,000 | 1,000 |
| Studiefonds leraars | 50,000 | 50,000 | - |
| Spyseniering en verversings | 7,085 | 4,000 | -3,085 |
| Telefoon | 34,169 | 35,000 | 831 |
| Versekering | 13,142 | 16,000 | 2,858 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 200,000 | 200,000 | - |
| | 805,073 | -190,550 | 995,623 |

### 9.2.3 Kommissiewerk

Die volgende staat meet die werklike besteding deur kommissies teen begrote bedrae vir die jaar geëindig 31 Desember 2000:

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Kommissiewerk 1 Januarie 2000 tot 31 Desember 2000

| Kommissie | Werklik tot 31/12/00 R | Totale Begroting R | Beskikbaar/ oorskreiding R | % beskikbaar oorskryding |
|---|---|---|---|---|
| Argief | 1,392 | 3,000 | 1,608 | 54% |
| BRKA | 19,620 | 16,000 | -3,620 | -23% |
| Finansies | 5,563 | 13,000 | 7,437 | 57% |
| Formuliere en Liturgie | 4,149 | 11,000 | 6,851 | 62% |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 165 | 2,000 | 1,835 | 92% |
| Kerkregtelike sake | 19,893 | 32,000 | 12,107 | 38% |
| Kerksang en musiek | 15,722 | 11,000 | -4,722 | -43% |
| Kuratorium | 16,221 | 22,000 | 5,779 | 26% |
| SKK | 10,156 | 22,000 | 11,844 | 54% |
| SKK en ander kommissies | 4,955 | 5,000 | 45 | 1% |
| Verbondsonderrig Opvoedin | 16,313 | 39,000 | 22,687 | 58% |
| Subtotaal | 114,149 | 176,000 | 61,851 | 35% |
| Publikasies | 14,812 | 16,000 | 1,188 | 7% |
| Totaal | 128,961 | 192,000 | 63,039 | 33% |

**AANBEVELING**

**9.2.4 Die sinode/RKA neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van 1999 en 2000.**

## 10. BEGROTING VIR 2001

### 10.1 Ontvangste

Die negende sinode/RKA het die norm waarvolgens die vorige jaar se werklike 15%-bydraes van gemeentes geneem word as ontvangste vir die volgende jaar se begrote uitgawes uitgebrei om aan die FK die reg te gee om die begrote inkomste te verminder as die tendens van werklike 15%-bydraes van gemeentes 'n afname toon.

### 10.2 Uitgawes

Die aanvrae van die kommissies en die BRKA vir 2001 was weereens baie hoër as die verwagte begrote inkomste van R5 300 000.

Die FK het samesprekings met elke kommissie en die BRKA gevoer en met die goeie samewerking wat verkry is, kon die begrote uitgawes verminder word tot R5 366 000.

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)

**10.2.1 Totale uitgawebegroting vir 2001**

Uiteindelik word begroot vir R5 356 000 wat 'n geraamde tekort van R56 000 sal meebring.

**TOTALE UITGAWE : BEGROTING VIR 2001 EN 2002 deur die Finansiële Kommissie na oorleg op 2/11/2000.**

| | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK 1999 R | BEGROTING 2000 R | WERKLIK 30/09/2000 R | BEGROTING 2001 R | AANVRAAG 2001 R | AANVRAAG 2002 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| Argief | 50 000 | **50 600** | 55 300 | **47 069** | 64 000 | **3 305** | **26,500** | 26,500 | 28,700 |
| BRKA | 1 849 000 | **1 751 012** | 1 933 000 | **2 053 223** | 1 906 500 | **1 400 897** | **2,091,600** | 2,151,600 | 2,320,250 |
| Finansies | 12 000 | **8 697** | 12 000 | **8 194** | 13 000 | **3 228** | **8,000** | 8,000 | 9,000 |
| Formuliere en Liturgie | 10 000 | **12 008** | 10 000 | **6 877** | 11 000 | **106** | **7,000** | 7,000 | 12,000 |
| Instandhoudingsfondsuitgawe | 266 000 | **317 461** | 115 000 | **321 183** | 219 000 | **321 832** | **179,700** | 242,600 | 265,300 |
| Kerkleer en Christelike Etiek | 4 000 | - | 2 000 | **826** | 2 000 | **165** | **3,000** | 3,000 | 3,000 |
| Kerkregtelike Sake | 30 000 | **25 537** | 30 000 | **19 748** | 32 000 | **14 323** | **22,000** | 25,000 | 23,650 |
| Kerksang en -musiek | 18 000 | **18 299** | 18 000 | **8 397** | 11 000 | **13 784** | **16,000** | 16,000 | 17,200 |
| Kuratorium | 1 262 400 | **1 176 476** | 1 305 400 | **1 276 037** | 1 280 500 | **946 797** | **1,472,800** | 1,400,800 | 1,415,900 |
| Publikasies | 454 000 | **399 204** | 394 000 | **363 898** | 535 550 | **327 391** | **563,400** | 591,350 | 745 650 |
| SKK | 930 000 | **1 179 539** | 975 000 | **1 187 324** | 877 000 | **615 778** | **936,000** | 1,144,000 | 1,224,350 |
| Verbondsonderrig en Opvoeding | 22 500 | **16 360** | 30 000 | **25 368** | 39 000 | **13 316** | **30,000** | 30,000 | 30,000 |
| | 4 907 900 | **4 955 193** | 4 879 700 | **5 318 143** | 4 990 550 | **3 660 922** | **5 356 000** | 5,645,850 | 6 095 000 |
| KAPITAALITEMS | 30 000 | **15 258** | 20 000 | **16 929** | | **0** | | | |
| | 4 937 900 | **4 970 451** | 4 899 700 | **5 335 072** | 4 990 550 | **3 660 922** | **5 356 000** | 5 645 850 | 6 095 000 |
| SURPLUS/(TEKORT) | ( 337 900) | **231 785** | ( 99 700) | **485 153** | ( 190 550) | **445 532** | **( 56 000)** | ( 345 850) | ( 595 000) |
| INKOMSTE | 4 600 000 | **5 202 236** | 4 800 000 | **5 820 225** | 4 800 000 | **4 106 454** | **5,300,000** | 5,300,000 | 5,500,000 |

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## BRKA: BEGROTING 2001 EN 2002

| | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK 1999 R | BEGROTING 2000 R | WERKLIK 30/09/2000 R | AANVRAAG 2001 R | BEGROOT 2001 R | AANVRAAG 2002 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **UITGAWES NA OPSOMMING** | **1 849 000** | **1 799 796** | **1 933 000** | **2 088 131** | **1 906 500** | **1 411 609** | **2151 600** | **2 091 600** | 2 320 250 |
| APK - Trustfonds | 60 000 | **60 000** | 60 000 | **60 000** | - | | 60 000 | **60 000** | 60 000 |
| Jeugtuiste (Surplus)/Tekort | 24 000 | **( 6 180)** | | **( 62 775)** | | **( 38 317)** | -63 600 | **( 63 600)** | ( 65 600) |
| Bankkoste | 4 000 | **4 877** | 8 000 | **4 615** | 8 000 | **5 875** | 7 700 | **7 700** | 8 100 |
| Diverse | 5 000 | **900** | 5 000 | | 2 000 | | | | |
| Groepversekering | 55 000 | **50 217** | 58 000 | **45 413** | 58 000 | **31 860** | 47 000 | **47 000** | 51 000 |
| Huur van toerusting | - | - | 42 000 | **22 182** | 30 000 | **22 549** | 35 000 | **35 000** | 40 000 |
| Mediese bystand afgetrede lede | 90 000 | **103 771** | 90 000 | **121 627** | 130 000 | **145 691** | 248 000 | **233 000** | 285 000 |
| Munisipale koste | 40 000 | **32 430** | 40 000 | **38 440** | 40 000 | **29 158** | 40 000 | **40 000** | 42 000 |
| Oninvorderbare bedrae afgeskr | - | **8 570** | - | **175** | - | | | | |
| Ouditgelde | 5 000 | **5 000** | 5 000 | **6 000** | 5 500 | **1 000** | 6 500 | **6 500** | 7 000 |
| Posgeld | 20 000 | **18 224** | 25 000 | **10 361** | 20 000 | **6 481** | 14 000 | **14 000** | 16 000 |
| Regskoste | 5 000 | **1 740** | - | **14 210** | 5 000 | **59 306** | 20 000 | | 10 000 |
| Reiskoste - administratief | 35 000 | **28 032** | 30 000 | **29 032** | 31 000 | **21 791** | 7 000 | **7 000** | 8 750 |
| Reiskoste & etes - vergaderings | 15 000 | **10 095** | 15 000 | **16 470** | 16 000 | | 18 000 | **15 000** | 18 000 |
| Rente betaal | 4 000 | **10 597** | 32 000 | **20 146** | 32 000 | **12 799** | 23 000 | **23 000** | 24 000 |
| Salarisse - administratief | 1 395 000 | **1 388 009** | 1 425 000 | **1 443 200** | 1 433 000 | **1 048 846** | 1594 000 | **1 572 000** | 1 713 000 |
| Koste: Personeelkonsultante | - | - | - | **3 216** | - | | | | |
| Skryfbehoeftes | 40 000 | **34 677** | 40 000 | **34 834** | 40 000 | **22 462** | 36 000 | **36 000** | 40 000 |
| Spaarplan - leraars | - | **656** | 1 000 | **627** | 1 000 | | | | |
| Verversings en personeelete | 5 000 | **4 325** | 5 000 | **3 046** | 4 000 | **5 291** | 5 000 | **5 000** | 5 000 |
| Telefoon en faks | 30 000 | **31 016** | 35 000 | **35 474** | 35 000 | **27 083** | 40 000 | **40 000** | 43 000 |
| Versekering | 17 000 | **12 840** | 17 000 | **14 165** | 16 000 | **9 734** | 14 000 | **14 000** | 15 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | | | **227 673** | | | | | |

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## KURATORIUM: BEGROTING 2001 en 2002

| | BEGROTING 1998 R | **WERKLIK 1998 R** | BEGROTING 1999 R | **WERKLIK 1999 R** | BEGROTING 2000 R | **WERKLIK 30/09/2000 R** | AANVRAAG 2001 R | **BEGROOT 2001 R** | **AANVRAAG 2002** R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **OPLEIDINGSUITGAWE** | 1 086 400 | **1 057 954** | 1 154 000 | **1 161 018** | 1 169 500 | **868 769** | 1,247,500 | **1,205,500** | 1,248,500 |
| Dosentevergoeding | 816 400 | **789 424** | 804 000 | **857 569** | 830 000 | **622 558** | 890,000 | **878 000** | 956 000 |
| Uitbetaling van langverlof | - | - | 30 000 | **30 000** | 30 000 | **32 886** | 80,000 | **80 000** | 15 000 |
| Reiskoste: Dosente | 38 000 | **37 500** | 38 000 | **37 500** | 37 500 | **28 125** | 37,500 | **37 500** | 37 500 |
| Reiskoste: Vergaderings | 25 000 | **24 030** | 25 000 | **28 949** | 22 000 | **5 200** | 30,000 | **25 000** | 30 000 |
| Biblioteekfonds | 7 000 | **7 000** | 7 000 | **7 000** | - | | 10,000 | **10 000** | 10 000 |
| Willie Lubbe Studiefonds | 200 000 | **200 000** | 200 000 | **200 000** | 200 000 | **150 000** | 200,000 | **175 000** | 200 000 |
| Vergoeding: Admissiedosente | | | 50 000 | **0** | 50 000 | **30 000** | 0 | **0** | 0 |
| **ANDER UITGAWES** | 176 000 | **173 522** | 206 400 | **212 019** | 207 000 | **165 778** | 270,300 | **267 300** | 289 400 |
| Munisipale koste | 6 000 | **5 055** | 6 000 | **7 468** | 8 000 | **5 595** | 7,500 | **7 500** | 8 000 |
| Salarisse: Administratief | 152 600 | **147 493** | 168 000 | **170 182** | 173 000 | **126 398** | 228,000 | **225 000** | 245 000 |
| Skryfbehoeftes | 5 000 | **4 266** | 5 000 | **811** | 5 000 | **4 201** | 5,000 | **5 000** | 5 400 |
| Telefoon | 9 000 | **12 374** | 12 000 | **18 225** | 15 000 | **20 865** | 24,000 | **24 000** | 25 000 |
| Versekering: Meubels en toerusting | 2 200 | **3 302** | 2 200 | **3 643** | 4 000 | **2 503** | 3,800 | **3 800** | 4 000 |
| Verversings | 1 200 | **1 032** | 1 200 | **1 690** | 2 000 | **2 170** | 2,000 | **2 000** | 2 000 |
| | | | | | | | | | |
| *Registrasie teologiese Skool | | | 12 000 | **10 000** | | **4 046** | | | |
| **TOTALE UITGAWES** | 1 262 400 | **1 231 476** | 1 360 400 | **1 373 037** | 1 376 500 | **1 034 547** | 1,517,800 | **1 472 800** | 1 537 900 |
| MIN: Klasgelde betaalbaar | | **55 000** | 55 000 | **97 000** | 96 000 | **87 750** | 117,000 | **0** | 122 000 |
| **NETTO KOSTE NA OPSOMMING** | 1 262 400 | **1 176 476** | 1 305 400 | **1 276 037** | 1 280 500 | **946 797** | 1,400,800 | **1 472 800** | 1 415 900 |

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

## PUBLIKASIEKOMMISSIE: BEGROTING 2001 EN 2002

| 1. PUBLIKASIES | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK 1999 R | BEGROTING 2000 R | WERKLIK 30/09/2000 R | AANVRAAG 2001 R | BEGROOT 2001 R | AANVRAAG 2002 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **OMSET** | 670 000 | **596 463** | 710 000 | **632 132** | 685 000 | **393 379** | 796,000 | **773 000** | 730,000 |
| Verkope: Publikasies | 655 000 | **588 163** | 700 000 | **626 082** | 680 000 | **393 379** | 794,000 | **771 000** | 728,000 |
| Advertensies: Publikasies | 15 000 | **8 300** | 10 000 | **6 050** | 5 000 | **0** | 2,000 | **2 000** | 2,000 |
| **KOSTE VAN VERKOPE** | 200 000 | **412 334** | 200 000 | **375 171** | 408 000 | **227 744** | 523,000 | **523 000** | 474 500 |
| Kosprys van verkope: Publikasie | 200 000 | **412 334** | 200 000 | **375 171** | 408 000 | **227 744** | 523,000 | **523 000** | 474,500 |
| **BRUTO WINS** | 470 000 | **184 129** | 510 000 | **256 961** | 277 000 | **165 635** | 273,000 | **250 000** | 255,500 |
| **UITGAWES** | 471 650 | **367 037** | 476 650 | **438 698** | 476 200 | **292 621** | 508,000 | **463 050** | 553 300 |
| Advertensies | 500 | **0** | 500 | **0** | 5 000 | **0** | 15,000 | **9 000** | 16,000 |
| Beoordeling - boeke | 2 000 | **158** | 9 000 | **1 755** | 5 000 | **2 645** | 5,000 | **5 000** | 5,300 |
| Kommissie op boekverkope | 0 | **0** | 9 000 | **0** | 25 000 | | 21,000 | **15 000** | 22,000 |
| Korting toegestaan | | | | | | | | | |
| Ledegeld | 0 | **0** | 0 | **0** | | | | | |
| Pligiewerings | 40 000 | **8 258** | 40 000 | **22 962** | 40 000 | **26 123** | 40,000 | **22 050** | 40,000 |
| Posgeld en verpakking - Publikasies | 38 000 | **19 316** | 30 000 | **17 959** | 18 000 | **13 332** | 20,000 | **15 000** | 22,000 |
| Promosies | 5 000 | **0** | 5 000 | **140** | 5 000 | | 12,000 | **9 000** | 12,000 |
| Regskoste | 3 000 | **0** | 3 000 | **0** | | | | | |
| Reiskoste: Publikasies - adm. | 5 000 | **60** | 2 000 | **0** | 2 000 | **174** | 2,000 | **2 000** | 2,000 |
| Reiskoste: vergaderings - publikasies | 18 000 | **11 331** | 18 000 | **10 590** | 16 000 | **7 734** | 14,000 | **10 000** | 16,000 |
| Salarisse | 316 000 | **296 713** | 319 000 | **356 266** | 324 000 | **209 944** | 341,000 | **338 000** | 375,000 |
| Skryfbehoeftes | 18 000 | **11 554** | 10 000 | **10 475** | 10 000 | **7 445** | 10,000 | **10 000** | 11,000 |
| Tantieme | 15 000 | **10 977** | 20 000 | **9 137** | 15 000 | **19 083** | 17,000 | **17 000** | 20,000 |
| Telefoon | 10 000 | **8 670** | 10 000 | **9 414** | 10 000 | **6 141** | 10,000 | **10 000** | 11,000 |
| Verversings | 1 150 | **0** | 1 150 | **0** | 1 200 | | 1,000 | **1 000** | 1,000 |
| NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK | **( 1 650)** | **( 182 908)** | **33 350** | **( 181 737)** | **( 199 200)** | **( 126 986)** | **( 235 000)** | **( 213 050)** | ( 297 800) |

## 2. BOODSKAPPER

| | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK 1999 R | BEGROTING 2000 R | WERKLIK 30/09/2000 R | AANVRAAG 2,001 R | BEGROOT 2001 R | AANVRAAG 2002 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **OMSET** | 195 000 | **304 596** | 230 000 | **324 479** | 330 000 | **237 372** | 330,000 | **330,000** | 332,000 |
| Verkope: Boodskapper | 170 000 | **278 099** | 200 000 | **288 033** | 300 000 | **219 548** | 300,000 | **300,000** | 300,000 |
| Advertensies: Boodskapper | 25 000 | **26 443** | 30 000 | **29 839** | 30 000 | **15 196** | 30,000 | **30,000** | 32,000 |
| Skenkings | 0 | **54** | 0 | **6 607** | 0 | **2 628** | | | |
| **KOSTE VAN VERKOPE** | 330 000 | **241 250** | 306 000 | **195 982** | 300 000 | **215 542** | 300,000 | **300,000** | 360,000 |
| Drukkoste: Boodskapper | 330 000 | **241 250** | 306 000 | **195 982** | 300 000 | **215 542** | 300,000 | **300,000** | 360,000 |
| **BRUTO WINS** | ( 135 000) | **63 346** | ( 76 000) | **128 497** | 30 000 | **21 830** | 30,000 | **30 000** | ( 28 000) |
| | 317 350 | **279 642** | 351 350 | **310 658** | 366 350 | **222 235** | 386,350 | **380,350** | 419,850 |
| **UITGAWES** | | | | | | | | | |
| ***Begrotingskontrole (7.50%)*** | 350 | **251** | 350 | **( 168)** | 350 | **192** | 350 | **350** | 350 |
| Intekengeld | 15 000 | **10 748** | 15 000 | **19 696** | 12 000 | **8 829** | 15,000 | **12,000** | 15,000 |
| Medewerkers | 45 000 | **37 927** | 45 000 | **37 717** | 37 000 | **12 286** | 30,000 | **30,000** | 36,000 |
| Posgeld en verpakking - Boodskapper | 9 000 | **8 518** | 10 000 | **7 998** | 13 000 | **845** | 8,000 | **8,000** | 9,000 |
| Reiskoste: Boodskapper | 244 000 | **212 918** | 276 000 | **241 358** | 298 000 | **194 951** | 325,000 | **322,000** | 351,000 |
| Salarisse | 4 000 | **9 280** | 5 000 | **4 057** | 6 000 | **5 132** | 8,000 | **8,000** | 8,500 |
| Tydelike hulp | | | | | | | | | |
| **NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPE** | ( 452 350) | **( 216 296)** | ( 427 350) | **( 182 161)** | ( 336 350) | **( 200 405)** | ( 356 350) | **( 350 350)** | ( 447 850) |
| **SURPLUS / (TEKORT) NA OPSOMMING** | ( 454 000) | **( 399 204)** | ( 394 000) | **( 363 898)** | ( 535 550) | **( 327 391)** | ( 591 350) | **( 563 400)** | ( 745 650) |

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

**SKK: BEGROTING 2001 EN 2002**

| | BEGROTING 1998 R | WERKLIK 1998 R | BEGROTING 1999 R | WERKLIK 1999 R | BEGROTING 2000 R | WERKLIK 30/09/2000 R | AANVRAAG 2001 R | BEGROOT 2001 R | AANVRAAG 2002 R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SINODE-UITGAWES | 50 000 | 60 | 50 000 | 199 828 | 50 000 | 7 088 | 50,000 | **25,000** | 50,000 |
| BEDIENINGSFONDS | 800 000 | 1 107 777 | 900 000 | 917 597 | 750 000 | 575 873 | 1,037,000 | **888,000** | 1,115,350 |
| Hulp aan Gemeentes | | 1 036 139 | | 906 572 | | 566 205 | 1,018,000 | **875,000** | 1,094,350 |
| Reisende Leraars | | 70 698 | | 10 615 | | 9 500 | 18,000 | **12,000** | 20,000 |
| Hospitaalbesoeke | | 940 | | 410 | | 168 | 1,000 | **1,000** | 1,000 |
| | - | - | - | - | - | | | | |
| REISKOSTE:VERGADERINGS | 20 000 | 22 413 | 20 000 | 23 116 | 22 000 | 11 452 | 22,000 | **18,000** | 24,000 |
| ANDER KOMMISSIEWERK | 10 000 | 6 366 | 5 000 | | 5 000 | | 5,000 | **5,000** | 5,000 |
| SUB-TOTAAL | 880 000 | 1 136 616 | 975 000 | 1 140 541 | 827 000 | 594 413 | 1,114,000 | **936,000** | 1,194,350 |
| STUDIEFONDS - LERAARS | 50 000 | 42 923 | - | 46 783 | 50 000 | 21 365 | 30,000 | **0** | 30,000 |
| **TOTAAL** | **930 000** | **1 179 539** | **975 000** | **1 187 324** | **877 000** | **615 778** | 1,144,000 | **936,000** | 1,224,350 |

### 10.2.3 Oorskryding van begroting

Die negende sinode/RKA het besluit (bl. 401, punt 1.3.7.2.4):
"Die sinode/RKA gee opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die goedkeuring van die FK nie."

Gedurende die verslagtydperk het van die kommissies hulle begroting oorskry en eers, wanneer die uitbetaling van die uitgawes deur afdeling finansies geweier is, goedkeuring by die FK gevra.

**AANBEVELING**
**Die sinode/RKA kontinueer sy opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die vooraf goedkeuring van die FK nie.**

**Motivering**

Waar kommissielede reeds kostes aangegaan het om 'n vergadering by te woon, is hulle geregtig op reiskoste en skep die weiering om uit te betaal deur afdeling finansies moontlike regsimplikasies. Kommissies moet dus by afdeling finansies seker maak dat hulle begroting nog voorsiening maak vir die uitgawes, voordat 'n vergadering belê word, of hulle moet vooraf met die FK reël.

## 11. BESKRYWINGSPUNTE

### 11.1 Ring van Moot-Sentraal: Mediese skema – leraar en kerkraad wil self besluit oor medies met dieselfde bydraekoerse t.o.v. lid en gemeente

Die sinode besluit dat indien 'n predikant nie by die groeps mediese skema in kerkverband wil inskakel soos deur die sinode bepaal nie, hy en sy kerkraad kan besluit om by 'n ander mediese skema in te skakel op dieselfde voorwaardes van finansiering wat deur die sinode bepaal is ten opsigte van die groeps mediese skema.

**Motivering**

a. Tydens die Sinode van 1999 is besluit om van die Kaapse Mediese Plan oor te skakel na Discovery Health met as motivering dat laasgenoemde 'n beter en goedkoper skema is. Die inwerkingstelling en oorskakeling na Discovery Health het egter die teendeel bewys. Paaiemente het die hoogte ingeskiet en die voordele is beperk.

b. Daar is ander mediese skemas wat goedkoper is waarby individue kan inskakel met dieselfde en/of beter voordele wat Discovery Health bied.

c. Oneindig probleme word ondervind om inligting by Discovery Health te bekom en geneeshere ondervind probleme met uitbetalings ten opsigte van eise wat ingedien word. Indien navraag gedoen word by Discovery Health, word jy bedien deur personeel wat nie daarvoor geskool is nie en dus nie die navrae kan beantwoord of gevraagde inligting kan verskaf nie.

d. Kerkrade ondervind probleme om die verhoogde premies te betaal as gevolg van verminderde inkomste.

**AANBEVELING**
**11.1.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

1. Die probleem van kostes word nie opgehef nie. 'n Goedkoper tarief het minder voordele tot gevolg en so 'n keuse is by die huidige skema beskikbaar.

2. In groepsverband is die penalisasieklousule van 3 maande en/of die 12 maande uitsluitingsklousule nie van toepassing nie, terwyl dit wel van toepassing is vir individuele lidmaatskap.

3. Mediese fondse verkeer in 'n bedryfskrisis as gevolg van nuwe wetsbepalinge.

**11.2 Ring van Dendron: Rente op oortrokke bankrekening aftrekbaar vir berekening van 15% bydrae**

Die sinode besluit dat rente op oortrokke bankrekening word as 'n aftrekking toegelaat voordat die 15%-oorbetaling, bereken op bruto inkomste, aan die BRKA gemaak word.

**Motivering**

a. Rente op oortrokke bankrekening is maklik berekenbaar en afskrifte van bankstate kan maandeliks die oorbetaling aan BRKA vergesel.

b. Dat 'n oortrokke bankrekening vir die meeste gemeentes onvermydelik is en noodsaaklik geword het om gemeentes in staat te stel om hulle finansiële verpligtinge na te kom. Rente op sodanige rekening behoort dus streng gesproke van die bruto inkomste afgetrek te word voordat die 15% berekening gedoen word.

c. Die ekonomiese klimaat het onder andere werkloosheid in die hand gewerk en 'n algemene dalende inkomste patroon vir gemeentes tot gevolg. Gemeentes moet ook as gevolg van werkloosheid in 'n groter mate na hul lidmate omsien.

**AANBEVELING**
**11.2.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

'n Presedent sal geskep word en dan kan soortgelyke versoeke ook kom t.o.v. huisverbande, privaatlenings, motorpaaiemente en nog meer.

**11.3 Ring van Riversdal: Fonds om leraars, wat om gesondheidsredes moet emeriteer, oor die wagtydperk van 6 maande by te staan**

Die sinode besluit om 'n fonds te stig om leraars wat a.g.v. mediese ongeskiktheid vroeg moet emeriteer tydens die oorbruggingstyd van 6 maande (wagtydperk) voordat hy sy pensioen ontvang, te ondersteun.

**Motivering**

Wanneer 'n leraar a.g.v. mediese redes dadelik moet emeriteer ontvang hy volgens die huidige pensioenfonds geen inkomste binne die eerste 6 maande nie. Dit beteken dat hy dikwels 'n kontantvloeiprobleem het terwyl hy steeds sy gesin moet onderhou.

**AANBEVELING**
**11.3.1 Die sinode verwys die saak vir ondersoek na die KKS om die Kerkorde in ooreenstemming te bring met arbeidswetgewing.**

**11.4 Ring van Riversdal: Mediese fonds**

a. Die sinode neem met kommer kennis van die voortdurende styging in die mediese tariewe van mediese fondse en die finansiële implikasies wat dit op leraars en kerkrade kan hê.

b. Die sinode besluit dat 'n onafhanklike makelaar genader word om ondersoek in te stel na 'n goedkoper mediese fonds met die mees voordeligste voordele.

c. Die sinode besluit om goedkeuring te verleen aan leraars en kerkrade wat uit die huidige mediese skema wil tree en op hul eie vir beter en goedkoper voordele by 'n ander mediese skema wil aansluit.

d. Die sinode besluit om 'n onafhanklike kommissie te benoem om leraars se klagtes rondom die huidige mediese fonds grondig te ondersoek.

**Motivering**

- Die huidige mediese fonds is baie duur.
- Die voordele word met 'n laer persentasie jaarliks verhoog terwyl die tariewe drasties verhoog word.
- Kerkrade is eenvoudig nie meer in staat om die volle 60% op die tariewe by te dra nie. Gevolglik moet leraars dikwels by 'n goedkoper plan inskakel met verlies van sekere voordele.
- Die huidige mediese tariewe van die mediese fonds is baie hoog met beperkte voordele Boonop neem die mediese aftrekkings en belasting byna 50% van die leraar se bruto traktement in beslag.

**AANBEVELING**
**11.4.1 Die sinode keur beskrywingspunte a-d hierbo nie goed nie.**

**Motivering**

1. Die probleem van kostes word nie opgehef nie. 'n Goedkoper tarief het minder voordele tot gevolg en so 'n keuse is by die huidige skema beskikbaar.
2. In groepsverband is die penalisasieklousule van 3 maande en/of die 12 maande uitsluitingsklousule nie van toepassing nie, terwyl dit wel van toepassing is vir individuele lidmaatskap.
3. Mediese fondse verkeer in 'n bedryfskrisis as gevolg van nuwe wetsbepalinge.
4. Die BRKA hanteer tans die klagtes van leraars en 'n ander onafhanklike kommissie gaan addisionele kostes tot gevolg hê.
5. Die BRKA, wat die huidige makelaar aangewys het, kan op enige stadium 'n ander makelaar aanwys.
6. Ben Rossouw Makelaars het reeds ondersoek ingestel na goedkoper mediese fondse. Kyk in hierdie verband die bylae tot die FK-verslag nl. Bylae FK 1.

### 11.5 Ring van Bethlehem: Oorhoofse koste van 'n leraarspos vrygestel van 15% bydrae

Die sinode besluit dat die oorhoofse koste ten opsigte van die leraarspos van 'n gemeente moet bepaal word.
Hierdie bedrag moet vrygestel word van die 15% bydrae.
Op die inkomste (van 'n gemeente) wat die oorhoofse koste oorskry, kan 'n hoër tarief gehef word.

**AANBEVELING**
**11.5.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

Die beskrywingspunt is totaal onprakties.

### 11.6 Ring van Vereeniging: Befondsing van kerke

Die sinode besluit om befondsing aan kerke te bied teen renteverdienste wat die BRKA kan verdien op hulle belegging binnelands.

**Motivering**

Volksvreemde banke geniet voorrang om kerkfondse te hanteer en te belê, terwyl plaaslike kerke wie se fondse in reserwe gehou word dit eerder kan gebruik teen dieselfde voordele.

**AANBEVELING**
**11.6.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

1. Die vraag moet gevra word of so 'n gemeente voldoende sekuriteit kan verskaf. Indien wel, het die gemeente nie die fondse nodig nie.

2. Die risiko van terugbetaling van kapitaal en rente is baie groot omdat die BRKA nie deel van die gemeente se bestuur is nie.

**11.7 Ring van Vereeniging: Finansiële krisisse**

Die sinode besluit dat die kerkverband deur die BRKA fondse bewillig vir die versorging van predikante en kerke waar finansiële krisisse ontstaan.

**Motivering**

Begroot vir die doel en voorkom die onbarmhartige optrede van die huidige bedeling.

**AANBEVELING**
**11.7.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

Voorsiening word reeds hiervoor gemaak in Kerkorde 2000, art. 18.

**11.8 Ring van Morgenzon: Wysiging van totale kontantontvangste van gemeente se bydrae tot sinodale fondse**

Die sinode besluit om die volgende wysiging te aanvaar in verband met die gemeentes se bydrae tot sinodale fondse.

**Huidige sinodale besluit:**

*Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangstes (Handelinge 1993, bl. 253, pt. 6.2.1; Handelinge 1995, bl. 277, pt. 11.1.1) Die sinode besluit om geen insamelings of fondse vry te stel by die berekening van die persentasie vir die sinodale bydrae nie en dus te bly by die besluit van 1995.*

*Om saam te vat is die huidige besluit dus: Alle gemeentes dra by tot die sinodale fondse teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste. Totale kontantontvangste sluit o.m. in: - insamelings van susters, jeug, diakonie, ens. – rente ontvang van beleggings van die kerkraad.*

**Voorgestelde besluit:**
Alle gemeentes dra by tot die sinodale fondse teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangstes (barmhartigheid uitgesluit). Elke gemeente besluit self oor sy plaaslike insameling van barmhartigheid.

**Motivering**

- Die Bybelse standpunt van barmhartigheid is dat die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie. Wanneer 'n lidmaat of gemeente dan vir barmhartigheid gee, mag dit nie uitgeblaker word aan die wêreld nie.

- Indien dit aan die lidmate van die gemeentes bekend gemaak word dat daar van hulle geld wat hulle aan barmhartigheid skenk 15% oorgedra word aan die sinode, sal hulle dit nie deur die kerk laat doen nie, maar dit vir private instansies gee.

- Dat daar 15% van die gemeentes se barmhartigheidsfondse oorbetaal word, skep die moontlikheid van oneerlikheid waar sommige gemeentes hierdie fondse dalk nie sal verklaar nie.

- Barmhartigheidsfondse mag slegs vir barmhartigheid aangewend word. Om dit vir die regering van die kerk en kerkstelsel te gebruik is in stryd met die Skrif en die gereformeerde leerstellings.

- Die gedagte word verder ondersteun deur die feit dat Bybelverspreiding reeds uitgesluit is aan die 15% oorbetalings.

**AANBEVELING**
**11.8.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

Uitsonderings ten opsigte van spesiale trustfondse is in die verlede deur gemeentes misbruik.

### 11.9 Ring van Graniet: Gedeelte van 15% bydraes vir bedieningshulp in ringsverband

Die sinode besluit om 'n persentasie van die 15% bydraes van gemeentes aan die BRKA by die SKK te bewaar vir *bedieningshulp in Ringsverband.*

**Motivering**

Daar bestaan 'n groot behoefte aan bedieningshulp in ringsverband en die ring is van oordeel dat dit billik is om bydraes, wat uit ringsverband kom, ook weer in ringsverband terug te ploeg.

**AANBEVELING**
**11.9.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.**

**Motivering**

Getekende dokument is nie deur die Kerkkantoor ontvang nie.

### 11.10 Ring van Nelspruit: Elke leraar en gemeente beding self vir die beste bekostigbare mediese fonds

Die sinode besluit dat elke leraar en gemeente self beding vir die beste bekostigbare mediese fonds vir plaaslike leraar(s).

**Motivering**

Die traktement van leraars hou nie verband met die jaarlikse skerp stygings van mediese fondse nie. Mediese fondse het dienooreenkomstig onbekostigbaar vir leraars geword. Indien hierdie tendens voortduur sal die mediese fonds binne die afsienbare toekoms die totale traktement van die leraars insluk. Dit is onbillik om leraars te dwing om aan skemas te behoort wat hulle nie kan bekostig nie.

**AANBEVELING**
**11.10.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

1. Die probleem van kostes word nie opgehef nie. 'n Goedkoper tarief het minder voordele tot gevolg en so 'n keuse is by die huidige skema beskikbaar.

2. In groepsverband is die penalisasieklousule van 3 maande en/of die 12 maande uitsluitingsklousule nie van toepassing nie, terwyl dit wel van toepassing is vir individuele lidmaatskap.

3. Mediese fondse verkeer in 'n bedryfskrisis as gevolg van nuwe wetsbepalinge.

## 12. ONTBINDING VAN FK EN OORDRA VAN FK-LASGEWING NA DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (RKA)

**AANBEVELINGS**

**12.1 Die sinode besluit om die FK te ontbind en sy lasgewing oor te dra na die RKA, om uitgevoer te word deur die BRKA.**

**12.2 Die sinode besluit dat die BRKA uit sewe lede sal bestaan, waarvan vier ouderlinge plus secundi deur elke RKA uit sy lede aangewys, plus een lid (met secundus) uit elk van die volgende kommissies deur die sinode aangewys: die Sentrale Kerkekommissie (SKK), die Kuratorium (KUR) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS). Hierdie drie kommissies wys elkeen self sy verteenwoordiger op die BRKA aan.**

**Motivering**

a. In ons soeke na finansiële oorlewing en kostebesparing, is die samevoeging van die FK en die BRKA beslis 'n aangewese oplossing.

b. Op die sinode van 1999 was daar 'n aanbeveling om die SKK en die BRKA saam te smelt en die RKA te ontbind. Dit is nie prakties nie omdat die funksies van die SKK en BRKA op totaal verskillende terreine val en die opleiding, kundigheid en ervaring wat van die lede van die SKK en BRKA vereis word radikaal verskil. Die BRKA se bevoegdhede en pligte behels uitsluitlik administrasie, bestuur en finansies, terwyl die SKK se lasgewing handel oor interkerklike verhoudinge, mediaskakeling, skakel met owerhede, hulp aan kerkrade en ringe, reël van sinodes en bedieningshulp aan gemeentes.

c. Die samevoeging van die BRKA en die FK het geen botsende elemente nie omdat die funksies van die BRKA en FK in elke opsig eenders is. Oorvleuelende funksies sal beslis uitgeskakel word en die vereiste bekwaamhede van die lede verskil ook nie.

d. Lede wat op die BRKA en FK dien behoort persone te wees wat 'n deeglike agtergrond, kennis en ondervinding het van besigheid, bestuur, finansies, personeel en administrasie. Weinig teologiese kennis en ondervinding is nodig.

e. Die samestelling van so 'n nuwe BRKA behoort uit ouderlinge te bestaan wat volledig voldoen aan die vereistes soos in punt d genoem. Om demokraties te wees, d.w.s. om steeds te waak dat die AP Kerk nie ook deur predikante oorheers word nie, behoort die sinode nog steeds die vier ouderlinge aan te wys en die SKK, KUR en KKS wys self een verteenwoordiger elk uit hulle lede aan.

**f. Kostebesparings**

f.1 In die AP Kerk se poging om finansieel te oorleef, is dit van uiterste belang dat kostes, waar moontlik bespaar moet word. Die RKA as gemeenregtelike regspersoon word behou as die BRKA en FK saamgevoeg word en geen oordrag van bates is nodig nie. Al die gemeenskaplike eiendomme van die plaaslike kerke in kerkverband is op naam van die RKA geregistreer. Die aanbeveling op die 1999-sinode waarvolgens die RKA sou ontbind en die SKK die regspersoon sou word, sou groot bedrae bestee moes word aan regskoste en ander koste om die eiendomme op naam van die nuwe regspersoon te registreer.

f.2 Aan direkte kostes bespaar die AP Kerk gevolglik:

Vir 6 lede van die FK en twee minder lede op die BRKA ongeveer R15 000-00 plus per jaar en die uitskakel van administratiewe duplisering. Hierby moet in gedagte gehou word dat die groot koste verbonde aan die skep van 'n nuwe regspersoon en die registrasie van die eiendomme op die naam van die nuwe regspersoon, nie bestee hoef te word nie as die RKA onveranderd bly.

## 13. ANDER AANBEVELINGS

**13.1 Die sinode spreek sy innige dank uit teenoor die groot getal kerkrade en kassiere wat hulle verpligtinge stiptelik en met groot sorg nakom.**

**13.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die lidmate in die kerkverband vir besondere offervaardigheid. Dit het meegebring dat die talle werksaamhede van die sentrale kerkkantoor, die Afrikaanse Protestantse Akademie (teologiese skool) en die kerkverband, soos die daarstelling van sinodale publikasies (kerkjaarboek, Die**

**Boodskapper en verbondsonderrigmateriaal) asook die opleiding van ons eie toekomstige leraars en bedieningshulp aan hulpbehoewende gemeentes, kon voortgaan.**
**13.3 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die administrateur, rekenmeester en die personeel van die afdeling finansies vir getroue nakoming van hulle opdragte.**
**13.4 Die sinode spreek sy innige en opregte dank uit teenoor God Drie-enig, wat deur middel van die dankoffergawes van die lidmate die stoflike middele aan die gemeentes en die kerkverband verskaf, sodat die werk van God se koninkryk gedien kan word.**

**14.** Die kommissie vertrou dat hy sy opdragte en lasgewing van die sinode uitgevoer het. Dit was 'n voorreg om die Kerk van die Here op hierdie terrein te dien. Die kommissie verseker u dat die administrasie en finansies na die beste van vermoë in diens van die Koning van die Kerk aangewend word.

Mag die sinode 'n geseënde sitting beleef.

Oudl. BJM Rossouw
(Voorsitter)

Mnr. LJ Korkie
(Sekretaris)

**BYLAE FK 1**

VERSLAG: MEDIESE SKEMA

## EISE KOSTE VERSLAG

### 1 Januarie 2000 - 31 Desember 2000

| Tipe Eis | Totaal Betaal |
|---|---|
| Buite Hospitaal Voordeel | R 1 049 011 |
| Hospitaal voordeel / ingesluit versekerde prosedures | R 1 062 749 |
| Kroniese Medikasie | R 293 473 |
| **Totaal** | **R 2 405 233** |

## BUITE HOSPITAAL VOORDELE

| Groepering van koste per lid | Persentasie lede in groep |
|---|---|
| R0 - R1 000 | 5.4% |
| R1 001 - R3 000 | 11.6% |
| R3 001 - R5 000 | 15.5% |
| R5 001 - R10 000 | 43.4% |
| R10 001 - R15 000 | 10.9% |
| R15 001 plus | 13.2% |

## HOSPITAAL VOORDEEL

| Groepering van koste per lid | Persentasie lede in groep |
|---|---|
| R0 - R2 001 | 52.7% |
| R2 001 - R4 000 | 7.0% |
| R4 001 - R6 000 | 5.4% |
| R6 001 - R10 000 | 10.1% |
| R10 001 - R40 000 | 18.6% |
| R40 001 plus | 6.2% |

## KRONIESE MEDIKASIE VOORDEEL

| Groepering van koste per lid | Persentasie lede in groep |
|---|---|
| R0 - R2 000 | 66.7% |
| R2 001 - R4 000 | 14.0% |
| R4 001 - R6 000 | 7.8% |
| R6 001 - R8 000 | 3.9% |
| R8 001 - R9 000 | 1.6% |
| R9 001 plus | 6.2% |

**MEDIESE VERSEKERING**

Om u in 'n posisie van waardering te plaas, kwoteer ons van die beter skemas se huidige premies.
Ons neem 'n hooflid, gade en 2 kinders onder die ouderdom van 21 jaar. Ons probeer appels met appels vergelyk sovêr prakties moontlik.

**1. HOSPITAALDEKKING - ALLE MET KRONIESE MEDIKASIE (GEEN DAG TOT DAG VOORDEEL)**

| MEDIESE SKEMA | PREMIE PER MAAND | HOSPITAAL VOORDEEL | KRONIESE VOORDEEL |
|---|---|---|---|
| Discovery Health | R1132 | 100% HASA tarief<br>Geen beperkings<br>Geen jaarlikse limiet | R2200 per jaar |
| Fedsure Health | R1128 | 100% HASA tarief<br>Geen beperkings<br>Geen jaarlikse limiet | R9000 per jaar |
| Med XXI / Sanlam | R925 | 100% HASA of OT<br>Geen beperkings<br>Geen jaarlikse limiet | Geen |
| Metropolitan | R1124 | 100% BHF<br>Enkele beperkings<br>Geen limiet | Geen jaar limiet |
| Procure / Liberty | R1063 | 100% HASA<br>Enkele beperkings<br>plus enkele ekstras<br>Geen limiet | R5000 per jaar |
| Visimed Venus | R1080 | 100% BHF<br>Met beperkings<br>Limiet R500000 per jaar | Geen |
| Medihelp | R1440 | 100% BHF<br>Geen limiet | 90%<br>Geen jaar limiet |

| MEDIESE SKEMA | PREMIE PER MAAND | HOSPITAAL VOORDEEL | KRONIESE VOORDEEL |
|---|---|---|---|
| Caremed Select / Ou Mutual | R965 | 100% HASA Met beperkings Limiet R1,000,000 per jaar | R1600 per jaar |

**OPMERKINGS**

HASA – Tarief : word alle doktersbesoeke, operasies ens. teen die verhoogde tariewe betaal.
{Uitgekontrakteerde tarief}

BHF – Tarief : word alle dokters, operasies ens. teen voordele skematarief betaal.
{Ingekontrakteerde tarief}

OT - Tarief : is waar Sanlam met 'n hospitaal op 'n tarief ooreengkom het.

**2. OMVATTENDE DEKKING MET MAKSIMUM VOORDELE**

In hierdie geval word hospitaaldekking kronies en dag tot dag mediese voordele gebied, vir 'n hooflid, gade en 2 kinders jonger as 21 jaar.

| MEDIESE SKEMA | PREMIE PER MAAND | TOTALE VOORDEEL | KRONIESE VOORDEEL |
|---|---|---|---|
| Discovery Health Spaarrekening | R2233 R734 | 100% HASA tarief Enkele beperkings Geen jaarlikse limiet | Geen beperking per jaar |
| Fedsure Health Spaarrekening | R1902 R634 | 100% HASA tarief Enkele beperkings Geen jaarlikse limiet | R15000 per jaar |
| Med XXI / Sanlam Spaarrekening | R2630 R615 | 100% HASA tarief Enkele beperkings Geen jaarlikse limiet | Geen beperking per jaar |
| Metropolitan Spaarrekening | R1779 R593 | 100% BHF Met beperking Limiet R1000000 per jaar | R7000 per bevoor-deelde per jaar |

| MEDIESE SKEMA | PREMIE PER MAAND | TOTALE VOORDEEL | KRONIESE VOORDEEL |
|---|---|---|---|
| Procure / Liberty Spaarrekening | R1476<br>R742 | 100% van HASA<br>Enkele beperkings<br>paar ekstras<br>Geen jaarlikse limiet | R12000 per jaar |
| Visimed / Jupiter Spaarrekening | R3700<br>R1230 | 100% van BHF<br>Met beperkings<br>Geen limiet per jaar | 80% met R12000 per jaar |
| Medihelp | R3648 | 100% van BHF<br>Met beperkings<br>Geen limiet per jaar | 90% met geen limiet per jaar |
| Caremed / Ou Mutual Spaarrekening | R2215<br>R738 | 100% van HASA<br>Met beperkings<br>Limiet R1000000 per jaar | R3200 per jaar |

**OPSOMMING**

Ja, daar is skemas wat goedkoper is as Discovery vir sekere lede en hulle huidige persoonlike omstandighede, maar in totaal gesien is daar nie 'n beter skema op 'n Rand vir Rand basis nie.

Ek bemark al die gemelde skemas en by almal het ons administrasie probleme; sommige veel meer as wat ons by Discovery ervaar. Die buigsaamheid wat Discovery met sy korporatiewe befondser bied, is by geen ander skema beskikbaar en daardeur word baie lede heelwat ekstra premies per jaar gespaar.

As individuele makelaar, wat ten volle geakkrediteer is om mediese skemas te bemark, is ek aan geen spesifieke skema gebind nie en kan u met besluit van die BRKA na enige ander skema oorskakel.

Laastens bied Discovery nog hulle essensiële plan en vitale plan wat 'n bietjie goedkoper is as die huidige klassieke plan, maar dan moet u heelwat beperkings aanvaar. Ek het

dit in November en Desember aan lede van die AP Kerk aangebied, maar nie een wou dit aanvaar nie.

Gedurende November/Desember, wanneer u weer kan verander, sal ek vir u die laer tarief voordele weer kan aanbied.

Die voordeel om as groep aan 'n skema te behoort is, daar is geen boete aansluiting en geen uitsluitings vir nuwe toetreders (sopas is 'n leraar toegelaat, wat andersins uitgesluit was). Sou daar besluit word dat lede na keuse by 'n ander skema aansluit, verval die groepvoordele en mag lede dan met uitsluitings gekonfronteer word.

Ek vertrou die verslag gee vir u 'n dieper insig in hierdie baie baie moeilike produk wat op die mark bestaan en ek verseker u van my beste dienste binne menslike vermoë en tyd.

.....
**BEN ROSSOUW**

## BYLAE FK 2

### GEMEENTES AGTERSTALLIG MET BYDRAES: PENSIOEN, GADEVERSEKERING, MEDIES, UITGESTELDE VERGOEDING, 15%

Die volgende gemeentes was op 30 April 2001 meer as R 4,000 agterstallig ten opsigte van pensioen, gadeversekering, mediese- en uitgestelde vergoedingsbydraes. ( Een maand se verpligting is ongeveer R 3,500)

Laaste kwitansie nommer : 63591/62487

| Gemeente | Pensioen R | Gadever= sekering R | Medies R | Uitgestelde vergoeding R | Totaal R |
|---|---|---|---|---|---|
| Algoa | 6,632 | 80 | 1,294 | | 8,006 |
| Bloemfontein Noord | 6,627 | 172 | 10,035 | | 16,834 |
| Boksburg | | | 22,233 | | 22,233 |
| Fochville | 24,310 | -31 | 11,694 | -401 | 35,571 |
| Fonteine | 3,167 | | 1,657 | | 4,824 |
| Germiston | 5,759 | 0 | 0 | 0 | 5,759 |
| Koppies | 5,544 | 781 | 8,885 | -323 | 14,886 |
| Krugersdorp | 4,134 | | 4,763 | 390 | 9,287 |
| Lindley | 1,625 | 29 | 2,405 | | 4,059 |
| Piketberg | 4,334 | 415 | 9,707 | 3,070 | 17,527 |
| Suidkus | | -180 | 4,226 | | 4,046 |
| Viljoenskroon | -194 | | 4,857 | -22 | 4,641 |
| Welkom | 12,542 | | 10,959 | | 23,501 |
| Totaal | 74,478 | 1,266 | 92,714 | 2,715 | 171,173 |

Die volgende gemeentes was op 30 April 1999 meer as R 4,000 agterstallig ten opsigte van Pensioen, Gadeversekering, mediese - en uitgestelde vergoedingsbydraes. ( Een maand se verpligting is ongeveer R 3,000)

| Gemeente | Pensioen R | Gadever= sekering R | Medies R | Uitgestelde vergoeding R | Totaal R |
|---|---|---|---|---|---|
| Bloemfontein Noord | 1,829 | 120 | 6,088 | | 8,037 |
| Boksburg | | | 22,233 | | 22,233 |
| Buhrmannsdrif | 2,033 | 62 | 2,971 | 680 | 5,746 |
| Fochville | 18,258 | 91 | 7,104 | | 25,453 |
| Germiston | 7,760 | 101 | 7,820 | 2,052 | 17,733 |
| Keetmanshoop | 4,117 | 77 | 233 | | 4,427 |
| Koppies | 3,114 | 76 | 6,364 | 2,652 | 12,206 |
| Kroonstad | 439 | | 4,076 | | 4,515 |
| Krugersdorp | 2,312 | -10 | 2,953 | | 5,255 |
| Migdol | 772 | 19 | 4,845 | | 5,636 |
| Piketberg | 4,309 | 40 | 885 | 1,680 | 6,914 |
| Suidkus | | | 8,077 | | 8,077 |
| Viljoenskroon | -1,931 | | 7,490 | | 5,559 |
| Vryburg | 5,789 | 21 | 1,893 | -335 | 7,368 |
| Welkom | 7,386 | 38 | 4,515 | | 11,939 |
| Witrivier | 13,111 | 98 | 9,865 | | 23,074 |
| | 69,298 | 733 | 97,412 | 6,729 | 174,172 |

## UITSTAANDE 15% BYDRAES VIR 1993, 1994, 1995, 1996, 1997, 1998, 1999, 2000,2001.

| RING | GEMEENTE | GESTIG | BELYD | Nota | AANTAL MAANDE | GEMIDDELDE 15% / MAAND | BERAAMDE BEDRAG U/S |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BEAUFORT-WES | CARNARVON | 1988/04/25 | 20 | | 1 | 193 | 193 |
| | HANOVER | 1990/05/06 | 29 | | 1 | 358 | 358 |
| | VANWYKSVLEI | 1995/06/18 | 16 | | 1 | 149 | 149 |
| BENONI | BRAKPAN | 1987/10/21 | 703 | 1 | 11 | Werklik | 50,323 |
| | DELMAS | 1987/11/15 | 145 | | 1 | 1,656 | 1,656 |
| | WELBEKEND | 1996/11/28 | 97 | 2 | 6 | Werklik | 8,919 |
| BETHLEHEM | EXCELSIOR | 1993/10/17 | 77 | 3 | 20 | 932 | 18,640 |
| | LINDLEY | 1990/10/21 | 51 | 4 | 54 | 443 | 23,922 |
| | MARQUARD | 1987/11/26 | 93 | | 1 | 899 | 899 |
| BLOEMFONTEIN | BLOEMFONTEIN | 1987/07/12 | 1,049 | 5 | 0 | F9 Ouditverslag | 43,746 |
| | BLOEMFTN-NRD | 1990/05/06 | 361 | 6 | 8 | Werklik | 8,693 |
| | CAAGUAZU | 1995/10/22 | 22 | 7 | 3 | 164 | 492 |
| | DEALESVILLE | 1987/09/24 | 60 | | 1 | 657 | 657 |
| BRANDFORT | BULTFONTEIN | 1989/09/17 | 13 | | 1 | 479 | 479 |
| | HERTZOGVILLE | 1991/07/16 | 37 | | 2 | 1,100 | 2,200 |
| | THEUNISSEN | 1990/02/25 | 45 | | 3 | 1,342 | 4,026 |
| CLANWILLIAM | CLANWILLIAM | 1988/02/07 | 159 | 8 | 0 | | 0 |
| | DIAMANTSTREEK | 1995/12/10 | 44 | 9 | 14 | 293 | 4,102 |
| DENDRON | MESSINA | 1989/01/22 | 55 | 10 | 9 | 559 | 5,031 |
| | PHALABORWA | 1987/07/25 | 118 | | 3 | 1,112 | 3,336 |
| | PIETERSBURG | 1987/08/02 | 698 | 11 | 0 | F9 Ouditverslag | 27,556 |
| | TZANEEN | 1987/08/23 | 229 | 12 | 30 | 3,208 | 96,240 |
| DERBY | BUHRMANNSDRIFT | 1987/08/16 | 206 | 13 | 9 | Werklik | 23,200 |
| | GROOT-MARICO | 1987/08/13 | 129 | 14 | 31 | Werklik | 14,956 |
| | VENTERSDORP | 1987/07/12 | 311 | 15 | 24 | Werklik | 57,520 |
| ERMELO | ERMELO | 1987/07/15 | 139 | 16 | 16 | 2,364 | 37,824 |
| | PERDEKOP | 1987/10/18 | 24 | 17 | 25 | 599 | 14,975 |
| GERMISTON | ALBERTON | 1989/06/07 | 149 | 18 | 2 | 1,221 | 2,442 |
| | BOKSBURG | 1988/04/27 | 75 | 19 | 82 | 561 | 46,002 |
| | GERMISTON | 1987/08/24 | 141 | 20 | 19 | 1,570 | 29,830 |
| GRANIET | BOTHAVILLE | 1989/04/30 | 72 | 21 | 13 | 1,922 | 24,986 |
| | GRANIET | 1987/08/16 | 132 | 22 | 7 | Werklik | 16,785 |
| | KOPPIES | 1988/03/03 | 29 | 23 | 32 | Werklik | 8,556 |
| | SANDVELD | 1997/11/30 | | 24 | 28 | 975 | 27,300 |
| | SASOLBURG | 1997/08/10 | 37 | 25 | 4 | 478 | 1,912 |
| HENNENMAN | HENNENMAN | 1987/10/25 | 124 | | 1 | 1,507 | 1,507 |
| | ODENDAALSRUS | 1991/01/20 | 52 | 26 | 15 | 784 | 11,760 |
| | STEYNSRUS | 1991/02/14 | 32 | | 3 | 169 | 507 |
| | VIRGINIA | 1990/02/25 | 33 | 27 | 83 | 319 | 26,477 |
| | WELKOM | 1987/11/13 | 108 | 28 | 11 | 959 | 10,549 |
| KIMBERLEY | CHRISTIANA | 1988/03/10 | 304 | | 1 | 3,683 | 3,683 |
| | HOPETOWN | 1995/05/24 | 29 | | 1 | 542 | 542 |
| KLERKSDORP | HARTBEESFONTEIN | 1989/05/18 | 49 | 29 | 25 | Werklik | 4,838 |
| | KLERKSDORP | 1987/08/05 | 220 | 30 | 3 | 4,608 | 13,824 |
| | KLERKSDORP-SENTRAAL | 2000/02/27 | 266 | 31 | 12 | 3,060 | 36,720 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| LICHTENBURG | ALFA | 1987/07/05 | 86 | | 1 | 1,269 | 1,269 |
| MIDDELBURG | CULLINAN-RAYTON | 1987/09/20 | 159 | 32 | 6 | Werklik | 5,957 |
| | WITBANK | 1987/09/23 | 353 | 33 | 42 | 2,511 | 105,462 |
| MIGDOL | VRYBURG | 1987/09/06 | 283 | 34 | 7 | 2,029 | 14,203 |
| MOOINOOI | BRITS | 1987/07/12 | 326 | 35 | 2 | Werklik | 2,783 |
| | RUSTENBURG | 1987/08/16 | 423 | | 1 | 4,373 | 4,373 |
| | SANDDRIF | 1988/01/25 | 127 | 36 | 18 | Werklik | 26,681 |
| MORGENZON | ARNOT-HENDRINA | 1987/08/18 | 129 | 37 | 4 | 2,028 | 8,112 |
| | MORGENZON | 1987/07/08 | 38 | 38 | 11 | 578 | 6,358 |
| | STANDERTON | 1988/05/25 | 185 | | 0 | F9 Ouditverslag | 57,948 |
| NABOOMSPRUIT | ELLISRAS | 1990/11/11 | 122 | 39 | 16 | 1,004 | 16,064 |
| | KOEDOESRAND | 1987/09/06 | 37 | 40 | 15 | 283 | 4,245 |
| | MARKEN | 1991/06/12 | 37 | | 2 | 547 | 1,094 |
| | VAALWATER | 1991/05/12 | 65 | 41 | 5 | 1,206 | 6,030 |
| | WATERBERG | 1987/08/09 | 316 | 42 | 11 | 2,887 | 31,757 |
| NELSPRUIT | HOEDSPRUIT | 1989/11/26 | 168 | 43 | 26 | 848 | 22,048 |
| NEWCASTLE | DUNDEE-GLENCOE | 1987/10/21 | 42 | 44 | 53 | 387 | 20,511 |
| | UTRECHT | 1988/03/02 | 22 | 45 | 23 | 278 | 6,394 |
| OLIFANTSHOEK | BOSRAND | | | 46 | 8 | 70 | 560 |
| OUTJO | GOBABIS | 1992/07/13 | 36 | 47 | 18 | 350 | 6,300 |
| | KEETMANSHOOP | 1989/06/04 | 41 | 48 | 8 | 1,280 | 10,240 |
| | WELWITSCHIA | 1993/12/05 | 44 | | 3 | 427 | 1,281 |
| | WINDHOEK | 1989/07/23 | 86 | | 1 | 1,073 | 1,073 |
| PETRUSBURG | KOFFIEFONTEIN | 1992/02/09 | 54 | 49 | 32 | 457 | 14,624 |
| | PETRUSBURG | 1987/07/29 | 88 | | 1 | 930 | 930 |
| | PHILIPPOLIS | 1993/01/24 | 24 | 50 | 9 | 377 | 3,393 |
| POTGIETERSRUS | GROBLERSDAL | 1987/08/30 | 320 | | 1 | 3,740 | 3,740 |
| RIVERSDAL | ALBERTINIA | 1993/01/22 | 60 | | 3 | 678 | 2,034 |
| | KNYSNA | 1993/06/01 | 40 | | 1 | 305 | 305 |
| | LADISMITH | 1991/27/28 | 11 | | 4 | 45 | 180 |
| ROODEPOORT | **CARLETONVILLE/** | 1988/01/28 | 60 | 51 | 5 | 862 | |
| | **WELVERDIEND** | | | | | | |
| | KRUGERSDORP | 1991/02/03 | 175 | 52 | 12 | 2,066 | 24,792 |
| | **RANDFONTEIN** | 1987/08/07 | 94 | 53 | 0 | 1,826 | |
| SOMERSET-OOS | ALGOA | 1987/09/20 | 154 | | 1 | 1,605 | 1,605 |
| | FORT BEAUFORT | 1988/06/18 | 18 | | 4 | Werklik | 532 |
| STELLENBOSCH | HUGENOTEVALLEI | 1987/08/30 | 122 | 54 | 41 | 735 | 30,135 |
| | PIKETBERG | 1988/02/28 | 50 | 55 | 15 | 1,380 | 20,700 |
| | ROBERTSON | 1992/01/15 | 70 | | 1 | 739 | 739 |
| | WORCESTER | 1990/11/11 | 164 | 56 | 5 | 1,086 | 5,430 |
| STEYNSBURG | GRENS | 1991/04/06 | 18 | | 2 | 159 | 318 |
| | JAMESTOWN | 1988/07/03 | 33 | | 2 | 268 | 536 |
| | TARKASTAD | 1999/05/23 | 19 | | 1 | 377 | volg op |
| SUIDKUS | RICHARDSBAAI | 1993/01/31 | 70 | 57 | 10 | 691 | 6,910 |
| | SUIDKUS | 1987/07/01 | 73 | 58 | 14 | 1,072 | 15,008 |
| | ZULULAND | 1990/04/29 | 60 | 59 | 38 | 1,036 | 39,368 |
| VEREENIGING | FOCHVILLE | 1987/08/13 | 104 | 60 | 33 | 953 | 31,449 |
| | VANDERBIJLPARK | 1987/09/09 | 265 | | 2 | 2,079 | 4,158 |
| | VEREENIGING | 1987/07/26 | 354 | 61 | 6 | 3,037 | 18,222 |

Aantal belydende lidmate vir die ringe hierbo : 12,407
Totaal aantal belydende lidmate volgens 2001 Jaarboek : 38,480
Persentasie uit die totaal : 32.24%
Aantal maande agterstallig 1,141
Uitstaande bedrag aan 15% R 1,304,164

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
NOTAS BY DIE UITSTAANDE 15% VERSLAG

1 Brakpan
Werklike bedrag uitstaande volgens F1 vorms. Geen reëling is getref vir terugbetaling.

2 Welbekend
Gemeente betaal tans die agterstallige maande in.

3 Excelsior
Die inkomste vir die tydperk **Januarie 1997 tot Junie 1998** is nie verklaar nie.

4 Lindley
Vanaf **Junie 1997 tot Maart 2001** is geen F1 vorm of 15% bydrae ontvang nie.

5 Bloemfontein
Die jaar 2000 se F9 ouditverslag toon 'n verskil met die jaar 2000 se maandelikse inbetalings.

6 Bloemfontein-Noord
Die gemeente betaal R 500.00 per maand af aan agterstallige 15%, pensioen en mediese bydraes.

7 Caaguazu
Gemeente stuur bydrae gereeld saam met afgevaardigdes wat besoek aflê by die gemeente.

8 Clanwilliam
Gemeente het vanaf **Oktober 1995 tot Februarie 1998** R 8.10 per lidmaat betaal.
Gemeente het vanaf **Maart 1998 tot Desember 1998** R 9.45 per lidmaat betaal.
Geen inkomste is verklaar vir hierdie tydperke nie.

9 Diamantstreek
Gemeente ontbind op 25 Maart 2001. Geen F1 vorms of 15% bydrae is ontvang vanaf **Februarie 2000 tot Maart 2001** nie.

10 Messina
Geen F1 vorms ontvang vanaf Februarie 2000 tot Januarie 2001.
Geen 15 % bydrae ontvang vanaf **Mei 2000 tot Januarie 2001**.

11 Pietersburg
Agterstallige 15% bydrae volgens F9 ouditsertifikate beloop R 27,556.00.

12 Tzaneen
Geen 15% bydrae is ontvang vir die periode **Augustus 1997 tot Desember 1999**.

13 Buhrmannsdrift
15% Bydraes vir Desember 1997, Mei 1999 tot Desember 1999, Maart 2000 en Mei 2000 tot Desember 2000 is agterstallig. R 10,000.00 is inbetaal t.o.v. 2000.

14 Groot-Marico
15% bydrae vir die tydperk **April 1999 tot Desember 1999** is uitstaande.

15 Ventersdorp
Agterstallige 15% bydrae op 28 Februarie 2001 beloop R 57,520.00 volgens F1 vorms.

16 Ermelo
Vir die tydperk **Mei 1999, Augustus 1999 , Januarie 2000 tot Janaurie 2001 en Maart 2001**, is geen F1 vorms of 15% bydraes ontvang nie.

17 Perdekop
Vir die tydperk **Maart 1999 tot Maart 2001**, is geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang nie.

18 Alberton
Die F1 vorms vir Januarie 1999 en Julie 2000 tot Maart 2001 is nog uitstaande.
15% Bydrae vir **Julie en Augustus 2000** is nie ontvang nie.

19 Boksburg
Geen 15% bydrae is ontvang vir die tydperk **Oktober 1991 tot Maart 2001** nie.

20 Germiston
Die tydperk **November 1997 tot Mei 1999** se 15% bydrae is agterstallig.
Die gemeente betaal R 100.00 per maand af op die agterstallige bydrae. Na 12 maande moet die afbetalingsbedrag hersien word deur die BRKA en Kerkraad van Germiston.

21 Bothaville
Die tydperke **Oktober 1997 tot September 1998** en **Februarie tot Maart 2000** se F1 vorm en 15% bydrae is nie ontvang nie.

22 Graniet
Die 15% bydrae vir die tydperk **Maart 2000 tot September 2000** is uitstaande en beloop R 16,785.00.
'n Skrywe ontvang vanaf die AP Kerk Graniet, dui aan dat die Kerkraad besluit het, dat dit nie moontlik is om die agterstallige bydrae te kan betaal nie aangesien dit ontstaan het in 'n tyd toe daar nie fondse was nie.

23 Koppies
Die gemeente se 15% bydrae is agterstallig vir die tydperk **Julie 1998 tot Maart 2001**, met die uitsonde= ring van November 2000. 'n Aanbod bestaan om R 30.00 per maand te betaal op die agterstallige 15%.

24 Sandveld
Geen aanduiding is ontvang dat die gemeente wel ontbind het nie. Gevolglik word die tydperk vanaf November 1998 tot Maart 2001 aangedui as agterstallig.

25 Sasolburg
Geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang vir die tydperk **Januarie 2001 tot Maart 2001**.

26 Odendaalsrus
Geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang vir die tydperk **Januarie 2000 tot Maart 2001**.

27 Virginia
Die F1 vorms en 15% bydrae vir die tydperke **Februarie 1998 tot April 1998** en **Augustus 1998 tot Maart 2001** is nie ontvang nie. Gemeente betaal R 100.00 per maand af op agterstallige 15%.

28 Welkom
Die F1 vorms en 15% bydrae vir die tydperke **Mei 1993 tot Desember 1994** en **Mei 2000 tot Maart 2001** is nie ontvang nie.

29 Hartbeesfontein
Geen inkomste is verklaar vir die tydperk **Februarie 1996** en **April tot Desember 1996**.
Betaal 10% vir die tydperk Januarie 1998 tot April 1999.

30 Klerksdorp
Die 15% bydrae vir die tydperk Januarie 2000 tot Maart 2000 is agterstallig.

31 Klerksdorp-Sentraal
Die F1 vorms vanaf Maart 2000 tot Februarie 2001 toon nie die korrekte kontant ontvangste nie. Vanaf Maart 2001 blyk die voltooiing korrek te wees. Daar word egter aangedui dat fondse vir oor= betaling ontbreek.

32 Cullinan-Rayton
Gemeente betaal af op agterstallige 15% teen R 500 per maand. Balans van R 5,956.54 is nog uitstaande.

33 Witbank
Geen inkomste word verklaar op die F1 vorms vanaf **Mei 1995 tot Desember 1995**, vanaf **Maart 1996 tot Desember 1996** en **Maart 2000 tot Maart 2001**.
Betaling wel ontvang vir die tydperk Mei 1999 tot Februarie 2000.

34 Vryburg
Geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang vir die tydperk **September 2000 tot Maart 2001**.

35 Brits
Gemeente betaal R 231.95 per maand op agterstallige 15%. Balans van R 2,783.39 is nog uitstaande.

36 Sanddrif
Die 15% bydrae vir die tydperk **Mei 1999** en **Augustus 1999 tot Desember 2000** is agterstallig.
Gemeente bied aan om R 200.00 af te betaal op uitstaande 15% , met die voorbehoud dat die banksaldo batig moet wees.

37 Arnot-Hendrina
Geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang vir die tydperk **Desember 2000 tot Maart 2001**.

38 Morgenzon
Geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang vir die tydperk **Mei 2000 tot Maart 2001**.

39 Ellisras
Die gemeente verklaar nie inkomste vir die tydperk **Desember 1999 tot Maart 2001** nie.

40 Koedoesrand
Geen F1 vorms is ontvang vir die tydperk 1995 tot 2001.
Geen 15% bydrae is ontvang vir die **2000 jaar** nie. Die gemeente betaal jaarliks.

41 Vaalwater
Geen F1 vorms of 15% bydrae ontvang vir die tydperk **Januarie 2001 tot Maart 2001**.

42 Waterberg
Die F1 vorms en 15% bydrae is vir die tydperke **September 1998** en **Maart 1999 tot Desember 1999,** November 1999 uitgesluit, en **Maart 2001** is nog uitstaande.

43 Hoedspruit
Die F1 vorms vir die tydperke Junie-Julie 1995, November-Desember 1997, 1998 - Maart 2001 is uitstaande.
Die 15% bydrae vir die tydperk **Julie 1999 tot Maart 2001** is agterstallig.

44 Dundee-Glencoe
Die 15% bydrae vir die tydperk **September 1995 tot Februarie 2001**, met uitsondering van Julie-Augustus 2000, is uitstaande.

45 Utrecht
Die 15% bydrae vir die tydperke **Februarie 1996 tot Desember 1997** en **April 1998** is uitstaande.

46 Bosrand
Gemeente Bosrand het ontbind in April 1999. Die 15% bydrae vir die tydperk **September 1998 tot April 1999** is nog uitstaande.

47 Gobabis
Die F1 vorms en 15% bydrae is vir die tydperke **September-Desember 1998**, **Feb-Maart 1999** en **April 2000 tot Maart 2001** is uitstaande.

48 Keetmanshoop
Die 15% bydrae vir tydperke **Maart, Junie tot September 1998** en **Januarie 2001 tot Maart 2001** is nog uitstaande.

49 Koffiefontein
15% bydrae vir die tydperk **Jan 1994 tot Julie 1996** is nog uitstaande. Kerkraad skrywe dat geen verdere kommunikasie oor die agterstalligheid gevoer sal word nie en dat die sinode die agterstalligheid moet afskryf.

50 Phillipolis
Die F1 vorms en 15% bydrae is vir die tydperk **Julie 2000 tot Maart 2001** is uitstaande.

51 Carletonville/Welverdiend
Gemeente betaal **R 9.45 per lidmaat** en verklaar nie inkomste nie.

52 Krugersdorp
Die 15% bydrae is nog uitstaande vir **Julie 1998**, **Januarie tot Mei 1999**, **Desember 2000**, **Jan. 2001 en Maart 2001.** F1 vorms vir dieselfde tydperke is ook uitstaande.

53 Randfontein
Gemeente betaal **R 9.45 per lidmaat** en verklaar nie inkomste nie.

54 Hugenotevallei
F1 vorms en 15% bydrae vanaf **November 1997 tot Maart 2001** uitstaande. Gemeente betaal jaarliks R 3,000.00 as 15% bydrae.

55 Piketberg
F1 vorms en 15% bydrae vir die tydperk **Desember 1998 tot Februarie 2000** is uitstaande.

56 Worcester
Die 15% bydrae is nog uitstaande vir **Feb-Mei en Augustus 1998.**

57 Richardsbaai
Die 15% bydrae is nog uitstaande vir **April 2000 tot Februarie 2001**, uitgesonder Okt. 2000.

58 Suidkus
Gemeente betaal R 500.00 per maand af op agterstallige 15% van R 25,826.20 vir die tydperk **April 1998 tot Oktober 2000**.

59 Zululand
Die F1 vorms en 15% bydrae is vir die tydperk **1997 tot 1999** is uitstaande.

60 Fochville
15% bydrae vir die tydperk **Des 1999 tot Feb 2001** is uitstaande.
Gemeente betaal R 300.00 af op 1995/1996 agterstallige.

61 Vereeniging
Die F1 vorms en 15% bydrae vir die tydperk **Oktober 2000 tot Maart 2001** is uitstaande.

# VERSLAG VAN DIE SEWENDE BESTUUR VAN DIE RKA TYDPERK:12/9/1999-8/5/2001

## 1. BESTUURSPERSONEEL

### 1.1 Lede deur die RKA verkies

Primarii: Oudle. HA Mocke, BJM Rossouw, LR Treurnich, CA Keyter, WP Murray.
Sekundi: Oudle. SA van der Westhuizen, WJ du Plessis, CH Bester, PJ Fouché, JW van der Merwe.

### 1.2 Lede benoem

Deur SKK
Primarius Prof. FAH van Staden.
Sekundus Prof. R Marè.

**Deur Kuratorium**
Primarius Ds. NJ Rautenbach .
Sekundus Dr. JH Ellis.

**Deur KKS**
Primarius Ds. AS van Jaarsveld.
Sekundus Ds. MJ Hartzenberg.

**Deur FK**
Primarius Oudl. SA van der Westhuizen.
Sekundus Ds. PR Buitendag.

### 1.3 Ampsdraers

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Oudl. SA van der Westhuizen. |
| Ondervoorsitter: | Oudl. CA Keyter. |
| Direkteur van Kerkadministrasie: | Ds. MC Adendorff (adviserend). |
| Administrateur: | Mnr. LJ Korkie (adviserend, tree op as sekretaris). |

### 1.4 Dagbestuur

Oudle. SA van der Westhuizen, CA Keyter en LR Treurnich, oudl. WP Murray (sekundus), ds. MC Adendorff (Direkteur van Kerkadministrasie, adviserend).

### 1.5 Eiendomskomitee

Die BRKA het uit sy geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Ds. NJ Rautenbach (voorsitter), oudle. HA Mocke (ondervoorsitter), CA Keyter en mnr. LJ Korkie (Administrateur, adviserend).

### 1.6 Beheerraad van die jeugtuiste

Die take van die Beheerraad word hanteer deur die Eiendomskomitee. By dié geleenthede word die Huiskomiteelede ook betrek.

Die Huiskomiteelede vir 2000 was mnrr. HA Eksteen, GJ Snyman, JJ de Bruyn, JF du Toit, SW Strauss en vir 2001 mnrr. LEL Mussmann, SW Strauss, JJ de Bruyn, GJ Stoop, AS Kruger.

### 1.7 Ad hoc-komitees

Die BRKA het van tyd tot tyd volgens behoefte ad hoc-komitees benoem wat almal aan die BRKA verslag gedoen het.

## 2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die BRKA 10 vergaderings gehou.

## 3. PERMANENTE PERSONEEL

3.1 Sentrale kerkkantoor
3.1.1 Direkteur van Kerkadministrasie: Ds. MC Adendorff.
3.1.2 Sekretaresse vir Direkteur: Mev. R Adendorff.
3.1.3 Administrateur: Mnr. LJ Korkie.
3.1.4 Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg.
3.1.5 Rekeningkundige beampte: Mnr. CWA Durand.
3.1.6 Rekeningkundige beampte: Mnr. DG Behrens.
3.1.7 Rekeningkundige beampte: Mev. CE Beyers.
3.1.8 Rekenaaroperatrise/klerk: Mej. JG Bresler.
3.1.9 Rekeningkundige klerk: Mev. JP van der Merwe.
3.1.10 Argiefkonsultant: Ds. WM Grové. Ds. Grové beklee die pos op 'n deeltydse basis (2 voormiddae gedurende weeksdae)
3.1.11 Afdelingshoof publikasies: dr. HJ Smith. Dr. Smith is ook die Redakteur van *Die Boodskapper.*
3.1.12 Publikasiebeampte: Mev. JP van Lille.
3.1.13 Publikasiebeampte: Vakant.
3.1.14 Hoofklerk: Boekwinkel: Mnr. JEA Bester.
3.1.15 Rekenaaroperatrise/klerk vir boekwinkel: Mev. L Dippenaar.
3.1.16 Boekwinkelklerk: Vakant
3.1.17 Tiksters: Mev. A Smit.
3.1.18 Ontvangsdame/liasseerklerk: Mev. ME Venter.
3.1.19 Skoonmaker by Brookshuis: Mev. AMJ Coetzee.
3.1.20 Skoonmaker by Brookshuis: Mev. DEH Prinsloo.
3.1.21 Tuinier: Mnr. DH van Heerden.
3.1.22 Sekuriteitsbeampte: Mnr. CWA Durand. Mnr. Durand, die rekeningkundige beampte, is ook aangestel as sekuriteitsbeampte. Die grootste deel van sy vergoeding in dié hoedanigheid is in die vorm van inwoning vir hom en sy gesin in die woonstel op die terrein van Brookshuis.

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

**Bedankings/aftrede/afleggings**

Mnr. CJ de la Rey (afgetree 31/12/1999)
Mev. GA Booyens (bedank 31/12/1999 )
Mev. A Britz (bedank 31/12/1999 )
Mev. SC Marè (bedank 30/09/1999)
Mej. J Needham (bedank 30/08/1999)
Mnr. HJ van der Merwe (bedank 28/02/2001)
Ds. JD Jansen van Rensburg (personeelvermindering 31/03/2000)
Mnr. AJJ Groenewald (personeelvermindering 31/03/2000)

**Aanstellings**

Mnr. DG Behrens (01/09/1999)
Mev. CE Beyers (01/11/1999)
Mev. ME Venter (01/01/2000)
Mnr. LJ Korkie (01/01/2000 in die plek van mnr. CJ de la Rey)
Mnr. GJ Jansen van Rensburg (01/07/2000 in die plek van mnr. LJ Korkie)

Wanneer nodig word van deeltydse hulp gebruik gemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in afdeling Publikasies tydens versending van *Die Boodskapper.*

### 3.2 Afrikaanse Protestantse Akademie (Teologiese skool)

3.2.1 Registrateur/sekretaresse: mev. CM Venter
3.2.2 Tikster: mej. E Nicklbauer
3.2.3 Skoonmaker: mev. MC Scheepers

**3.3 'n Organogram waarop die verskillende poste aangedui word, word aangeheg – Bylae BRKA 3)**

## 4. AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES

Ten opsigte van agterstallige 15% bydraes het die agtste sinode besluit (*Handelinge* bl. 272):

4.1 'n Agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan voor 31 Desember 1997 met die BRKA.
4.2 Die sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël is.
4.3 Die sinode dra dit aan elke ring op om toe te sien dat die reëlings van agterstallige gemeentes rakende agterstallige bydraes met die BRKA nagekom word.

Aan elke gemeente wat agterstallig is met 15% bydraes is weereens persoonlike briewe gerig waarin die besluit van die agtste sinode aangehaal is en optrede van die kerkraad dienooreenkomstig gevra is. Afskrifte van dié briewe is aan die betrokke ring gerig met die versoek om die sinodebesluit uit te voer.

Daar is gemeentes wat op die skrywe gereageer het, maar 37 gemeentes het nie gereageer nie. Sedert die toegewing deur die sinode van 1997 gemaak is, het 10 gemeentes voldoen aan die voorwaardes vir die afskrywing van 50% van die uitstaande 15% bydraes wat voor 31 Desember 1995 verskuldig was. Van hierdie 10 gemeentes wat voldoen het aan die vereistes het 3 gemeentes intussen nie hulle verpligtinge nagekom nie en het die toegewing van 'n 50%-afskrywing dus verval.

Daar is ook 8 gemeentes wat reëlings met die BRKA getref het vir afbetaling van die verskuldigde 15% bydraes. In bylae FK1, aangeheg by die FK-verslag, verskyn die name van die gemeentes wat nog steeds agterstallig is met hulle 15% bydraes sowel as die aantal maande wat hulle agterstallig is. (Kyk ook punt 18 van hierdie verslag)

## 5. VERKOOP VAN RKA EIENDOMME

**5.1** Die negende sinode/RKA het die volgende besluite geneem ten opsigte van die verkoop van die RKA-eiendomme (*Handelinge* bl. 511 punt 240):
**5.1.1** Die sinode/RKA besluit om die John Rock-woonstel te verkoop.
**5.1.2** Die sinode/RKA besluit om tans nie voort te gaan met die verkoop van Brookshuis, die teologiese skool en die jeugtuiste nie.
**5.1.3** Die sinode/RKA gee opdrag aan die BRKA om die situasie voortdurend te bestudeer en aan die eersvolgende sinode verslag te doen oor toekomstige handeling met die kerkeiendomme in 5.1.2 genoem.

**AANBEVELING**
**5.2 Die sinode/RKA kontinueer sy opdrag aan die BRKA, naamlik om die situasie voortdurend te bestudeer en aan die eersvolgende sinode verslag te doen oor toekomstige handeling met Brookshuis, teologiese skool en die jeugtuiste.**

### 5.3 John Rock Woonstel

Die woonstel word nog verhuur teen 'n huidige opbrengskoers van 11.5%, maar die BRKA hou die eiendomsmark voortdurend dop om so gou as moontlik teen die beste moontlike prys te verkoop.

**Motivering**
Sien memorandum (Bylae BRKA 1)

### 5.4 Ander eiendomme

Die geboue op die Brooklynperseel, die teologiese skool en die jeugtuiste is aan die buitekant opgeknap, geverf en die dakke (uitgesonder die jeugtuiste) is herstel vir 'n bedrag van R138 689 teenoor die bedrag van R300 000 wat deur die sinode van 1999 bewillig is.

Kwotasies is aangevra vir die volgende:
5.4.1 Opknapping en verf van die binnekant van al die geboue.
5.4.2 Oprigting van 17 afdakke teen die grensmure van die Brookshuisperseel. Die personeel en besoekers se voertuie het oor die jare baie verniel as gevolg van droë takke, voëlmis, son en so meer.

## 6. ONDERSOEK NA 'N BETER MEDIESE SKEMA

Kyk FK verslag, bl. 1 punt 3

## 7. ONDERSOEK NA 'N BETER PENSIOENFONDS

Die BRKA en die FK is voortdurend besig om te kyk na beter pensioenvoordele vir die leraars en personeel. Tans word kwotasies ingewag ten opsigte van die pensioenfonds en die FK sal in sy aanvullende verslag aan die sinode 'n aanbeveling in hierdie verband voorlê.

## 8. VOORTGESETTE GROEPSVERSEKERING NA OUDERDOM 65

Die negende sinode het soos volg besluit (*Handelinge* bl. 449 punt 19.1):

Die RKA besluit dat elke lid van die pensioenfonds op sy eie verantwoordelikheid en koste vir voortgesette versekering ná 65 jaar kan reël met gebruikmaking van die vergunning deur Sanlam dat sodanige lid nie verdere bewys van gesondheid hoef te lewer nie.

Tydens die aanvra vir kwotasies vir 'n ander pensioenfonds het Sanlam ingestem om, sonder addisionele koste, die ouderdomsgrens vir die verstryking van groepsversekering te verhoog van 65 na 70 jaar met dien verstande dat die lid in diens bly tot ouderdom 70.

## 9. VERPLIGTE LIDMAATSKAP VAN DIE MEDIESE FONDS EN PENSIOENFONDS

Die negende sinode/RKA het besluit dat elke persoon jonger as 60 jaar wat toegelaat word as predikant van die AP kerkverband en alle permanente personeel in die sentrale kerkkantoor en teologiese skool sonder uitsondering verplig sal wees om by die bestaande mediese fonds en pensioenfonds aan te sluit.

**AANBEVELING**
**Die sinode/RKA herbevestig die besluit dat elke persoon jonger as 60 jaar wat toegelaat word as predikant van die AP kerkverband en alle permanente personeel in die sentrale kerkkantoor en AP Akademie sonder uitsondering verplig sal wees om by die bestaande mediese fonds en pensioenfonds aan te sluit en lid te bly solank hy in diens is.**

## 10. TRUSTEES VAN DIE PENSIOENFONDS

Die trustees van die pensioenfonds was voorheen saamgestel uit twee werkgewerlede en twee werknemerlede van die FK asook die direkteur van kerkadministrasie. Die samestelling van die FK sluit nie altyd twee werknemerlede (predikante) in nie en dan kan daar dus nie genoeg werknemerlede uit die FK aangewys word nie. Minstens twee van die BRKA-lede word aangewys uit die SKK en die Kuratorium wat hoofsaaklik uit predikante bestaan. Op aanbeveling van die FK word die besluit uitgebrei om ook die BRKA in te sluit. Die trustees van die pensioenfonds word dus voortaan saamgestel uit die direkteur plus twee werkgewerlede en twee werknemerlede van die FK en BRKA.

## 11. GROEPSDEKKING VIR LERAARS WAT IN DIENS TE STERWE KOM

Die groepsdekking wat deur die RKA by Commercial Union uitgeneem is om gemeentes by te staan om hulle verpligting teenoor die weduwee van 'n leraar wat in diens te sterwe kom, na te kom, is vanaf 1 Januarie 2000 oorgeplaas na Sanlam, aangesien die tarief gunstiger was. Claasen Makelaars hou die BRKA op hoogte van enige verandering in tariewe en/of voordele.

Hierdie dekking geld net tot by ouderdom 65 of vroeëre aftrede. Die dekking kan verhoog word tot ouderdom 70 of vroeëre aftrede vir alle lede wat nog nie 65 jaar oud is nie. Volgens Sanlam sal daar nie nou addisionele koste wees as die wysiging aanvaar word nie, maar by die jaarlikse hersiening van die tarief, kan dit moontlik 'n uitwerking hê.

## 12. GELD VERDUISTER BY EERSTE NASIONALE BANK EN ABSA

Gedurende Oktober 1998 is 'n tjek ten bedrae van R163 326.16, uitgemaak aan Sanlam vir die pensioenbydraes van September 1998, in die pos of by Sanlam onderskep en op 'n rekening by Eerste Nasionale Bank (ENB) inbetaal. Na vele gesukkel en prokureursaanmanings is die bedrag van R195 546.30, wat rente insluit, op 8 Augustus 2000 van ENB verhaal. Gedurende Desember 1998 is ses vervalste tjeks by verskeie takke van ABSA aangebied en vier daarvan, ten bedrae van R51 810, is in kontant uitbetaal voordat die uitbetaling van die betrokke vervalste tjekboek gestaak kon word. Ook hierdie geld is, sonder die tussenkoms van 'n prokureur, met rente verhaal.

## 13. REGSKOSTE

Die regskoste van R186 221 vir 2000 sluit 'n skikkingsbedrag van R100 000 in. Die BRKA spreek sy kommer uit oor die groot bedrae wat aan regskoste betaal word. (Kyk ook die verslag van die BRKA, bl. 448, *Handelinge van die Negende Sinode.*)

## 14. REKENINGKUNDIGE HANDLEIDING VIR AFDELING FINANSIES

'n Ad hoc-komitee bestaande uit die administrateur, die rekenmeester en die ouditeur van die RKA is aangewys om 'n handleiding van rekeningkundige prosedures vir afdeling Finansies op te stel. Die handleiding is gefinaliseer en deur die BRKA goedgekeur. (Bylae BRKA 2 aangeheg)

## 15. SKAKELING TUSSEN SENTRALE KERKKANTOOR EN GEMEENTES DEUR MIDDEL VAN INTERNET

Die BRKA het by die diensverskaffer Atlantic geregistreer vir toegang tot die internet asook e-pos fasiliteite. Die e-pos adres van die sentrale kantoor is apkskkan@lantic.net en dié van die Afrikaanse Protestantse Akademie is apkerk_akademie@excite.com. Die ontwikkeling van 'n tuisblad vir die AP Kerk geniet nog die aandag van die SKK. Weens besparing van tyd, mannekrag en koste, kan kommunikasie tussen die Kerkkantoor en gemeentes hoogs effektief gemaak word.

**AANBEVELING**

**15.1 Die sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om so spoedig moontlik Internetskakeling te verkry en hulle e-pos adresse aan die Kerkkantoor te verstrek.**

## 16. OUDITEUR VAN 'N GEMEENTE

Navrae word soms deur gemeentes aan die sentrale kerkkantoor gerig oor die ouditering van 'n gemeente se boeke. Vorige sinodes het reeds besluit dat dit 'n geoktrooieerde rekenmeester moet wees en het later die toegewing gemaak dat dit ook 'n kommersiële en finansiële rekenmeester kan wees.

**AANBEVELING**

**16.1 Die sinode/RKA besluit dat 'n lidmaat van 'n gemeente wat 'n geoktrooieerde rekenmeester of 'n kommersiële en finansiële rekenmeester is, kan optree as ouditeur van die betrokke gemeente, mits hy nie in daardie stadium 'n dienende kerkraadslid is nie.**

## 17. OMSENDSKRYWES

Baie probleme is in die verlede ondervind deur omsendskrywes vanaf die sentrale kerkkantoor wat nie hulle bestemming bereik het nie. Die ampsdraers van gemeentes het mekaar dan oor en weer beskuldig vir die wegraak van die betrokke stukke. Om hierdie probleem uit te skakel, het die BRKA besluit om voortaan alle omsendskrywes slegs aan die saakgelastigde of skriba

van 'n gemeente te stuur en die saakgelastigde/skriba is per omsendbrief versoek om seker te maak dat die omsendskrywes by hulle regte bestemming uitkom.

**AANBEVELING**
**17.1 Die sinode/RKA keur dit goed dat omsendbriewe en/of e-pos uit die sentrale kerkkantoor slegs aan saakgelastigdes/skribas gestuur word en dat laasgenoemde verantwoordelik is om die skrywes aan die betrokke persoon of kommissie te besorg.**

## 18. VERBREKING VAN AKKOORD DEUR GEMEENTES T.O.V. FINANSIES

Die BRKA het dit aan prof. FAH van Staden opgedra om riglyne daar te stel vir die optrede teen gemeentes wat volhard om nie hulle verpligtinge teenoor die kerkverband na te kom nie. Die riglyne word vervat in die verslag van die KKS.

**AANBEVELING**
**18.1 Die sinode/RKA keur die studiestuk (kyk KKS-verslag) goed vir implementering deur die betrokke kerklike vergaderings.** (Kyk ook punt 4 hierbo.)

## 19. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE

### 19.1 Vergaderings

Die komitee het agt vergaderings gehou en die nodige beplanning gedoen en beheer uitgeoefen oor die Jeugtuiste asook die instandhouding van die eiendomme van die RKA.

### 19.2 Instandhouding van geboue

Herstelwerk aan die geboue op die Brooklynperseel, die teologiese skool en die jeugtuiste is gedoen soos in 5 hierbo aangedui. Die dakke van Brookshuis, wat die argief, boekwinkel en woonstel insluit, is waterdig gemaak. Die sinkdakke is oorgeverf en die leiklipdak is herstel deur al die gebreekte en gekraakte teëls te vervang met nuwes en die los teëls behoorlik vas te maak. Op al die herstelwerk is 'n waarborgtydperk van 5 jaar van toepassing. *Die sinodegangers word versoek om moeite te doen om na die geboue te gaan kyk.*

### 19.3 Jeugtuiste

Sedert die afskaffing van die Beheerraad, het die Eiendomskomitee die take van die Beheerraad oorgeneem.

#### 19.3.1 Aantal inwoners in Jeugtuiste

Nadat 'n gedeelte van die gebou afgestaan is vir gebruik deur die Akademie, is daar nog plek vir 21 inwoners in die Jeugtuiste. Gedurende 2000 is 21 studente toegelaat, maar 3 het om verskillende redes die Jeugtuiste reeds vroeg in die jaar verlaat en vir die grootste gedeelte van die jaar was die besetting slegs 18. Aan die begin van 2001 is daar weer 21 studente toegelaat en is al die plekke dus beset. Die BRKA wys graag daarop dat die besluit om die spyseniering te staak, vrugte afgewerp het. Die *surplus* vir die jare 1999 en 2000 was R24 428 en R47 509 teenoor die *tekorte* van R70 639 en R83 577 vir die jare 1997 en 1998.

By die skryf van hierdie verslag was daar alreeds nuwe aansoeke vir inwoning gedurende 2002.

## 20. BESKRYWINGSPUNTE

### 20.1 Ring van Vereeniging: Diakonale hulp

Die sinode/RKA 2001 besluit dat die diakonieë die behoefte bepaal wanneer lidmate werkloos raak en direk die geld uit die rampfonds aanvra wat sonder versuim of in afwagting van vergaderings direk oorbetaal word in die plaaslike kerkraad se rekening.

**AANBEVELING**
**20.1.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

Die sinode het reeds die reglement vir die rampfonds goedgekeur.

**20.2 Ring van Vereeniging: Vulling van vakatures**

Die sinode/RKA 2001 besluit dat indien vakatures in die administrasie ontstaan vulling van poste deur die BRKA sover moontlik vermy word, ten einde die verligting vir plaaslike kerke te bewerkstellig.

**AANBEVELING**
**20.2.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

Die BRKA bespaar reeds sover moontlik.

**20.3 Ring van Vereeniging: Wysiging van die reglement vir die BRKA**

Die sinode/RKA 2001 besluit dat die reglement vir die BRKA 1.3.3 wat lui dat

*(a) die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) bestaan uit 5 lede plus secundi deur elke sinode uit sy afvaardiging aangewys, plus een lid (met secundus) uit elk van die volgende kommissies: die SKK, die Kuratorium, Die Finansiële Kommissie (FK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS). Hierdie vier kommissies beveel elkeen self sy verteenwoordiger op die BRKA aan:* gewysig moet word om te lees:

*(a) die Bestuur van Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) bestaan uit 3 lede plus secundi deur elke sinode uit sy afvaardiging aangewys, plus een lid (met secundus) uit elk van die volgende kommissies: die Finansiële Kommissie (FK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS). Die betrokke kommissies wys uit eie geledere sy verteenwoordigers en secundi op die BRKA aan:*

(b) bly dieselfde.

**Motivering**

In die lig van die verarming van die deursnee Afrikaner word hierdeur 'n besparing teweeggebring sonder om die werksaamhede van die BRKA noodwendig te benadeel.

**AANBEVELING**
**20.3.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

Die FK en KKS het reeds beskrywingspunte in dié verband ingedien (Kyk FK- en KKS-verslae).

**20.4 Ring van Klerksdorp: Daarstelling van 'n nuwe aanvaarbare mediese hulpskema. Eie mediese hulpskema vir leraars.**

Die sinode besluit:

a. Dat daar indringend gekyk word na die daarstelling van 'n nuwe aanvaarbare mediese hulpskema vir amptenare en leraars in die kerkverband en;

b. om hom uit te spreek oor die moontlikheid dat leraars in die kerkverband hulle eie mediese hulpskema mag implementeer.

**Motivering**

- Die huidige mediese skema (Discovery Health) het eenvoudig te duur geword om te kan bekostig.

- Die leraarskorps was aanvanklik nie ten volle op hoogte met betrekking tot die voordele wat Discovery Health aangebied het nie, veral wat betref die mediese spaarrekening opsie en die selfbetalingsgaping.
- Bogenoemde het tot gevolg dat leraars persoonlik 'n hele bedrag vir mediese kostes aan praktisyns en vir mediese prosedures moes vind omrede daar onbewustelik nie rekening gehou is met die tydperk tussen die uitfasering van die mediese spaarrekening en die drempel nie.
- Dit het duidelik geword dat indien leraars voortydig ingelig was oor die korrekte funksionering van die mediese spaarrekening en die drempelgaping, hulle desnoods voorsiening sou gemaak het vir kostes gedurende daardie periode.
- Die kerkverband behoort as 'n groep aan die mediese fonds, derhalwe behoort daar vir beter voordele en befondsing beding te word.

**AANBEVELING**
**20.4.1 Die sinode keur beide beskrywingspunte nie goed nie.**

**Motivering**

'n Groepskema, soos die een waaraan die leraars en personeel nou behoort, is goedkoper en bied meer voordele as wat individuele lidmaatskap bied.

**20.5 Ring van Outjo: Leraars in Namibië nie verplig om aan dieselfde mediese skema as die leraars in die RSA te behoort nie**

Die sinode besluit dat leraars in Namibië nie verplig word om aan dieselfde mediese skema te behoort as waaraan leraars in die RSA behoort nie.

**Motivering**

a. Mediese bydraes is volgens Namibiese wet nie van belasting vrygestel nie en meer bekostigbare
premies en beter diens kan plaaslik bekom word.

b. Alle mediese koste moet tans in kontant betaal word en later van die mediese skema teruggeëis
word, wat 'n negatiewe invloed op leraars se kontantvloei meebring. In gevalle van hospitalisasie kan reuse bedrae ter sprake kom.

c. Die huidige toestand bemoeilik dit ook vir gemeentes om leraars se vergoedingspakkette te herstruktureer met die oog op belastingverligting.

d. Vanweë die afstand asook 'n nie so betroubare posdiens word dikwels probleme met eise ondervind.

**AANBEVELING**
**20.5.1 Die sinode besluit dat leraars in Namibië nie verplig word om aan dieselfde mediese skema te behoort as waaraan leraars in die RSA behoort nie.**

**Motivering**

1. Mediese koste wat eers betaal moet word en dan vanaf die mediese fonds in die RSA teruggeëis word, skep ernstige kontantvloeiprobleme veral in die geval van hospitalisasie.

2. Lang afstande en onbetroubare posdiens veroorsaak dikwels probleme met eise.

**20.6 Ring van Hennenman: Kerkkantoor moet groter erns maak met die toestaan en invorderings van studielenings aan leraars**

Die sinode besluit dat die Kerkkantoor groter erns sal maak met die toestaan en invorderings van studielenings aan leraars.

**Motivering**

Die ring het kennis geneem van groot lenings wat etlike jare nie opbetaal is nie.

**AANBEVELING**
**20.6.1 Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.**

**Motivering**

1. Die Kerkkantoor staan nie studielenings toe nie, maar wel die SKK aan leraars en die Kuratorium aan studente.

2. Studielenings word met omsigtigheid toegestaan en die BRKA se belange word beskerm deur die uitneem van 'n polis vir elke lening wat toegestaan word.

**21. BEDANKING**

**21.1** Die werksaamhede van die BRKA is aansienlik vergemaklik deur die ondersteuning en samewerking van die direkteur en die personeel, komitees van die BRKA en ander sinodale kommissies.

**21.2** Ons dank ons hemelse Vader vir die leiding wat Hy aan die BRKA gegee het om sy opdragte uit te voer.

Hiermee vertrou die BRKA dat hy sy opdragte tot bevrediging van die RKA uitgevoer het, en bid die RKA en sinode seën toe op sy beraadslaginge.

w.g. MNR. SA VAN DER WESTHUIZEN
Voorsitter

MNR. LJ KORKIE
Sekretaris

**BYLAE BRKA 1**

**MEMORANDUM: MNR SA VAN DER WESTHUIZEN**
**5 MAART 2001**

**WOONSTEL: JOHN ROCK (DEEL 3) (NO. 103)**
**JOHNSONSTRAAT 93, SUNNYSIDE**

Naas die mondelinge verslae tydens vorige vergaderings die volgende soos versoek:

**GESKIEDENIS**

Die deeltitel woonstel is aangekoop op 29 September 1995 vir 'n bedrag van R75 000.00 plus koste en instandhouding – Totale bedrag R85 311.00

Die woonstel is bewoon tot Desember 1998 deur 'n vorige werknemer van die BRKA by die Jeugtuiste. Sedert Januarie 1999 is die woonstel verhuur en die vierde huurder bewoon dit vanaf Februarie 2001. Die huur beloop tans R1350.00 per maand en R1196.10 word maandeliks oorbetaal nadat kommissie en BTW verreken is. Tans word die woonstel bewoon deur die dogter en vriendin van die huidige huurder, mev. RM du Plessis (tel. 011 456 5429 of sel: 082 446 6924). Daar word 'n deposito van R1500.00 gehou.

Daar is sedert Januarie 1999 ses inspeksies gehou. Enkele instandhoudingswerk is gedoen op koste van die huurders. Die stort is gedurende 1999 herstel teen 'n koste van R120.00 asook die waterverwarmer teen R411.80, wat deur die BRKA betaal is.

**Huidige toestand**

Die sitkamermat het 'n brandmerk en sal mettertyd vervang word, teen huidige beraamde koste van ongeveer R2000.00. Die mure moet ook mettertyd geverf word.

**Verkoop van die woonstel**

1. Naas maandelikse heffing van R382.00 word daar 'n spesiale heffing van R200.00 per maand gehef sedert April 2000 en eindig April 2001. Dit word aangewend om die opgeloopte eiendomsbelasting ens. van R58 319.67 af te betaal aan die stadsraad.

2. Die deeltitelskema bestaan uit slegs 22 eenhede, wat 'n swaar las plaas op elke eienaar ten opsigte van die huidige en toekomstige bedryfskoste.

3. Banke staan die afgelope paar jaar op 'n hoogs selektiewe wyse lenings toe vir die aankoop van woonstelle, veral in die stad en Sunnyside. Daar word onder andere gelet op die finansiële posisie van 'n deeltitelskema. Die enkele genoemde faktore het 'n baie negatiewe invloed op die woonstelmark, met die gevolg dat daar heelwat winskopies in die mark is, selfs in skemas met 'n gesonde finansiële posisie. Op datum is daar weer navraag gedoen by een agent wat John Rock 106 op sy boeke het, wat die eenheid ken en bevestig dat kopers nie te vinde is nie. Sy mening is indien die finansiële toestand van sake van die skema verbeter, 'n moontlike aanbod in die orde van R40 000.00, min verkoopskommissie, moontlik verkry kan word.

4. Opsies
Na my mening kan die volgende alternatiewe oorweeg word nadat die stadsraad ten volle betaal is, die betaling van die spesiale heffing van R200.00 per maand geëindig het (April 2001) en die finansiële posisie van die skema dan vasgestel word:

4.1 Die BRKA moet 'n verkoopsprys vasstel wat rekening hou met die mark en daarvoor probeer verkoop of

4.2 behou die woonstel en gaan voort met verhuring daarvan op die basis wat dit tans verhuur word naamlik die huidige kontrak wat loop tot 31 Junie 2001 met 'n maand kennis daarna. Kontrakte word nie afgesluit met 'n looptyd van maand tot maand vanaf die aanvang nie.

Die spesiale heffing van R200.00 per maand buite rekening gelaat, is die posisie tans:

| | |
|---|---|
| Maandelikse huur | R1 350.00 |
| Min: Kommissie en BTW | R 153.90 |
| Netto huur | R1 196.10 |
| Min: heffing | R 382.00 |
| Maandelikse netto inkomste | R 814.10 |
| Jaarlikse inkomste | R9 769.20 |

Huidige verdienste op totale prys van R85 311.00 **11.5% per jaar.**

**BYLAE BRKA 2**

# REKENINGKUNDIGE HANDLEIDING

**INHOUDSOPGAWE**

**AFDELING**

**A ORGANOGRAM VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)**

**B ALGEMENE AGTERGROND**

1. Afdeling Finansies
2. Afdeling Publikasies
3. Jeugtuiste
4. Kuratorium
5. Gemeentebydraes
6. Ondertekening van tjeks

**C. REKENINGKUNDIGE AFDELING-PROSEDURES**

1. Ontvangstes
2. Uitbetalings

2.1 Jeugtuiste
2.2 Kleinkas
2.3 Salarisse en gepaardgaande betalings
2.4 Reiskoste
2.5 Instandhouding: Geboue, Terrein en Toerusting
2.6 Administratiewe uitgawes
2.7 Pensioen- en Mediesefondspremies
2.8 Leraar- en Studentelenings
2.9 Uitgestelde vergoedingskema
2.10 Biblioteekaankope
2.11 Belasting op toegevoegde waarde
2.12 Publikasies

**3. Joernaalinskrywings**

**D. INTERNE BEHEER**

**AFDELING: A**
**ORGANOGRAM VAN BRKA**

**Kyk Bylae BRKA 3 – Organogram.**

**AFDELING B: ALGEMENE AGTERGROND**

## 1. AFDELING FINANSIES

### 1.1 SAMESTELLING

Die afdeling Finansies beskik oor die volgende goedgekeurde poste (Die pos-nommers verwys na die organogram wat in afdeling A weergegee word):

**POSNOMMER**

17 Rekenmeester
19 Rekeningkundige Beampte 1
20 Rekeningkundige Beampte 2
18 Rekeningkundige Beampte (oggendpos)
22 Rekenaaroperatrise/Klerk
21 Rekeningkundige Klerk

### 1.2 PLIGSTATE

Kyk Bylae E vir opsomming van pligstate.

## 2. AFDELING PUBLIKASIES

### 2.1 AANKOPE

2.1.1 Publikasies aangekoop of gedruk in opdrag van die Publikasiekomitee word by die Boekwinkel afgelewer en vanaf die afleweringdokumentasie deur middel van die rekenaar op 'n deurlopende inventaris opgeneem. Fisiese telling van die aantal eenhede wat ontvang word, word gedoen.

2.1.2 Betaling van aankope geskied op versoek en na goedkeuring van die afdeling Publikasies deur die afdeling Finansies.

### 2.2 VERKOPE

2.2.1 Bestellings word direk op die rekenaar gefaktureer (Voorraadaansuiwering geskied dus outomaties op die deurlopende inventaris).

2.2.2 Die Publikasiedebiteurestelsel is tans nog 'n afsonderlike stelsel van die netwerkstelsel van afdeling Finansies. (Opmerking: Met inwerkingstelling van Pastel 4 sal die hele stelsel geinkorporeer word).

2.2.3 Betaling van publikasiedebiteure geskied by afdeling Finansies (Kyk Ontvangstes).

2.2.4 Kontantverkope

Kasregisterstrokies word vir kontantverkope deur die boekwinkel aan die klant voorsien. 'n Daaglikse kontantverkope-opgawe word tesame met die toepaslike kontant aan die afdeling Finansies besorg. Die kontant word met die kasregisterstrokie vergelyk waarna 'n kwitansie deur laasgenoemde afdeling uitgemaak word. Vir die doeleindes is 'n kontantverkopekontrolerekening (860) in die hoofstelsel geskep.

**2.2.5** Omdat die publikasiedebiteurestelsel tans nog nie geïntegreer is nie word 'n maandelikse opsomming van die publikasieverkope in die Algemene Grootboekstelsel gejoernaliseer:

DT Debiteurekontrole (Publikasies)
KT Publikasieverkope

Die kontrolerekening word maandeliks met die publikasiedebiteureskedule gebalanseer.

### 2.3 VOORRAAD

Fisiese voorraadopnames word kwartaalliks deur die boekwinkel se personeel gedoen en met 'n gedrukte weergawe van die deurlopende inventaris vergelyk. Beamptes van die afdeling Finansies doen steekproewe van die fisiese opname.

### 2.4 WAARDASIE VAN VOORRAAD

Met die jaarlikse afsluiting word aandag gegee aan die afskrywing van stadigbewegende en ander verouderde voorraad.

## 3. JEUGTUISTE

3.1 Die Jeugtuiste word nie as 'n afsonderlike afdeling op die organogram aangegee nie aangesien daar tans geen personeellede by die Jeugtuiste is nie.

3.2 Die Jeugtuiste word beheer deur die Eiendomskomitee in samewerking met die 5 huiskomiteelede.

3.3 Aansoeke vir verblyf in Jeugtuiste:

Die aansoekvorms vir verblyf word gehanteer deur die:

*Administrateur (Pos 2) van die BRKA en die
*Tikster (Pos 11)

Die Administrateur het die verantwoordelikheid van die dag-tot-dag administratiewe beheer van die Jeugtuiste.

3.4 Die heffing van losiesgelde (jaarliks eenmalig) word deur die afdeling Finansies gedoen vanaf voorleggings wat die Administrateur se kantoor voorlê. In die proses word daar debiteurrekeninge (720) vir inwoners geskep. Inwoners kry maandeliks rekeningstate.

3.5 Betaling van losiesgelde word by die afdeling Finansies gedoen. (Die betaling geskied dikwels vanaf studentelenings wat toegestaan is).

(Opmerking: Uitgesonder betaling deur middel van kreditering vanaf lening, kan loseerders maandeliks betaal. Alle losiesgelde moet jaarliks teen 31 Oktober vereffen wees).

3.6 Opvolging van onbetaalde losiesgelde word deur die Administrateur se afdeling gedoen.

3.7 Aankope vir noodsaaklike herstelwerk aan die gebou en toerusting word deur die Administrateur gereël. Fakture word vir betaling deur die afdeling Finansies deur die Administrateur bekragtig.

## 4. KURATORIUM

### 4.1 BEHEER DIE TEOLOGIESE SKOOL

### 4.2 STUDENTELENINGS

4.2.1 Word deur die Kuratorium goedgekeur en opgawe aan Rekenmeester gestuur.

4.2.2 Skuldbewyse word deur afdeling Finansies op grond van Kuratorium se voorleggings voorberei. Lenings geskied uit Willie Lubbe Studiefonds.

4.2.3 As sekuriteit vir lenings word 10 jaar-termynpolisse uitgeneem. Die premies op die polisse word deur die BRKA betaal en teen die lener se rekening gedebiteer. Die lener moet nadat studies voltooi is begin om die premies terug te betaal (Hy betaal dus 4 jaar/40% van die totale premies) Met uitkering word die volle bedrag na die lener se rekening gekrediteer:

(a) Ter delging van lening
(b) Enige surplus/of tekort na Willie Lubbe Studiefonds

### 4.3 KLASGELDE

* Teologiese studente betaal geen klasgelde nie
* Voorgraadse klasgelde
* Lys van studente teen wie klasgelde gehef word, word vanaf Kuratorium ontvang. Debiteurerekening (Kode 720) word vanaf hierdie lys aangelê.

Rekenmeester doen opvolgwerk.
Voorgraadse studente (soos inwoners) kry gereeld rekeningstate.

## 5. GEMEENTEBYDRAES

5.1 Die Kerk se hoofbron van inkomste is gemeentes wat ingevolge 'n sinodebesluit 15% van hul kontantinkomste per jaar aan die BRKA moet betaal.

5.2 Kassiere van gemeentes is veronderstel om teen die 7de van die daaropvolgende maand 'n ontleding op 'n voorgeskrewe vorm F1 (Kyk bylae A) van die gemeente se inkomste vir die vorige maand tesame met bedrae betaalbaar te voorsien.

5.3 Daar word, met uitsondering van die prosedure in 5.4 beskryf geen voorsiening vir agterstallige bydraes gemaak nie, omdat die afdeling Finansies uiteraard nie oor die gegewens beskik om dit te kan doen nie.

5.4 Met die afhandeling van die jaarlikse finansiële state word daar wel voorsiening gemaak soos op die rekenpligtige datum (31 Desember) vir bydraes wat in Januarie ten opsigte van Desember en vroëere maande ontvang is.

## 6. ONDERTEKENING VAN TJEKS

Tjeks kan onderteken word deur twee van die volgende:

* Rekenmeester
* Administrateur
* Direkteur
* Voorsitter van die BRKA

**AFDELING: C**

**REKENINGKUNDIGE AFDELING - PROSEDURES**

## 1. ONTVANGSTES

1.1 Bedrae deur pos ontvang en ander ontvangstes word in posregister (P/R) aangeteken. Wanneer kwitansies uitgereik word, word die kwitansienommers teen die betrokke inskrywing aangeteken.

1.2 Kwitansies word daarna in ontvangste invoerejoernaal geprosesseer.

1.3 Direkte inbetalings/oorplasing na bankrekening

* Lys van direkte inbetalings word maandeliks vanaf bankstaat opgestel.
* Die versoek aan gemeentes, wat direkte oorplasings doen, is dat hulle 'n kopie van die betrokke depositostrokie en F1 vorm aan die afdeling Finansies faks.
* Kwitansies word eers uitgereik nadat die inbetaling op die bankstaat met die betrokke depositostrokie gekoppel is.
* (Vir prosedure met "Uitstaande" oorplasing wat nog nie gekoppel is nie, kyk Bylae B)

1.4 Prosedure met uitreik van kwitansies.

* F1 – opgawes (15%) heffing

Kontroleer dat ontleding (Kodes) op kwitansie ooreenstem met besonderhede op F1 – opgawe.

* Ander ontvangstes

Kontroleer dat korrekte kodes op kwitansies aangebring word.

1.5 Deposito's

* Alle ontvangstes moet op die laatste die volgende besigheidsdag na ontvangs gedeponeer word.
* Die totaal van die ontvangstes per die posregister (wat alle ontvangstes, behalwe direkte bankoorplasings insluit), moet ooreenstem met die bedrag wat gedeponeer word.

* Indien die ontvangstes op meer as een depositoboekbladsy oorloop, moet 'n rekonsiliasie van die bedrae per die onderskeie depositobladsye en die totale per die posregister aangeteken word.

**UITBETALINGS**

Die volgende uitbetalings word gemaak indien daarvoor begroot is anders moet die FK vooraf geken word voordat die uitgawe aangegaan word. Noodsaaklike uitgawes soos munisipale koste en telefoon word betaal en later saam met alle ander bewysstukke vir uitgawes aan die BRKA voorgelê.

2.1 Toevallige lone (kleinkas)

2.2 Salarisse en werkloosheidsversekering, lopende betaalstelsel en ander aftrekkings

* Prosedure vir voorbereiding van salarisstaat (Kyk Bylae C)

2.3 Reiskoste

Op grond van reiskoste – eise ingedien en goedgekeur deur die onderskeie kommissies.

2.4 Instandhouding: Geboue, terrein en toerusting

Op grond van eksterne bewysstukke goedgekeur soos bepaal deur die riglyn vir onderhoud van eiendomme – BYLAE D

2.5 Administratiewe uitgawes:

Lopende uitgawes word betaal en later aan die BRKA voorgelê.

2.6 Leraars en beamptes se Pensioen-, Mediesefonds, Gadeversekering en uitgestelde vergoedingskema-premies op grond van inligting ontvang van versekeraars en maandlyste intern voorberei.

2.7 Leraars– en studentelenings

* Op grond van gesertifiseerde afskrifte van uittreksels uit notules van SKK en Kuratorium.
* Leningsooreenkomste word deur afdeling Finansies voorberei.
* 'n Lêer word vir elke persoon wat 'n lening verkry aangelê deur die rekenmeester.

2.8 Biblioteekaankope:

* Op skriftelike versoek vanaf die Rektor van die Kuratorium – die saldo van die biblioteekfonds in aanmerking geneem.

2.9 Belasting op toegevoegde waarde (publikasies)

* Prosedure vir voorbereiding van vorm 201 Bylae F.

**OPMERKING:** Lêers word aangelê vir alle eksterne bewysstukke wat betaal is.

2.10 Publikasies:

* Fakture vir drukkoste en aankope word deur die Pk. goedgekeur en aan afdeling Finansies voorgelê vir betaling.

* Betaling aan medewerkers vir *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* word deur die Redakteur goedgekeur en aan afdeling Finansies voorgelê vir betaling.

**OPMERKING:** Verwerking van tjekbetalings

1. Dataverwerking word vanaf tjekteenblad en bewysstukke na die betalingsjoernaal gedoen, uitgesonderd betalings wat vanaf maandelikse ontledingstate gedoen word bv. Pensioen, Medies, Gadeversekering en Uitgestelde vergoeding.

**JOERNAALINSKRYWINGS**

3.1 Die vernaamste bronne van joernaalinskrywings is die volgende:

* Regstellings van foutiewe toedelings wat deur die rekeningkundige personeel opgespoor word.

* Notules van die BRKA vir items wat rekeningkundige boekstawing vereis.

* Sinodebesluite bv. oordragte na reserwes volgens beleid wat neergelê is.

* Notule/Opdragte van ander kommissies bv. Publikasiekommissie insake pliglewering.

3.2 Joernaalinskrywings wat deur 'n amptenaar op 'n sekere posvlak aangeteken word moet deur 'n meer senior amptenaar goedgekeur word.

**AFDELING D: INTERNE BEHEERMAATREëLS**

**1. KONTANTONTVANGSTE**

1.1 Pos word deur 2 persone gehaal.
1.2 Pos word deur 2 persone oopgemaak en aangeteken in 'n posregister (vergelyk posregisterstelsel).
1.3 F1-vorms met betaling word toegedeel aan die rekeningpligte beamptes vir kontrolering.
1.4 Kassiere reik kwitansies uit nadat die F1-vorms gekontroleer is met die betaling.
1.5 Depositoboek, kwitansies en posregister gaan na rekenmeester wat die kwitansietotaal kontroleer met die depositoboek en posregister.
1.6 Geld word daagliks deur 2 persone gebank.

**2. DIREKTE INBETALING**

2.1 Rekenmeester trek daagliks bankstate.
2.2 Rekenpligtige beampte identifiseer direkte inbetalings en koppel met F1-vorm.
2.3 Kassiere maak 'n kwitansie uit vir hierdie direkte inbetaling.

**3. KOSTE-EISE EN KREDITEURSBETALING**

3.1 Koste-eise
i) Koste-eisvorm word voorberei en goedgekeur deur die voorsitter van 'n kommissie.
ii) Beide kostevorms wat per tjek of elektronies betaal is, word onderteken en gekontroleer deur die rekenmeester en administrateur/of direkteur.
3.2 Krediteure betalings
i) Rekenpligtige beampte berei die betalingsversoek en tjek voor en kontroleer die geldigheid van die krediteur met bewysstukke.
ii) Die betalings versoek asook tjek word deur die rekenmeester en administrateur/of direkteur onderteken en gekontroleer.

**4. STUDIELENING**

4.1 Die Kuratorium of sy dagbestuur keur studielenings goed.
4.2 Die rektor van die Teologiese Skool stel administrasie in kennis per skrywe aan wie lenings betaal mag word asook die bedrag van die lening.
4.3 Betalings word deur die rekenmeester en administrateur/direkteur onderteken.
4.4 Rekord word ten opsigte van elke studielening gehou wat detail vir betalings, en rente aandui.
4.5 'n Uitkeerpolis word op elke studielening uitgeneem.
4.6 'n Student en indien onmondig sy voog of borg en 'n afgevaardigde persoon van die BRKA onderteken die studieleningsooreenkoms in teenwoordigheid van 2 getuies.
4.7 Indien die student buite gemeenskap van goedere getroud is, moet 'n gewaarmerkte afskrif van die huweliksvoorwaardekontrak ook aangeheg word.

**5. BANKREKONSILIASIE**

5.1 Die bankrekonsiliasie word maandeliks voorgelê aan die rekenmeester vir kontrolering.

**6. ALGEMENE JOERNAAL**

6.1 'n Algemene joernaalinskrywing word deur 'n betrokke administratiewe persoon opgestel en goedgekeur deur die rekenmeester of die rekenpligtige beamptes soos aangedui per pligstaat.

6.2 Algemene joernale word maandeliks genommer en numeries geliasseer.

**7 PUBLIKASIE DEBITEURE**

7.1 Debiteure word goedgekeur en afgekeur deur die publikasiehoof.

7.2 Aankope en uitgawes aan die publikasiekant word deur die publikasiehoof goedgekeur.

7.3 Fakture word uitgemaak deur die prosesseerdame en uitsending gekontroleer deur die versendingsbeampte wat ook die faktuur kontroleer.

7.4 Aansoeke om krediet word deur die rekenmeester goedgekeur en deur die publikasiehoof gemagtig.

7.5 Verkoopprys word bepaal deur die Publikasiekommissie of sy Dagbestuur en ingevoer op die rekenaar.

**8 PUBLIKASIEVOORRAAD**

8.1 Die publikasie-personeel is verantwoordelik vir die beheer oor die publikasievoorraad.

8.2 Afdeling Finansies neem deurlopende steekproewe ten einde die akkuraatheid van die voorraadsyfers te verifieer.

8.3 Kwartaalliks word 'n voorraadlys getrek en gewaardeer vir finansiële state doeleindes.

**9 STATUTêRE OORBETALINGS**

9.1 Gemeentes word maandelike gekontroleer vir verpligte sinodale oorbetalings.

9.2 Oorbetalingskontrolerekening word maandeliks geverifieer met fisiese oorbetalings.

**10 VERSEKERING**

10.1 Batelys word nagegaan met versekeringsinventaris en wysigings skriftelik aangebring.

**11 KONTROLE REKENINGS**

11.1 Alle kontrole rekenings word deur die rekenmeester nagegaan vir korrektheid tydens aanbieding van die kwartaallikse finansiële state.

## BYLAE B – DIREKTE INBETALINGS OP BANKSTAAT

ABSA bank is versoek om die inbetalingsbesonderhede verpligtend te maak vir enige inbetaling op die kerkverband se bankrekening.

Die betaling word vergelyk met 'n F1-vorm.

Doen navraag by die boekwinkel om te bepaal of die inbetaling betrekking het op 'n uitstaande bedrag.

Indien geen aanduiding nie word betaling op kontrole geplaas en wag vir opeis.

Lys van onbekende inbetalings word van tyd tot tyd in *Die Boodskapper* gepubliseer.

Beveel aan dat 'n besluit op jaareinde geneem word dat onbekende inbetaling as diverse inkomste hanteer word.

## BYLAE C – PROSEDURE VIR VOORBEREIDING VAN SALARISSTAAT

1. **INLEIDEND**

1.1 'n Organogram met poste vir die Sentrale Kerkkantoor word goedgekeur deur die sinode/RKA.

1.2 Wysigings dit wil sê skrapping of byvoeging van poste word deur BRKA gemotiveer na die sinode/RKA en daar goedgekeur of afgekeur.

**1.3** Motivering vind plaas vanaf afdelingshoof aan die administrateur na die direkteur na die BRKA.

2. **WERWING**

2.1 Werwing vind binne kerkverband nasionaal plaas.

2.2 Aansoeke word voltooi en aan die administrateur voorgelê.

**3. KEURING**

Kandidate word genooi vir onderhoude gevoer deur die betrokke kommissies.

4. **AANSTELLING**

4.1 Aanstelling vind plaas op 6 maande proeftydperk.

4.2 Tydens aanstelling van personeel op posvlak 13 en hoër word aangesluit by die pensioen- en mediese fondse van die kerkverband.

4.3 Aangestelde lid word op hoogte gebring van die kerkverband se personeelkode.

**4.4** Aangestelde lid word voorsien van 'n aanstellingsbrief wat voordele en vergoeding uiteensit, 'n diensooreenkoms en 'n pligstaat.

5. **SALARISSTAAT**

5.1 'n Salarisstaat word geskep vir die nuwe persone binne die bestaande salarisgroep en geïnkorporeer in die salarisopsomming.
5.2 Die BRKA notule word gebruik om die basiese voordele, mediese- en pensioenbydraes te laai in die salarisstaat.
5.3 Maandelikse voordele en aftrekkings bly konstant tensy statutêre vereistes verandering noodsaak.
- Statutêre verandering word slegs uit die volgende bronne aanvaar:
5.3.1 Mediese fonds tariefwysigings.
5.3.2 Notules van vergaderings.
5.3.3 Goedgekeurde instruksies vanaf administrateur en direkteur.
5.3.4 Tariefaanpassings soos deurgegee deur die Ontvanger van Inkomste.
6. **BETALING**
6.1 Salarisse word voorberei deur die rekenmeester en gelaai vir elektroniese oorplasing.
6.2 Salarisse word gekontroleer deur die administrateur of direkteur wat ook die finale oorplasing elektronies doen.
6.3 Elke salarisstaat word afgeteken deur die opsteller, kontroleerder en prosesseerder.
7. **REKENINGKUNDIGE PROSESSERING**
7.1 Die salarisstaat, vir werkgewer bydraes, die salarisopsomming en die elektroniese oorplasing word geprosesseer na die koste en kontrole rekenings.
7.2 Die salariskontrolerekenings word maandeliks gerekonsilieer met die statutêre betalings.

**RIGLYNE VIR DIE ONDERHOUD VAN EIENDOMME VAN DIE BRKA - BYLAE D**

**1. PROBLEEMSTELLING**

**Bevoegdhede van BRKA t.o.v. eiendomme - Kyk Reglement KO Boek bl. 64, 6.5.1-6.5.6:**

**"6.5.1 Eiendomme, goedere en fondse deur die BRKA verkry asook fondse onder beheer van die RKA as geregistreerde Welsyns- en Fondsinsamelings-organisasie, word deur die BRKA geadministreer.**

**6.5.2 Die BRKA is bevoeg om enige regshandeling wat met die betrokke bates verband hou, te verrig, o.m.**

**6.5.2.1 om eiendomme, roerend en/of onroerend te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse;**

**6.5.2.2 om eiendomme roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar;**

**6.5.2.3 om gelde onder sy beheer te belê o.m. in aandele, skuldbriewe, staats- of munisipale effekte, by geregistreerde finansiële instellings, of uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goed dink, en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel.**

**6.5.3 In alle regsgedinge of in dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die BRKA sonder bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend op na raadpleging van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.**

**6.5.4 Ten einde sy opdrag uit te voer, word alle stukke onderteken deur twee lede van die BRKA wat daartoe gemagtig is.**

**Die BRKA oefen toesig en beheer uit oor die Sentrale Kerkkantoor en personeel, eiendomme, toerusting, geboue, terreine en fondse onder sy beheer geplaas en**

**alle werksaamhede aan hom opgedra, met verantwoording aan die ledevergadering.**

**6.5.6 Die BRKA kan, sonder om van sy oorspronklike bevoegdhede en verantwoordelikhede afstand te doen, sy bevoegdhede en verpligtinge vermeld in 6.5.5 hierbo, volgens sy diskresie aan die volgende persone, delegeer:**
***6.5.6.1 Die Direkteur en personeel.***
***6.5.6.2 Subkomitees deur die Bestuur uit sy geledere benoem."***

Die Eiendomskomitee is 'n subkomitee van die BRKA volgens 6.5.6.2.

Kragtens sy opdragte was die Eiendomskomitee gemoeid met die restourasie en aanbouings by Brookshuis, met die opknapping van die Teologiese Skool, met die opknapping en aanbouings by die Jeugtuiste.

Omdat die werk nie deur 'n ondernemer van buite gedoen en op 'n bepaalde datum afgelewer is nie, het daar mettertyd 'n vaagheid ontstaan oor waar die verpligtinge van die Eiendomskomitee ophou en die verantwoordelikheid van die administratiewe personeel t.o.v. onderhoud en instandhouding begin. Die vaagheid raak die datum sowel as die aard van die werk, aangesien die Eiendomskomitee steeds voortbestaan met 'n eie verantwoordelikheid t.o.v. die eiendomme.

Wat die datum betref, kan aanvaar word dat "aflewering" van die groot werk reeds plaasgevind het, en dat die verantwoordelikhede van die administratiewe personeel en die Eiendomskomitee voortaan geskei word soos hieronder aangedui.

## 2. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

2.1 Noukeurige versorging van alle vaste en roerende bates van die RKA, wat insluit:
2.1.1 Die skoonhou van die geboue, tuine, apparaat en voertuie;
2.1.2 die versorging van die grasperke en tuine;
2.1.3 herstel- en verfwerk van kleinere omvang en koste wat nie R5 000 te bowe gaan nie;
die aankoop van apparaat wat vir die administrasie nodig geag word teen 'n bedrag wat nie R1000 te bowe gaan nie.
(Dit raak nie die gewone skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels wat op gereelde basis aangekoop word nie)
2.1.4 Dié beperking geld nie gevalle waar skade ontstaan het wat deur 'n verseke-ringsmaatskappy gedek word nie, soos bv. weerligskade aan die rekenaars. In gevalle van groot skade waar die struktuur van die geboue aangetas is, moet die Eiendomskomitee en die BRKA egter eers geken word.

2.2 Verslag oor die eiendomme en die uitvoering van die pligte onder 2.1 genoem aan die BRKA.

2.3 Waar herstel- en/of verfwerk of aankope van groter omvang nodig is, word dit aan die Eiendomskomitee gerapporteer.

## 3. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE (EK)

3.1 Die ondersoek na en behartiging van groter herstel- en/of verfwerk d.m.v. kontrakteurs, of die aankoop van apparaat tot op 'n bedrag van R10 000. Vir sodanige werk moet tenders, en vir aankope kwotasies aangevra en 'n geskikte kontrakteur of leweransier aangewys word.

3.2 Verslag oor dié werk of aankope word aan die eersvolgende vergadering van die BRKA voorgelê.

3.3 Waar dit uit die ondersoek blyk dat werk of aankope van groter omvang as die toegelate bedrag van R10 000 noodsaaklik is, word die uitslag van die ondersoek en die aanbevelings van die EK eers aan die BRKA voorgelê vir goedkeuring.

## 4. ALGEMEEN

Geen verandering mag aan die struktuur van geboue of aan die kleurskemas aangebring word sonder goedkeuring van die BRKA nie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)

**PLIGSTAAT ONTLEDING**

| | Jacoba | Claudia | Lana | Chris | Danie | Gys |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Daagliks | **Hooftake** | **Hooftake** | **Hooftake** | **Hooftake** | **Hooftake** | **Hooftake** |
| 1 | Data invoer.<br>07H45 - 9H30<br>11h15 - 13h45 | Bankrekonsilliasie.<br>7h45 - 9h00 | Volg direkte inbetalings op vir allokasie.<br>07h45 - 10h00 | Administrasie van medies, pensioen, g/v en u/vergoeding<br>07h45 - 9h30 ; 15h00 - 16h00 | Uitreik van alle tjek- en elektroniese betalingsversoeke<br>07h45 - 09h30 | Finansiële Jaarstate |
| 2 | Gaan haal pos en deponeer die bank.<br>09H30 - 10H30 | Liassering binne Finans afdeling :<br>- stuur korrespondensie uit,<br>- liasseer korrespondensie,<br>- liasseer rek bewysstukke<br>- stuur tjeks uit.<br>09h00 - 10h30 | Kontroleer Pastel debiteure kontrole rek. met Ultisales debiteure lys.<br>10h00 - 11h30 | Gaan haal pos en deponeer die bank.<br>09h30 - 10h30 | Gaan haal pos en deponeer die bank.<br>09h30 - 10h30 | Kwartaalstate.<br>Vergaderdatum bepaal |
| 2.1 | Posregister aanteken<br>10h30 - 11h15 | | | | | |
| 3 | Reik kwitansies uit , maak bank op.<br>13h30 - 15h30 | BRKA-verslag , detail bywerk.<br>11h00 - 12h45 | Kontroleer F1-vorms , hanteer algemene navraes en dateer skedule op.<br>11h30 - 12h45 | Kontroleer vorderinge t.o.v. bg. oorbetalings vanaf gemeentes.<br>10h30 - 11h30 ;15h00 - 16h00 | Kontroleer F1-vorms , hanteer algemene navraes en dateer skedule op.<br>11h30 - 12h45 | Bateregister en versekering. |
| 4 | Liasseer F1-vorm per gemeente.<br>15h30 - 16h00 | Koste analise vir afwykingsverslag bywerk.<br>11h00 - 12h45 | Nasien van invoerdata op Pastel.<br>13h30 - 15h00 | Kontroleer F1-vorms , hanteer algemene navraes en dateer skedule op.<br>11h30 - 12h45 | Nasien van invoerdata en algemene joernaal.(nie eie)<br>13h30 - 15h00 | Salarisadministrasie.<br>23e vd maand<br>Gemeentehulp betalinge |
| 5 | Hanteer kleinkas.<br>07H45 - 9H30<br>11h15 - 13h45 | | Boodskapperadvertensies en - betalings.<br>15h00 - 16h00 | Nasien van invoerdata en algemene joernaal.(nie eie)<br>13h30 - 15h00 | Boekwinkel:<br>Voorraadkontrole.<br>Publ. Debiteure kontrole<br>PK-verslag<br>10H30 - 11H30 ; 15H00 - 16H00 | Teken tjeks / elektroniese oorbetalings.<br>09H30 - 10H45 |
| 6 | Kruisieverslag :Data invoer.<br>07H45 - 9H30<br>11h15 - 13h45 | | Uitstaande F1 opvolging | Uitstaande F1 opvolging | Uitstaande F1 opvolging | Opstel van begroting en begrotingskontrole.<br>Jaarliks en deurlopend. |
| 7 | RINGKONTROLE<br>Derby;Mooinooi;Roodepoort<br>Brandfort;Beaufort-wes;Stellenbosch | RINGKONTROLE<br>Dendron;Lichtenburg;Naboom;Suidkus<br>Hennenman;Olifantshoek | RINGKONTROLE<br>Benoni;Moot-sentraal;Vereeniging<br>Cornelia;Gordonia;Steynsburg | RINGKONTROLE<br>Ermelo;Klerksdorp;Morgenzon<br>Newcastle;Graniet;Kimberley | RINGKONTROLE<br>Germiston;Middelburg;Nelspruit<br>Bethlehem;Memel;Riversdal | RINGKONTROLE<br>Heidelberg;Migdol;Potgietersrus;<br>BFN/Outjo;Petrusburg;Somerset |
| Maandeliks | **Diverse take** | **Diverse take** | **Diverse take** | **Diverse take** | **Diverse take** | **Diverse take** |
| 1 | Stuur diverse debiteure rekeninge uit. | Ouditverslagkontrole (F10)<br>(Verifieer BRKA 15% inkomste) | | Kruisieverslag : FK-verslag | Rente berekeninge t.o.v. fondse. | *Kontrole beheer en nasien :*<br>*Kontantontvangste / Kleinkas* |
| 2 | | Leraar/Studente lenings= verslag aan rekenmeester. | | | Oorbetaling van LBS,WVF en BTW. ( Voor die 7e ) | *Betalings(kred./koste)*<br>*Studielenings / Bankrekons.* |
| 3 | | SKK-verslag aan rekenmeester | | | | *Algemene Joernaal.*<br>*Publikasie debiteure/voorraad*<br>*Diverse debiteure.*<br>*15% bydraes en gemeente rekeninge.*<br>*Rente berekeninge*<br>*Waardevermindering* |

## PROSEDURE VIR DIE BEREKENING VAN BTW VIR DIE VOLTOOIING VAN BTW - OPGAWE 201 – BYLAE F

### 1. UITSET BTW

BTW teen 14% is betaalbaar op die totale verkope en word maandeliks geboekstaaf d.m.v. 'n joernaal opgestel vanaf verkope - opsomming verstrek deur die Boekwinkel.

### 2. INSET BTW : EIS 100%

Op alle aankope van boeke, drukwerk van Boodskappers en Jaarboeke, ens. vanaf besighede wat geregistreer is vir BTW, word die volle BTW teruggeëis. Daar moet dus 'n BTW - faktuur bestaan om die BTW te kan terugeis.

### 3. INSET BTW : EIS SLEGS GEDEELTE

Artikel 17(1) van die BTW - wet bepaal dat indien goed of dienste slegs gedeeltelik vir die maak van belasbare lewerings verkry is, kan slegs 'n gedeelte van die insetbelasting as 'n insetbelastingkrediet geëis word. Indien 90% van die goed of dienste vir die maak van belasbare lewerings gebruik gaan word, kan die volle insetbelastingkrediet geëis word en hoef die toedeling nie gemaak te word nie.


Uitgawes aangegaan by Brookshuis is gedeeltelik toedeelbaar aan die Publikasie - besigheid en moet so realisties moontlik toegedeel word sodat die toeskryfbare Inset - BTW teen die Uitset - BTW verreken kan word. Verder moet die toedeling sodanig wees dat dit vir die Ontvanger aanvaarbaar sal wees in geval van 'n ondersoek. Die volgende persentasies word gebruik vir die berekening van inset - BTW vir die goed of dienste wat slegs gedeeltelik toegeskryf kan word aan die verkope van publikasies en Die Boodskapper :

| UITGAWE | % | MOTIVERING |
|---|---|---|
| Telefoon & Faks | 20 | Berekening Chris volgens werklike oproepe 1999 beloop 22% |
| Munisipale koste | 20 | Geskatte oppervlakte gebruik deur Publikasies |
| Posgeld | 85 | Volgens werklike frankeermasjienkoste 3 maande 1999 83,46% |
| Onderhoudskoste | 20 | Geskatte oppervlakte gebruik deur Publikasies |
| Skryfbehoeftes | 20 | Volgens werklike aantal fotostate Chris 1999 23.45% |
| Versekering | 20 | Geskatte oppervlakte gebruik deur Publikasies |
| Instandhouding LAW'S | 50 | Boekwinkel gebruik een bakkie |

**LET WEL : Bostaande is slegs van toepassing op Brookshuis.**
**Waar 'n koste aangegaan word wat slegs op Publikasies betrekking het, soos aankoop van kartonne en rekeningstate vir druk van maandelikse debiteure rekeninge, moet 100% van die BTW geëis word. Indien die volle koste egter vir BRKA is, moet geen toedeling gemaak word nie.**
**Versekeringskoste word soos volg toegedeel: BH-70%, TS-18%, JT-12%**
**BOSTAANDE TOEDELINGSPERSENTASIES BEHOORT JAARLIKS HERSIEN TE WORD.**

## ORGANOGRAM

## BYLAE BRKA 3



# VERSLAG: KURATORIUM
## Tydperk 9 September 1999 tot April 2001

### 1. PERSONEEL

**1.1 Lede van die Kuratorium**
Di. MC Adendorff, IP du Preez, GG le Roux, G Pretorius, NJ Rautenbach, CA Swanepoel, FJ van der Merwe, HDK van der Merwe, drr. JH Ellis, SD Nel, CI van Heerden (voorsitter).

**Sekundi**
Di. JA du Plessis, AL van Heerden, JH Theron, RMJ Britz.

**1.2 Skriba van die Kuratorium**
Prof. dr. FAH van Staden (honorêr).

**1.3 Registrateur-sekretaresse**
Mev. CM Venter

**1.4 Tikster**
Mej. E Nicklbauer.

**1.5 Skoonmaker**
Mev. MC Scheepers.

### 2. VERGADERINGS

Die Kuratorium het vanaf 9 September 1999 (konstituering gedurende sinode) tot 2001, 9 keer vergader en wel op 9 September, 21 September, 19 Oktober, 23/24 November 1999; 1 Februarie, 24 Oktober, 21/22 November 2000; 30 Januarie 2001 en 2 Mei 2001, met inagneming van die versoek van die Sinodale Finansiële Kommissie tot besparing.

### 3. DAGBESTUUR

**3.1 Samestelling**
Dr. CI van Heerden (voorsitter), NJ Rautenbach (ondervoorsitter), prof. FAH van Staden (skriba) en dr. JH Ellis (hulpskriba).

**3.2 Dagbestuurvergaderings**
Een vergadering op 4 September 2000.

### 4. SUBKOMMISSIE

Die Kuratorium het, om sy werksaamhede te bevorder, 'n Subkommissie benoem, wat voorbereidende diens lewer in verband met die keuring van studente en leningtoekennings en studentebegeleiding doen.

### 5. DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

**5.1 Registrasie volgens Onderwyswet,** Wet nr. 101 van 1997
Die registrasie moes verkry wees voor 31 Desember 1999, wat suksesvol was. Die aanvaarbare naam vir die Onderwysdepartement was "Afrikaanse Protestantse Akademie" en is dusdanig amptelik geregistreer.

**5.2 Rektor**
Prof. dr. FAH van Staden.

**5.3 Raad van dosente**
Proff. FAH van Staden (voorsitter), HS Theron, HCG Robbertze, R Marè en IA Brink.

**5.4 Departemente en Kurrikulum**
**Nuwe Testament** – departementshoof prof. HS Theron

Eksegese (3 jr.); Inleiding ( 3 jr.); Teologie (3 jr); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek (½ jr.).

**Ou Testament** – departementshoof prof. HCG Robbertze
Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek is oorgeplaas na Hebreeus.

**Dogmatologie** – departementshoof prof. R Marè
Dogmatiek (3 jr.); Christelike Etiek (3 jr.); Dogmageskiedenis (3 jr.); Simboliek (2 jr.); Apologetiek (1 jr.); Sektekunde (2 jr.).

**Godsdienswetenskap** – departementshoof prof. R Marè
Godsdiensgeskiedenis (1½ jr.); Fenomenologie (½ jr.).

**Praktiese Teologie (Diakoniologie)** – departementshoof prof. IA Brink
Homiletiek (teorie/prakties) (3 jr.); Poimeniek (3 jr.); Kategetiek (2 jr.); Liturgiek (1 jr.); Diakoniek (½ jr.); Evangelistiek (½ jr.); Pastorale Psigologie (2 jr. prof. Marè); Kybernetiek (3 jr. prof. Van Staden); Kerkadministrasie en Finansies (½ jr.).

**Ekklesiologie** – departementshoof prof. FAH van Staden
Algemene Kerkgeskiedenis (3 jr.); Vaderlandse Kerkgeskiedenis (3 jr.); Kerkreg (3 jr.) met ingesluit Ensiklopedie (½ jr.).

**Missiologie** – departementshoof prof. FAH van Staden
Sendingteorie (1 jr.); Sendingmetodiek (1 jr.); Elenktiek (½ jr.); Sendinggeskiedenis (2 jr.) met Ekumenika (½ jr.).

**5.5 Praktiese Opleiding**

**5.5.1** praktiese werk in Homiletiek, wat bestaan uit klaspreke in die vierde, vyfde en sesde jaar uit die Ou Testament, Nuwe Testament en Belydenisskrifte; 'n kritiekpreek in die vyfde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente en 'n proefpreek in die sesde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente met twee kuratore as eksterne eksaminatore by elke proefpreek;

**5.5.2** al die praktiese vakke, asook van die ander vakke, waar enigsins moontlik, word só aangebied dat die studente vanuit die teorie in die praktyk ingelei word; bepaalde vakke bied ruim geleentheid vir praktiese klasbespreking;

**5.5.3** al drie jaargange is verplig om jaarliks in 'n plaaslike kerk Pinksterbyeenkomste waar te neem soos gereël met plaaslike kerkrade met die goedkeuring van die dosent in Praktiese Teologie;

**5.5.4** die vierdejaarstudente doen verpligtend vir tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die pastor loci, soos deur die dosent in die Praktiese Teologie gereël, wat volgens vaste voorskrif skriftelike verslag aan die Kuratorium doen;

die vyfdejaarstudente doen die verpligte praktiese werk vir veertien dae en die sesdejaarstudente vir drie weke, net soos bepaal vir die vierdejaars, met verslag aan die Kuratorium, met dien verstande dat die sesdejaarstudente ook in 'n vakante gemeente onder toesig van die ouderlingeraad die voorgeskrewe praktiese werk kan doen;

**5.5.5** die vierdejaarstudente kry vergunning om, vanaf die tweede semester en ook in die vyfde studiejaar, leesdienste onder toesig van die pastor loci of ouderlingeraad waar te neem, as deel van die praktiese werk, terwyl die sesdejaarstudente die vergunning het om onder dieselfde toesig, as deel van hulle praktiese werk, ook in vakante gemeentes of indien die predikant met verlof is 'n eie "preek" as stigtelike woord te spreek in plaas van 'n preek wat voorgelees word;

**5.5.6** die vyfde- en sesdejaarstudente kry ook geleentheid om in gemeentes behulpsaam te wees met aspekte van gemeentelike bediening op 'n meer vaster gereelde basis.

**5.5.7** die vak Poimeniek is verleng na 'n driejarige kursus ten einde die dosent in die Praktiese Teologie die geleentheid te bied om ook siekebesoek, hospitaalbearbeiding, jeugwerk en ander praktiese aangeleentheid te laat doen;

**5.5.8** die teologiese studente ontvang onderrig in gemeentelike administrasie, finansies en ander;

**5.5.9** betreffende die prakties in gemeentes moet predikante en kerkrade skriftelik verslag aan prof. Brink doen sodat dit geëvalueer kan word. Soms word ongelukkig hierin versuim en daarom word 'n dringende beroep op predikante en kerkrade om dusdanige verslae skriftelik aan te stuur.

**AANBEVELING**
**5.5.10 Die sinode boekstaaf sy dank en waardering teenoor die teologiese dosente vir die suiwer en grondige onderrig in die Gereformeerde teologie aan die teologiese studente en teenoor predikante en kerkrade, wat hierdie studente vir praktiese werk in hul gemeentes akkommodeer.**

**5.6 Dosentevergaderings**
Die Raad van dosente het so dikwels vergader soos nodig.

**5.7 Vergaderings met Kuratorium**
Die dosente vergader jaarliks gedurende November met die Kuratorium.

Kragtens die vereiste deur die Onderwyswet gestel met die registrasie van die Teologiese Skool as die selfstandige tersiêre instituut die "Afrikaanse Protestantse Akademie" moes 'n dokument opgestel word deur die Raad van dosente en Kuratorium vir voorlegging aan die sinode, bekend as "Skema van voorgestelde struktuur vir die Afrikaanse Protestantse Akademie as geregistreerde instituut vir tersiêre onderwys en verhouding met die Sinode en die Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse kerkverband", aangeheg as Bylae A.

**AANBEVELING**
**5.7.1 Die sinode keur die Skema, soos in Bylae A vervat goed vir implementering en kies staande die vergadering twee lede met sekundi op die voorgestelde Raad vanuit die onderstaande nominasielys:**
**ds. A Gerber, dr. HJ Smith, ds. MC Adendorff, dr. CI van Heerden.**

**5.8 Propedeutiese Opleiding**
**5.8.1 Die Opleiding**
Vanaf Februarie 1998 het 33 studente vir die BA-graad geregistreer, waarvan 7 reeds as teologiese studente hul teologiese opleiding ontvang, terwyl twee studente in die teologie wat oor 'n B-graad beskik het, Grieks 2 en Hebreeus 2 as verpligte vakke verwerf het. Net drie studente het hulle studies gestaak: PAH du Toit, W Nell en mev. PA Steenkamp.

**5.8.2 Admissievakke en aanbieding**

| | |
|---|---|
| Grieks 1, 2, 3 | - prof. dr. HS Theron |
| Hebreeus 1 | - prof. dr. HCG Robbertze en Hebreeus 2, 3 – ds. GDS Smit |
| Afrikaans 1 | - prof. dr. FAH van Staden en Afrikaans 2, 3 – mev. A Oosthuizen |
| Duits Spes. | - mev. A Oosthuizen |
| Latyn (Begin) | - ds. MC Adendorff |
| Bybelkunde 1, 2, 3 | - prof. dr. R Marè |
| Geskiedenis 1, 2, 3 | - prof. dr. FAH van Staden |
| Sielkunde 1, 2, 3 | - prof. dr. R Marè |
| Sosiologie 1, 2, 3 | - dr. HJ Smith |

Die ander keusevakke is: Engels, Calvinistiese Wysbegeerte, Kriminologie en Volkekunde, dog is nog nie deur 'n student gekies nie.

**AANBEVELINGS**
**5.8.2.1 Die sinode betuig dank en waardering aan die teologiese dosente, wat hierdie onderrigtaak naas hulle teologiese vakke onderneem en in die besonder teenoor die**

**hulpdosente mev. A Oosthuizen, dr. HJ Smith, di. GDS Smit en MC Adendorff, wat teen geringe vergoeding die taak behartig.**
**5.8.2.2 Die sinode gee opdrag aan die FK, om in samewerking met die Raad van die Akademie, jaarliks te begroot vir moontlike finansiële uitgawes ten opsigte van propedeutiese opleiding aan die Afrikaanse Protestantse Akademie.**
**5.8.2.3 Die sinode keur goed dat die Kuratorium 'n leraar(s) aanwys om bekendstellingswerk vir die Afrikaanse Protestantse Akademie te doen, én terselfdertyd fondse in te samel wat in 'n trustfonds geplaas word vir die uitsluitlike finansiering van die doserende en administratiewe poste van die Afrikaanse Protestantse Akademie.**

**5.8.3 Vergoeding**
Die vergoeding van die dosente en hulpdosente geskied uit die klasgeldefonds teen 'n geringe bedrag per semester.

**5.9 Studente**
**5.9.1 Teologiese studente afgestudeer sedert die vorige sinode**
**1999 –** MJL Jordaan, PJ Möller, LE Prinsloo, JL Schutte en HJ Coetzee (verwerf B.Th. aan PU vir CHO en hospiteer een jaar);
**2000 –** LD Greyling, K Myburgh, GDS Smit en CR Vermaak.

**AANBEVELING**
**5.9.1.1 Die sinode bid hierdie broeders wat sedert die sinode van 1999 afstudeer het en reeds as predikante georden is, die seën van die Here toe op hulle bediening.**

**5.9.2 Teologiese studente**
**Sesdejaar** - LA Wiid,
**Vyfdejaar** - JC Gericke, W Pretorius en H Scherman,
**Vierdejaar** - JJ de Bruyn, JF du Toit, PS Krige, C le Roux, S Roets sr. en A van Zyl

**5.9.3 Admissante**
**Derdejaar** - JH Bisschoff, AS Kruger, JA Kruger, L Kruger, L Lubbe, RJ Pretorius, HSW Strauss, JF van der Merwe en WJ van der Westhuizen,
**Tweedejaar** - mej. S Grobbelaar, PS Steyn en GJ van der Linde,
**Eerstejaar** - mej. Yolandi-Marié Beyers, mej. JJ Heath, AC Jordaan, AJ Kruger, R Malan, SA Roets jr., OG van Rooyen, W van Zyl, terwyl DE Pretorius BA Grieks en Hebreeus moet verwerf.

**Aan PU vir CHO** het SJ de Klerk geregistreer vir BA 1.

**AANBEVELING**
**5.9.3.1 Die sinode dank die Here vir die teologiese en adminissiestudente deur Hom geroep, bid hulle die seën van die Here toe in volhardende studie en dat Hy steeds arbeiders sal stuur na die wit oeslande in die AP kerke in kerkverband.**

**5.10 Eksaminering sesdejaarstudente**
Sedert die registrasie van die AP Akademie word die akademiese eksamen deur die teologiese dosente afgeneem met verslag aan die Kuratorium, wat verantwoordelik bly vir die kerklike eksamen met die oog op legitimering en beroepbaarstelling. Die Kuratorium ontvang ook verslag van die praktiese opleiding oor drie jaar wat insluit gemeentelike werk.

**5.11 Akkommodasie**
Die AP Akademie beskik oor genoegsame akkommodasie: lesinglokale, dosentekantore, personeelkantore en ander vir die huisvesting van veel meer studente as wat tans geregistreer is.

**5.12 Toerusting**
Die lesinglokale en kantore is genoegsaam toegerus. Rekenaars, fotostaatmasjien en ander voldoen in die behoeftes. Die AP Akademie het 'n groot en duursame skenking van die kerkraad van die AP kerk Middelburg, Transvaal ontvang in die vorm van twee groot lesingtafels met twintig stoele.

**AANBEVELING**
**5.12.1 Die sinode boekstaaf sy hoogste dank en waardering teenoor die kerkraad van die AP kerk Middelburg vir die waardevolle skenking bestaande uit twee groot lesingtafels met twintig stoele.**

### 5.13 Biblioteek

Die FAH van Staden Biblioteek bied genoegsame ruimte, nadat dit bykans verdubbel het in grootte vir die boekery en verdere uitbreiding. Skakeling met Internet is ook verkry. Alhoewel die begroting vir die biblioteek selfs tot nul gesny was, kon daar nogtans uit die trustfonds intekengelde op tydskrifte en enkele boeke betaal word. Met dank word vermeld dat etlike predikante uit verskillende kerkverbande kleiner skenkings uit hul boekerye gemaak het. Met besondere vermelding, met die hoogste dank en waardering teenoor die donateurs, word die name van twee oud-professore van Unisa te wete proff. JJ Burden en JH Roberts hier genoem, wat bykans tweeduisend baie waardevolle boeke en teologiese tydskrifte uit hulle boekerye aan die biblioteek geskenk het. Die Here het waarlik voorsien.

'n Vriendelike versoek is skriftelik aan al die predikante in die Afrikaanse Protestantse kerkverband gerig, wat reeds oor 'n M.Th- of D.Th.-graad beskik, om aan die biblioteek 'n kopie van hulle verhandeling of proefskrif te skenk. Die reaksie was power, maar tog is drie of vier kopieë ontvang, waarvoor ons innig dankbaar is.

**AANBEVELING**
**5.13.1 Die sinode boekstaaf sy hoogste dank en waardering teenoor al die skenkers van boeke vir die biblioteek met besondere vermelding van proff. Burden en Roberts.**

### 5.14 Teologiese dae/Predikante konferensies/Verpligte teologiese opleiding en werksgemeenskappe

#### 5.14.1 Teologiese dae/Predikantekonferensies

Die Raad van dosente het voortgegaan met die hou van teologiese dae en die aanbieding van predikantekonferensies gedurende die dae met die jaarlikse opening van die Akademie. Die belangstelling van die kant van die predikante laat helaas steeds soveel te wense dat dit ontmoedigende ondernemings is. Vir 2001 is die diakens ook opgeroep vir 'n diakonale konferensie, wat besonder goed bygewoon was deur diakens.

#### 5.14.2 Verpligte opleiding

Die sinode-1999 het volgens pt. 7.2.2 van die Kuratoriumverslag, p. 503 van die Acta soos volg besluit: "die sinode besluit om die opdrag aan die Kuratorium uit te brei om nie net predikante te keur vir toelating nie, maar om hulle ook verder in hulle bediening akademies-professioneel te begelei met billike, maar verpligte verdere indiensopleiding". Ter uitvoering van hierdie besluit, het die Rektor 'n opname gemaak van al die predikante, wat tans besig is met teologiese studie vir die grade M.Th./M.Div. en D.Th./D.D. Verder is besluit om al die predikante, wat langer as vyf jaar in die bediening is in te deel in twee groepe, daar almal nie gelyktydig opleiding deur vyf dosente kan ontvang nie en dat een groep in vyf verdeel word, sodat elke dosent tussen 10-15 predikante vir opleiding in sy departement(e) in een of meer vakke kan ontvang. Daar is reeds daarmee begin.

#### 5.14.3 Werksgemeenskappe

Daar is vroeër 'n opname onder predikante gemaak vir die skepping van interne teologiese werksgemeenskappe, dus binne AP kerkverband. Die reaksie was werklik baie power. Intussen het daar egter 'n goeie getal predikante navraag gedoen vir M.Th. of D.Th.-studie aan die Akademie. Daarmee hoop ons om spoedig te kan begin. Daar bestaan egter ook kommer oor beskikbare opvolgers in kerkverband vir die ouer wordende dosente. Die Kuratorium het daarom die dosente versoek om volgens hulle departemente en vakke predikante te identifiseer, veral met M.- en/of D.-grade en ander wat mag belangstel en hulle te nooi om deel te word van teologiese werksgemeenskappe. Die versoek is ook in werking gestel. Saam met die verpligte opleiding, die admissiestudie en die spoedige aanbieding van M.- en D.-grade word die las van die teologiese dosente, wat ook onderworpe is aan navorsing en publikasie, baie groot.

### 5.15 Navorsing en publikasie

Alhoewel navorsing en publikasie deel is van die akademiese werksaamheid van 'n teologiese dosent, is dit met die registrasie van die AP Akademie as 'n besondere voorwaarde vir die

dosente gestel. Navorsing as sodanig is nie 'n probleem nie, alhoewel fondse daarvoor ontbreek. Die groot probleem is die publikasiemoontlikhede, aangesien moeite ondervind word om 'n uitgewer te vind vir teologiese publikasies.

Alhoewel daar 'n aantal teologiese tydskrifte bestaan, waarin gepubliseer kan word, moet die skrywer 'n heel aardige fooi daarvoor betaal, behalwe ten opsigte van een tydskrif. Hierdie probleem het baie knellend geword en werk benadelend in op die wetsvereistes aan die Akademie gestel tot groot verleentheid van die dosente.

**5.16 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds**

Die sinode is goed bekend met die feit dat die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds die enigste bestaande fonds is, waaruit aan teologiese en admissiestudente lenings toegestaan kan word. Die fonds word op sinodale begroting gedra volgens besluit van die Finansiële Kommissie ooreenkomstig beskikbare fondse uit die gemeentelike bydrae van 15%. Die groei in studentetal veroorsaak 'n ontoereikendheid.

**AANBEVELING**

**5.16.1 Die sinode neem met dankbaarheid kennis van die groei in studentetal en dat die FK na vermoë die fonds jaarliks aanvul, maar besef dat die fonds ontoereikend is en doen daarom 'n beroep op kerkrade en lidmate om die fonds ten goede te gedenk.**

**5.17 Samewerkingsooreenkoms met die Dr. Nicoline Joubert Voorligtingsielkundige Instituut**

**5.17.1 Agtergrond**

Dr. Joubert het aan PU vir CHO gepromoveer met as tesis: "Die ontwerp en evaluaring van 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente". Sy is 'n geregistreerde Voorligtingsielkundige (Pr. No. 8606986) woonagtig te Lambton, Germiston. Sy het 'n Instituut vir Christensielkunde, gevestig te Kempton Park opgerig. Haar doelwit was om by die Onderwysdepartement te registreer as Private Instituut, dog dit is afgekeur weens bepaalde tegniese tekortkominge. Intussen het sy begin 2000 met 'n diplomakursus begin met die hoop op oorskakeling na 'n graad as sy met registrasie sou slaag. Die graad waarvoor vir registrasie aansoek gedoen was, is B.Psig.

**5.17.2 Aansoek vir 'n Samewerkingsooreenkoms**

Sy is aanbeveel om intussen by 'n openbare of private geregistreerde tersiêre instansie, wat grade mag toeken, aansoek vir 'n samewerkingsooreenkoms te doen, hangende haar appèl, wat 'n onbepaalde tyd mag duur, selfs 'n lang onbepaalde tyd, sonder die sekerheid van sukses. Só 'n ooreenkoms sal haar dan in staat stel om aan studente, wat die kursus voltooi het, grade te laat toeken deur die geregistreerde Instituut. Sy is aanbeveel om by die Afrikaanse Protestantse Akademie aansoek te doen.

**5.17.3 Onderhandeling**

Dr. Joubert se Sielkundekursus insluitende 'n verskeidenheid gebiede soos onder andere Kindersielkunde ens. staan, volgens die inhoud van haar proefskrif bekend as "Christen Sielkunde" en open die weë tot kwalifikasies in verskeie rigtings, gedek onder die graad B.Psig. Die AP Akademie kan nog nie 'n graad B.Psig. toeken nie, maar wel B.A. met Sielkunde III, waarby ingewerk kan word by die Sielkunde, fasette van die B.Psig.-leerplan.Terwyl die Akademie reeds damesstudente in die BA-studiejare het, wat nie almal Pastorale Psigologie voor oë het nie, kan langs so 'n samewerkings-ooreenkoms deure vir ons eie damesstudente geopen word. In so 'n geval is die moontlikheid ook bespreek van 'n vierde studiejaar vir spesialisering.

**5.17.4 Finansies**

Die Dr. Joubert Instituut registreer haar eie studente met 'n eie gebou, inrigting, kampus ens. Die AP Akademie word dus nie finansieel belas met hierdie studente nie. Die Instituut betaal aan die Akademie 'n administrasiefooi vir sekere administratiewe diens en die graadsertifikate.

**5.17.5 Standaard van kursusse**

Die AP Akademie evalueer die kursusse wat vir die B.A.-graad geneem moet word ten einde te verseker dat 'n graad net toegeken word vir standaard akademiese kwalifikasies volgens die vereistes van *SAQA*.

**5.17.6 Registrasievereistes volgens Onderwyswet**
Die registrasievereistes vir die AP Akademie volgens die Onderwyswet is die van 'n ope Instituut. Sonder hierdie openheid, wat streng deur die Akademie beheer word volgens eie opgestelde kodes, sal die registrasie gekanselleer word. So 'n samewerkingsooreenkoms kan bewys van die openheid wees en meteen 'n beskermingsmaatreël vir die toekoms.

**AANBEVELING**
**5.18 Die sinode besluit dat die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie 'n samewerkingsooreenkoms ooreenkomstig die verslag aan die sinode 2001, pt. 5.17, met die Dr. Nicoline Joubert Voorligtingsielkundige Instituut kan aangaan op die voorwaarde dat die Akademie nie vir enige opleidingsfasiliteite finansiële aanspreeklikheid aanvaar nie en voldoende vergoed word vir enige administratiewe dienste.**

## 6. PREDIKANTSKAP/PROPONENTSKAP

### 6.1 Aanmeldings en aansoeke
Die aantal predikante/proponente uit die kerkverbande van die NG Kerk, die NHK en die Geref kerke in Suid-Afrika en oud-predikante uit die AP kerkverband, wat aangemeld het met die oog op aansoek vir predikant- of proponentskap het drasties verminder na 9, wat saam met die 5 nog onafgehandelde aansoeke volgens die verslag aan die sinode-1999, 'n totaal van 14 was waaroor die Kuratorium gedurende die afgelope twee jaar moes besluit.

Die Kuratorium volg die keuringsmetode soos breedvoerig in die verslag aan die sinode-1999 beskryf met byvoeging dat geen student, wat elders sy teologiese studie voltooi het of proponentskap verkry het se aansoek oorweeg word alvorens hy nie instem om een jaar aan die Akademie te hospiteer, geëksamineer te word in vakke waaroor die Raad van dosente besluit, 'n proefpreek te lewer en 'n skripsie te voltooi nie. Teologiese studente, wat gedurende hulle studietydperk hul studie aan die Akademie wil voltooi sal òf die volle drie jaar moet herhaal òf soveel van die vakke oor drie jaar soos wat die dosente oordeel gevolg moet word.

### 6.2 Aansoeke goedgekeur met beroepbaarstelling
Van die bogemelde 9 aanmelders het 5 aansoek gedoen waarvan saam met die gemelde 5 onafgehandelde aansoeke die volgende op die gemelde datums beroepbaar gestel is:

Mnr. HJ Coetzee as proponent gelegitimeer en beroepbaar gestel op 19 Oktober 1999;
Ds. JP Botes beroepbaar op 19 Oktober 1999.
Ds. JPB Blignaut beroepbaar op 24 November 1999.
Ds. FS Marais beroepbaar op 19 Oktober 1999.
Ds. AJ Taute hertoegelaat as emerituspredikant op 21 November 2000.
Ds. JFT du Plessis beroepbaar op 30 Januarie 2001.

Twee predikante se aansoeke is afgekeur, twee het nie hul aanmelding met aansoeke opgevolg nie en vier is nog hangende.

Mnr. JD Jansen van Rensburg se predikantskap is hom volgens art. 19.6 van die Kerkorde ontneem. Hy het hom egter tot die hof gewend en die regter het die herstel gelas, wat uitgevoer moes word. As deel van 'n skikking in 'n ander geding was geëis dat hy die predikantskap in die AP kerkverband vir goed opsê, wat gedoen is.

## 7. BESKRYWINGSPUNTE

### 7.1 Ring van Vereeniging: Hertoelating van Predikante
Die sinode besluit dat die Kuratorium voortaan geen aansoek van 'n predikant wat status verbeur het na oneervolle losmaking uit 'n gemeente, en uittrede uit die Kerkverband sal oorweeg nie.

**Motivering**

- Waar dit wel gebeur het in die verlede, word lidmate wat hulle onder die dissipline van 'n ouderlingeraad stel, ontstig wanneer predikante wat deur sulke optrede tug en skorsing vryspring, weer toegelaat word.
- Ter wille van die heil van die Kerke in Kerkverband en die eer van die Here, word die geroepenheid deur die sonde van die oortreder ernstig bevraagteken.

**AANBEVELING**
**7.1.1 Die sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is, maar neem net kennis daarvan aangesien die hantering van die soort aangeleenthede reeds deur die Kerkorde arts. 6.2, 10.3 en 59.3.2 of 59.3.3 van die Kerkorde bepaal word en deur Kuratoria deeglik in ag geneem word.**

## 8. BEGROTING

Die begroting word in die verslag van die Finansiële Kommissie opgeneem.

**AANBEVELING**
**8.1 Die sinode besluit: die teologiese dosente se reiskoste word jaarliks aangepas met dieselfde persentasie as waarmee die jaarlikse salarisse aangepas word volgens besluit van die Finansiële Kommissie.**

Die Kuratorium vertrou dat hy hiermee 'n volledige weergawe van sy werksaamhede aangebied het en bid die sinode die seën van die Here toe.

**VOORSITTER: Dr. CI van Heerden** **SKRIBA: Prof. FAH van Staden**

# VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE
# Tydperk 12 September 1999 tot 2 Mei 2001

## 1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)

Die volgende lede het gedurende die verslagtyd op die Kommissie gedien: di. AS van Staden (voorsitter), IP du Preez (ondervoorsitter), CA Swanepoel, JH Theron en WJ van der Merwe. As sekundi is aangewys: di. JA de Beer en WA Burger (jr.). Ds. MC Adendorff (Direkteur vir Kerkadministrasie) en dr. HJ Smith (Redakteur van *Die Boodskapper* en Hoof van die Afdeling Publikasies) is op die eerste vergadering gekoöpteer en dr. Smith is as skriba aangewys. Die Dagbestuur het bestaan uit ds. AS van Staden (voorsitter), ds. IP du Preez (ondervoorsitter), ds. MC Adendorff (gekoöpteer) en dr. HJ Smith (skriba). Dié lede het die hele tydperk in die betrokke hoedanighede gedien.

**AANBEVELING**
**1.1 Die sinode besluit om, met inagneming van kontinuïteit, weer vyf lede (sover moontlik dieselfde lede as tans) en twee secundi op die Publikasiekommissie aan te wys met die reg om twee lede te koöpteer.**

## 2. PERSONEEL IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR

Mev. A Britz het teen die end van 1999 bedank. Sedertdien behartig slegs mev. JP van Lille die pos *Senior Publikasiebeampte*, terwyl sy ook as sekretaresse vir *Die Boodskapper* dien. Mev. Van Lille slaag besonder goed daarin om die werksaamhede te laat vlot, maar dit plaas 'n buitengewone werklas op haar. Die Pk het besluit om voorlopig op dié wyse oor die weg te kom ten einde te bespaar en om te besin oor 'n moontlike herrangskikking van funksies in die Afdeling, maar die skep of vul van 'n pos om mev. Van Lille se las ligter te maak, het tog noodsaaklik geword. Op 19 April 2001 het die Pk besluit om nie nog 'n publikasiebeampte aan te stel nie, maar die BRKA te versoek om 'n halfdagpos vir 'n administratiewe beampte in die Afdeling te skep.

In die Boekwinkel het mnr. JEA Bester (hoofklerk en bemarking), mev. L Dippenaar (rekenaaroperatrise/klerk) en mnr. HJ van der Merwe (boekwinkelklerk) ten spyte van 'n hoë werklading uitstekende diens gelewer. Mnr. Van der Merwe het die end van Februarie 2001 bedank en die pos is geadverteer.

**AANBEVELINGS**
**2.1 Die sinode neem met besondere waardering kennis van die goeie diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word te midde van 'n hoë werklading.**
**2.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Afdelingshoof: Publikasies vir die toegewyde wyse waarop hy die Afdeling met al sy vertakkinge hanteer.**

## 3. VERGADERINGS

Ter wille van besparing het die Kommissie sy vergaderings so min as moontlik probeer hou. Tot op 2 Mei 2001 het die Pk. 5 keer vergader en die Dagbestuur 9 keer.

## 4. OPDRAGTE VAN SINODES

**Opdragte voortvloeiend uit die lasgewing van die Pk. (KO bladsy 127-130)**

Die Kommissie het die opdragte van die sinode soos dit uit sy lasgewing voortvloei, uitgevoer.

### 4.1 Spesifieke opdragte deur die sinode van 1999
**4.1.1 "Kinderbybel" – opdrag gekontinueer (*Handelinge 1999*, bl. 431)**
Prof. R Marè, wat die taak onderneem het, is nog daarmee besig. Vanweë die omvangrykheid daarvan, mag die afhandeling baie tyd in beslag neem.

**AANBEVELING**
**4.1.1.1 Die sinode besluit om die opdrag in verband met die publisering van 'n "Kinderbybel" te kontinueer.**

**4.1.2 Beskikbaarheid van preke – ook op die elektroniese media (*Handelinge 1999*, bladsy 431)**
Sonder uitsondering kom die versoek tot die beskikbaarstelling van preke tydens sinodes voor. Die Pk het reeds 'n aantal preekbundels gepubliseer en bring dit van tyd tot tyd d.m.v. *Die Boodskapper* onder die aandag. Die afgelope sinode of twee was daar ook versoeke om 'n "prekoteek" op die been te bring waaruit gemeentes met individuele preke (nie noodwendig gebundel nie) gehelp kan word. Laasgenoemde aksie begin tans redelik goed op dreef te kom (kyk punt 5.13 van hierdie verslag). Die idee is om die preke aan gemeentes wat daarom vra in geskrewe formaat beskikbaar te stel (slegs die dupliseringskoste word verhaal), of ook deur middel van die internet (gratis).

In al hierdie aksies is die Pk steeds afhanklik van die lewering van geskikte preke in die regte formaat deur ons leraars – verkieslik ook op rekenaarskyfie sodat dit ná redigering sonder veel koste afgedruk of op internet geplaas kan word. Op die oomblik is daar 'n besliste behoefte aan sulke "losstaande" preke rondom die kerklike jaar.

**AANBEVELING**
**4.1.2.1 Die sinode herhaal sy versoek aan leraars om geskikte preke aan die Pk voor te lê met die oog op breër gebruik in die kerkverband en om dit in so 'n formaat beskikbaar te stel dat die koste om dit te reproduseer tot 'n minimum beperk sal kan word.**

**4.1.3 Vergadertyd – laaste week van die maand ter wille van posstukke (*Handelinge 1999*, bl. 432)**
Posgeld het die afgelope tyd onrusbarend gestyg. Die afhaal van posstukke by die Boekwinkel bring aansienlike besparing aan posgeld vir gemeentes en vir die Pk teweeg. Kommissies kan hiertoe meehelp deur hul vergadertye so te beplan dat dit bv. net ná die verwagte verskyningsdatum van *Die Boodskapper* geskied.

**AANBEVELING**
**4.1.3.1 Die sinode versoek kommissies opnuut om hulle beplanning so te doen dat vergaderings in Pretoria gedurende die laaste week van die maand plaasvind. Predikante en gemeentelede wat Pretoria gedurende die laaste week van die maand besoek, word vriendelik gevra om die Boekwinkel te skakel met die oog op die moontlike afhaal van pakkies en ander posstukke.**

## 5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

### 5.1 Sinodaal-goedgekeurde publikasies wat sedert sinode 1999 verskyn het

**5.1.1 *Die Kerkorde 2000***
Hierdie publikasie het reeds die 13de Maart 2000 verskyn. Daar is 2000 eksemplare gedruk waarvan op 30 Maart 2001 nog 789 eksemplare nie verkoop was nie. Die AP Kerk Potgietersrus het skriftelik versoek dat die Kerkorde ook beskikbaar gestel moet word op los blaaie wat in 'n ringbinder ingebind kan word vir gebruik deur kerkraadslede. Soos sinodes die Kerkorde van tyd tot tyd wysig, kan die veranderings bygebring word deur die ou bladsye uit te haal en die nuwes in die lêer te voeg i.p.v. om elke keer die hele nuwe Kerkorde aan te koop. Nuwe Kerkordes word natuurlik telkens nog gedruk vir die ander gebruike wat daarvoor bestaan. Die versoek is na die KKS deurgegee en die Pk sal op dié Kommissie se advies reageer.

**5.1.2 *Handelinge van die Negende Sinode 1999***
550 eksemplare is laat druk waarvan ongeveer 150 nie verkoop is nie.

**5.1.3 *Handleiding vir susterswerksaamhede*** (herdruk)
100 kopieë is intern herdruk.

**5.1.4 *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper***
Kyk Bylae Pk 1.

**5.1.5 *Kerkjaarboek 2000* en *Kerkjaarboek 2001***
Van die *Kerkjaarboek 2000* – wat 'n herdruk beleef het met 'n totale oplaag van 3598 - is op 30 Maart 2001 slegs 149 kopieë nie verkoop nie. Hierdie publikasie is bekroon met die *Lig in Duisternisprys* vir 1999. Van die *Kerkjaarboek 2001* (oplaag: 3640) is op 30 Maart 2001 370 eksemplare nog nie verkoop nie.
Die Kerkjaarboek weerkaats in 'n baie hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat uiters nuttige naslaangegewens, en die dagstukkies kan baie vrugbaar deur enkelinge en huisgesinne vir geestelike verryking gebruik word. Daarom poog die Kommissie elke jaar steeds om, in samewerking met die Sentrale Kerkkantoor, 'n aantreklike en bruikbare publikasie met die nuutste inligting uit gemeentes en ringe daar te stel. Die traagheid waarmee baie gemeentes reageer om die nuutste gemeentegegewens betyds by die Kerkkantoor te besorg, strem egter grootliks hierdie strewe. Dit is voorts tydrowend en bring aansienlike finansiële uitgawes teweeg as gemeentes ná die datum van verstryking telefonies geskakel moet word (soms tot drie of vier keer) om hul nuutste gegewens te bekom.

**AANBEVELINGS**
**5.1.5.1 Die sinode bevestig dat hy die Kerkjaarboek as 'n uiters belangrike publikasie beskou.**
**5.1.5.2 Die sinode spreek sy dankbaarheid uit dat die *Kerkjaarboek 2000* van so 'n goeie gehalte was dat dit met die prys vir die beste publikasie bekroon is, in die besonder ook teenoor mev. Tissa van Lille wat die uitgawe versorg het.**
**5.1.5.3 Die sinode moedig almal wat by die produksie van die Kerkjaarboek betrokke is (soos skrywers van dagstukkies, keurders, verskaffers van gegewens en die publikasiebeampte) tot hul uiterste bes aan om steeds van dié publikasie 'n besondere produk tot eer van die Here te maak.**
**5.1.5.4 Die sinode versoek kerkrade en kolporteurs tot samewerking om die Kerkjaarboek optimaal te versprei – binne én buite ons kerkverband.**
**5.1.5.5 Die sinode betuig sy dankbaarheid dat die Kerkjaarboek goed verkoop en moedig ook die toekomstige aankoop, gebruik en lees daarvan by elke lidmaat aan.**

**5.1.6 *Proefsangbundel***
Twee verdere herdrukke (sewende en agtste) het in die verslagtydperk verskyn.

**5.1.7 Begeleidingsboek t.o.v. die Proefsangbundel**
'n Klein oplaag (19) van die hersiene uitgawe het in Mei 1999 verskyn , asook 'n herdruk van 15 in Junie 2000.

**5.1.8 *'n Volwasse Man***
Geen herdrukke is gemaak nie. Die skrywer het onderneem om teen die einde van 2000 die boek te hersien. Op 30 Maart 2001 was nog 105 eksemplare beskikbaar.

**AANBEVELING**
**5.1.8.1 Die sinode herbevestig dat die skrywer dié publikasie hersien soos hy self versoek het.**

**5.1.9 *Die tien stamme van Israel* – dr. WA Burger (in opdrag van die KKCE) (verskyn tydens die sinode 1999)**

**5.1.10 *Dobbelary, lotery en ander afgode***
Dr. WA Burger het dié publikasie in opdrag van die KKCE geskryf. Dit was bedoel as 'n pamflet, maar was te omvangryk om as 'n pamflet uit te gee.

**5.1.11 *Sakeregister: Die Boodskapper : 1987 – 1997***
Alle inligting wat gedurende hierdie tydperk in *Die Boodskapper* verskyn het, is in die register opgeneem.

**5.2 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse) wat sedert sinode 1999 verskyn het**

Die volgende nuwe handleiding (in die plek van die lesgids) het verskyn:

**5.2.1** ***Handleiding Leer en Lewe 2 (st.6/gr. 8)***

Die volgende leerboek is hersien:

**5.2.2** ***Leer en Lewe 1 – Leerboek vir standerd 5***

Die volgende verbondsonderrigpublikasies is herdruk:

**5.2.3** ***My eerste Werkboek deel I*** (voorskools – eerste jaar)
**5.2.4** ***My Eerste Werkboek deel I - Hulpmiddels***
**5.2.5** ***Lesgids – Leer en Vertrou 3***
**5.2.6** ***Leer en Lewe 2 (st.6)***
**5.2.7** ***Leer en Lewe 4 (st. 8)***

**5.3 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse) wat na verwagting voor sinode 2001 sal verskyn**

***5.3.1 Handleiding Leer en Glo 1 (st.2/gr. 4)***
***5.3.2 Handleiding Leer en Glo 2 (st.3/gr.5)***
***5.3.3 Handleiding Leer en Glo 3 (st.4/gr.6)***
***5.3.4 Handleiding Leer en Lewe 1 (st.5/gr 7)***
***5.3.5 Handleiding Leer en Lewe 3 (st.7/gr. 9)***
***5.3.6 Handleiding Leer en Lewe 4 (st.8/gr.10)***
***5.3.7 Leer en Vertrou 3*** **(st.1)** - herdruk

Die handleiding vir st. 9 sal eers ná die sinode voltooi word, asook *Die Woord in die Hart.* (Kyk weer die belangrike uiteensetting van ds. AJ van Niekerk oor die rol van die leerboeke en die nuwe handleidings vir Verbondsonderrig in *Die Boodskapper*, September 2000, asook Omsendbrief nr. 20/2000 aan alle leraars en voorsitters van kerkrade.)

**AANBEVELING**

**5.3.8 Die sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die verskyning van die nuwe reeks handleidings vir verbondsonderrig en spreek die bede uit dat dit ryke vrug sal dra. Die sinode vestig die aandag van ouderlingerade, verbondsonderrigvoogde en ouers baie pertinent op hierdie publikasies en versoek dat hulle ná verskyning so gou moontlik bestel en gebruik sal word.**

***5.4*** **Ander publikasies wat sedert sinode 1999 verskyn het**

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:

**5.4.1** ***Die Bybel in blokkies – Handelinge*** **(Jorrie Jordaan)**
**5.4.2** ***Om te praat met 'n berg*** **(dr. EM Viljoen)**
**5.4.3** ***Hou op en weet: EK IS DIE HEER!*** **(dr. EM Viljoen)**
**5.4.4** ***Die tog oor die Kedron*** **(dr. EM Viljoen)**
**5.4.5** ***Nog net... 'n kort tydjie... Hy kom! Hy talm nie!*** **(dr. CI van Heerden)**
**5.4.6** ***Ons trou oor 'n maand*** **(M Bosman)**

Daar het ook verskeie hersiene uitgawes die lig gesien:

**5.4.7** ***Ek, Christenvrou*** **(prof. R Marè)**
**5.4.8** ***Leesgids by Openbaring deel 1*** **(dr. EM Viljoen)**
**5.4.9** ***Na my openbare belydenis van geloof*** **(ds. AP Viljoen)**
**5.4.10** ***So lief het God*** **(C du Preez)**
**5.4.11** ***Die Belhar-belydenis en die toekoms*** **(ds. AE van den Berg)**

'n Klein oplaag is intern gekopieër.

**5.4.12** ***'n Gebedeboekie*** **(ds. AE van den Berg)**
**5.4.13** ***Waarom die AP Kerk gestig moes word*** – ds. A Boshoff

60 kopieë is intern herdruk.

5.4.14 *Programsketse vir Hoërskooljeug*

**5.5 Ander publikasies wat na verwagting voor die sinode 2001 gaan verskyn**

5.5.1 *Getroos in Lewe en in Sterwe deel 2* **(dr. EM Viljoen)**
5.5.2 *Leesgids by Openbaring deel 2* **(dr. EM Viljoen)**
5.5.3 *Goeie Tyding uit 'n ver land* **(vertaalde preke van WH Gispen in Nederland n.a.v. die Tweede Vryheidsoorlog, met bywerking van Abraham Kuyper se standpunte en rol t.o.v. die Oorlog)**
5.5.4 *Maak my u weë bekend* **(ds. WJA van Schalkwyk)**
5.5.5 *Kommentaar op die brief van Filémon* **(drs. S Botes)**
5.5.6 *Ouderling en Diaken in die Here se diens* **(prof. R Marè)** – herdruk

**5.6 Diverse publikasies wat sedert sinode 1999 verskyn het**
5.6.1 **Kerkraadsbevestigingskaarte**
5.6.2 **Briefhoofde met onderskrif (vir amptelike gebruik)** – een herdruk
5.6.3 **Briefhoofde sonder onderskrif** - herdruk
5.6.4 **Briefhoofde *Lig in Duisternis Uitgewers*** – eerste druk
5.6.5 **Kwitansieboeke (vir gebruik deur Afdeling Finansies)** - herdruk.
5.6.6 **Huisbesoekkaarte**
5.6.7 **Verjaarsdagkaarte (dogtertjie)**
5.6.8 **Verjaardagkaarte (hond)**
5.6.9 **Verjaarsdagkaarte – dames (Bybel)**
5.6.10 **Verjaarsdagkaarte – mans (motors)**
5.6.11 **Aandenkingskaart by die doop** – herdruk

**5.7 Diverse verbondsonderrigpublikasies wat sedert sinode 1999 verskyn het**

5.7.1 **Aandenkingskaart by belydenisaflegging (blommotief)** – hersiene druk
5.7.2 **Aandenkingskaart by belydenisaflegging (kerkmotief)**
5.7.3 **Diplomas vir Junior Verbondsjeug**
5.7.4 **Sertifikate vir voorskoolse verbondsonderrig**
5.7.5 **Senior registerkaarte**
5.7.6 **Aanmoedigingseëls** (drie formate)
5.7.7 **Seëls vir getrouheid** (gr. 1 – gr. 9) – herdruk

**5.8 Diverse verbondsonderrigpublikasies wat na verwagting voor die sinode 2001 beskikbaar sal wees**
5.8.1 **Diploma vir getrouheid** – herdruk

**5.9 Publikasies van buite (ander uitgewers) wat in die verslagtydperk gekeur is en bemark word**
5.9.1 *Boekmerke, tekskaarte* **(Intercontinental Publishers)**
5.9.2 *Geseënd sal jy wees* **(MC Du Rand)**
5.9.3 *Afrikanerbakens* **(FAK)**
5.9.4 *Kommandeer, kommandeer: Volksang* **(PW Grobbelaar)**
5.9.5 *Die Heidelbergse Kategismus – grafiese uiteensetting* **(dr. J le Roux**
5.9.6 *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – grafiese uiteensetting* **(dr. J le Roux)**
5.9.7 *Die vrou in die Anglo-Boere-oorlog 1899 – 1902* **(P Marais)**
5.9.8 *Penkoppe van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 – 1902* **(P Marais)**
5.9.9 *Oorwinning sonder roem* **(A Malan)**
5.9.10 *Vryheidstryd van die Afrikaner* **(dr. P Möller)**
5.9.11 *Skrifgesag teenoor Skrifkritiek* **(Simposium)**
5.9.12 *Geloftesterk jou stand* **(M van den Berg)**
5.9.13 *Die Kerkhervorming* **(prof. A Pont)**
5.9.14 *Afrikaners in die vreemde* **(SJF Scheepers)** – nie meer in druk

Hiernaas koop die Boekwinkel deurlopend Bybels en Gesangeboeke aan om dit aan ons lidmate beskikbaar te stel. Ons vestig die aandag veral op die "Millenniumbybel" met die gekleurde buiteblad en spasie vir die invul van geslagsregisters aan die binnekant, en op die grootdruk slapband (PVC) Bybel wat teen 'n baie bekostigbare prys aangebied word.

**5.10 Pamflette**

Die volgende pamflette is tydens die verslagtydperk intern afgerol en versprei (getal in hakies dui aantal verkoop tot 31 Maart 2001 aan):
*Die Belydenis van Belhar (373)*
*Kan elke gemeente maak soos hy wil?* (320)
*Humanisme – die gees van ons tyd* (420)
*Demokrasie* (267)
*Hoekom sal die Here my (ook) red?* (300)
*Die Evangelies Gereformeerde Kerk en die Belydenisskrifte* (331)
*Ubuntu en die Christelike alternatief* (264)
*Kinders by die Nagmaal?* (288)
*Die Heilige Gees in my ('n vraag of 'n uitroep?)* (103)
*Apartheid: begripsverduistering* (154)
*Almal doen dit (groepsdruk)* (150)
*Die Heilige Gees in jou huwelik* (170)
*Jou roeping* (153)
*Sal daar iets soos 'n "wegraping" plaasvind?* (193)
*Wat doen ek as ek nie saamstem nie?* (54)
Die pamflette is uiters geskik om deur kerkrade in 'n groot maat aangekoop te word met die oog op verspreiding binne en buite ons kerkverband. Die Kommissie wil graag die benutting van die pamflette ook as evangelisasiemateriaal beklemtoon.

**AANBEVELING**

**5.10.1 Die sinode vestig die aandag van kerkrade op die pamflette wat by die Boekwinkel beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.**

**5.11 Preke met die oog op die vestiging van 'n "prekoteek"**

'n Hele aantal preke is ingehandig, geredigeer en beskikbaar gestel vir bestelling:

**Ds. AS van Staden**
Die liefde waarmee ons God moet dien
Loutering as beproewing van geloof
Die genade van redding: Hervorming
God troos sy volk met beloftes van redding

**Dr. JH Ellis**
Is die lewe die moeite werd?
Die lied van die liefde

**Dr. HJ Smith**
Juis teen die end – sorg vir die waarheid!
Die heel beste in die lewe!
Die geloof (reeks)
In alles vir God

**Ds. AS van Jaarsveld**
Opstanding: Die lewe is weer oopgebreek!

**Ds. JH Theron**
Om nuut te begin – God se weg

**5.12 Die afkortings vir Bybelboekname**

Navrae i.v.m. die afkortingsmetode vir Bybelboekname wat ons tot dusver gebruik het, is kort-kort aan die adres van die Pk gerig. Die argumente is hoofsaaklik dat die afkortings in sommige gevalle tot verwarring lei en dat ons die enigste kerkverband is wat die metode gebruik. Die ander Afrikaanse kerke en die Bybelgenootskap gebruik nie die metode nie en die metode stem ook nie ooreen met die afkortings in die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls nie. Na deeglike oorweging het die Pk op 19 April 2001 besluit om terug te keer na die afkortingsmetode soos dit in die verwysingskolom van die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel voorkom soos hieronder weergegee:

**AFKORTINGS BYBELBOEKE**

| **Ou Testament** | | **Nuwe Testament** | |
|---|---|---|---|
| Gén. | Génesis | Mt. | Matthéüs |
| Ex. | Exodus | Mk. | Markus |
| Lev. | Levitikus | Lk. | Lukas |
| Núm. | Númeri | Joh. | Johannes |
| Deut. | Deuteronómium | Hand. | Handelinge |
| Jos. | Josua | Rom. | Romeine |
| Rigt. | Rigters | 1 Kor. | I Korinthiërs |
| Rut | Rut | 2 Kor. | II Korinthiërs |
| 1 Sam. | I Samuel | Gal. | Galásiërs |
| 2 Sam. | II Samuel | Efés . | Efésiërs |
| 1 Kon. | I Konings | Filip. | Filippense |
| 2 Kon. | II Konings | Kol. | Kolossense |
| 1 Kron. | I Kronieke | 1 Thes. | I Thessalonicense |
| 2 Kron. | II Kronieke | 2 Thes. | II Thessalonicense |
| Esra | Esra | 1 Tim. | I Timótheüs |
| Neh. | Nehemia | 2 Tim. | II Timótheüs |
| Est. | Ester | Tit. | Titus |
| Job | Job | Filém. | Filémon |
| Ps. | Psalms | Hebr. | Hebreërs |
| Spr. | Spreuke | Jak. | Jakobus |
| Pred. | Prediker | 1 Petr. | I Petrus |
| Hoogl. | Hooglied | 2 Petr. | II Petrus |
| Jes. | Jesaja | 1 Joh. | I Johannes |
| Jer. | Jeremia | 2 Joh. | II Johannes |
| Klaagl. | Klaagliedere | 3 Joh. | III Johannes |
| Eség. | Ségiël | Jud. | Judas |
| Dan. | Daniël | Openb. | Openbaring |
| Hos. | Hoséa | Joël | Joël |
| Amos | Amos | Obad. | Obadja |
| Jona | Jona | Mig. | Miga |
| Nah. | Nahum | Hab. | Hábakuk |
| Sef. | Sefánja | Hag. | Haggai |
| Sag. | Sagaria | Mal. | Maleági |

**AANBEVELING**

**5.12.1 Die sinode neem kennis van die veranderde afkortingsmetode vir Bybelboekname wat in die toekoms gebruik gaan word.**

**5.13 Dankbetuiging**

**AANBEVELING**

**5.13.1 Die sinode betuig sy dank teenoor**

**5.13.1.1 die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies, en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word.**

**5.13.1.2 Die publikasiebeampte in die Sentrale Kerkkantoor vir haar noukeurige versorging van die publikasies.**
**5.13.1.3 Die Boekwinkelpersoneel wat met ywer ons publikasies hanteer van aflewering tot by verkoping.**
**5.13.1.4 Alle voorlopige beoordelaars en keurders.**
**5.13.1.5 Alle skrywers.**

## 6. BEMARKING

### 6.1 Die Kolporteurstelsel

Die nuwe hersiene kolporteurstelsel is nou goed op dreef en blyk 'n groot sukses te wees. Meer as 200 kolporteurs is reeds geregistreer. Die stelsel het 'n besliste verbetering in die verkoopsyfer van ons publikasies meegebring. Hoewel die kolporteurstelsel goed op dreef is, is al die groeipyne weliswaar nog nie uitgeskakel nie. Die meelewing en geduld van al die partye hierby betrokke, is egter verblydend. Daar is steeds nog inisiatiewe wat vir toekomstige implementering wag. Leeskringe word in die vooruitsig gestel met die oog op die aankweek van 'n leeskultuur onder ons lidmate. Hierdie vooruitsigte vorm deel van 'n omvattende bemarkingstrategie wat opgestel is en in die toekoms in werking gestel sal word.

**AANBEVELINGS**
**6.1.1 Die sinode doen op die hele kerkverband 'n beroep om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons Kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.**
**6.1.2 Die sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.**
**6.1.3 Die sinode spreek sy hartlike dank teenoor al die kolporteurs uit vir die besondere wyse waarop hulle die Kerk en Koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Sentrale Kerkkantoor en Boekwinkel wat hulle aan die dag lê.**

### 6.2 Boekuitstallings

Boekuitstallings is weereens telkens waar die geleentheid hom voorgedoen het, gehou. Al die sentrale susterskonferensies is op dié wyse deur mnr. JEA Bester besoek en boekstalletjies word by saamtrekke van ons mense gehou – soos onder andere tydens die Pretoriase Skou. Die Pk. hoop om weer tydens die sinode 'n boekuitstalling te kan hou.

**AANBEVELING**
**6.2.1 Die sinode betuig sy opregte dank teenoor mnr. JEA Bester, die Hoofklerk: Boekwinkel wat die kolporteurstelsel asook die reëlings vir die bemarking van ons publikasies behartig, en al die personeellede wat hom hierin getrou bystaan.**

## 7 *LIG IN DUISTERNIS-PRYS*

Die Kommissie gaan voort om gereeld werke met die oog op die prys vir die beste publikasie te oorweeg. Die prys vir 1998 is tydens die sinode van 1999 aan prof. JJ Pienaar toegeken vir sy reeks artikels oor uitkomsgebaseerde onderwys in *Die Boodskapper* en die prys vir 1999 is aan mev. Tissa van Lille toegeken vir die *Kerkjaarboek 2000*. Die Kommissie het egter besluit om *nie* vir die jaar 1999/2000 in die kategorie "bydraes in *Die Boodskapper* en afsonderlike dagstukkies in die *Kerkjaarboek*" 'n prystoekenning te maak nie omdat die *aard* van bydraes in *Die Boodskapper* en dagstukkies in die *Kerkjaarboek* uiters moeilik vergelykbaar is met boeke - die ander kategorie waarvoor dieselfde prys toegeken word. Daar is wel besluit om ds. AS van Staden se pinksterreeks in *Die Boodskapper* van Mei 2000, ds. JH Theron se dagstukkies vir Februarie 2000, ds. AL van Heerden se dagstukkies vir Oktober 2000 en dr. HJ Smith se dagstukkies vir Januarie 2000 te vermeld, met besondere vermelding van laasgenoemde dagstukkies.

**AANBEVELING**
**7.1 Die sinode gee aan die Publikasiekommissie opdrag om die bestaande kategorieë vir die toekenning van die *Lig in duisternis-prys* weer te ondersoek en, indien nodig, 'n nuwe stelsel van kategorieë te implementeer.**

## 8 BEGROTING

Die Pk. se begroting is teen die begin van Junie 2001 aan die FK voorgelê.

## 9 BESKRYWINGSPUNTE

### 9.1 Ring van Brandfort: Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

Die sinode besluit dat enige verwysing hoegenaamd na die 1983-vertaling oftewel die Nuwe Afrikaanse Vertaling, hetsy t.o.v. die gebruik daarvan of ter toeligting, uit die besluit van die sinode soos in die Kerkorde vervat geskrap word.

**Motivering:**
Die Nuwe Vertaling mag nie in ons Kerk gebruik word nie omdat hy vol leerdwalinge is. Hier volg nou 'n aantal verskille en dwalinge:
**Die Verbondsnaam van die Drie-enige God**
Die Naam van God is JHWH. Omdat ons nie seker is hoe die uitspraak moet wees nie, het die Kerkvaders op voetspoor van die sinode van Dordrecht van 1618/1619 besluit om die Heilige Naam van God aan te dui met HERE, alles in hoofletters in onderskeiding van die ander benaming Adonai (die aanbiddelike) wat met Here aangedui word. Lees bv. Gén. 15:2; Ex. 6:2. JHWH (HERE) is die Verbondsnaam van die Drieënige God. Die Naam JHWH kom 6823 keer in die Ou Testament voor. Die Verbondsnaam (JHWH) van God word in die Nuwe Vertaling in kleinletters geskryf. Dus word die Verbondsnaam van God 6823 keer weggelaat in die Nuwe Vertaling.

As dit dan so is, dan kom die vraag onwillekeurig by 'n mens op: mag ons verander aan die Bybel deur weg te laat en by te voeg? Die antwoord is 'n duidelike NEE. Daar is 'n waarskuwing aan die begin van die Bybel (Deut. 4:2); in die middel van die Bybel (Spr. 30: 5 & 6) en aan die einde van die Bybel (Openb. 22:19).

Van die 31175 teksverse in die Bybel stem nie 2 daarvan heeltemal ooreen nie, want daar is ook van 'n ander vertaalmetode gebruik gemaak. Dit bring ons dan ook by die grondteks wat gebruik is in die Nuwe Vertaling, nl. die Textus Vatikanus. Dit is 'n grondteks wat direk uit die Roomse Kerk kom. Die 33/53 vertaling is gebaseer op die Textus Receptus Grondteks wat waarheidsgetrou is aan die Woord van God. Want al die woorde in die Bybel is deur die Drie-enige God gegee (Ps 12:7) (? – kopie onduidelik.)

'n Vergelyking tussen die 1933/53 en die Nuwe Vertaling sal toon dat die profesie wat in die Ou Testament na Jesus Christus verwys of weggelaat of vervang is met 'n aardse verlosser of vervang is met die volke van Israel of oneer aangedoen is. Vergelyk die volgende: Gén. 49:10, Ps. 45:2-3; Ps. 110, Sag 9:9; Sag 12:10; Jes 53:9.

In die Nuwe Testament is die terugverwysing na bogenoemde profesieë in die Ou Testament ook verander. Kyk Mt. 22:41-45; Joh. 19:33-37; Mt. 21:4 & 5, Mk. 27:35, Mt. 27:35. Dus kan gesien word dat die band tussen die Ou en Nuwe Testament gebreek is, want die Ou en Nuwe Testament staan in verband met mekaar. Daar is 'n eenheid in die Woord van God.

Lk. 24:27 leer drie dinge: Dat die Wet van Moses, die profete en die Psalms van Jesus Christus getuig. Daar moet dus in die Skrifgedeeltes duidelik na Hom verwys word. Dit is die leer van Christus (2 Joh. 1:9 en 10).

In Deut. 18:18 & 19 verwys die woorde van Deuteronómium na Jesus. Daarom is die "Hy" en die "Hom" in die 33/53 Bybel in hoofletters. Die kerkvaders het dit ook so verstaan; daarom kan hulle in die Heidelbergse Kategismus Sondag 12 hierdie teks gebruik om die geloofsleer uit te druk. Die Nuwe Vertaling gebruik kleinletters. Ps. 22:17 leer dat Jesus vasgespyker is aan die kruis. So leer Joh. 20: 17. Sy hande en voete is deurgrawe. Die NAV sê: hulle bind my hande en voete vas.

Die Nuwe Testament leer dat die Ou Testament van Jesus Christus getuig (lees Hand. 8:26-40 en Jes. 53; ook Sag. 12:10. Die 33/53 Bybel leer dat Jesus deurboor is aan die kruis, so ook in Joh.

19:32-37. Jesus was reeds dood toe die spies in sy sy gesteek is. Hy is nie doodgesteek nie. Die Nuwe Vertaling sê in Sag. 12:10 "doodgesteek."

Die laaste gedeelte van die gebed van Jesus Christus is weggelaat. (Mt. 6:13). Hierdie teks is tog immers die fondament van die Heidelbergse Kategismus Sondag 52, vraag 128. Die belydenis is in ooreenstemming met die Ware Woord.

Die Woord leer ook verder dat ons uit ons geloof in Jesus Christus gered word. Die NAV sê ons sal deur ons werke gered word. Kyk Gal. 2:16, Hab. 2:4, Hand. 16:30 en Rom. 1:17. Die N.A.V. weerspreek homself op talle plekke, want in die een teks leër hy dat jy moet reg doen, maar in 'n ander sê hy jy moet glo - jou geloof sal jou red. Wat is dan nou eintlik reg?

Die woord "vrees" is ook wegvertaal. Die 33/53 Bybel leer ons moet die Here vrees, terwyl die NAV leer: eerbied vir die Here.
Die maagdelike geboorte van Jesus word ook deur die NAV misken. Kyk Jes. 7:14. Die NAV sê dat 'n jong vrou sal swanger word. In ons hedendaagse lewe is dit nie te sê dat alle jong vroue maagde is nie.
In 2 Pet. 1:7 kom dit duidelik na vore dat die NAV niks anders is as 'n politieke boek nie. Die NAV is geskryf om die kerk van die 80's te swaai in 'n rigting wat die destydse regering wou inslaan, want daar is 'n baie groot verskil tussen naasteliefde en liefde vir alle mense.

Die woord tug kom ook nie meer voor in die NAV nie, dit is vervang met betekenislose woorde. Kyk Spr. 5:13, Spr. 5:12 & 23, Spr. 6:23; Spr. 15:32 & 33, Spr. 19:20 & 27, Spr. 23:12 &13; Spr. 23:23, Ps. 50: 17. Hoe kan ons ons kinders opvoed as die Woord van God, wat ons riglyn is, nie meer praat van tug nie? Ons kinders sal vir die verderf grootgemaak word as ons hulle nie meer tug nie.

Nog 'n dwaling is: in die Psalm- en Gesangboeke wat ons gebruik, verwys alle skrifberyminge na die Bybel, die Woord van God. In die NAV by Ef. 5:14 staan: "Daarom sê die lied", m.a.w. die Bybel moet nou ondergeskik wees aan die Psalm- en Gesangboeke.

Die Drie-enigheid van God word aangetas in die NAV. 1 Joh. 5:7 leer dat daar drie is wat getuig in die hemel nl. die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een. Die NAV sê daar is drie wat getuig, die Gees en die water en die bloed.
Hier is nog talle veranderinge: Mt. 17:21, Mt. 18:11, Mt. 23:14, Mt. 7:16, Mk. 9:44 & 46, Mk. 11:26, Mk. 15:28, Lk. 17:36, Lk. 23:17, Joh. 5:4, Hand. 8:37, Hand. 15:34, Hand. 24:7, Hand. 28:29, Rom. 16:24, Mk. 16:9-20, Joh. 7:53, Joh. 8:1-11, Mk. 1:14, Mk. 5:7, Mk. 6:11, Mk. 7:8, Mk. 10:21, Mk. 13:8, Mk. 13:14, Mk. 16:6, Joh. 3:13, Rom. 1:17, Hab. 2:4, Rom. 8:1, Rom. 11:6, Rom.13:9, Rom. 16:16, 1 Kor. 6:20, 1 Kor. 10:28, Gal. 3:1, Ef. 3:9-11, Ef. 5:30, Kol. 3:9-11, 1 Thes. 3:26, 2 Petr. 4:14, Openb. 1:8 & 11, Openb. 2:13, Openb. 5:14, Openb. 13:10, Openb. 20:9, Openb. 21:24.

Dit is maar enkele verskille, daar is meer as 5000 verskille net in die Nuwe Testament.

Die AP Kerk moet ernstig besin oor die gebruik van die NAV. Die verdeeldheid wat onder ons volk is, is nie politieke verdeeldheid nie, maar dit is die twee Bybels wat ons gebruik. Die Afrikanervolk se probleme het in 1983 begin toe die NAV in gebruik geneem is. Die NAV verkondig 'n ander Jesus en 'n ander evangelie. 2 Kor 11:4 leer: "Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."

2 Tim. 4:3 & 4 leer ook verder: "dat daar 'n tyd sal wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."

Die AP Kerk moet die NAV verwerp en uitban uit ons gemeentes, want die NAV het gekom soos 'n kanker onder ons volk en is besig om ons volk te verteer.

Kom ons tree op. Ons kan soos 'n Paulus van ouds sê in 2 Kor 13:8: Ons kan niks doen teen die waarheid nie, maar wel vir die waarheid.

Mag God gee dat die sinode ernstig sal besin oor die belangrike saak en so die regte besluit sal neem, sodat alle verwarring uit die weg geruim sal word.

**AANBEVELING VAN DIE Pk.**
**9.1.1 Die sinode volstaan met sy huidige besluit oor die NAV.**

### 9.2 Kerkraad van Tygerberg: Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

Die sinode beveel soos volg by kerkrade aan:
(a) die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983 (N.A.V.) nie verder binne AP kerkverband, by Woordverkondiging, selfs nie eers as toeligting, behalwe as om die misleidings daarvan uit te wys, gebruik mag word nie.
(b) gemeentelede aangeraai word om nie die N.A.V. te gebruik nie.
(c) Dat vorige besluite, wat wel die gebruik van die N.A.V. goedgekeur het, herroep word.
(d) Dat die Kerkorde, waar nodig, dienooreenkomstig gewysig word.
(e) Dat die N.A.V. geen status binne AP kerkverband sal geniet nie.

**Motivering:**
Die NAV kan nie vir die kinders van God aanvaarbaar wees nie en wel om die volgende redes:

1. Dit mag so wees dat sekere gedeeltes in die NAV, deur die eenvoudige taalgebruik, makliker leesbaar en moontlik beter verstaanbaar mag wees, maar dit vergoed nie vir die wysigings, verdraaiings, weglatings en misleidings, wat reg deur die NAV voorkom nie. God se Woord is nie slegs gedeeltelik goed nie.

2. Sekere wysigings, weglatings, verdraaiings, en misleidings in die NAV is kommerwekkend, want dit dui op die verwesentliking van die doelstellings van die "Illuminati" met betrekking tot die "Wêreld Godsdiens" van die "Nuwe Wêreld Orde."

3. Daar is geen beswaar teen 'n "Bybelvertaling" indien dit grammatikale tekortkominge wil regstel nie, maar waar dit die Evangelieboodskap wil verander óf 'n wanvoorstelling daarvan wil oordra, óf belangrike kerngedagtes verswyg (weglaat), óf dit so verdraai dat dit die leser kan mislei, moet dit verwerp word. 'n Lys van slegs enkele van dié veranderinge, wanvoorstellings en verdraaiings is beskikbaar.

4. Die feit dat so baie teoloë ons as gelowiges teen die "Nuwe Wêreld Orde" (Antichristelike orde) waarsku en die feite waarmee hulle te voorskyn kom, is vir ons bewys genoeg dat ons ons nie langer durf doof hou daarvoor nie. In hierdie geval word u soos volg na slegs een van hierdie waarskuwings verwys:

   Dr. Willie McCloud – **"Alles omtrent die opkomende Antichristelike orde."** Dié gedeelte op bladsye 10 tot 12, wat handel oor "Een godsdienstige bestel" is veral tersaaklik.

5. Om die ware Woord van God (1933/53-vertaling) met die NAV te vermeng, kan slegs groot verwarring, veral onder die kinders en jongmense, wat baie vatbaar is, veroorsaak. Deur te argumenteer "dat daar ook baie goeie gedeeltes in die NAV is en dat dit daarom verbruikersvriendelik is en daarom gebruik mag word, kan rampspoedige gevolge vir gelowiges inhou, want die afwykings ten opsigte van die Drie-enige God in die NAV kan nadelige geestelike nagevolge hê.

6. Sekere wysigings in die NAV kan selfs as godslasterlik beskou word en hier word onmiddellik gedink aan die verwêreldliking van die **"Wonderwerk"** van **Christus** se **"Maagdelike geboorte"**, terwyl die NAV van Maria as 'n Jongvrou praat en **Jeremia 20:7 (a)**, wat ook in bogenoemde lys vervat is. Daar is van ons teoloë wat beweer dat as daar stellings in die 1933/53-vertaling is, wat as Godslasterlik beskou kan word, dan moet ons aanvaar dat dit menslike swakhede was wat aan ons oorgedra word en dat God self daaroor sal beslis, maar

waar soewereine Evangelieboodskappe verander word om Godslasterlike stellings of uitlatings te maak, is dit ongetwyfeld sonde. Die Woord van God moet uit 'n geestelike oog en nie 'n wetenskaplike oog beskou word nie.

7. Fundamentele Christene kan nie die nuwe vertaling ongekwalifiseerd as die Woord van God aanvaar nie, want daar is hopeloos té veel blatante foute, menslike vertolkings en weglatings wat blykbaar met voorbedagte rade deel van die vertalingstrategie gevorm het.

8. Ons glo dat ons Bybel deur Goddelike inspirasie, onfeilbaarheid en onveranderlikheid die Woord van God is.

9. Die Bybel is nie 'n speelbal vir teoloë wat allerlei nuwe idees het nie.

10. Die Bybel is nie menslik van oorsprong nie, maar is die Woord van God, want 2 Petrus 1:19-21 verklaar soos volg:

"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." Verdere Skrifgedeeltes, in verband met die Woord van God, is onder andere Joh. 1:1-14; Joh. 6:63; 2 Tim. 3:16; Openb. 22:18 & 19; Deut. 4:2.
Alhoewel ons volle vertroue in die Skrifgeleerdes van ons Kerk het, wil ons tog vra dat, voordat daar oor hierdie aangeleentheid besluit word, die ring en sinode deeglik oor die gevolge van 'n besluit sal besin, want ons almal moet daarna met ons gewete saamleef.

**AANBEVELING VAN DIE Pk.**
**9.2.1 Die sinode volstaan met sy huidige besluit oor die NAV.**

### 9.3 Kerkraad van Worcester: Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

Die Kerkraad beveel aan dat die sinode slegs die 33/53-vertaling van die Bybel as amptelike Bybel van die AP Kerk aanvaar.

**Motivering:**
Die inhoud van die Bybel word in die 1983-vertaling verdraai, vervals en weggelaat. Ter stawing van bogenoemde motivering is 'n skrywe op 1 November 1999 aan die SKK gerig.

**AANBEVELING VAN DIE PK**
**9.3.1 Die sinode volstaan met sy huidige besluit oor die NAV.**

### 9.4 Ring van Riversdal: *Die Boodskapper*

1. Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Publikasiekomitee vir die uitstekende gehalte van *Die Boodskapper* en die hoë standaard van die blad wat elke maand gehandhaaf word.
2. Die sinode versoek die Publikasiekomitee om meer aandag te gee aan die uiteensetting van *Die Boodskapper* se voorblad sodat dit meer woord en taalvriendelik vir alle lesers kan wees, en aktuele sake nie vermeng word nie.
3. Die sinode versoek die redaksie van *Die Boodskapper* om geen briewe met neerhalende en afbrekende kommentaar en opmerkings te publiseer nie.

**Motivering:**
(a) Talle lesers uit ander kerkverbande lees die maandblad van die AP Kerk en daar is baie positiewe terugvoering oor die gehalte en die inhoud van *Die Boodskapper.*
(b) Daar is 'n gevoel by lidmate dat die hoofberig op die voorblad soms te "ingewikkeld" is om te verstaan. Lidmate voel dat die hoofartikel smaakvol binne die tydskrif gepubliseer word en die voorblad gebruik word vir prikkelende nuusdekking vanuit die AP Kerk.

(c) Lidmate gebruik soms *Die Boodskapper* as medium om geskille te besleg en dit dra 'n negatiewe beeld na buite uit.

**AANBEVELING VAN DIE Pk.**
**9.4.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Riversdal oor *Die Boodskapper*.**

**Motivering:**
Die redaksie gee voortdurend aandag aan die inhoud en uitleg van *Die Boodskapper*.

## 10 DANKBETUIGING

Die Kommissie is dankbaar teenoor die Here dat Hy die krag gegee het sodat hierdie werk na die beste van ons vermoë gedoen kon word.

w.g. AS van Staden (voorsitter) IP du Preez (ondervoorsitter) HJ Smith (skriba)

**BYLAE PK1**

## VERSLAG: *DIE BOODSKAPPER* EN *DIE JEUGBOODSKAPPER*
## Tydperk 12 September 1999 - 2 Mei 2001

### 1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)*

Die Pk. het die redaksie van *DB*, wat dr. HJ Smith as eindredakteur moes bystaan, soos volg aangewys: di. AS van Staden, IP du Preez, RMJ Britz, CA Swanepoel, prof. JJ Pienaar, mevv. MAE Bosman en PJ Cloete. Mev. Rona Cloete het ons op 26 Maart 2001 deur die dood ontval. Op haar kenmerkende, aansteeklike manier van optree, het sy 'n besondere bydrae gelewer tot die funksionering van die redaksie.

Die kernredaksie was die Voorsitter (dr. Smith), ds. MC Adendorff en ds. AS van Staden.

Mev. JP van Lille dien as redaksiesekretaresse en lewer 'n buitengewone bydrae tot die versorging van *Die Boodskapper*.

Die Pk het bepaalde portefeuljes aan die Redaksielede toegewys soos in *Die Boodskapper* gepubliseer.

**AANBEVELING**
**1.1 Die sinode dink met groot waardering aan die besondere bydrae wat mev. Rona Cloete deur haar besondere persoonlikheid en talente tot die redaksie van *Die Boodskapper* gelewer het en bid haar naasbestaandes die vertroosting van die Here toe.**

### 2. *DIE JEUGBOODSKAPPER (DJB)*

Ds. CA Swanepoel het opgetree as mederedakteur van *Die Jeugboodskapper* en is bygestaan deur 'n redelike vasgestelde span medewerkers. Mev. JP van Lille lewer ook hier 'n groot bydrae.

### 3. PERSONEEL

Afgesien van die bekwame bystand van mev. Van Lille, is die Redakteur ook ondersteun deur die boekwinkelpersoneel wat, meesal te midde van groot werkdruk, die verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* getrou behartig.

### 4. VERGADERINGS

Die Redaksie vergader elke drie maande. Gedurende die verslagtydperk is 8 vergaderings gehou. Waar redaksievergaderings op 'n gereelde grondslag plaasvind, word die Kernredaksie op 'n *ad hoc* basis geraadpleeg.

## 5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met vorige sinodebesluite verskyn *DB* en *DJB* tien keer per jaar. Altesaam 17 uitgawes van *DB* en *DJB* het in die verslagtydperk verskyn.

**AANBEVELING**

**5.1 Die sinode besluit dat die bestaande getal uitgawes van *DB* en *DJB* gehandhaaf word, naamlik tien per jaar.**

**6. OPLAAG *DB* en *DJB*: Nov. 1999 – 2 Mei 2001 {getalle van ooreenstemmende maande in vorige verslagjaar (1997-1999) tussen hakies}**

| | Nov. 1999 | Mei 2000 | Nov. 2000 | Mei 2001 |
|---|---|---|---|---|
| *DB* | 15 700 (15 500) | 15 100 (16 000) | 15 000 (16 000) | 15 000 (16 000) |
| *DJB* | 9 500 (10 000) | 9 000 (9 700) | 8 500 (9 700) | 8 700 (9 100) |

Die getal eksemplare per uitgawe van *DB* en *DJB* wat by die drukker bestel is, toon veral vanaf die begin van 2000 'n daling - soos uit bostaande tabel blyk. Gemeentes skryf kleiner bestellings aan verminderde lidmaatgetalle toe, asook aan die feit dat hulle finansieel swaarder kry.

## 7. AANTAL BLADSYE

**7.1 *Die Boodskapper***

Ten spyte van die sinodebesluit van 1999 (Handelinge p. 437 - 7.1) is getrag om die omvang van *Die Boodskapper* op 'n gemiddeld van 20 bladsye per uitgawe te handhaaf omdat ons nie verdere druk op die begroting wou plaas nie. In die verslagtydperk het *DB* gemiddeld dan ook 20 bladsye beslaan. Dit gebeur egter dat ons materiaal vir publikasie ontvang wat soms vanweë 'n gebrek aan ruimte vir 'n lang tyd teruggehou moet word of selfs nie eens gepubliseer kan word nie. Ons doen 'n beroep op begrip indien alles wat ons ontvang nie geplaas kan word nie. Ons het deurlopend 'n gebrek aan ruimte in *Die Boodskapper*.

**7.2 *Die Jeugboodskapper***

*Die Jeugboodskapper* beslaan steeds vier bladsye per uitgawe. Gedurende die verslagtyd is, op inisiatief van ds. CA Swanepoel, oorgegaan tot 'n kleurryker aanbieding met meer visuele materiaal – wat goed ontvang is.

## 8. VERSPREIDING EN INTEKENING

**8.1 Verspreidingsyfers**

**Verspreiding van *DB* en *DJB* : Okt. 1999 - Mei 2001 {getalle van ooreenstemmende maande in vorige verslagjaar (1997-1999) tussen hakies}**

| | Okt. 1999 | Mei 2000 | Nov. 2000 | Mei 2001 |
|---|---|---|---|---|
| ***DB*:** Gemeentes | 15 200 (14 956) | 14 856 (15 398) | 14 702 (15 201) | 14233 (14 960) |
| Individue | 166 (271) | 185 (251) | 187 (251) | 171 (173) |
| Komplimentêr | 38 (38) | 38 (38) | 38 (38) | 38 (38) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Pliglewering | 351 (235) | 351 (285) | 346 (351) | 346 (351) |
| **Totaal:** | 15 755 (15 500) | 15 430 (15 972) | 15 273(15 841) | 14786 (15 522) |
| ***DJB*:** | 8 606 (9 664) | 8 602 (9 632) | 8552 (9 559) | 8657 (8 693) |

Die syfers toon weereens 'n geringe daling in die verspreiding van *Die Boodskapper*. Kyk die opmerking by die tabel onder punt 6 hierbo. Die intekening van individue het redelik drasties gedaal. Ook die verspreiding van *Die Jeugboodskapper* het redelik drasties gedaal. Komplimentêre eksemplare is steeds gelewer aan gemeentes wat daarom vra; CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; personeel (Sentrale Kerkkantoor en Teologiese Skool); argief; boekwinkel; portaal (Sentrale Kerkkantoor); Eindredakteur; Subredakteur (*DJB*); adverteerders (by eerste verskyning van advertensie); Aksie Morele Standaarde; Bybelgenootskap, Redakteurs van ander Afrikaanse gereformeerde kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos die Pk. van tyd tot tyd besluit. Pligleweringseksemplare is aan pligleweringsbiblioteke gelewer.

Kerkrade word weer eens daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Daar is gemeentes wat hierdie metode uiters vrugbaar aanwend om die AP Kerk effektief bekend te stel. Vorige sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat *DB* elke besoekpunt in elke gemeente bereik en een eksemplaar van *DJB* binne die bereik van elke verbondskind te bring. Namate die geestelike ontwrigting van ons tyd vorder, raak hierdie versoek net al noodsaakliker.

**AANBEVELINGS**

**8.1.1 Die sinode bevestig opnuut dat hy *DB* en *DJB* as uiters belangrike kommunikasiemiddele sien waardeur kerknuus, maar ook inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd.**

**8.1.2 Die sinode herhaal sy versoek aan kerkrade om noulettend toe te sien dat *DB* by elke besoekpunt tuiskom - verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat 'n eksemplaar van *DJB* gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.**

**8.1.3 Die sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van *DB* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.**

**8.2 Vestiging van leeskultuur: lidmate**

Die Kommissie vestig die sinode se aandag weereens op die gevaar dat verknogtheid aan die televisie, waar die ontvanger inligting grootliks op 'n passiewe wyse inneem (en daar boonop nie veel ruimte bestaan vir die verwerking daarvan nie), daartoe kan lei dat mense "lui" raak om te lees. Hierdie gevaar geld waarskynlik veral vir die opgroeiende geslag wat op dié wyse gemaklik slawe van heersende ideologieë en opvattings, soos deur die openbare media uitgedra, gemaak kan word. Die leeservaring, wat 'n aktiewe inset en verwerkingsproses van die ontvanger veronderstel, is 'n noodsaaklike element in die opbou van 'n goed-ingeligte en kritiese lewensingesteldheid. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat 'n leeskultuur reeds in die kinderstadium by ons verbondsjeug gevestig raak. Ouers baat nie alleen self by 'n gesonde leesgewoonte nie, maar stel daardeur ook 'n onuitwisbare voorbeeld vir hulle kinders.

**AANBEVELINGS**

**8.2.1 Die sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en -kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook opgewek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit *Die Jeugboodskapper* aan hulle kleuters voor te lees.**

**8.2.2 Die sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem om op 'n gereelde grondslag spesifieke artikels, berigte, ens. in**

***Die Boodskapper*** **deur middel van kernagtige inligting daaroor pertinent onder die gemeente se aandag te bring, aangesien dié inligting die leeslus prikkel.**

## 9. KOSTE

**Staat van Inkomste en Uitgawe t.o.v. *DB* en *DJB* : Nov. 1999 – begin Mei 2001**

| **Inkomste** | | | **Uitgawes** | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DB + DJB** | 1. **Intekengeld** | | **DB** | 1. **Drukkoste** | R399 819.64 |
| | 1.1 Gemeentes | R441 908.53 | | 2. **Posgeld** | R62 658.45 |
| | 1.2 Individue | R 9 626.51 | | 3. **Medewerkers** | R10 306.00 |
| | 2. **Advertensies** | R 32 472.26 | | 4. **Verpakkers** | R10 357.27 |
| | | | **DJB** | 1. **Drukkoste** | R72 468.09 |
| | | | | 2. **Medewerkers** | R 3 226 |
| **Totaal** | | R484 007.30 | | | R558 835.45 |

Hierdie syfers gee natuurlik nie *alle* uitgawes aan *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* (soos salarisse en kantooruitgawes) weer nie, maar weerspieël weereens 'n veel gunstiger verhouding tussen inkomste en uitgawes as tydens die verslag aan die vorige sinode. Daar was die totale inkomste op R362 765.00 bereken en die totale uitgawes op R448 927.00 (benaderd). Die verskil (van uitgawe bo inkomste) was daar R86 162. Hier is die verskil R74 828.15. Opmerklik is die buitengewone styging in die uitgawe aan posgeld (R37 315 in die vorige verslagjaar teenoor R62 658.45 in hierdie verslagjaar, terwyl ons die verhaling van nog verdere koste afwag), en dit ten spyte daarvan dat ons boekwinkelpersoneel uit hulle pad gaan om pakkies per hand afgelewer te kry – wat die versoek in die Pk se verslag by punt 4.1.3 net maar weer onderstreep.

Gemeentes betaal tans R2-70 per eksemplaar per uitgawe (*DB* en *DJB*; d.w.s. R27-00 per jaar vir 10 uitgawes), terwyl individuele intekenaars R47-00 per jaar vir 10 uitgawes betaal. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk.

Dit kom steeds voor dat gemeentes versoek dat hulle bestaande skuld op *DB* afgeskryf of verminder word. In sulke gevalle probeer die Pk oor die geldigheid van die versoeke oordeel en handel in die lig daarvan. Die Pk lê besondere begrip en meelewing met sulke versoeke aan die dag, maar gemeentes moet ook begryp dat waar 'n gemeente sy deel van die finansiële las verbonde aan die amptelike blad nie dra nie, ander gemeentes in die kerkverband daarvoor moet instaan. Die kerkverband moet ook besef dat die vermeerdering van sulke versoeke die Pk, wat reeds worstel met 'n knellende begroting, voor groterwordende geldelike druk gaan plaas.
Nietemin het gemeentes oor die algemeen eintlik gunstiger as in die verlede reageer met betrekking tot die betaling van hulle Boodskapper-rekeninge – waaroor ons uiteraard baie dankbaar is.

Die Pk het gedurende die verslagjaar 'n vereenvoudigde metode vir die uitbetaling en berekening van skrywersgeld goedgekeur waarvolgens vergoeding basies slegs vir artikels en bydraes wat aangevra word, geskied. Vir berigte uit gemeentes (wat die uitbetaling van baie, maar klein bedraggies meegebring het) word byvoorbeeld nie meer vergoeding aangebied nie. Slegs in die geval

van *Die Jeugboodskapper* (wat in elk geval hoofsaaklik uit korter bydraes bestaan) word kleiner bydraes nog vergoed. Dit bring ook 'n geringe mate van besparing teweeg.

**AANBEVELINGS**

**9.1 Die sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle Boodskapper-rekeninge so getrou betaal het. Die sinode versoek kerkrade weer eens om hulle intekengeld getrou te vereffen.**

**9.2 Waar 'n kerkraad die Pk kan oortuig dat hy werklik nie die verskuldigde bedrag kan bybring nie, bied die sinode hom steeds die geleentheid om 'n bydrae na die beste van sy vermoë te maak. In so 'n geval besef kerkrade dan dat ander kerkrade hul intekening verder subsidieer en behoort die kerkraad hom daarvoor te beywer om, sodra dit enigsins moontlik word, ook die volle intekengeld te betaal.**

**9.3 Die sinode hou die feit dat die Pk al groter bedrae aan Boodskapper-rekeninge moet afskryf in gedagte by die bepaling van *Die Boodskapper* se begroting.**

**9.4 Die sinode volstaan met die vergoeding wat die sinode van 1999 vir skrywers vasgestel het, nl. R100 per bladsy (Handelinge p.130 – 9.4), terwyl uitgawes aan skrywersgeld nie meer as R19 000,00 per jaar mag beloop nie.**

**9.5 Die sinode besluit dat wat foto's betref, volstaan word met die reëling dat slegs vir die eerste plasing van 'n foto vergoed sal word teen dubbel die bedrag vir 'n geskrewe ruimte van dieselfde oppervlakte.**

**9.6 Die sinode keur die nuwe reëling goed om slegs vir artikels en vir persone wat tot 'n bydrae in *Die Boodskapper* versoek word, te vergoed, terwyl al die medewerkers van *DJB* vergoed word vir hul bydraes.**

**10. DANKWOORD**

**AANBEVELINGS**

**10.1 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Redaksie en die Kernredaksie vir die werk wat gedoen is.**

**10.2 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor ds. CA Swanepoel, mev. Van Lille en die medewerkers vir die kundige versorging van *Die Jeugboodskapper*.**

**10.3 Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Redaksiesekretaresse en die boekwinkelpersoneel vir hulle onmisbare bydrae tot die versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.**

**10.4 Die sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van *DB* en *DJB*: lesers, skrywers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die sinode spreek die bede uit dat die Here *DB* en *DJB* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.**

w.g. HJ SMITH (Redakteur) AS van Staden (Voorsitter Pk.)

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) Tydperk 12 September 1999 tot 30 April 2001

## 1. PERSONEEL

Lede deur die sinode van 1999 verkies: Prof JC Lombard (sameroeper), di LLE de Lange en PR Jonker en oudle. HA Mocke en HJ Hayes (skriba)

## 2. VERGADERINGS

Een vergadering van die Kommissie het plaasgevind; andersins is per pos en telefonies gekonfereer.

## 3. UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN DIE SINODE

### 3.1 Toeligting oor en evaluering van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) van die Bybel

**3.1.1 AMENDEMENT** (Vgl. *Handelinge 1999*, bl 478.)

**3.1.1.1** *Die sinode handhaaf sy besluit soos in die KO bl. 138 pt. 9.3.3 vervat:*
*Die sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) (NAV) by Woordverkondiging ter toeligting gebruik mag word; dat iemand wat die NAV wil lees, aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.* (Vgl. ook *Handelinge sinode 1991*, pt. 22.2, bl 341 - "Die 1983-vertaling mag steeds by die Woordverkondiging ter toeligting gebruik word.")

**3.1.1.2** *Die sinode besluit dat in die lig van die staande sinodebesluit rakende die amptelike Bybelvertaling, daar 'n ad hoc-kommissie saamgestel word met die doel om:*
*1.1 die onrus te besweer aangesien dit lyk asof die vertaling wesenlik verskil;*
*1.2 die motivering vir die huidige sinodebesluit breedvoerig aan onrustige lidmate te verduidelik;*
*1.3 probleme wat lidmate met betrekking tot spesifieke verskille tussen die vertalings het, aan te spreek;*
*2. Hierdie ad hoc-kommissie vergader volgens eie diskresie, en staan lidmate wat daartoe versoek, tydens sulke vergaderings te woord;*
*3. Die werksaamhede van die ad hoc-kommissie moet op 'n wyse deur hulself bepaal aan alle kerke binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband deurgegee word;*
*4. Die werksaamhede van hierdie ad hoc-kommissie, dit is probleme deur hulle aangespreek en antwoorde verskaf, word indien moontlik, volgens hul eie diskresie, gepubliseer en ook aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gestuur vir kommentaar en waarin gevra word, dat die nodige verbeteringe aan die volgende Bybel-uitgawe aangebring moet word;*
*5. Hierdie ad hoc-kommissie bestaan uit vyf lede wat kundiges mag koöpteer indien hulle dit nodig sou vind.*
*6. Die vyf lede van die ad hoc-kommissie is die volgende: (a) dosent in Ou Testament; (b) dosent in Nuwe Testament; (c) voors. KKCE; (d) voors. Kuratorium; (e) 'n lid van die Publikasiekommissie.*

**3.1.2** Die KKCE beskou bg. opdrag as dringend en belangrik al is dit nie aan hierdie kommissie opgedra nie. Nét die voorsitter is maar een van die 5 lede. Daarom is hierdie gedeelte van die KKCE verslag net toeligtend en ondersteunend met hopelik die nodige beskeidenheid.

**3.1.3** Ontleding en doelwit van die voorstel
Die doelwit moet skerp in die oog gehou word, nl. om verhelderend, voorligtend en gerusstellend alle gangbare besware en misverstande oor die NAV van 1983 tegemoet te kom en hopelik uit die weg te ruim. Dit beteken dat die sinodebesluit van 1999 hieroor nader gemotiveer moet word – vgl. ook Sakelys 1999 bl 230, pt. 1.4 e.v. Van besondere belang is die feit dat dit so bevatlik gestel moet word dat die gewone meelewende lidmate dit sal verstaan, wat beteken dat dit nie sal geskied in 'n akademiese vaktaal wat bokant hulle begrip is nie. Dan is die moeite tevergeefs.

Een van die aanbevelings is o.a. juis dat dit ook in *Die Boodskapper* sou kan verskyn (*Handelinge 1999* bl 478 pt. 1.4, 9.2).

**3.1.4** Verslag van "werksaamhede" of die resultaat?

Insake pt. 3 van die opdrag moet gevra word of die werksaamhede van die ad hoc-kommissie deurgegee moet word of die resultaat? Dit gaan tog net om die resultaat en nie om die notules nie.

**3.1.5** Daar sal goed besin moet word oor die omvang van die publikasie. As die motivering sterk en grondig moet wees, met die vereenvoudigde teologies-wetenskaplike begronding, is 'n brosjurevorm met die oog op verspreiding aan gemeentes onvermydelik, afgesien van die eventuele aanwending van *Die Boodskapper.*

**3.1.6** Die kerninhoud. Daar is twee soorte besware teen die NAV 1983 in omloop. Daar is feitelik baie lidmate wat verwar is deur ongegronde, legendariese 'besware' en emosionele stemmingmakery teen die 'bedenklike' en gevaarlike 1983 'dokument' (nie *Bybel* nie). Daar is tweedens die weloorwoë lidmate wat met jaloersheid oor die absolute gesag van die Skrif net wil weet hoe betroubaar die 1983 vertaling is.

**3.1.7** In die lig van bg. sal die kerninhoud moet kom vanuit die Bibliologiese vakke t.w. O.T. en N.T., aan die hand van teksondersoek en tekskritiek en toeligting oor die betroubaarste manuskripte wat gebruik is. Die kundige vakmanne is hier aan die woord.

**3.1.8** Die Afrikaans van die 1983 uitgawe:
Is daar dinamies-ekwivalent of andersins tekste en/of inhoud wat wegvertaal is wat die inhoud verander?
Verduidelik die dinamiek van die taal wat groei en ontwikkel; van verouderde woorde en begrippe en waarom ons goeie, korrekte sinonieme kan en moet gebruik in moderne Afrikaans sonder om die inhoud te verander. Daar is ongelukkig lidmate wat eis dat alle tekste presies moet lui soos in die 1953 vertaling en nie inligting het oor die vooruitgang m.b.t. latere, betere mss, en beter vertalings op grond van nuwe gegewens nie.
Een voorbeeld uit talle: Wat beteken dit dat die regverdige "vet en groen" sal wees (Ps. 92:15)?
In hierdie verband het ons waardevolle bydraes ontvang m.b.t. die teksondersoek en die Bybelmanuskripte van beide proff. Robbertze en Theron, lg. se 122 paginas in handskrif. Tog sal hulle dit moet vereenvoudig vir die gewone lidmaat – vanuit die praktyk van skoenmaker by die lees. Vgl. hier ook *Kerkorde 2000* bl 140 pt. 9.3.2 oor bronteks en vertaalmetode.

**3.1.9** In die konteks van bg. aanbevelings deur die sinode goedgekeur, blyk dit dat die resultaat van die ad hoc-kommissie nie via die goedkeuring van die 2001 sinode hoef te gaan nie, en dat die ad hoc-kommissie dit selfstandig moet deurvoer via die Pk. en die kerkkantoor.

### 3.2 WOORD IN AKSIE (WIA)

#### 3.2.1 Opdrag

Vgl. *Sakelys 1999* bl 232 tot 233, punt 1.5.1 tot 1.5.2 en *Handelinge 1999* bl 478 tot 479. Aanbeveling goedgekeur, pt. 1.5.3 wat lui:
*Die opdrag aan die KKCE oor hierdie aangeleentheid word gekontinueer en inligting in hierdie verband moet aan die nuutbenoemde kommissie van sinode 1999 deurgestuur word. Ons kerkkantoor sal enkele afskrifte hierbo genoem, bekom (van N.G. Kerk, Oos-Transvaal) en beskikbaar stel aan die kommissie.*

Die opdrag behels 'n prinsipieel leerstellige ondersoek na hierdie buitekerklike beweging omdat van ons gemeentes 'n versoek in dier voege gerig het (o.a. Senekal).

#### 3.2.2 Die beskikbare bronne

**3.2.2.1** 'n Duplikaat van 'n deeglike verslag oor die ondersoek wat die N.G. Kerk hieroor gedoen het en wat aan alle gemeentes van hierdie kerk gestuur is. Tyd en ruimte laat nie toe dat die verslag in sy geheel hier opgeneem word nie, maar gemeentes wat probleme met WIA ondervind, kan die verslag van die Sentrale Kerkkantoor aanvra. 'n Opsomming van die hoofsake word as Bylae KKCE 1 hier ingesluit.

**3.2.2.2** 'n Tweede bron is *Woord in Aksie – 'n beoordeling vanuit die gereformeerde teologie,* deur Sarel M.J. Dry. Dis 'n skripsie wat hy moes inhandig as 'n deel van sy graadstudie vir B.Th. aan die Departement Dogmatologie aan die Universiteit van die OVS onder leiding van prof. S.A.

Strauss. Die studie se verdienste lê ook daarin dat Dry óók praktiese empiriese navorsing oor WIA gedoen het met gesprekke van hulle voorgangers, bandopnames en videos.

Omrede ruimtegebrek plaas ons hier egter net Dry se evaluering en gevolgtrekking in hoofstukke 6 en 7 (as Bylae KKCE 2 aangeheg).

**3.2.3 Die kommissie se eie evaluering op grond van bogenoemde verslag**. Die ondersoek is gedoen op grond van skriftelike en empiriese bronnestudie van WIA en beoordeel vanuit gereformeerde standpunt. Dit is ook aldus sistematies weergegee in die gevolgtrekkings, sodat ons dit nie nodig ag om weer 'n opsomming te maak nie.

**AANBEVELINGS**

**3.2.3.1 Die sinode neem kennis van die verslag oor *Woord in Aksie* en versoek kerkrade en gemeentes van ons kerk om voorkomend en vermanend op te tree waar hierdie aanvegbare buitekerklike beweging binne gemeentegrense sy verskyning maak en verwarring saai.**

**3.2.3.2 Lidmate van ons kerk word gemaan om nie met hierdie beweging geassosieer te wees nie want dit sal die nodige tugstappe teen leerdwaling noodsaak.**

### 3.3 Literatuur vir die ampswerk vir die ouderlinge en diakens

#### 3.3.1 Opdrag

Vgl. *Handelinge 1999,* bl 483, 2.9.2:
*Die sinode dra dit aan die KKCE op om hierdie aangeleentheid in oorleg met die KKS verder deur te voer, hangende meer geartikuleerde onderskeiding van die inhoud en teikengebied van hierdie eventuele publikasie.*

Vgl. ook *Sakelys 1999* bl 257 pt. 2.9.1 insake 'n versoek van die ring van Dendron, waar gevra word vir inligtingstukke oor sake soos Skrifgesag, grootdoop ens. wat van groot waarde sal wees .... Dit is deur die Pk. via dr. HJ Smith aan die KKCE deurgestuur met die gedagte dat die "ouderlinge van die ring hulle spesifieke behoeftes aan die KKCE moet deurstuur."

Dit is nie gedoen nie. Soos ook hier in die KKCE verslag gestel, is Dendron se versoek baie breed en ongeartikuleerd gestel en is die antwoord daarop dat die gewone publikasies oor kerkleer en geloofsleer, w.o. die belydenisskrifte wat die Pk. se publikasies insluit deur die ouderlinge en diakens gebruik moet word. Hierdie gedeelte verval dus vireers sover dit die KKCE betref.

#### 3.3.2 Die ampswerk van ouderlinge en diakens spesifiek

In die lig van die feit dat die KKS die plek van die diaken in die kerkregering duidelik onderskei het van dié van die ouderling sal literatuur oor hulle onderskeidende ampswerk sinvol wees. Vgl. in die Agenda en Handelinge bl 29, 44, 396, 404, 407.

Oor die **ouderlingsamp** beskik ons egter reeds oor die publikasie van prof. Roelof Marè: *Ouderling en diaken in die Here se diens* en die KKCE doen nie hieroor 'n verdere behoeftebepaling nie.

Oor die **diakenamp** het die Pk. die werk van dr. W.A. Burger voorsien: *Die diaken en sy wyk.* Of hierdie werk nog aan die behoeftes voldoen moet die Kommissie vir Barmhartigheid oordeel en self voorstelle oorweeg vir 'n meer uitgebreide werk.

**AANBEVELING**

**3.3.3 Die sinode aanvaar bogenoemde toeligting oor die beskrywingspunt van Dendron en die KKCE se toeligting oor publikasies insake die ouderling en diakenamp.**

### 3.4 Woordkeuse in Apostoliese Geloofsbelydenis, Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius.

#### 3.4.1 Die opdrag

Vgl. *Sakelys 1999* bl 268 pt. 2.2.1 tot bl 268 tot 3.3.2, asook *Handelinge 1999* bl 485 pt. 3.3.4 oor die sinodebesluit:
*Die sinode dra dit aan die KKCE op om by die volgende sinode 'n finale voorlegging te doen oor die twee beskrywingspunte van die ring van Benoni* (rakende die woordkeuse in bg. belydenisskrifte).

### 3.4.2 Beskrywingspunt 1

Die sinode besluit om die volgende sinsnedes van die Apostoliese Geloofsbelydenis aan te pas soos aangedui:
"...gebore uit die maagd Maria, wat *helse smarte gely* het, (komma) onder Pontius Pilatus (laat komma na Pilatus weg) gekruisig gestorwe en begrawe... (helse smarte vervang "ter helle neergedaal").

Dus lui die nuwe bewoording so: "...gebore uit die maagd Maria; wat helse smarte gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig gestorwe en begrawe is..."

**Motivering**

- Alle ou geskrifte maak nie melding van die woorde: ..."ter helle neergedaal" nie.
- Die Geloofsbelydenis van Athanasius en dié van Nicea ken nie so 'n stelling nie.
- Die woorde verwar die gelowige en laat hom glo dat Christus ook hel toe was terwyl dit Skriftuurlik nie so is nie.

#### 3.4.2.1 Historiese terugblik oor die term "ter helle neergedaal" in ons eie sinodes

Dit dateer vanaf 1989, twaalf jaar gelede, volgens *Sakelys Sinode 1993*, bl 96 pt. 1.1.2. Op die 1993 sinodesitting het 'n beskrywingspunt gedien van die Ring van Germiston dat die term "neergedaal na die hel" uit die belydenis geskrap moet word en soos volg gewysig word: wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, deur God verlaat is, gesterf het en begrawe is, en wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode (*Sakelys van die Vyfde Sinode*, bl 98 pt. 4.9).

**Sinodebesluit**, *Handelinge 1993* bl 269, punt. 3.5.1.1 - aanbeveling van Kommissie vir Kerkleer en Etiese norme goedgekeur:

*Die sinode keur nie die aanbeveling rakende die beskrywingspunt van die Ring van Germiston i.v.m. "neerdaal ter helle" goed nie.*

Hiermee is 'n redelik ingrypende voorstel van 'n ring afgewys en is die 1993 sinodebesluit tans nog die status quo m.b.t. "ter helle neergedaal".

Die Ring van Benoni se voorstel behels, benewens die punktuering, net dat "ter helle neergedaal het" vervang word met "helse smarte gely het." Dit lyk eenvoudiger en makliker as wat dit werklik is en die KKCE is geroepe om die volledige dogmenhistoriese agtergrond van die huidige terme te verantwoord, anders laat ons 'n groot aanvegbare vakuum wat die historiese kontinuïteit verkrag. Tweedens is dit konsensus op vaderlandse gereformeerde interkerklike en internasionale gereformeerde en andersins sinvolle oekumeniese vlak dat gereformeerde en oekumeniese konfessies nie separatisties en eensydig verander word nie.

Daarom sluit die Kommissie hierby berekend en doelbewus die 1993 verslag in van die destydse PKKEN (nou KKCE), wat in baie opsigte al uit die oog verloor is. Die feite gee ons historiese perspektief en visie. Tweedens sluit ons 'n uiters belangrike verslag in, akademies en dogmenhistories baie goed verantwoord, van die Ned. Geref. Kerk se Algemene Sinode 1986 – toe ook nog **ons eie** besit, aanspraak, getuienis en verantwoordelikheid.

Prof. Danie du Toit het ook 'n aandeel aan hierdie verslag omdat hy 'n hoogstaande proefskrif gelewer het oor die "Neerdaling ter helle" in die gereformeerde en oekumeniese belydenisskrifte.

In die lig van die beskrywingspunte vir ons sinode sedert 1989 is dit nodig en goed dat ons minstens eens en vir altyd die ter sake bronnemateriaal het wat outentiek die agtergrond van die

onderhawige tema en beskrywingspunte ten goede belig. Die toeligting in die twee verslae wat hieronder volg is direk aktueel en ter sake ook m.b.t. die beskrywingspunt van die ring van Benoni. Binne die raamwerk moet ons dit evalueer en daarom is die ruimte wat die verslae opneem allesins geregverdig in die lig van die saak wat dit stel. Die feite daarin vervat is gereformeerde, en breër, behoudende oekumeniese besit. Dit geld ook van die verslag van die Algemene Sinode, N.G. Kerk, 1986.

Die twee genoemde verslae word nou aan die orde gestel.

### 3.4.2.2 Verslag, PKKEN – Kommissie vir Kerkleer en Etiese norme AP Kerk sinode 1993

Dit was nog die ou benaming. Ons bied vervolgens net die motivering aan waarom die ring van Germiston se beskrywingspunt nie aanvaar is nie.

*Motivering:*

1. *Voorkoms van die begrip "ter helle neergedaal" in die leer van die Kerk soos in die Belydenisskrifte vervat.*
   *Die begrip "ter helle neergedaal" is vervat in die volgende Belydenisskrifte van die Kerk:*

1.1 *Die twaalf artikels.*
*"ter helle neergedaal"*

1.2 *Die Geloofsbelydenis van Athanasius*
*"ter helle neergedaal het"*

1.3 *Die Heidelbergse Kategismus Sondag 16 vr 44*
*"Vr: Waarom volg daar: ter helle neergedaal?*
*Antw: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. (a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46; Heb. 5:7."*

2. *Verklaring van die begrip "neergedaal ter helle".*
*Daar sou niks van Christus se versoeningswerk volbring gewees het as Hy net die liggaamlike dood alleen gesterf het nie. Dit was tewens noodsaaklik dat Hy die gestrengdheid van die wraak van God moes voel sodat Hy God se toorn sou dra en aan sy regverdige oordeel voldoening verskaf. Daarom moes Hy met die leerskare van die hel en die verskrikking van die ewige dood in stryd, handgemeen raak. In die begrip "ter helle neergedaal" word die onsigbare en onbeskryflike oordeel vervat wat Hy voor God gedra het. Nie alleen die liggaam van Christus is as 'n prys vir ons verlossing oorgelewer nie. Hy het nog 'n ander groter en uitnemender prys betaal. In sy siel het Hy die vreeslike kwellinge gedra van God se kinders wat voor Hom verdoem en verlore was. Daarom sê Jes 53:5 onder andere: "die straf wat vir ons vrede aanbring, was op Hom" en Petrus in Hand. 2:24: "Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word." Hy noem nie net die dood nie, maar vermeld uitdruklik die smarte wat voortspruit uit die vloek en die toorn van God. "Neergedaal na die hel" beteken nie dat die Here Jesus letterlik in die hel was nie, maar dat sy lyding so onbeskryflik intens was, dat dit nie anders as met die terme "helse lyde" beskryf kan word nie.*

3. *Agtergrond van die Apostoliese Geloofsbelydenis*
*In die 2de eeue n.C. het die eenheid in leer en belydenis steeds die lewe van die kerk bepaal. Irenaeus het gesê: Hoewel die kerk oor die hele wêreld tot aan die einde van die aarde verstrooid is, het sy van die apostels en hul leerlinge ontvang die geloof in God die Vader, die Almagtige ... en in Jesus Christus, die Seun van God, wat vlees geword het ter wille van ons saligheid; en in die Heilige Gees (Adv. Haer. 1, 1).*

*Die oudste bewaarde geblewe kommentaar op die Romanum, omstreeks 404 n.C. geskrywe deur Rufinus, gee 'n opsomming van die verskille tussen die simbool van Aquileja en die van Rome. Daaruit blyk dat in laasgenoemde nog nie die woorde "ter helle neergedaal" voorkom nie.*

*Terwyl die teks van die simbool in die liturgie van Rome eeuelank ongewysig gebly het, is op ander Apostolicum soos wat dit tans bekend is (Textus Receptus) kom voor in 'n geskrif uit die begin van die 8ste eeu.*

*Sedert die 12de eeu n.C. is die Textus Receptus amptelik in die Roomste Katolieke kerk in gebruik by die doopsbediening.*

*Die opname van die woorde "ter helle neergedaal" in die Apostolicum is nog steeds 'n omstrede kwessie. Volgens Rufinus kom die woorde voor in die simbool van sy geboorteplek Aquileja, maar nie in die van Rome en ewemin in die belydenisse van die Oosterse kerk. In die Siriese kerk het daar skynbaar 'n formulering bestaan waarin die decensus vermeld word. Die Siriese teoloog Markus van Arethusa was die opsteller van 'n kompromisformule. Dit is in die periode van die groot stryd teen die Arianisme in die 4de eeu aanvaar deur die Sinode van Sirmium 359 en Konstantinopel 360. In hierdie formule was die "ter helle neergedaal" uitdruklik opgeneem as bestanddeel van die belydenis. Blykbaar het dit geen enkele beswaar opgelewer nie. Dit is omrede die decensus algemeen erken as inhoud van die geloof van die kerk al het daar variasie van interpretasie bestaan. Naderhand is hierdie element ook in die Apostolicum opgeneem.*

*In die Middeleeue het daar 'n algemene oortuiging in die Weste geheers dat die simbool soos in sy tans bekende vorm deur die apostels opgestel is. Rufinus vermeld dit reeds as 'n eerbiedwaardige tradisie dat die apostels nadat hulle die Pinkstergees ontvang het byeengekom het om 'n belydenis op te stel en dat elkeen van hulle een artikel geformuleer het.*

*Die kerke van die Reformasie het ondanks die historiese probleem die belydenis van die Twaalf Artikels aanvaar as betroubare samevatting van die geloof van die heilige apostoliese kerk. Die kritiek op die Apostolicum het in die 17de eeue begin. Lutherse teoloë het sommige artikels daarin gediskwalifiseer as noodsaaklik tot die saligheid. Dit is die "maagdelike geboorte" en "ter helle neergedaal".*

*Die Gereformeerde teoloog H. Witsius het ook gemeen dat sommige dele van die Apostolicum nie hoort tot die fundamentele artikels van die geloof nie. Dit is "onder Pontius Pilatus, die neerdaling ter helle, die kerk en die gemeenskap van die heiliges. Hy noem dit 'n leemte dat die simbool nie spreek oor diesonde, die regverdiging, die aanbidding van God en die praktyk van die nuwe lewe nie. Onder die invloed van die rasionalisme het die kritiek van die negentiende eeu aangedring op die afskaffing van die Apostolicum as belydenis van die kerk. Daar is veral in Duitsland 'n hewige stryd hieroor gevoer.*

*Die kerk wat die Ou en die Nuwe Testament glo en aanvaar vereenselwig haar in die belydenis met die apostels en die gemeente van Christus in die eerste eeue. Sy kan en mag hierdie artikels nie prysgee nie, omdat die waarheid van Gods woord daarin bely word.*

Die kommissie het aanbeveel dat teruggekeer word na die Afrikaanse formulering: "neergedaal na die hel" en "ter helle neergedaal" kan as wisselvorm gebruik word. Inhoudelik is daar geen betekenisverskil tussen die twee uitdrukkings nie. Die sinode het daarvan net kennis geneem.

**3.4.2.3 Verslag, Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, Algemene Sinode N.G. Kerk 1986 oor art. 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis Agenda, bl 101 v.v.**

### *4.15 ARTIKEL 4 VAN DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS*

#### *4.15.1 Opdrag*

*Hierdie opdrag was in feite 'n versoek van die Sinode van Wes-Kaapland wat die volgende besluit geneem het:*

***4.15.1.1*** *"Die Sinode betuig sy dank teenoor die Vertalingskommissie vir die hervertaling van die Drie Formuliere van Eenheid van die Ekumeniese Belydenisse.*

***4.15.1.2*** *"Die Sinode vind die formulering van Art 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis, in besonder "neergedaal na die hel" - in plaas van "neergedaal het ter helle", nie bevredigend nie, en*

*versoek die Breë Moderatuur om dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op te dra om:*

***4.15.1.3.1*** *"'n deeglike studie van die bepaalde Artikel te maak, en*

***4.15.1.2.2*** *"die moontlikheid te ondersoek om die Artikel só te formuleer dat dit 'n keurige uitdrukking gee aan wat die Skrif en die Belydenisskrifte in hierdie verband leer."*

### *4.15.2 Inleiding*

*Tot in die vierde eeu na Christus nog tref ons die leerstuk oor die neerdaling van Christus nêrens in die geloofsbelydenis aan nie, selfs nie in die bekende belydenisskrif van Nicea nie. Pas in 359 n.C. maak die neerdaling sy plotselinge en amper geruislose verskyning in die belydenisskrif van Sirmium. Die daaropvolgende konsilies van Niké (359) en Konstantinopel (360) neem dit ook op. Hierna kom dit sporadies voor tot in die sesde eeu (o.a. by Rufinus, Caesarius van Arles en in die Athanasianum), waarna dit veelvuldiger voorkom.*

*Hoewel die neerdaling dus eers in die vierde eeu sy intrede doen in die belydenisskrifte, is dit egter 'n baie ouer tradisie, waarvan spore reeds in die vroeë Christelike kerk aangetref word.*

*Die feit dat die neerdaling ter helle volgens ons Gereformeerde (en baie ander) Skrifverklaarders nêrens in die Skrif voorkom nie, tesame met die feit dat in ou volksverhale en -tradisies dikwels van besoeke aan die doderyk of aan die hel sprake is, het gelei tot teorieë dat hierdie leerstuk teruggevoer sou moet word tot die mitologie.*

*Van die vroegste tye af het die mens 'n besondere belangstelling in die gebeure ná die dood, die doderyk ens. openbaar. In feitlik alle ou kulture het dit daartoe gelei dat hierdie spekulasie uiteindelik vorm gevind het in legendes en verhale, o.a. oor besoeke aan die dode deur mense, helde, halfgode of gode. Hierdie verhale hang ook nou saam met die opvattinge van dié tyd oor die dood en doderyk, waaroop ons egter nie nou kan ingaan nie. Voorbeelde van sulke verhale kom uit Egipte, Persië, die Grieks-Romeinse wêreld (Odysseus, Aphrodite, Orpheus e.a.), Babilonië en Assirië. In die verklaring van hierdie verhale is meermale verbande gelê tussen die mitologiese verhale van 'n neerdaling en die seisoenswisseling en siklus van natuurgebeure. Daar is ook gewys op die behoefte van die mens aan kontak met die afgestorwenes, sy nuuskierigheid oor die lewe ná die dood, maar in alles tree veral een saak na vore: die begeerte van die mens van alle eeue om die geheime van dood en doderyk te ontrafel. 'n Baie belangrike feit is dat hierdie verhale dikwels lei tot 'n yking van bepaalde formules of frases wat onder die vroeë volkere wydverspreid voorgekom het en met 'n sterk oorlewingsvermoë tot binne die grense van die Christendom gevoer is. Dit het dikwels nie alleen die grense van hulle ontstaansoord oorskry nie, maar het ook meermale in ander situasies opgeduik met dieselfde krag as in die oorspronklike, veral in die sg almagsformules t.o.v. die gode.*

### *4.15.3 Die Skrif*

#### *4.15.3.1 Die Ou Testament*

*Terwyl daar nou so 'n uitgebreide en wydverspreide tradisie bestaan van verhale oor besoeke aan die doderyk, respektiewelik onderwêreld, kom die vraag onmiddellik na vore: wat sê die Bybel van hierdie dinge?*

*Wat die Ou Testament betref, is dit noodsaaklik dat ons besef dat die geheel van die oud-Oosterse opvattings hierby 'n belangrike rol speel. In die geskrifte van dié tyd tref ons dikwels 'n op die geheel gerigte, religieus-poëtiese spreekwyse aan, wat nie as wetenskaplik-noukeurige detail gelees moet word nie. Oor dood en doderyk kry ons daarom veeleer kwalitatiewe en emosionele as konkrete gegewens. Met name die Ou Testament gee nie geografiese of wetenskaplike beskrywinge van "**sjeol**" (die doderyk) nie, maar is in sy spreke oor dood en doderyk veelal profeties-poëties gerig vanuit die sentrale verkondiging van die dade van Jahwe. In hierdie verband word dan soms van die sg. almagsformulerings gebruik in die lofprysing van Jahwe. Dit gaan dan om die geykte formule, die spreekwyse of idioom, en nie om die hele heidens-mitologiese agtergrond waaruit die formules soms stam nie. Teenoor die ander gode staan Jahwe as die ware God ook bó die magte van dood en doderyk. Tog bly die dood 'n ontwrigting. 'n angsaanjaende katastrofe want geluk is die lang en volle lewe op aarde onder die seënende hand van Jahwe. Na so 'n volle lewe word die dood in die hoë ouderdom berustend aanvaar as 'n deur God gestelde grens, maar die lewe na die dood bly iets wat huiwering en selfs pessimisme oproep.*

*Oor die baie interessante gegewens by die verklaring van "**sjeol**" in die Ou Testament, kan ons egter hier nie uitwei nie. Hoe pessimisties die dood egter ook voorgestel word, blyk dit tog nêrens dat die dood die absolute finale einde is nie: telkens weer vind ons die veronderstelling van die lewe na die dood. Ook dit staan in die teken van Jahwe se mag oor dood en doderyk. Daarom miskien is 'n volledige uiteensetting of beskrywing van die onderwêreld of doderyk vir die Ou Testament nie so belangrik nie: ook daaroor regeer Jahwe. Daarom vind ons ook in die Ou Testament geen sprake van 'n besoek aan die doderyk of 'n "neerdaling ter helle" deur Jahwe of enige goddelike gesant nie, ook geen sodanige voorsegging of profesie in dié verband nie. Noukeurige navorsing toon dat teks-gedeeltes soos Ps 107:6, Jes 14:9, Eseg 32:18 e.v. geen voorbeelde van 'n algemene neer-dalingsteorie is nie: sodanige denke bly vreemd aan die Ou Testament.*

### *4.15.3.2 Ná die Ou Testament en vóór die Nuwe Testament*

*In die tydperk tussen die Ou Testament en Nuwe Testament kom daar veral in die Joodse apokaliptiese geskrifte 'n lewendige ontwikkeling in die denke oor en voorstellinge van dood en doderyk: allerlei detail en onderskeidinge word aangebring, maar ook in hierdie literatuur vind ons nooit dat die Messias, wat daarin 'n baie belangrike rol speel, 'n sending na die onderwêreld of doderyk onderneem, soos dit later verstaan is nie.*

*Oor die hele tyd vóór die Nuwe Testament kan ons dus samevattend die volgende sê:*

*Die vroegste denke oor besoeke aan die doderyk by alle volke hang saam met hulle opvattinge oor lewe, dood en doderyk. Dood en doderyk word steeds sterk negatief in baie somber kleure voorgestel. Telkens weer blyk die sterk begeerte van die mens van alle eeue om die dood te verklaar en te oorwin, en daarom word aan die verbeelding vrye teuels gegee by die skep en oorlewer van verhale waarin een of ander verlossersfiguur in 'n skerpe konfrontasie met die magte van dood en doderyk tog nuwe perspektiewe vir die mens daarstel. 'n Besoek aan die doderyk en die terugkeer daarvandaan as manifestasie van die oorwinning oor die dood is die konkrete gestalte van die mens se begeerte. Daarom is die agtergrond van die vroeë neerdalingsdenke die verskynsels van lewe en dood - en daarom is dit van die grootste eksistensiële betekenis: vir die mens van alle eeue is die dood 'n teenstrydigheid, 'n ongewenste ongerymdheid, want die mens wil lewe! Dit is die sentrale gedagte en hierdie gedagte vind uitdrukking in 'n taal en voorstellingswyse wat as religieus bestempel moet word. Die spreke oor lewe en dood in hierdie vroeë tyd is altyd 'n spreke oor die verhouding tussen God en mens. Hierdie spreke lei tot die yking van frases en formules wat oor die grense van taal en kultuur heengaan en in 'n sekere sin universele geldingsmag verkry, selfs waar die hele mitiese en politeïstiese agtergrond verwerp word. Daarmee saam en daarnaas is daar ander aspekte, soos byvoorbeeld die ontwikkeling en differensiëring wat daar mettertyd in doderyksvoorstellings gekom het, waarop ons nie nou kan ingaan nie.*

### *4.15.3.3 Die Nuwe Testament*

*Wanneer ons nou na die tyd van die Nuwe Testament kyk, is daar eers 'n paar formele beginsels wat van deurslaggewende aard gaan wees in ons interpretasie van die neerdaling ter helle:*

- *In die eerste twee eeue speel, naas die Heilige Skrif, ook ander (apokriewe) geskrifte 'n belangrike rol in die lewe van die gelowige.*

- *Uitsprake en formuleringe moet altyd gesien word teen die agtergrond van die kerklike situasie: sodanige uitsprake word byvoorbeeld dikwels formeel en inhoudelik bepaal deur 'n ketterstryd.*

- *Uitsprake en formuleringe moet ook altyd gesien word in die konteks waarin die vroeë kerk dit gebruik, byvoorbeeld in die prediking, kategese, lied, gebed ens.*

*Groot probleme kan ontstaan as byvoorbeeld gebedsuitsprake, digterlike uitsprake, doksologiese uitsprake e.a. oor die hele linie as dogmaties-leerstellig verstaan word. Daar is dus verskillende "soorte" van geloofuitsprake.*

*Die Nuwe Testament sluit direk by die Ou Testament aan en die skrywers van die Nuwe Testament, onder leiding van die Heilige Gees, aanvaar die religieuse kern en inhoud daarvan sonder meer as norm en maatstaf. Ook die Nuwe Testament gee nie in die eerste plek wetenskaplike informasie oor die wêreld, dood of doderyk nie, en is daarin 'n belangrike korreksie op die apokriewe Joodse*

*apokaliptiek. Dood en doderyk kom voor in die konteks van die prediking, verkondiging en vermaning; d.w.s. met die duidelike bedoeling om die hoorder of leser te voer tot geloof in Christus.*

*In die lig hiervan is dit moeilik om enige teksgedeelte in die Nuwe Testament te vind wat op die neerdaling van Christus sou dui. Die verkondiging van die Nuwe Testament in sy kern is dat die mag van sonde en dood, en dus die mag van die bose en van die doderyk, deur die kruisdood van Christus finaal en radikaal verbreek is. Klem word gelê op die waaragtigheid en volledigheid van Jesus se sterwe (Matt 12:40; Hand 2:31; Rom 10:7; Efes 4:8-9). Met sy dood het Christus die dood en doderyk van hulle krag beroof en dit as 't ware van binne oopgebreek (Hand 2:24; 2 Tim 1:10; Heb 13:20). Daarmee het Hy tegelyk ook die mens van sy angs vir die dood bevry en Satan onttroon (1 Kor 15:54-58; Heb 2:14-15; Op 1:18. Vergelyk ook Matt 12:29; 16:18; 2:15; Rom 14:9 e.a. ). In die geheel kan egter geen Skrifgedeelte gevind word wat sonder enige twyfel op die neerdaling ter helle sou dui in die sin dat Christus ná sy dood na die hel sou afdaal nie. Hieroor is die meerderheid Gereformeerde Skrifverklaarders dit eens.*

*Dit geld ook van die uiters problematiese 1 Pet 3:19 en 4:6. Beide Luther en Calvyn het met groot aarseling hierdie gedeeltes probeer verklaar. Interessant is egter die feit dat 1 Pet. in die vroeë kerk vóór Clemens en Origenes nooit as bewysgrond vir die neerdaling gebruik is nie. Eers pas nadat die tradisie gevestig was, is dit as bewysgrond aangevoer, sodat ons nie te veel daarop kan steun nie.*

*In die konteks van hierdie opdrag kan ons egter onmoontlik op die volledige eksegese van al die verskillende tekste ingaan. Opvallend bly die verskeidenheid van interpretasie wat hieroor bestaan. Van ander as Gereformeerde Skrifverklaarders gaan die mening uit dat, alhoewel die neerdaling ter helle nêrens in die Skrif uitvoerig beskryf word nie, dit tog deel vorm van die algemene geestesgoed van 'n wêreldbeeld wat ook deur die Bybelskrywers gehuldig was. Geleidelik ook het die mening begin groei dat die neerdaling ter helle in die latere Christelike tradisie meer op die Ou Testament (die sterk suggestie van verlossing uit die dood soos byvoorbeeld in Ps 16:10; 30:4; 49:16; Hos 13:14 e.a.) en die laat-Joodse (apokaliptiese) voorstelling teruggegaan het as op die heidense mitologie.*

*Die feit bly egter dat dit geskied in die breë raamwerk van die algemene voorstellings en opvattinge van daardie tyd. Samevattend kan ons sê dat vele ondersoekers (veral die Rooms-Katolieke) weier om van 'n mitologiese of heidense oorsprong van die neerdalingstradisie te spreek, maar dat weinig dit direk in die Skrif self wil fundeer. (Die neerdaling waarom dit hier gaan, is die sg. besoek van Christus ná sy dood aan die onderwêreld of hel. Wat niemand ontken nie, is die feit dat Christus na sy dood wel in dié deel van die doderyk was wat Hyself in sy Woord aan die misdadiger aan die kruis paradys genoem het.)*

### *4.15.4 Die geskiedenis*

#### *4.15.4.1 Die vroeë kerk*

*In die vroeg-Christelike kerk van die eerste twee eeue was daar nog nie so 'n skerpe skeiding tussen kanonieke en apokriewe geskrifte nie: van die Christelike skrywers van die tyd haal apokriewe geskrifte aan as "Skrif".*

*Nou bied die laat-Joodse apokaliptiek veel stof wat aansluit by die verhale uit die heidense mitologie. Gewoonlik gaan dit dan ook hier om allerlei fantastiese en skouspelagtige detail (visioene van die hemel of onderwêreld, die oopbreek van die poorte van die hel, die angs van die onderwêreldfigure ens).*

*Hoewel hierdie geskrifte, en ander soortgelykes wat in die Christelike era self ontstaan het (byvoorbeeld die Siriese Baruchapokalips, 4 Esra e.a.), op die gemoed van die vroeë Christene groot indruk moes gemaak het, het dit tog in 'n teologiese sin merkwaardig weinig invloed uitgeoefen. Die geskrifte wat vir ons doel belangrik is, is die van die vroeë kerkvaders, byvoorbeeld Ignatius van Antiochië en Polycarpus en ander apokriewe geskrifte soos die Pastor van Hermas en die Petrus-evangelie. Uit hierdie bronne blyk dat tot ongeveer die helfte van die tweede eeu na Christus daar geen sprake is van 'n uitgebreide neerdalingsleer nie. Die terloopse verwysings daarna laat die vermoede ontstaan dat dit as bekend veronderstel moet word, maar nêrens kom dit voor in credomateriaal nie, ook nooit in die vorm van 'n sistematiese of dogmatiese behandeling nie. Op*

*hierdie stadium is daar ook nog niks van die skouspelagtige besonderhede nie - dit gaan bloot om die verkondigingsmotief, of liewer, 'n aankondiging aan die reeds gestorwe Ou Testamentiese gelowiges van die heil wat in Christus gekom het. Hierdie is die oudste motief wat aan die neerdaling gekoppel word, hoewel dit hier al baie duidelik moet blyk dat dit eintlik niks meer veronderstel as die teenwoordigheid van Christus in die doderyk na sy dood nie.*

***4.15.4.2 Na 150 n.C.***

*Die geskrifte sedert hierdie tyd is 'n voortsetting van die vroeëre gedagtes (vgl Epistula Apostolorum, Justinus, Irenaeus). Ook hier gaan dit om die feit dat ook die gelowiges van die Ou Testament by die heil in Christus betrek moet word by wyse van 'n aankondiging in die doderyk, en dat daarmee klem gelê word op die egtheid en genoegsaamheid van Christus se dood. Ook hier is nog geen gemitologiseerde neerdalingsgebeure in terme van fantastiese besonderhede, geweld en stryd nie, maar die nugtere konstatering dat die Here nie die Ou Testamentiese vromes vergeet het nie. Vir Irenaeus kom op polemiese wyse hierin ook iets uit van die eskatologiese vervulling teenoor die gnostiese loëning van die opstanding.*

*Belangrik ook is die voorkoms van die neerdalingsgedagte in die lied en lofprysinge, in himniese en doksologiese konteks, soos byvoorbeeld in die Naässense psalm (by Hippolutos) en die Odes van Salomo. Veral in laasgenoemde gaan dit ook om die mistiek en die dramatiese effek. Vir Melito van Sardes is die neerdaling 'n belangrike vertroosting vir die belewende gemoed, maar nog geen belydenisstuk of belangrike dogma nie (vgl ook nog ander geskrifte soos die Hemelvaart van Jesaja en die Testamente van die Twaalf Patriarge).*

*Samevattend sou ons dus oor die eerste twee eeue kon sê dat die neerdaling geen onbekende idee is nie, maar tog in die meeste van die gevalle niks meer wil sê as die Bybelse opvatting dat Christus na sy dood na die doderyk gegaan het nie. Dogmaties-leerstellig is dit geen sentrale stuk nie, maar kom veral in vermanende, pastorale, himniese of belewingsliteratuur na vore op 'n byna terloopse wyse.*

*Maar wat beteken dit nou? In die eerste plek wil die neerdaling niks meer aandui as die feit van doodwees nie: om te sterf het beteken om na die doderyk te gaan, outomaties en vanselfsprekend. In hierdie voorstelling was die vroeë Christene eweseer kinders van hulle tyd as enige iemand anders – ook hulle het 'n taal- en kultuurgemeenskap geërf met bepaalde opvattinge en voorstellinge waarbuite hulle nie sonder meer kon tree nie. Vir hulle beteken bekering nie om totaal van hierdie erfgoed losgemaak te word nie, maar eerder 'n diensbaar maak daarvan vir die evangelieverkondiging. Daar bly 'n kontinuïteit van taal en voorstellinge, ook oor dood en doderyk: om te sterf beteken sonder meer om na die doderyk te gaan.*

*Daarom beteken die neerdaling van Christus ook vir die vroeë kerk dat Hy waaragtig gesterf het. Op grond hiervan is die heilswerk van Christus 'n voldonge en onomstootlike feit (wat dan ook aan die afgestorwe gelowiges meegedeel word), en terselfdertyd is die neerdaling die waarborg vir die egtheid van die opstanding. Dit gaan dus vir die vroeë kerk veeleer om die feite van die dood en opstanding van Christus as om die neerdaling: dood en opstanding as die sentrum van Christus se heilswerk wat so radikaal, ingrypend en alomvattend is dat dit ook die doderyk insluit. Daarom is dit 'n verkondiging van God se genade en almag, 'n verkondiging wat vrylik van die reeds genoemde wydvoorkomende almagsformules gebruik kon maak. Op die voorgrond staan die heilsfeite van kruis en opstanding, en daarvoor word die bestaande neerdalingsdenke in diens geneem. Hierdie is 'n treffende aansluiting by die Skrif, met name dan by die magistrale 1 Kor 15. As daar dan van 'n "prediking" in die doderyk sprake is, verkry dit die karakter van 'n aansluiting by Jesus se aardse werksaamheid (die kontinuïteitsgedagte), maar hierdie prediking kry nooit 'n heilsnoodwendige karakter nie: dis veeleer 'n aankondiging van wat reeds gebeur het. Opvallend is die feit dat hierdie "prediking" sonder analogie in die heidense mitologie is.*

***4.15.4.3 Vanaf die derde eeu n.C.***

*'n Belangrike feit is dat daar in die loop van die geskiedenis groot ontwikkelinge plaasgevind het in die voorstellinge van die doderyk. Hierdie ontwikkeling tref ons ook in die Christendom aan. Die ou volke het aanvanklik die doderyk op allerlei plekke, veral verafgeleë gedeeltes gelokaliseer. Later het dit meer en meer geword tot 'n onderaardse ryk met sekere gelokaliseerde ingange. Terselfdertyd*

*het daar ook differensiëring plaasgevind tot sekere afdelings van die doderyk vir die goeies en die slegtes.*
*In die Christendom het ons in die Ou Testament aanvanklik slegs die **sjeol** of doderyk, maar later word ook onderskei tussen die lot van die gelowige en ongelowiges, veral in die tussen-Testamentiese periode. As strafoord vir die ongelowiges word genoem die dal van Hinnom (later Gehenna), terwyl daar ook nog sprake is van 'n afgrond van vuur vir gevalle engele. Gedurende die eerste eeu n.C. toon die ontwikkeling 'n tendens tot die opvatting van **sjeol** of Hades as 'n voorlopige oord in twee afdelings vir gelowiges en ongelowiges, terwyl die hemel en Gehenna dan die finale oorde is. Tog is dit geen starre sisteem nie, maar vind ons daarin groot variasie en verskeidenheid. In die Weste word die onderwêreld steeds meer tot hel of strafoord, die plek van die bose, waarby die vereenselwiging van die dood met vyandige en meestal verpersoonlikte magte steeds sterker word. Duidelik en skerp staan teenoor mekaar hemel en hel, goeie en bose, lig en duisternis, lewe en dood.*

*Dit is nou hierdie ontwikkelinge wat die neerdalingsvoorstellinge veral sedert die derde eeu beïnvloed. Tertullianus en Hippolutos vind nog sterk aansluiting by die gedagtes van Justinus en Irenaeus (neerdaling is 'n wetmatigheid verbonde aan sterf, ens), terwyl Cyprianus, vir baie lank die teologiese outoriteit in die Westerse kerk, 'n treffende illustrasie is van hoe weinig die neerdaling 'n geloofskritiese aangeleentheid was.*

*Hierteenoor het die Alexandrynse rigting (Clemens Alexandrinus en veral Origenes), in aansluiting by veral die nuwere opvattinge van die doderyk en die invloed van meer gedetailleerde en fantastiese neerdalingsverhale, steeds meer geneig in die rigting van die skouspelagtige. 'n Resultaat hiervan was dat die aanvanklike predikingsmotief (Jesus sou sy oorwinning in die doderyk aankondig) algaande verplaas word deur die stryd- en oorwinningsmotief (die neerdaling vind plaas met die doel om die bose magte in die onderwêreld in 'n geweldige stryd te verslaan, terwyl die hele verhaal omgewe word deur allerlei grootse en dramatiese beskrywinge).*

*Dit is interessant dat die skouspelagtigste ontwikkeling van hierdie soort neerdalingsverhale nie in die kerklike of "teologiese" of "dogmatiese" geskrifte gevind word nie, maar in apokriewe en valse geskrifte, waarin aan populêre uitbeelding, digterlike vormgewing, fantasieryke en dramatiese besonderhede volkome vryheid gelaat sou word. Sulke verhale vind ons in die Evangelie van Nikodemus: die twee seuns van Simeon beskryf hoedat teen middernag opeens 'n verblindende lig die doderyk bestraal het, tot groot vreugde van Abraham en die ander aartsvaders en profete. Satan tree binne en vertel hoedat 'n Jood (Christus) wat hom veel las besorg het, uiteindelik dood is.*

*Hades (gedagtig aan die geval Lasarus) is vol sorge hieroor, maar Satan, in die roes van sy oorwinning, deel hierdie angs nie en beveel dan dat Hades (die verpersoonlikte onderwêreld) hom moet verset. Op hierdie moment weerklink 'n magtige stem soos donder in 'n bevel om die poorte te open. Hades vra Satan om hulp en gee opdrag tot grendeling van die poorte, maar die aartsvaders verwys spottenderwys na die Ou Testament (veral Ps 24:7). Die poorte word dan oopgebreek deur die magtige geweld van die groot stem. Die boeie van die gestorwenes word losgemaak en hulle word onder 'n triomflied deur Jesus uitgelei, terwyl Hades die bitterste verwyte rig tot die geboeide Satan, vir wie hy nou tot die wederkoms moet oppas.*

*Hierdie ontwikkeling toon 'n duidelike tendens na 'n verselfstandiging van die neerdalingsgebeure, los van die sentrale gegewens van kruisdood en opstanding soos in die vroegste kerk (vgl ook Handelinge van Thomas, Thaddeus, die Handelinge van Andreas en Paulus, Pistis Sophia, die Handelinge van Johannes, en veral die paaspreek wat aan Epiphanius toegeskryf word: 'n geweldige stryd tussen die leërskare van hemel en hel wat aangroei tot 'n donderende oorlogsgedruis, die agternasit en binding van die vyand en die uiteindelike triomftog).*
*In hierdie tyd, veral in die vierde eeu, kom die neerdaling veelvuldig voor, o.a. by Gregorius Nazianzenus, Afrahat, Efraem e.a. Die opvallende is dat wanneer dit voorkom in himniese of digterlike gedeeltes, dit gewoonlik 'n dramatisering en uitbreiding ondergaan in die vorm van populêr-stigtelike, soms legendariese en mities-getinte geskrifte. Wanneer dit in 'n meer dogmatiese of leerstellige konteks verskyn, soos by Cyrillus van Jerusalem en by Hilarius, beteken dit eintlik niks meer as net die feit van die dood nie. Dit word dan ook soms met "begrawe"-wees afgewissel as sinoniem daarvan. In die formele kerklike besinning en teologie kom die neerdaling nooit as 'n*

*opsigselfstaande of geloofskritiese dogma na vore nie. Ook hier kom na vore die elemente van die waaragtige dood van Jesus, die belangrikheid van die opstanding, ens.*

*Samevattend het ons gesien dat die neerdaling ter helle in die derde en vierde eeue heel weinig in teologiese of dogmatiese sin na vore getree het: dit vind sy regmatige plek nie in sistematiese rasioneel-beheerste denksisteme of dogmatieke nie, maar veral in die lied, die himne, die doksologie, waarby dit veral gaan om die affektiewe belewing van die grootsheid van Christus se oorwinning. Dit gaan dan nie om die inpas daarvan in 'n dogmatiek of leerstelsel nie, maar om die resultaat van die religieuse fantasie en belewing in die gemoed van die gelowige. Daarom kon dit ook sonder vrees vir kettery verander, uitgebrei of selfs weggelaat word. Maar nou die vraag:*

### *4.15.4.4 Hoe kom dit in die Belydenis?*

*Ons het reeds melding gemaak van die feit dat die neerdaling eers in die jaar 359 n.C. vir die eerste keer sy verskyning in 'n belydenis maak, en dan op 'n byna geruislose en plotselinge wyse. Met hierdie beskrywing word bedoel dat daar klaarblyklik geen duidelike rede in die geskiedenis te vinde is waarom dit toe in 'n belydenis ingesluit is nie. Daar is ooreenstemming oor die feit dat dit ten tye van die opname geen geloofskritiese rol gespeel het nie, met ander woorde dit was nie 'n saak wat vir die geloof van kritiese belang was nie. Ook was dit klaarblyklik in geen dogmatiese of leerstellige stryd betrokke nie, ook nie in die toe heersende Christologiese stryd nie. Rufinus verklaar in sy kommentaar aan die einde van daardie eeu dat die neerdaling niks anders is nie as 'n nadere beskrywing van* ***"sepultus"*** *(begrawe). Op die verskillende teorieë oor die gronde vir die opname gaan ons nie hier in nie aangesien dit goed aangetoon is dat hierdie teorieë (die anti-Apollinaristiese, Ariaanse of anti-Afriaanse, anti-dosetiese, anti-gnostiese, anti-vaevuur e.a.) nie steek hou nie.*

*Maar nou vind die vergadering te Sirmium juis plaas ten tye van die felle stryd tussen Oos en Wes oor die godheid van Christus en die Drie-eenheid. In hierdie felle stryd sou ons kon verwag dat elke moontlike argument gebruik sou word, maar nou word die neerdaling nie deur een van die twee kante as sodanig gebruik nie.*
*Daarby was Sirmium ook basies 'n versoeningspoging waarby veral die gemeenskaplike beklemtoon sou word.*

*In hierdie rigting moet die oplossing dan ook gesoek word. In die lig van die voorafgaande kan ons met groot stelligheid beweer dat die neerdaling ter helle 'n alombekende, en veral by die meelewende en belewende gelowige 'n geliefde saak was, juis omdat dit enersyds in sulke populêre taal en voorstelling aangebied was, maar andersyds omdat dit ook buite die dogmaties-polemiese sfeer gestaan het – die belydenis van die neerdaling sou niemand onder verdenking plaas nie. Op hierdie wyse het dit só bekend geword, so déél geword van die geheel van die geloof in die heilswerk van Chrstus, ook oor soveel eeue heen deur die pastoraat, die lied, die stigtelike verhaal, die prediking en die paasherdenking, dat dit vir niemand enige probleme geskep het toe dit ook in die "offisiële" teologie of kerklike besinning opgeneem is nie. Daarom kon dit ook sonder al die fantasie en detail sonder probleem gereduseer word tot 'n belydenisuitspraak van die kerk: toe dit in die credo verskyn, was dit al so deel van die geloofsbelewing dat dit vanselfsprekend deur almal aanvaar is.*

### *4.15.4.5 Die ontwikkeling in die middeleeue*

*Vanaf die vyfde eeu kry ons 'n voortsetting van hierdie tendense: die neerdaling vind sy eintlike plek in die populêre en digterlike stof, in die legendariese en dramatiese uitbeelding (Eusebius van Alexandrië, Fortunatus, die Vrae van Bartholomeus, die Boek van die Opstanding van Jesus Christus van Bartholomeus die Apostel, e.a.). Steeds meer kom dit voor in gebede, towerspreuke, magiese formules (bv. by duiweluitdrywing), kerkliedere en gedigte (bv. Erigena se gedigte uit die negende eeu). So word die neerdaling ook tot onderwerp vir die beeldende kuns en dramatiese spele. Een van die bekendste voorstellings is waarskynlik Dante se* ***Divina Commedia****.*

*Dit was nou die omstandighede rondom die neerdalingsgeloof toe die Hervorming aangebreek het.*

### *4.15.4.6 Die Hervorming*

*Dit is opvallend dat die rykste en mees gevarieerde ontwikkeling in die interpretasie van die neerdaling plaasvind op reformatoriese werf. In sowel die Grieks-Ortodokse as in die Rooms-*

*Katolieke Kerke het daar weinig verander in die neerdalingsgeloof en -opvattinge sedert die vroeë Middeleeue. Vir beide kerke is dit ook vandag nog 'n baie belangrike leerstuk. Met name vir die Rooms-Katolieke Kerk is die neerdaling die letterlike besoek van die siel van Jesus aan die hel tydens die drie dae na sy dood en voor sy opstanding, d.w.s. 'n lokale neerdaling. Die doel van die neerdaling is die proklamasie van die nederlaag van die duiwel en die bevryding van die Ou Testamentiese vaders uit die **"limbus patrum"**, dié deel van die onderwêreld waar hulle sedert hulle dood vertoef het.*

*Teenoor hierdie opvattinge het die leiers van die Hervorming sterk standpunt ingeneem.*

#### *4.15.4.6.1 Luther*

*By Luther kry ons vanaf die begin 'n onsekerheid oor die neerdaling en presies hóé dit geïnterpreteer moet word, veral dan ook i.v.m. 1 Pet 3:19 en sy opvattinge oor die hel. Ten opsigte van laasgenoemde beweer Luther dat die siele van ongelowiges ná die dood gemartel word in die hel, maar dié hel is sinoniem met die martelinge van die gewete, want die werklike hel kom eers met die laaste oordeel tot stand. In elk geval wil Luther niks weet van enige opvatting wat nóg iets wil toevoeg aan die eenvoudige feit van Christus se verblyf in die doderyk nie.*

*En tog ... wanneer Luther gaan preek oor die dood van Christus (vgl. sy paaspreek van Torgau) dan kan hy sonder enige probleme of terughoudendheid aansluit by die kleurvolle en dramatiese neerdalingstradisies van sy tyd: hy beskryf gloedvol hoedat Jesus as God én mens as liggaam én siel, na die hel gereis het, dit persoonlik oorwin het met sy banier in die hand, en die duiwel verslaan en verjaag het. Bewustelik distansieer Luther hom van die spitsvondige redenasies van die Middeleeuse skolastiek wat hierdie diepsinnighede met die rede wil deurgrond.*

*Hy sluit hom daarenteen aan by die meer gevoelsmatige voorstellings van die kunstenaars van sy tyd. En hy doen dit met 'n spesifieke doel, nl om aan die kinders en die eenvoudiges van sy tyd op die indrukwekkendste wyse moontlik die grootheid en omvang van Christus se verlossingwerk tuis te bring. Waar dit die eenvoudiges aangaan, kan die betekenis van die neerdaling veel beter geskilder, gespeel en gesing word: **"man muss es doch dem grossen Volk kindlich und einfaltiglich fürbilden"**. Die indruk wat vir hulle blywend is, is dat Jesus die bose ontwapen en oorwin het.*

*En dáárom gaan dit vir Luther; dáárom beskou hy alle besonderhede oor die neerdaling as nie ter sake en iets wat die gevaar het dat dit van die gelykenis 'n mite kan maak. As hy dan "dogmaties" oor die neerdaling moet praat, waarsku hy teen spekulasie en begripsmatige ontledings en deurgronding ("weitleufftiger unnutzen fragen"). In feite, verklaar hy, het Jesus nêrens heen afgedaal nie, aangesien sy liggaam die drie dae in die graf gebly het. As iemand hom dus sou vra; wat het by die neerdaling gebeur, sou hy alleen maar kon antwoord: **"Das weis ich wahrlich nicht"** en voeg daaraan toe: "So glo ek ook nie dat Christus self persoonlik die hel versteur en die duiwel gebind het nie."*

*So vind ons by Luther dus 'n baie duidelike onderskeiding: in sy prediking kan hy op digterlike en dramatiese wyse die neerdalingstradisies gebruik, maar in sy dogmatiese of leerstellige uitsprake speel dit haas geen rol nie. Daarom kom die neerdaling by Luther nie voor in sy belydenisse van 1528 nie, en ook nie in beide sy kategismusse nie. Ten spyte daarvan het die Formula Concordiae eersgenoemde gedagtes van Luther as dogma gaan formuleer, gedagtes wat hy heeltemal nie dogmaties bedoel het nie, maar as beeld en voorstelling.*
*Ongelukkig is dit hierdie verkeerde interpretasie van Luther wat in die Lutherse tradisie voortsetting gevind het (die uiters belangrike ondersoeke van E Vogelsang en P Althaus gee onbetwisbare bewyse hieroor). Veral Melanchthon se invloed het baie hiertoe bygedra. Die sterk ontmitologisering van die neerdaling deur Luther is so tot niet gemaak en selfs omgekeer. Veral Athens stel dit duidelik dat die neerdaling se betekenis vir Luther volkome saamval met die sterwensnood van Christus:*
*die neerdaling beteken vir Luther die lyding van Jesus onder die toorn van God. Die aanvegtinge in Getsémané en op Golgota, die stryd met die magte van dood, duiwel en hel, die Godverlatenheid aan die kruis, die diepste diepte van Christus se lyding, dit alles is die betekenis van die neerdaling.*

*Hierteenoor het die Lutherse tradisie die neerdaling gaan sien as 'n werklike gebeure ná die dood van Christus, net voor sy opstanding. In die vroeë jare was daar egter steeds diegene, veral persone soos Brenz, Parsimonius e.a. wat 'n lokale neerdaling teengestaan en soos Luther na aan die Calvinistiese interpretasie gestaan het. Maar wat sê Calvyn?*

***4.15.4.6.2 Calvyn***

*Vir Calvyn is die neerdaling as onderdeel van die plaasvervangende werk van Christus van die allergrootste belang, 'n saak van "uitnemende vertroosting". Dit dui daarop dat Christus nie net liggaamlik vir ons gesterf het nie, maar die toorn van God gedra het en as 't ware handgemeen met die helse en doodse magte stry. Maar in dit alles is dit 'n lyding van Jesus vóór en in sy dood. Die volgorde in die Twaalf Artikels dui volgens Calvyn eerstens aan wat Jesus voor die oë van die mense gely het, en dan (met die neerdaling ter helle) die onsienlike en onbegryplike oordeel wat Hy voor Gods aangesig gedra het. Nie net in sy liggaam nie, maar veral ook in sy siel het Hy die vreeslike kwellinge van 'n verdoemde en verlore mens gedra.*

*Die hoogtepunt van hierdie neerdaal is dan die uitroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?", 'n woord van benoudheid uit "die binneste van sy siel". So dui die neerdaling van Jesus dus op sy lyding voor en in sy dood: dit het geen betrekking op enigiets wat ná sy dood gebeur het nie.*

*In hierdie opsig is dit dan ook opvallend hoeveel Luther en Calvyn ooreenstem in hulle onderskeie interpretasies. Die Heidelbergse Kategismus sluit dan ook direk aan by Calvyn se interpretasie (vgl vraag en antw 44).*

***4.15.4.7 Samevatting***

***4.15.4.7.1*** *Vanaf die vroegste tye kom daar onder feitlik alle volke verhale voor waarin besoeke aan die doderyk of onderwêreld beskryf word, besoeke deur gode, halfgode, helde en andere, wat dan daarin slaag om na 'n konfrontasie met die magte van die dood of doderyk weer terug te keer na die gewone lewe.*

***4.15.4.7.2*** *Ewe algemeen is die voorstelling dat die dood as noodwendige konsekwensie die vertrek na die doderyk het. Om te sterf beteken sonder meer om na die doderyk te gaan.*

***4.15.4.7.3*** *Israel was sonder twyfel bewus van die neerdalingsverhale van omringende volkere, maar in die OT self tref ons geen sodanige verhale aan nie. Dit is ook die geval met die Nuwe Testamentiese tyd en die skrywers van die NT.*

***4.15.4.7.4*** *In die Skrif blyk dit ook duidelik dat almal ná die dood na die doderyk moet gaan. In die geval van Christus was dit vir die kerk van die vroeë tyd dus vanselfsprekend dat ook Hy na sy dood na die doderyk sou gaan (vgl Luk 23:43-46), 'n feit wat ook duidelik blyk uit die geskrifte van die eerste twee eeue.*

***4.15.4.7.5*** *Veral vanaf die tyd tussen die OT en NT word daar met name in apokriewe geskrifte steeds meer onderskeiding aangebring in die voorstellinge van die doderyk of onderwêreld. Parallel hieraan ontstaan steeds meer uitgebreide neerdalingsverhale met skouspelagtige besonderhede en legendaries-mitologiese inkleding.*

***4.15.4.7.6*** *Die hoogtepunt van hierdie ontwikkeling word bereik vanaf die derde eeu, en vind veral plaas in geskrifte van meer digterlike, liriese en dramaties-verhalende aard. Op hierdie wyse raak dit 'n wyd bekende en geliefde tema wat veral ook in die paasprediking en doksologie na vore kom. Trouens, dit raak as sodanig só bekend en algemeen dat dit in die vierde eeu sonder probleme in die belydenisskrif opgeneem kan word (oor die neerdaling was daar in hierdie tyd geen ernstige meningsverskil of teologiese stryd nie).*

***4.15.4.7.7*** *Daarteenoor ontbreek dit, veral in die eerste twee eeue, bykans geheel en al in die geskrifte van meer dogmatiese of leerstellige aard. Waar dit nog voorkom, vervul dit byna altyd die funksie van 'n blote verwysing na die verblyf van Christus in die doderyk ná sy dood. In dié gevalle ontbreek ook die dramatiese en skouspelagtige inkleding en besonderhede.*

***4.15.4.7.8*** *In die Middeleeue ondergaan die artikel van die "neerdaling ter helle" 'n ver-dogmatisering wat veral saamhang met die bekende Rooms-Katolieke siening van die doderyksindeling, terwyl daarnaas bly voortbestaan die fantasieryke en dramatiese voorstellinge.*

***4.15.4.7.9*** *Gedurende die Hervorming sluit Luther soms in sy prediking aan by laasgenoemde voorstellings van veral die kunstenaars, maar verwerp geheel en al die teologiese interpretasie*

*daarvan deur die Rooms-Katolieke Kerk: Vir Luther is daar nie 'n letterlike neerdaling ter helle nie. Die latere Lutherse tradisie het hier heeltemal van Luther afgewyk.*
***4.15.4.7.10*** *Calvyn se standpunt stem baie hiermee ooreen: die neerdaling ter helle dui nie op 'n letterlike heengaan na die plek van verdoemenis nie, maar beteken die helse smart wat Hy veral aan die kruis gely het.*

### *4.15.5 Die interpretasieprobleem*

*Die historiese verloop bring die volle omvang van die probleem na vore: Wat aanvanklik net bedoel was as die gewone sterfgebeure, nl. die gaan na die doderyk, word met die veranderinge in die doderyksvoorstellinge tot 'n hellevaart, en Calvyn probeer dan ten slotte om hierdie hellevaart terug te vertaal in Skriftuurlike terme. Wat hier van belang is, is die feit dat Calvyn die opvattinge in die vroegste kerk, veral van die eerste twee eeue, nie in berekening bring nie, ten spyte van die feit dat hy eerlik oortuig was dat hy die juiste historiese interpretasie daarvan gegee het. In sy verklaring wou Calvyn seker ook rekening hou met die invloed van die bekende Rooms-Katolieke interpretasie.*

*In hierdie trant praat ook die Heidelbergse Kategismus oor die neerdaling ter helle, sodat ons tans met die feitlike situasie sit dat een van ons belydenisskrifte nie volledig die historiese verloop wat hierdie geloofsartikel betref, weerspieël nie.*

*Hierdie situasie noop ons tot die volgende opmerkinge:*

#### *4.15.5.1 Geen onwaarheid nie*

*Hoewel Calvyn en die Heidelbergse Kategismus nie die volledige historiese verloop in ag geneem het nie (dit is o.a. ook 'n vraag oor hoeveel van die vroeë bronne Calvyn al beskik het!), is daar teologies niks ónwaar in wat hulle sê nie: die lyding van Christus na liggaam en siel, veral aan die kruis, is immers 'n helse lyding - die groot worsteling met die magte van sonde, dood en hel. Hierdie interpretasie is dan ook bowenal geïnspireer deur die ernstige strewe om waarlik Skriftuurlik te bly – en nou bied die Skrif juis geen getuienis van 'n letterlike hellevaart ná Jesus se dood nie. In hulle interpretasie bring Calvyn en die Heidelbergse Kategismus dus 'n belangrike Skriftuurlike waarheid na vore, maar bied geen antwoord op die historiese vrae nie.*

#### *4.15.5.2 Wat wóú die Kerk sê?*

*Die vroeë kerk sou by die boodskap van die evangelie aansluiting vind. En die kern van die evangelieboodskap is die dood en opstanding van die Here Jesus. Vir die kerk van die vroeë tye beteken dit die volgende:*

***4.15.5.2.1*** *Die versoeningswerk van Christus hang volledig af van die egtheid en waaragtigheid van sy dood. Niks kon hierdie egtheid so seker stel nie as die feit dat Jesus óók na die doderyk gegaan het: om te sterf beteken om na die doderyk te gaan. Daarmee hang saam die feit dat die egtheid van die opstanding ook afhang van die egtheid van sy dood.*

***4.15.5.2.2*** *Die alomvattende betekenis van sy dood is dat dit die ganse werklikheid raak: die hemel en die aarde, maar óók die onderwêreld of doderyk; die hede en die toekoms, maar ook die verlede (die OT gelowiges).*

***4.15.5.2.3*** *Die genoegsaamheid van sy sterwe beteken dat die magte van dood, hel en sonde finaal oorwin is.*

*Hierdie sake word dan ook in die vroeë kerk voorop gestel. Veral in die eerste twee eeue is dit die kruis en opstanding wat só in die sentrum staan - telkens word die neerdaling waar dit voorkom hiervoor in diens geneem. Dit is dan ook ten diepste hierdie sake waarom dit gaan wanneer die kerk vanaf die derde eeu in die idioom van* ***daardie*** *tyd, in terme van die wêreldbeeld en doderyksopvattinge van daardie tyd, allerlei fantastiese verhale opmaak. Daarom verloop die ontwikkeling van die voorstellinge ook parallel met die doderyksvoorstellinge. En dit is nog altyd hierdie sake waarom dit gaan wanneer Luther in sy prediking soms van hierdie kleurryke voorstellinge gebruik maak. Hy verklaar dit self nadruklik so: dit gaan steeds om die kruis en opstanding, om versoening, verlossing en oorwinning, uitgelê vir kinders en eenvoudiges. En dit is presies wat Calvyn en die Heidelbergse Kategismus ook wil sê teenoor die dogmatisering van die Middeleeuse skolastiek.*

*Hiermee wil sowel die vroegste kerk as die Reformasie die "dit is volbring" van Jesus aan die kruis ernstig neem. Die Skrif leer nêrens dat daar ná die kruisdood en voor sy opstanding nóg iets*

*(verlossing van OT gelowiges, stryd met Satan, hellevaart, ens.) verrig moet word nie. Daarom skep die volgorde van "gekruisig, gestorwe, begrawe en ter helle neergedaal" vir baie soveel probleme. Daarom verklaar Calvyn dit so dat eers gesê word dat Jesus voor die oë van die wêreld gely het (kruisiging, dood en begrafnis) en dan wat Hy voor God moes ly (neerdaling, dan in 'n figuurlike sin).*

*In hierdie sin sou dit ook geen probleem geskep het nie as daar i.p.v. "neergedaal ter helle" sou gestaan het: "en na die doderyk gegaan". Dit sou volledig in ooreenstemming met die Skrif én met die bedoeling van die kerk van die eerste twee eeue wees.*

***4.15.5.3 Kan ons verander?***

*Kan ons na willekeur, as individue, of selfs ook as kerke, die Twaalf Artikels so gaan verander?*

*Dit is al dikwels aangetoon dat so iets nie moontlik is nie. In hierdie gees het ook ons eie Kerk opgetree toe 'n kommissie in die veertigerjare die neerdaling moes ondersoek. Die kommissie het bevind dat die bewoording nie moes lui: "neergedaal na die hel" nie, maar "ter helle neergedaal". Met hierdie aanbeveling, wat die Sinode aanvaar het, wou die Kerk sê dat dit nie 'n letterlike hellevaart was nie, maar dat dit in 'n oneintlike of figuurlike sin dui op die lyding van Jesus voor en tydens die kruisiging.*

*Dit bly 'n vraag, gesien in die lig van die herhaaldelik-voorkomende misverstande, of dit 'n geslaagde poging was. Dit bly immers 'n feit dat dit vir die gewone lidmaat sonder die nodige begeleidende verklaring en uitleg, steeds 'n raaisel bly.*

*Intussen is dit ook so dat die Twaalf Artikels of Apostoliese Geloofsbelydenis as ekumeniese belydenisskrif nie verander kan word as daar nie eenstemmigheid is onder die kerke wat dit aanvaar nie, terwyl dieselfde ook geld van die Heidelbergse Kategismus as Gereformeerde belydenisskrif. 'n Verandering van laasgenoemde sou seker makliker wees as van eersgenoemde.*

*Tog moet nogmaals met nadruk daarop gewys word dat sodanige verandering of aanvulling van die Heidelbergse Kategismus nie enige sogenaamde onskriftuurlikheid of teologiese onwaarheid op die oog het nie maar veel eerder gerig moet wees op groter duidelikheid, duidelikheid wat met die historiese ondersoek na vore gekom het. Dit sou egter ook tevergeefs wees as daar nie voortdurend die nodige verklaring en voorligting aan die gemeente gegee word nie.*

*Per slot van rekening gaan dit om die groot heilswaarhede van Christus se dood - sy lyding en kruisiging waarin Hy na liggaam en siel die helse smarte van Gods toorn moes verduur terwille van ons sondes – en om die opstanding. En deur die eeue wou die gelowiges ook in die verhaal en die lied deur middel van die "gelowige fantasie", in terme van die idioom en voorstellinge van hulle tyd, gestalte gee aan hierdie kern van hulle geloof. Daarom juis moet die geloofsbelewing deur die eeue, soos dit veral ook ten opsigte van die neerdaling gestalte gevind het, nie ondankbaar en stompweg verwerp word nie. Ons moet dit veeleer probeer* ***verklaar*** *en* ***verstaan*** *in die lig van die destydse omstandighede en voorstellinge, maar veral ook in die lig van die aard van die geloofsuitsprake waarin dit voorkom. Verhaal en lied kan nie met leerstelsel en dogmatiek deurmekaar gehaal word nie. Dan sal dit ons ook behoed van die gevaarlike speletjie van sommige sogenaamde "moderne" teoloë, wat dit met allerlei aktualisties-filosofiese armslae aanvaarbaar probeer maak.*

**Finale besluit deur Algemene Sinode Ned. Ger. Kerk, vgl. *Handelinge, 1990***

***5.2 WEGLATING VAN "EN TER HELLE NEERGEDAAL HET" UIT DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS (BL 428, B3.5.2)***

***5.2.1*** *In die lig van die omvattende rapport wat in hierdie verband voor die Algemene Sinode van 1986 gedien het, volstaan die vergadering met die bewoording "ter helle neergedaal het" omdat dit die oneintlike betekenis van Christus se lyding beter uitdruk en in ooreenstemming met die historiese en Skriftuurlike gegewens is.*

***5.2.2*** *Die Algemene Sinode versoek predikante om die agtergrond en betekenis van hierdie terminologie aan die hand van 'n toepaslike teksgedeelte en die bestaande rapport (Agenda, Alg. Sin 1986: 101) by geleentheid in die prediking te behandel.*

Tot sover die verslag, Algemene Sinode, N.G. Kerk.

### 3.4.2.4 Interkerklike en breër ekumeniese oorleg ten opsigte van kommentaar en voorstelle om die Algemene en/of die Gereformeerde Belydenisskrifte te herformuleer of aan te vul

Die kommissie wys doelbewus na die voorbeeld m.b.t. voorstelle dat die woord "vlees" in die Twaalf Artikels (die Credo) verander word. Ons eie sinode het so 'n voorstel op aanbeveling van die KKCE in 1999 afgewys ten gunste van die huidige formulering. Die term vlees word gehandhaaf. Ter bevestiging van ons eie kommissie se aanbeveling en ons sinodebesluit in 1999 het die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1990 die volgende beskrywingspunt van die sinode Suid-Transvaal **NIE** aanvaar nie. Vgl. Agenda 1990 bl 428 punt 5.3.

***B3.5.3 Wisselvorm van die Apostoliese Geloofsbelydenis***
*Na aanleiding van besware wat geopper is oor die gebruik van die woord "vlees" in die Apostoliese Geloofsbelydenis het die Sinode van Suid-Transvaal die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode deurgestuur:*

*Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die moontlikheid en wenslikheid te ondersoek om 'n wisselvorm van die Apostoliese Geloofsbelydenis op te stel wat die verband tussen die twaalf artikels duideliker sal uitlig. Hierdie wisselvorm moet die Reformatoriese voorbehoud en interpretasie van die Apostoliese Geloofsbelydenis uitlig sonder om die ekumenisiteit van die belydenis prys te gee. Hierdie belydenis moet in eietydse idioom wees sodat elkeen met die uitspreek daarvan kan identifiseer en die betekenis daarvan maklik kan verstaan en toe-eien.*

Ons moet dankbaar wees oor die waaksaamheid van gees, die gesprek en besinning insake die Skrifgesag, die konfessies en kerkleer, en tegelyk versigtig wees om nie dieselfde beskrywingspunte te herhaal nie. Uit bovermelde dogmenhistoriese agtergrond blyk dit nodig te wees om ons eie vorige sinodebesluite hieroor te raadpleeg, maar veral ook die **motivering** van die betrokke kommissies, dit t.w.v. kontinuïteit. Daarmee beweer ons nie dat vorige sinodebesluite allesins absoluut finaal is nie.

**Dr. Abraham Kuyper oor "ter helle neergedaal"**
Hy regverdig die term soos volg: (direk vertaal):
"In die terme neergedaal ter helle lê skynbaar (oënskynlik) opgesluit dat ook die middelaar van hierdie aarde **onder** hierdie aarde tot in die laagte en diepte van die plek van rampsaligheid afgedaal het", maar ons wys op die volgende ... En dan wys hy, soos ook die NG Kerk memorandum hier ter sprake, op die eintlik **spreekwoordelike** wyse wat die uitdrukking inhou:

(1) "Ons spreek ook van "duisend dode sterwe" as die angs en verskrikking van die sterwe alleen maar in die siel en in die verbeelding deurworstel is, sonder dat daar werklike sterwe ter sprake is."

(2) In die Heilige Skrif word die poorte van die hel aan ons voorgestel as beginnende in die graf, die rede waarom ook Psalm 16 lui "gy zult myn ziel in de hel niet verlaten"; en deurgaans die denkbeelde van dood, graf en hel wat in die Skrif afwissel met mekaar, met dien verstande, dat die graf werklik die voorpoort van die hel is, maar so dat die eintlike gehenna (hel) eers daarna begin."

(3) Die "nederdaling ter helle" is as term gekies om in die gewone taal te stel soos die sondaar ly onder die sondelas en sondeskuld. Die nie-geredde sondaar daal werklik neer ter helle.

Kuyper sluit af; "So sien ons, hoe metterdood alle probleme hier wegval en ook hierdie gedeelte van ons belydenis helder in die volle lig van die vertroosting met ons spreek.

Vgl. A. Kuyper in E-Voto Dordraceno Band I, oor Sondag 16, H. Kategismus, bl 448. Uit sy 3-delige standaardwerk oor die H. Kategismus.

**B. Wielenga**. Net soos Kuyper relativeer Wielenga die besware teen die term "ter helle neergedaal". Saaklik net enkele grepe, direk vertaal uit Nederlands. "Die Seun van God in die hel! Wat laat die

kerk dit bely! Hoe durf ons dit naspreek? Ons kan dit alleen doen as ons erken dat ons in 'n diepte lewe, wat die diepste neerdaling van Christus noodsaak."

Die belydenis noem alleen hom: **Jesus Christus, neergedaal ter helle**. Namate die persoon van die middelaar allesbeheersend, allesdraend, op die voorgrond staan, word die onderskeiding tussen eintlik of oordragtelik van minder betekenis. Daar is reeds bely, dat Christus die toorn van God teen die sonde van die menslike geslag gedra het, tydens sy hele lewe, en veral aan die einde. Wat is dit anders, wat **kan** dit anders wees as die hel, en watter verskil maak dit, of Christus die toorn ondergaan het in die plek waar die verlorenes is, óf in [Getsemane=Getsemanê] óf op Golgotha?
Vgl. B. Wielenga, Onze Catechismus Band I oor Sondag 16, bl 398-399. Een van die gereformeerde standaardwerke oor die H. Kategismus.

**K. Schilder**. Ons móét dit minstens noem, sy formulerings daargelaat vanweë ruimtegebrek. Die mees unieke en uitstaande lydenspreke in die gereformeerde literatuur is vervat in sy drie bande oor die lye van Christus (totaal 1606 pag). Dit val op hoe onbevange en vanselfsprekend hy werk met die begrip "ter helle neergedaal" as hy Christus se lye in alle fases en aspekte bespreek. Ons verwys veral na die preek Christus onder helsche hoon, in Christus in zyn lyden, I bl 162 v.v. Binne die geheelkonteks in perspektief pas die begrip "neerdaling ter helle" as vanselfsprekend in. Die probleme duik op as dié begrip geïsoleerd onder die loep geneem word.

Bogenoemde voorbeelde van Kuyper, Wielenga en Schilder kan met ander prominente gereformeerde dogmatici vermenigvuldig word, in die lig van die totale konteks en perspektief van hulle gedagtegang.

**Taalgebruik oor helse smarte in die Nagmaalsformulier**. Insover die term "neergedaal ter helle" misverstand by sommige lidmate kan veroorsaak, is dit tegelyk waar dat die Nagmaalsformulier dit baie verhelderend omskrywe vir die gemeente en daarna luister hulle ook gereeld. Dis beligtende aanvulling tot die Apostoliese Geloofsbelydenis as ons lees: "en het Hom (Christus) verneder tot in die diepste angs en versmaadheid van die hel, met liggaam en siel aan die kruishout."

Vgl. Klassieke Formulier om die Heilige Nagmaal te hou.

### 3.4.2.5 Die beskrywingspunt se verskuiwing van die komma na Pontius Pilatus verder aan tot na gely het, ...

Die huidige formulering in die Credo, d.w.s. Apostoliese Geloofsbelydenis hang saam met vraag 38 van Sondag 15 in die Heidelbergse Kategismus wat so lui: Waarom het Hy onder Pontius Pilatus gely?

**Antwoord**: Sodat Hy wat onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is (a) ons daarmee sou bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

Die nuwe voorstel verreken dit nie. Om saaklik te bly bied ons hier slegs **G.C. Berkouwer** se grondige motivering t.o.v. die huidige formulering ook in die Credo, (direk vertaal) as hy handel oor vr. 38, Sondag 15.

"Dis baie opvallend omdat die historiese feitlikheid van Christus se lye onder Pilatus in 'n bepaalde **lig** gesien word, die **lig van die heil**. Dit het gegaan om die **sin**, die **betekenis** van die lye **vir ons**, waarin die **vergifnis van sonde** en die **ewige lewe** 'n plek kry. Dat die 'gely het onder Pontius Pilatus' so verstaan is ook in die ou kerk hang uit die aard van die saak saam met die feit dat die Skrif ons in die ontmoeting tussen Christus en Pilatus duidelik op die **regter** wys en allermins op sy persoon. Berkouwer vervolg: Die kategismus verdiskonteer die spesifieke **funksie** van Pilatus as regter in verhouding tot Christus se werk **vir ons**. Die interpretasie van die 'gely onder Pontius Pilatus' sien hierdie geskiedenis **in die lig** van God se handelinge en daarmee ook in soteriologies (verlossende, saligmakende) lig, soos ons dit ook in die Heidelbergse Kategismus so duidelik opmerk."

"In Pilatus se handelinge met Christus is dit materiaal vir die soewereine, oormagtige handelinge van God." Pilatus handel hier as persona publica en die regterlike vonnis gaan oor die Seun van die mens."

Vgl. G.C. Berkouwer se "Het werk van Christus" (*Dogmatische Studies*) bl 168 tot 171. Vgl. ook A. Kuyper in *E Voto Dordraceno* (oor Heidelbergse Kategismus) Band I, bl 411 wat die "gely het onder Pontius Pilatus" sien as 'n gebeure met 'n diepe **sin**, dit gaan in die sterwe van Christus om 'n geregtelike moord deur die wêreldse regter, en dit alles onder die majesteitlike beskikking van God in sy heilsplan.

**Slotsom**: Ons kan dus **nie** die komma verskuiwe sonder om die diepere sin van daardie spesifieke aspek in die werk van Christus te elimineer nie.

### 3.4.2.6 Die beskrywingspunt en die Athanasium en Nicea konfessies

Dit is waar dat bg. 2 algemene konfessies nie "ter helle neergedaal" bevat nie. Dis egter voor die hand liggend in die lig van die opset, motiewe en spesifieke leerkwessies by die onderskeie vroeë konsilies en kan in die dogmengeskiedenis en die vak Simboliek glashelder uitgelig word. Selfs ons eie Drie Formuliere van eenheid uit dieselfde tye van die Hervorming dek nie presies dieselfde temas nie. Aldrie behandel ook sentraal die persoon en werk van Christus maar in die Ned. Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls kom die term neerdaling ter helle nie voor nie.

So is die Athanasium spesifiek toegespits op die Triniteitsleer teenoor al die destydse dwalinge daaroor, en Nicea se konsilie was toegespits op die verhouding tussen God die Vader, en die Seun Jesus Christus, teenoor die dwalinge van Arius, ook oor die leer van die Drie-Eenheid en die Goddelike natuur van Christus.

### 3.4.2.7 Opsommend oor beskrywingspunt I

1. Die term *ter helle neergedaal* is in alle behoudende gereformeerde kerke sedert die Hervorming gehandhaaf, alle gesprekke en kritiese opmerkings ten spyt. Binne die N.G. Kerk was dit vanaf die 1940-er jare pertinent aan die orde en baie prominent op die 1986 en 1990 Algemene sinodes, waar die status quo gehandhaaf is. Die meeste van die huidige lidmate van die AP Kerk was in 1986 nog lidmate van die N.G. Kerk toe die memorandum hierbo genoem op die 1986 sinode gedien het, wat vier jaar daarna tot die besluit tot handhawing van die huidige formulering gelei het. In kerklike opset is dit redelik onlangs.

2. Leidinggewende gereformeerde teoloë het sedert die Hervorming tot tans die sin en betekenis van hierdie terme deeglik belig en verduidelik, ook wat betref die oordragtelike, spreekwoordelike, nie-eintlike bedoeling daarvan. Hierdie perspektief binne die geheelkonteks van Christus se lye bevestig duidelik die geldigheid van die huidige terme - *ter helle neergedaal.*

3. Ons kan en moet die misverstande wat by lidmate hieroor kan bestaan met pastorale liefde hanteer, maar die regte voorligting, vanaf minstens die senior verbondsonderrig en verder kan die probleme uitskakel. Ons weet van verskeie lidmate wat die "ter helle" sien in die lig van die Nagmaalsformulier se terme oor Christus se helse lye en hulle probleem het verdamp.

4. Geen behoudende Protestantse, en dan meer spesifiek, gereformeerde kerk kan op sy eie die Credo (Apostoliese Geloofsbelydenis) verander nie. Dis algemene kennis. As ons dit sou doen trek ons juis 'n rooi streep deur ons belydenis in dieselfde Credo van "**EK GLO** aan 'n heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges". Ons moet ons ekumeniese wellewendheid handhaaf en 'n jong kerk wat 13 jaar gelede gestig is sal 'n groot fout begaan om uit te breek uit hierdie "Christian Gentlemens Agreement" wat wêreldwye gelding geniet - d.w.s. by goeie geesgenote - tot **baie** ver buite ons grense.

5. As ons die Apostoliese Geloofsbelydenis se terme sou verander is die vraag wat ons doen met die Heidelbergse Kategismus Sondag 15 vr. 44, terwyl die Heidelbergse Kategismus juis as 'n streng outentieke (quia) vertaling geld wat as primêre maatstaf gesien word.

**AANBEVELING**
**3.4.2.8 Die sinode handhaaf die huidige bewoording en punktuasie van die Apostoliese Geloofsbelydenis.**

**3.4.3 Beskrywingspunt 2**
**Apostoliese Geloofsbelydenis**
"Vanwaar hy sal kom om die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het te oordeel" is die voorstel van die Ring. "Die Kommissie wil dat die formulering soos dit tans is gehandhaaf word. **Die** formulering is al deur baie tregters oor baie kerklike jare. Die huidige formulering bedoel om Christus se persoon en sy werk as 'n eenheid te stel nl. Christus kom, en met watter doel? Dit moet direk daarop volg: om te oordeel." Dit maak diepe sin om die doel van sy koms direk te stel, en daarna die voorwerpe van sy oordeel.
Bogenoemde geld ook t.o.v. die Ring se voorstel oor die belydenis van Nicea, asook punt 38 en 40.

**Geloofsbelydenis van Athanasius**
**Punt 38**. Voorstel van die Ring dat dit moet lui: "Hy het op die derde dag opgestaan uit die dode" – weglating van *weer*. Dis tog veelseggend dat die huidige formuliere ekumenies deur soveel eeue nie "independenties" deur sekere kerke gewysig is nie. Daar moet 'n bepaalde motivering wees waarom dit so gehandhaaf is. Die weer hoef **nie** te beteken dat Jesus twee keer opgestaan het nie, maar die mees klaarblyklike is dat bedoel word: Jesus het gesterwe, maar Hy het **nie** in die graf gebly nie maar weer opgestaan. Net soos 'n mens kan sê dat mnr. X na die stad gegaan het maar hy het nie daar gebly nie maar weer teruggekom.

Dit geld ook vir punt 38 van die Ring se voorstel – die woord "weer" word gehandhaaf, aldus die kommissie.

**Punt 41**.
(i) Die Ring stel dat "weer" weggelaat word. Hier geld dieselfde motivering soos by punt 38 gestel. Die opstanding geskied nie twee keer nie, maar dit dui op 'n **opeenvolging** van gebeure.
(ii) Die Ring formuleer soos volg: "by wie se koms **alle** mense sal opstaan in hulle **verheerlikte** liggame. In hierdie formulering is 'n veralgemening asof **alle** mense met **verheerlikte** liggame sal opstaan, terwyl dit net van die gelowiges in Christus kan geld. Die Athanasium stel dat hulle opstaan in hulle **eie liggame** d.w.s. gelowiges en ongelowiges. Vgl. Daniel 12:2. **plus** Openb. 20 vs. 11-15, Mt. 24:40.

**AANBEVELING**
**3.4.3.1 Die huidige formulering van die Athanasium word gehandhaaf.**

**3.5 KINDERS EN DIE NAGMAALSBEDIENING**
Die *Sakelys sinode*, bl 271, pt. 3.6, beskrywingspunt, ring van Bloemfontein. Dit lui: "Die ring van Bloemfontein dra dit op aan alle eersvolgende sinode van die AP Kerk of aan die toepaslike Kommissie van die sinode om 'n sinvolle studiestuk op te stel ten opsigte van die bediening van die Nagmaal aan kinders en dit aan die kerkrade beskikbaar te stel."

Vgl. *Handelinge 1999* bl 492 pt 3.6 vervolg. Sinodebesluit, pt. 3.6.3. *Die beskrywingspunt word goedgekeur en opgedra aan die KKCE.*

Die Kommissie vind dit tog baie sinvol dat ons kerk deeglik kennis neem van hierdie tema, terwyl dit ook by twee ander gereformeerde kerke in ons land ter sprake is, alhoewel nog nie op sinodale vlak nie. Ons het hierdie verslag sover as moontlik verkort maar andersyds het dit net waarde as die standpunte en motivering volledig deurgegee word om te kan evalueer. Ons volgorde is: die N.G. Kerk se motivering daarvoor; die finale besluite daarvoor, die minderheidsverslae daarteen binne die N.G. Kerk en enkele ander voorbeelde van kritiek buite die N.G. Kerk; kritiek wat waardevolle toevoeging is. Ons het vir hierdie data met waardering die positiewe samewerking van die argief van die N.G. Kerk OVS gehad. Data uit die agenda en Acta word deurgegee sodat ons 'n goeie **oorsig** kan verkry.

**Besluite en motivering soos gegee in die Agenda, Algemene Sinode, N.G. Kerk, 1998**
*Bl. 52: Die G.E.R. wil nie in hierdie saak voorskriftelik optree nie. Maar kerke word opgeroep om aan die hand van 'n verslag van 1992 erns te maak met die behoeftes van kinders. [G.E.R. is Gereformeerde Ekumeniese Raad]. Behalwe dat die besluite van GER 1988 herbevestig is, word gewys op die volgende sewe beginsels waarop ooreengekom is deur 'n taakgroep van die GER (1993):*

**1 Alle lidmate (volwassenes en kinders) is volwaardige lidmate van die kerk.*
**2 Die doop is teken van die verbond en bewys van lidmaatskap van die kerk van Christus.*
**3 Meningsverskil oor die sakramente durf nie tot verdeeldheid in die kerk lei nie.*
**4 Beide sakramente voed die geloof.*
**5 Deelname aan die sakramente het 'n merkbare Christelike getuienis tot gevolg.*
**6 Voortgaande opleiding is nodig om geloofsgroei te verseker.*
**7 Die Christenjeug word opgeroep om in kerk en samelewing getuies te wees.*

***BYLAE A6-1** (bl. 116)*
***KINDERS AAN DIE NAGMAALSTAFEL***

*Baie kerke in verskeie lande gee tans aandag aan die toelating van kinders tot die nagmaalstafel. Sommige kerke beoefen die praktyk vir byna twee dekades: die Gereformeerde Kerke in Nederland sedert 1976 en die Evangelische Kirche in Duitsland sedert 1980.*

*Die Gereformeerde Ekumeniese Raad het in 1984 hieroor besluite geneem en in 1992 is die verskillende kerke versoek om ook daaraan aandag te gee. Die GER het in 1996 weer eens hieroor besin. In talle lidkerke van die GER, veral in die westerse lande, word kinders tot die nagmaal toegelaat.*

## *1. OPDRAG*

*Die Algemene Sinode het in Oktober 1994 besluit om in 1998 oor die saak van kinderkommunie te besluit.*

*Die Sinode het vervolgens besluit:*
***1.1** Die AJK in samewerking met AKLAS, AKE (Subkommissie) en ARK kry opdrag om al die huidige, vorige en ander gegewens oor kinderkommunie te verwerk in 'n memorandum met verskillende standpunte en dit word deurgestuur aan die sinodes vir oorweging en insette.*
***1.2** Hierdie memorandum plus die insette van die sinodes asook nuwe gegewens word deur die AJK, in samewerking met die ander genoemde kommissies van die Algemene Sinode, verwerk in 'n rapport wat voor die volgende Algemene Sinode gelê word vir oorweging (Handelinge bl 449 pt 2.3 12.4).*

## *2. AGTERGROND*

### *2.1 Besluite van Algemene Sinode*
#### *2.1.1 Algemene Sinode van 1990*
*In 1990 het 'n ad hoc-kommissie wat besin het oor die vernuwing van die erediens met die oog op die kinders, aan die Sinode verslag gedoen.*
*Die deelname van kinders aan die nagmaalstafel is ook aangeraak. (Agenda Alg Sin 1990 bl 208).*
#### *2.1.2 Algemene Sinode van 1994*
*In Oktober 1994 het AKLAS en die AJK in hulle verslae oor die deelname van kinders aan die nagmaalstafel gerapporteer.*
*Die besluit van die Algemene Sinode in 1994, soos vervat is in pt 1 "Opdrag", is dat die Sinode eers in 1998 'n besluit neem oor die kinders se deelname aan die nagmaal. Sinodes se insette word in 'n rapport verwerk en in 1998 aan die Sinode voorgelê.*

### *2.2 Verskeie uiteenlopende standpunte*

*Die Algemene Sinode het besluit dat die verskillende standpunte oor die deelname van kinders aan die nagmaal aan sinodes voorgelê word. Die ad hoc-kommissie het hieraan uitvoering gegee. Daar is verskeie uiteenlopende argumente wat tot dusver gebruik is ten opsigte van die saak.*

***2.2.1 Argumente daarteen***

*In die diskussie oor die toelating van kinders tot die nagmaal word onder andere die volgende teenargumente geopper:*

***2.2.1.1*** *Die praktyk van die toegang tot die nagmaal na deeglike kategese en openbare belydenis van geloof word deur 1 Kor 11:27-34 gesteun. Die nagmaalganger moet deeglike kennis hê en "besef" dat dit die "liggaam" van Christus is. Hy moet "selfondersoek" kan doen. Verder moet hy nie op 'n "ongepaste wyse" eet en drink nie.*

***2.2.1.2*** *Die Heidelbergse Kategismus (veral Vraag 81 en 82) sê duidelik dat deelnemers aan die nagmaal "vanweë hulle sondes 'n afkeer in hulleself het ... en (dié wat) begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter". Die vraag is of kinders hierby ingesluit kan word.*

***2.2.1.3*** *Die kategese is primêr gerig op onderrig met die oog op toelating tot belydenis en die toegang tot die nagmaalstafel.*

***2.2.1.4*** *Die toelating van kinders tot die nagmaal impliseer dat die verbond so wyd gesien word dat dit lei tot die leer van die "veronderstelde wedergeboorte". Op grond hiervan is alle gedooptes deel van die liggaam van Christus en het dus die reg op toegang tot die nagmaal.*

***2.2.1.5*** *Die doop en nagmaal is wel albei sakramente maar hulle kan nie op gelyke voet gestel word nie. By die doop is die kind passief en vóór volwasse doop moet die persoon eers geleer word en sy geloof kan bely, voordat hy toegang kry tot die doop en die nagmaal.*

***2.2.1.6*** *Die Pasga en die nagmaal is twee verskillende feeste. Die twee kan nie gelyk gestel word nie.*

***2.2.1.7*** *Volgens die bevindinge van opvoedkundiges kan die kleiner kind moeilik die abstrakte betekenis van die nagmaalsimbole verstaan.*

***2.2.2 Argumente daarvoor***

*In die diskussie oor die toelating van kinders tot die nagmaal word onder andere die volgende argumente daarvoor geopper:*

***2.2.2.1*** *Die onwaardige gebruik van die nagmaal waarteen Paulus in 1 Kor 11 waarsku is waarskynlik teen volwassenes gemik. Dit is opvallend dat Paulus ten spyte van die misstande, niemand die nagmaal verbied nie. Hy waarsku nie teen persone nie, maar teen die wyse waarop die nagmaal gevier word (vers 27). Sommige ly honger en ander drink te veel. Hulle sondig teen die gemeenskap. In die gedeelte is daar geen aanduiding van die ouderdom van die persone wat nagmaal gebruik nie.*

***2.2.2.2*** *Daar is in die Nuwe Testament geen uitdruklike voorbeeld dat kinders by die nagmaal betrokke was nie (ook nie vroue nie!) Dit word nóg aanbeveel nóg verbied.*

***2.2.2.3*** *Die Heidelbergse Kategismus, Vraag 81: "Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?", veronderstel kennis van die betekenis van die nagmaal - dit sluit nie kinders uit nie. Trouens, kinders word op grond van 'n eenvoudige kennis en belydenis tussen 7 en 16 jaar gedoop.*

***2.2.2.4*** *Die sakramente bevat nie magiese werking los van God se heilstoesegging nie. Die geloof van die ontvanger maak nie die tekens tot genadetekens nie. 'n Kind wat die teken ontvang - sonder dat hy bewustelik glo - verander niks aan die belofte van God nie. Die beswaar dat kinders nie kan glo, onderskei, selfondersoek doen en bely nie, verraai die Protestantse neiging tot individualisme. Dit is dieselfde argument wat ook teen die kinderdoop gebruik word, naamlik dat suigelinge nog nie kan glo nie. Wie vanuit die verbondsgemeenskap dink, het hiermee geen probleem nie.*

***2.2.2.5*** *Die klem op die verbondsgemeenskap, wat almal insluit, bring mee dat die kinders nie uitgesluit word nie. Dit word beweer dat die toelating van kinders tot die nagmaal 'n gevolg is van die nuwe klem op die "gemeenskap" waarin gelowiges deel het. Die konklusie is dus: as die liggaam van Christus funksioneer, word dit gou duidelik dat kinders nie alleen 'n wesentlike deel van die gemeente is nie, maar ook geregtig daarop is om 'n plek te hê aan die nagmaalstafel.*

***2.2.2.6*** *Kinders in oud-Israel het deelgeneem aan die feeste en die Pasga (Eks 12.24-27). Daarom behoort hulle ook aan die nagmaal deel te neem.*

***2.2.2.7*** *Die nagmaal is 'n sigbare teken en seël, aldus die Heidelbergse Kategismus, om ons te help om die evangelie beter te verstaan en om ons geloof te versterk (Vraag 65, 66 en 75). Indien die volwassenes die versterking nodig het, dan het kinders dit ook nodig in die stryd van die lewe. Die nagmaal vervul ook 'n waardevolle opvoedingsfunksie. Juis die nagmaal kan daartoe dien dat ook*

*die troosryke betekenis van die doop, naamlik dat die dopeling volledig deel is van die verbondsgemeenskap en daarom deel in al die beloftes van die evangelie, beter verstaan word. Die feeste in die Ou Testament het 'n belangrike funksie vervul in die verbondsopvoeding van die kinders.*

***2.2.2.8*** *Baie jong ouers vra dat die kinders toegelaat word tot die nagmaal, omdat hulle 'n sterk aksent lê op die gesinsband en ons-saam-belewing van die godsdiens ervaar. Deur die kinders nagmaal te laat gebruik word die kinders gebind aan die gemeente en is daar groter betrokkenheid by hulle.*

***2.2.2.9*** *In die geloofsonderrig van die kinders word belewenis en betrokkenheid beklemtoon.*

### *2.3 Besluite van Sinodes*

*Al die sinodes het hieraan aandag gegee en die kommissie het kommentaar en insette van al die sinodes ontvang en behandel en in die verslag verreken. Die ad hoc-kommissie het die kommentaar van sinodes so geïnterpreteer dat al die sinodes, behalwe die Oranje Vrystaat, ten gunste was van die toelating van kinders tot die nagmaalstafel.*

### *2.4 Kommentaar van kommissies*

*Die ad hoc-kommissie het telkens van die verskillende kommissies of hulle verteenwoordigers kommentaar ontvang, dit deeglik oorweeg en waar moontlik ingewerk.*

## *3. BEVINDINGE*

### *3.1 Teologiese uitgangspunte*

*Die nagmaal is 'n maaltyd vir die verbondsgemeenskap met die oog op geloofsgemeenskap en die versterking van geloof.*
*Dit hou in dat dit*

- *'n gedagtenismaaltyd;*
- *'n waarborg;*
- *die viering van die gemeenskap met die lewende Heer en met mekaar;*
- *verkondiging van ons toekomsverwagting;*
- *'n vreugdefees en*
- *'n fees van dankbaarheid is. (Vgl. Nagmaalsformulier.)*

*Almal wat aan die verbondsgemeenskap behoort, het die reg van deelname aan hierdie maaltyd. Kinders is ingesluit by die verbondsgemeenskap en het in oud-Israel as babas die besnydenis as teken daarvan ontvang. Daarom het kinders deel gehad aan die godsdienstige feeste en was hulle ook betrokke by die pasgaviering.*

*In die Nuwe Testament dien die doop as teken van insluiting in die verbondsgemeenskap. Dit impliseer die reg van deelname aan die verbondsmaaltyd, die nagmaal. Die vraag is op watter wyse van hierdie reg gebruik gemaak kan word. Daar is egter min inligting in die Nuwe Testament oor die wyse waarop die nagmaal gevier is.*

*Op 'n stadium in die vroeë kerk is verstaan dat soos wat kinders deel het aan die doop, hulle ook deel aan die nagmaal het. Die suigelingdoop het ook suigelingkommunie tot gevolg gehad. Hierdie praktyk het tot minstens die dertiende eeu voortgeduur.*

*Die Reformatore het beklemtoon dat daar 'n onderskeid tussen die doop en die nagmaal is. Die doop is 'n eenmalige gebeurtenis wat dien tot inlywing in die geloofsgemeenskap waarby die kinders passief betrokke is. Die nagmaal is 'n herhalende en voortgaande teken waaraan bewustelik en aktief deelgeneem word tot geloofsversterking.*

*Calvyn het gesê wie gedoop is mag nie die nagmaal geweier word nie. Hy het egter die suigelingkommunie afgewys. Die nagmaal is slegs bedoel vir diegene wat ouer is. Dit is vir "diegene wat in staat is om die liggaam en bloed van die Here te onderskei, hulle eie gewete te ondersoek, die dood van die Here te verkondig en die krag daarvan te oorweeg" (Institusie IV, 16, 30).*
*Kinders is op 'n later ouderdom ná kategetiese onderrig en persoonlike ondervraging toegelaat tot die nagmaal. Hulle moes blyke gee van hulle geloof.*

*Van besondere belang is die gegewens in 1 Korintiërs 11 waar daar sprake is van "verkondiging van die dood van die Here" (vers 25 en 26), die gebruik op 'n "ongepaste wyse" (vers 27), "selfondersoek" (vers 28) en 'n "besef" (vers 29) van die betekenis daarvan. Dit word ook in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 30, vraag 81, verwoord.*

*Die vraag is nou waarom dit dan in 'n vroeër ouderdom as tot dusver behoort te gebeur. Die volgende argumente behoort in hierdie verband in berekening gebring te word:*

- *Die geloofstryd word nie net deur volwassenes gestry nie. Dit is juis ook kinders en jongmense wat die versterking van die nagmaal nodig het.*
- *By die gebruik van die nagmaal ervaar en bely die deelnemer dat hy deel is van die geloofs-gemeenskap. Hieraan het vandag se kinders 'n groot behoefte. Die huidige strewe om die kinders by die eredienste te betrek, behoort ook*
- *deurgetrek te word na die nagmaal. In ons samelewing word kinders al minder buite die wêreld van die volwassenes gehou en lewe steeds meer bewus mee in die volwasse wêreld.*
- *Ons samelewing beklemtoon die noodsaaklikheid van leer deur deelname en ervaring. Die rol en betekenis van simbole en rituele word ook opnuut beklemtoon.*

*Hierbo is aangedui dat die kinders as lede van die gemeente die reg het om deel te neem aan die nagmaal. Hulle moet dit egter bewustelik en verantwoordelik kan doen.*

*Daar moet 'n praktiese reëling getref word oor wanneer die kind daaraan behoort deel te neem.*

### *3.2 Deelname van kinders aan die nagmaal in die praktyk*

*Die volgende praktiese implikasies van die besluit oor die kinders se deelname aan die nagmaal behoort, ter wille van die goeie orde en eenheid in die kerk, deeglik in ag geneem te word.*

#### *3.2.1 Gemeentes*

*Alle gemeentes in die Ned Geref Kerk is nie dieselfde nie. Wanneer die gevestigde praktyk van die toelating tot die nagmaal na die aflê van belydenis van geloof verander word; sal alle gemeentes nie ewe gereed wees vir so 'n verandering nie. Hierdie diversiteit moet gerespekteer word. Verandering moet dus met sensitiwiteit hanteer word met inagneming van 'n spesifieke gemeente se oortuiging daarvoor, ten einde onder meer spanning en twiste te vermy. Daar moet dus begrip vir sulke gemeentes openbaar word. Alhoewel die Algemene Sinode die beginselbesluit neem om kinders tot die nagmaal toe te laat, behoort elke kerkraad self te kan besluit wanneer die gemeente gereed is vir die implementering van hierdie praktyk.*

*Dit kan dus gebeur dat die praktyk nie dadelik in alle gemeentes ingevoer word nie. So 'n reëling hou wel die nadeel in dat gesinne kan verhuis van 'n gemeente waar kinders tot die nagmaal toe-gelaat is na 'n gemeente waar dit nie die geval is nie. Dit is egter deel van die groeiproses in die kerk en behoort minder problematies te wees as wanneer gemeentes teen hulle wil gedwing word om kinders tot die nagmaal toe te laat.*

#### *3.2.2 Vereistes vir deelname aan die sakramente*

*'n Argument wat gebruik word om te sê dat geen vereistes gestel moet word nie, is byvoorbeeld die kwessie van persone wat verstandelik gestrem is en ten spyte van baie min kennis tog toegelaat word om die nagmaal te gebruik. Die uitsondering behoort egter nie die reël te bepaal nie. By albei sakramente is daar wel sekere vereistes vir deelname. Wanneer kinders gedoop word, word verwag dat ouers ongesensureerde belydende lidmate is, wat hulle geloof prakties uitleef en vanuit die verbond hulle self tot sekere verantwoordelikhede verbind. So word ook volgens die Bybel, belydeniskrifte en formulier sekere vereistes gestel vir die deelname aan die nagmaal. Byvoorbeeld: Dit is noodsaaklik dat deelnemers aan die nagmaal deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter sal verstaan. (Heidelbergse Kategismus Vraag 65 en 66.) Volgens 1 Kor 11:27-34 moet die nagmaalsganger ook kan verstaan dat dit die "liggaam" en "bloed" van Christus is en selfondersoek kan doen. Verder moet hy nie op 'n "ongepaste wyse" eet en drink nie. Die belangrikste vraag is nou op watter stadium 'n kind in staat is om die nagmaal op hierdie wyse te gebruik. Dit is moeilik en waarskynlik onmoontlik om 'n spesifieke ouderdom vas te stel wanneer die gebruik van die nagmaal sinvol sal wees vir 'n kind. Wat 'n minimum ouderdom betref oordeel kerke verskillend. Sommige laat reeds suigelinge tot die nagmaal toe, ander bepaal 'n ouderdom wat wissel tussen 3 en 14 jaar. Meesal word kinders eers vanaf skoolgaande ouderdom toegelaat tot die*

*nagmaal. Ter wille van goeie orde en as 'n praktiese reëling behoort die Ned Geref Kerk 'n minimum ouderdomsvereiste te stel.*

### *3.2.3 Gesprek met kinders*

*Kinders word nie outomaties tot die nagmaal toegelaat nie. Met kinders, wat vir die eerste keer nagmaal wil gebruik, moet 'n gesprek gevoer word waarin vasgestel word of die merktekens van die geloof in die kind se lewe sigbaar is en of hy die betekenis van die nagmaal verstaan. Elke kerkraad is verantwoordelik vir die gesprek en besluit in die lig van plaaslike omstandighede, hoe om dit te voer.*

*'n Gesprek word met kinders, wat aan die nagmaal wil deelneem, gevoer oor die betekenis van die nagmaal waarin die volgende sake aangeraak word:*

- *die brood en wyn wys op die middelaarswerk van Jesus Christus wat vir ons gesterf het;*
- *deur die genadetekens verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van al ons sondes;*
- *deur deel te neem aan die nagmaal sê ons dat ons glo dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons God liefhet en vir Hom alleen wil lewe.*

*Daar is verskeie moontlikhede om die gesprek tot die toelating van kinders tot die nagmaal te hanteer, byvoorbeeld:*

1. *Ouers voer 'n gesprek met hulle kinders en meld aan by die kerkraad dat hulle kinders gereed is om deel te neem aan die nagmaal. Hulle onderneem om saam met hulle kinders die nagmaal te gebruik en om voortdurend die nagmaal verder aan hulle te verduidelik.*
2. *Die wyksouderling en of 'n kommissie van die kerkraad hanteer die gesprek met die kinders en die ouers.*

### *3.2.4 Begeleiding van ouers*

*Die deelname van die kinders aan die nagmaal konfronteer ouers opnuut met hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die kind se geloofsonderrig.*

*Ouers moet opnuut nadink oor die betekenis van die nagmaal en die rol daarvan in hulle eie lewe. Dit is 'n deurlopende proses wat telkens 'n gesprek met die kinders meebring.*

*Ouers en kinders behoort saam pertinent voor te berei vir die nagmaal. In hierdie verband het ouers begeleiding nodig en die kerkraad moet deurlopend daaraan aandag gee. Indien ouers onbetrokke is en die kinders het 'n begeerte om deel te neem aan die nagmaal, moet die kerkraad met begrip en simpatie die situasie hanteer.*

*Kommissies van die kerk moet materiaal vir die begeleiding van ouers voorsien.*

### *3.2.5 Die kind deel van gemeentebediening*

*Die toelating van kinders tot die nagmaal plaas 'n nuwe aksent op die belangrikheid van kinderbediening. Aangesien die kind by deelname aan die nagmaal dit veral sterk beleef dat hy aan die gemeente behoort, sal die invoering van die kindernagmaal gepaard moet gaan met pogings om dieselfde ervaring oor die hele spektrum van die gemeente se lewe en werk aan die kind te kommunikeer. Die invoering van die kindernagmaal moet dus op holistiese wyse benader word.*

*Daar word tans groter aksent geplaas op die gemeente as die liggaam van Christus. Dit het ook besondere implikasies ten opsigte van die kind se plek in die gemeente en sy betrokkenheid in alle aspekte van die lewe en werk van die kerk. Verder word nuwe aksente in die geloofsonderrig gelê op die feit dat die kind allereers nie leer deur kognitiewe inhoude te ontvang nie, maar deur te belewe en betrokke te wees. Dit sluit aan by die nuwe benadering van die kategese, naamlik onderrig, viering en diens.*

*Dit is van die grootste belang dat bogenoemde agtergronde by die invoering van kinderkommunie verreken word. Dit sal dus op so 'n wyse moet geskied dat aan die spesifieke behoeftes van waaruit by die kinderkommunie uitgekom is, voldoen word. Samevattend kan veral die volgende behoeftes as oorsake genoem word:*

- *Die noodsaaklikheid dat die kind moet beleef dat hy ten volle deel van die geloofsgemeenskap is. Dit hang in besonder ook saam met die kind se behoefte aan geborgenheid en die behoefte om te voel dat hy "behoort aan".*
- *Die feit dat 'n kind se geloofslewe deur wat hy leer, beleef en doen gevorm word.*
- *Die noodsaaklikheid dat die kind ook in die gemeentelike betrokkenheid die eenheid van die gesinsband moet beleef.*

### *3.2.6 Liturgie*

*Geen aparte nagmaalsbyeenkomste behoort vir kinders gereël te word nie, omdat die nagmaal 'n gemeentelike byeenkoms is wat tydens 'n erediens, waar verbondsgesinne betrokke is, gevier word. By alternatiewe gesinsdienste, wat spesifiek op kinders gerig is en as erediens ingerig word, kan die nagmaal aan kinders bedien word.*

*Die nagmaalsdienste moet so ingerig word dat dit met die kind en sy behoeftes rekening hou.*

*In die nagmaalsliturgie moet daar nie net op die verkondiging en lering gekonsentreer word nie, maar die viering en aanbidding moet ook aandag kry. Op dié manier kan die kind deur die liturgie betrek word.*

*Aangesien die viering gekenmerk word deur 'n konsekwente gesinsgerigtheid, vra dit 'n mate van vereenvoudiging ten opsigte van taalgebruik en die hantering van die formulier. 'n Groter klem moet gelê word op die gebruik van (verstaanbare) metafore, simbole, rituele, die liturgiese kleure, ens. Kernagtigheid moet altyd die slagspreuk wees – téénoor 'n lang uitgespanne preek, gebede, formulier, ens.*

*'n Dialogiese (responsoriese) aanpak van die viering sal veel doen om die kinders (én volwassenes) betrokke te laat voel. In hierdie verband kan 'n dialogies-gestruktureerde formulier waardevol wees.*

*Daar is beslis 'n behoefte aan nuwe nagmaalsliedere met 'n spesifieke gerigtheid op die kind.*

### *3.2.7 Kategese*

*Die kategese en uiteindelike belydenis van geloof sal aangepas moet word by hierdie nuwe bedeling.*

*Kategete sal daarop moet let om in hulle byeenkomste voor nagmaalsgeleenthede en by bepaalde lesse in hulle sillabus, met groot sorg telkens die katkisante te herinner aan die voorregte en verantwoordelikhede van die nagmaal en 'n appél op hulle te maak om in geloof daarop te antwoord.*

*Die belydenisaflegging vorm steeds 'n afsluitpunt van die kerk se amptelik formele onderrig van sy dooplidmate. Daarna gaan die kerk se onderrigtaak egter voort tot in die ouderdom. Kategese is dus 'n faset van die kerk se lerende taak.*

*Met die toelating van kinders tot die nagmaal verval slegs een van die doelstellings vir die kategese tot 'n mate. (Vgl punt 11 hieronder.)*

*Met die doel en doelstellings soos goedgekeur deur die Algemene Sinode moet steeds rekening gehou word.*

*Die hoogste doel van kategese – wat ook die hoogste doel van alle kerkwerk moet wees*

***DIE EER EN VERHEERLIKING VAN GOD***

*Spesifieke kategese doelstellings – oorkoepelend vir al die gedifferensieerde afdelings van kategese:*
*Om in die kerk van Christus katkisante deur onderrig te begelei tot –*

1. *kennis van, liefde tot en diens van God*
2. *kennis van die Woord van God, sy ontstaan en kenmerke*
3. *gelowige aanvaarding van die waarhede van die Skrif*

4. *kennis van die kerk se belydenisskrifte*
5. *ontdekking van eie geestelike identiteit as verbondskind in die koninkryk van God*
6. *persoonlike geloofs- en liefdesverbintenis aan Jesus Christus, die Here*
7. *kennis van die kerk - sy lewe, werk en geskiedenis*
8. *volwaardige en getroue lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk*
9. *uitlewing van Christelike menseverhoudings*
10. *'n Skriftuurlike standpunt in etiese sake*
11. *openbare belydenis van geloof en toegang tot die nagmaal (vir diegene wat nog nie toegelaat is nie - behoort bygevoeg te word)*
12. *'n lewenswyse wat 'n Godverheerlikende getuienis lewer.*

*Die openbare aflê van die belydenis van geloof op minstens 16 jarige ouderdom moet gehandhaaf word, omrede:*

- *Dit bied die geleentheid om openbare belydenis te doen van 'n persoonlike geloofsverbintenis met God drie-enig en die openlike aanvaarding van die verbondsbeloftes.*
- *Belydenisaflegging bied die geleentheid aan die jong lede van die gemeente, en almal wat deur die doop tot lidmaatskap van die gemeente wil toetree, om hulle kennis en aanvaarding van die leer van die kerk te betuig.*
- *Dit bied die geleentheid tot bevestiging van 'n verbintenis met die kerk en die aanvaarding van die verantwoordelikheid van hierdie verbintenis.*
- *Persone wat bostaande belydenis afgelê het, verkry die reg om hulle kinders ten doop te bring en kan ook tot die kerklike ampte verkies word.*
- *Vir die adolessent is hierdie geleentheid tot 'n persoonlike belydenis en verbintenis, in terme van die prosesse van individualisering en identiteitsvorming wat by uitstek in hierdie fase funksioneer, 'n belangrike baken op die weg van geloofsgroei.*

*Belydenisaflegging is dus van groot belang vir die opbou van die gemeente, die bevordering van die eenheid van die kerk en die bewaring van die suiwer leer.*

### *3.2.8 Opsig en tug*

*Dooplidmate bly steeds onderworpe aan die vermaning, waarskuwing en bestraffing van die gemeente. Indien hulle egter van 'n voorreg van die kerk soos byvoorbeeld die nagmaal gebruik maak, stel hulle hulself onderworpe om daarvan ontneem te word indien hulle hulself aan tugwaardige sondes skuldig sou maak. Indien nodig kan 'n nuwe artikel 64.2.2 tussen die bestaande 64.2.1 en 64.2.2 ingevoeg word met die volgende strekking: "weerhouding van die gebruik van die nagmaal."*

## *4. AANBEVELINGS*

***4.1 Die Algemene Sinode besluit dat gedoopte kinders tot die nagmaal toegelaat mag word.***

***4.2 Die Algemene Sinode besluit dat ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk die toelating van kinders tot die nagmaal op die volgende wyse geskied:***

***4.2.1 Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is.***

***4.2.2 Hierdie besluit word op pastorale wyse uitgevoer sodat daar nie weerstand en twis rondom hierdie saak ontstaan nie.***

***4.2.3 Kinders word vanaf hul eerste skooljaar (graad 1) tot die nagmaal toegelaat.***

***4.2.4 'n Gesprek word met kinders wat aan die nagmaal wil deelneem gevoer waarin die volgende basiese geloofswaarhede aangeraak word:***

- ***die brood en wyn wys op die middelaarswerk van Jesus Christus wat vir ons gesterf het;***
- ***deur die genadetekens verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van al ons sondes;***
- ***deur deel te neem aan die nagmaal sê ons dat ons glo dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat ons God liefhet en vir Hom alleen lewe.***

***4.2.5 Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkraad om spesifieke reëlings te tref oor die wyse waarop die toelating plaasvind.***

***4.2.6 Die Algemene Sinode beklemtoon dat ouers hulle kinders moet begelei met die oog op die kinders se deelname aan die nagmaal en om die besondere geleentheid te benut om saam met hulle kinders die nagmaal te gebruik.***
***4.2.7 Die Algemene Sinode versoek kerkrade om deurlopend aandag te gee aan die toerusting en begeleiding van ouers sodat hulle hulle kinders kan begelei in die deelname aan die nagmaal.***
***4.2.8 Die Algemene Sinode dra dit aan die betrokke kommissies van die sinode op om die nodige materiaal vir ouerbegeleiding te voorsien.***
***4.2.9 Die Algemene Sinode dra dit aan die betrokke kommissies van die sinode op om elkeen op sy eie terrein die aanpassings te maak ten opsigte van die implikasies wat hierdie besluit meebring.***
***4.2.10 Die Algemene Sinode beklemtoon dat die spesifieke behoeftes wat gelei het tot die toelating van kinders tot die nagmaal, in die totale gemeentebediening aandag moet geniet.***
***Dit beteken dat kerkrade rekening moet hou daarmee dat***

- ***die kinders kan beleef dat hulle wesenlik deel van die gemeente is;***
- ***die kinders se geloofslewe deur wat hulle leer, beleef en doen, gevorm word; en***
- ***dit noodsaaklik is dat kinders ook in die gemeentelike betrokkenheid die eenheid van die gesinsband moet beleef.***

***4.2.11 Die Algemene sinode besluit dat geen aparte nagmaalsbyeenkomste vir kinders gereël word nie, omdat die nagmaal 'n gesamentlike byeenkoms is wat tydens 'n erediens, waar gesinne betrokke is, gevier word.***
***4.2.12 Die praktyk van kategese en belydenisaflegging word gehandhaaf in ooreenstemming met die vorige besluite van die Algemene Sinode.***
***4.2.13 Die Algemene Sinode wysig punt 11 van die spesifieke kategesedoelstellings om soos volg te lees: "Openbare belydenis van geloof en toegang tot die nagmaal vir diegene wat nog nie toegelaat is nie".***

*DR WPJ VAN WYK (Voorsitter - AJK*
*DR LC DRESSEL (skriba)* - *AJK*
*DR JMG PRINS* - *AJK*
*DR WJ BOTHA* - *AKLAS*
*PROF CJ WETHMAR* - *AKLAS*
*PROF JW HOFMEYR* - *ARK*
*DR MC BOTHA* - *ARK*
*PROF CJA VOS* - *AKE*
*PROF JS KELLERMAN* - *AKE*

***B.16 EREDIENS*** (Sakelys bl. 303)
***B.16.1 Kinderkommunie***

1. *Die nagmaal is nie net vir volwasse lidmate nie, maar vir alle gedoopte lidmate wat in staat is om die betekenis daarvan te "verstaan".(Met "verstaan" word hier nie 'n intellektuele of kognitiewe handeling bedoel nie, maar eerder begrip en die vermoë om met die gees en betekenis van die sakrament te identifiseer).*
2. *Daarom word die konsep van suigelingnagmaal nie aanvaar nie, maar wel nagmaal vir kinders wat gelowig met die sakrament en die betekenis daarvan identifiseer.*
3. *Die besluit oor die gereedheid van kinders is die verantwoordelikheid van die verbondsouers.*
4. *Die sinode oordeel dat belydenis en nagmaal in noue verbondenheid met mekaar bestaan en dat dit veral liturgiese uitdrukking moet kry. Die algemene liturgiese belydenis van die Twaalf Artikels (of 'n soortgelyke belydenis) moet altyd deel wees van die nagmaalviering en die kinders moet op 'n sinvolle wyse daarby betrek word.*
5. *Die praktyk van die aflegging van belydenis van geloof op minstens 16-jarige ouderdom word gehandhaaf. (Besluit: Sinode 1997)*

*- Sinode van Noord-Transvaal*

***B.16.2 Kinderkommunie: implementering van***

*Indien kinders deur die Algemene Sinode van 1998 tot die nagmaal toegelaat word, kan aanvaar word dat sommige kerkrade probleme sal ondervind met die implementering van die besluit. Daarom versoek die sinode die Ad hoc-kommissie van die Algemene Sinode om met die formulering van die*

*praktiese riglyne 'n artikel in te voeg wat verdraagsaamheid teenoor sodanige gemeentes openbaar. (Besluit 190: Sinode 1997)*
*- Sinode van Noord-Transvaal*

**UIT DIE HANDELINGE**

***8.13 Kinders by die Nagmaal*** *(432 en 434) (Uit besluiteregister Handelinge bl. 515)*

1. *Die Algemene Sinode besluit dat*
   * *gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,*
   * *aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en*
   * *die begeerte het om nagmaal te gebruik tot die nagmaal toegelaat mag word.*
2. *Die Algemene Sinode besluit dat ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk die toelating van kinders tot die nagmaal op die volgende wyse geskied:*

2.1 *Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is.*

2.2 *Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkraad om spesifieke reëlings te tref oor die wyse waarop die toelating plaasvind.*

3. *Die Algemene sinode besluit om kerkrade te versoek om die gemeentes te begelei en toe te rus, en so tot gereedheid te voer vir toelating van kinders tot die gebruik van nagmaal as 'n gesinsmaal. Hierdie leiding moet op 'n pastorale wyse met groot liefde en toewyding gedoen word.*
4. *Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders voortdurend te begelei en te onderrig in die volle rykdom van die betekenis van die nagmaal, net soos kerkrade die plig het om volwassenes te begelei.*
5. *Die Algemene Sinode beklemtoon dat ouers hulle kinders moet begelei met die oog op die kinders se deelname aan die nagmaal en om die besondere geleentheid te benut om saam met hulle kinders die nagmaal te gebruik.*
6. *Die Algemene Sinode versoek kerkrade om deurlopend aandag te gee aan die toerusting en begeleiding van ouers sodat hulle hulle kinders kan begelei in die deelname aan die nagmaal.*

**HIER VOLG NOU 'N MINDERHEIDSVERSLAG VAN DIE N.G. SINODE SUID-TRANSVAAL OOR DIE KINDERKOMMUNIE**

***1. INLEIDING***

*Na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat ingestuur is deur die ring van Evander rakende die kinderkommunie, het SKLAS 'n studiekommissie aangewys om die saak te bestudeer. Aangesien daar nie eenstemmigheid in SKLAS bereik kon word rondom hierdie baie belangrike saak nie, het SKLAS toestemming verleen vir die opstel van 'n minderheidsverslag.*
*Dit is met groot nederigheid en besef van eie tekortkominge, maar tog met 'n diepe oortuiging van die erns van die saak, dat ons hierdie minderheidsverslag aanbied.*
*As gevolg van gebrek aan tyd en ook aan ruimte probeer ons slegs die kernprobleme aandui sonder om te herhaal wat reeds gesê is, of om in detail op elke saak in te gaan.*

***2. MOTIVERING VIR 'N MINDERHEIDSVERSLAG***

***2.1 Hierdie is 'n baie ernstige saak***
*In Art 29 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons: "Die merktekens om die ware kerk te ken, is die volgende: .....as dit die suiwere bediening van die sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het." Indien Christus wel die nagmaal ook vir die klein kindertjies, wat nog nie tot persoonlike geloofsbelydenis in staat is nie, ingestel het, beteken dit dat nie net die Ned Geref Kerk nie, maar bykans alle kerke van die Reformasie nog al die jare in 'n baie wesenlike saak op 'n ernstige dwaalweg is. "**Dwaal 'n mens hier, dan dwaal jy in die wesenlike van die Christelike geloof.**"*

***2.2 Probleme met die inhoud van die verslag***
*Na ons beskeie mening is die verslag van die kommissie in verskeie opsigte verwarrend. Daar is heelwat teenstrydighede in die verslag. Nêrens in die verslag vind ons 'n duidelike uiteensetting van die redes waarom hulle aanbeveel dat die kinderkommunie ingestel moet word nie.*

*Hierdie redenasie hou egter nie genoegsaam rekening met die volgende nie:*

- *Hoewel daar sekere ooreenkomste is tussen die doop en die nagmaal, is daar ook groot verskille tussen die twee. So bv. is die kind wat gedoop word passief. Dit is teken van die inlywing in die genadeverbond. 'n Mens **word** gedoop. By die nagmaal mag 'n mens nie passief wees nie, maar moet mens juis **aktief handelend optree: jy neem, jy eet, jy verkondig!***
- *Hoewel die genadeverbond eensydig is in sy oorsprong en God dus al die inisiatief neem by die totstandkoming daarvan, word die mens tog juis daarin opgeroep om te reageer, te antwoord, in geloof te aanvaar. Die verbond moet in 'n sekere sin dus tog ook tweesydig word. "Daarom is die verbond monopleuries na sy oorsprong en dupleuries na sy bestemming. Die mens is in die verbondsverhouding nie passief nie, maar in die hoogste mate aktief." So veronderstel die nagmaal 'n erfgenaam van die Nuwe Testament (verbond) wat nie passief is nie, maar wat reeds deeglik kennis dra van die voorregte asook die verantwoordelikhede van die testament wat aan hom bemaak is, en wat ook reeds gelowig daarop geantwoord het. Die enigste redelik betroubare maatstaf wat die kerk het om dit te meet is die kategetiese onderrig en die openbare geloofsbelydenis.*

***GEVOLGTREKKING RONDOM ARGUMENT NR. 2:***

***Die argument is ongeldig. Dit rus op 'n foutiewe siening van die genadeverbond en 'n te simplistiese gelykstelling van die doop met die nagmaal.***

### *5.3 ARGUMENT NR. 3: DIE VERHOUDING TUSSEN PASGA EN NAGMAAL*

*Die kinders kon in die OT saam pasga vier sonder om eers geloofsbelydenis te doen, waarom nie ook so nagmaal geburik nie? (Sien ander verslag punt 3.4.8 en 3.4.9).*

***HOE GELDIG IS HIERDIE ARGUMENT?***

*Hierdie argument word gebou op foutiewe aannames.*

- *Die eerste is dat pasga en nagmaal in alle opsigte so ooreenstem dat die nagmaal ingestel is volgens die model van die pasga. As dit so was sou die vroeë Christene nie elke dag of ten minste elke Sondag nagmaal gevier het nie, maar slegs een keer per jaar soos wat die pasga gevier was.*
- *Die tweede is dat daar geen onderskeid gemaak was tussen kinders en volwassenes aan die pasga-maaltyd nie. Hiervolgens het kinders op dieselfde wyse as die volwassenes deelgeneem aan die pasga. Indien dit so was, sou dit nog geen bewys lewer dat kinders nou ook nagmaal behoort te gebruik nie, aangesien daar ten spyte van die ooreenkoms, tog wesenlike verskille tussen die pasga en die nagmaal bestaan.*

*Dit is belangrik om te weet dat verskeie teoloë goeie redes aanvoer om te bewys dat dit in die NT-tyd, nie die reël was dat kinders saam die pasga gebruik nie.*

- ***Volgens Bavinck** was die pasga in die tempel in Jerusalem gevier, en het dit dus vanselfsprekend die klein kinders uitgesluit: "in het Oude Testament was er een groot verschil tussen besnijdenis en pascha. De besnijdenis was voor alle kinderen van het manlijke geslacht voorgeschreven, maar het pascha werd, niet terstond bij de instelling, maar later in Palestina bij den tempel te Jeruzalem gevierd; zeer jonge kinderen waren er dus vanzelf van uitgesloten."*
- ***Calvyn** reken ook dat die pasga slegs gevier is deur kinders wat al oud genoeg was om oor die betekenis daarvan te kon navraag doen. "Maar het pascha, in elks plaats nu het Avondmaal gekomen is, liet niet alle mogelijke gasten zonder onderscheid hun leeftijd betreft, in staat waren naar zijn betekenis te vragen."*

***IM Lombard** verwys na die volgende voorbeeld waar wel sprake was van kinders wat pasga gebruik en dan na voobeelde waar kinders nie toegelaat was om pasga te gebruik nie.*

1. *"Uit 2 Konings 23:21-23 en 2 Kronieke 30:1-27 is dit duidelik dat vrouens en kinders groot paasmaaltye bygewoon het. Sulke gebeurtenisse is egter volkshandelinge waarmee bekering saamgegaan het nadat daar 'n lang tydperk van ongehoorsaamheid was. Selfs al sou dit in die tyd van die Israelitiese konings so wees, sê dit natuurlik nog niks oor die gebruik in die tyd van Jesus nie.*
2. *Die geskiedskrywer Josefus praat ook oor die kinders en vrouens wat die pasga bygewoon het, maar volgens Beckwith is dit op sy eie gesag aangesien dit nie in sy bronne vermeld word nie.*

***Voorbeelde waar kinders duidelik nie toegelaat is om die pasga te gebruik nie:***

3. *"Uit die laat tweede eeu skryf die skrywe van Jubilees dat geen man onder die ouderdom van twintig jaar die pasga mag eet nie. ..... volgens hierdie gedeeltes word die ouderdom van twintig as die ouderdom van 'maturity' beskou."*
4. *"Die Esseners van die Qumran gemeenskap sowel as die Misna is dit daarin eens dat die ouderdom van twintig, die ouderdom van onderskeiding en van toelating tot die gemeenskap is. Uit hierdie twee groepe se geskrifte is dit duidelik dat die ouderdom onder twintig die jare is waarin onderrig ontvang is. Ander gedeeltes van die Mishna stel weer die ouderdom op dertien. 'A minor, below this age, is not considered responsible for transgressing the commandments...'."*
5. *"In die tyd van rabbi Juda (180 nC) was dit 'n probleem of vrouens en kinders ook van die pasga wyn moes drink. Hierdie laaste stap, naamlik die gebruik van die Pasga wyn deur vrouens en kinders, is waarskynlik nie voor die begin van die twee eeu geneem nie. Dit is waarskynlik geneem toe die Pasga nie meer in die tempel gevier is nie. Ons moet egter nie dink dat hierdie gebruik algemeen voorgekom het in die tyd van Jesus se aardse bestaan nie."*

***Dan sluit hy af met die gevolgtrekking: :"Daar is egter geen getuienis wat daarvan melding maak dat kinders onder die ouderdom van dertien jaar die Pasga geëet het nie. Jong kinders van dertien jaar is wel toegelaat, maar vooraf moes hulle deur hulle ouers onderrig word."***

***GEVOLGTREKKING RONDOM ARGUMENT NR. 3:***
***Hoewel daar 'n belangrike ooreenkoms tussen pasga en nagmaal is, is daar ook belangrike verskille. Indien dit bewys kon word dat dit die algemene gebruik was dat die kinders in die tyd van Jesus ook die pasga moes gebruik, kan ons nog nie noodwendig daaruit konkludeer dat hulle ook nagmaal behoort te gebruik nie.***
***Volgens die gegewens beskikbaar is dit duidelik dat dit tenminste nie algemeen gegeld het dat kinders ook die pasga kon gebruik nie. Hulle moes eers 'n sekere vorm van onderrig (kategese) ontvang en 'n sekere mate van geloofsrypheid bereik het.***

### *5.4 ARGUMENT NR. 4: 1 KOR 11 IS NOG AL DIE JARE DEUR DIE GEREFORMEERDE KERKE VERKEERD VERSTAAN*

*Die vereiste tot voorbereiding en selfondersoek voor die nagmaal, asook die gevaar om 'n oordeel oor jouself te eet en drink is volgens hulle nie van toepassing op die kinders nie. "En weereens moet daarop gewys word dat hierdie gedeelte nie die probleem van kinders by die nagmaal aanspreek nie: daar gaan dit om volwassenes wat 'n "volwasse" oortreding begaan het, naamlik verdeeldheid of groeperinge binne die gemeente. Die vermaning word dus nie gerig aan kinders as 'potensiële onwaardige' deelnemers nie, maar aan volwassenes." Sien ook die ander verslag wat voor die sinode dien punt 3.4.10. Aangesien hierdie Skrifgedeelte dus handel oor 'n spesifieke sonde ('n "volwasse oortreding" ??) in spesifieke omstandighede kan ons nie hieruit konkludeer dat alle nagmaalgangers eers 'n deeglike selfondersoek moet doen voordat hulle die nagmaal gebruik nie.*

***HOE GELDIG IS HIERDIE ARGUMENT?***
*Natuurlik stem ons saam dat dit hier om 'n bepaalde konkrete situasie en om spesifieke sondes gaan. Hiermee sou al die ou gereformeerde eksegete ook saamgestem het. Ons probleem met die redenasie is egter dat, hoewel hierdie slegs een voorbeeld van 'n konkrete situasie is, daarin tog 'n bepaalde beginsel vervat is wat vir alle tye en omstandighede geld. Ons stem saam met Hodge wanneer hy sê: "This, though one, is not the only way in which men may eat and drink unworthily." Enige ander sonde waaroor die nagmaalganger nie berou het nie, en waarvan hy hom nie wil bekeer nie, lei dus tot die onwaardige gebruik van die nagmaal. So iemand eet en drink 'n oordeel oor homself (en oor die gemeente). Daarom het die kerke van die Reformasie dit deurgaans beklemtoon dat die ware selfondersoek hierdie drie hoofpunte bevat:*

- *verootmoediging oor ons sondes van gesindheid, gedagte, woorde, dade en versuim*
- *'n vaste geloof dat ons sonde alleen op grond van die soenverdienste van Jesus Christus vergewe is*
- *'n ernstige strewe om met ons hele lewe ons dankbaarheid teenoor die Here te bewys. Sien ook die Heidelbergse Kategismus vr en antw 81.*

*Spijker stel dit so: "De toegang tot het avondmaal staat open voor de volwassenen, die zichzelf kunnen beproefen en die daarvan door hun belijdenis en leven getuigenis afleggen."*

***GEVOLGTREKKING RONDOM ARGUMENT NR. 4:***
***Ons is oortuig dat die wyse waarop die gereformeerde kerke 1 Kor 11 in die verlede verklaar het wel die suiwer en korrekte verklaring is.***

### *5.5 ARGUMENT NR. 5: DIE EENHEID VAN DIE GEMEENTE*

*Deur kinders te weerhou van die nagmaal word die eenheid van die gemeente as liggaam van Christus aangetas. Die nagmaal is 'n gemeentemaal, en die kinders is deel van die gemeente. "Die vraag wat hieruit na die oppervlak kom, is die vraag of die weerhouding van die verbondskind van die tafel van die Here nie die eenheid van die gemeente fundamenteel aantas nie." (SKLAS verslag 3.4.13).*

***HOE GELDIG IS HIERDIE ARGUMENT?***
*Ons stem volkome saam dat die kinders deel is van die gemeente as verbondsgemeenskap. Ons glo ook dat die nagmaal 'n gemeenskapsmaaltyd is, en dat die eenheid van die gemeente daarin tot uitdrukking kom. Om egter te beweer dat hierdie eenheid aangetas word wanneer die kinders nie self ook die tekens gebruik nie, gaan nie op nie. Wie so redeneer sou ook moes sê dat die eenheid van die verbondsgesin in die OT verbreek is deurdat slegs die seuns en mans van die gesin die verbondsteken ontvang het. Kinders se teenwoordigheid in die nagmaalsdiens is tog reeds voldoende getuienis van die verbondseenheid. Die ware eenheid lê in die eensgesindheid in liefde en geloof. Sien ook Fil 1:27-2:4. Die uiterlike handelinge by die nagmaal is nie deurslaggewend vir die eenheid nie.*

***GEVOLGTREKKING RONDOM ARGUMENT NR. 5:***
***Die eenheid van die gemeente as verbondsgemeenskap word geensins aangetas wanneer kinders wel by die nagmaalstafel teenwoordig is, maar vanweë gewigtige redes nie die tekens gebruik nie.***

### *5.6 ARGUMENT NR. 6: DIE ONDERSKEIDING TUSSEN DOOPLIDMATE EN BELYDENDE LIDMATE IS ON-BYBELS*

*Die voorstanders van die kinderkommunie maak redelik sterk beswaar teen die onderskeid wat gemaak word tussen dooplidmate en belydende lidmate. Hulle voel dat die enigste toegang tot die kerklidmaatskap met al sy voorregte en verantwoordelikhede geskied deur die sakrament van die doop. Iemand wat gedoop is het nie nodig om nog ook geloofsbelydenis af te lê om toegang tot die nagmaal te kry nie.*
*"Die sg. dubbele lidmaatskap en onderskeiding tussen dooplidmate en belydende lidmate is 'n onnodige onderskeiding sonder enige Bybelse gronde."*
*Volgens sommige van hulle, is ons huidige stelsel van belydenisaflegging (of konfirmasie) 'n oorblyfsel van Roomse sakrament van die konfirmasie waar die jongeling d.m.v. handoplegging die Heilige Gees ontvang om nou versterk te word vir die lewe as volwasse Christen. In die Bybel is daar geen geloofsbelydenis ingestel as afsonderlike seremonie wat mens toegang verleen tot lidmaatskap van die gemeente nie.*
*Aangesien die gedagte van konfirmasie oorspronklik in die vroeë kerk deel uitgemaak het van die dooprite wat gedien het as inlywingseremonie, mag ons nie die konfirmasie (belydenisaflegging) vandag aan die toelating tot die nagmaal koppel nie, maar slegs aan die doop.*
*"Om saam te vat: die plek (in samehang met die kategese) en die funksie (as voorwaarde tot die toelating tot die nagmaal en volwaardige lidmaatskap) van die belydenisaflegging kan nie onveranderd gehandhaaf word nie. Indien die plek gehandhaaf word, moet die huidige funksie verval; omgekeerd: indien die funksie gehandhaaf word, moet die plek van die belydenisaflegging verskuif word sodat dit deel vorm van die doop."*

***HOE GELDIG IS HIERDIE ARGUMENT?***
*Ons teken ten sterkste beswaar aan teen die bewering dat ons gebruik van belydenisaflegging 'n oorblyfsel sou wees van die on-Bybelse Roomse sakrament van konfirmasie. Die enigste verband wat daar tussen ons geloofsbelydenis en die Roomse konfirmasie sakrament is, is soos die verband tussen lig en duisternis. Die Roomse konfirmasie was 'n blote stuk sakramentalisme wat geen erns gemaak het met kategese en geloofsbelydenis nie. Dit was 'n soort "magiese krag tot saligheid en geestelike groei ... Die kategese as onderrig aan die gedoopte jeug bly buite die gesigsveld." Die Reformasie het juis die bygelowige sakramentalistiese praktyke van die RK verwerp en in die plek daarvan is die verbondskind deur middel van behoorlike kategese weer teruggebring na die Skrif,*

*sodat hulle gelei word om deur openbare geloofsbelydenis al die beloftes en verantwoordelikhede van die genadeverbond te aanvaar.*

***Ons stem volkome saam met Prins as hy sê**: "Die kerklike onderrig gryp dus terug na die doop. Dit wat in die doop gegee is, moet deur die gedoopte begryp word en aanvaar word. Dit wat deur die doop van hom geëis word, moet hy doen en gee. Maar so gryp die kategetiese handeling ook weer vooruit na die ander sakrament, die Nagmaal. Alleen hulle wat 'n persoonlike belydenis van Jesus Christus as Heer en Verlosser in hulle lewe dra, kan as waardige deelgenoot aan die tafel van die Here aansit. Wie dus die belangrike geloofswaarhede nie ken, begryp en beleef nie, kan nie op die regte wyse die nagmaal gebruik nie."*
*Hier lê die werklike rede waarom die RK die ouderdom van konfirmasie sedert die laat middeleeue weer al hoe laer begin maak het, terwyl die kerke van die Reformasie weer die toelatingsouderdom al hoe hoër gemaak het. Ons stem nie saam met Clasen wat beweer dat dit as gevolg van die invloed van die piëtisme, die metodisme en die baptisme is, en "Ook as gevolg van die rasionalisme en die toenemende sekularisasie, is al hoe meer klem gelê op 'n bewuste geloofsbelydenis vir hulle wat toegang tot die nagmaal wou hê."*

*Prins stel dit so: "In die beklemtoning van die persoonlike kennis en geloof het dit nie vir Calvyn om wat tans indiwiduele of piëtistiese tendense beskou word, gegaan nie, maar om die bewaring van die suiwere leer en die instandhouding van die kerk."*

*Mense wat op 'n eksemplariese wyse met die Skrif omgaan sê dat kategese en geloofsbelydenis as toegangsvereistes vir die nagmaal foutief is, omdat daar nie presies net so 'n voorbeeld in die Bybel is nie. Wie so redeneer sou dan ook op grond van die geskiedenis van Filippus en die Etiopiër kon konkludeer dat die gebruik om heidene, wat tot bekering kom, eers vir 'n jaar of meer "doopkategese" te gee ook on-Bybels is. Hierdie man het dan hoogstens 'n uur of wat se "kategese" ontvang voordat hy vir Filippus gesê het: "Hier is water, wat verhinder my om gedoop te word?"*

***Is die doop dan regtig die enigste toegangsvereiste?***
*Ons reken dat dit baie eensydig is om te sê dat die doop die enigste toegangsvereiste is tot al die voorregte van die verbond. Hierdie beskouing mag wel baie verbondmatig klink, maar dit grens eerder aan 'n sakramentalisme as aan 'n verbondsteologie. Tereg sê Heyns: "Sonder geloof beteken die sakrament niks vir die heil van die mens nie, want die heil is nie in objektivistiese sin onlosmaaklik en dus meganies aan die brood en wyn verbonde nie." Dit is doodeenvoudig teenstrydig met die totale boodskap van die Bybel en ook met die gebruike in die vroeë kerk.*

***Wat sê die Bybel oor die toelatingsvereistes?***
*Die Bybel koppel die verbondseëninge beslis nie net aan die doop nie. Vgl bv Matt 28:19 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels (**bekering en openbare geloofsbelydenis**): doop hulle (**sakrament**) in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (**kategese**). Dit is onnodig om te sê dat dit hier nie in die eerste plek gaan om 'n voorgeskrewe volgorde soos wat die wederdopers beweer nie, maar wel om drie belangrike aspekte wat saam toegang verleen tot die volle verbondseëninge. Ook uit Markus 16:16 is dit duidelik dat die eintlike toegangsvereiste tot die ware verbondseëninge nie maar net die doop (as geïsoleerde handeling) is nie: "Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; **wie nie glo nie**, sal veroordeel word."*

***Wat sê die vroeë kerkgeskiedenis oor die toelatingsvereistes?***
*Die afleiding wat voorstanders van die kinderkommunie soms maak dat die sakrament van die doop in die vroeë kerkgeskiedenis die enigste toegangsvereiste tot die gebruik van die nagmaal was, is nie korrek nie. Die feit dat die doop konsekwent bedien moes word voordat die nagmaal gebruik kan word, beteken tog nie dat doop **die enigste** toegangsvereistes was nie.*
*Baie interessant is die inligting wat die bekende **kerkhistorikus Philip Schaff** vir ons in die verband gee; "The catechumenate preceded baptism (of adults); whereas, at a later period, after the general introduction of infant baptism, it followed. It was on the one hand a bulwark of the church against unworthy members; on the other, a bridge from the world to the church, a Christian novitiate, to lead beginners forward to maturity. The cathecumens or hearers were regarded not as unbelievers, but as half-Christians, and were accordingly allowed to attend all the exercises of*

*worship, except the celebration of the sacraments. They embraced people of all ranks, ages, and grades of culture, even philosophers, statesmen, and rhetoricians - Justin, Athenagoras, Clement of Alexandria, Tertullian, Cyprian ..... **The duration of this catechetical instruction was fixed sometimes at two years, sometimes at three, but might be shortened according to circumstances.**"*

***Belangrike gevolgtrekkings uit bogenoemde aanhaling:***

- *Die doop was beslis nie die enigste toelatingsvereiste tot die gebruik van die nagmaal nie. Indien dit slegs die doop was, sou dit nie nodig wees om volwasse gelowiges wat reeds tot geloof en bekering gekom het eers 3 jaar te katkiseer voordat hulle gedoop kon word en nagmaal kon gebruik nie. Die vereistes was behoorlike kategese en openbare geloofsbelydenis, dan doop en nagmaal!*
- *In die geval van kinders wat reeds gedoop is, was die kategese en geloofsbelydenis nog steeds 'n vereiste voordat hulle toegang tot die nagmaal kon verkry. "**Confirmation or some form of solemn reception into full communion on personal profession of faith, after proper instruction, was regarded as a necessary supplement to infant baptism, and afterwards as a special sacrament.**"*
- *Die tydperk van kategese was nie onbuigbaar nie, maar die klem het wel geval op deeglike kategese.*
- *Daar was 'n onderskeid gemaak tussen lidmaatskap van die ware Kerk van Christus (die onsigbare Kerk) en die lidmaatskap van die kerk as instituut (die sigbare gestalte van die kerk). Daarom was hierdie katkisante reeds as gelowiges gereken (hulle is nie meer heidene nie), maar tog kon hulle nog nie in al die voorregte en verantwoordelikhede van die gelowiges (bv nagmaal en openbare geloofsbelydenis) deel nie. Hoekom nie? Omdat hulle nie gedoop is nie? Ja, maar hoekom kan hulle (as volwassenes) nog nie gedoop word nie? Omdat hulle nog nie openbare geloofsbelydenis afgelê het nie! Hoekom kan hulle nog nie openbare geloofsbelydenis aflê nie? Omdat hulle nog nie behoorlik gekatkiseer is nie. Daarom sê Dr DJ De Groot: "Omdat het Avondmaal voor hen is, die zich door belijdenis en wander als gelowigen doen kennen, is het in de christelijke kerk van ouds gewoonte geweest, dat daaraan nie door de jonge kinderen, die nog niet tot het oordeel des onderscheids zijn gekomen, werd deelgenomen. ... Deze moeten wanneer zij tot de jaren des onderscheids komen, deze beloften persoonlijk aanvaarden en daarvan getuignis geven door het doen van belijdenis des geloofs in het midden der gemeente."*

***GEVOLGTREKKING RONDOM ARGUMENT NR. 6:***

***Dit is waar dat die Bybel en ook die vroeë kerkgeskiedenis nie die woorde dooplidmaat en belydende lidmaat gebruik het nie. Dit is egter nie waar dat hiermee 'n on-Bybelse onderskeiding gemaak word nie. Die Bybel sowel as die vroeë kerkgeskiedenis impliseer wel so 'n onderskeid wanneer daar behalwe die doop ook ander toelatingsvereistes vir nagmaalgebruik gestel word.***

***Verder moet die onderskeiding tussen Christen-wees en lidmaatskap van die kerk as instituut nooit uit die oog verloor word nie.***

## *6. ENKELE AANVULLENDE GEDAGTES*

***- ter ondersteuning van die gereformeerde kerke se standpunt rondom doop, kategese, openbare geloofsbelydenis en nagmaal.***

***6.1*** *Die Nagmaal word in die Bybel vir ons aangebied as die fees van die verbond. Nou is dit interessant dat dit juis 'n bekende gebruik in die Ooste was om, wanneer die proses van verbondsluiting voltooi is, die wedersydse aanvaarding van die verbondsvoorregte en verantwoordelikhede met 'n maaltyd te vier. "The Lords Supper has also been called the Feast of the Covenant. In this connection we must not forget that in Bible lands **covenants were often ratified by means of a meal**, banquet, or feast of which the covenanting parties partook .... with all this in mind we can readily understand that .... they viewed this meal as a sign and seal of the covenant of grace, **a reciprocal pledge of abiding friendship and loyalty.**" **Dit illustreer weereens die tweesydige karakter van die nagmaal teenoor die eensydige karakter van die doop.***

*6.2 Mike Smuts (Sr) gee **'n interessante opsomming van die wyse waarop God se verbond na ons toe kom**. Ons kan dit so saamvat: 1. Toesegging (doop) 2. Toeligting (kategese) 3. Toe-eiening (Openbare geloofsbelydenis en nagmaal) 4. Toewyding (Nagmaal en heiligmaking) 5. Toerusting (Voortgesette kategese) 6. Toekomsverwagting (Einddoel van verbond). Dit wat tussen hakies geplaas is ons eie verduideliking.*

***6.3 Wat is die mees geskikte ouderdom vir geloofsbelydenis en die gebruik van nagmaal?** Malan Nel bespreek op grond van empiriese navorsing die ontwikkelingsfases van 'n kind. T.o.v. kinders tot ongeveer 11-12 jarige ouderdom skryf hy: "Kinders is mense wat veral in die vroeë kinderjare baie konkreet dink. **Hulle mis nog die vermoë om abstrak te dink**. Aanvanklik is pa en die Vader in die hemel maar dieselfde ... Hulle kan egter nog meer oor God memoriseer as wat hulle deur begrip hulle eie maak. So is dit t.o.v. die Bybel. Leerstellige stof is nie vir hulle van soveel belang nie, maar die gebeure van die Bybel spreek hulle aan."*

***T.o.v. die kind tussen 12 en 18 jaar skryf hy: "Talle ondersoeke toon dat dit die leeftyd-fase is waarin die meeste kinders bewustelik kies om Christus te volg** (vgl. vir 'n hele aantal ondersoeke Irving&Zuck, 1968:97-117)."*

*Bogenoemde empiriese navorsing ondersteun die gereformeerde kerke se standpunt.*

***6.4 Bijlsma wys daarop dat daar 'n duidelike ooreenkoms te bespeur is tussen die tradisionele leerstof wat die jong Israelitiese seuns in die sinagoge moes leer en die inhoud van die kategese in die vroeë Christelike kerk:***

***Oud-Israel se kategese leerplan**: 1. Geloofsleer (sjema Jisreël) 2. Gebed (Sjemone Esre) 3. Wet (Thora) 4. Viering van feesdae (Sabbat, paasfees, loofhuttefees ens).*

***Vroeë Christelike kerk se kategese leerplan**: 1. Apostolicum (geloofsleer) 2. Onse Vader (gebed) 3. Tien Gebooie (Wet) 4. Sakramente (Doop en Nagmaal/feesdae).*
***Hy wys ook daarop dat hierdie jong seuns nie dadelik (kragtens hul besnydenis) toegang gehad het tot al dieselfde voorregte as die volwasse Jode nie**. Hulle moes bv. eers 'n sekere amptelike kategese deurloop voordat hulle as "bar-mitswa" (seuns van die gebod) beskou kon word. Die onderrig was ten nouste gekoppel aan die sinagoge. Dit was dus ook 'n soort amptelike kerklike kategese.*

***6.5 "Sowel Paulus as die Nederlandse Geloofsbelydenis .. rig 'n ernstige waarskuwing tot elke Nagmaalganger**. Wat is hierdie waarskuwing? Die antwoord is duidelik: Geen onwaardige mag aansit aan die tafel van die Here en die brood eet en wyn drink nie. Jesus Christus het die Nagmaal vir volwassenes ingestel. Aan onmondige kinders, d.w.s. onvolwassenes, kan die sakrament nie bedien word nie omdat hulle die liggaam van die Here nog nie kan onderskei nie. In die voorwoord van hierdie kommentaar op die NGB wat opgestel is deur 13 baie bekende teoloë van ons kerk, word met groot waardering vermeld dat prof FJM Potgieter en dr JA Heyns gewillig was om die "**suiwer vertolking van die belydenis leerstellig te keur**.."*

***6.6** Nou verstaan ons ook beter waarom ons gereformeerde vaders by die kerkorde van Palz besluit het om eers die doopformulier te plaas, dan die kategismus en dan eers die nagmaalsformulier.*

***6.7** Op die voorstel wat sommige maak van 'n eenvoudige geloofsbelydenis voor kinders toegelaat word, verwys ons na die woorde van Spijker: "In feite heeft men om getroost avondmaal te kunnen vieren precies hetzelfde nodig als om getroost te kunnen leven en eenmaal zalig te sterven.."*

## *7. KONKLUSIE*

*Ons volstaan met die volgende aanhaling:*
*"**Kinderen aan die Avondmaal? Neen! De jonge mense door onderwijs en pastorale zorg daarheen leiden? Ja! Zo handelen wij in overeenstemming met de praktijk van de Kerk der Reformatie. Deze praktijk houden wij voor de enig christelijke, de enig bijbels verantwoord**."*

***8. AANBEVELINGS***

***Die Sinode van Suid-Transvaal:***
***8.1 keur nie die instelling van kinderkommunie goed nie.***
***8.2 doen 'n ernstige beroep op alle kerkrade om toe te sien dat die nagmaal nie bedien word aan enige persoon wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie.***
***8.3 versoek die Algemene Sinode om nie die instelling van die kinderkommunie goed te keur nie.***
*Ds T Danzfuss*
*H Hefer*

***BRONNELYS***


1. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art 29*
2. *Booyens, M.J. Ons glo met die hart en bely met die mond, Pro Rege Pers 974: p 222*
3. *Exalto, K., Het Avondmaal in de praktijk, 3de druk, De Groot Goudriaan, 1987: p42*
4. *Polman, A.D.R., Christelijke Encyclopedie Deel 4, J.H. Kok, Kampen: p 251*
5. *Macdonald F., Baptised Children, Confirmation and Holy Communion, Scottish Journal of theology 33: p 551*
6. *Barnard, A.C. en ander, Glo en Bely (Handboek vir leraars), Algemene Jeugkommissie, NG Sendingpers, Bloemfontein, p 187*
7. *Bijlsma, R., Kleine Catechetiek, Callenbach, vierde druk, 1976: p 91*
8. *Clasen, F.J., Die Kinderkommunie 'n Prakties-Teologiese Studie, ongepubliseerde manuskrip*
9. *id: p 152*
10. *Schaff, Philip, History of the Christian Church, vol 2, AP&A: P111*
11. *Van Itterzon, G.BL, Kalender van de Kerkgeschiedenis, Kok, Kampen, 1963: p 17*
12. *Van Unnik, W.C., Christelijke Encyclopedie, deel 5, Kok, Kampen, 1960: p 335*
13. *Beckwith, R.T., soos aangehaal deur Lombard, I.M., Problematiek van die Kindernagmaal, ongepubliseerde skripsie, 1983, UP*
14. *SKLAS verslag punt 3.3.5*
15. *Macdonald F., Baptised Children, Confirmation and Holy Communion, Scottish Journal of theology 33: p551*
16. *Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, vierde deel, Kok, Kampen 1967: p 561*
17. *Heyns, J.A., Dogmatiek, NGKB, 1978: p 203*
18. *Bavinck, H., Gereformeerde Dogmatiek, vierde deel, Kok, Kampen 1967: p 561*
19. *Calvyn, J., Institutie, Sizoo A, derde deel, Meineman NV: p 404*
20. *Beckwith, R.T., The age of administration to the Lord's Supper, Westminister Theol Journal, 1967: p 137 soos aangehaal deur Lombard: p 30*
21. *id: p 137, soos aangehaal deur Lombard: p 30-31*
22. *Lombard, I.M.: p 30*
23. *id: p 31*
24. *id: p 31*
25. *id: p 31*
26. *Lombard, p 195*
27. *Hodge, Charles, I & II Corinthians, Banner of Truth: p 231*
28. *Die Kerkboek, Formulier vir die bediening van die nagmaal, Ned Geref Kerk, 1983: p 36*
29. *Spijker, W.v't, Zijn Verbond en Woorden, De Groot-Goudriaan, 1980: p 76*
30. *Agenda van Sinode v S-Tvl, 1993: SKLAS, punt 3.4.13*
31. *Ander verslag wat voor die sinode dien, punt 3.5.4*
32. *Clasen, F.J.: p 188*
33. *id: p 265*
34. *Prins, J.M.G.: p 267*
35. *id: p 158*
36. *Prins: p 268*
37. *Heyns, J.A., Dogmatiek, NGKB, 1978: p 348*
38. *Scaff, Philip, History of the Christian Church, APSA, vol II No 71: p 117*
39. *id: p 118*
40. *De Groot D.J. in Christelijke Encyclopedie, Deel 1, Kok, Kampen, 1956: p 402-414*
41. *Hendriksen, The Covenant of Grace, William, Baker Book House, p 32*

42. *Smuts, Mike (Sr), God se verbond met jou, Lux Verbi, 1984: Die hele boekie*
43. *Nel, Malan, Die Verbondskind, Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr 186 1983, p 4*
44. *id: p 6*
45. *Bijlsma, p 39*
46. *Lig en Lewe, Ons glo, Oordenking oor die Nederlandse Geloofsbelydenis. (Opgestel deur dertien van ons kerk se bekende teoloë en teologies gekeur deur JA Heyns en FJM Potgieter*
47. *Spijker, Zijn Verbond en Woorden: p 93*
48. *Exalto, K., Het Avondmaal in de praktijk, 3de druk, De Groot Goudriaan, 1987: p 47*

Tot sover die minderheidsverslag van N.G. Sinode, **Suid Transvaal**.

**Herman Bavinck oor Kindernagmaal**
Hierdie geseënde teoloog se 4 bande Gereformeerde Dogmatiek is bekend, en behoort **goed** bekend te wees aan elke predikant en teoloog van 'n gereformeerde kerk en sy oordeel dra groot gewig.

Hy motiveer sy standpunt teen kindernagmaal soos volg (direk vertaal uit Nederlands):

1. In die Ou Testament was daar 'n groot verskil tussen besnydenis en pasga. Die besnydenis was vir alle kinders van die manlike geslag voorgeskrywe, maar die pasga is nie dadelik nie, maar later in Palestina by die tempel in Jerusalem gevier. Kinders wat nog baie jonk was, was dus uiteraard daarvan uitgesluit.

2. Net so is daar 'n groot onderskeid tussen doop en nagmaal. Die doop is die sakrament van die wedergeboorte, waarby die mens passief is, terwyl die nagmaal die sakrament is van die geestelike groei in die gemeenskap van Jesus Christus, van die opvoeding van die geestelike lewe. Dit veronderstel bewuste, handelende optrede by hulle wat dit ontvang.

3. Christus het die nagmaal in die teenwoordigheid van sy dissipels ingestel en vir hulle almal gesê: neem, eet, drink en ontvang dus die brood en wyn uit sy hand. En Paulus sê dat die gemeente in Korinthe saamgekom het om te eet en gee geen ander indruk nie, as dat alleen bewuste, volwasse persone aan die nagmaal deelneem.

4. In 1 Kor. 11 vs. 26-29 stel die apostel spesifiek die eis dat ons ons voor die nagmaal moet ondersoek, beproef sodat ons die liggaam van die Here reg sal onderskei en nie op 'n onwaardige wyse sal eet en drink nie. Hierdie eis is heeltemal algemeen gestel, tot alle deelnemers aan die nagmaal gerig en sluit daarom vanself die kinders uit.

5. Die onthouding van die nagmaal van die kinders beteken nie, hou nie in dat hulle een van die weldade van die genadeverbond mis nie. Dit sou wel die geval wees as die doop van hulle onthou is, maar dit kon nie gebeur nie tensy gemeen word dat die kinders buite die genadeverbond is.

Met die nagmaal is dit anders gesteld. Wie aan die kinders die doop bedien en nie die nagmaal nie, erken dat hulle in die verbond ingesluit is en deel het aan alle weldade van die genadeverbond. Hulle word net onthou van een besondere wyse (manier), waarop dieselfde weldade beteken en verseël word omdat dit nie by hulle leeftyd inpas nie. Die nagmaal gee tog geen enkele weldaad wat nie tevore reeds in die Woord en deur die doop deur die geloof geskenk is nie.
(H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek IV,* bl 642)

**Enkele ander kritiese kommentare om die erns van die debat onder gereformeerde belyers te illustreer**
**'n Stem uit die Gereformeerde Kerk S.A.**
Ds. Tjaart Kruger lewer hiertoe 'n helder en verdienstelike bydrae wat reeds op gemeentelike vlak 'n waardevolle profetiese getuienis is. In *Die Kerkblad* (8 Sept. 1999) stel hy dit as volg oor **Kinders en die Nagmaal**.

Die huidige praktyk in talle Gereformeerde kerke is dat kinders rondom 16/17 jaar belydenis van hulle geloof aflê. Nou kom die vraag na vore of daar enige gegewens uit die Skrif is wat kategese en

geloofsbelydenis 'n voorwaarde maak vir toegang tot die Nagmaal. Verder moet die vraag ondersoek word hoe daar in die loop van die kerkgeskiedenis oor die kindernagmaal geoordeel is.

Hoewel verskeie navorsers daarop wys dat kindernagmaal reeds in die *vroeë kerk* bekend was, was dit nie van die heel begin (net na die tyd van die apostels) teenwoordig nie. Eers na die aanvaarding van die kinderdoop het dit praktyk geword om aan kinders die Nagmaal te bedien. Daarom vind ons die kindernagmaal ongeveer in die derde tot vierde eeu na Christus, in die tyd van Cyprianus en Augustinus.

Toe die Rooms-Katolieke Kerk na vore gekom het, is die ouderdom vir mense wat toegelaat word om aan die Nagmaal deel te neem, op sewe jaar gestel. Maar toe begin die Rooms-Katolieke Kerk leer dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. (Ons noem dit die transubstansiasieleer en u kan daarvan in vrae en antwoorde 78, 79 en 80 van die Kategismus lees.)

Omdat dit so is, mag daar geen krummeltjie van daardie brood val nie en geen druppel van die wyn nie. Kinders, het hulle gesê, kan met die brood en wyn mors. In daardie tyd het die kindernagmaal van die toneel verdwyn. Ons Kategismus noem hierdie opvatting van die Rooms-Katolieke Kerk afgodery wat vervloek is.

Met die Hervorming het 'n nuwe besinning na vore getree en wel in die sin dat daar besondere aandag gegee is aan die kategese wat die Nagmaal voorafgegaan het. Selfs na die toelating tot die Nagmaal is daar voortgegaan met kategetiese onderrig. Wat opvallend is, is dat die beginsel van die kindernagmaal in die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kategismus heeltemal ontbreek.

As ons nou vra wat die Skrif oor die kindernagmaal sê, is daar verskeie maniere waarop met die Skrifgegewens omgegaan kan word. Tekste kan byvoorbeeld uit verband geruk word. Daarom is die weg wat gekies moet word, een waarin die hele Skrif - Ou en Nuwe Testament - tot sy eie reg kom.

As ons by die Ou Testament begin, beteken dit dat die Nagmaal alleen reg verstaan kan word teen die agtergrond van die Ou-Testamentiese Paasfees waarvan dit in 'n bepaalde sin die voortsetting is. In die Ou Testament was daar twee sakramente, die pasga en die besnydenis, wat die tekens was van God se verbond. Op dieselfde wyse ken die Nuwe Testament die doop en die Nagmaal as tekens van God se verbond. Dat daar duidelike verbande is tussen die doop en die Nagmaal blyk duidelik uit 1 Korintiërs 11:25 waar daar sprake is van 'n nuwe verbond wat die bloed van Christus beseël. Dit is sonder twyfel 'n heenwysing na die bloed van die paaslam wat tydens die pasga geslag is en waarvan die bloed aan die deurkosyne gesprinkel is sodat die doodsengel hulle kon verbygaan. Hierdie bloed wys heen na die bloed van Christus. Wanneer ons pleit op die bloed van Christus, wil God ons sondes vergewe en ons ook verbygaan en ons nie laat sterf nie.

Hieruit kan ons nou vra: Wat was die plek van die kind binne die Paasfees? Terwyl die besnydenis aan babas op 8 dae voltrek is, was kinders wat reeds vrae kon stel en verduidelikings kon verstaan, by die Paasfees betrek (Eks. 12:26 en 13:8). Nou kan ons aangaan en hieruit probeer bewys dat die kind ook by die Nagmaal betrokke moet wees.

Uit die verdere Skrifgegewens blyk dit egter dat nagmaalsgangers in staat moet wees om hulleself te kan ondersoek en dat hulle oor die onderskeidingsvermoë moet beskik, veral tussen 'n gewone maaltyd en die Nagmaal. As iemand homself nie kan ondersoek voor hy die brood eet en uit die beker drink nie, bring hy daardeur 'n oordeel oor homself. Die 1953-vertaling sê dat so iemand 'n oordeel oor homself kan eet en drink. Ons kan dit ook anders stel: Wie sy doop verstaan, mag Nagmaal vier. Wat sê ons belydenisskrifte en veral die Kategismus nou oor hierdie saak? Ons belydenisskrifte is tog immers 'n samevatting van die Skrifwaarhede.

Die doop is iets wat ek passief ondergaan. By my doop is ek nog nie by my volle verstand nie en ek weet nie wat daar met my gebeur nie. By die Nagmaal staan die saak egter anders. Die Nagmaal is iets wat ek nie onbewus ondergaan nie, maar dit is iets waartoe ek toetree. Ek word na die doopvont gedra, maar ek gaan self na die Nagmaal. By die Nagmaal is ek nie passief nie, maar

aktief besig. As ek dus Nagmaal vier, sê ek daarmee amen in my doop. Van God se kant gesien, is die Nagmaal 'n pragtige voortsetting van wat Hy in die doop begin het. By die Nagmaal versorg God my soos 'n goeie vader sy kinders versorg. By die doop het God my dus as sy kind aangeneem. By die Nagmaal versorg Hy my as sy kind.

Dit was reeds 'n instelling - soos ons vroeër in die artikel gesê het - sodat die Israelitiese kinders by die viering van die pasga sou sê: Vader, wat is dit, wat beteken dit? En dan vertel die vader van die nag toe die pasga ingestel is, hy vertel van die bloed aan die kosyne van die deure, hy vertel van die paaslam en die wonderlike uittog uit Egipte. Dit was tog niks anders as kategese by Israel gewees nie. Dit was onderrig aan die kinders sodat hulle die pasga sou verstaan en begryp.

So neem die ouers dan ook hulle kinders saam na die kerk as daar Nagmaal gevier word. As hulle dan tuis gekom het, vertel hulle aan hulle kinders wat daar alles gebeur het. Hulle vertel aan hulle kinders dat die brood en wyn die tekens is van die liggaam en bloed van Christus wat vir ons aan die kruis van Golgota gebreek en vergiet is. Hulle vertel aan hulle kinders dat daardie bloed vir ons sondes betaal is sodat ons nie ook omkom soos die Egiptenare daardie nag toe die doodsengel deur Egipteland getrek het nie. Uit die Skrifgegewens is dit duidelik dat, voordat 'n kind tot die Nagmaal toegelaat kan word, hy eers gekatkiseer, onderrig moet word aangaande die betekenis van sy doop en die Nagmaal. Hierdie standpunt is deur die eeue gehandhaaf. Daarom sê prof. JH van Wyk ook dat die groot bydrae van die Reformasie in die herstel van die kategese gesoek moet word (*In die Skriflig* 30[3], 1996:308).

Maar vandag is daar 'n oproep tot vernuwing in die kerk. Alles moet vernuut word. Die liturgie moet vernuut word, die kindernagmaal moet ingestel word. Om dit in rekenaartaal te stel: die kerk moet gebruikersvriendelik word. Is dit nie ook 'n kenmerk van die eindtyd nie? Dit gaan nie meer om die eer van God nie, maar om die genot van die mens.

**Ds. Theo Danzfuss**, N.G.Kerk Witfield, Sinode Suid TVL.

Hy lewer 'n baie verdienstelike bydrae m.b.t. die kritiese beligting van die sg. kindernagmaal. In 1998 slaag hy aan die N.G. Teologiese Fakulteit Pretoria cum laude met sy verhandeling waarvan die tema is: Kindernagmaal - reformasie of deformasie? Dat sy studieleier professor nie sy standpunt deel nie onderskryf nog te meer die feit dat hy met lof geslaag het. Hy lewer ook 5 artikels oor dieselfde onderwerp in *Kerkpad* (uitgawes Jan.-Julie 1999 - skerp en snydend.) *Kerkpad*, Posbus 4237 Pta. en tel. 012/3320879 – ook die faks – alles via P. van der Kooi).

Ds. PJ Kriel, N.G. Kerk Levubu, het die Noord Transvaalse N.G. en Sinodebesluit pro-kindernagmaal skerp en veelseggend gekritiseer in *Kerkpad* Nov. 1997, waarna ds. B.C. Smit (Geref. Kerk) hom skerp onderskrywe en daarop wys dat prof. Amie van Wyk (Dogmatiek, PU. vir C.H.O.) in Skriflig 'n artikel gelewer het waaruit dit blyk dat hy ten gunste is van kindernagmaal. Aldus: die tema is nog lank nie afgehandel nie!

Prof. A.D. Pont (Ned. Herv. Kerk) lewer oor die tema 'n kritiese artikel in *Kerkpad*, Jan. 2000.

**Ons eie kerk en sinode**
In die AP Kerk is hierdie tema nog geen probleem nie en ons oorweeg allermins om kindernagmaal in te stel. Dis in alle geval noodsaaklik dat ons deeglik op hoogte bly met die gesprek hieroor tot op datum en verder.

**AANBEVELING**
**3.5.1 Die sinode neem kennis van hierdie verslag.**
**3.6 Bybeltekste in die Dordtse Leerreëls en in die Ned. Geloofsbelydenis**

**Opdrag**: Vgl. *Handelinge sinode 1999* bl 493, **Voorstelle goedgekeur** by punt 1. Dit lui soos volg: Die sinode versoek dat, indien die KKCE sy weg oopsien daarvoor, die tekste in die NGb. asook nuut bygewerkte tekste in die Dordtse Leerreëls, soos in die Heidelbergse Kategismus, aan die toepaslike sinsnedes of woorde in elke paragraaf met alfabetiese numering gekoppel word.

Motivering: Hierdie wyse van aanbieding maak die Belydenisskrifte baie meer toeganklik vir Bybelstudie.
(Ds. WJ.A van Schalkwyk; A Swart).

**Die Dordtse Leerreëls aldus voltooi**
Ds. W.J.A. van Schalkwyk, voorsteller, het, met ons dankbare medewete, hierin die inisiatief geneem en moeisame werk van deeglike gehalte gelewer. Die KKCE is besondere dank aan hom verskuldig. In die 1999 verslag het die KKCE dit juis gestel dat daar met die teksaanbieding vir die Dordtse Leerreëls soos toe voltooi, ruimte vir verfyning en verbetering is. Ds. Van Schalkwyk se opvolging hiervan het werk van hoë gehalte gelewer.

Hy maak ook melding (2001 verslag) van te veel tekste by sommige paragrawe in die 1999 aanbieding hiervan. Toe het die KKCE vergelykend gewerk en naasteby die getal van die **ook baie**, soms heelwat meer tekste, in die NGb en die HK as voorbeeld geneem. Waar dit om Bybelstudie handel is **álle** bypassende tekste tog verbredend en verdiepend.

**Punt 2 van die voorstel**. Origens het geen ouderlingrade of leraars aan hierdie versoek voldoen nie.

**AANBEVELING**
**3.6.1 Die sinode besluit dat die tekste soos ingedeel deur ds. WJA van Schalkwyk via die KKCE in die lig van die sinodale versoek daartoe in die Dordtse Leerreëls opgeneem word. Dit vervang die voorstel van die sinode van 1999, bl 493, pt. 3.8.6 m.b.t. die vorige tekste lys.**
**3.6.2 Dit word aan die volgende KKCE opgedra om, soos in die 1999 besluit genoem, die indeling ook te voltooi vir die NGb.**

**DIE DORDTSE LEERREËLS**

**OF DIE BESLISSING VAN DIE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN DIE VERENIGDE NEDERLANDE, WAT GEHOU IS TE DORDRECHT IN DIE JARE 1618 EN 1619 OOR DIE BEKENDE VYF LEERSTUKKE WAAROOR IN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN DIE VERENIGDE NEDERLANDE VERSKIL ONTSTAAN HET**

* (Ontstaan as gevolg van die stryd van die Arminiane (volgelinge van Arminius) teen die leer van die uitverkiesing. Op die Sinode van Dordrecht (1618-1619) is die Leerreëls opgestel en aanvaar as weerlegging van die Arminiaanse dwalinge, en ter handhawing van die Skriftuurlike leer van die uitverkiesing en daarmee samehangende waarhede. Die volledige naam hiervan is: Die Dordtse Leerreëls, of die Beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat gehou is te Dordrecht in die jare 1618 en 1619, wat bygestaan is deur uitnemende godgeleerdes uit die Gereformeerde Kerke van Groot-Brittanje, die keurvorstelike Paltz, Hessen, Switserland, die Wedderawiese Korrespondensie, Genève, Bremen en Emden: Oor die bekende vyf leerstukke waaroor in die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande verskil ontstaan het. – Uitgespreek op 6 Mei 1619).

**EERSTE LEERSTUK**

**OOR DIE GODDELIKE UITVERKIESING EN VERWERPING**

1. *Aangesien alle mense in Adam gesondig* **(a)** en aan die vloek en die ewige dood skuldig geword het, sou God niemand onreg aangedoen het nie as dit sy wil was om die ganse menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel volgens hierdie uitsprake van die apostel: **Die hele wêreld is voor God doemwaardig .... Hulle het almal gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God** (Rom. 3:19, 23). En: **Die loon van die sonde is die dood** (Rom. 6:23).
**(a) Rm 5:12; NGb 10; HK v/a 10,20.**

2. Maar hierin is die liefde van God geopenbaar, dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het **(a)**, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê **(b)**.
**(a) 1 Jn 4:9. (b) Jn 3:16.**

3. Om dan die mense tot die geloof te bring, *stuur* God uit goedertierenheid *verkondigers* van hierdie baie *blye boodskap* **(a)** na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hul diens word die mense geroep tot bekering en die geloof in *Christus, die gekruisigde* **(b)**. **Want hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?**
**(a) Rm 10:15; Jes 52:7; NGb 31. (b) 1 Kor 1:23.**

4. Op diegene wat hierdie evangelie *nie glo nie, bly die toorn van God* **(a)**; maar dié wat dit *aanneem* en die Saligmaker Jesus met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die *verderf verlos* ***(b)*** en met die ewige lewe begiftig.
**(a) Jn 3:36. (b) Mk 16:16.**

5. Die oorsaak of *skuld* van daardie *ongeloof,* net soos van alle ander sondes, lê stellig *nie by God* nie, maar *by die mens* **(a)**. Maar die *geloof in Jesus Christus* en die *saligheid* **(b)** deur Hom is 'n *genadegawe van God* **(c)**, soos geskrywe is: **Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God** (Ef. 2:8). En so ook: **Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo** (Flp 1:29).
**(a) Rm 5:12. (b) Hd 16:31; Rm 10:9. (c) Ef 2:8.**

6. Dat God sommige in die tyd met die geloof begiftig, ander nie begiftig nie, kom voort uit sy ewige besluit. **Want al sy werke is Hom van ewigheid af bekend** (Hand. 15:18), en **Hy doen alles volgens die raad van sy wil** (Ef. 1:11). Volgens hierdie besluit *vermurf* Hy genadiglik die *harte* van die *uitverkorenes* **(a)**, alhoewel dit hard is, en buig dit om te glo; maar dié wat nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hul boosheid en hardheid bly. En hierin vernaamlik kom die diepe, *barmhartige* en tegelyk *regverdige* **(b)** onderskeiding van die mense vir ons duidelik aan die lig, aangesien hulle in presies dieselfde staat van verderf verkeer. Dit is die besluit van Verkiesing en Verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is, wat verkeerde, onreine en *onvaste mense* wel tot hul *eie verderf verdraai* **(c)** maar aan die heilige en Godvresende siele 'n onuitspreeklike troos verskaf.
**(a) Esg 36:26. (b) NGb 16. (c) 2 Pt 3:16.**

7. Hierdie uitverkiesing is 'n *onveranderlike voorneme van God* **(a)**, waardeur Hy *voor die grondlegging van die wêreld* **(b)** 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies het, alhoewel hulle nie beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê. Hulle, wat deur hul eie skuld van die eerste regtheid verval het in die sonde en die verderf, het Hy na die *vrye welbehae van sy wil, uit louter genade* **(c)**, tot die saligheid *uitverkies in Christus* **(d)**, wat Hy ook van ewigheid af tot 'n Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot 'n fondament van die saligheid gestel het. En om hulle deur Hom salig te maak, het Hy ook besluit om hulle aan Hom te *gee* **(e)** en kragdadig *tot sy gemeenskap* deur sy Woord en Gees te *roep* **(f)** en te *trek* **(g)**, of, met die ware geloof in Hom begiftig, *te regverdig, te heilig* en deurdat hulle in die gemeenskap van sy Seun kragtiglik bewaar word, uiteindelik *te verheerlik* **(h)** as bewys van sy barmhartigheid, en tot roem van die *rykdomme van sy* heerlike *genade* **(i)**. Soos geskrywe is: **God het ons uitverkies in Christus voor die grondlegging van die wêreld, om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde** (Ef. 1:4, 5, 6). En elders: **Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik** (Rm 8:30).
**(a) Ef 1:11. (b) Ef 1:4. (c) Ef 1:5,6,9; Lk 12:32. (d) Ef 1:4. (e) Jn 17:2,12,24. (f) 1 Kor 1:9; Rm 8:30. (g) Jn 6:44. (h) Rm 8:30; 1 Kor 6:11. (i) Ef 1:7,2:7.**

8. Die voormelde uitverkiesing is nie veelsoortig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament; aangesien die Skrif ons net een welbehae,

voorneme en raad van die wil van God voorstel waardeur Hy ons van ewigheid af *uitverkies* het tot die genade sowel as tot die heerlikheid, *tot die saligheid* **(a)** sowel as *tot die weg van die saligheid* **(b)** wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.
**(a) Hd 13:48; HK v/a 54. (b) Ef 1:4,5; 2:10.**

9. Hierdie uitverkiesing is gedoen nie uit die vooruitgesiene geloof en die geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of *enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid* **(a)**, as oorsaak of voorwaarde wat vantevore vereis word in die mens wat uitverkies sal word nie; maar tot die geloof en *geloofsgehoorsaamheid* **(b)**, tot heiligheid ens.; daarom is die uitverkiesing die fontein van alle saligmakende goed waaruit die geloof, die heiligheid en ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte voortvloei, volgens die getuienis van die apostel: **Hy het ons uitverkies om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees** (Ef. 1:4), nie ómdat ons dit alreeds was nie.
**(a) Ef 2:8; Rm 7:19. (b) Jn 15:16.**

10. Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is alleenlik die welbehae van God, wat nie daarin bestaan dat Hy *enige hoedanighede of werke van die mense* **(a)** uit alle moontlike voorwaardes, tot 'n voorwaarde van die saligheid uitgekies het nie; maar hierin dat Hy enige bepaalde persone uit die algemene menigte van sondaars vir Hom as sy eiendom aangeneem het. Soos geskrywe is: **Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie,** ens. **is vir haar** (nl. Rebekka) **gesê: Die oudste sal die jongste dien; soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat** (Rom. 9:11, 12, 13). En: **Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was** (Hd 13:48).
**(a) Rm 3:10-12; NGb 16.**

11. En soos God self alwys, *onveranderlik* **(a)**, alwetend en almagtig is, net so kan die *uitverkiesing* wat sy daad is, nie *ongedaan gemaak* en oorgedoen of verander of herroep of afgebreek word nie, of ook die *uitverkorenes verwerp* of hul *getal verminder* **(b)** word nie.
**(a) Rm 11:29; Mal 3:6; Jes 41:4; Ja 1:17; NGb 1. (b) Jn 6:39; Mt 24:24; Rm 8:30; Jes 49:16; (b) Jn 10:28,29; NGb 37.**

12. Van hul ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid word die uitverkorenes op die regte tyd, ofskoon met verskillende trappe en in ongelyke mate, *verseker* **(a)**; nie as hulle die *verborgenhede* **(b)** en *dieptes van God* **(c)** nuuskierig deursoek nie, maar as hulle die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys – bv. die ware geloof in Christus, kinderlike vrees van God, *droefheid* tot God *oor die sonde* **(d)**, *honger en dors na die geregtigheid* **(e)**, ens. – in hulself met 'n geestelike blydskap en heilige genot waarneem.
**(a) 2 Kor 13:5. (b) Dt 29:29. (c) 1 Kor 2:10,11; Rm 11:33. (d) 2 Kor 7:10. (e) Mt 5:6; Ps 42:3; Ps 63:2; Jes 55:1.**

13. Uit die gevoel en die versekerdheid van hierdie uitverkiesing vind die kinders van God daagliks meer rede om hulself *voor God* te *verootmoedig* **(a)**, die diepte van sy barmhartighede te aanbid, hulself te reinig, en Hom wat hulle *eerste so uitnemend liefgehad het* **(b)**, van hul kant vuriglik te bemin; sover is dit daarvandaan dat hulle deur hierdie leer van die uitverkiesing en deur die oordenking daarvan *traer sou word in die onderhouding van die gebooie van God* **(c)** of dat hulle, deur na die vlees te lewe, *sorgeloos* **(d)** sou word. Deur die regverdige oordeel van God is dit wel die geval met diegene wat hulself die genade van die uitverkiesing ligvaardiglik toeëien of ydellik en ligsinnig daaroor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.
**(a) Dn 10:12. (b) 1 Jn 4:10,19. (c) 1 Jn 5:1-3; Kol 3:12. (d) HK v/a 64.**

14. Verder is hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing volgens die wyse raad van God, deur die Profete, Christus self en die Apostels, in die Ou sowel as die Nuwe Testament verkondig en daarna in die Heilige Skrifte voorgestel en bewaar. Daarom moet dit *vandag nog* op die regte tyd en plek *in die Kerk van God* – waarvoor dit besonderlik bestemd is – versigtig en met godvrugtige eerbied en heiligheid *voorgestel word* **(a)**, *sonder* enige *nuuskierige ondersoeking* van die weë van die Allerhoogste, *tot eer van die heilige Naam van God* **(b)** en tot 'n *lewende troos* **(c)** vir sy volk.
**(a) Hd 20:27. (b) Rm 12:3;11:33,34. (c) Heb 6:17,18.**

15. Hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing word deur die Heilige Skrif ons daardeur allermees aangewys en aangeprys dat dit bowendien getuig dat *nie alle mense uitverkies* **(a)** is nie, maar sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is, naamlik diegene oor wie God besluit het om hulle na sy geheel vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae in die algemene *ellende te laat* **(b)** bly waarin hulle hulself deur hule eie skuld gestort het, en om hulle met die saligmakende geloof en die genade van die bekering nie te begiftig nie. Terwyl Hy hulle in *hul eie weë* **(c)** en onder sy regverdige oordeel laat bly, het Hy besluit om hulle eindelik nie alleen oor die ongeloof nie, maar ook oor al die ander sondes te *veroordeel* **(d)**, en ewiglik te straf om sy geregtigheid te openbaar. En dit is die besluit van die verwerping wat God geensins maak tot bewerker van die sonde nie **(e)** – dit sou 'n godslasterlike gedagte wees – maar Hom stel tot 'n verskriklike, onberispelike en regverdige regter en wreker daarvan.
**(a) Rm 9:13,18,21; Mt 22:14. (b) Rm 1:24-26. (c) Hd 14:16. (d) Jn 3:17,18. (e) NGb 13.**

16. Diegene wat die *lewende geloof* **(a)** in Christus of die *vaste vertroue* **(b)** van die hart, die *vrede* **(c)** van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die *roem in God deur Christus* **(d)** in hulle nog nie kragtiglik gevoel nie en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, nog hulle onder die verworpenes reken; maar hulle moet vlytig voortgaan om die *middele te gebruik* **(e)**, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag. Nog minder behoort diegene vir hierdie leer van die verwerping te skrik wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, Hom alleen te behaag en van die *liggaam van die dood* verlos **(f)** te word, alhoewel hulle op die weg van die godsaligheid en van die geloof nog nie sover kan kom as wat hulle graag sou wens nie; aangesien die barmhartige God beloof het dat Hy die *dowwe lamppit nie sal uitblus* en die *geknakte riet nie sal verbreek nie* **(g)**. Maar hierdie *leer* is met reg tot 'n *verskrikking* vir hulle wat God en *Christus* die *Saligmaker nie ag nie* **(h)** en hulself aan die *sorge van die wêreld* **(i)** en die welluste van die vlees geheel en al oorgegee het – solank as hulle hul nie met erns tot God bekeer nie.
**(a) Ja 2:26. (b) Heb 2:13; HK v/a 21. (c) Rm 5:1. (d) Rm 5:11; Flp 3:3. (e) 2 Tm 1:6. (f) Rm 7:24; 6:6; 8:23. (g) Jes 42:3; Mt 12:20; 11:28. (h) Mt 11:20-2. (i) Mt 13:22.**

17. Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die *kinders van die gelowiges heilig* **(a)** is, nie van nature nie, maar kragtens die *genadeverbond* **(b)** waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is, daarom moet godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hul kinders wat God in hul kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie.
**(a) 1 Kor 7:14; HK v/a 74; NGb 34 sin 8. (b) Gn 17:7; Jes 59:21; Hd 2:39.**

18. Teen diegene wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en strengheid van die regverdige verwerping murmureer, stel ons hierdie uitspraak van die apostel: **O mens, wie is jy wat teen God antwoord?** (Rom. 9:20), en ook die uitspraak van ons Saligmaker: **Staan dit My nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?** (Matt. 20:15). Ons daarenteen wat hierdie *verborgenhede* **(a)** met godvrugtige eerbied aanbid, roep met die apostel uit: **O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen** (Rm 11:33).

**(a) Mt 13:11; Rm 11:25.**

**VERWERPING VAN DIE DWALINGE WAARDEUR DIE NEDERLANDSE KERKE 'N TYD LANK IN BEROERING GEBRING IS**

Aangesien hierdie regsinnige leer van die uitverkiesing en verwerping verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: **Dat die wil van God om salig te maak die wat sou glo en in die geloof en geloofsgehoorsaamheid sou volhard, die ganse en volle besluit van die uitverkiesing tot**

**saligheid is, en dat daar niks anders oor hierdie besluit in die Woord van God geopenbaar is nie.** Want hulle bedrieg die eenvoudiges en weerspreek duidelik die Heilige Skrif wat getuig dat God nie alleen diegene wat sal glo, wil salig maak nie, maar dat Hy ook enige bepaalde mense van ewigheid af uitverkies het wat Hy in die tyd, bo ander, met die geloof in Christus en met volharding sou begiftig, soos geskrywe is: **Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het** (Joh. 17:6). En: **Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was** (Hand. 13:48). En: **Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld, om heilig te wees, ens.** (Ef. 1:4);

2. wat leer: **Dat die uitverkiesing van God tot die ewige lewe veelsoortig is: die een algemeen en onbepaald, die ander besonder en bepaald; en dat laasgenoemde weer óf onvolkome, herroepbaar, nie-beslissend en voorwaardelik is, óf volkome, onherroeplik, beslissend en volstrek is.** En ook: **Dat daar een uitverkiesing is tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, en wel so dat daar 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof kan wees sonder die beslissende uitverkiesing tot saligheid.** Want dit is 'n versinsel van die mens se brein, buite die Skrif uitgedink, waardeur die leer van die uitverkiesing vernietig en hierdie goue ketting van ons saligheid verbreek word: **Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik** (Rom. 8:30);

3. wat leer: **Dat die welbehae en voorneme van God waarvan die Heilige Skrif in die leer van die uitverkiesing gewag maak, nie daarin bestaan dat God enige bepaalde mense bo ander uitverkies het nie, maar daarin, dat God uit alle moontlike voorwaardes – waaronder ook die werke van die Wet val – of uit die hele orde van alle dinge, die uit sy aard onverdienstelike daad van die geloof, en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot 'n voorwaarde van die saligheid uitgekies het, wat Hy as 'n volkome gehoorsaamheid genadiglik wou reken, en wou waardig ag om met die ewige lewe te beloon.** Want met hierdie skadelike dwaling word die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos gemaak, en word die mense deur nuttelose vrae afgetrek van die waarheid van die genadige regverdigmaking en van die eenvoudigheid van die Skrif. Tewens word hierdie uitspraak van die apostel van onwaarheid beskuldig: **God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is** (2 Tim. 1:9);

4. wat leer: **Dat in die uitverkiesing tot die geloof hierdie voorwaarde vantevore vereis word dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik, vroom moet wees, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe, net asof die uitverkiesing enigsins van hierdie dinge sou afhang.** Want dit smaak na die gevoele van Pelagius en stry teen die leer van die apostel waar hy skrywe: **Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander; maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered – en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie – dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie** (Ef. 2:3-9);

5. wat leer: **Dat die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing van bepaalde persone tot saligheid tot stand gekom het uit die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en godsaligheid, wat óf net begin het óf ook al 'n tyd geduur het; maar dat die volkome en beslissende uitverkiesing tot stand gekom het uit die vooruitgesiene volharding tot die einde toe in die geloof, bekering, heiligheid en godsaligheid; en dat dit die genadige en evangeliese waardigheid is, ter wille waarvan hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie; en dat derhalwe die geloof, die geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, godsaligheid en volharding nie vrugte is van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar dat dit voorwaardes is wat vantevore vereis word en vooruitgesien is as alreeds volbring, in diegene wat ten volle uitverkies sal word, en oorsake is waarsonder**

**die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie tot stand kom nie.** Dit stry teen die hele Skrif wat hierdie en dergelike uitsprake in ons ore en harte telkens weer inskerp: **Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep** (Rom. 9:11). **Almal het gelowig geword wat tot die ewige lewe verordineer was** (Hand. 13:48). **Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies** (Joh. 15:16). **As dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie** (Rom. 11:6). **Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het** (1 Joh. 4:10);

6. wat leer: **Dat nie elke uitverkiesing tot saligheid onveranderlik is nie, maar dat sommige uitverkorenes, nieteenstaande enige besluit van God, verlore kan gaan, en ook vir ewig verlore gaan.** Met hierdie growwe dwaling word God veranderlik gemaak en die troos van die godsaliges, wat hulle skep uit die vastigheid van hul uitverkiesing, omvergewerp. Ook word die Heilige Skrif weerspreek wat leer: **Dat die uitverkorenes nie verlei kan word nie** (Matt. 24:24); **dat Christus diegene wat Hom deur die Vader gegee is, nie sal verloor nie** (Joh. 6:39), **en dat God die wat Hy vantevore verordineer, geroep en geregverdig het, dié ook verheerlik het** (Rom. 8:30);

7. wat leer: **Dat daar in hierdie lewe geen vrug en geen gevoel is van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie; ook geen sekerheid nie, behalwe die wat afhanklik is van 'n veranderlike en onseker voorwaarde.** Want behalwe dat dit ongerymd is om 'n onsekere sekerheid te stel, stry dit ook teen die bevinding van die heiliges wat, kragtens die gevoel van hul uitverkiesing, hulle met die apostel verheug en hierdie weldaad van God roem (Ef. 1), wat volgens die vermaning van Christus hulle verbly met die dissipels dat hul name in die hemel geskrywe is (Luk. 10:20); wat ook die gevoel van hul uitverkiesing stel teen die vurige pyle van die aanvegtinge van die duiwel, terwyl hulle vra: **Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?** (Rom 8:33);

8. wat leer: **Dat God oor niemand net kragtens sy regverdige wil besluit het om hom in die val van Adam en in die gemeenskaplike staat van sonde en verdoemenis te laat bly nie, of in die mededeling van die genade wat tot die geloof en die bekering nodig is, verby te gaan nie.** Want dit staan vas: **Hy is barmhartig oor wie Hy wil, en Hy verhard vir Hy wil** (Rom. 9:18). En dit ook: **Dit is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie** (Matt. 13:11). En ook: **Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae** (Matt. 11:25, 26);

9. wat leer: **Dat die oorsaak waarom God die Evangelie liewer na die een volk gestuur as na die ander, nie enkel en alleen die welbehae van God is nie, maar omdat die een volk beter en waardiger is as die ander waaraan die Evangelie nie meegedeel word nie.** Want Moses ontken dit as hy die Israelitiese volk aldus aanspreek: **Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het hulle nageslag na hulle, vir julle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is** (Deut. 10:14, 15). En Christus: **Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáïda! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het** (Matt. 11:21).

**TWEEDE LEERSTUK**

**OOR DIE DOOD VAN CHRISTUS EN DIE VERLOSSING VAN DIE MENSE DEUR SY DOOD**

1. God is nie alleen ten hoogste *barmhartig* nie, maar ook ten hoogste *regverdig* **(a)**. En sy geregtigheid – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis, dat ons sondes, teen sy oneindige majesteit begaan, nie alleen met *tydelike*, maar ook met *ewige strawwe* **(b)** aan *siel en liggaam gestraf* **(c)** moet word; en aan dié strawwe kan ons nie *ontkom* **(d)** nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.

**(a) NGb 16; HK v/a 11. (b) Ps 50:21; Nah 1:2; 2 Ts 1:9: Mt 25:46; HK v/a 10. (c) Mt 16:26; Ja 5:20; Mt 13:40-42; 49-50; HK v/a 11. (d) Mt 3:7; Lk 21:36; Mt 23:33.**

2. Maar omdat ons *self geen voldoening* **(a)** kan gee en ons van die *toorn van God kan bevry nie* **(b)**, het God uit oneindige barmhartigheid sy *eniggebore Seun* **(c)** as *borg* **(d)** aan ons gegee, wat *vir ons* of *in ons plek* **(e)** *sonde* en *vervloeking aan die kruis* **(f)** geword het om vir ons te voldoen.
**(a) Rm 7:19; Ef 2:8; Rm 3:20 HK v/a 13. (b) Jn 3:36; 1 Ts 1:10; Rm 1:18; Ef 5:6; Op 6:16. (c) Jn 3:16; 1 Jn 4:9; Flp 2:7. (d) Heb 7:22.(e) 2 Kor 5:15; Mt 20:28; Jes 53:4,5,11; Ef 5:2; Heb 9:28; Rm 5:8; Jn 1:29; NGb 20. (f) 2 Kor 5:2; Gl 3:13; Kol 2:14.**

3. Hierdie dood van die Seun van God is die *enigste en volmaakte offer* **(a)** en *genoegdoening vir die sondes* **(b)**; van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die *sondes van die hele wêreld* **(c)** te versoen.
**(a) Rm 9:26; Mt 1:21; Hd 4:12. (b) Rm 5:8,9; Heb 2:17; 9:14,25,26; 1 Tm 1:15. (c) 1 Jn 2:2; Jn 1:29; 11:51,52.**

4. En hierdie dood het daarom so 'n grote krag en waarde, omdat die persoon wat dit ondergaan het, nie alleen 'n *ware en volkome heilige mens* **(a)** is nie, maar ook die *eniggebore Seun van God* **(b)**, van *eenselfde ewige* en *oneindige wese met die Vader en die Heilige Gees* **(c)**, soos ons Saligmaker dan ook moes gewees het. Bowendien, omdat sy dood verbonde was met die *gewaarwording van die toorn van God* **(d)** en van die *vloek* **(e)** wat ons deur ons sondes verdien het.
**(a) Heb 7:26; HK v/a 16-19. (b) Jn 3:16; 1 Jn 4:9. (c) Gl 4:6; NGb 8,9,10. (d) Mt 27:46. (e) Gl 3:13.**

5. Verder is die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die *gekruisigde Christus* **(a)** glo, *nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê* **(b)**; en hierdie belofte moet aan *alle volke* **(c)** en mense tot wie God na sy welbehae sy Evangelie stuur, voor die voet en *sonder enige onderskeid* **(d)** verkondig en voorgestel word, met die *bevel van bekering en geloof* **(e)**.
**(a) 1 Kor 1:23. (b) Jn 3:16. (c) Mt 28:19. (d) Rm 3:22; 10:12. (e) Hd 2:38; 16:31; 2 Kor 5:20.**

6. Dat egter *baie* wat deur die Evangelie *geroep* **(a)** is, *nie tot bekering kom* of in *Christus glo* nie, maar in ongeloof sterwe, dit kom nie deur die gebrekkigheid of ongenoegsaamheid van die offer wat Christus aan die kruis gebring het nie, maar deur *hul eie skuld* **(b)**.
**(a) Mt 22:14. (b) 1 Kor 6:10; HK v/a 87; Mt 11:20–24; Ja 1:13-15; Mt 7:21-23.**

7. Maar almal wat waaragtiglik glo en deur die dood van Christus van die sondes en die verderf gered en behou word, geniet hierdie weldaad *alleen uit die genade van God* **(a)**, wat aan hulle van *ewigheid af in Christus gegee* **(b)** is sonder dat Hy dié genade aan iemand verskuldig is.
**(a) Jn 6:44; Jn 3:27; Ef 2:8; Rm 3:24. (b) Ef 1:4.**

8. Want dit was die geheel vrye raad, die allergenadigste wil en voorneme van God die Vader, dat die *lewendmakende en saligmakende krag* van die kosbare dood van sy Seun *sig sou uitstrek* tot al die uitverkorenes om *alleen hulle* met die *regverdigmakende geloof te begiftig* en *daardeur* hulle *onfeilbaar* tot die *saligheid te bring* **(a)**; dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die *bloed van sy kruis* **(b)** – waarmee Hy die *nuwe verbond* **(c)** bevestig het – *uit alle volke, stamme, geslagte en tale* **(d)** dié almal en dié alleen, kragdadig sou verlos wat van ewigheid af tot saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is; dat Hy hulle sou begiftig met die geloof sowel as die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, wat Hy deur sy dood vir hulle verwerf het; en dat Hy hulle van al hul sondes, die aangeborene sowel as die werklike, nà sowel as voor die geloof begaan, *deur sy bloed sou reinig* **(e)**, tot die einde toe *getrou sou bewaar* **(f)** en uiteindelik *sonder enige vlek of rimpel* **(g)** heerlik voor Hom sou stel.
**(a) Jn 15:16; Jn 17:2, 9, 15. (b) Kol 1:20. (c) Lk 22:20; Heb 8:8-13; 9:15. (d) Op 5:9; 7:9. (e) 1 Jn 1:7. (f) Jn 17:12,15. (g) Ef 5:27.**

9. Hierdie raad wat voortkom uit die ewige liefde van God tot die uitverkorenes, is van die begin van die wêreld af tot op die *teenswoordige tyd* **(a)** kragdadig vervul, al versit die *poorte van die doderyk* **(b)** hulle tevergeefs daarteen. Hierdie raad sal ook voortaan vervul word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd byeen vergader sal word en daar *altyd 'n Kerk van gelowiges* **(c)** sal wees, gegrondves op die bloed van Christus – so 'n kerk wat Hom as sy Saligmaker wat, soos 'n bruidegom vir sy bruid, *sy lewe aan die kruis vir hom gegee* **(d)** het, standvastig bemin, met volharding dien en hier en in alle ewigheid *verheerlik* **(e)**.
**(a) Hd 2:47. (b) Mt 16:18. (c) 1 Kon 19:18; NGb 27. (d) Ef 5:23. (e) Rm 11:33-36.**

**VERWERPING VAN DIE DWALINGE**

Aangesien hiermee die regsinnige leer verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: **Dat God die Vader sy Seun tot die kruisdood verordineer het sonder 'n seker en bepaalde raadsbesluit om iemand persoonlik salig te maak, sodat die noodsaaklikheid, nuttigheid en waardigheid van die verdienste van die dood van Christus wel sou kon bestaan en in alle dele volmaak, volkome en as een geheel sou kon gebly het, selfs al sou geen enkele mens hom ooit die verlossing wat Hy verwerf het, inderdaad toegeëien het nie.** Want hierdie leer strek tot versmading van die wysheid van die Vader en van die verdienste van Jesus Christus en is in stryd met die Heilige Skrif. Want aldus spreek ons Saligmaker: **Ek lê my lewe af vir die skape, en Ek ken hulle** (Joh. 10:15, 27). En die profeet Jesaja sê van die Saligmaker: **As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees** (Jes. 53:10). Eindelike werp dit die geloofsartikel omver waarmee ons geloof bely aan **'n algemene Christelike Kerk;**

2. wat leer: **Dat dit nie die doel van die dood van Christus was om die nuwe verbond van die genade metterdaad deur sy bloed te bevestig nie, maar alleen dat Hy vir die Vader die blote reg sou verwerwe om met die mense weer 'n verbond van die genade of van die werke, welke verbond ookal, te kan oprig.** Want dit is in stryd met die Skrif wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond (Hebr. 7:22), en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Hebr. 9:15, 17);

3. wat leer: **Dat Christus deur sy voldoening vir niemand sekerlik die saligheid self en die geloof verdien het, waardeur hierdie voldoening van Christus tot saligheid effektief toegeëien word nie, maar dat Hy alleen vir die Vader die mag of die volkome wil verwerf het om opnuut met die mense te handel en nuwe voorwaardes, soos Hy wil, voor te skrywe; en dat die volbrenging daarvan sou afhang van die vrye wil van die mens, sodat dit dus sou kon gebeur dat óf niemand óf alle mense dit sou vervul.** Want hierdie mense dink alte veragtelik oor die dood van Christus, erken geensins die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie en roep weer uit die hel die Pelagiaanse dwaling te voorskyn;

4. wat leer: **Dat die nuwe verbond van die genade wat God die Vader, deur tussenkoms van die dood van Christus, met die mense gemaak het, nie daarin bestaan dat ons deur die geloof vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie; maar daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, die geloof self en die geloofsgehoorsaamheid – alhoewel dit onvolmaak is – vir volmaakte gehoorsaamheid van die Wet reken en uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon.** Want hierdie mense weerspreek die Skrif: **Hulle word deur sy genade verniet geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is wat God voorgestel het as 'n versoening deur die geloof in sy bloed** (Rom. 3:24, 25). En met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde regverdigmaking van die mens voor God in, teen die ooreenstemming van die hele Kerk;

5. wat leer: **Dat alle mense in die staat van versoening en in die genade van die verbond aangeneem is; sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van die skuld van hierdie sonde vry is.** Want hierdie gevoele stry teen die Skrif wat sê **dat ons van nature kinders van die toorn is** (Ef. 2:3);

6. **wat die onderskeid tussen die verwerwing en die toeëiening gebruik om die onversigtiges en onervarenes hierdie gevoele te kan inprent dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Maar dat sommige die vergifnis van sondes en die ewige lewe deelagtig word en ander nie – daardie onderskeid hang van hul vrye wil af wat hom aanpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word, en dat dit nie van die besondere gawe van die barmhartigheid, wat effektief in hulle werk, afhang dat hulle in onderskeiding van ander die genade hulle sou toeëien nie.** Want dié mense wat voorgee dat hulle hierdie onderskeiding

in 'n goeie sin voorstel, probeer om die volk die verderfllike gif van die **Pelagiaanse** dwalinge in te gee;

7. wat leer: **Dat Christus vir diegene wat ten hoogste deur God bemin word en wat Hy tot die ewige lewe uitverkies het, nie kon en nie moes sterwe nie en ook nie gesterf het nie, omdat hulle die dood van Christus nie nodig het nie.** Want hulle weerspreek die apostel wat sê: **Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee** (Gal. 2:20). Desgelyks: **Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het** (Rom. 8:33, 34) naamlik vir hulle: en die Saligmaker wat sê: **Ek lê my lewe af vir die skape** (Joh. 10:15); en: **Dit is my gebod dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee** (Joh. 15:12, 13).

**DERDE EN VIERDE LEERSTUK**

**OOR DIE MENS SE VERDORWENHEID EN BEKERING TOT GOD**

1. Die mens is van die begin af na die *beeld van God geskape* **(a)**, versierd in sy verstand met ware en salige *kennis* **(b)** van sy Skepper en van geestelike sake; en in sy wil en sy hart met geregtigheid en in al sy geneenthede met suiwerheid; sodat hy dus heeltemal *heilig* **(c)** was. Maar toe hy deur die ingewing van die duiwel en deur sy eie vrye wil van God afgewyk het, het hy homself van hierdie uitnemende gawes beroof; en hy het daarenteen in die plek daarvan oor homself gebring blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand; boosheid, wederspannigheid en hardheid in sy wil en sy hart, en laastens onsuiwerheid in al sy geneenthede **(d)**.
**(a) Gn 1:26,27; Ef 4:24; HK v/a 6. (b) Kol 3:10. (c) Gn 1:31. (d) Rm 1:18-32; 2 Tm 3:1-5; NGb 14; HK v/a 9.**

2. Net soos die mens ná die val gewees het, was ook die kinders wat hy voortgebring het: *hy het as verdorwene verdorwe kinders voortgebring*; sodat die *verdorwenheid*, volgens die regverdige oordeel van God, *van Adam op al sy nakomelinge* **(a)** – *Christus alleen uitgesonderd* **(b)** – *oorgegaan het* **(a)**, nie deur navolging soos eertyds die Pelagiane beweer het nie, maar deur voortplanting van die verdorwe natuur.
**(a) Job 14:4; 15:14; Ps 51:7; Rm 3:9-12; 5:12; Ef 2:1-3; Gn 8:21; NGb 15. (b) 2 Kor 5:21; Heb 4:15; 7:26.**

3. Daarom word *alle mense in sonde ontvang* **(a)** en as *kinders van die toorn* **(b)** gebore, *onbekwaam tot enige saligmakende goed, geneig tot kwaad* **(c)**, *dood in sondes* **(d)** en *slawe van die sonde* **(e)**; hulle *wil en kan ook nie* tot *God terugkeer* **(f)** of hul verdorwe natuur verbeter of hulself daartoe bring om dit te verbeter nie, *sonder die genade van die Heilige Gees wat die wedergeboorte skenk* **(g)**.
**(a) Ps 51:7; HK v/a 7. (b) Ef 2:3. (c) HK v/a 8. (d) Ef 2:1. (e) Jn 8:34; Rm 6:17. (f) Jn 6:44; 1 Kor 2:14. (g) Jn 3:3,5; 1 Pt 1:23; HK v/a 8.**

4. Daar het wel ná die val in die mens nog 'n *bietjie lig van die natuur oorgebly* **(a)** waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug. Maar so onmoontlik is dit vir die mens om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer, dat hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie; ja dit veel liewer – hoedanig dit ook al mag wees – op verskillende maniere geheel en al besoedel en in *ongeregtigheid onderdruk* **(b)**. En omdat hy dit doen, is daar vir hom *geen verontskuldiging voor God nie* **(c)**.
**(a) Rm 2:14,15; HK v/a 114; NGb 14 sin 5. (b) Rm 1:18; 8:7. (c) Rm 1:20; 2:14; NGb 2; NGb 14 sin 5.**

5. Wat dit betref, staan dit met die *Wet* van die *Tien Gebooie* **(a)** wat God deur Moses besonderlik aan die Jode gegee het, net soos met die lig van die natuur. Want aangesien die *Wet die grootheid van die sonde wel ontdek* **(b)** en die mens al meer van sy skuld oortuig, maar die

herstellingmiddel daarteen nie aanwys of enige kragte bybring om uit hierdie ellende uit te kom nie, en omdat die Wet dus, nadat dit *deur die vlees kragteloos* **(c)** geword het, die oortreder onder die *vloek* **(d)** laat bly, daarom kan die mens *daardeur die saligmakende genade nie verkry nie* **(e)**.
**(a) Ex 20:1-17. (b) Rm 3:20; 7:7. (c) Rm 8:3. (d) Gl 3:10; Rm 6:23. (e) Rm 3:28; Gl 2:16; 2:21; 3:11.**

6. Wat dus die lig van die natuur en ook die Wet nie kan doen nie, dit doen God deur die *krag van die Heilige Gees* **(a)** en deur die Woord of die *bediening van die versoening* **(b)**. Dit is die *Evangelie van die Messias* **(c)** waardeur dit *God behaag het om die gelowige mense* in die Ou sowel as in die Nuwe Testament *salig te maak* **(d)**.
**(a) Jer 31:33; Esg 36:26,27; Jn 3:5. (b) 2 Kor 5:18. (c) 1 Kor 9:12; 2 Kor 2:12; 10:14. (d) 1 Kor 1:21.**

7. Hierdie *verborgenheid van sy wil* **(a)** het God in die Ou Testament aan betreklik min bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die *onderskeid tussen die volke weggeneem* **(b)** is, het Hy dit aan meer mense geopenbaar. Dat hierdie toebedeling so verskillend is, daarvan moet die oorsaak nie toegeskryf word aan die *waardigheid van die een volk bo die ander* **(c)** nie, of ook aan die feit dat 'n beter gebruik van die lig van die natuur gemaak is nie, maar aan die geheel *vrye welbehae* **(d)** en onverdiende liefde van God. Daarom moet diegene aan wie buite, ja, teen enige verdienste, so 'n groot genade te beurt val, dit met 'n nederige en dankbare hart erken; maar ten opsigte van die ander wat hierdie genade nie deelagtig word nie, moet hulle met die apostel die strengheid en *regverdigheid van die oordele van God* **(e)** aanbid sonder om dit nuuskieriglik te wil ondersoek.
**(a) Ef 1:9. (b) Kol 3:11; Ef 2:14. (c) Rm 2:11; 3:22. (d) Ef 1:5,9,11. Lk 12:32; Flp 2:13. (e) Rm 11:33; Op 16:7; 19:2.**

8. Maar almal wat *deur die Evangelie geroep* **(a)** word, word in alle erns geroep. Want God betuig met erns en alle waaragtigheid in sy Woord wát Hom welgevallig is, naamlik dat diegene wat geroep is, *na Hom toe moet kom* **(b)**. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat na Hom toe kom en glo, die *rus vir hul siele* **(c)** en die *ewige lewe* **(d)**.
**(a) Rm 8:30; 9:24; 1 Kor 1:9,24; 1 Ts 2:12; 2 Ts 2:14. (b) Op 22:17; Jn 6:37; Jes 55:1,6-13; Mt 11:28; 2 Kor 5:20; Esg 33:11. (c) Mt 11:28,29; Jer 6:16. (d) Jn 3:15,16; 1 Tm 1:16; Tt 1:2.**

9. Dat *baie* wat deur die bediening van die Evangelie *geroep is, nie kom* **(a)** en nie bekeer word nie, *daarvan lê die skuld* nie in die Evangelie of in Christus wat deur die Evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat deur die Evangelie roep en selfs ook aan hulle wat Hy roep, verskillende gawes meedeel nie, *maar in die geroepenes self* **(b)** van wie sommige deur sorgeloosheid die woord van die lewe nie aanneem nie; ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hul harte nie; daarom is dit dat hulle, ná 'n kortstondige vreugde van die tydelike geloof, weer terugval; ander laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstik en bring geen vrugte voort nie, soos ons Saligmaker in die *gelykenis van die saad* **(c)** dit leer (Mt 13).
**(a) Mt 22:14. (b) Mt 11:20-26; 23:37; Am 4:6-13; Esg 18; Ps 95:8; Mk 6:52; 1 Pt 2:7,8. (c) Mt 13:13-23; Lk 8:4-15.**

10. Maar *dat ander wat* deur die bediening van die *Evangelie geroep is, kom en bekeer word*, dit moet *nie aan die mens toegeskryf* **(a)** word nie asof hy deur sy vrye wil hom onderskei van ander wat met net so 'n grote of genoegsame genade tot geloof en bekering voorsien is – soos die hooghartige kettery van Pelagius dit stel – maar dit moet aan God toegeskrywe word wat ál diegene, deur Hom as sy eiendom *van ewigheid af in Christus uitverkore* **(b)**, ook almal in die tyd met goeie gevolg roep, met die geloof en die bekering begiftig en, nadat hulle *verlos is uit die mag van die duisternis, oorbring in die ryk van sy Seun* **(c)**, sodat hulle die *deugde sou verkondig van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig* **(d)** en *nie in hulself sou roem nie, maar in die Here* **(e)**, soos die apostoliese geskrifte orals getuig.
**(a) Jn 15:16; 6:44; 3:27; Hd 16:14; HK v/a 65. (b) Ef 1:4,5; 2:10. (c) Kol 1:13; Gl 1:4. (d) 1 Pt 2:9. (e) 1 Kor 1:31; Jer 9:24; 1 Kor 4:7; Rm 5:11; 2 Kor 10:17.**

11. Verder, wanneer God hierdie welbehae in die uitverkorenes uitvoer en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy aan hulle nie alleen uiterlik die Evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hul verstand kragtiglik deur die Heilige Gees, sodat hulle *reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God* **(a)** nie; maar Hy *dring* ook *in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde wederbarende Gees* **(b)**; Hy *open die hart wat gesluit is* **(c)**; Hy vermurf wat hard is; Hy *besny wat onbesnede is* **(d)**. *In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in* **(e)** en maak dat die wil wat *dood was, lewend word* **(f)**; wat *boos was, goed word* **(g)**; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil só dat dit soos 'n *goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring* **(h)**.
**(a) 1 Kor 1:14,15; Jn 14:26. (b) Esg 36:26,27; 37:14; Jl 2:28; Rm 8:16; Ef 3:16; Tt 3:5. (c) Hd 16:14. (d) Jer 4:4; Dt 10:16; 30:6. (e) Kol 3:10. (f) Ef 2:1; Kol 2:13. (g) Flp 1:6. (h) Mt 7:18; Lk 6:43-45.**

12. En dit is die *wedergeboorte, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking* **(a)** waarvan so baie in die Skrifte gespreek word, wat God sonder ons in ons werk. En dit word in ons *volstrek nie teweeggebring deur* middel van die uiterlike prediking alleen of deur sedelike aanprysing, of deur enige werking van sodanige aard dat dit, nadat God (vir sover dit Hom betref) sy werk volbring het, dan nog in *die mens se mag* sou lê *om wedergebore* of nie wedergebore *te word nie* **(b)**, bekeer te word of nie bekeer te word nie. Maar dit is 'n geheel bowenatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat – volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die oorsaak van hierdie werking ingegee is – in sy krag nie minder of geringer is as die *skepping* **(c)** of die *opwekking van die dode nie* **(d)**; sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en effektief wedergebore word en daadwerklik glo. En dan word die wil wat nou vernuut is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, *werk dit ook self* **(e)**. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, soos hy is, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.
**(a) Jn 3:3; 1:13; 1 Pt 1:3; 2 Kor 5:17; Ef 5:14; 2:5; 1 Jn 2:29; 4:7; Esg 36:26. (b) 1 Pt 1:23. (c) 2 Kor 5:17; 4:6; (d) Ef 2:1,5. (e) Flp 2:13.**

13. Die wyse van *hierdie werking* kan die gelowiges in hierdie lewe *nie volkome begryp nie* **(a)**. Ondertussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en gevoel dat hulle deur hierdie genade van God *met die hart glo* **(b)** en hul Saligmaker liefhet.
**(a) Dt 29:29; Rm 11:33-36. (b) Rm 10:9.**

14. So is die *geloof* dan 'n *gawe van God* **(a)**; nie omdat dit aan die vrye wil van die mens deur God aangebied word nie, maar omdat dit die mens metterdaad meegedeel, ingegee en ingestort word. Ook nie daarom dat God net die mag om te glo, sou gee en daarna die toestemming of die daadwerklike geloof van die vrye wil van die mens sou verwag nie; maar omdat Hy wat *werk om te wil sowel as om te werk* **(b)**, ja alles in almal werk, in die mens teweegbring die wil om te glo en die geloof self.
**(a) Ef 2:8; Flp 1:29; 2 Pt 1:3; Lk 17:5; Hd 3:16. (b) Flp 2:13.**

15. Hierdie genade is God *aan niemand verskuldig nie* **(a)**, want *wat sou Hy skuldig wees aan die een wat Hom nie éérs iets kan gee, sodat dit hom vergeld moet word nie* **(b)**? Ja, wat sou God aan hóm verskuldig wees wat van homself niks het nie as net sonde en leuens? Die een dan wat hierdie genade ontvang, hy is aan God *alleen daarvoor ewige dankbaarheid verskuldig* **(c)**, en hy dank God ook daarvoor; die een wat hierdie genade nie ontvang nie, hy ag ook hierdie geestelike dinge geheel en al nie en behaag homself in wat sy eie is; of deur *sorgeloosheid* **(d)** roem hy tevergeefs daarin dat hy het, wat hy nie het nie. Verder, oor diegene wat hul geloof uiterlik bely en hul lewe verbeter, moet moet 'n mens volgens die voorbeeld van die apostels die beste oordeel en spreek; want die binneste van die harte is aan ons onbekend. En wat die ander betref wat nog nie geroep is nie, vir hulle moet ons *God* bid *wat die dinge wat nie is nie, roep asof hulle was* **(e)**; en ons moet *ons* volstrek nie *teenoor hulle verhef, asof ons onsself onderskei* **(f)** het nie.
**(a) Rm 9:15. (b) Rm 11:35; Job 41:2. (c) Rm 7:24,25; 1 Kor 15:57; Kol 1:12; HK v/a 2; 64; 86. (d) Am 6:1; Jer 7:4; 1 Ts 5:3. (e) Rm 4:17. (f) 1 Kor 4:7.**

16. Maar die mens het deur die val nie opgehou om mens te wees nie, begaaf met verstand en wil, en die sonde wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar bederwe en geestelik *gedood* **(a)**. So ook werk hierdie Goddelike genade van die *wedergeboorte* **(b)** in die mens nie asof hulle stompe en stamme is nie; dit *vernietig die wil en sy eienskappe* nie en *dwing dit nie met geweld teen sy sin nie* **(c)**, maar maak dit *geestelik lewend* **(d)**, genees dit, verbeter dit en buig dit tegelykertyd sagkens en kragtig, sodat waar wederspannigheid en teenstand van die *vlees tevore volkome die oorhand gehad* het, daar nou 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees die *oorhand begin te kry* **(e)**. Daarin is die ware en geestelike wederoprigting en vryheid van ons wil geleë. En as dit nie was dat die wonderbaarlike Werkmeester van al wat goed is op so 'n wyse met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om uit die val te kan opstaan deur sy vrye wil nie, waardeur hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort het.
**(a) Ef 2:1; Kol 2:13. (b) Jn 3:3,5; 1 Pt 1:3,23; Tt 3:5. (c) Flp 2:13; 2 Tm 2:19. (d) Ef 2:1-5. (e) Rm 8:1 e.v.; Kol 1:21.**

17. Die almagtige werking van God waardeur Hy hierdie *natuurlike lewe* van ons *voortbring en onderhou,* sluit nie uit nie, maar vereis *die gebruik van die middele* **(a)** waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wou uitoefen. Net so sluit ook die voormelde *bonatuurlike werking* van God, *waardeur Hy ons wederbaar,* volstrek nie uit, en dit stoot volstrek nie omver die *gebruik van die Evangelie* **(b)** wat die alwyse God as 'n saad van die wedergeboorte en 'n spys vir die siel verordineer het nie. Die apostels en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense aangaande hierdie genade van God godsaliglik onderrig tot sy eer en om alle hoogmoed van die mens te onderdruk terwyl hulle intussen ook nie nagelaat het om hulle deur heilige *vermaninge uit die Evangelie* onder die *bearbeiding van die Woord* **(c)**, van die Sakramente en die kerklike tug te hou nie. So moet dan ook nou diegene wat in die gemeente onderrig gee of diegene wat onderrig ontvang, geensins so vermetel wees om God te versoek deur dié dinge te skei wat God na sy welbehae saamgevoeg wou laat bly nie. Want deur middel van die vermaninge word die genade meegedeel en hoe vaardiger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word gewoonlik die weldaad openbaar wat God in ons werk, en sy werk vorder dan op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom toe, vanweë die middele sowel as vanweë die saligmakende vrug en krag daarvan, *alle heerlikheid in der ewigheid* **(d)**. Amen.
**(a) Jes 55:10,11; 1 Kor 3:6. (b) 1 Pt 1;23,25. (c) Hd 2:42; 2 Tm 3:15-17; 2 Tm 4:1 e.v.; Heb 4:12; Rm 10:8 e.v.; 1 Ts 2:11,13; Dt 6:5-7. (d) Rm 11:36; 16:27; Jud:25.**

**VERWERPING VAN DIE DWALINGE**

Aangesien hiermee die regsinnige leer verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: **Dat 'n mens nie eintlik kan sê dat die erfsonde op sigself genoegsaam is om die hele menslike geslag te veroordeel of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie.** Want hulle weerspreek die apostel wat sê: **Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom, en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het** (Rom. 5:12). En: **Die oordeel was uit één tot veroordeling** (Rom. 5:16); en: **Die loon van die sonde is die dood** (Rom. 6:23);

2. wat leer: **Dat die geestelike gawes of die goeie hoedanighede en deugde soos: goedheid, heiligheid, regverdigheid, in die wil van die mens nie kon gewees het toe hy in die begin geskape is nie, en dus in die val ook nie daarvan kon geskei word nie.** Want dit stry teen die beskrywing van die ewebeeld van God, wat die apostel ons voorhou (Ef. 4:24), waar hy getuig dat dit bestaan het in geregtigheid en heiligheid, wat altwee ongetwyfeld in die wil hul setel het;
3. wat leer: **dat in die geestelike dood die geestelike gawes nie geskei is van die mens se wil nie, aangesien die wil opsigself nooit verdorwe was nie, maar net deur die duisternis van die verstand en die ongereeldheid van die geneenthede gehinder was; en dat, wanneer hierdie hindernisse weggeneem is, die wil dan weer sy vrye aangebore krag kan uitoefen, dit wil sê, allerhande goeie dinge wat hom voorgestel word, uit homself kan wil en kies, of nie wil en nie kies nie.** Dit is 'n nuwigheid en 'n dwaling, en dit strek daartoe dat die kragte van die vrye wil verhef word, teen die uitspraak van die profeet: **Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja,**

**verdorwe is dit** (Jer. 17:9), en van die apostel: **onder wie – kinders van die ongehoorsaamheid – ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die gedagtes gedoen het (Ef. 2:3);**

4. wat leer: **Dat die onwedergebore mens nie eintlik of heeltemal dood is in die sonde of ontbloot is van alle kragte met betrekking tot wat geestelik goed is nie; maar dat hy nog kan honger en dors na die geregtigheid en die lewe en die offer van 'n verslae en gebroke gees kan bring wat God welgevallig is.** Want hierdie dinge stry teen die duidelike getuienisse van die Skrif: **Julle was dood deur die misdade en die sondes** (Ef. 2:1,5); en: **Al die versinsels wat hy bedink in sy hart is altyddeur net sleg** (Gen. 6:5, 8:21). Bowendien, honger en dors na die verlossing uit die ellende en na die lewe en die offer aan God van 'n gebroke gees, geld net van die wedergeborenes en van diegene wat salig genoem word (Ps. 51:9 en Matt. 5:6);

5. wat leer: **Dat die verdorwe en natuurlike mens die algemene genade – daaronder verstaan hulle die lig van die natuur – of die gawes wat ná die val nog in die mens oorgebly het, so goed kan gebruik dat hy deur die goeie gebruik daarvan 'n meerdere, naamlik die Evangeliese of saligmakende genade en die saligheid self langsamerhand en trapgewyse kan verkry. En dat God op dié wyse van sy kant Hom bereid betoon om Christus aan alle mense te openbaar, aangesien Hy die middele wat tot bekering nodig is aan almal genoegsaam en kragdadig toedien.** Want behalwe die ervaring van alle tye betuig die Skrif ook dat dit vals is: **Hy maak aan Jakob sy woord bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, die ken hulle nie** (Ps. 147:19, 20). **God het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel** (Hand. 14:16). En: **Hulle** (naamlik Paulus en sy reisgenote) **is deur die Heilige Gees verhinder om die woord in Asië te verkondig; en by Misië gekom, het hulle probeer om na Bithinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie** (Hand. 16:6, 7);

6. wat leer: **Dat in die ware bekering van die mens geen nuwe hoedanighede, kragte of gawes in die wil deur God ingestort kan word nie, en dat daarom die geloof waardeur ons die eerste keer bekeer word en waarom ons gelowiges genoem word, nie is 'n hoedanigheid of gawe deur God ingestort nie, maar net 'n daad van die mens; en dat dit alleen maar 'n gawe genoem kan word ten opsigte van die mag om daartoe te kom.** Want daarmee weerspreek hulle die Heilige Skrif wat getuig dat God nuwe hoedanighede van die geloof, van die gehoorsaamheid en van die gevoel van sy liefde in ons harte uitstort: **Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart** (Jer. 31:33). En: **Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my gees op jou nageslag giet** (Jes. 44:3). En: **Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is** (Rom. 5:5). Dit is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die Kerk van God wat by die profeet aldus bid: **Bekeer my, dan sal ek my bekeer** (Jer. 31:18);

7. wat leer: **Dat die genade waardeur ons tot God bekeer word, niks anders is as 'n sagte aanrading nie, of – soos ander dit verklaar – dat dit die alleredelste werkwyse is in die bekering van die mens en die beste ooreenkom met die natuur van die mens, wat deur aanrading plaasvind; en dat daar niks is wat kan verhinder dat dié aanradende genade alleen nie genoegsaam sou wees om die natuurlike mens geestelik te maak nie; ja, dat God die toestemming van die wil nie anders voortbring nie as deur sodanige aanrading; en dat die krag van die Goddelike werking waardeur dit die werking van die Satan oortref, hierin bestaan, dat God ewige, maar Satan tydelike goedere belowe.** Want dit is suiwer Pelagiaans en in stryd met die hele Heilige Skrif, wat behalwe dit nog 'n ander en baie kragtiger en Goddeliker manier van werking van die Heilige Gees in die bekering van die mens erken; soos by Eségiël: **Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee** (Eseg. 36:26);

8. wat leer: **Dat God sulke kragte van sy almag in die wedergeboorte van die mens nie gebruik waardeur Hy die mens se wil kragtiglik en onfeilbaar sou buig tot geloof en bekering nie, maar dat as al die werkinge van die genade volbring is wat God gebruik om die mens te bekeer, die mens nogtans God en die Heilige Gees, wanneer dit die voorneme en die wil van God is om hom te wederbaar, so kan weerstaan en inderdaad ook dikwels weerstaan, dat hy**

**sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder; en dat dit dus in sy eie mag bly om wedergebore te word of nie.** Want dit is niks anders nie as dat al die werksaamheid van die genade van God in ons bekering weggeneem en die werking van die almagtige God aan die wil van die mens onderwerp word. Dit gaan in teen die leer van die apostels: **Dat ons glo na die werking van die krag van sy sterkte** (Ef. 1:19). En: **Dat God alle welgevalle aan wat goed is en alle werk van die geloof in ons met krag volkome maak** (2 Thess. 1:11). En: **Dat sy goddelike krag ons alles wat tot die lewe en godsvrug dien, geskenk het** (2 Pet. 1:3);

9. wat leer: **Dat die genade en die vrye wil gedeeltelike oorsake is wat altwee saam die begin van die bekering bewerk, en dat die genade in die orde van werking nie aan die werking van die wil voorafgaan nie; dit wil sê, dat God die wil van die mens nie kragtiglik help tot bekering voordat die wil van die mens homself beweeg en daartoe bepaal nie.** Want die Ou Kerk het hierdie leer al lankal in die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: **So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is** (Rom. 9:16). Desgelyks: **Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie?** (1 Kor. 4:7). En: **Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae** (Fil. 2:13).

**VYFDE LEERSTUK**

**OOR DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES**

1. Diegene wat God *na sy voorneme roep* **(a)** tot die *gemeenskap van sy Seun, onse Here Jesus Christus* **(b)**, en *deur die Heilige Gees wederbaar* **(c)**, hulle *verlos* Hy wel *van die heerskappy en slawerny van die sonde* **(d)** maar Hy *verlos* hulle in *hierdie lewe nie geheel en al* van die *vlees* en die *liggaam* van die *sonde* **(e)** nie.
**(a) Rm 8:28-30. (b) 1 Kor 1:9. (c) Jn 3:5,6. (d) Rm 6:17; HK v/a 29. (e) Rm 7:19-26; Flp 3:12-14; Ps 143:2; HK v/a 62,114.**

2. Hieruit spruit voort die daaglikse sondes van swakheid, en selfs aan die *allerbeste werke van die heiliges kleef daar ook vlekke* **(a)**. Dit gee hulle gedurigdeur rede om hulle voor God te verootmoedig, hul *toevlug tot die gekruisigde Christus te neem* **(b)**, die *vlees* hoe langer hoe meer deur die gees van die gebed en deur heilige oefeninge van godsvrug *dood te maak* **(c)**,en na die *eindpaal* van die *volmaaktheid* **(d)** onophoudelik te smag totdat hulle, ontbonde van hierdie *liggaam van die sonde* **(e)**, met die Lam van God in die hemele *sal regeer* **(f)**.
**(a) Jes 64:6; HK v/a 62,114. (b) Heb 6:18; NGb 29 sin 6. (c) Kol 3;5; Rm 8:13; Mk 13:3; Ef 6:10-18; HK v/a 115. (d) Flp 3:12-14; 1 Kor 9:24,25; 2 Kor 5:1,2; Heb 11:15,16. (e) Rm 6:6; 7:24; Kol 2:11; (f) Op 5:6,10; 22:5.**

3. Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die *aanvegtinge* **(a)** van die wêreld en van Satan, sou die bekeerdes in dié genade nie standvastig kan bly as hulle aan hul eie kragte oorgelaat was nie. Maar *God is getrou, wat hulle* in die genade wat aan hulle eenmaal gegee is, barmhartiglik bevestig en hulle *tot die einde toe kragtiglik bewaar* **(b)**.
**(a) Mt 26:41; Ja 1:12 e.v.; 1 Ts 3:5; Op 2:10. (b) 1Kor 1:8,9; 10:13; 1 Ts 5:23,24; 2 Ts 3:3; Jes 43:1-8; 2 Pt 2:9; 2 Tm 2:13; Jn 6:37; 10:27,28; 17:15; HK v/a 127.**

4. En alhoewel die mag van God waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, te groot is om deur die vlees oorwin te word, word die *bekeerdes* nogtans *nie altyd deur God so gelei en beweeg dat hulle* in sommige besondere dade, deur hul eie skuld van die leiding van die genade *nie sou kan afwyk en deur die begeerlikhede van die vlees verlei sou word en dit volg nie* **(a)**. Daarom moet hulle *gedurigdeur waak en bid* **(b)** dat hulle nie in versoeking gelei word nie. En as hulle dit nie doen nie, kan hulle nie alleen deur die *vlees, die wêreld en Satan* **(c)** tot sware en ook gruwelike sondes weggeruk word nie, maar word hulle ook inderdaad, deur die regverdige toelating van God, daartoe somtyds weggeruk. Soos die droewige val van *Dawid, Petrus* en *ander heiliges* **(d)** wat in die Skrif beskrywe is, bewys.
**(a) 1 Kor 10:12,13; Ja 1:12; 1 Pt 1:6. (b) Mt 26:41; 1 Ts 5:6,17; 1 Pt 5:8; 1 Kor 16:13. (c) HK v/a 127. (d) 2 Sam 11,12; Mk 14:30; Lk 22:54-62; 15:11-32.**

5. Met sulke growwe sondes *vertoorn hulle God* **(a)** ten seerste, verval hulle in doodskuld, *bedroef hulle die Heilige Gees* **(b)**, verbreek hulle die beoefening van die geloof, kwes hulle hulle gewete uiters swaar en verloor hulle somtyds vir 'n tyd lank die gevoel van die genade; totdat, wanneer hulle deur *ernstige boetvaardigheid op die weg terugkeer* **(c)**, die *vaderlike aangesig van God* **(d)** hulle opnuut toestraal.
**(a) Rm 1:18; 2:5; Ef 2:3; 5:6. (b) Ef 4:30. (c) Ps 32:5; Lk 15:11-32. (d) Num 6:25.**

6. Want *God wat ryk is in barmhartigheid* **(a)**, *neem* volgens die onveranderlike voorneme van die uitverkiesing *die Heilige Gees* van sy eiendom, ook selfs in hul droewige val, *nie heeltemal weg nie* **(b)**, en Hy laat hulle *nie* só ver verval dat hulle *uit die genade* van die aanneming en uit die staat van die regverdigmaking *uitval nie* **(c)**, of dat hulle die *sonde tot die dood of teen die Heilige Gees* **(d)** bedrywe en, geheel en al deur Hom verlate, hulself in die ewige verderf stort nie.
**(a) Ef 2:4; Ps 103:8. (b) Ps 51:13. (c) Jn 10:28,29; 17:15; Lk 22:32; 1 Jn 5:18; Op 2:10; 2 Pt 2:9; Jes 42:3. (d) 1 Jn 5:16; Mt 12:31,32; Heb 6:4-6; 10:26.**

7. Want, ten eerste, bewaar Hy nog in hulle by so 'n val sy *onverderflike saad waaruit hulle wedergebore is* **(a)**, sodat dit nie vergaan of weggewerp word nie. Ten tweede, vernuwe Hy hulle sekerlik en effektief deur sy Woord en Gees tot berou, sodat hulle oor die bedrewe sondes *van harte en tot God bedroef is* **(b)**, *vergifnis in die bloed van die Middelaar* **(c)** deur die geloof met 'n *gebroke hart begeer* **(d)** en verkry, die genade van God, wat nou met hulle *versoend* **(e)** is, weer gevoel, sy ontferminge weens sy trou aanbid en voortaan *hul saligheid met vrees en bewing* des te yweriger *uitwerk* **(f)**.
**(a) 1 Pt 1:23; 1 Jn 3:9. (b) 2 Kor 7:10; Job 42:6. (c) Rm 8:32-35; 5:8,9; Heb 9:14,15. (d) Ps 32:15; 51:19. (e) Rm 5:10; 2 Kor 5:19. (f) Flp 2:12.**

8. So verkry hulle dit dan nie deur hul verdienste of kragte nie, maar uit die genadige barmhartigheid van God dat hulle nie geheel en al uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde toe in die val bly en verlore gaan nie. Dit kon sover dit hulle aanbetref, nie alleen maklik gebeur nie, maar sou ook ongetwyfeld gebeur. Maar wat God aanbetref, kan dit glad nie gebeur nie omdat sy *raad* **(a)** nie verander, sy *belofte* **(b)** nie gebreek, die *roeping na sy voorneme* **(c)** nie herroep, die *verdienste* **(d)**, *voorbidding* **(e)**en *bewaring* **(f)** van Christus nie kragteloos gemaak en ook die *verseëling van die Heilige Gees* **(g)** nie verydel of vernietig kan word nie.
**(a) Ps 33:11; Heb 6:17. (b) Rm 4:20; Heb 6:17; 2 Kor 1:20; Jes 54:10; Ps 105:8. (c) Rm 8:28,30; 11:29. (d) Rm 8:34; Heb 9:12. (e) Lk 22:32; Jn 17:11,15,20; Rm 8:34. (f) Jn 17:12; Rm 5:8,9; Jn 10:28,29; Kol 3:3. (g) Ef 1:13; 4:30; NGb 27 sin 1.**

9. Van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof, kan die gelowiges self *versekerd* **(a)** wees, en hulle is dit ook volgens die maat van die geloof waarmee hulle sekerlik glo dat hulle *ware en lewende lede van die Kerk is en altyd sal bly* **(b)**, dat hulle vergifnis van die sondes en die ewige lewe het.
**(a) Rm 8:38,39; Job19:25; Ps 56:5,11,12; 2 Tm 4:8,18; Heb 6:11,12; 2 Pt 1:10. (b) 1 Kor 12:12 e.v.; HK v/a 54; NGb 27.**

10. Hierdie sekerheid spruit eweso nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar *uit die geloof aan die beloftes van God* **(a)**, wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van **die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is** (Rm 8:16,17)**(b)**, en eindelik uit die *ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke* **(c)**. En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld hierdie vaste *troos dat hulle die oorwinning sal behou* en hierdie *onfeilbare pand* van die *ewige heerlikheid* **(d)** nie sou besit nie, dan sou hulle *van al die mense die ellendigste* **(e)** wees.
**(a) Rm 4:20; 2 Kor 1:20. (b) Gl 3:22,29; Ef 1:13. (c) 2 Kor 7:1; 1 Tm 6:18,19; Ja 2:14,17,18,26; 1 Kor 15:58; Rm 2:6,7. (d) 1 Tm 4:8; Heb 11:13; Jes 54:10; Op 3:5,12,21; 1 Kor 15; Kol 1:4,5; HK v/a 58,59. (e) 1 Kor 15:19.**

11. Intussen getuig die Skrif dat die *gelowiges* in hierdie lewe *teen verskillende twyfelinge van die vlees stry* en, as hulle *in swaare aanvegtinge kom* **(a)**, nie altyd hierdie *volle sekerheid van die geloof* **(b)** en van die volharding gevoel nie. Maar God, die *Vader van alle vertroosting* **(c)**, **laat nie**

**toe dat hulle bo hul kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee** (1 Kor 10:13), en Hy wek in hulle die *versekerdheid van die volharding* **(d)** deur die Heilige Gees weer op.
**(a) Ja 1:2,3,12-15; 1 Pt 1:6,7; 1 Kor 10:13; 2 Pt 2:9; Ps 42:1-6. (b) Heb 10:22. (c) 2 Kor 1:3. (d) Rm 8:31-39; 2 Tm 4:17,18; Heb 2:18; 1 Tm 4:16; Rm 2:6,7; HK v/a 86.**

12. Verre daarvandaan dat hierdie versekerdheid van die volharding die ware gelowiges *hoogmoedig* **(a)** en vleeslik *sorgeloos* **(b)** sou maak, is dit inteendeel 'n ware *wortel van nederigheid, kinderlike vrees*, ware *godsaligheid, lydsaamheid* in alle stryd, *vurige gebede, standvastigheid* **(c)** onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en van 'n bestendige blydskap in God. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n prikkel tot ernstige en gedurige beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die *getuienisse van die Skrif* **(d)** en die voorbeelde van die heiliges blyk.
**(a) Ja 4:6; 1 Pt 5:5; Lk 17:10. (b) Am 6:1; Jn 15:5; Mt 7:18; Rm 6:2; HK v/a 64. (c) Rm 6:1 e.v.; 12:1, 1 Kor 13:1-6; Flp 2:1-8; Hd 20:18,19; Kol 3:12; 1 Tm 6:11; Ja 1:3,4; 1 Tm 4:7,8; Ja 5:16; Kol 4:2; Ef 6:18; 1 Kor 15:58; Flp 4:4-9; Gl 5:22. (d) Tt 2:11-14; Ps 116:12, 17.**

13. En wanneer die vertroue van die volharding weer lewend word in diegene wat uit die val weer opgerig word, bring dit in hulle geen ligsinnigheid of veronagsaming van die godsaligheid voort nie, maar 'n baie groter sorg om die *weë van die Here vlytig in ag te neem* **(a)** wat *vantevore berei is*, sodat hulle, *deur daarin te wandel* **(b)**, die versekerdheid van hul volharding behou en die *aangesig van die versoende God* – waarvan die aanskouing vir die godvrugtige *soeter is as die lewe* **(c)** en waarvan die *verberging bitterder is as die dood* **(d)** – vanweë die misbruik van sy vaderlike goedertierenheid nie weer van hulle afgewend word en hulle so in swaarder kwellinge van die gemoed verval nie.
**(a) Ps 119:14,27,30,33,37; Spr 10:29; Heb 10:19,20; 1 Pt 2:1,2; Ef 4:22-24; 5:1; Ps 139:23,24; Ja 4:7. (b) Ef 2:10; 1 Tm 6:12. (c) Num 6:25,26; Ps 4:7; 17:15; 22:25. (d) Ps 27:9; 30:8; 44:25; 69:18; Jes 54:7,8; 64:7; Job 13:24; Klgl 3:44.**

14. Soos dit God dan behaag het om hierdie Goddelike *genadewerk deur middel van die Evangelieverkondiging in ons te begin* **(a)**, so bewaar, agtervolg en volbring Hy dit deur die *aanhoor*, die *lees* en die *oordenking* daarvan, asook deur *vermaninge, bedreiginge, beloftes* **(b)** en deur die *gebruik van die Sakramente* **(c)**.
**(a) Rm 10:14; Hd 2:39-42; 10:34-48; 1 Kor 15:11; 2 Ts 2:14; Hd 16:14; 17:11,12. (b) 1 Tm 4:13; 2 Tm 3:16; 4:2; 3:14; Op 22:18; Heb 4:12. (c) 1 Kor 11:20,23-29; Hd 2:41,42; 10:47,48; 8:36-38; HK v/a 65-82.**

15. Hierdie leer van die *volharding van die ware gelowiges* en heiliges, en van die versekerdheid van dié volharding wat God tot eer van sy Naam en tot *troos van godvrugtige siele* **(a)** in sy Woord baie oorvloedig geopenbaar het en in die harte van die gelowiges inprent, word wel deur die vlees *nie begryp* **(b)** nie, en *deur Satan gehaat* **(c)**, deur die *wêreld bespot* **(d)**, deur die *onervarenes en huigelaars misbruik* **(e)** en deur die *dwaalgeeste bestry* **(f)**; maar die *Bruid van Christus* **(g)** het dit altyd as 'n *skat van onwaardeerbare prys baie teer bemin* **(h)** en standvastiglik verdedig. En dat sy dit ook voortaan kan doen, daarvoor sal God sorg, teen Wie geen raad enige krag kan besit of enige geweld iets kan vermag nie. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.
Amen.
**(a) Op 13:8. (b) Dt 29:29; Rm 11:33-36. (c) Op 13:11-14. (d) Hd 17:32. (e) Mt 22:29. (f) 1 Jn 4:1,6; 2 Tm 2:18. (g) Op 22:17; 19:7; 2 Kor 11:2, Ef 5:32. (h) Ps 19:10-14; Jn 15:15; Rm 15:4.**

## VERWERPING VAN DIE DWALINGE OMTRENT DIE LEER VAN DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

**Aangesien hiermee die regsinnige leer verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene**

1. wat leer: **Dat die volharding van die ware gelowiges nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God is wat deur die dood van Christus verwerf is nie, maar 'n voorwaarde van die nuwe verbond wat die mens, voor sy beslissende – soos hulle sê – uitverkiesing en regverdigmaking deur sy vrye wil moet volbring.** Want die Heilige Skrif getuig dat die volharding uit die uitverkiesing volg en deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: **Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard** (Rom. 11:7). Desgelyks ook: **Wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy ons nie saam met Hom alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?** (Rom. 8:32-35);

2. wat leer: **Dat God die gelowige mens wel voorsien van genoegsame kragte om te volhard en bereid is om dit in hom te bewaar as hy sy plig doen. Maar al is ook al die dinge in die werk gestel, wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, dat dit dan nog altyd van die goedvinde van die wil afhang of hy sal volhard of nie sal volhard nie.** Want hierdie gevoele bevat duidelik 'n Pelagianisme; en terwyl dit die mense vry wil maak, maak dit van hulle rowers van die eer van God; teen die voortdurende ooreenstemming van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontneem en die lof van hierdie weldaad aan die genade van God alleen toeskrywe; en teen die apostel wat getuig: **Dat dit God is wat ons ook sal bekragtig tot die einde toe om onberispelik te wees in die dag van onse Here Jesus Christus** (1 Kor. 1:8);

3. wat leer: **Dat die ware gelowiges en wedergeborenes nie alleen uit die regverdigmakende geloof, en ook uit die genade en die saligheid geheel en al en tot die end toe kan uitval nie, maar ook dikwels inderdaad daar uitval en vir ewig verlore gaan.** Want hierdie mening maak juis die genade van die regverdigmaking en wedergeboorte, en voortdurende bewaring van Christus kragteloos; teen die uitdruklike woorde van die apostel Paulus: **Dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was; veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn** (Rom. 5:8, 9). En teen die apostel Johannes: **Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore** (1 Joh. 3:9). En ook teen die woorde van Jesus Christus: **Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie** (Joh. 10:28, 29);

4. wat leer: **Dat die ware gelowiges en wedergeborenes die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees kan begaan.** Omdat dieselfde apostel Johannes nadat hy in die vyfde hoofstuk van sy eerste sendbrief verse 16 en 17, gespreek het oor diegene wat tot die dood sondig, en verbied het om vir hulle te bid, dadelik in vers 18 daarby voeg: **Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig** (naamlik met daardie soort sonde) **nie, maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie** (1 Joh. 5:18);

5. wat leer: **Dat 'n mens geen sekerheid van die toekomstige volharding in hierdie lewe kan hê sonder 'n besondere openbaring nie.** Want deur hierdie leer word die vaste troos van die ware gelowiges in hierdie lewe weggeneem en die twyfel van die Pousgesindes in die Kerk weer ingevoer; terwyl die Heilige Skrif hierdie sekerheid orals aflei nie uit 'n besondere en buitengewone openbaring nie, maar uit die eiendomlike kentekens van die kinders van God en uit die altyd standhoudende beloftes van God. Veral kom dit voor by die apostel Paulus: **Geen skepsel sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie** (Rom. 8:39). En by Johannes: **Hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom; en hieraan weet ons dat Hy in ons bly; aan die Gees wat Hy ons gegee het** (1 Joh. 3:24);

6. wat leer: **Dat die leer van die versekerdheid van die volharding en van die saligheid uit sy eie aard en natuur 'n oorkussing van die vlees en vir die godsvrug, goeie sedes, gebede en ander heilige oefeninge skadelik is; maar dat dit daarenteen prysenswaardig is om**

**daaraan te twyfel.** Want diegene toon dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die inwonende Heilige Gees nie ken nie. En hulle weerspreek die apostel Johannes wat die teendeel met uitdruklike woorde in sy eerste sendbrief leer: **Geliefdes, nou is ons kinders van God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is** (1 Joh. 3:2, 3). Bowendien word hulle weerlê deur die voorbeelde van die heiliges van die Ou sowel as van die Nuwe Testament, wat, alhoewel hulle van hul volharding en saligheid seker was, nogtans in die gebede en ander oefeninge van die godsaligheid volhard het;

7. wat leer: **Dat die geloof van diegene wat maar vir 'n tyd glo, van die regverdigmakende en saligmakende geloof net verskil in duursaamheid.** Want Christus stel in Matt. 13:20 en Luk. 8:13 en volgende verse klaarblyklik daarnaas nog 'n drieledige onderskeid vas tussen diegene wat maar vir 'n tyd glo en die ware gelowiges, as Hy sê dat eersgenoemdes die saad ontvang op die rotsagtige grond, maar die ware gelowiges in goeie grond of goeie harte; dat eersgenoemdes sonder wortel is, maar die ware gelowiges 'n vaste wortel het; dat eersgenoemdes sonder vrugte is, maar die ware gelowiges hul vrug in verskillende mate met standvastigheid of volharding voortbring;

8. wat leer: **Dat dit nie ongerymd is nie dat die mens, as hy sy eerste wedergeboorte verloor het, weer opnuut, ja, baie maal wedergebore word.** Want hulle loën deur hierdie leer die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons wedergebore word, teen die getuienis van die apostel Petrus: **Julle wat wedergebore is nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike** (1 Pet. 1:23);

9. wat leer: **Dat Christus nêrens gebid het dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sal volhard nie.** Want hulle weerspreek Christus self wat sê: **Ek het vir jou gebid, Petrus, dat jou geloof nie mag ophou nie** (Luk. 22:32), en die evangelis Johannes wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels nie, maar ook vir almal wat deur hul woord sou glo, gebid het: **Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam;** en: **Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar** (Joh. 17:11, 15, 20).

### 3.7 DIE CALVINISTIESE STANDPUNT OOR DIE SEËN EN DIE GEVARE VAN DIE MODERNE GESOFISTIKEERDE MODERNE TEGNIEK EN DIE MENS SE AANWENDING DAARVAN

Vgl. *Handelinge 1999* bl 493, die opdrag by pt. 4.

*4.1 Die sinode dra dit aan die KKCE op om voorligting te verskaf insake verwarrende, alarmistiese profesieë en uitsprake oor die getal 666, die merk van die dier en die simplistiese verbintenis daarmee met die moderne kommunikasie-tegnieke, selfs in Afrikaanse tydskrifte.*

Ons belewe tans 'n indrukwekkende wetenskaplike verfyning van die tegniek op alle vlakke waar die kennis van die natuurwetenskappe in diens van die moderne kultuur toegepas word. Wat die buitenste ruim betref is die maan naby ons en Mars en Jupiter is tans gereelde teikengebiede terwyl om en by 300 satelliete daagliks om ons beweeg. Met die satelliete hang saam die mees gevorderde kommunikasietegnieke en al die behendigheid met die elektronika en die internasionale internet wat tegelyk die wêreld in ons huis inbring en dit alles werk mee aan die globalisering van die aarde as woonplek van die mense wat daarop woon. Dit pas alles goed in die kraam van die New-Age se ultra-humanistiese godsdiensideaal - van die valse profeet van Op 13 – postmodern in die oortreffende trap. Hulle span **die** tegnieke in met sukses.

Tegniese lyk dit moontlik dat 'n diktator 'n knoppie by die liasseerpunt kan laat druk wat op 'n afstand van 10 000 km. 'n hoofstad kan verwoes. Daar word geparasiteer, uitgebuit met die tegniek en die kultuurgawes wat ten diepste deur God se skepping en voorsienigheid moontlik gemaak is. **Op elke kultuurterrein** het die antichris en die valse profeet dan ook slu en vaardige aanvoerders van die miljoene der miljoene misleide en diensswillige heidense slawe.

**'n Enkele voorbeeld - musiektegniek en ontspanningskultuur as verslawende en fanatiese kultusbeoefening**

Ons ken dit op die TV, en in bepaalde sentra van die stad. Die spontane vraag wat die Christen by die aanskoue daarvan stel is: het die Here die mens gemaak om so te lyk en te doen? Die solis (en soms sy sanggenote) skreeu of daar 'n jagspinnekop in sy keel is en swaai en ruk sy lyf in die vorm van die syfer 8 vir die gehipnotiseerde armsalige gehoor, gesekondeer en gereguleer met stamp, donder en skottelgoedwas – sg. Musiek – wat die sinkplate laat omkrul en 'n mens direk verwar met 'n baie bedrywige paneelkloppery. Pop, hop, skop en skommel, en dis die enigste godsdiensoefening van die dag!

Sprekende wangebruik van tegniek en menslike talente in diens van die sonde, in die greep van die geestelike verval. Ons mag nie veralgemeen nie, maar wat is **ons** positiewe Christelike antwoord?

**Die eensydige alarmistiese afwysing van moderne kultuuruitinge deur Christene.**
Ter wille van ruimtegebrek net enkele tipiese voorbeelde van hoe Christene as profetiese "sieners" die moderne tegniek en wat daarmee saamhang naïef interpreteer en diskwalifiseer en die messe, vurke en lepels saam met die skottelgoedwater uitgooi. Ds. Botha van 'n Afrikaanse gereformeerde kerk publiseer 'n boek *Die merk van die dier, 666* en assosieer met 'n sterk verbeeldingskrag en vindingrykheid moderne tegnieke rustig en lustig met allerlei euwels en gevare terwyl die gewone Christen dit positief aanwend en aktief daarmee saamlewe. Tegelyk word dit deur hom direk gekoppel aan mense wat dit alles net vir die koms van die ryk van die antichris gebruik.

Hy kry ook geleentheid om 'n artikel in die trant te publiseer in 'n bekende Christelike vroueblad en baie mense glo hom. Sy aanvegbare boek was 'n uitverkoper, uit druk. Dit behels pasifistiese wêreldmyding wat ons gewoond is van piëtistiese sektegroepe of van vasgeroeste kloosterbewoners wat vir die buitewêreld net een boodskap het: gruwelik! Wyk Satan. Vgl. hiermee bv. die bekende anti-medisyne sektes terwyl ons weet dat die sieninge en sukses van die eietydse mediese wetenskap vanuit die genadige voorsienigheid van God 'n gawe is, 'n diakonale ingreep van Hom is in die siektes a.g.v. die sondeval, en die dankbare gebruik daarvan net gehoorsaamheid aan die sesde gebod beteken, ten behoewe van die liggaam as tempel van die Heilige Gees.

**Die Calvinisme se positief-kritiese benadering**
Die teenstelling is nie kultuur en tegniek teenoor die Christelike geloof en belydenis nie. Die antitese is tussen die gebruik en misbruik van **dieselfde** kultuurgoedere, terwyl die misbruik nie die gebruik ophef nie. Die kultuuropdrag van God aan die mens, as mandaathouer op die aarde, volgens Gen. 1:28 en Psalm 8 sluit die totaliteit van ook die eietydse beroepe en alsydige kultuurwerke in. Die Here het in sy voorsienigheid beskik dat daar ook gevorderde beskawingsmondigheid by mense en beskawingsontplooiing sal wees t.o.v. kultuur en tegniek, in diens van die kultuurwerk tot eer van sy heilige Naam. Vgl. bv. die kragtige en pragtige oproep tot alles en almal onder sy gesag om Hom te loof – Ps. 148. Vgl. ook o.a. die daaglikse beroepskultuurwerk met al die tegniese middele en voorregte Kolossense 3:17, 23.

Die kultuurwerk op **alle** lewensterreine in sy diens word deur die Christen-arbeider vanaf Maandag tot Sondagaand gesien in die lig van die eerste drie bedes van die Onse Vader. Dan is ons ook dankbaar dat Hy dit beskik het dat ons ons werk beter, vinniger en deegliker kan doen danksy die tegniese vordering wat die wetenskap deur sy genade kan bereik. Dis bv. danksy hierdie feit dat die evangelie oor die lug aan miljoene heidene oor die wêreld in hulle eie taal oorgebring kan word en dat miljoene behoudende Christenmense maklik ekumeniese kontak kan maak. Hoe vergelyk die boerderypraktyk tegnies vandag met dié van sestig jaar gelede? Die kerk is ook geroepe om die Woord deur te gee soos ons dit lees in 1 Tim. 4 vs. 4, 5: "Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed."
Dit wemel om ons van tegniese uitstallings, skakelborde, rekenaar-springgetye, straalvliegtuie ... en al die stakings, die rewolusie in dierbaar Suid-Afrika, die rebellie teen Gods gesag, die sinlose hop-hop-skreeu en skommel van "agtergeblewe" massas. Dan kan en moet **óns** ons Hemelse Vader elke dag dank vir die Christelike adel van ons arbeid en diep in die hart 'n vrolike arbeidslied sing tot sy eer want Hy het my aangestel en met alles om my is dit Hy wat my daarmee seën.

**Waardevolle bronnelys hieroor**

1. Dr. C.I. van Heerden se AP Kerk publikasie vul 'n waardevolle vakuum in ons mooi literatuurlys onder die titel ***Erediens vir elke dag***. Dit dek in beginsel die Bybelse perspektief op die arbeid, tegniek ingesluit. Daar bestaan ook 'n Protestantse Duitse werk van bykans 500 bladsye oor *der Bibel und Arbeit.*
2. Die doktorsproefskrif van prof. H. van Riessen, gereformeerde van Nederland, is 'n pêrel van groot waarde, getiteld *Filosophie en Techniek.* Dis 'n helder beligting van die noue verband tussen lewens-en-wêreldbeskouing, ideologie en tegniek met die antitese tussen Christelik behoudend en sekularisties "neutraal" vanuit die siening van die Calvinistiese Wysbegeerte. Sy positiewe uiteensetting van die sin en betekenis en toepassing van die tegniek behels al die basiese riglyne vir die aanbied van die tegniese wetenskappe in terme van die Christelike vakfilosofie. Dit moet egter ontsluit word om nie vrugteloos op die rak te lê nie. Hy was hoogleraar aan die Techniese Akademie van Delft en toe prof. in Wysbegeerte aan die Vrye Universiteit, Amsterdam. Hy het ons land met groot vrug besoek gedurende die 1960-er jare. Vgl. ook sy *Maatschappy der toekomst.* Vergelyk ook *Christelyke Encyclopedie*, by T.
3. Dr. **Egbert Schuurman**, gereformeerde van Nederland se doktorale proefskrif: *Techniek en Toekomst.* Dit bevat onmisbare Bybelse perspektiewe in die lig van die Calvinistiese Wysbegeerte toegelig. Ook hy het, op inisiatief van die V.C.H.O., waardevolle lesings in ons land gelewer.
4. Daar is ook 'n waardevolle referatebundel wat die voordragte bevat van 'n N.G. Kerk konferensie waarvan baie huidige AP Kerk-lidmate nog deel was. Die tema was *Die Kerk en die Industrie.*
5. In die uiters waardevolle bundel van ***Cultuurgeschiedenis van het Christendom***, (Elsevier, Nederland) Deel II, bl 1094 is 'n hoofstuk onder die titel: "Vruchten der Reformatie voor de Cultuur".

(ii) Vgl. hier vanaf bl. 132: *Calvyn en het Calvinisme.*
(iii) Vgl. ook Band II, J. Waterink oor ***Reformatorisch Volksleven***, bl 1482 e.v.
(iv) Vgl. ook Band II bl. 1924 e.v. oor: *Christendom en Positiewe natuurwetenskap.*
(v) VCHO Publikasies en *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* (VCHO).

**AANBEVELING**
**3.7.1 Die sinode beklemtoon dit dat Gods gesag en wette in die lig van die Woord oor almal en alles in die skepping val. Dit beteken dat, getrou aan ons gereformeerde belydenis, ook die lewenswye betekenis van die Christelike arbeid, tegniek ingesluit, as Koninkrykstema belig sal word in die prediking, publikasies, Bybelstudie asook met die nodige oorleg en bevatlikheid in die verbondsonderrig.**

## 3.8 DIE DWALING VAN DIE SG. "JESULATRIE"

**Die opdrag** (vgl. *Handelinge 1999* bl 493 pt. 4.2): *Die sinode dra dit aan die KKCE op om 'n studie te maak van die dwaling Jesulatrie, teenoor die Bybelgetroue belydenis van die Drie-eenheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees.*

Dis aktueel baie ter sake as ons die ore oophou en kyk na die opkoms van aktiwiteite en omvang van die eietydse buitekerklike en skynkerklike charismatiese Gospel-Revival-Rhema godsdienstige bewegings, wat **ook** lidmate van ons kerk beïnvloed en al van hulle "ingesuig" het. Hulle is besonder aktief, en suksesvol met aktivistiese groepsvorming, persoonlike aandag en kontinue selvorming en slaag veral ook daarin om jeugdiges, ook AP Kerk-lidmate, te betrek. Dit sou te pasifisties wees om dit net af te maak dat dit ons kerk nie tref of traak nie.

Dit gaan hier en nou egter primêr om ons getroue getuienis as kerk na binne **en** buite vir die Bybelse, gereformeerde leer van die Drie-eenheid, teen die nuwe soort Christomonisme met hulle "net bekering van die siel" as primêre dryfkrag, met al die ontstellende gebreke en leemtes, dwalinge daarin. Dis 'n ou leerdwaling maar tans met 'n nuwe opwelling. 'n Gereformeerde skrywer stel dit soos volg in 'n artikel oor die Drie-eenheid van God:
"Sommige ken in hul godsdienstige lewe uitsluitend of byna uitsluitend die Seun, en vergeet die Vader en die Heilige Gees. Dis van begin tot end Jesus en alleen Jesus, hulle misken die Vader,

wat aan ons Christus geskenk het; en hulle misken die Heilige Gees, wat Christus se verlossing aan ons tuisbring en persoonlik toepas."

Vgl. Ds. A. Postma in: *Die Kosbare Goud* (gereformeerde geloofsleer) bl 62. Ds. Postma stel 'n baie belangrike waarheid as hy wys op die **konsekwensies** van hierdie eensydigheid wat betref die ontvlugting van die kultuurtaak vir God, volk en vaderland in diens van sy Koninkryk op alle lewensterreine. Hy stel dit soos volg: "Diegene wat eensydig óf Jesus óf die Heilige Gees op die voorgrond plaas, laat God en godsdiens opgaan in die redding van die siel. Vir die Vader se medewerking in die werk van verlossing het hulle geen oog nie, en net so weinig vir die verband tussen skepping en herskepping. Hulle "God" regeer dus byna uitsluitend op die gebied van die hemelse, die ewige, die geestelike. Om politiek, skool, handel, boerdery ens. in verband te bring met God en godsdiens is, volgens hulle beskouing, heiligskennis! Tussen die natuur en die genade maak hulle 'n skeiding, wat totaal onbybels is. Vgl. a.w. bl 63.

Skerp waarnemers onder ons ken talle voorbeelde van bogenoemde. Op die groot Gospel-karavaan van die jong ex N.G.-diaken lees jy net in kolossale letters: "Go for Jesus!"

In die jare 1920 tot 1950 het die C.S.V. (Christen Studente-Vereniging) onder leiding van die Liebenbergs baie bygedra tot hierdie **sektariese**-metodistiese oortuigings en bv. talle N.G. Kerk lidmate in 'n nie-gereformeerde denksisteem ingelei. Hulle invloed is later getemper deur beter N.G. Kerk kontrole, maar hierdie **ingesteldheid** lewe ook nog voort, ook by lidmate wat na die AP Kerk oorgekom het. Ons ken ook die lidmate wat wel gereformeerd-belydend is, maar in elke gebed net "Liewe Jesus" aanspreek.

Dit het konkreet en prakties gebeur in 'n AP kerk dat die leraar getrou, eksegeties korrek gepreek het, nie-polities volgens ons Kerkorde, oor die aktuele nood tans van volk en vaderland en die owerheid se verset teen Gods gesag. Die censura morum wat hy van o.a. die beste lidmate ontvang het, was: "Nee dominee, as jy vir my preek moet dit net wees oor Jesus en my siel – al moet jy my stukkend slaan" (boeteprediking). Uit watter agtergronde kom dit? Nie alle AP Kerk-lidmate glo en dink gereformeerd nie.
**Die kerksang**. As mens die genoemde buite-kerklike sangbundels onder oë neem, val die onbybelse eensydighede soos genoem op soos 'n yslike paal bo die water.

Die aanvegbare Gospel-opwelling selfs onder Afrikaanse kerke se jeug wen baie veld. Dit bemoeilik die lewensruimte vir die Bybelgetroue gereformeerde kerksang waarvoor die klimaat tans allermins gunstig is. Selfs van ons eie lidmate se aanvoeling en geesdrif daarvoor laat veel te wense oor.
By die nuwe genoemde opwelling sal ons bv. tevergeefs soek na die pragtige, tipies trinitariese geestelike liedere soos Gesange 1, 3, 4, 6, 7, 8, 155, 214, 245, 246, 307, 313, 317, 320, 336, 337, 339, 345 – om een voorbeeld te noem.

By hulle wemel dit van semi-Pelagiaanse "Go for Jesus", en dit in 'n horisontalistiese charismatiese gevoelsaktivisme met uitsluitlik bekeringspreke waarin altyd net op een snaar getokkel word – dis net die vinger wat verander.

Die groot geestelike skade van hierdie gebrek aan 'n Bybelgetroue Drie-eenheidsgeloofsinhoud is dat juis ook die betekenis van Christus as **Skeppings**middelaar met die lewenswye kosmiese betekenis van sy versoeningswerk vir alle lewensgebiede misken word. Dis net die Calvinisme se integrale en totale visie wat 'n mens in staat stel om op alle kultuurterreine, naas die kerk, hervormend op te tree in die lig van Gods allesdekkende wette.

**Positiewe optrede**. (i) **Alle** geloofswaarhede is ewe belangrik maar in die huidige charismatiese hooggety moet in verbondsonderrig, prediking en Bybelstudie en literatuur die nodige aandag daaraan geskenk word teen bg. dwalinge, met die korrekte geloofsleer.
(ii) Toegewyde, sistematiese en meer beplande aandag moet gegee word aan voorligting oor en bevordering van die gereformeerde kerksang in ons gemeentes, waaronder die aanleer van bykans sewentig persent van ons onbekende Psalms, d.w.s. wat ons selde of ooit sing.

**AANBEVELINGS**

**3.8.1 Die sinode neem kennis van die voorkoms van die dwaling "Jesulatrie" teenoor die Bybelse leer van die Drie-eenheid van God. Die sinode neem ook kennis van die toename van hierdie dwaling onder Protestantse belyers in ons land vanweë die opgang van die afwykende charismatiese denominasies met hulle aktivistiese werwingsinisiatief. Die sinode neem met kommer kennis daarvan dat lidmate van gereformeerd-belydende kerke daardeur mislei en verwar word en dat dit tot 'n mindere mate ook geld van lidmate van die A P Kerk.**

**3.8.2 Die sinode versoek gemeentes van die A P Kerkverband (i) om in die prediking, verbondsonderrig, Bybelstudie en kolportasie hieroor leiding te gee in die lig van die Bybelse gereformeerde geloofsleer en (ii) toegewyde, sistematiese en meer beplande aandag te gee aan en voorligting te gee oor gereformeerde kerksang, waaronder die aanleer van die bykans sewentig persent onbekende Psalms.**

## 3.9 EVANGELISASIE-OPDRAG EN/OF SENDINGOPDRAG VANUIT DIE WOORD AAN ALLE SAMELEWINGSVERBANDE – OOK IN SKOOLVERBAND EN HOËR OP

Vgl. *Handelinge 1999*, Jeugkommissieverslag, bl 506, pt. 5, bykomende voorstel, di. PG. Stans; JB Trollip.

*Die sinode gee opdrag aan die KKCE en die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding om die volgende sinode met 'n verslag en aanbeveling te dien oor die evangelisasie-opdrag en/of sendingopdrag vanuit die Woord en opdrag aan alle samelewingsverbande – ook gelowiges in skoolverband.*

### 3.9.1 Inleidend

Dit is 'n wye tema met wye implikasies en daarom het ons besluit om net die beginsels te stel, begelei met praktiese voorbeelde, veral uit die onderwys. Die C.V.O. skole was ook aan die orde op die 1999 sinode toe hierdie voorstel ingedien is en ook die inklusiwiteit en eksklusiwiteit van C.V.O. skole m.b.t. toelating van leerlinge uit ander dénominasies ter sprake was.

Ons Kerk het 'n duidelik geformuleerde sendingbeleid, parallel met evangelisasie, alhoewel daar nog min daadkrag en dinamiek in hierdie verband te sien is behalwe in enkele gemeentes. Dit is ook so dat die huidige politieke opset met 'n rewolusionêre sosialisties-humanistiese owerheid wat die blankes in ballingskap inperk, sommige lidmate se sendingvisie benadeel.
Ons mag te alle tye en onder alle omstandighede nie fatalisties wees oor die sendingopdrag soos Jesus Christus dit geproklameer het nie. Ons hoor soms van lidmate se uitsprake m.b.t. sending aan anderskleuriges dat dit tydverkwisting, onnodig en sinloos is want "daar is niks aan hulle te doen nie; hulle is mos soos hulle is." Hierdie beswaar is in baie opsigte ook 'n politieke reaksie met 'n Jona-ontvlugtingsargument, waarteen baie ernstige Bybelse besware geld.

Dit is 'n verloëning van die Bybel en ons belydenis se waarheid dat God se werk deur die Heilige Gees in die mens almagtig en onweerstaanbaar is, soos ons veral in die Leerreëls van Dordt bely. As Paulus **só** na die omstandighede en die heidense muur waarteen hy moes opklim, gekyk het moes hy volstandig geweier het om op die eerste sendingreis te vertrek.

### 3.9.2 Die samelewingsverbande

Naas die kerk as instituut erken ons ook die nie-kerklike samelewingsverbande op Christelike grondslag as werksakkers in die konteks van koninkrykswerk tot eer van God, onderworpe, in Bybelse perspektief, aan die wette van God. Vgl. Art. 60 tot 63, *Kerkorde*. Dit sluit tegelyk, Calvinisties-konsekwent alle lewensterreine in, want daar is geen sentimeter breed wat nie onderworpe is aan God se absolute gesag nie.
In 'n Christelike beskawingsmondige samelewing soos ons daarmee opgegroei het in Westerse styl is daar dan ook die ontsluiting van 'n ryke verskeidenheid samelewingstrukture en kultuurontplooiing wat lewenswyd aktief is en uitbouend en reformerend werksaam is, d.w.s. formerend, maar ook met spesifieke Christelike sending- en evangelisasietake volgens hulle strukture en kulturele werksakkers. Daarom het ons eie volk in die vorige eeu soveel kultuurverenigings gehad, tans minder, wat op "**Christelik-nasionale**" grondslag met gelykmatige doelwitte aktief was, en nog is.

'n Praktiese voorbeeld illustreer dit goed in terme van die Vereniging vir Christelike Hoër-Onderwys (V.C.H.O.) wat sedert 1949 tot tans besonder aktief werk om sy missie te vervul. Die grondslag en doel lui soos volg:

**Doel**
Die bevordering van
- Christelike opvoeding
- Christelike Onderwys en
- Christelike Wetenskap

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim. 3:16 en 17).

**Grondslag**
Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.
"Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis" ... (Spreuke 1:7).
"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

**Missie**
Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei en op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand 1:8.

### 3.9.3 Die Christelike ordening en verhouding tussen die samelewingsverbande

(i) **Soewereiniteit in eie kring** (as vryheid in eie bevoegdheid op eie terrein) en
(ii) **Vervlegting en samewerking** onderling.

Bogenoemde beginselriglyn het uitgekristalliseer vanuit die Christelike wetenskaplike besinning oor die teoretiese verbandsleer en sosiologie, met deeglike inagneming van die eenheid en verskeidenheid soos dit in 'n Christelike samelewing ontsluit en ontplooi. Vgl. *Kerkorde,* Art. 62 en 63.1.

Die norm van soewereiniteit in eie kring (s.i.e.k.) word bv. oortree as die Roomse Kerk met kerkvergoding-imperialisme alles met Roomse instituut-oorheersing wil hiet en gebied en die vryheid van die Christen, langs en buite die kerk, met sy eie inisiatief as Christenmens ontneem.

Dieselfde fout word in Protestantse Kerk op 'n ander wyse gemaak as ons meen dat 'n kultuuraksie, 'n skool of ander samelewingsverband net, of dan eers Christelik is as die kerk as instituut dit inisieer of beheer, d.w.s. kerkistiese verkerkliking, wat wegdoen met die vryheid van lidmate wat in eie mondigheid op die nie-kerklike terrein kan oordeel en besluit.

### 3.9.4 Die vervlegting tussen die samelewingsverbande

Die mens is 'n eenheid in al sy lewensuitinge en lewensfunksies, vanaf die getal tot die geloof, soos die menslike denke dit beskrywe volgens die skeppingsorde van die Here. Dit geld ook van die samelewingstrukture, met al die raakpunte en kontakpunte tussen mekaar. Die vervlegting tussen gesin, skool en kerk in 'n driehoeksverhouding illustreer dit goed, al bly elkeen vry in eie bevoegdheid (s.i.e.k.). Die lidmate van die kerk en die leerlinge van die skool kom uit die gesin wat dus alreeds die geestelike en kulturele terugwerking van kerk en skool op die gesin sterk impliseer. Hierdie interaksie het ook direkte implikasies vir evangelisasie en sending.

### 3.9.5 Die kerk se prediking en die samelewingsverbande

As die kerk Skrifgetrou alle volle raad van God verkondig werp dit lig op die **volle** spektrum van menslike aktiwiteite en kulturele strukture, w.o. die staat wat weer in bepaalde sin met alle ander strukture vervleg is. Vgl. oor staat bv. Rom. 13:1- 6, 1 Tim. 2; die Spreuke- en Psalmtekste oor Konings en gesag, Art. 36, N.G.B. e.s.m. Dit is lering tot verantwoordelike en kritiese Christen-

burgerskap in die amp van die gelowige en werk weer deur na die gesin, skool e.a. kultuur-organisasies, in lewenseenheid. Dit moet ook in korrekte toepassing die lig laat val op verant-woordelike Christelike **volksverset** tot eer van die Here in die huidige chaotiese en beproewende politieke bestel, as vermanende getuienis teenoor die owerheid en om die lidmate op te skerp om teen die huidige Agabs-bewind as burgers evangeliserend en sendingaktief op te tree.

Die Onderwysstrukture en kultuurorganisasies se besondere sending-evangelisasie-geleentheid

Hieronder volg praktiese voorbeelde ter illustrasie, vanuit die onderwysstrukture. **Alle** samelewingstrukture in ons volkslewe wat op Christelik-volkseie grondslag berus en hulle saak stel op Christelike grondslag as getuienis het 'n positief-opbouende en 'n korrektief-vermanende getuienis. Dit verhoog die geestelike weerbaarheid, en die Koningskap van Christus word bely. Vanweë die besondere strategiese betekenis daarvan fokus ons op die onderwys.

### 3.9.6 Onderwysinrigtings se strategiese betekenis

**Die skool**. In skrille, knersende kontras met die huidige onderwysbedeling kon ons voor 1994 nog belewe hoe Godsdiensonderwys en Bybelkunde op skool naas die ander vakonderrig tot die leerlinge se geestelike wins gedien het. Daar was egter **ook** konkrete getuienis hoe kinders in hierdie staatskole wat uit onverskillige en gesekulariseerde huise opgroei deur goeie leerkragte na die Here gelei is. Dit was die eerste keer en die eerste plek waar hulle met die Woord en sy inhoud kennis gemaak het. Die leerkragte preek nie, maar met goeie onderrig het senior leerlinge hulle liewe ouers, wat nie 'n vinger verroer het om hulle tuis in die Bybel te onderrig nie, gekonfronteer met die evangelie.

Die kosbare les hieruit is ook dat C.V.O.-skole t.w.v. beheer oor die koers en rigting in bepaalde opsigte selektief die leerlinge moet keur. Minstens **alle** leerlinge van ouers wat behoort aan erkende kerke moet aanvaar word en verder verdienstelike Protestantse kinders wat positief beïnvloed kan word. C.V.O.-skole behoort in alle geval **nie** denominasionele kerkskole te wees nie. Hulle moet ook nie so vreesbevange en angsvallig eksklusief gekeur word dat die skool 'n beskermende glashuis is vanwaar, behalwe vir die groepie alarmbeskermde bevoorregte kinders, geen evangeliserende en sendingmatige invloed uitgaan nie. Ons aanvaar nie die Roomse kloosterskool-beleid nie.
Die gereformeerd-behoudende deel van Nederland se mense het De School met de Bybel as hulle eie gestig, al vroeg in die 1900 tydsbestek. Daar het in hierdie skole landwyd baie positiewe geestelike wapenrusting plaasgevind, maar ook **kosbare** evangeliserende en sendinggetuienis as resultaat. Dit was ook die getuienis van ds. J. Overduin wat die R.S.A. in die 1950-er jare met groot vrug besoek het, en in Amsterdam, Nederland, eenduisend opgeleide evangelisasiewerkers onder sy leiding gehad het. (Outeur van o.a. *Venster op die lewe*. Vgl. ook D.F.M. Strauss: *Die missie van die skool - christelik verantwoord*, VCHO-publikasie.)

### 3.9.7 Die universiteite en kolleges

Die universiteite en kolleges "vorm" of misvorm die groot merendeel van 'n volk en sy kerke en alle kultuurgebiede se leiers. Dis die tregters waardeur hulle moet gaan. Sonder Christelike hoër onderwys en Christelike vakwetenskap is die studente uitgelewer. Dit geld ook van alle Afrikanerstudente. Die studenteleraar, die jeugaksies en die Christenouers is 'n remmende faktor, maar die dosent wat minstens 5 dae per week met hom besig is lei hom op sy vakgebied vanuit sý religieuse oortuiging.

Aan die Engelse universiteite in ons land het die humanistiese wetenskapsreligie en die ewolusionisme feitlik onbevraagd hoogty gevier en sy honderdduisende intellektuele vrysinniges en ateïste opgelewer.

Aan die Afrikaanse universiteite, behalwe PU. vir CHO kan 'n mens die dosente wat Christelike wetenskap kan aanbied tot 1950 op die vingers van een hand tel. Hulle was net nie daarin opgelei nie. Die Universiteit O.V.S. het sedert 1950 groot wins behaal met aanstellings van dosente wat hulle **vakgebiede** op vakmeriete vanuit die Christelike wetenskapsleer kon aanbied. Dit het in die geheel duisende studente ten goede gekom, wat baie insluit wat vir die éérste keer met Bybelse en Christelik-wysgerige perspektiewe in die wetenskap kennis gemaak het.

Aan die ander Afrikaanse universiteite het van grondige, verantwoorde Christelike vakwetenskappe niks of baie min tereggekom, behalwe vir stigtelike opmerkings deur werklik vroom en eerlike dosente. Die ewolusionisme het sy tienduisende intellektueel verslaan en die wysbegeerte sy duisende. Die humanistiese wetenskap laat dan vir die kerk o.a. problematiese evangelisasie- en sendinggevalle wat vrysinnig en kerkloos geword het voor die kateders, en geleerde lidmate wat met 'n dualisme in die geesteslewe sit – vroom op die kerklike vlak, vreemd en strydig daarmee in die intellektuele denke – sonder om absoluut te veralgemeen.

### 3.9.8 Praktiese voorbeelde uit die resente geskiedenis

Dit wemel van voorbeelde maar ons noem net enkeles.

1. Prof. JP Mekkes en dr. HR Rookmaaker. Mekkes word tydens die Tweede Wêreldoorlog in Nederland deur die Nazi-besetters saam met H.R. Rookmaaker, jong volbloed humanistiese Jood, in 'n strafkamp opgesluit. Mekkes is 'n Calvinistiese Christelik-wetenskaplike regsfilosoof. Hy lei Rookmaaker met sy sending-evangeliserende gesprekke in die strafkamp na oorgawe aan Jesus Christus – radikale ommekeer. Rookmaaker studeer daarna aan die Vrye Universiteit Calvinistiese Wysbegeerte en word 'n uitmuntende hoogleraar in Kuns en Kunsfilosofie, o.m. met lesingreekse in die V.S.A. Hy lewer van die beste werke oor Christelike kunsfilosofie wat beskikbaar is en – hy het na sy bekering tienduisende daaroor voorgelig (Doktorale Proefskrif).

2. 'n Hoogleraar in Staatsleer aan die Vrystaatse Universiteit (Oudstudent, Vrye Universiteit, AcDam) preek nie vir sy studente nie, maar behandel die gesagstema en staatsgesag vanuit God se absolute gesag en die Koningskap van Christus vanuit sy kosmiese alsydige verlossingswerk – alle geskapene. Van die aandlesingstudente reël met hom 'n onderhoud en bely dat sy aandlesings in Staatsleer vir hulle as naam-Christene 'n nuwe wêreld geopen het. Hulle het hulle kerklike skakels afgestof en lewende lidmate geword.

3. 'n Knap seun van 'n behoudende N.G. predikant gaan studeer Sielkunde in die V.S.A. en die vakaanbieding maak van hom 'n ateïs want "godsdiens is net 'n psigologiese uiting". Sy jonger broer is ook 'n streng gereformeerde predikant.

4. Evangeliserend. 'n Dosent in Bybelkunde het o.a. 4 Roomse studente; onderwysers van die C.B.C. skool. Die dosent doseer, met studente ook van verskillende nie-gereformeerde studente in die klas, net gereformeerde geloofsleer maar nie met 'n kerklike aksent nie. Die vier nader hom vir 'n spesiale onderhoud na die aandlesings en bely dat hulle nooit besef het hoe die Roomse Kerk die Bybel verwaarloos nie. Vrugbare verligtende gesprekke met die dosent volg, en hulle toets en eksamenvraestelle toon duidelike en positiewe afwykings van die Roomse teologie al word hulle nie Protestante nie. As die Pous geweet het wat hulle skryf, was daar moeilikheid. Hulle was nooit weer dieselfde nie, en het belowe dat hulle verder gaan met die nuwe insigte.

5. Prof. Duyvene de Witt, ex-Nederland, Vrye Universiteit, doseer Biologie aan die U.O.V.S. en as gereformeerde doseer hy sy vak vanuit integrale Christelik-wetenskaplike standpunt wat die ewolusionisme juis vakwetenskaplik ontmasker. Dit het talle studente teen die ander dosente se ewolusionisme-wetenskap geharnas as anti-ewolusioniste. In 'n vol saal – studente, ewolusionistiese kollegas van De Witt e.a. dosente – lewer hy 'n lesing oor ewolusionisme en geeneen van sy kollegas kon hom repudieer nie. Sy doseertyd aan die U.O.V.S., tien jaar, was goud werd vir die saak van Christelike natuurwetenskap.

6. Evangeliserend. 'n Akademies-knap L.L.B.-student neem regsfilosofie by prof. A. Raath (Voorsitter V.C.H.O. en skrywer van artikels in *Die Boodskapper*). Raath doseer die Regsfilosofie en Staatsreg vanuit integrale Christelike wetenskapsvisie. Student De Freitas, 'n soliede Roomse lidmaat, doen 'n radikale wending vanweë Raath se lesings, breek radikaal en word lid van die Engelse N.G. Gemeente in Bloemfontein en is besig met 'n M.A.-graad oor die Regsfilosofie van die Engelse hervormers, en het tans 'n lektorspos in die Regsfakulteit en is ook 'n aktiewe kampvegter vir die gereformeerde leer.

7. 'n Radikaal positiewe ommekeer. 'n Student aan die UP in Opvoedkunde was, soos hy self gestel het, die slagoffer van prof. C.K. Oberholzer se nie-Christelike, sogenaamd neutrale

Wysbegeerte. Die Fenomenologie het baie belydende Christenstudente verwar. Hy word teoloog en N.G. predikant en doen sy M.A.- en D.-graad aan die U.O.V.S. vanuit die Christelike Wysbegeerte van die Wetsidee met dankbare belydenis dat hy gelei is om tot hierdie bevrydende insigte te gekom het. Die 'nuwe man' word toe rigtinggewende studenteleraar en 'n getroue medewerker van die V.C.H.O. 'n Wending wat baie ander mense positief beïnvloed het.

8. Die Departemente Wysbegeerte, Staatsleer, Opvoedkunde en Bybelkunde het vanuit Christelike wetenskapsvisie oor 'n dekade meer as 10,000 studente die samelewing ingestuur met 'n sterk Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en wetenskapsvisie, al sou almal nie getroue kampvegters geword het nie. Die getroues het die boodskap weer aan talle ander oorgedra.

9. Weeskind - inrigting van N.G. Kerk – die Protestants-Christelike klimaat. Die jong kind is 'n weeskind uit volbloed Joodse ouers. Weens 'n administratiewe fout word hy per abuis gestuur na die Ugie-Weeshuis, Oos-Kaap, van die N.G. Kerk. Toe die Joodse weeshuis die saak wou regstel en hom kom haal, het hy volstandig geweier, "want ek is baie gelukkig hier en al in die Sondagskool". Hy bly toe in Ugie, word 'n N.G. predikant met vrugbare bedieningswerk en dié ds. Sollie Osrovech is tans 'n vaardige skrywer van goeie stigtelike boeke waarvan selfs in *Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerk melding gemaak word. So lei die Here ook op die pad van bekering.

10. B.A. Admissie-opleiding van teologiese studente en akademiese slaggate. Die opleiding van predikante, om gereformeerd vanuit die integrale, absolute Skrifgesag opbouend en evangeliserend die Woord oor te dra, moet eenduidig wees. Dit is prakties belewe tydens sekere fases dat die Admissie-studente van Stellenbosch wat Wysbegeerte geneem het, aan die kweekskool probleme het met belangrike aspekte van die gereformeerde teologie. As 'n predikantseun (teologiese student) die Dogmatiek professor wat die Christelike wetenskapsiening toelig aanval en aan hom sê dat ons "liewer objektief moet wees professor" – dan is die nood hoog! Dis maar een voorbeeld uit baie meer. Die hoogleraar het geantwoord dat die waarheid objektief is, en dis die Woord. Die gevolg egter van hierdie insette van die humanistiese wysbegeerte was dat manne die bediening ingegaan het met intellektuele skisofrenie, met voorbehoude – gereformeerd soos ek wil en soos ek dink. Die gesag van God oor die wetenskap en oor alle lewensterreine word nie gepredik nie, die Koningskap van Jesus Christus oor onderwys en kultuur word nie gestel nie, en die evangeliserende pastorale arbeid aan lidmate wat tegelyk intellektuele vrydenkers is kan en sal net nie deur hulle plaasvind nie.

Die hooggeagte hoogleraar in Dogmatiek (F.J.M. Potgieter) het ook gesê dat hy wonder of 4 jaar Dogmatiek en Dogma-geskiedenis die saak by die beterweters sal regstel.

Bogenoemde teëspoed op die akademiese pad slaan later ook op die sinodes e.a. kerklike vergaderings uit.

### 3.9.9 Gevolgtrekking

1. Naas die evangelisasietaak en sendingopdrag van die kerk as instituut met gegewe genademiddele het alle samelewingsverbande vanuit 'n Christelike grondslag en missie en in eie vryheid in eie bevoegdheid (s.i.e.k.) die profetiese roeping om 'n eiesoortige bydrae te lewer tot reformasie en tegelyk verset teen verval en sekularisme.

2. Op alle kultuurterreine is daar 'n geestelike stryd tussen geloof en ongeloof wat gestry moet word.

3. Die onderwys het lewenswye trefkrag vir alle kultuurakkers en is van unieke strategiese belang omdat almal van die gemeenskap deur die onderwystregter moet gaan.
4. Afvallige humanistiese onderwys bemoeilik en ondermyn ook die taak van die kerk, en intensifeer sy evangelisasie- en sendingtaak. Die huidige sosialisties-humanistiese owerheid se onderwysbeleid noodsaak baie skerper kerk- en volksverset daarteen. Dit beklemtoon die besondere taak van ons kerk se onderwyskommissie.
Ons moet hierin skerp bedag wees op nouer samewerking tussen kerk en alle positief verdienstelike onderwysorganisasies omdat hulle die kerk se boodskap bevestig en andersyds dat

die kerk se boodskap hulle bevestig en onderskraag. Die kerk se boodskap lewer weer lidmate wat op die onderwysakker in die amp van die gelowige aan die stryd vir Christelike onderwys meedoen.

5. Die vanselfsprekende boodskappe vanaf die kansel oor volk en kultuur, w.o. die onderwys moet, homileties en eksegeties korrek, vanweë die besondere aktualiteit in die huidige noodtoestand, gereeld plaasvind. Lig en leiding op die voorpunt van die tye!

**AANBEVELINGS**

**3.9.10 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys vir**

**(a) die intensiewe en volgehoue arbeid en stryd gedurende die afgelope 52 jaar vir Christelik-volkseie onderwys op sekondêre en tersiêre vlak.**

**(b) vir die huidige omvangryke projek om Christelike skoolvakhandboeke voor te berei en beskikbaar te stel, waarin rekening gehou moet word met al die komplikasies en implikasies van die verwarrende Kurrikulum 2005.**

**3.9.11 Die sinode moedig kerkrade aan om vrywillig by die VCHO te affilieer wat vir die afgelope 52 jaar die voorvegter was vir Christelike onderwys en wetenskap, en tans nog op die voorpunt van die tye in die bresse staan.**

## 4. ADVIES OOR DIE VRYMESSELARY AAN GEMEENTES

Die Kommissie sluit hierdie saaklike verslag in omdat dit 'n aktuele saak is wat telkens weer opduik. Dan moet 'n kerkraad weet hoe, waar en wat. Op 3 Junie 2000 stel die AP kerk, Welkom, OVS, hulle probleem aan die kerkkantoor soos volg:

"Op 'n Kerkraadsvergadering van 24 Mei 2000 was daar 'n bespreking oor 'n sinodebesluit oor die Vrymesselaars in die AP Kerk. Dit het onder ons aandag gekom dat daar wel lidmate in ons gemeente is wat aan hierdie beweging behoort. Die Kerkraad van Welkom wil nou aan u vra om vir ons breedvoerige inligting te gee aangaande die beweging en waarom die sinode se besluit daaroor. Die kerkraad voel nie opgewasse om met die lidmaat of lidmate te gaan praat met die min kennis tot hul beskikking nie."

Onder 12 September 2000 die opdrag vanuit die kerkkantoor: "die Sentrale Kerkekommissie (SKK) het tydens sy onlangse vergadering besluit om n.a.v. die aangehegte skrywe van die AP Kerk, Welkom, die skrywe na die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek te verwys om die SKK met advies te bedien".

Die dwalende, swewende posdiens van die reënboognasie het bg. brief laat versand of laat sweef, met die gevolg dat bg. versoek uitgevoer is na 'n brief vanuit die kerkkantoor gedateer 18 Januarie 2001. Ter wille van spoed het ons direk met Welkom se kerkraad geskakel, wat deur ds. M.C. Adendorff goedgekeur is.

Ongelukkig is daar tans nie goeie Afrikaanse bronne oor die Vrymesselary beskikbaar nie. Daar is wel uitstekende studiestukke daaroor in vroeëre N.G. Sinode-agendas wat uitgelig kan word - ons kon nie daarby uitkom nie. Ds. F.N. van Niekerk se standaardwerk: *Vrymesselary, sy geheime en gevare* is uit druk. Ons het toe 'n fotostaat kopie aan Welkom gestuur van sy verkorte uitgawe: *Vrymesselary, 'n broederskap sonder Christus*, **met** die advies hierby ingesluit.
**Vraag**: Is daar nie nóg AP kerkrade wat wetend of onwetend met hierdie probleem sit nie?

## OPMERKINGS OOR DIE VRYMESSELARY DEUR (PROF.) JC LOMBARD, BLOEMFONTEIN

Geagte Brs. Kerkraad, Welkom - APK.
U beskik wel oor die sinodebesluite en die jongste *Kerkorde* van ons Kerk oor hierdie saak. U probleem is dat in u gemeente lidmate is wat lid is van bg. beweging. Ek meen dat ds. Van Niekerk se werk voldoende is om enige ware, verantwoordelike, egte Christenbelyer te oortuig om hom, haar, onomwonde daarvan te distansieer. Ds. Van Niekerk het (hy is reeds oorlede) as N.G. predikant, wat 'n diepgaande studie van die beweging gemaak het, 'n standaardwerk hieroor geskrywe, omvangryk, ± 450-500 paginas.

Ek het dit nog in 1959 vir SACUM (SA Calvinistiese Uitgewers Maatskappy) geredigeer en persklaar gemaak. Dis tans uit druk.

Hy het in Windhoek 'n openbare vergadering oor die Vrymesselary toegespreek in die stadsaal, en die Vrymesselaars **het** gemobiliseer teen hom, maar met **vraetyd** het hulle sleg daarvan afgekom, en baie sleg verloor, as ontmaskerdes. Van hulle het daar en dan die beweging vaarwel toegeroep.

Ek was self op N.G. Sinodes waar uitstekende studiestukke en bespreking van hulle standpunte aan die orde was op grond van hulle **eie** dokumente (Vrymesselaars s'n). Bronnestudie is gedoen, en die Vrymesselaars glo tog wat hulle publiseer, of lieg hulle?

Ek het in my bediening ook gereeld met die beweging te doen gehad en die Woord van die Here gestel teenoor hulle siening wat radikaal, d.w.s. worteldiep met die Bybelgetroue Christelike leer bots, en dit geld van **al** ons leerstukke.

Ons kan nie op twee stoele sit nie – in 'n Bybelgetroue kerk wees en tegelyk glo aan die legendes van die beweging nie, d.w.s. in die kring van die spotters (Psalm 1). Lees asb. aan die slot van die brief aan Galate wat Paulus skrywe as iemand aan 'n ander evangelie glo, al sou 'n engel dit bring.

**Hoe optree teenoor hulle wat daaraan behoort?**

Pastoraal, herderlik simpatiek in 'n baie openlike gesprek moet daar opgetree word. Ons het die sondaar lief maar ons **haat** die sonde, volgens die Woord. Ons is jaloers oor goeie mense wat deur die Vrymesselary te goeder trou of hoe ook al, mislei is. Tegelyk waarsku ons onversetlik, reguit, onomwonde – want dit gaan oor die siel en geestelike heil van 'n sondaar. Onthou 1 Kor. 13 vers 6: Ek is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid." – d.w.s. die waarheid van die woord wat lewendig en kragtig is en skerper as 'n tweesnydende swaard (Hebreers 5).

**So** het ek deur die Here se genade Vrymesselaars teruggelei na die ware belydenis, en ook twee voorgestel as nuwe lidmate. Ja, dit sluit iemand in wat **hoof** was van die S.A. Polisie op 'n groot dorp waar ek N.G. predikant was! Hy was **dankbaar** oor sy nuwe uitsig en sy nuwe begin! Toe, ja toe wás hy 'n lewende lidmaat.

Ons kerk se standpunt oor Vrymesselary gaan nie daaroor om te veg of weg te stoot nie **maar**: om die eer van God (eerste bede van die Onse Vader) en vertikale gehoorsaamheid aan Hom en **sy** Woord, en om die behoud van die sondaar. Dáárom stel ons aan hierdie mense met liefdevolle beslistheid die onversoenlike teenstelling tussen die woord en die humanistiese, mensgemaakte, mensgesentreerde mens-ontwerpte aardse godsdiens, uit die aarde aards en legendaries. Dit, met die oog op 'n duidelike keuse tussen leuen en waarheid.

Dit alles, met insluiting van die gebed dat die Here die gesprek met en die getuienis aan hulle sal seën met die onweerstaanbare werking van die Heilige Gees **deur** en **met** die Woord! Wonderlik as die afsluitingsgebed na Gods seën op die gesprek en 'n ommekeer by die dwalende kan wees: Numeri 6 verse 22-26.....

**AANBEVELING**
**4.1 Die sinode neem kennis van die advies.**

**5. DIE RING VAN DENDRON OOR VERSOEN, VERSOENING, ARMOEDE EN ONDERHOUDING VAN DIE RUSDAG**

**Beskrywingspunt**

5.1 Die sinode besluit om 'n kommissie of kommissies aan te wys om dringend ondersoek in te stel na die Bybelse lering van die volgende begrippe:
5.1.1 versoen;
5.1.2 versoening;

5.1.3 armoede; en
5.1.4 die onderhouding van die rusdag.

5.2 Die sinode besluit dat hierdie kommissie so gou moontlik die resultaat van bogenoemde studie in 'n bondige publikasie of publikasies laat verskyn.

**Motivering**

a. Daar word deesdae vroeg en laat oproepe gedoen vir versoening tussen mense, ens. Die Bybelse boodskap is eintlik: word met God versoen en daarna kom die horisontale versoening.

b. Die AP Kerkverband moet hierdie Bybelse boodskap duidelik laat hoor. Daarom sal dit goed wees as lidmate 'n kort, kernagtige geskrif kan hê om aan die gemeenskap oor te dra.

c. Die oproepe oor die opheffing van armes en die uitskakeling van armes is ook gedurig voorbladnuus. 'n Geskrif wat die oorsake van armoede, die Bybelse boodskap oor armoede, ens, duidelik stel, kan net positief en opbouend wees.

d. Ons lidmate het 'n bondige en positiewe geskrif nodig om hulle te verweer teen die algemene houding teenoor die Rusdag. Daar is byna geen kerk meer wat handeldryf, sport, gewone werksaamhede op die rusdag veroordeel nie. Die algemene Afrikaner-publiek aanvaar blykbaar dat as iets nie deur 'n landswet verbied word nie, alles in orde is. Lidmate het leiding nodig oor wat die rusdag alles inhou.

**Inleidend**
(i) Hierdie beskrywingspunt is nie spesifiek aan die KKCE gerig nie, maar begryplik aan die kommissie deurgestuur, terwyl die **versoek** is dat dit na 'n kommissie of kommissies deurgestuur word.

(ii) Die resultaat moet in 'n publikasie of publikasies, so gou as moontlik, verskyn. Dus is die Publikasiekommissie by voorbaat hier betrokke, en dit moet inpas by húlle program, beplanning en behoeftebepaling.

**Die temas** 5.1.1 en 5.1.2 **Versoen en versoening**. Vanweë skeeftrek en liberaal-Christelike en humanistiese misbruik van hierdie terme in teenstelling met die **werklike** betekenis en implikasies van die Eerste en Tweede Tafel van die Wet, Mt. 22 vs. 34, vertikaal en horisontaal, is die ring se versoek baie sinvol. Sekere "volksgenote" (Afrikaanssprekend) en gereformeerde belyers (lidmate van ander Afrikaanse kerke) lewer ook in woord en geskrif sulke aanvegbare "getuienis" oor versoening. Ons moet toevoeg dat sterk getuienis teen die misbruik van hierdie terme **wel** van Christelike kant gelewer is in woord en geskrif, t.w. Radio Pretoria en Radio Rosestad (Bfn.), sekere kerkblaaie w.o. lesersbydraes; die prediking en bydraes op kongresse en konferensies.

Ons moet egter t.w.v. volledigheid en omvattende perspektief besef dat versoening maar net **een** van die dringende aktuele temas is wat verwring of misbruik word, waar die Christelike vlag NIE die lading, i.e. die ware Bybelse inhoud dek nie. Net so erg of erger is die leuenagtige en gewetenlose misbruik by swartmense en sekere blankes van die terme **demokrasie**, **rassisme** en **regstellend**, afgesien van die berekende slagspreuk-wangebruik van die term "apartheid", binne die konteks van bedenklike onwaarhede.

In die lig hiervan verg dit wyse en wye besinning of Dendron se versoek al die dringend-aktuele krisisterme insluit; wat toegevoeg moet word en hoe, as die leemtes gevul moet word, die breër opdrag uitgevoer moet word. Die inhoudryke voorstel is nie na wense gestruktureer, gesistematiseer en gespesifiseer nie.

**Betrokkenheid van die Publikasiekommissie**
Die ring voorsien dat die publikasie(s) dringend en spoedig moet verskyn. Oorleg met die Pk. moet dan geskied insake hulle beplanning, huidige staande publikasieprogram en die geldelike lewensruimte. Daar is tog 'n kronologiese voorkeurlys waarvan nie afgewyk kan word nie.

***Die Boodskapper* as mondstuk van die ring se versoeke**

Die ring is korrek as hulle dit stel dat bg. terme skerp, krities belig **en** tegelyk positief verhelder moet word, hier en nou. As dit egter **publikasies** moet word verleng dit die wagtyd aansienlik, terwyl die frekwensie van ons **kerkblad** baie vinniger is om die gemeentes en lidmate te bereik.

Dit beteken tegelyk dat binne 'n kort tydsbestek **alle** gemeentes bereik word en minstens **alle** lidmate 'n nabyliggende teikengebied is. Daarenteen moet die publikasies eers gedruk word, dan verkoop word, prakties aan die persentasie wat dit **wil** koop en **sal** koop. Verder, hoe lyk die kolportasie van ons kerk se publikasies in ons gemeentes? In baie gemeentes gebeur daar so te sê niks en die publikasie-kontantgeld lê in die stoor, slapend in die rus van die niksdoen gesus, in plaas daarvan dat die geestelike saad landwyd uitgestrooi word.

**Punt 5.1.3. Armoede**. Die begrensing van hierdie wydse tema verg besondere aandag, alleen al wat die **oorsake** betref. Dis wel uiters aktueel in die lig van die RSA se huidige beproewende krisistyd ook vanweë die politieke chaos en met name teen die blankes die diskriminerende vooroordeel en onreg-stellende aksie. Hier is ook ter sprake van die mistasting van die staatspresident as sou armoede die oorsaak van die vigs-epidemie wees wat ook verkeerde sentimente en voordele aanwakker. So word in growwe onwaarheid die oë gesluit vir die gebrek aan Christelike sedes by miljoene inwoners met statistieke wat onheilspellend openbaar wat die verhouding tussen vigsgevalle en etnisiteit is. Die gevoeligheid hieroor speel ook 'n rol in die foutiewe formulering van die oorsake van vigs.

**Konferensie oor Afrikanerverarming - 'n diakonale verantwoordelikheid, op 30 Jan. 2001**
Ons verwys die ring na die besonder belangrike konferensie en die voordragte wat gelewer is by die opening van die Afrikaanse Protestantse Akademie op Teologiese Dag, 31 Jan. 2001. Proff. R. Marè en IA Brink van ons kerk se voordragte was sentraal by hierdie byeenkoms. Die ideaal was ook dat elke diakonie op hierdie byeenkoms verteenwoordig moes wees. Die sinode van 1999 het belangrike besluite oor die hantering van die toenemende blanke verarming geneem en uitvoering van die besluite word in Omsendbrief 1/2001 gerapporteer – ook vir kennisname van die ring van Dendron.
Vir die referate verwys ons die ring na ons kerkkantoor.

**T.V. Die onderhouding van die rusdag**
Dis 'n tema wat gereeld onder die aandag kom by die prediking; die Kategismusprediking oor die vierde gebod, die verbondsonderrig en die ouderlinge- en diakonie vergadering, want so hoort dit. Die vraag is of die positiewe getuienis hier sterk genoeg en kontinu deurkom, soos op rings- en sinodale vlak.

Die Sondagstyl in die RSA tans is een van die sterkste voorbeelde van geestelike verval en sekularisme, wat globaal deur die sosialisties-humanistiese owerheid aktief bevorder word. Daar is gesags- en magsvorme buite ons beheer en ons voel soos mense wat nie in staat is om 'n sprinkaanswerm of 'n stofstorm met 'n sif te keer nie. Daarbenewens kan die Christene nie op Sondag in die lug hang nie, want ons moet leef en beweeg in 'n samelewing om ons waar massas geen onderskeid maak tussen Sondag en weeksdae nie.

**'n Publikasie hieroor?**
Watter persentasie van ons lidmate word bereik as die kerkrade nie kolportasiewerk doen nie? Hoeveel kerkrade bestel **nie** geestelike boeke vanaf die kerkkantoor nie? Daarmee wil die kommissie nie die waarde van 'n publikasie as 'n "handboek" vir die Sondag vir die huisgesin ontken nie, al werk dit op 'n langer termyn. Die trefkrag is net baie wyer as 'n artikel of meer hieroor in ons kerkblad verskyn en direk beskikbaar is vir 'n vyfsyfer getal lidmate.

Die doelwit van so 'n publikasie is om ons kerk se eie lidmate langs alle getuieniskanale op te skerp om as getuienis vir Christelike Sondagviering getrou via die eredienste en Christelike lewenstyl ligtende en soutende getuies te wees. Ons moet ons prakties verset teen die sondige Sondagmodes, saam met talle geesgenootlike mede-Christene in ander kerke op Protestantse en/of

gereformeerde grondslag wat dit net so ernstig met die Sondag bedoel. Dit beteken vir ons lidmate: bly julle dan getrou hieraan tot die bitter **einde**, wat ook al om julle gebeur!

Die ring versoek dat die vrug van die studies in 'n bondige publikasie of publikasies sal verskyn, so spoedig moontlik. Wat 5.1.3 betref is dit in alle geval nie hier ter sake nie - kyk aanbeveling 5.4. Ten opsigte van die ander temas ter sprake gee ons kommissie voorkeur aan *Die Boodskapper* en tweedens aan eventuele publikasies daaroor, maar in noukeurige oorleg met die Publikasiekommissie.

**AANBEVELINGS**

**5.3 Die sinode dra dit aan die redaksie van *Die Boodskapper* op om soos hy goeddink, die temas *versoen, versoening, demokrasie, rassisme, regstellende aksie, apartheid en die onderhouding van die rusdag* met 'n reeks artikels in *Die Boodskapper* of in brosjures te dek volgens die bedoeling van die beskrywingspunt van die ring van Dendron.**

**5.4 Die deel van die beskrywingspunt oor armoede is deel van die barmhartigheidsdiens en word na die SKK verwys.**

## 6. RING VAN DENDRON INSAKE DIE PUBLIKASIE: *ONTMOET DIE AP KERK*

**Beskrywingspunt**

Die sinode besluit om, aanvullend by *Ontmoet die AP Kerk*, 'n publikasie uit te gee wat die volgende baie duidelik stel:

1. Die teologie wat die AP Kerk bely;
2. die inkleding van die erediens in die AP Kerk; en
3. die Skrifbeskouing van die AP Kerk.

**Motivering**

a. Die AP Kerk moet baie dringend na buite begin beweeg. Die AP Kerk het 'n duidelike Bybelse boodskap om aan die samelewing te gee.

b. Die boek, *Ontmoet die AP Kerk*, voldoen tans nie heeltemal aan hierdie vereiste nie. Die omstandighede van 1987 met kerkstigting en die 21e eeu verskil heelwat.

c. Met 'n klompie byvoegings kan lidmate talle Afrikaners positief beïnvloed met 'n suiwer Bybelse boodskap.

**Inleidend - Analise van die voorstel**

Dit is baie breed gestel, soos bv. in punt 1, wat alles insluit soos o.a. in die dogmatiek behandel vanaf die Godsopenbaring tot by die voleinding; alles van die bibliologiese vakke in O.T. en N.T., benewens die inhoud van die Drie Formuliere van Eenheid – dis tog teologie. In hierdie teologie is punt 3 oor die Skrifbeskouing van die AP Kerk vanselfsprekend ingesluit want ons **begin** die teologie vanuit die Skrif en Skrifbeskouing waar ons die **inhoud** van die res van die teologie vind. Nietemin sal die kommissie oor punte 1 **én** 3 enkele opmerkings deurgee.

**Punt 1: Die teologie wat die AP Kerk bely**

Vanweë ruimtegebrek **verwys** ons net na Art. 1 en 2 van ons Kerkorde wat onomwonde die grondslag van ons teologie kwalifiseer vanuit die Woord van God en die belydenisskrifte. Daar is geen alternatief nie, en ons bely al die artikels van ons belydenisskrifte **ómdat** hulle ooreenstem met Gods Woord, uit die Woord uit geformuleer is, (die quia standpunt). Die inhoud van ons gereformeerde teologie word in bg. gees geleer aan ons Teologiese Fakulteit, toegespits in die Dogmatologiese en Bibliologiese vakke, met dieselfde toepassing in die ander vakke.

Die AP Kerk is jaloers oor sy gereformeerde grondslag, omdat ons jaloers is oor Art. 1 van die *Kerkorde*. Dis soos ds. J. Overduin van Nederland se gereformeerde kerk tydens sy geseënde besoek aan ons land in die 1950-er jare dit gestel het aan die Barthiaanse prof. J.A. Lombard (Dotjie)

van Unisa, Dept. Teologie. Toe Lombard aan Overduin vra of hy, Overduin, "nie te gereformeerd is nie" was Overduin se antwoord "Ik ben gereformeerd omdat ik Bybels ben, en ik ben Bybels omdat ik gereformeerd ben."

Bg. standpunt kom ook na vore via ander kanale waardeur die AP Kerk teologie gestel word nl. die sinodebesluite, *Skriflig op Kerk en Volk*, *Die Boodskapper*, publikasies e.s.m.; asook die redes van ons afskeiding uit die N.G. Kerk in 1987. Geen onbekende nie.

Ons kerk het tot dusver ook die tug toegepas op lidmate en predikante wat hulle skuldig maak aan leerdwaling, wat inhou dat ons doen wat ons sê.

**Punt 2: Die inkleding van die erediens in die AP kerke**
Hier word egter nie gespesifiseer waar die probleem lê nie. As die agendas en sinodes vanaf die 1990-er jare nagegaan word aan die hand van verslae en besluite m.b.t. die Kommissie vir Formuliere en Liturgie is dit ooglopend dat ons die eredienste inklee op die deursnee gereformeerde beginsels en styl. 'n Uitstaande getuienis hieraan is die sakelys van die 1999 sinode met die voorlegging van die KFL vanaf bl 185 v.v. onder die titel: Die gereformeerde erediens, bl 186 en samehangend tot bl 190, waarna ook met direkte verband en kontinuïteit die formuliere en formuliergebede volg - bl 190-203.

Die enigste wat ons sinvol kan toevoeg oor die inkleding van die erediens is dat ons uiterstes moet vermy. Ons moet krities, waaksaam en nugter bly teenoor die charismaties-Gospelmatige konsertmatige-sensasionele opwarmings aanbiedinge wat selfs in sekere kerke op gereformeerde grondslag die behoudende lidmate teister. Dit wel, met irriterende musiek en sang – alles om "mense te trek" en net aan te pas. Die voorgangers hier twyfel aan die krag van die gewone genademiddele deur die Woord en Gees, d.w.s. dis kleingelowige paniek wat hier geld, dis sonde.
Andersyds hoef ons nie lomerig te bly in starre, tradisionalistiese selftevredenheid nie. As ons die fratse afkeur skakel dit nie die frisheid wat nodig is uit nie. Die liturg hoef nie monotonies funksioneel elke Sondag al die liturgiese prosedures presies eners te doen nie, en dis sy skuld as die gemeente eers onder die kollekte wakker word.

Dis positief en bemoedigend dat die gesprek oor die erediens kontinueer binne die konteks van gereformeerde beginsels en styl.

**Die motivering in die beskrywingspunt**

**a**. Dis korrek dat die kerk na buite moet beweeg. Die beginsel daarvan word duidelik in die sinode agendas gestel. Die kerk lewe nie in 'n Roomse natuur-genade skema nie, soos dit ook by piëtistiese en metodistiese groepe gevind word nie. Vgl. o.a. die *Kerkorde*, Art. 60-64; *Skriflig op Kerk en Volk*; *Die Boodskapper* se aktuele **beligting** van probleemareas en probleme asook humanistiese dwaalleringe in ons samelewing en: ons kerk se duidelike profetiese getuienis oor al die aspekte van die onderwys. Ons moet so beweeg want die gereformeerde Christen bely dat ALLE lewensakkers tot eer van God volgens die Wet van God hervorm moet word. Vgl. ook in hierdie verband in die KKCE verslag die voorlegging oor: *Die Calvinistiese standpunt oor die seën en gevare van die moderne gesofistikeerde tegniek en die mens se aanwending daarvan.* Hier word juis aangedui wat ook die rol van die prediking oor die samelewing behels. Ons moet net DOEN wat ons bely.

**Punte b en c: Die boek: *Ontmoet die AP Kerk***
Dit mag na meer as 'n dekade sinvol wees om in die lig van dramatiese gebeure teen 'n baie vinnige tempo te midde van 'n kommerwekkende situasie-analise die publikasie te hersien en/of aan te vul. Die kerk bly dieselfde maar interne ontwikkeling en voortgang kan nuwe strategiese en optredes na vore bring.

**Punt c**: Hier moet ons net stel dat die **suiwer** Bybelse boodskap elke dag gebring word en gebring moet word, waartoe **ál** die getuieniskanale 'n bydrae lewer. 'n Nuwe publikasie kan net **meehelp** om dit te doen.

**AANBEVELING**

**6.1 'n Nuwe publikasie soos voorgestel oor al die temas soos genoem is nie moontlik nie. Aan die behoefte daartoe is reeds voorsien en nuwe bydraes gaan voort.**

**6.2 Die AP Kerk volstaan met die huidige basiese beginsels vir die inkleding van die erediens, soos ook uitvoerig gestel in die besluite n.a.v. die KFL-verslag.**

**6.3 Die sinode neem met dank kennis van positiewe bydraes tot die kerklike gesprek daaroor.**

**6.4 Die sinode neem met dank kennis van die behoefte by kerkrade, lidmate en ringe aan progressiewe vernuwende voortgang in ons kerk soos in bg. en ander beskrywingspunte na vore kom. Dit bewys dat ons nie staties tot rus gekom het nie, en dinamies vorentoe dink.**

## 7. RING VAN BEAUFORT WES: TEOLOGIESE RIGLYNE VIR BYBELVERTALINGS

**Beskrywingspunt**

Die Ring van Beaufort-Wes versoek dat SKK, vanaf die AP Kerk teologiese skool, die basiese teologiese riglyne sal aanvra, waarvolgens die AP Kerk beoordeel, of Bybelvertalings getroue weergawes is van die Woord van God.

**Motivering**:
Die debat met betrekking tot 1983/92 Bybelvertaling, kan nie nimmereindigend voortduur nie.
Die debat kan egter ook nie doodgesmoor word nie, deur die beswaardes as antagonisties en emosioneel te etiketteer nie.
Die debat kan ook nie ontmoedig word, deur die uitnemende voortreflikheid van vertalers voor op te hang nie. KKCE aanbeveling – 9de Sinode, 11-16 September 1999 Sakelys bl. 213 (moet wees bl. 231, KKCE).
Die debat kan slegs beëindig word wanneer vaste teologiese beginsels in oënskou geneem word.

Aangesien die Woord van God die grondwet van die wet van Christus is en behoort te wees, moet die kerk riglyne hê waarvolgens beoordeel word of reproduksies/vertalings van die Bybel, getroue weergawes van die Woord is.

Die Ring van Beaufort Wes wil graag ter voorbereiding, die AP Kerk se riglyne (soos aan die teologiese skool gehuldig) beskikbaar hê.

**Kommentaar**

(i) Hierdie versoek hou verband met die opdrag van die sinode 1999, Handelinge bl. 478 onder titel: Amendement goedgekeur. Die vertaling van die Bybel is hier ook direk ter sprake, vgl. 1.1 en 1.3. Die stel van die **teologiese riglyne** vir Bybelvertaling sal ondersteunend wees vir die opdrag soos vir die 2001 sinode gegee volgens Handelinge 1999 bl. 478.

(ii) Hierdie beskrywingspunt as versoek is gerig aan die SKK al is dit aan die KKCE deurgestuur. Ons het dit in April 2001 ontvang, en hiermee die terugvoering aan die sinode en SKK.

(iii) Die opmerking in die motivering van hierdie beskrywingspunt insake die Bybelvertalers lui: "die debat kan ook nie ontmoedig word deur die uitnemende voortreflikheid van vertalers voor op te hang nie."

Dit verwys na Sakelys 1999 bl. 231 by 1.4.6. Gelukkig was **al** die motiveringe wat gelei het tot die 1999 sinodebesluit oor hierdie saak gelykmatig kronologies op 'n ry voor opgehang as 'n eenheid. Dit gaan om akademiese meriete deur die genade van die Here – daarom is hulle "wetenskaplikes van gereformeerde integriteit".
Dis vanselfsprekend dat vir **só** 'n taak die kerk na sy oordeel die beste persoon keur om saam met ander kerke die Kommissie vir Bybelvertaling te vorm.
Die kernsaak hier moet nie misgekyk word nie nl. dat genoemde Bybelvertalers geensins 'n vertaling wou en sou lewer anders as vanuit die gereformeerde Skrifbeskouing nie.

Dis dieselfde keuringsproses wat geld as die gereformeerde kerke die **dosente** vir 'n Teologiese Skool benoem, en daarom dat die beskrywingspunt inhou dat die opstellers daarvan **soveel** vertroue in hulle het (die dosente) dat hulle hierdie saak ten beste kan hanteer.

**AANBEVELING**
**7.1 Die sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die Sentrale Kerkekommissie.**

## 8. DIE RING VAN STELLENBOSCH: RINGSITTINGS OP SONDAG

**Beskrywingspunt**

Die sinode spreek hom uit oor gemeentes wat weier om ringsittings op 'n Sondag by te woon.

**Motivering**

1. Die ring van Stellenbosch het van die begin af sy sittings gereël om die verskillende gemeentes te pas.
2. In die praktyk was Sondag die beste en rustigste dag daarvoor, ook vir die boere.
3. Die ring het geoordeel dat die Sabbatsgebod 'n onderskeid maak tussen die Here se werk en ons eie werke, maar nie 'n onderskeid trek tussen kerklike en godsdienstige werke, asof jy Sondag slegs kerk toe gaan en aanbid maar nie kerklike vergaderings mag hou nie.
4. Christus het sy dissipels op die (Joodse) sabbat are laat pluk en eet (Mt 12:1-8) en beklemtoon dat die sabbat vir die mens is, nie die mens vir die Sabbat nie (Mk 2:27).
5. Christene moet duidelik onderskei tussen die OT (Joodse) sabbat, met al sy bepalinge en beperkinge, en die Christelike Sondag.

**KKCE SE KOMMENTAAR OP DIE MOTIVERING VIR RINGSITTINGS OP SONDAG**

1. Toe ons nog almal saam in die N.G. Kerk was, is ringsittings bv. in Bloemfontein amptelik begin tydens die Sondagaand na die erediens. Heel gepas is die aanddiens aangewend as 'n gepaste stigtelike opening van die sitting, sodat die verrigtinge positief saamgevloei het. Geen beginselbeswaar was ooit geopper nie.

2. **Praktiese oorwegings wat geen beginsel verkrag nie**
(i) In die Kostergemeente in Transvaal word die sitting op Sondag gehou omrede die groot distansies, die omstandighede van die onderskeie ouderlinge en die uiters gevaarlike omstandighede op die plase i.v.m. misdaad, veral gedurende laataand en die nag, en laat aandritte. Dieselfde geld vir Zeerust in N.W.-Transvaal. Hierdie gemeente het 'n deursnit van 300 km. wat strek tot in Botswana. Lg. as twee voorbeelde uit baie meer.

Om dieselfde redes is uitgestrekte plattelandse gemeentes genoodsaak om 'n kerkraadsvergadering met dringende sake op die agenda na die oggenddiens af te handel. Dit het bv. in Dealesville en Boshof (OVS) gebeur waar die voorsitter van die KKCE die eredienste waargeneem het.

(ii) Die kerkraad is soms genoodsaak om konsistoriebesluite te neem wat dringend is wat dan kerkregtelik korrek deur die gewone sitting van die kerkraad goedgekeur moet word. Dit doen geen afbreuk aan die Sondagviering origsens nie en dien tot die welwese van die **saak**.

Lede van die KKCE het doelbewus oor hierdie aangeleentheid n.a.v. hierdie beskrywingspunt met broeders leraars gesprek gevoer. Deurgaans was hulle kommentaar positief, veral ook omrede geldige praktiese redes, wat **nie** pragmatistiese omseiling of verkragting van die vierde gebod is nie want dit is direkte Koninkrykwerk binne die kerk as instituut. Dit raak juis ook die gemeentes se Sondagsviering; die erediens en verbondsonderrig en die prediking soos dit op die agenda verskyn. Daarom is **hierdie kerkwerk** op Sondag nie op 'n laer vlak en buite-Sondag materiaal nie. Daarom stem die KKCE volmondig saam met punt 3 van die beskrywingspunt se motivering.

**Punte 4 en 5**. Die ring is korrek wat betref die Skriftuurlike vertolking en toepassing van hierdie Skrifgedeeltes. Die bedoeling is tog dat (volgens ontsluiting van die Sabbatsgebod) in die lig van die N.T. ons dit in die vryheid van die Christenmens dienooreenkomstig sal toepas en uitlewe.

**AANBEVELING**
**8.1 Die sinode besluit dat daar nie besware is teen ringsittings op Sondag waar dit so verkies word en nodig blyk te wees nie.**

## 9. RING VAN BLOEMFONTEIN: KLEREDRAG VAN KERKRAADSLEDE BY EREDIENSTE

**Beskrywingspunt**
Die sinode beveel by kerkrade aan dat alle ampsdraers van die AP Kerk in die toekoms met donker pakke, wit hemde en wit dasse erediense sal bywoon. Baadjies sal gedra word.

**Motivering**
Ter wille van die goeie orde in die kerk en om ampsdraers uit te ken, indien lidmate hulp benodig.

Die KKCE verwys na die *Sakelys van die 1999 Sinode* bl. 269 pt. 3.4.1 e.v. insake die beskrywingspunt van die ring van Lichtenburg oor kleredrag in die erediens en ons kommissie se onderskrywing daarvan. Dit stel die beginselstandpunt vir die erediens onomwonde. Hieroor is daar nie verskil nie. Tegelyk besef ons dat die beskrywingspunt van die ring van Bloemfontein spesifiek na **ampsdraers** verwys.

Die sinode het punte 1, 5, 6 van bg. beskrywingspunt goedgekeur insake die beginselstandpunt, maar punte 2, 3 en 4 **nie** by die goedkeuring ingesluit nie, en dit behels die fynere spesifikasies oor hoe die kleredrag moet wees en lyk, waaronder klimaatsfaktore, hedendaagse modes e.s.m.

Dit is enigsins versagtend dat die ampsdraers vir die sinodesitting nie aan die vereistes van hierdie beskrywingspunt hoef te voldoen nie, al besef ons deeglik dat die opset van die erediens en die sinode verskillend is.

Tegelyk kan 'n sinode nie 'n vereiste t.o.v. spesifieke kledingstukke vaslê of kanoniseer nie. Ons verwys na die tye toe bv. in die N.G. Kerk die toga en beffie vir die predikante wet van Mede en Perse was; swart pakke en wit dasse vir die ouderlinge en diakens en die manel vir die kerkraadslede.

Lidmate sien op na die ampsdraers en ons wil beklemtoon dat hulle waardig in die erediens moet verskyn in donker pakke sonder om die intensiteit van die swart kleur te wil voorskrywe.

Tegelyk, en dit geld vir die praktyk, moet ons ruimte laat vir tydelike uitsonderings volgens finansiële vermoëns waar 'n man wat vir die amp gekies is nie dadelik 'n donker pak kan bekostig nie. Ons weet van verskeie sulke gevalle in die praktyk in onderskeie gemeentes. Die man besit wel 'n ordentlike pak van 'n ander kleur. In so 'n geval moet die soepelheid van die Christelike liefde kies tussen die kleur van die materiaal en die **man** wat geseënde werk kan doen as lid van die kerkraad.

**AANBEVELING.**
**9.1 Die sinode keur die beginsel van die beskrywingspunt goed m.b.t. die vereiste van 'n *donker* pak met wit das. Dit sal toegepas word met die nodige soepelheid waar nodig in geval van ontoereikende finansiële middele van 'n gekose broeder.**

## 10. ADVIES AAN LIDMATE GELEWER

**10.1 Ouderling CPP Pretorius, AP Kerk Utrecht**:
Sy skrywe is gerig aan die voorsitter KKCE – "Ek het u deskundige (?) advies dringend nodig! Hierby aangeheg is 'n dokument rakende die uitverkiesing. My dringende vraag is: Is dit in lyn met die APK se amptelike siening oor die uitverkiesing. Indien nie, waarom nie?" Sy probleem handel oor sy vergelykende interpretasie van *Die Verklarende Bybel* en *Die Bybel in Praktyk*, onder sy opskrif: "Wil God hê dat alle mense gered word of net sommiges?"

**10.2 D. en R. du Toit, Rawsonville, Worcestergemeente:**
Hierdie voorbeeldige lidmate se beswaar is o.a.: "Die 1983 vertaling van die Bybel is geïnspireer deur die Vatikaan. Die grondteks van die nuwe Afrikaanse vertaling is deur die Rooms-Katolieke Kerk geformuleer en 'n Vatikaanse studiestuk op 10 Januarie 1968 is aanvaar deur die United Bible Society waarby die Bybelgenootskap van S.A. ingesluit is." En: "in die nuwe vertaling word die gesag van die Skrif verwerp", is o.a. hulle beswaar, asook: "Waarom word die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel nie deur die Afrikaanse Protestantse Kerke verwerp nie?".

Bg. is 'n aanduiding van watter misverstande opreg en welmenend by baie getroue lidmate van die kerk bestaan.

**AANBEVELING**
**10.3 Die sinode neem daarvan kennis dat advies aan genoemde lidmate gegee is.**

**Namens die KKCE**: Primarii: Prof JC Lombard (voorsitter); ds LLE de Lange (ondervoorsitter); ds PR Jonker; oudl. HA Mocke; oudl. HJ Hayes (skriba)
Sekundi: Di WJA van Schalkwyk; NJ Groenewald.
Verskeie medewerkers.

**BYLAE KKCE1**

## SAAKLIKE OPSOMMING VAN HOOFSAKE I.V.M. WOORD IN AKSIE (WIA) DEUR NED. GEREF. SINODE, WES-TRANSVAAL 2000
## WIE EN WAT IS DIT?

**WAT IS DIT?**
'n Groep Christene wat hulle as 'n art. 21 maatskappy geregistreer het en hulle ten doel stel om mense uit alle kerke te lei tot 'n dieper geestelike lewe. Hulle slaag dan ook inderdaad tot op sekere hoogte in hierdie doel. Vir hulle erns met en ywer vir die evangelie kan 'n mens net waardering hê. Hulle is nie 'n kerk nie en wil dit ook nie wees nie. Hulle bearbei mense uit alle kerke en stuur hulle dan weer terug om in hulle eie kerke te gaan getuig. Hulle sien hulleself graag as interkerklik, maar dan nie in die sin dat kerke hulle gesamentlik ondersteun soos dit die geval is met bv. die S.A. Bybelgenootskap of Radiokansel nie. Hulle geniet die steun van enige erkende kerk nie en is selfs taamlik krities en vyandiggesind teenoor kerke, veral die N.G. Kerk. Hulle is dus in werklikheid 'n buitekerklike organisasie.

**ONTSTAAN**

Die stigter van WIA is wyle pastoor PD le Roux van die AGS. In lewe het hy 'n boekie: "Studies in die bevryding van die Gees", geskryf wat die eintlike "handboek" van WIA is. Na past. Le Roux se dood op 4 Februarie 1991, het 'n afgetrede Weermagoffisier, brig. Chris Wehrmann, voorsitter van die maatskappydireksie geword. Brig. Wehrmann was jare lank ouderling in die Ned. Geref. Kerk voordat hy oorgegaan het na die Lewende Woord-vernuwingsgemeente, waarvan past. Nevil Norden die leraar was. Tans is hulle twee die belangrikste leiersfigure van WIA.

**WERKSMETODE**

Hulle werk hoofsaaklik deur vernuwingskampe te organiseer waarheen mense dan uitgenooi word. Omdat hulle nie bekeerlinge kerklik organiseer nie, maar hulle terugstuur na hulle eie kerke, probeer hulle egter kontak behou met die mense en ook nog ander te bereik deur "huiskerke", "Woordskole" en gebedsgroepe, wat oral georganiseer word en as 't ware opposisiegroepe binne die onderskeie gemeentes vorm. Omdat, soos hieronder gesien sal word, WIA die belydenis van die kerk verwerp en selfs kerkvyandiggesind is, gebeur dit prakties dat mense wat onder hulle beïnvloeding kom geleidelik al meer en meer krities word teenoor alles in die kerk, en dan uiteindelik ook hulle lidmaatskap opsê en oorgaan na een of ander Pinkstergroep.

**BELYDENISGRONDSLAG**

WIA gee te kenne dat hulle geen belydenisgrondslag het nie. Hulle verkondig maar net die Bybel. Maar, sê hulle, as van hulle dan 'n formele belydenis gevra word, volstaan hulle met die Twaalf Artikels wat ons ook elke Sondag in ons eredienste bely.

Waarop kom dit alles neer? Die bewering dat hulle geen leerstellinge het nie, maar alleen die Bybel verkondig, is natuurlik nie waar nie. In werklikheid is past. Le Roux se reeds vermelde boekie die leerstellige grondslag van WIA, en daarin is dit suiwer Pinksterteologie wat verkondig word.

Die feit dat alleen die Twaalf Artikels as belydenis aanvaar word, beteken dat al die ander kerklike belydenisskrifte verwerp word. Dit lei nie alleen tot totale leervryheid (dat elkeen die Bybel kan interpreteer soos hy wil) nie, maar inderdaad ook tot ernstige leerdwalinge soos hieronder sal blyk.

**DWAALLERINGE**

WIA het wel leerstellings wat verkondig word, en sommige daarvan is erg afwykend van die leer van die Gereformeerde kerke:

1. **Bybel nie enigste Woord van God nie**

WIA maak groot erns met die Bybel en Bybelstudie, en tog is die Bybel vir hulle nie die enigste Woord van God nie. Hulle glo dat God vandag ook nog met "gesalfde" mense praat deur drome, gesigte, omstandighede, verrukking van sinne, verskynings van Jesus of engele aan mense, en veral waar die Heilige Gees sommer direk met die "gees" van die mens kommunikeer. 'n Mens verneem selfs die gedagte dat WIA se leiers met dieselfde gesag as die apostels praat! Hierdie nuwe openbaringe word die "lewende Woord" genoem – terwyl die Bybel soms as 'n "dooie letter" afgemaak word.

So-iets lei natuurlik tot willekeur en selfs bedrog. Wie kan kontroleer of dit inderdaad God is wat deur so iemand praat en of dit nie maar net sy eie gedagtes is nie?
Volgens 2 Tim 3:16 en 2 Pet 1:20, 21 is dit slegs die skrywers van die Bybel wat deur die Heilige Gees geïnspireer is (en wie se woord gesaghebbend is), en nie ook nog ander mense wat hulleself aangestel het om namens God te praat nie. Vir ons as kerk is die Bybel die enigste Woord van God en mag niks daarby gevoeg word nie (kyk Deut 4:2; Heb 1:1; Open 22:18, 19). Alhoewel WIA voorgee om groot erns te maak met die Bybel, ondermyn hulle in werklikheid die gesag daarvan.

2. **Bekering en bekeringsdoop as sentrale dogma**

Omdat die Gereformeerde belydenisskrifte nie deur WIA aanvaar word nie, beteken dit ook dat die fundamentele Bybelse leer van die uitverkiesing – verbond – verbondsdoop ook nie aanvaar word nie. Daarteenoor word bekering en bekeringsdoop voluit gepropageer. Dikwels kom mense van hulle kampe af as reeds weergedoopte mense of is hulle oppad om weergedoop te word. Omdat die Bybelse verbond verwerp word, word die bekeringsdoop as die enigste geldige doop beskou.

3. **Kinders van God kan weer verlore gaan**

Die Pinksterteologie gaan uit van die wilsvryheid van die mens. Hy kan self besluit of hy hom wil bekeer en gered word. Omdat bekering van die gereddene op sy eie wilsdaad berus, kan hy dit weer verloor. 'n Kind van God kan dus weer verlore gaan. Dit leer WIA ook!

Die Gereformeerde teologie gaan uit van die wilsvryheid van God. In sy vrymag en uitverkiesende genade bring Hy die mens tot bekering (Klaagl 5:21; Joh 6:44; Rom 8:16). Is jy een maal 'n kind van God, kan jy nooit weer iets anders wees nie. Jy kan wel in ongehoorsaamheid verval, maar jy bly steeds kind van die Hemelse Vader (Joh 10:28, 29; Rom 8:38, 39).

4. **Alle gelowiges moet in tale spreek**

Nes by die Charismatiese groepe leer WIA dat alle gelowiges moet in vreemde (onverstaanbare) tale spreek. Dis wel 'n gawe van die Gees, maar dit kan ook aangeleer word. In die kampe is dit veral Nevil Norden wat lang sessies waarneem om kampgangers te leer om in tale te praat. Hulle glo dat as jy in 'n vreemde taal praat of bid, jy baie meer intiem met God verkeer.

Nodeloos om te sê dat ons dit as 'n onbybelse leer verwerp (1 Kor 14:6-9).

5. **Rampe en teëspoed kom van die duiwel**

Soos by ander groepe hoor 'n mens by WIA dat alle rampe en teëspoed saamhang met demone of bose geeste wat mense in besit neem of hulle lewe beïnvloed. As 'n sieke genees wil word, moet die duiwel eers uit hom verdryf word. 'n Mens hoef maar net tekste soos Deut 32:39; Amos 3:6; Heb 12:6-11 te lees om die onhoudbaarheid van die vermelde beskouinge te begryp. Die Here belowe nêrens dat daar nooit beproewing, hartseer, siekte, swaarkry oor ons sal kom nie. Hy belowe wel dat Hy ons in dit alles van struikeling sal bewaar. Daarop kan ons vertrou.

Alhoewel WIA ontken dat hulle dieselfde voorspoedteologie huldig as die Rhemakerk, hoor 'n mens tog dieselfde klanke by hulle.

6. **Ou dwalinge terug in nuwe vorm**

Ons het na 'n paar tipiese dwalinge van WIA gekyk. Ons kan nog verskeie ander noem. In werklikheid toon WIA ooreenkoms met ou dwaalrigtings wat in die tweede, derde en vierde eeu na Christus (die van Montanus, die Manichiërs, Pelagius) voorgekom het, en wat toe al deur die kerk van Christus verwerp is. Dit is dus eintlik maar ou dwalinge wat by WIA maar net weer in 'n nuwe kleed na vore kom.

**KONKLUSIE**
Hoeveel waardering 'n mens ookal kan hê vir wat WIA tog werklik vir mense in hulle geestelike lewe beteken, kan ons vanweë die ernstige dwaalleringe wat hulle verkondig, hulle nie ondersteun nie.

**BYLAE KKCE2**

## UITTREKSEL UIT STUDIE OOR *WOORD IN AKSIE (WIA)* DEUR SMJ DRY

**HOOFSTUK 6**

**EVALUERING**

Dit is baie moeilik om 'n teologiese evaluering van WIA te doen, aangesien hulle nie 'n duidelike geskrewe grondslag het nie. Die sistematisering en analisering wat in hoofstuk 5 gedoen is, het in baie gevalle van die sienings van P.D. le Roux (die stigter van WIA) gebruik maak. Sy publikasies (sien bronnelys) word vandag nog deur WIA gebruik, alhoewel daar heelwat onderwerpe is waaroor hy skryf wat WIA nie gebruik of melding van maak nie. Indien WIA sou voel dat sommige van die sienings van Le Roux nie meer deur hulle gehandhaaf of ondersteun word nie, sal hulle dit onomwonde moet verklaar en dit duidelik stel waar hulle van hom verskil. Hierdie studie het nogtans gepoog om so ver as moontlik **WIA** en nie P.D. Le Roux se sieninge weer te gee nie. Die sieninge van WIA is verkry uit persoonlike gesprekke en uit WIA se eie geskrewe materiaal.

Rakende **WIA se doelstellings** om die kerkloses en kerklosses met die evangelie te bedien moet daar enkele opmerkings gemaak word. Dit is en bly primêr die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus aan mense te bedien. Die feit dat WIA se kampe teen 'n toenemende tempo groei behoort vir die kerk 'n vingerwysing te wees. Aan die ander kant behoort WIA egter nie buite die kerk om, op die kerk se terrein te beweeg nie.

WIA stel dit wel duidelik dat kampgangers na hulle plaaslike gemeentes moet teruggaan en aktiewe lidmate moet word. Ongelukkig het dit gebeur en gebeur dit steeds dat sommige lidmate

wat terugkom van WIA-kampe verdeeldheid in die gemeente saai. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat hulle op kampe met 'n ongereformeerde grondslag in aanraking kom. Hiermee kan die kerk geen vrede hê nie.

Dit is verblydend om te sien dat WIA nie saamstem met P.D. le Roux oor die genoegsaamheid van die Skrif nie. WIA sal hulleself egter duideliker moet uitspreek oor hulle **siening van die Heilige Skrif** om misverstande te voorkom.

Wat WIA se Skrifgebruik betref is daar ook ernstige probleme. WIA leer mense om die Woord van God meer gereeld te lees en te bestudeer. Ongelukkig leer hulle mense om die Bybel eksemplaries en biblisisties te verstaan op grond van hulle voorbeeld. In die omgang met die Woord van God is dit belangrik om te onthou dat die Skrif homself verklaar (*sacra scriptura sui ipsius interpres*). Dit beteken onder andere dat 'n Skrifgedeelte in die lig van die geheel verklaar moet word. (Heyns 1988: 18) 'n Mens kan nie maar ligtelik met die Woord omgaan en verse aanhaal, gebruik en illustreer net om jou sieninge te motiveer en te pas nie.

Daar is heelwat te sê oor WIA se **siening van die mens**. WIA het 'n on-Bybelse siening van die mens, wat waarskynlik te danke is aan 'n verkeerde Skrifbegrip. Wat egter onstellend is, is dat WIA wetend of onwetend in die voetspore van Pelagius volg deur te sê dat die mens absolute wilsvryheid het. Daarom dat daar ook sterk trekke van die sunergisme is. Beoordeel vanuit die gereformeerde teologie, moet dit duidelik gestel word dat WIA met 'n dwaling besig is rakende hulle leer oor die mens.

Die gereformeerde teologie stel dit duidelik dat die uitverkiesing God se werk is. Die heil van die mens berus op 'n genadige keuse en beslissing van God. God se keuse is nie afhanklik van wat die mens doen of besluit nie. (Van Genderen en Velema 1992:229) Hierteenoor sê WIA in die lyn van die sunergisme dat die inisiatief vir ons heil wel by God lê, maar dit hang van die mens se keuse af of God se genade vir jou effektief word en tot heil lei. Dit is in wese eintlik 'n ontkenning van die soewereiniteit van God en hieroor oordeel die gereformeerde teologie negatief.

Die mens is as 'n eenheidswese deur God geskep. (Heyns 1988:120-124.) Die mens se liggaam en siel is so inmekaar gevleg, dat hulle selfs nie naasmekaar of bomekaar is nie. Die konrete mens na liggaam en siel is mens van God maar ook mens van hierdie aarde. (Heyns 1988:123.) Bogenoemde word nie deur WIA erken nie. WIA het 'n monistiese verstaan van die mens. Vir hulle is die mens eintlik net gees. Die liggaam is van minder belang en eintlik verganklik. Die mens is ook net na die gees as beeld van God. Hierdie gees is 'n deel van God wat hy self in die mens in geblaas het. Dit is nie 'n Bybelse antropologie nie en daarom word dit ten sterkste deur die gereformeerde teologie afgewys.

In WIA se soteriologie figureer die pelagianisme en die sunergisme weereens baie sterk. PD le Roux (s.a (c): 16-17) het wel in 'n sekere mate 'n uitgewerkte soteriologie. Hierdie soteriologie (getrou aan die sunergisme) erken dat God die inisiatief neem in die verlossing van die mens, die mens is egter verantwoordelik, en daartoe in staat om te kies of hy die verlossing wil aanvaar. Die klem val grotendeels op die verantwoordelikheid van die mens. Christus se plaasvervangende soendood en sy verdienste, word heeltemal onderbeklemtoon. Weereens ontken WIA dus die soewereiniteit van God, meer spesifiek van sy uitverkiesing en genade.

Die probleem is dat die kernvraag van die uitverkiesing nl. *Op grond waarvan vind die uitverkiesing plaas?* deur WIA verkeerd beantwoord word. Hulle antwoord is dat God daardie mense uitverkies wat Hy vooraf geweet het gaan glo. Die gereformeerde teologie se antwoord hierop is dat die Goddelike uitverkiesing nie die antwoord of reaksie van God is op dit wat in die tyd gebeur (mens se keuse) nie. Dit is en bly die inisiatief wat in die hart van die drie-enige God gebore is, en in Christus en die Heilige Gees geopenbaar word. (Heyns 1988:80.) Wat die soteriologie betref sal WIA dus ook ernstig moet besin oor sy sienings.

WIA is nie baie duidelik in sy **leer oor die sonde** nie. Daarom is dit moeilik om regtig 'n beoordeling oor hulle siening te maak. Die belangrikste wat hier genoem moet word is dat WIA nie voorsiening maak vir die erfsonde nie. Vir hulle word die mens as 't ware soos Adam gebore,

sonder sonde. Die duiwel en sy magte slaag wel daarin om die mens se siel so te verblind, dat die mens kies om hom eerder gehoorsaam te wees as God. Die mens bly egter 'n wese met wilsvryheid wat kan kies om sonde te doen of nie.

Vir die gereformeerde teologie is dit baie duidelik dat die algehele verdorwenheid van die totale mensheid dwarsdeur die Skrif geleer word. Dit word as 'n veronderstelling aanvaar. (Heyns 1988: 189-190) Die mens is uit homself nie geneig tot iets goeds nie. Dit is baie interessant dat die naam van Pelagius weereens opduik wanneer daar oor WIA se siening van sonde besin word. Reeds aan die begin van die vierde eeu het Pelagius die leerstuk van die erfsonde bestry. Hy het geglo dat die mens in dieselfde toestand as Adam gebore word - sondeloos. Dat die mens sondig, is dan nie te wyte aan die erfsonde nie, maar aan die navolging van verkeerde voorbeelde. Hierdie sienings van hom is reeds 418 deur die sinode van Karthago veroordeel. (Heyns 1988:192.) Vandag nog word Pelagius, en gevolglik WIA se soortgelyke sienings, deur die kerk as dwaalleer beskou.

## HOOFSTUK 7

## GEVOLGTREKKING

Reeds wat WIA se doelstellings betref is daar probleme. WIA lê hom daarop toe om die kerk se werk te doen, nl. om die "kerkloses" en "kerklosses" met die evangelie te bedien. Dit is en bly primêr die werk van die kerk.

Rakende WIA se teologiese grondslag is daar ook ernstige probleme. Hier word gedink aan dwalinge wat goed vergelyk met onder andere die pelagianisme, sunergisme, monisme e.a. WIA sal hulleself baie duidelik hieroor moet verantwoord.

In antwoord op die vraag of WIA op die steun van die kerk kan staatmaak, is die antwoord 'n besliste nee. WIA se grondslag en doelstellings is op meer as een punt strydig met die gereformeerde teologie. Daarom kan WIA op hierdie stadium nie op die steun van die NG Kerk reken nie.
Hierdie gevolgtrekking is gemaak op grond van inligting wat tans beskikbaar is oor WIA. Die gesprek met WIA behoort egter nie hier op te hou nie, maar eerder hier te begin. WIA sal moet rekenskap gee oor dit wat hierdie studie aan die lig gebring het en oor sy verwantskap aan die publikasies van PD le Roux. Indien WIA regtig ernstig is oor die steun van die NG Kerk, sal dit noodwendig lei tot selfondersoek en 'n duidelike selfidentifisering.

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)
# Tydperk: 12 September 1999 tot 3 Mei 2001

## 1. PERSONEEL

**1.1 Primarii:** Ds. AL van Heerden (voorsitter), dr. SD Nel (ondervoorsitter), ds. WJ Gagiano (skriba).

**1.2 Sekundi:** Di. G Smit; JH Engelbrecht.

## 2. VERGADERINGS

Ses vergaderings is gehou nl. 3 Oktober 2000, 28 November 2000, 6 Februarie 2001, 20 Februarie 2001, 19 en 20 April 2001, 3 Mei 2001.

## 3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

### 3.1 Verwys *Handelinge 1997*, bl. 265, pt. 5.1

**Inleidende opmerkings oor die liturgie**
Tydens die *Agtste Sinode (1997)* is besluit dat 'n studiestuk as inleidende opmerkings tot die liturgiese ordes in 'n moontlike hersiene uitgawe van die Kerkboek opgeneem moet word.

As gevolg van 'n tydsgebrek tydens die *Negende Sinode (1999)* is die volledige verslag terugverwys na die KFL. 'n Versoek vir skriftelike kommentaar t.o.v. die verslag is egter deur die KFL aan alle leraars en gemeentes gerig.

Die inleidende opmerkings word nou met inagneming van insette wat ontvang is, opgeneem in die verslag as Bylae KFL 1.

**AANBEVELING**
**3.1.1 Die sinode besluit dat die inleidende opmerkings oor die liturgie (Bylae KFL 1) soos hersien, opgeneem word in die Kerkboek.**

### 3.2 Verwys *Handelinge 1997*, bl. 266, pt. 9.2(á)

**Hersiening van Kerkboek**
Die sinode het besluit dat die Kerkboek van die AP Kerk grondig hersien moet word. Die voorgestelde ordes vir die erediens word aangebied as Bylae KFL 2 en die verwerkte eietydse formuliere word aangebied as Bylae KFL 3.

**AANBEVELINGS**
**3.2.1 Die sinode keur die hersiene eietydse formuliere soos deur die KFL voorgelê, goed.**
**3.2.2 Die sinode gee aan die KFL opdrag om in die tydperk voor die volgende sinode in samewerking met die Pk. 'n nuwe Kerkboek te laat publiseer.**

**Motivering**

'n Statistiek opgawe is van die Pk. ontvang wat soos volg lui:

| Voorraadvlak op: | getal | verkoop deur jaar |
|---|---|---|
| 31/12/1996 | 438 | |
| 31/12/1997 | 373 | 65 in 1997 |
| 31/12/1998 | 308 | 65 in 1998 |
| 31/12/1999 | 251 | 57 in 1999 |
| 28/11/2000 | 188 | 63 |
| 20/4/2001 | 100 | 88 |

In die lig hiervan blyk dit dat die voorraad uitgeput kan wees voor die volgende sinode. 'n Herdruk van die huidige Kerkboek moet ten alle koste verhinder word.

### 3.3 Verwys *Handelinge 1999*, bl. 481, pt. 5.4

**Eietydse Christelike gebede**
Die kommissie het uitvoering gegee aan die sinodebesluit en het die eietydse Christelike gebede aan die redakteur van *Die Boodskapper* deurgegee om dit na goeddunke van tyd tot tyd te laat publiseer. Vier van hierdie gebede het reeds in die uitgawes van April en Mei 2001 verskyn.

## 4. BESKRYWINGSPUNTE

### 4.1 Ring van Beaufort-Wes: Verwelkoming van besoekers by die erediens

Die sinode besluit dat die verwelkoming van besoekers by die erediens, wat nie lidmate van die plaaslike kerk (gemeente) is nie, voor die konstituering (votum), in orde is.

**Motivering**

- Die erediens is ook 'n afbeelding van die koninkryk van God.
- 'n Verwelkoming aan die besoekers val nie buite die gees en bedoeling van die groot Gasheer nie; dit lê in lyn met sy liefde en ontferming oor slegtes, goeies, armes, verminktes, kreupeles, blindes en vreemdes.

**4.1.1 AANBEVELING**
**Die sinode keur die beskrywingspunt goed nl, dat die verwelkoming van besoekers by die erediens, wat nie lidmate van die plaaslike kerk (gemeente) is nie, voor die konstituering (votum), in orde is.**

### 4.2 Ring van Dendron: Eenvormigheid in die erediens

Die sinode besluit om te kyk na groter duidelikheid t.o.v. eenvormigheid in die erediens.

**Motivering**

Sodat die orde in die erediens daardeur bevorder kan word.

**AANBEVELING**
**4.2.1 Die sinode neem kennis van die aanbeveling.**

**Motivering**

Die saak geniet aandag van die KFL en met die opstel van die nuwe Kerkboek sal hieraan gevolg gegee word.

### 4.3 Ring van Hennenman: Orde vir begrafnis en teraardebestelling

Die sinode beveel aan by kerkrade dat by begrafnisse die teraardebestelling eers sal plaasvind en dat daarna 'n roudiens in die kerk gehou sal word.

**Motivering**

- Om die verkeersprobleme veral in stede uit te skakel aangesien baie begrafnisgangers weens die verkeer nooit by die graf uitkom nie.
- Verder skakel dit 'n onnodige ryery vanaf die kerk na die graf en terug uit.

**AANBEVELING**
**4.3.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.**

**Motivering**

- Die sinode kan nie 'n voorskriftelike reëling t.o.v. begrafnisse aan kerkrade maak nie.
- Begrafnisse is en bly 'n familie-aangeleentheid wat gereël kan word na gelang van praktiese oorweginge en goeddunke van die familie.

**AANBEVELING**

**5. Die sinode neem met dank kennis van die verslag van die KFL.**

**6. BEGROTING**

**AANBEVELING**
**6.1 Die sinode keur 'n bedrag van R12 000-00 vir die jaar 2002 goed.**

**Motivering**

Die publisering van 'n nuwe Kerkboek sal bykomende vergaderings verg en dus koste meebring.

**7. SLOT**

Die KFL vertrou dat opdragte bevredigend uitgevoer is en bid die sinode seën en wysheid toe met die vergadering.

Geteken:
Ds. AL van Heerden (voorsitter); Dr. SD Nel (ondervoorsitter); Ds. WJ Gagiano (skriba)

**BYLAE KFL 1**

## INLEIDENDE OPMERKINGS OOR DIE LITURGIE

**DIE GEREFORMEERDE EREDIENS**

Alvorens die verskillende liturgiese ordes voorgehou word, is dit nodig dat enkele inleidende opmerkings rakende die teologiese onderbou van die gereformeerde erediens in die AP kerke gemaak word. In die gereformeerde erediens moet die Bybelse riglyne duidelik weerklank vind.

**1.1 Die wese van die erediens**
Ten grondslag van die erediens lê die genadige bemoeienis van God met die mens. Hy soek die mens op en sluit met hom 'n verbond waarvolgens Hy vir Hom 'n volk vergader om Hom te dien. Die verbond leer juis dat God mense bymekaar roep om in gemeenskap met Hom en ook met mekaar te tree. Die erediens is hierdie samekoms wat uitdrukking gee aan die verbondsverkeer tussen God en sy gemeente. Dit bring mee dat die erediens die uitdrukking moet bly van die grootheid en die genade van God. Hy neem die inisiatief, Hy roep sy gemeente tot vergadering, en Hy tree met hulle in gesprek. Die gelowige reageer daarop in dankbare aanbidding. Hierdie verbondsverkeer bring mee dat die erediens 'n dialogiese- of gesprekskarakter aanneem waar die verbondskind telkens op die spreke van God reageer. Die verloop van die erediens vloei dus voort uit God se spreke en Hy bly daarom altyd in die sentrum staan en nie menslike voorkeure of gemak nie. Die mens is die begenadigde sondaar wat gehoorsaam op God se soeke reageer en sy liefde met dankbare wederliefde beantwoord. Daarom is die antwoord van die mens in die erediens altyd wederwoord - dit is 'n woord wat in gehoorsaamheid aan en in ooreenstemming met God se Woord gespreek word. Die hoorder se woord moet dus altyd 'n woord in ooreenstemming met die Woord wees. Hierdie gesprek tussen God en sy gemeente se dinamiese en spontane karakter blyk ook uit die feit dat die aard van die gesprek (woord-wederwoord) soms meer as een woord of antwoord kan bevat, byvoorbeeld votum en seëngroet; geloofsbelydenis en sang; gebed, offergawe en slotsang.

**1.2 Die inrigting van die erediens**
Die gemeente wat in die erediens vergader, is die verbondsvolk van God. Dit is daarom die verantwoordelikheid van die mens om in die ontmoeting met God altyd rekening te hou met die soewereiniteit van God en sy plek in elke element van die erediens. Die kerkraad moet alle reëlings rondom die erediens tref ten einde die verbondsontmoeting te dien. Dit gee daaraan 'n amptelike karakter. Die sinode spreek ook 'n woord mee deur besluite oor die inrigting, liederebundel en liturgiese formuliere en ordes wat in die erediens gebruik kan word. Die kerkraad bring nie die vergadering van God tot stand nie, maar reël dit sodat alles ordelik en welvoeglik sal verloop ( 1 Kor 14:33.40). Die liturg is die persoon wat in die erediens voorgaan.

### 1.3 Die rol van die liturg

Die Kerkorde bepaal dat die bedienaar van die Woord, of 'n manlike lidmaat deur die Kerkraad aangewys, die leiding tydens die erediens moet neem. Dit beteken dat die persoon die leiding in die verloop van die liturgiese orde moet neem. Hier is geen plek vir willekeur nie. Dit is nooit die liturg se vergadering nie. Hy is slegs die spreekbuis van God. Daarom moet hy God se Woord spreek en nooit sy eie nie. Hy moet dus afsien van eie waarde, allerlei dekorasies, onnodige gepraat, tierlantyntjies en liefhebberye. Hy moet hou by die sinvolle voorgeskrewe liturgiese ordes soos bepaal deur die kerk. Die liturg is egter nie net die spreekbuis van God nie maar tegelyk ook aangesprokene. Hy is ook hoorder saam met die gemeente, 'n hoorder onder hoorders en broeder onder broeders. Dit is juis as aangesprokene dat hy kan sê "so spreek die Here HERE" en "Here, wees ons barmhartig".

### 1.4 Die gemeente

Die mense wat saamkom in die erediens is diegene wat deur God daartoe geroep is. Dit is hulle verantwoordelikheid om op sy roepstem te reageer deur voorbereid in dankbare aanbidding saam te kom. Die gemeente is verbondsgesinne en word as sodanig deur God by die erediens betrek. In gehoorsame luister, gebed en lied is hulle by die gesprek betrokke.
Die gemeente is aanspreekbaar, begenadig, afhanklik en tot diens bereid. Hulle kom nie na die erediens met eise en voorskrifte nie. Dit gaan in die erediens nie primêr om iets wat die gemeente kom haal of kan kry tot die bevrediging van hulle eie behoeftes nie. Wie met so 'n gesindheid na die erediens kom, sal altyd leeg en onbevredig weggaan. Dit gaan immers om die eer, verheerliking en aanbidding van God Drie-enig.

### 1.5 Grondtrekke van die erediens

Omdat die erediens 'n ontmoetingsgebeure met God is, is daar enkele grondtrekke inherent aan die gereformeerde erediens.

#### 1.5.1 Eerbied

Die gemeente het eerbied vir God wat hulle gaan ontmoet. Hy is alomteenwoordig, almagtig, heilig, alwetend. Gesien in hierdie lig, val alle vrae rakende kleredrag weg. Die gelowige wat die Skepper in die erediens ontmoet, sal noodwendig te alle tye netjies en waardig geklee wees.

#### 1.5.2 Ordelikheid

God is 'n God van orde en nie wanorde nie (1 Kor 14:33, 40). Daarom moet die goeie orde te alle tye deur die liturg, kerkraad en gemeente gehandhaaf word.

#### 1.5.3 Duidelikheid en verstaanbaarheid

Alle elemente in die erediens moet duidelik en verstaanbaar aangekondig word, sonder enige tierlantyntjies. Alles moet spreek van soberheid en eenvoud (nie eenvoudigheid nie) terwyl met Christelike liefde en hartlikheid opgetree word.

### 1.6 HANDELINGE VOOR DIE EREDIENS

#### 1.6.1 Voorbereiding

Elke kerkganger moet reeds tuis voorberei om die Here in die erediens te ontmoet. Dit gee aanleiding tot 'n gesindheid van aanbidding, ontvanklikheid en diensbereidheid.

#### 1.6.2 Die stil gebed voor die erediens

Die kerk is die huis van God. Wanneer die kerkganger sy plek ingeneem het, word die hoof in stil gebed tot die Here gebuig. Ook hierdie handeling bring ons tot toewyding aangesien van die Here gevra word dat die erediens 'n ware ontmoeting met Hom as lewende God sal wees. Insgelyks behoort die Kerkraad in die konsistorie daarom te bid en ook dat die Here die liturg as instrument dienooreenkomstig sal gebruik.

#### 1.6.3 Afkondigings

Afkondigings moet kort en bondig wees en slegs beperk word tot gemeentelike en breëre kerklike aktiwiteite, bv. in sinodale en ringsverband. Die afkondigings moet nooit die ontmoeting tussen God en die gemeente versteur nie. Afkondigings kan voor of na die erediens gedoen word. Beide moontlikhede het voor- en nadele. As alternatief kan dit (ook) op pamflet uitgegee word. Afkondiginge moet van kerklike aard en gemeentegerig wees.

## 2. DIE LITURGIESE ORDE

### 2.1 Die votum

Die votum is die konstituering van die gelowiges wat bymekaar is in 'n amptelike vergadering waar God sy volk ontmoet. Die votum het die bedoeling om die erediens in die Naam van God te begin. Deur die woorde van die votum word verklaar dat alles wat daarna in die erediens gebeur in die naam van die Drie-enige God sal geskied.
Die bekendste vorm van die votum is die adjutorium (verklaring in God se Naam) - *Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het* (Ps 124:8). Dit is later uitgebrei met Ps 146:6 en Ps 138:8 nl. *wat trou bly tot in ewigheid en wat nie laat vaar die werk van sy hande nie.* Die adjutorium gee uitdrukking daaraan dat die gemeente met die noem van sy Naam voor sy aangesig gestel word, en in sy magtige Naam gekonstitueer word tot sy vergadering.
Die votum moet altyd woord van God wees - 'n teks uit die Woord van God. Liturge moet baie versigtig wees met die keuse van 'n teks. Vota behoort altyd kort en saaklik te wees.
Aangesien die votum, soos die seëngroet, nie 'n gebed is nie, is dit nie nodig dat die liturg of die gemeente die oë sluit nie en die woord "Amen" kan aan die einde van die votum gebruik word.

### 2.2 Die seëngroet

By die seëngroet gaan dit om meer as net 'n groet. God se eerste spreke na die votum is sy seëngroet aan sy vergaderde volk. Sy groet bevat 'n toesegging van seën. Die liturg is slegs sy spreekbuis. Derhalwe val die klem op die seën.
Volgens Skrifvoorbeeld moet die seëngroet, net soos die seën aan die einde van die erediens met beide hande opgehef (in die geval van 'n predikant) uitgespreek word (Nm 6:24-26 en Lev 9:22). Dit gee beter uitdrukking daaraan dat dit God is wat in sy vergadering handel. Die seëngroet is geen gebed nie. Dit is dus nie nodig dat of die liturg of die gemeente die oë sluit nie. Dit is sinvol dat die gemeente die simboliek van die seënende hande, nl. dat God seënend en in vrede tot sy gemeente kom, sal sien.
Die seëngroet kan ook uitgebrei word met die trinitariese formule: deur die werking van die Heilige Gees.

### 2.3 Die lofsang

Die eerste antwoord van die gemeente nadat die Here hulle seënend gegroet het, is 'n lofsang waarin hulle met harte vol dankbaarheid en verwondering God loof en prys. Hiervoor is talle Psalms en Gesange geskik. Die gemeente jubel dit uit met 'n loflied tot sy eer en verheerliking.

### 2.4 Die Wet

Die funksie van die Wet in die erediens is onder meer:

1. Die kenbron van sonde en ellende van die mens (Ellende) - Rm 3:20b;
2. Die tugmeester na Christus (Verlossing) - Rm 7:24, 25 en Gl 2:19, 20, Gl. 3:24
3. Die reël vir die gelowige se dankbaarheidslewe (Dankbaarheid) - Jn 14:15, Ps 119:47.

Die sondige gemeente staan voor die Heilige God (Ps 27:8). Hulle moet geheilig word sodat Hy tot hulle kan spreek. Dit bewerkstellig Hy by wyse van sy Wet, die spieël waarin sy gemeente hulself sien en moet beoordeel.
Dit is sinvol om die wet na die lofsang te laat volg en nie eers na die prediking nie. Lees dit redelik stadig, met gesag en nadruk. Die gemeente moet hoor dat dit gesagswoorde is, en moet daardeur aangegryp word. Liturge moet voorkeur gee aan die volledige Wet (Ex. 20:1-17 of Dt. 5:6-21).
Die samevatting van die Wet deur Christus Mt. 22:34-40 en Mk. 12:28-31 het inderdaad 'n sinvolle plek, en kan afwisselend en/of bykomend gebruik word. 'n Alternatiewe samevatting is Dt. 6:4-5 (die eerste tafel) saam met Rm. 13:8-10 (die tweede tafel).

### 2.5 Die Skuldbelydenis

Verootmoediging en skuldbelydenis is reeds sedert die Hervorming deel van die Liturgiese orde. Sang is die beste uitdrukking van ordelike skuldbelydenis, soos bv. Ps 25:5
Gepaste Skrifgedeeltes wat soms in die plek van sang gebruik kan word is bv. Ps 51 en Esr 9:5-10.

### 2.6 Genadeverkondiging en retensie

God het deur sy Wet gespreek. Dit gemeente doen hierop skuldbelydenis. Hierna spreek God weer 'n wonderlike woord van genadeverkondiging, nl. vergifnis van sonde kragtens die beloftes van sy Woord.
Formules wat gebruik kan word, is:

Aan almal wat met 'n ware berou en opregte geloof hulle toevlug neem tot hulle enigste Verlosser, Jesus Christus verkondig die Woord die vergifnis van sonde.

Vanuit die Woord van God, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, verkondig die Woord vergiffenis van sonde aan elkeen wat met ware berou in die hart vanweë sy of haar sonde, belydenis daarvan voor die Here gedoen het.

Aan die genadeverkondiging moet gereeld die vermaning (retensie) toegevoeg word:
Maar aan elkeen wat in die sonde volhard en die genade verwerp, verkondig die Woord van God dat die toorn en straf van die Here op hom sal bly solank hy in die sonde bly lewe.

**2.7 Die Geloofsbelydenis**

Die kerkhervormers het aan die geloofsbelydenis 'n plek in die erediens gegee. Teen die einde van die 16de eeu het dit 'n vaste plek gekry na die Wet en voor die prediking. So het dit seënend ingepas in die gesprekskarakter van die erediens. God spreek deur die Wet, waarop die gemeente antwoord met skuldbelydenis. Hy spreek weer deur genadeverkondiging en die gemeente antwoord deur hul geloofsbelydenis.
Die Twaalf Artikels is die mees gebruiklike geloofsbelydenis in die erediens. Die geloofsbelydenis van Nicea kan ook by wyse van afwisseling gebruik word.

Die geloofsbelydenis kan op drie wyses in die erediens hanteer word.

1. Voorlesing deur die liturg terwyl die gemeente met hart en verstand meedoen. Dit is ordelik en stigtelik en die verkieslikste. Dit word gevolg deur 'n gepaste lied bv. Psalm: 25:6 of Gesang 245:11.
2. Sang deur die gemeente (Gesang 246 is hiervoor geskik, en kan ook op die melodie van Psalm 107 gesing word).
3. Voordrag deur die gemeente. Indien dit wel so geskied, moet toegesien word dat dit so ordelik moontlik geskied.

Die geloofsbelydenis bevat wel 'n element van aanbidding, maar is eintlik 'n samebindende verklaring - 'n belydenis van gelowiges as gevolg van die werking van die Gees van God met hulle. Omdat die geloofsbelydenis nie 'n gebed is nie word dit met oop oë gedoen en nie met die woord "Amen" afgesluit nie.

**2.8 Voorgebed/Skriflesing**

In die voorgebed bid die liturg nie vir die opening van die Skrif nie, maar om die verligting deur die Heilige Gees, sodat die gemeente die Woord kan verstaan. In die gebed behoort die volgende aspekte beklemtoon te word:

Aanroeping en aanbidding - dit gaan nooit oor die mens en sy eie belang of eer nie, maar die aanbidding moet op God alleen gerig wees

Verootmoediging - die gemeente besef haar afhanklikheid en onwaardigheid in die teenwoordigheid van die Heilige God.

God kom weer deur middel van die Skriflesing in die erediens aan die woord. Die voorgebed kan voor die Skriflesing of daarna plaasvind. Sonder dat Skriflesing en prediking te ver van mekaar verwyder word, kan daar ook 'n aanbiddingslied voor die prediking gesing word.

**2.9 Prediking**

Nou kom God weer by monde van die liturg aan die woord. Die preekteks behoort aangekondig te word aangesien in die prediking God vanuit en deur sy Woord spreek. Prediking is nooit los van die Woord nie. Vir baie het die preek die eintlike erediens geword. Dit is 'n jammerlike verarming van die gemeente se eie omgang met God en belewenis van God se bemoeienis met hulle in die erediens. Die prediking is die knooppunt van God se spreke met sy volk en sy volk se spreke tot God.
'n Preek moet sê wat God deur sy Woord vir hierdie gemeente vandag sê. Die Bybel is God se selfopenbaring. Daar word gepreek sodat die gelowiges God in Christus deur die werking van die Heilige Gees reg kan ken.

**2.10 Slotgebed**

Die gemeente antwoord na afloop van die prediking by monde van die liturg, met die slotgebed. Die liturg moet bedag wees daarop om nie die slotgebed te gebruik as 'n opsomming van die preek nie. Dit moet kort en bondig wees en behoort veral die volgende aspekte in te sluit:
Lofprysing
Danksegging
Voorbidding
Die gebed behoort altyd afgesluit te word met "in die Naam van Jesus Christus", en nie net met 'n "Amen" nie. Jesus het self gesê niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie.

### 2.11 Offergawes
Soos die gebede, die geloofsbelydenis en die lied, kan die gee van die offergawe as deel van die antwoord op die aanspreek van God deur die Woordbediening gesien word. Dit is 'n offer van dankbaarheid vir God se gawes, veral vir die gawe van die verlossing in Jesus Christus. Dit is 'n teken van die regte luister na God se Woord en 'n simbool van dankbaarheid. In die erediens is die mees geskikte plek na die preek en die dankgebed voor die slot/danklied.
Dit is ook sinvol om die offergawes na die seën op te neem as teken van die gemeente se bereidheid om te reageer op die Woord wat hulle in die erediens gehoor het. Na die laaste seënende Woord van God gaan 'n dankbare gemeente na buite en stort sy offers in die skatkis.
Die offergawe dien tot die erediens en kan daarom moet goeie motivering in of na die diens opgeneem word.
In sommige kerke is daar 'n gebruik dat nadat die gawes ingesamel is die liturg 'n kort gebed daaroor en daarvoor doen. So 'n gebed kan by geleentheid, soos by 'n jaarlikse dankoffer of by die maandelikse dankoffer, sinvol gedoen word. Om dit egter elke Sondag te doen, is te opsienbarend en lê weer 'n te groot klem op die gawes. Dit ruk die saak van die gawes uit verband.

### 2.12. Slotsang
Die slotgebed, offergawe en slotsang vorm saam die antwoord van die gemeente op die verkondiging van God se Woord. Die gemeente gaan met God die lewe in en dank Hom vir die heerlike voorreg van sy gemeenskap met hulle. Daarom 'n lied van lof, geloofsmoed en geloofsvertroue, maar altyd moet dit in verband staan met die preek want dit is wederwoord wat volg op God se spreke.

### 2.13 Die seën
Met die votum open en konstitueer God sy vergadering met sy gemeente. Nie alleen spreek Hy eerste nie, maar Hy spreek ook die laaste woord in die erediens. Die seën is die toesegging, die versekering dat Hyself met ons meegaan en die gemeente daarbuite in die wêreld sal leef voor sy aangesig. Aanbidders word nou ook seëndraers.
Met die volgende aanvangswoorde kan die seën uitgespreek word: Laat ons ons nou bewustelik voor God se aangesig stel en sy seën ontvang!

## 3. ALGEMENE OPMERKINGS.

### 3.1 Koor (sangdiensgroep)
Die koor het 'n kunsgrondslag wat deel van sy vorming en bestaan is en roep om as sodanig erken te word. Dit is daarom verkiesliker om van 'n "sangdiensgroep" as van 'n "koor" te praat. Hierdie benaming dui die rol en funksie van so 'n sanggroep aan.
Die kerkkoor het baie jare lank 'n prominente rol in kerke van gereformeerde oortuiging gespeel. Dit neem egter nie weg dat baie die koor in die erediens verkeerd aangewend het nie. Ons moet probeer om ook hier te herstel en te reformeer en nie net tradisionaliste ter wille te wees nie. Ons moet wegkom van die idee dat die kerkkoor 'n los item in die erediens lewer soos in 'n konsertprogram. Dit mag ook nie ingestel wees op die vermaak van die gemeente nie. Dit moet net soos die orrel in die kerk 'n dienende funksie in die erediens vervul, en daarom behoort die koor of sangdiensgroep deel te hê aan die verkondiging, die skuldbelydenis, die lof en dank van die gemeente.
Om die werklike plek, en diensmotief van die kerkkoor vas te stel en te evalueer moet ook verstaan word watter rol gemeentesang in die erediens vervul.
Die kerklied is nie slegs 'n saak van die individu of slegs van 'n groep in die gemeente nie. Met groot nadruk moet gesê word dat dit die hele gemeente is wat hier aktief deelneem. Dit is die gemeente se reg om gesamentlik te sing en daarna te antwoord op die spreke van God.
Die koor/sangdiensgroep kan binne die erediens die volgende dienste lewer:

Om die gemeente te help om die kerklied te leer - so kan die koor/sangdiensgroep eers een of twee verse van 'n lied sing en die gemeente dan daarna die daaropvolgende verse.
Die koor/sangdiensgroep behoort die gemeentesang te lei en te stuur en kan help om sleur in die gemeentesang en die versteuring van ritme te voorkom, maar mag nooit die gemeentesang verdring of beheers nie.
'n Koor of sangdiensgroep mag wel tydens Paassangbyeenkomste, Pinkstersangbyeenkomste en Kerssangbyeenkomste optree en so 'n waardevolle bydrae lewer.
N.B. Veral moet daarteen gewaak word dat die koor die gemeente trakteer. Dikwels word van die kansel aangekondig die koor sal nou vir ons sing, of ons toesing of 'n item lewer. Dit maak die gemeente passief. Die sang deur 'n koor of deur groepe word afgewys waar hulle liedere sing wat nie kerklik goedgekeur en beproef is nie en wat hoegenaamd nie rekening hou met die wese van die erediens nie, en dit op 'n wêreldse wyse sing.

### 3.2 Liturgiese voorbereiding

Voorbereiding is uiters noodsaaklik ten einde die ontmoeting met God sinvol te beleef. Liturge maak gewoonlik baie van die voorbereiding van die preek terwyl dit deel vorm van die erediensgeheel waaraan nie genoegsaam aandag gegee word nie. Die hele liturgiese verloop moet as eenheid saam met die preek beplan en voorberei word.

## BYLAE KFL 2

## ORDES VIR DIE EREDIENS

**ORDE 1** (Gewone orde met klem op die wet as kenbron van sonde en ellende)
1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang.
4. Voorlesing van die Wet
5. Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang as aanbiddingslied
9. Gebed
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Dankgebed
13. Insameling van die offergawes*
14. Slotsang
15. Seën

* Kan ook na die uitspreek van die seën ingesamel word

**ORDE 2** (Langer orde met klem op die wet as kenbron van sonde en ellende)
1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang.
4. Voorlesing van die Wet
5. Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang as aanbiddingslied
9. Skriflesing
10. Gebed
11. Sang
12. Prediking
13. Dankgebed
14. Insameling van offergawes*
15. Slotsang
16. Seën

* Kan ook na die uitspreek van die seën ingesamel word

**ORDE 3** (Klem op die wet as tugmeester na Christus en die verlossing in Christus)

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang.
4. Voorlesing van die Wet (met vooraflees van bv. Gal 3:24)
5. Skuldbelydenis
6. Retensie en Genadeverkondiging
7. Sang as aanbiddingslied, bv.Ps 25:6 Ges. 227, 230.
8. Geloofsbelydenis
9. Gebed
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Dankgebed
13. Insameling van die offergawes*
14. Slotsang
15. Seën

* Kan ook na die uitspreek van die seën ingesamel word

**ORDE 4** (Klem op die wet as reël van dankbaarheid)
1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang.
4. Voorlesing van die Wet met vooraf Skriflesing oor die wet as reël van dankbaarheid bv. Ps 119:47; 119:55; :119:72; 119:97; 119:174; Spr 28:18; Jn 14:14, 15.
6. Gemeentesang: Ps 25:2; 25:5; 119:1, 119:6. Ges 74; Ges. 262
7. Geloofsbelydenis
8. Sang as aanbiddingslied
9. Gebed
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Dankgebed
13. Insameling van die offergawes*
14. Slotsang
15. Seën

* Kan ook na die uitspreek van die seën ingesamel word

**ORDE 5** (Aanddiens)
By aanddienste moet die orde van die oggenddiens meer dikwels gevolg word. Die aanddiens is geen minderwaardige diens nie en die navolging van onderstaande orde mag moontlik tot so 'n siening van die aanddiens bydra.
Alternatiewe orde:
1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang.
4. Gebed
5. Skriflesing
6. Gebed
7. Offergawe*
8. Sang
9. Seën

* Kan ook na die uitspreek van die seën ingesamel word

**ORDE 6** (Nagmaalsdiens)
1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang.
4. Voorlesing van die Wet
5. Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis (Die geloofsbelydenis kan ook aan die tafel gedoen word.)
8. Sang as aanbiddingslied
9. Gebed
10. Skriflesing

11. Prediking
12. Voorlees van die formulier
13. Sang (terwyl tafel in gereedheid gebring word)
14. Geloofsbelydenis (kan ook vroeër gedoen word)
15. Tafelgebed.
16. Kommunie (oproep en bediening)
17. Lofverheffing
18. Dankgebed
19. Offergawes*
20. Sang
21. Seën

* Kan ook na die uitspreek van die seën ingesamel word
(Alternatiewelik kan enige van die erediensordes tot by die prediking gevolg word.)

**ORDE 7** (Doopdiens)
- Enige van ordes 1 - 4 kan gevolg word
- Die bediening van die doop kan voor die Skriflesing en prediking of net daarna plaasvind

**ORDE 8** ( Bevestiging van ampsdraers)
- Enige van die ordes 1 - 4 kan gevolg word
- Die bevestiging van ampsdraers vind na afloop van die prediking plaas waarna hulle deur die gemeente toegesing kan word deur byvoorbeeld Ps 134:4

**ORDE 9** (Begrafnisdiens - geen erediens)
Dit is ook moontlik dat as gevolg van omstandighede of op versoek van die familie die verrigtinge by die graf eers plaasvind en daarna die diens)
1. Gebed
2. Sang
3. Skriflesing
4. Prediking
5. Dankgebed
6. Sang
7. Seënbede
8. Geleentheid vir bedankings of lewensskets
9. *By die graf: Gepaste Skrifgedeelte; Gebed;

Begrafnisformulier
Sang en/of die geloofsbelydenis
* (enige volgorde)

**ORDE 10** (Huweliksdiens - geen erediens)
1. Gebed
2. Sang
3. Skriflesing
4. Prediking
5. Huweliksformulier en huweliksbevestiging

(Die paartjie kan nou of na die seënbede toegesing word)
6. Gebed
7. Seënbede

## BYLAE KFL 3

## HERSIENE EIETYDSE FORMULIERE

### EIETYDSE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN DIE KINDERS VAN GELOWIGES

Geliefdes in die Here,
Vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en van harte daarop vertrou:

**DIE DOEL VAN DIE DOOP**

Ons bedien die doop omdat God 'n genadeverbond met die gelowige mens gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou (Gn. 17:7)

In die Ou Testament was die besnydenis (Gn. 17:10, 12) en pasga (Ex. 12 en 13) tekens dat die verbond geldig is. In die Nuwe Testament het Christus Jesus die verbond in sy persoon en deur sy verlossingswerk bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop (Mt. 28:19) in die plek van die besnydenis (Kol. 2:11, 12), en die nagmaal (Mk. 14:22, 24) in die plek van die pasga ingestel. Ons Here Jesus het in Mt 28:19 sy dissipels beveel om te doop: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het".

Elke verbond het twee kante. Aan die een kant het God Hom verbind om ons God te wees en ons te seën. Aan die ander kant moet ons Hom uit dankbaarheid en in gehoorsaamheid van harte liefhê, vertrou en dien (1 Pt. 1:22)

**DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP**

Die doop in die naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, is ryk aan betekenis.

- Ten eerste verseker die Here ons dat Hy as Vader ons in sy genadeverbond insluit en tot sy kinders aanneem.

- Ten tweede leer die Bybel dat ons en ons kinders in sonde ontvang en gebore word (Ps. 51:7). Ons kan die koninkryk van God alleen beërwe indien ons weer gebore word (Jn. 3:3)

- Ten derde word ons deur die doop aan Jesus Christus die Seun van God verbind.Sy bloed was al ons sonde af (1 Jn. 1:7b). Die doop is 'n teken en bevestiging van hierdie afwassing.

- Ten vierde is die doop 'n teken van ons inlywing as lidmate van die kerk van Christus, waar ons as lewende lidmate moet leef.

- Ten vyfde gee God aan ons 'n dubbele versekering: Hy woon deur sy Gees in ons (Rm. 8:9, 1 Kor. 3:16) en regeer en vernuwe ons lewens daagliks (Gl. 5:15, 25)

**DIE VERPLIGTING VAN DIE DOOP**

Die kinders van gelowiges moet gedoop word. Die Here God sluit tog die kind van die begin af in die genadeverbond in. In die Nuwe Testament is hele gesinne gedoop toe die ouer(s) tot geloof gekom het (Hd. 16:14, 15, 31, 34).

Die kinders verstaan wel nog nie die doop nie en hulle sal daarvan niks onthou nie, maar die betekenis daarvan geld ook vir hulle. Trouens dit beklemtoon juis dat God die verlossing uit genade aan hulle belowe en altyd skenk (Ef. 2:5, 8). Die doop plaas die ouer(s) onder 'n besondere verpligting teenoor die verbondskind:

Ten eerste: om daardie kind(ers) te onderrig aangaande die betekenis en eise van die genadeverbond.

Ten tweede: om 'n voorbeeld te stel in die uitlewing daarvan.
Ten derde: 'n oproep om die beloftes van God hulle eie te maak.

**KLASSIEKE FORMULIERGEBED**
(OF 'n VRYE GEBED).
Om dan nou hierdie heilige ordening van God tot sy eer, tot ons troos en tot stigting van die gemeente uit te voer, laat ons sy heilige Naam aldus aanroep.

O, Almagtige ewige God!
U wat deur u strenge oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf het en die gelowige Noag met sewe ander deur u groot barmhartigheid gered en bewaar

het; U wat die verharde Farao saam met al sy manne in die Rooi See laat verdrink het en u volk Israel droogvoets daardeur gelei het, waardeur die Doop aangedui is;
Ons bid U, by u grondelose barmhartigheid, dat U hierdie kinders genadiglik wil aansien en deur u Heilige Gees in Jesus Christus, u Seun, wil inlyf, om met Hom deur die doop in sy dood begrawe te word, en met Hom op te staan in 'n nuwe lewe; om hul kruis blymoedig te dra, Hom daagliks na te volg en Hom aan te hang met waaragtige geloof, vaste hoop en vurige liefde; om dan eindelik hierdie lewe, wat tog niks anders is as 'n gestadige dood nie, om u ontwil getroos te verlaat en die laaste dag voor die regterstoel van Christus, u Seun, sonder verskrikking te verskyn, deur Hom, onse Here Jesus Christus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees, een enige God, leef en regeer in ewigheid. Amen.

**DOOPGELOFTE**

Geliefdes, die doop is 'n goddelike instelling. Die Here waarborg daardeur sy verbond van genade vir ons en ons kinders. Om aan te dui dat u die doop vir die doel en nie uit gewoonte of bygelowigheid gebruik nie, moet u nou op die volgende vrae eerlik en opreg antwoord:

Ten eerste, bely u dat hoewel ons en ons kinders as sondaars gebore word en daarom onder die oordeel van God staan, ons saam met ons kinders nogtans in Christus deel het aan die verbond? Verklaar u dat ons kinders daarom as verbondskinders van sy kerk gedoop moet word?

Ten tweede, erken u dat die leer van die Bybel soos saamgevat in ons kerk se belydenisskrifte, die ware en volkome leer van verlossing is?

Ten derde, belowe u as ouer(s) (of voog[de]) om u kind in die leer so goed u kan self te onderrig en te laat onderrig?

N.N., wat is hierop u hoorbare antwoord?

Antwoord: JA.

(Die liturg laat nou die kind(ers) na vore bring en gaan na die doopvont. Dit kan ook geskied onder die sing van 'n aparte psalm of gesang).

**BEDIENING VAN DIE DOOP**

Die leraar wat die doop bedien, sê:

N.N. (volle naam en van van kind) ek doop jou in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

**SANG** Nadat die kind(ers) gedoop is, word 'n gepaste lied gesing.

**DANKGEBED** (enige van onderstaande twee gebede of vrye gebed)

Dankgebed:
Almagtige, ewige God en Vader, ons dank U vir u genadeverbond waarin U ons en ons kinders laat deel. Ons dank U dat U ons deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig het. Ons dank U dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf en ons tot u verbondskinders aangeneem het. Ons dank U ook dat U deur die doop hierdie waarhede aan ons en ons kinders waarborg en bekragtig!

O, Vader, regeer hierdie kind(ers) tog so deur u Woord en Gees dat hy/sy/hulle U voortdurend uit dankbaarheid en met vreugde sal dien, en met volharding teen die ou mens, die sondige wêreld, die duiwel en al sy magte sal stry en oorwin, totdat hy/sy/hulle eenmaal met vrymoedigheid voor u troon sal staan.

Here God, ons bring aan U die lof en dank, aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Alternatiewe dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U! U het ons en ons kinders al ons sondes vergewe deur die kosbare bloed van Jesus Christus.
U het ons tot lidmate van u eniggebore Seun en u kinders aangeneem deur u Heilige Gees! Dit alles het U aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig!
Ons bid U, deur Jesus Christus, u liewe Seun; Regeer hierdie kind(ers) altyd deur u Heilige Gees! Mag hy/sy/hulle in die Here Jesus Christus groei en toeneem!

Ons bid U, laat hom/haar/hulle u vaderlike goedheid en barmhartigheid leer ken; U het dit aan hom/haar/hulle en ons almal bewys! Laat hom/haar/hulle in alle geregtigheid lewe onder ons enigste leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus!
Laat hom/haar/hulle moedig stry teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk en oorwin!

Ons bid U, laat hom/haar/hulle U en u Seun, Jesus Christus, en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig loof en prys! Amen.

**FORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF**
(Voornemende belydende lidmate word opgeroep om voor die kansel te verskyn)

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

**BEGRONDING**

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, gee aan die verbondskind die geleentheid om voor God en die gemeente rekenskap te gee van die persoonlike geloof wat in hom/haar lewe. Dit beteken dat die verbondskind die genade wat God in die doop aan hom/haar gebied het, bewustelik deur die geloof sy/haar eie maak.

**BELYDENISAFLEGGING IS 'N GELOFTE**

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, is om 'n gelofte van volle toewyding aan die Here, die Koning van die kerk, te maak. Dit beteken om te lewe volgens sy Woord, om getrou aan die erediens en die werksaamhede van die kerk deel te neem, om te volhard in die gebed en om God, deur woord en daad, op alle terreine van die lewe te verheerlik. Dit is 'n gelofte om, deur die krag van die Heilige Gees, in die geloof te volhard en steeds daarin te groei.

**BELYDENISAFLEGGING**

Geliefdes in die Here,
Die ouderlingeraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as volwaardige, belydende lidmate van hierdie kerk toegelaat en bevestig te word. U het in die Christelike leer onderrig ontvang en u het die kerkraad van u kennis van die Woord van God, die belydenisskrifte en van u voorbeeldige lewenswandel oortuig.

Om as belydende lidmaat/lidmate toegelaat te word, moet u opreg en bevestigend op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat die Bybel die enigste en onfeilbare Woord van God is, dat dit die ware en volkome leer van saligheid bevat, dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie, en dat die belydenisskrifte van hierdie kerk, hoewel aan die Bybel ondergeskik, met die Bybel ooreenstem en daarom onderskryf moet word?

Ten tweede, is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u nou 'n belydende lidmaat wil word, hierdie Bybelse leer verkondig as die ware en volkome leer van die saligheid?

Ten derde, verklaar u dat bogenoemde leer u persoonlike geloofsoortuiging is en beloof u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp?
Ten vierde, verklaar u dat dit u voorneme is om, in die krag van die Heilige Gees, tot aan die einde van u lewe in hierdie leer te volhard?

Ten vyfde, verklaar u dat u in die volkome soenverdienste van die Here Jesus Christus glo en dat Hy u persoonlike Verlosser en Saligmaker is?

Ten sesde, bely u dat u die Drie-enige-God liefhet, en beloof u om Hom van harte te dien, gereeld tot die Vader te bid, die naam van die Here voor die mense te bely en in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry?
Ten sewende, beloof u om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem en u aan die kerklike opsig en tug te onderwerp?

BEDIENAAR: Wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig, N.N.?
N.N.? N.N.? N.N.?

ANTWOORD (Elkeen afsonderlik): Ja (met my hele hart)

**VERKLARING**

Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat u so pas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek op gesag van die kerkraad, dat u nou belydende lidmaat(e) van die Afrikaanse Protestantse Kerk ..... is, met toegang tot al die voorregte daaraan verbonde.

**VERMANING**

Geliefde broeder(s) en suster(s), God het u geroep om in die wedloop van die geloof al u kragte in te span. Volhard daarin met hart en siel en met al u kragte!

Gemeente, God het hierdie kinders van Hom tot geloofsvolwassenheid gebring om, as lede van sy liggaam, hulle gawes en talente aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus, te wy. Stel die gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie belydende lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus as band u saambind tot 'n getuienis in hierdie wêreld (Jn. 13:35)!

**GEBED**

**GEPASTE GEMEENTESANG**

**FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP BY BELYDENIS VAN GELOOF**
Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou.

**Doel van die doop**
Ons bedien die doop omdat die Here God 'n verbond van genade met die gelowige mens opgerig het. Reeds vir Abraham het die Here gesê: En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou (Gn. 17:7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis (Gn. 17:10, 12) en die pasga (Ex. 12 en 13) as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie ooreenkoms in sy Persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop (Mt. 28:19) en die nagmaal (Mk. 14:22 , 24) gegee. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom, soos die nagmaal in die plek van die pasga (Kol. 2:11, 12; NGb. Art. 34).

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Mt. 28:19).
Elke verbond het twee kante. Van sy kant het die Here Hom deur hierdie verbond verbind om ons God te wees en ons te seën. Hy vereis egter van ons dat ons Hom uit dankbaarheid en in gehoorsaamheid (1 Pt. 1:22) sal dien.

Betekenis van die doop

Die doop in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, het 'n ryke betekenis.

- Die Here bevestig daardeur dat Hy as Vader ons in sy verbond van genade insluit, ons tot sy kinders aanneem en ons laat deel in al die voorregte van die verbond.
- Hy verkondig aan ons dat ons en ons kinders as sondaars (Ps. 51:7) in die wêreld gekom het, maar dat ons in die koninkryk van God kom net indien ons opnuut gebore word (1 Jn. 3:3)
- Deur die doop word ons aan Jesus Christus as Seun verbind, wat al ons sondes deur sy bloed afwas (1 Jn. 1:7b). Die doop is 'n teken en bevestiging van hierdie afwassing.
- Die doop verkondig dat ons ou, sondige mens saam met Christus aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons deur sy opstanding weer lewend gemaak is sodat ons vir die sonde dood is en vir God in Christus lewe (Rm. 6:11).
- Die doop is 'n teken van ons inlywing in die kerk van Jesus Christus waar ons as lewende lidmate moet leef.
- As gedooptes moet ons, uit dankbaarheid, die Here met ons hele wese liefhê, vertrou en dien.
- Die Here verseker ons deur die doop dat Hy deur sy Gees in ons kom woon (1 Kor. 3:16; Rm. 8:9) en ons lewens daagliks (Gl. 5:16,25) so regeer en so nuut maak dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

**Verpligting van die doop**
Die doop van volwassenes mag slegs bedien word as hulle die evangelie glo en belydenis doen van hulle sonde en van hulle geloof in die Drie-enige God. U mag verder as volwassene net gedoop word indien u deur die werking van die Heilige Gees bely dat u in Jesus as Verlosser glo.
Aangesien u so pas positief geantwoord het op die vrae wat aan u gestel is toe u u geloof bely het, gaan ons nou in die Naam van onse Here daartoe oor om die Heilige Doop aan u te bedien.

**Bediening**
N.N. (volle naam en van), ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

**Verklaring**
Op grond van die genadeverbond, soos deur die doop verseël, en kragtens die belydenis wat u so pas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek, op gesag van die ouderlingeraad, dat u nou dooplidmaat/te van die Afrikaanse Protestantse Kerk .....is.

**Vermaning**
Geliefde gemeente, God het hierdie lidmaat/lidmate tot die gemeente toegevoeg om, as lid/lede van sy liggaam, sy/haar/hulle gawes en talente te wy aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Stel die gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie lidmaat/lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus as band u saambind tot 'n getuienis in hierdie wêreld (Jn. 13:35).

**Gebed (Vrye gebed)**

**EIETYDSE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL**

**DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL**

Die heilige Nagmaal is deur onse Here Jesus self ingestel. Ons lees daarvan in 1 Kor. 11:23, 26: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

**DIE WESE VAN DIE NAGMAAL**

Die nagmaal is in wese 'n verbondsmaaltyd. Hier word die verbintenis tussen Christus en sy gemeente telkens weer bevestig. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenisse:

Die nagmaal is eerstens 'n gedagtenismaaltyd.

Die Here het by die instelling daarvan gesê: doen dit tot my gedagtenis (Lk. 22:19). By die nagmaal dink ons spesifiek na oor die lyding en sterwe van ons Here Jesus Christus.

Die nagmaal is tweedens 'n waarborg.
Christus sê immers: dit is my liggaam en dit is my bloed (Mt. 26: 26, 28). So seker as wat hierdie brood voor ons oë gebreek en hierdie beker aan ons gegee word, en ons dit met die mond eet en drink, so seker word ons deel aan Christus, sy sterwe en opstanding gewaarborg. Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons eie gevoelens op stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig.

Die nagmaal is in die derde plek 'n gemeenskapsmaaltyd.
In die nagmaal vier ons die gemeenskap met die Here Jesus en met mekaar. Die nagmaal verbind ons met sy dood en help ons om in gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is Christus in die nagmaal by ons teenwoordig.
Verder word ons deur die Gees ook met mekaar as lede van een liggaam in broederlike liefde verbind. Die apostel sê immers: Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood (1 Kor. 10:17)

Die nagmaal is in die vierde plek 'n verwagtingsmaaltyd.
Ons verkondig by die Nagmaal ook ons toekomsverwagting. Ons het in die feesmaal die versekering dat die Here Jesus een met ons is.
Tog sien ons, as sy bruidskerk, ook uit na sy wederkoms. Ons verkondig daarmee die dood van die Here totdat Hy weer kom (1 Kor. 11:26)

Die nagmaal is in die vyfde plek 'n vreugdefees.
Die nagmaal, nl. die brood en wyn, spreek as tekens wel van die lyding en sterwe van Christus. Nogtans staan die Nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Dit is 'n vreugdefees, want die Heiland gee hier op besondere wyse die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding aan sy gemeente.

Die nagmaal is ten slotte ook 'n dankbaarheidsmaaltyd.
By die gebruik van die tekens dank ons Christus met ons hele wese. Dit is ook ons ernstige voorneme om uit dankbaarheid ons lewens opnuut aan God te wy. Ons doen dit met 'n opregte liefde vir Hom en ons naaste.

**DIE BOODSKAP EN VRUG VAN DIE NAGMAAL**

Christus het ons beveel om die nagmaal te vier. Wanneer ons dit doen, verseker die Heilige Gees ons van twee uitsonderlike waarhede. Jesus Christus het vir ons sondes gesterf, en in die geloof word ons so met Hom verenig asof ons self alles gely het en die skuld voor God ten volle betaal het. Verder voed Christus deur die nagmaal ons siele vir die ewige lewe.

**DIE VOORBEREIDING VIR DIE NAGMAAL**

Aangesien ons begeer om die seën van die Nagmaal te ontvang, is dit nodig dat elkeen homself vooraf eerlik sal ondersoek sodat hy nie 'n oordeel oor homself eet en drink nie (1 Kor. 11:27, 29)

Eerstens word ons opgeroep om ernstig na te dink oor alle sondes wat ons met gedagtes, woorde of werke gedoen het. Daar is ook sondes van versuim waar ons nagelaat het om die wil van die Here te doen. Hierdie selfondersoek moet ons bring tot opregte berou voor die Here.

Tweedens moet ons opreg glo dat al ons sondes op grond van die soenverdienste van Christus vergewe is en dat Hy alle sondes wat nog teen ons sin in ons oorgebly het met sy lyding en sterwe bedek.

Derdens moet ons ons ernstig voorneem om voortaan met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde tot Hom en ons naaste te lewe.

Mag die almagtige barmhartige God en Vader van onse Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons daartoe help. AMEN

Nadat of terwyl die tafel voorberei is/word kan 'n gepaste lied gesing word.
(Die liturg en ouderlinge gaan tydens die sang hul plekke inneem aan die tafel)

**GELOOFSBELYDENIS**

(Indien die geloofsbelydenis nie reeds vroeër tydens die erediens aan die orde was nie, kan dit nou deur die liturg voorgelees word. Andersins word direk oorgegaan tot die tafelgebed.)

**DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk; die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die wederopstanding van die vlees; en 'n ewige lewe. AMEN.

**TAFELGEBED**
**Vrye gebed**
(Die liturg kan voor die bediening van die nagmaal of 'n vrye gebed doen of onderstaande gebed gebruik, of net die Onse Vader)

**Gebed**
Barmhartige God en hemelse Vader, ons dank U vir u geliefde Seun Jesus Christus, wat ons tot die ewige lewe voed en versterk met sy liggaam wat gekruisig en sy bloed wat vergiet is. Laat ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn vaskleef nie, maar laat ons ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus, ons Voorspraak, aan u regterhand is.

Versterk ook ons geloof deur die werking van u Heilige Gees tot verheerliking van u Naam en tot meerdere diens in u koninkryk, in die Naam van Jesus ons Here. AMEN.

**Die Onse Vader**
Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. AMEN.

**DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL**

Die bedienaar van die Woord roep nou die gemeente op tot Nagmaal.
(Die bedienaar van die Woord kan, indien nodig, nou die prosedure van die nagmaalgebruik verduidelik, nl. dat elkeen by die ontvangs van die tekens van die brood en wyn dit dadelik gebruik en nie eers wag totdat almal eers bedien is nie).

Na die oproep tot die Nagmaal, breek die bedienaar die brood en sê:
Die brood wat ons breek is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat sy liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (1 Kor. 10:16; Mt. 26:27 en Lk. 22:19)

By die skink en oorhandiging van die beker sê die bedienaar:
Die beker van danksegging waarvoor ons die Here dank, is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink daarvan en glo dat sy bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (Mt. 26:27; 1 Kor. 10:16 en Lk. 22:19).

**8. LOFVERHEFFING**

Na die bediening sê die bedienaar: Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam, met dankbaarheid sy Naam van harte prys met die woorde:

(Gebruik enigeen van die volgende Skrifgedeeltes)
Ps. 103:1, 5: Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy Heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.

Ps. 103:8, 13: Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees.

of
Rm. 8:33, 39: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus, verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

of
Op. 1:5b en 6: Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! AMEN.

Of enige ander toepaslike Skrifgedeelte.

**DANKGEBED**

('n Vrye dankgebed of die onderstaande formuliergebed volg nou).
Barmhartige God en Vader, ons loof en prys U dat U uit genade u Seun as Middelaar aan ons geskenk het. Hy het deur sy kruis en opstanding die straf op ons sondes gedra en sodoende vir ons die voedsel en drank van die ewige lewe geword. Ons dank U dat U aan ons die geloof skenk waardeur ons in hierdie weldade kan deel. Ons dank U dat ons opnuut in hierdie nagmaal in ons geloof versterk is. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees die gedagtenis aan ons Here Jesus Christus, ook die verkondiging van sy dood totdat Hy kom, sal gebruik om ons daagliks in die regte geloof en in die innige gemeenskap met Christus te laat groei.

Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees heerlike vrugte uit hierdie nagmaalsviering in ons lewens sal laat voortkom, tot u verheerliking en tot ons saligheid. Dit bid ons in die Naam van onse Here Jesus Christus. Amen.

**(EIETYDSE) FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS**

(Die verkose broeder(s) word opgeroep om voor die kansel te verskyn).

**Inleiding**
Gemeente van die Here Jesus Christus,
Volgens die Ou Testament het God sy verbondsvolk veral deur drie ampte laat bedien, nl. profeet, priester en koning. Die Here Christus het hierdie drie ampte in Homself verenig. Kragtens ons verbondenheid aan Hom, en gesalf met dieselfde Heilige Gees as Hy, is elke Christen in die amp van gelowige ook profeet, priester en koning.

Uit die Nuwe Testament blyk dat God steeds sy verbondsvolk deur gelowiges laat bedien wat veral op een van drie ampsterreine funksioneer, die leraar profeties, die diaken priesterlik en

die ouderling koninklik. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Ef. 4:12).

**Vereistes vir die amp**
Uit die Bybel is dit duidelik dat 'n ampsdraer bekend moet wees as iemand met 'n lewende geloof, met 'n begeerte om vir die Here te werk, wat bekwaam is om te onderrig, wat ook gewillig is om daarvoor toegerus te word en wat die Heilige Skrif voortdurend ernstig ondersoek. Verder moet 'n ampsdraer onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry (1 Tim. 3:2), in alle opsigte betroubaar (Hd. 6:3) en met die Gees van God vervul.

Geliefde broeder(s), na ernstige gebed tot God is u tot hierdie amp(te) verkies. Aangesien daar geen wettige beswaar teen u leer en lewenswandel ingebring is nie, gaan ons nou voort om u in u amp(te) te bevestig.

**Ouderling(e)**
Broeders ouderlinge, u dra as opsiener(s) en rentmeester(s) (vgl. Tt. 1:7) van die huishouding van God die verantwoordelikheid vir die opbou en geestelike versorging van hierdie gemeente. U moet toesien dat alle gemeentelede hulle in belydenis en lewenswandel soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus gedra.

Volgens die voorbeeld van Christus moet u u herderlike taak dienend uitvoer. Deur voorbidding, huisbesoek en siekebesoek moet u die lidmate bystaan, vertroos, bemoedig en in hulle geloof versterk. U moet ook vir die dooplidmate verantwoordelikheid neem sodat hulle gelei en geleer word om die Here te ken en en te dien.

Die onordelikes en die onverskilliges moet u in liefde vermaan. Volgens die bepalings van die Kerkorde moet u teen diegene wat in sonde volhard, met die kerklike tug optree, sodat hulle tot bekering kan kom. Gee ook ag op mekaar, en op die leer en lewe van die bedienaar van die Woord, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie. Daarvan lees ons in Hd. 20:29 waar die apostel waarsku dat goed gewaak moet word teen wrede wolwe wat onder die kudde van Christus mag inkom.
Waak oor die erediens en sorg vir die onderhouding daarvan. Werk met ywer en oorgawe mee aan die uitbreiding van die Koninkryk. Hou toesig oor die suiwere bediening van die Woord, en dra sorg dat die sakramente nie ontheilig word nie.

**Diakens**
Van die instelling van die diakenamp lees ons in die Handelinge van die apostels (Hd. 4:34, 35; 6:1, 6). Aan die begin het die apostels self die bediening van die armes behartig. Hulle het die gawes wat gegee is, ontvang en aan elkeen uitgedeel volgens hulle behoeftes. Maar toe sommige weduwees in die versorging oor die hoof gesien is, is daar op aandrang van die apostels manne gekies wat in die besonder die bediening van die armes moes behartig. Van dié tyd af is die diakenamp in die kerk onderhou (Rm. 12:8; 1 Kor. 12:28).

Die diakens moet getrou en ywerig die bydraes en goedere wat gegee word, versamel en bewaar. Hulle moet ook nougeset sorg dat die middele tot ondersteuning van die armes gevind word. Hulle amp behels ook die uitdeling, wat hulle met onderskeiding en versigtigheid moet nakom.

Verder is dit goed dat nie net met uiterlike gawes nie, maar ook met troostwoorde uit die Woord van God, aan die armes en noodlydendes hulp verleen word. Die diakens moet die gemeente inspireer en aanspoor om mekaar se laste te dra en getrou te wees in die diens van barmhartigheid, in navolging van Jesus Christus, die Kneg van die Here (Jes. 53; Mk. 10:45).

Verder is die taak van die diaken om diens te verrig by die viering van die nagmaal en by die erediens.

**Bevestiging**
Geliefde broeder(s), u moet nou op die volgende vrae opreg antwoord sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar.

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat God self, deur sy gemeente, u tot hierdie besondere amp geroep het?

Ten tweede, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware en onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat in stryd is met die Bybelse waarhede, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid?
Ten derde, beloof u om u amp soos dit aan u voorgehou is, getrou te vervul: as ouderling(e) in die kerkregering saam met die bedienaar(s) van die Woord, (en) as diaken(s) in die diens van barmhartigheid?
Ten vierde, beloof u om tot eer van God te lewe en om u aan die kerklike regering, opsig en tug te onderwerp?

Bedienaar: N.N., wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig?

Antwoord: Ja

**Vermaning**
Geliefde broeder(s), wees getrou in u dienswerk en in die ernstige ondersoek van die Heilige Skrifte. Wees 'n voorganger(s) vir die hele gemeente. Wees gewillig en blymoedig in die nakoming van u roeping.

En, gemeente, ontvang hierdie ampsdraer(s) as gestuurde(s) van die Here, bid vir hom/hulle en werk met hom/hulle saam. En stel uself ook beskikbaar om toegerus te word as profete, priesters en konings in diens van Christus.

**Gebed**
Here God, ons aanbid U in dankbaarheid, omdat U u kerk deur al die eeue bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U dat U ook nou weer ('n) ampsdraer(s) afgesonder het om op 'n besondere wyse in u gemeente te dien. Ons bid dat U hom/hulle elke dag deur u Gees sal lei en toerus vir die dienswerk. Help ons almal om na u stem te luister, aan U gehoorsaam te wees en dankbaar saam te werk in die opbou en uitbou van u gemeente!

Ons smeek dit alles tot u eer, in die Naam van onse Here, Jesus Christus. AMEN.

**EIETYDSE) FORMULIER VIR BEVESTIGING VAN HOOGLERAARS/DOSENTE**

Geliefdes in die Here Jesus Christus

**ROEPING**

Wanneer ons broeder NN as hoogleraar/dosent aan die teologiese skool bevestig, wil ons u daarop wys dat die kerk hom amptelik langs kerkordelike weg tot hierdie saak geroep het, en dat geen wettige beswaar teen sy leer of lewenswandel ingebring is nie. Dit is egter nie net 'n uitwendige roeping wat ons vandag hier byeengebring het nie, maar ons is juis hier byeen omdat die Here, die Koning van die kerk, leraars inwendig toerus, roep en afsonder vir hierdie besondere taak. Om aan te hoor wat die nodige toerusting en verantwoordelikheid van hierdie roeping behels, moet die broeder antwoord op die vrae wat aan hom gestel sal word ten einde in die amp van hoogleraar/dosent bevestig te word.

**U TOERUSTING**

In Ef. 4:11 en 12 lees ons dat aan die gemeente herders gegee is om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die akademiese en geestelike toerusting wat aan u gegee is, moet u nou as herder en leraar op 'n besondere wyse benut om manne op te lei en te vorm sodat die liggaam van Christus verder opgebou kan word. Neem hierin as voorbeeld ons Here, Jesus Christus. Hy het sy dissippels drie jaar lank met liefde, toewyding en wysheid onderrig, sodat hulle na sy hemelvaart toegerus was vir die groot taak waartoe hulle geroep was. Ons groot Leermeester moet self u Toeruster wees (Jn. 15:14,15) en daarom moet u soos 'n loot in die wingerdstok bly (Jn. 15:4)

**U TAAK**

Die taak en verantwoordelikheid word aan u opgedra om, in medewerking met ander broeders wat ook hierdie besondere roeping ontvang het, voornemende evangeliedienaars in die Woord

van God te onderrig (Rm. 11:33) en om die heilsplan van God in sy volle omgang te verkondig (Hd. 20:27).

U moet die studente wat aan u sorg toevertrou word, geestelik versorg (Hd. 20:28). Deur die voorbeeld van liefde moet hulle in die liefde van Christus groei. Deur die dissipline in lewe moet u hulle lei om hulle lewens te stel as heilige en aan God welgevallige offers, en om die genade van God as 'n persoonlike ondervinding in hulle lewens te ervaar. Waarsku hulle teen elke dwaling in leer en lewe. U moet hulle ook geheg maak aan die gereformeerde leer van die kerk, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Enigheid.

Uit hierdie dinge blyk dit hoe belangrik hierdie bediening is. In die besef van die verantwoordelikheid wat u sal aanvaar, moet u, broeder NN, opreg op die volgende vrae antwoord sodat u daarmee u bereidwilligheid om hierdie hoë roeping te aanvaar, te kenne kan gee.

**VRAE**

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat u wettig deur die kerk van Christus en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?
Ten tweede, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware en onfeilbare Woord van God en die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat met die Bybelse waarhede, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid, in stryd is?
Ten derde, beloof u om u amp, soos dit hier aan u voorgehou is en soos dit deur die kerk aan u opgedra is, in ooreenstemming met hierdie leer getrou te vervul en om u leer met 'n godvrugtige lewe te versier?
Ten vierde, beloof u om die studente wat aan u sorg toevertrou word, ook geestelik te versorg?
Ten vyfde, beloof u om u aan die kerklike opsig en tug te onderwerp?

Wat is hierop u hoorbare antwoord aan God Drie-enig?

**ANTWOORD:** Ja, met my hele hart!

**DAARNA Sê DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD**

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie heilige diens geroep het, u deur sy Gees verlig, u deur sy hand versterk, en u in u bediening so regeer dat u besondere arbeid vrugbaar mag wees tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus. Amen.

**EIETYDSE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK**

Liewe bruidegom en bruid
U het begeer dat u huwelik openlik in die Naam van God bevestig moet word. Daarom moet u nou eers hoor wat Hy in sy Woord oor die huwelik leer.

**1. DIE INSTELLING VAN DIE HUWELIK**

Die Bybel leer dat die huwelik 'n instelling van God is. Heel aan die begin het Hy aan die man gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie (Gn. 1:18) Daarom het Hy vir die man 'n vrou geskape en haar na hom toe gebring (Gn. 2:21,22).

**2. DIE DUUR VAN DIE HUWELIK**

Die huweliksband is onverbreeklik. Van die huwelik sê ons Here Jesus Christus: Wat God dan saamgevoeg het mag geen mens skei nie (Mt. 19:6, Vgl. 1 Kor. 7:10). Die Heilige Skrif leer ons dat die huwelik alleen deur die dood ontbind mag word (1 Kor. 7:39).

**3. DIE WESE VAN DIE HUWELIK**

Die huwelik is ten diepste 'n liefdesverhouding tussen een man en een vrou. Daarom vermaan die apostel Paulus die mans: Manne, jul moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die

gemeente liefgehad het (Ef. 5:25), en die vrouens: Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig soos aan die Here (Ef. 5:22). Hierdie verhouding behoort verder iets uit te straal van die eenheid en intieme verbintenis tussen Christus en sy kerk (Ef. 5:20, 32).

**4. DIE DOEL VAN DIE HUWELIK**

Om in die huwelik sinvol te kan saamleef moet u nou ook weet met watter doel God die huwelik ingestel het.
Die eerste rede is dat die man en vrou binne die huwelik tot eer en verheerliking van God moet lewe (Gn. 2:24; Ef. 5:28, 30).

Die tweede rede is dat die man en vrou mekaar getrou moet help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort (Gn. 2:18).

Die derde rede is dat ouers die kinders wat hulle van die Here mag ontvang, in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid moet opvoed (Ef. 6:4). Die menslike geslag moet deur die huwelik gebou word (Gn. 1:28).
Die vierde rede is dat elke huweliksmaat alle onkuisheid en sondige begeertes moet vermy om met 'n goeie en geruste gewete te kan lewe (1 Kor. 7:9).

**5. DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK**
**5.1** Die leraar rig nou die volgende tot beide die bruidegom en die bruid: Gee mekaar nou die regterhand om daarmee te bevestig dat u die volgende verklaar en teenoor mekaar onderneem:

A (naam van bruidegom) en B (naam van bruid)
Noudat u weet wat die oorsprong, duur, wese en doel van die huwelik is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om so in die huwelik saam te lewe en begeer u dat u in die huwelik bevestig moet word? Wat is hierop u albei se antwoord?
Albei antwoord hierop: JA

**5.2** Vraag aan die bruidegom:
Verklaar u, A (naam van bruidegom), dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met die bruid B (naam van die bruid) hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u B (naam van bruid) nou neem tot u wettige vrou? Wat is hierop u antwoord?
Antwoord: JA

**5.3** Vraag aan die bruid:
Verklaar u B (naam van bruid) dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met die bruidegom A (naam van bruidegom) hier teenwoordig nie en dat u almal teenwoordig roep om getuie te wees dat u A (naam van bruidegom) nou neem tot u wettig man? Wat is hierop u antwoord?
Antwoord: JA

**6. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDSPAAR**

Mag onse Here God die voorneme wat Hy u gegee het bevestig, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskape het.

**7. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM**

A (naam van bruidegom) u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u B (naam van bruid) tot u wettige vrou neem. Belowe u dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan sy wettige vrou verskuldig is; dat u haar nooit sal verlaat nie; dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God? Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: JA

**8. DIE LERAAR AAN DIE BRUID**

B (naam van bruid) u het hier voor God en almal verklaar dat u A (naam van bruidegom) tot u wettige man neem. Belowe u dat u hom nooit sal verlaat nie; dat u hom in liefde sal gehoorsaam en help soos 'n godvresende vrou aan haar man verskuldig is; dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles gehoorsaam sal bly ooreenkomstig dit uitspraak van die Woord van God?

Wat is hierop u antwoord aan God Drie-enig?

Antwoord: JA

Leraar: Gee mekaar nou die ringe as teken van u lewenslange verbintenis!

**9. VERKLARING DEUR DIE LERAAR AS HUWELIKSBEVESTIGER**

Ek verklaar hiermee dat A (bruidegom) en B (bruid) hier teenwoordig regtens getroud is. Mag God die Vader u sy genade skenk dat u gelowig lank en heilig mag saamlewe. Amen.
Die leraar kan nou die bruidspaar laat kniel. Hierna doen hy 'n vrye of die formuliergebed.

**10. FORMULIERGEBED**

Almagtige God, ons bid dat U die band wat hierdie egpaar bind sal heilig. Laat hulle saamlewe deur die krag van u Heilige Gees. Lei hulle in voor- en teëspoed, in vreugde en droefheid tot die einde toe. Seën hulle genadiglik en gee dat hierdie huwelik sal meewerk tot die eer van u Naam, die opbouing van u gemeente en die uitbreiding en verheerliking van u koninkryk. Amen.

**11.** Net na die gebed en terwyl die egpaar nog kniel, kan die leraar 'n gepaste lied laat sing en sy hande seënend liggies op hulle hoofde plaas.

**12. SEËNBEDE**

(Die kommissie beveel aan dat daar op 'n Sondag voor die huwelik afgekondig sal word dat broeder A en suster B in die huwelik sal tree.

Die doel is dat die kerk (gemeente) hiervan kennis sal neem, wettige besware mag opper en voorbidding mag doen vir die egpaar).

**OPSIONEEL I.P.V. 7 EN 8**

**DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM**

Sê die volgende hardop agter my aan:
Ek, A, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruid, B, tot my wettige vrou neem. Ek beloof dat ek haar nooit sal verlaat nie; dat ek haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en Godvresende man aan sy wettige vrou verskuldig is, dat ek ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

**DIE LERAAR AAN DIE BRUID**

Sê saam met my hardop:
Ek, B, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruidegom A tot my wettige man neem. Ek beloof dat ek hom nooit sal verlaat nie; dat ek hom in liefde sal gehoorsaam en help, soos 'n Godvresende vrou aan haar man verskuldig is; dat ek heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

**(EIETYDSE) BEGRAFNISFORMULIER**
Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Hy wat die sleutels van die doderyk en die dood het (Op 1:18), het NN die poorte van die ewigheid laat betree. Waar ons gekom het om die verganklike liggaam toe te vertrou aan die aarde waaruit dit geneem is (Gn 2:7; 1 Kor 15:42-50), vind ons ons diepste troos dáárin dat die wat in die Here sterwe, van hulle arbeid rus (Op 14:13).

Hoewel die dood van 'n geliefde 'n groot verlies is waardeur ons diep bedroef word, gee die Here self sy troos en bemoediging. Jesus het immers gesê: *Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe* (Jn 11:25). Deur sy opstanding het Jesus die dood oorwin! Daarom kan die gelowige uitroep: *Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?* (1 Kor 15:55).

Want as ons glo dat die Here Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so dié wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring (1 Ts 4:14). Daarom treur ons nie soos die mens sonder hoop nie (1 Ts 4:13). Ons glo dat die ontslape gelowiges hulle voor die troon van God bevind en Hom dag en nag in sy tempel dien; en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie; en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie, want Christus, die Lam vir ons geslag sal as ewige Herder hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei; en God sal al die trane van hulle oë afvee (Op 7:15-17).
En eendag, wanneer Christus sigbaar op die wolke kom, sal ook hierdie liggaam in onverganklikheid opgewek en met die siel herenig word om vir ewig, saam met God, die nuwe hemel en die nuwe aarde te bewoon (1 Kor 15:51-55; 1 Ts 4:16-17; Op 21).
Omdat net Christus so 'n onoortreflike toekomsverwagting aan ons kan bied, boonop onverdiend, uit genade alleen, laat ons ons opnuut aan hom toewy en met volharding deur die krag van die Heilige Gees met die oog gevestig op Christus, die wedloop wat voor ons lê, enduit voltooi (1 Kor 9:24-26; Heb 12:1).

Laat ons vandag hier van die graf af weggaan meet die oorwinningswoorde van Rm 14:8 in ons hart en op ons lippe: *Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*

Geliefdes, weet dít:
Niks sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie (Rm 8:39). In alles gee ons die eer aan God: aan Hom behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid (Mt 6:13). AMEN.

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)
## Tydperk 12 September 1999 tot 20 April 2001

### 1. PERSONEEL

**Lede deur die sinode van 1999 verkies**
Dr. JH Ellis (voorsitter); Di. PB Müller; A Swart; MJG Botes; NJ Swart; DJ van der Linde; AJ van Niekerk.
Hierdie kommissie funksioneer nou soos wat die sinode in 1999 besluit het, nl. as 'n kommissie van die sinode apart van die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.

### 2. VERGADERINGS

Daar is vier vergaderings van die volle kommissie gehou.

### 3. UITVOERING VAN OPDRAGTE DEUR DIE NEGENDE SINODE

**3.1 Handleidings Verbondsonderrig: (Handelinge 1999, bl 456, pt 4.2.1)**
Hierdie opdrag sal nog nie staande die sinode afgehandel wees nie. Die kommissie doen soos volg verslag insake die vordering wat reeds in die afgelope twee jaar gemaak is:

**3.1.1** Die kommissie beklemtoon graag weer dat die leerboeke vir kinders onveranderd bly. Ook die lesgidse vanaf Voorskool tot Standerd 1 (Graad 3) bly voorlopig net so behoue.

**3.1.2** Vir elke standerd vanaf Standerd 2 is 'n handleiding per standerd saamgestel as toerusting vir ouers, voorgangers en ampsdraers. Die kommissie het dit as doelwit gestel dat al hierdie handleidings reeds teen einde November 2000 gepubliseer moes wees. Prof. IA Brink is as eindredakteur benoem en Dr. Ellis as keurder namens die Publikasiekommissie.

**3.1.3** Die oorspronklike doelwit van die kommissie is nie bereik nie omdat manuskripte wat van skrywers ontvang is, heelwat verwerk moes word ter wille van eenvormigheid.

**3.1.4** Die volgende publikasies behoort DV reeds by die sinode van 2001 beskikbaar te wees:

| | |
|---|---|
| **Handleiding: Leer en Glo 1** | (Standerd 2/ Graad 4) |
| **Handleiding: Leer en Glo 2** | (Standerd 3/ Graad 5) |
| **Handleiding: Leer en Glo 3** | (Standerd 4/ Graad 6) |
| **Handleiding: Leer en Lewe 1** | (Standerd 5/ Graad 7) |
| **Handleiding: Leer en Lewe 2** | (Standerd 6/ Graad 8) |
| **Handleiding: Leer en Lewe 4** | (Standerd 8/ Graad 10) |

Die eerste volume van: **WOORD IN DIE HART.**
Laasgenoemde publikasie is vir ouers en kinders gedurende die 22 weke wanneer daar nie verbondsonderrig by die kerk is nie.

**3.1.5 Handleiding: Leer en Lewe 3** (Standerd 7/ Graad 9) behoort ook teen die einde van 2001 beskikbaar te wees terwyl **Handleiding : Leer en Bely** (Standerd 9/ Graad 11) (Belydenisklas) eers in 2002 voltooi sal word.

**3.1.6** Dit is belangrik dat die Verbondsonderrigmateriaal en die hele proses van verbondsonderrig soos goedgekeur deur die sinode van 1999, aan gemeentes bekend gestel word, sodat op die jaarprogramme van gemeentes baie duidelik aangetoon word watter spesifieke hoofstukke van die Verbondsonderrigboeke of van WOORD IN DIE HART elke week oor 52 weke van die jaar behandel moet word.

**3.1.7 AANBEVELINGS**
**3.1.7.1 Die sinode kontinueer sy opdrag aan die KJV insake die Handleidings vir Verbondsonderrig en *Woord in die hart.***

**3.1.7.2 Die sinode versoek Ds. AJ van Niekerk of Dr. JH Ellis om staande die sinode verslag te lewer oor die vordering wat gemaak is insake Handleidings: Verbondsonderrig en *Woord in die hart*.**
**3.1.7.3 Die sinode neem met dank kennis van die vordering wat reeds gemaak is insake Handleidings: Verbondsonderrig en *Woord in die hart*.**
**3.1.7.4 Die sinode spreek sy besondere dank uit aan Ds. AJ van Niekerk en sy medewerkers vir hulle arbeid in sake Handleidings: Verbondsonderrig en *Woord in die hart*.**

**3.2 Verslag: Visuele hulpmiddels**
Die sinode van 1997 het 'n gesamentlike opdrag aan die KJV en die KKCE gegee insake visuele hulpmiddels vir gemeentelike voorligting asook Bybelonderrig op skool en tersiêre vlak.
(*Handelinge 1997*, bl 274, pt 3.1.1.2)

Hierdie opdrag is voltooi en word as Bylae KJV 1 by die verslag gevoeg.

**AANBEVELINGS**
**3.2.1 Die sinode keur Bylae KJV 1 goed en spreek sy dank uit teenoor die KJV en KKCE vir hierdie verslag oor visuele hulpmiddels.**
**3.2.2 Die sinode beveel by kerkrade aan dat hulle hierdie studiestuk onder die aandag van Verbondsonderrigpersoneel bring en dit by die Verbondsonderrig implementeer.**

**4. ANDER WERKSAAMHEDE**

**4.1 Programsketse vir die jeug**
Die KJV gebruik die metode om maandeliks, saam met *Die Boodskapper*, na elke gemeente programsketse uit te stuur. Daar word voorsiening gemaak vir:
a) twee programsketse vir die Hoërskooljeug, wat ook deur die naskooljeug gebruik kan word,
b) twee programsketse vir die Laerskooljeug.
Die KJV gebruik verskeie medewerkers, waaronder ook 'n paar dames uit AP Kerk-geledere om hierdie programsketse daar te stel.

**AANBEVELINGS**
**4.1.1 Die sinode neem met dank kennis van die programsketse vir die jeug wat deur die KJV daargestel word.**
**4.1.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor lede van die KJV en medewerkers vir die daarstelling van programsketse.**
**4.1.3 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Boekwinkel ten opsigte van die vermeerdering en versending van die programsketse saam met *Die Boodskapper*.**

**4.2 Verbondsonderrigkursusse**
Die aanbieding van verbondonderrigkursusse gaan steeds voort o.l.v. Dr. JH Ellis. Die afgelope twee jaar is 14 kursusse op aanvraag aangebied.

**AANBEVELINGS**
**4.2.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV wat steeds voortgaan met die verbondsonderrigkursusse met die oog daarop om verbondsonderrigpersoneel te skool vir hulle taak en moedig kerkrade en ringe aan om Dr. JH Ellis of Ds. G Pretorius uit te nooi om 'n kursus vir verbondsonderrigpersoneel aan te bied.**

**4.3 Jeugkampe**
Verskillende kampe om verskillende ouderdomsgroepe te akkommodeer word jaarliks aangebied, te wete:
Die skoolverwisselingskamp o.l.v. die A.P. Kerk Carolina.
Die Paasnaweekkampe o.l.v. A.P. Kerk Lichtenburg (2000) en A.P. Kerk Wesmoot (2001)
Die skoolverlaterskampe o.l.v. A.P. Kerk Verwoerdburg, A.P. Kerk Bethlehem en A.P. Kerk Kareedouw.
Die Senior Verbondsjeugkamp o.l.v. A.P. Kerk Middelburg.
Hierdie kampe wat reeds 'n jaarlikse instelling is, vind goeie byval en word goed ondersteun.

**AANBEVELINGS**

**4.3.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor kerke (gemeentes) en leraars en medewerkers vir die onderskeie kampe wat hulle aanbied om die AP Kerk-jeug te akkommodeer.**

**4.3.2 Die sinode neem kennis van die groeiende entoesiasme vir die kampe onder die jeug en versoek kerkrade om hulle jeug aan te moedig en finansieël te ondersteun om by die kampe in te skakel.**

**5. Charismatiese groepe - die ware feite**

Die KJV het kennis geneem van die gevare wat Charismatiese groepe vir die AP Kerk-jeug inhou. 'n Studiestuk is opgestel en word as Bylae KJV 2 by die verslag aan die sinode opgeneem.

**AANBEVELING**

**5.1 Die sinode keur die studiestuk: *Charismatiese groepe - die ware feite*, goed en beveel by die kerkrade aan dat hulle die inhoud daarvan onder die aandag van lidmate bring.**

**6. Radioprogramme vir die jeug**

Verskeie lede van die KJV het die afgelope twee jaar deelgeneem aan Radioprogramme vir die jeug wat op Sondagmiddae op Radio Pretoria uitgesaai is.
Aktuele onderwerpe rakende die Lewens- en Wêreldbeskouing van die jeug is hanteer met goeie gevolge.

**AANBEVELING**

**6.1 Die sinode neem met dank kennis van die betrokkenheid van AP Kerk-leraars by die radioprogramme vir die jeug, aangesien dit ook die beeld van die AP Kerk bevorder het.**

**7. Begroting.**

Die KJV lê graag die volgende begroting aan die sinode voor vir die jaar 2001.

| | |
|---|---|
| Reiskoste en etes vir vergaderings | R 9000-00 |
| Publisering en verspreiding van programsketse | R 5000-00 |
| Skrywe en opstel van programsketse | R 3000-00 |
| Kursus vir Verbondsonderrigvoorgangers | R 3000-00 |
| Hersieningskommissie:reis en tikwerk | R 8000-00 |
| Kursus vir jeugleiers | R 2000-00 |
| Totaal | R30000-00 |

Die KJV lê met vrymoedigheid hierdie begroting aan u voor aangesien die kommissie nog nooit in die verlede sy begroting oorskry het nie, maar wel met groot omsigtigheid sy geldsake hanteer het. Die kommissie vertrou dat u die begroting sal goedkeur.

**AANBEVELING**

**7.1 Die sinode keur die begroting goed soos wat dit uiteengesit is.**

**8. Beskrywingspunte**

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.

**9. Slot**

Die kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vertrou dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die sinode en kerkverband in geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP Kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

**Dr. JH Ellis (voorsitter)** **Ds. PB Müller (skriba)**

**BYLAE KJV 1**

# DIE GEBRUIK VAN HULPMIDDELS BY DIE ONDERRIG VAN BYBELKUNDE, BYBELONDERRIG EN MET NAME OOK VERBONDSONDERRIG IN KERKVERBAND

## 1. TEN AANVANG

Verwysing insake die opdrag aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE). Vergelyk die *Handelinge van die Sinode* 1995, bl. 237, pt. 2.1, en *Sakelys* van 1997, bl. 109 by 3.1.1.1, en 3.1.1.2, asook hierdie bylae as prinsipiële verantwoording op bl. 117: (KKCE bl. 117-122).

Besluite van die 1997 sinode as oriënterende agtergrond.

*Handelinge 1997* bl. 274 punte 3.1.1.1 en 3.1.1.2

**3.1.1.1** Die AP kerkverband gee kontinu langs hierdie weg gepaste leiding ten opsigte van aanskoulike weergawes van geopenbaarde Bybelinhoud (Bybelfilms, Passiespele, ens.), soos in die verslag gestel. Dit kan gedoen word by wyse van woord en geskrif. Die doelwit is dat ons as lidmate, wat alle ampsdraers insluit, ons sal distansieer van en getuig teen die aanvegbare praktyke wat betref die visuele voorstelling van die geopenbaarde Bybelinhoud.

**3.1.1.2** Dit word aan die KKCE en die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding (KVO) opgedra om gesamentlik duidelike riglyne op te stel ten opsigte van die positiewe, geoorloofde gebruik van visuele hulpmiddels vir gemeentelike voorligting asook Bybelonderrig op skool en op tersiêre vlak. Dit moet positief uitlig wat van opvoedkundige kant gesien mag en moet word, teenoor dit wat nie geoorloof is nie.

Die KVO het die KKCE versoek om ten opsigte van hierdie opdrag die inisiatief te neem. In die uitvoering van hierdie opdrag het ons ook geput uit die bronne van die Departement Bybelkunde, UOVS, se verantwoording hiervoor, soos dit vervat is in die verantwoording van die vak didaktiek. Dit is *mutatis mutandis* wat die positiewe aanwending van die visuele hulpmiddels én die waarskuwende aspek direk van toepassing maak op die kerklike Bybelonderrig. Die inhoud van hierdie verslag bewys dat ons nie net negatief waarsku nie, maar ook positief modern kan en moet wees om die Bybelinhoud ten beste oor te dra. Ons gooi nie die messe en vurke saam met die skottelgoedwater uit nie. Ons hoop dat leermeesters in hierdie opsig inisiërend sal dink en wat die metodiek betref op die voorpunt van die tye.

**Lesdoelwitte**

Na afhandeling van hierdie tema behoort u:

- die waarde en beperkinge van hulpmiddels te begryp;
- die grondbeginsels wat die verbod op sekere visuele weergawes van die Skrif bepaal, volledig te kan beskryf;
- die onderrigmoontlikhede van beide woordelike en konkrete hulpmiddels te besef en in staat te wees om dit effektief in u Bybelkunde, Bybelonderrig en Verbondsonderrig-klasse te gebruik.

**Rasionaal**

Waar onderrighulpmiddels aanvanklik gebruik is om beter begrip deur beter waarneming te verkry, het dit vandag ontwikkel tot selfstandige media waar die menslike foutfaktor tot 'n minimum beperk word deur komplekse kommunikasiesisteme. Omdat daar oorvloedige getuienisse is dat dit nie alleen die onderriggebeure ten goede kom nie, maar dat dit ook reg laat geskied in hulle menslike totaliteit, is dit noodsaaklik dat daar deeglike kennis geneem moet word van onderrighulpmiddels. Die aanskouingsbeginsel word deur vooraanstaande opvoedkundiges baie hoog aangeslaan.

## 2. DIE NOODSAAKLIKHEID EN WAARDE VAN HULPMIDDELS

In hierdie module gaan daar gekyk word na die noodsaaklikheid, waarde en beperkinge van hulpmiddels. Die Bybelse grondbeginsels wat riglyne gee oor visuele weergawes van die Skrif word hierna indringend bespreek. Laastens val die fokus op sowel die verskillende hulpmiddels as hulle moontlikhede en beperkinge by die aanbieding van die Bybel.

Die gebruik van hulpmiddels in dié mooi vakgebied is geen nuwerwetse idee nie. Inteendeel, dit is so oud soos die Openbaringsgeskiedenis self! In sy openbaring sluit God aan by die mens van daardie tyd se kultuurbesit. Hulle kulturele milieu word as't ware die kruik waarin God sy openbaring giet (vgl. byvoorbeeld die Ou Testamentiese verbonde). Goeie voorbeelde van aanskoulike onderrig is die wyse waarop die groot feeste (veral die Paasfees) gevier is. Gedurende hierdie didaktiese kultusse is al die sintuie betrek – hulle sien, hoor, voel en proe. Op 'n konkrete wyse is die heilsgeskiedenis "gerepeteer". Net soos die Ou Testament word in die Nuwe Testament talle kere hulpmiddels gebruik (vgl. byvoorbeeld die wyn en die brood by die Nagmaal). Op 'n aanskoulike wyse word die groot geloofswaarhede by die gemeentes tuisgebring – die Woord van God in beeld. Die Evangelie word as't ware geïllustreer!

Onder hulpmiddels verstaan ons dat dit alle leermedia insluit wat meehelp om 'n gedagte oor te dra of dat dit alle leermedia beteken wat meehelp om die leermeester en die leerling in opvoedingkontak te bring. Dit is 'n baie wye begrip en dit sluit in die onderwyser, leerplanne, geprogrammeerde onderrig, geboue, oudio-visuele media, ens.

Die beginsel waarvan uitgegaan word is:

- Alle denke berus op 'n konkreet-aanskoulike onderste bewussynslaag en daarom het die onderwyser die verantwoordelikheid om toe te sien dat daar van die begin af deeglike basiese begrippe opgebou word deur vir die veraanskouliking van die leerstof voorsiening te maak.
- Die sintuie is die kanale van die kennis en daarom moet by die onderrig soveel sintuie as moontlik betrek word, sodat volledige, heldere en korrekte voorstelings gevorm kan word. Aanskouing, belewing en uiterlike waarneming is die basis vir innerlike aanskouing, die vorming en opbou van 'n ryk voorstellingslewe. Dit bepaal weer die mens se vermoë tot abstrakte denke. Abstrakte begrippe soos gehoorsaamheid, geloof, genade, sonde ens, word duidelik by die kind tuisgebring. Hierdie begrippe word uit die konkrete hulpmiddels wat dieselfde eienskappe besit, gebore. Hoe intenser die belewenis en ervaring van die kennis, hoe helderder is die voorstellingslewe en hoe korrekter is aldus die denke.

Dit is aan te beveel dat die leerder sover moontlik aktief betrek moet word. Navorsing het aangetoon dat 'n mens ongeveer 1% deur smaak leer; 1% deur aanraking; 3% deur reuk; 11% deur gehoor; en 83% deur visuele ervaring.

Retensie of terugroeping van wat geleer is, word ook aan sintuiglike waarneming gekoppel. So het navorsing aangetoon dat mens soos volg onthou: 10% van lees; 20% van hoor; 30% van sien; 50% van sien en hoor; 70% van wat mens sê; en 90% van wat mens sê terwyl jy iets doen.

- Deur middel van die aanskoulike prikkel, ontstaan by die leerling die behoefte tot aanvulling en uitbouing van dit wat hy (nie) "waargeneem" het nie. Die waarneming is dus die uitgangspunt van die denke, terwyl die denke die waarnemingsbeeld voltooi, sê NJ van Loggerenberg.
- Die waarde van aanskouingsonderwys kan nie onderskat word nie. "*One picture is worth a thousand words*", skryf Dale.
- Aanskouing aktiveer die leerlinge. "*The proper selection and use of these aids often makes an otherwise dull recitation an interesting activity for the pupils*" (GA Yoakam). By die hersiening van die leerstof is hulpmiddels onontbeerlik, want dit bring 'n variasie en 'n onderskeid wat die dodelike geroetineerdheid vir beide die onderwyser en kind verbreek, want dit bring nuwe aandag en belangstelling.
- Dit help die leerlinge om die leerstof beter te onthou. Die mens is geneig om dit wat hy hoor, makliker te vergeet as dit wat hy sien, want: "... *the things they see make a more*

*lasting impression and they experience considerably less difficulty in recalling the object or process with increased accuracy"*, skryf Weaver en Bollinger.

- Veral by die kultuurhistoriese gedeeltes is aanskouingsmateriaal van die grootste belang. Hierdie gebeure lê tot 3000 jaar in die verlede en dan ook nog in 'n kulturele agtergrond wat totaal vreemd is vir die moderne kind. Dit is nou maar eenmaal so dat as 'n kind 'n bepaalde Bybelse verhaal hoor, hy dit in sy geestesoog visualiseer volgens sy eie ervaringsveld. Hierdie ervaringsveld is die produk van sy kulturele milieu. As gevolg van hierdie feit kan die leerstof totaal verkeerd vertolk word. Vgl. byvoorbeeld hoe die kind die volgende sal vertolk teen die agtergrond van sy eie belewing en ervaring.

(a) 'n vaandel in die ou Testament;
(b) die gebruike van 'n huis in die Ou Testament;
(c) Christus se bevel aan die kreupele: "*Staan op neem jou bed op en gaan na jou huis toe*" (Mk. 2:11).

Verkeerde visualisering lei daartoe dat die kind foutief gekondisioneer word, wat op sy beurt weer lei tot stereotipering. Vgl. hier die invloed van die massamedia met sy kragtige hulpmiddels wat een van die vernaamste oorsake was dat die werklike betekenis (wese) van Kersfees by baie mense verlore gegaan het. (Vgl. ook die onjuiste illustrasies van die "drie" Wyse Manne en hulle besoek aan die "stal" in Bethlehem.)

## 3. WENKE OM AANSKOUING TEN VOLLE TE BENUT

**3.1** 'n Bybelonderriglokaal is onontbeerlik en absoluut noodsaaklik vir die effektiewe implementering van aanskouingsmateriaal. Die klaskamer sélf is 'n hulpmiddel vir die daarstelling van 'n korrekte en gewyde atmosfeer. Soos die lesse ontwikkel kan die uitstallingsmateriaal stelselmatig op die uitstallingsborde teen die mure aangebring word.

**3.2** 'n Besoek deur die onderwyser aan die Bybellande is, indien moontlik, baie waardevol. Selfs die beste hulpmiddels (bv. by die Aardrykskunde) het sy beperkings. Die sien van die werklikheid sal die onderwyser help om die betrokke hulpmiddel baie meer effektief en korrek te gebruik Die aanskoulike voorstellingswêreld word aangevul deur te put uit die aanskouingswêreld van die onderwyser.

**3.3** 'n Hulpmiddel het geen waarde op sigself nie; sy waarde word verkry deur die wyse waarop dit gebruik word. Die onderwyser se didaktiese aanvoeling en inisiatief sal altyd die bepalende faktor wees of 'n hulpmiddel tot sy reg sal kom.

## 4. DIE BEPERKINGS EN RELATIEWE WAARDE VAN HULPMIDDELS

### 4.1 Geloof

Bybelonderrig het 'n unieke inhoud en opset en dit is deur die geloof dat die skatkamers van die Bybel oopgaan. Die geloof is 'n vaste vertroue op dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie (Hb. 11:1). Die kern en hoofsaak van die leerinhoud is in elk geval NOOIT vir aanskoulike voorstelling toeganklik nie en indien die feit nie erken word nie, is dit juis 'n bewys van ongeloof. Ten opsigte van die aanvaarding van die inhoud van die Woord, moet ons voortdurend bid: "*HERE, gee my meer geloof*" Vgl. ook die volgende: Jn 20:29; Rm 10:14; 15:17; 2 Pt 1:19.

### 4.2 Die Woord van God

God openbaar Homself in sy Woord. Hy laat Homself geld deur sy Woord – sy Goddelike krag word hierdeur ervaar. Deur sy Woord is Hyself teenwoordig. Die Woord van God is dinamies en aktief en in dié Woord skuil daar, deur die werking van die Heilige Gees, kreatiewe krag. Gods Woord sal nooit leeg tot Hom terugkeer nie (Jes 55:11). Die Hebreërskrywer sê: "*Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van die siel en die gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart*" (Hb. 4:12).

#### 4.2.1 Die genoegsaamheid van die Skrif

Die onderwyser moet baie goed onder die besef verkeer dat ons as gelowiges staan en val by die belydenis van die GENOEGSAAMHEID van die Skrif. In Bybelonderrig gaan dit primêr om die Woordverkondiging. Die Woord is en bly hoofsaak.

**4.3** Volgens prof. Chris Coetzee is die kind se kenlewe aanvanklik oorwegend sinlik van aard: hy leer dus deur aanskouing en waarneming. Hierdie oorwegende konkrete lewe neem later geleidelik af, die kenlewe word minder konkreet en sintuiglik en die kind begin werk met voorstellings totdat hy die derde en volwasse stadium van begripsvorming en die eintlike denklewe betree.

**4.4** Die sekondêre hulpdiens wat die aanskoulike middele lewer, moet verwelkom word, maar tegelyk moet dit ook streng binne die begrensing daarvan waardeer word. Vir die korrekte gebruik van hulpmiddels is prinsipiële besinning sowel as perspektief broodnodig.

**5. GRONDBEGINSELS WAT DIE VERBOD OP SEKERE VISUELE WEERGAWES VAN DIE SKRIF BEPAAL** (Die sg. *Onwenslike* terrein) (Vergelyk hier ook weer die *Sakelys* van 1997, bl. 117-122.)

**5.1 God mag nie afgebeeld word nie**

In Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus lees ons:
Vr. 96: Wat eis God in die tweede gebod?
Antw.: Dat ons van God nooit enige afbeelding mag maak nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel nie.

Vr. 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?
Antw.: God kan en mag op geen manier afgebeeld word nie. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle 'n beeltenis sal maak om dit te vereer of God daardeur te dien.

Vr. 98: Maar sou ons beelde in die kerke as boeke van die leke nie mag toelaat nie?
Antw.: Nee, want ons moet nie wyser wees as God nie, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig.

Hierdie gebod diskwalifiseer alle tipes van konkrete afbeeldinge van God. Geen vleeslike oog kan God sien nie (vgl. Ex. 33:20; Jn 1:18; 1 Tm 6:16). Selfs die semi-prent soos die driehoek, die klawerblaar, drie sirkels wat inmekaar loop e.d.m. mag nie gebruik word om die Drie-eenheid voor te stel nie, want dit beteken verenging en afgrensing van die Goddelike (Calvyn).

**5.1.1 Mag Christus afgebeeld word?**

**5.1.1.1** In die lig van die tweede gebod moet ons altyd onthou dat God een Wese in drie Persone is, en dat Christus nooit los van die Vader en die Heilige Gees gesien mag word nie (Hb 1:3). Wie Christus gesien het, het die Vader gesien. Hieruit is dit duidelik dat die vleeslike sien van Jesus nie die hoofsaak is nie, maar die geestelike "sien" in die geloof is die kernsaak. Die kind mag Hom nie sien as 'n verhewe mens nie, maar as God en mens tegelyk. Die Goddelike en menslike nature van Christus mag nie geskei word nie. Al sou ons sy menslike natuur wou afbeeld, kan ons nooit sy Goddelike natuur afbeeld nie, want dit sal beteken dat ons altyd met 'n "halwe" Christus te doen het in ons afbeeldinge.

**5.1.1.2 Die kernvraag is: GLO die kind in Hom?**

Dit is veelseggend dat talle mense Hom gesien het en nie in Hom geglo het nie (vgl. die Fariseërs en die mense van Kapèrnaum en Betsaïda). Die sien van Jesus met die vleeslike oog is dus allermins 'n primêre behoefte van die gelowige. Diegene wat wel in Hom geglo het, terwyl hulle Hom gesien het, het baie meer as sy menslike gestalte gesien; hulle het in Hom geglo as God en Middelaar (Mt 16:16).

**5.1.1.3** Dit sal altyd 'n sondige fantasiebeeld wees wat nooit werklik is nie. Diegene wat, ook as sondige mense, Hom wil afbeeld, gebruik hulle vrye fantasie. So kry ons duisende voorbeelde van hoe Jesus sou gelyk het – vanaf die Roomse stralekranse wat sy mensheid as 't ware probeer

vergoddelik het, tot die "hippies" se beeld van 'n ultra moderne slenteraar en tot die idee van die "swart christusse".

**5.1.1.4 Ons weet GENOEG van Hom as Middelaar**
Die Evangelie is genoegsaam – 'n afbeelding of televisiebeeld hoef nie gepaard te gaan met die onderrig nie.

**5.1.1.5** Afbeeldinge van Christus strem die godsdienstige ontwikkeling van die kind. Dit vereng en stagneer sy Godsbegrip. In sy Godsbegrip kan hy later 'n volwasse kind bly.

**5.2 Die openbaring is uniek, onherhaalbaar en kan nie gereproduseer word nie**
Van die openbaring soos dit in die Skrif gegee is, kan net kennis geneem word. God self het op verskillende tye en wyses as die enigste en absolute openbaarder dit op daardie wyse en tyd gegee. Daarom is dit spesiaal, onvervangbaar en is die kánon finaal afgeslote. Ook die aanskoulike binne die gegewe openbaring van God moet so gesien word, en mag nie as argument bygehaal word om die aanskoulike reproduksie van ons tyd te regverdig nie (vgl. Jer. 13:1-11; 19:1-15; 24:1-10; Jes. 8:1; Esg. 4:1, 2; Mt 18:1-4; 22:15-22).

Die openbaring is Gods prerogatief wat geskied het vanuit sy alwyse inisiatief. Wie dit voorstel of uitbeeld, vergryp hom aan dit wat Hy volkome en genoegsaam afgehandel het. Die openbaring was so geweldig, groots en geheimenisvol, dat dit hom in die meeste gevalle glad nie leen tot reproduksie nie (vgl. die skepping, Elia se opneming na die hemel, die verheerliking op die berg, ens.).

**5.2.1 Die dramatisering van die Bybel**
As ons op die terrein van die Bybelse skooldrama beweeg, bly dit onder 'n vraagteken. Waterink, 'n teenstander van die dramatisering van die Bybelse geskiedenis, skryf: *"De kinderen zullen moeten verstaan dat by de bijbelse geschiedenis gaat het om heilige historie"*. Rittersma skryf: *"omdat het dramatische spel eigen eisen stelt, licht het voor de hand dat de inhoud van bijbelgegewens ingrijpende verandering onderging. Het bijbelse spel word steeds meer volksvermaak"*.

Opsommend kan gesê word: waar die Christenonderwyser prinsipieel dink, moet hy tot uitdrukking bring dat hy afwysend staan teen uitingsvorme soos Bybeldramas, radiodramas en films wat afwyk van die werklike Godsopenbaring. Die Openbaring van God is 'n unieke eenmalige gebeure, 'n werklikheid geïnspireer deur die Heilige Gees en daarom kan en mag dit nie gedramatiseer word nie. Dramatisering beteken dus dat die werklikheid tot 'n skynbaarheid gedegradeer word. Hierdie uitingsvorme wil en kan geen historiese weergawe wees nie.

**5.3 Sonde teen die Derde Gebod**
Hierdie gebod belet die mens om sy Naam ydelik te gebruik. Die diepste kernbetekenis hiervan is dat dit hier gaan om Gods openbaring, waarmee Hy sy Naam bekend maak. Die oortreding beteken letterlik dat sy Naam, sy openbaring nie tot die ydele nietige verhef mag word nie. Dit beteken dat die mens, in plaas van om gelowig te luister na wat gegee is in die Woord, sy grense en bevoegdhede oorskry deur weer 'n beeld en vertolking daarvan te wil gee. So haal hy die volmaakte, onvolledig en gebrekkig met sy menslike interpretasie, na benede.

**6. INDELING VAN HULPMIDDELS**

Daar bestaan verskeie soorte hulpmiddels wat in twee hoofgroepe uitval naamlik hulpmiddels wat deur die oor opgevang word en as woordelike hulpmiddels bekend staan en tweedens hulpmiddels wat deur die oog-, reuk-, tas- en smaaksintuie opgevang word en konkrete hulpmiddels genoem kan word. Al hierdie hulpmiddels kan ons weer in drie kategorieë deel, naamlik
(a) geoorloofde aanskoulike hulpmiddels
(b) twyfelagtige aanskoulike hulpmiddels
(c) ongeoorloofde aanskoulike hulpmiddels.

**6.1.1 Die gesproke woord**

Die gesproke woord bly een van die vernaamste illustrasiemiddels. As 'n illustrasiemiddel het dit sekere voordele dog ook beperkinge en dit kan op verskillende wyses doeltreffend aangewend word mits die onderwyser die besondere vereistes in gedagte hou. Die woord word dikwels beskou as iets konkreets, terwyl dit in werklikheid 'n abstrakte simbool is. By die onderwyser wek sy woorde altyd 'n heldere voorstelling, terwyl dit vir die leerling 'n blote klank is. Hoe dikwels leer kinders talle woorde en terme wat vir hom blote betekenislose klanke bly. Die onderwyser moet seker maak dat die leerlinge verstaan wat hy bedoel en daarom moet die kind dus aangemoedig word om te sê wat hulle onder sekere woorde of gedeeltes verstaan, eerder as om hulle aan te moedig om dit slaafs te memoriseer sonder dat die onderwyser weet of hulle werklik alles begryp.

### 6.1.2 Die verhaal

Die verhaal kan dien ter verduideliking of toeligting van 'n stelling of 'n woord. Dit dien om aandag te verkry, die verbeelding te prikkel en om leerlinge tot goeie begripsvorming te bring. Hierdie vorm van die woordillustrasie het groot waarde, mits die onderwyser sorg dat dit kort, saaklik, gepas, indien moontlik uit die Bybel self kom, dat dit werklikheidsgetrou is en dat dit taktvol, natuurlik en spaarsaam gebruik word (vgl. Christus se gelykenisse).

### 6.1.3 Toeligting met voorbeelde

Dit is 'n ewe kragtige vorm van woordelike illustrasie wat in die Bybelse onderrig tot sy reg moet kom. Dit neem veel minder tyd as die verhaal in beslag en kan net so treffend illustreer wat met 'n bepaalde stelling bedoel word. Christus maak ruimskoots hiervan in sy onderrig gebruik (vgl. Lk 12:23, 24, 27).

### 6.1.4 Ouditiewe media

#### 6.1.4.1 Die plaat en skywe

Die grammofoonplaat en die laserskyf kan uitmuntende hulpmiddels wees as dit reg gebruik word. Plate en skywe met mooi Skrifvoorlesings of Skriftuurlikverantwoorde vertellings kan waardevol wees as dit gepaard gaan met 'n pamfletvoorskrif van hoe dit didakties korrek gebruik kan word.

Psalms en Gesange op plate en skywe kan ook baie waardevol wees, veral vir die onderwyser wat nie so goed met sangtalent bedeeld is nie. Dit kan beslis die gewyde sang stimuleer, juis ook ter bevordering en verdieping van die gereformeerde kerksang.

Ongelukkig kan baie van die bestaande plate en laserskywe nie sonder meer met vrymoedigheid aanbeveel word vir gebruik in ons skole nie, omdat dit nie beantwoord aan die reeds behandelde grondbeginsels nie. Die "gospel" golf werk baie vervlakking in die hand.

#### 6.1.4.2 Die kassetspeler

Die kassetspeler kan met groot vrug gebruik word. Toesprake, praatjies, gesprekke ensovoorts waarby duidelik uitkom hoe die Skrifbeginsels in die praktyk toegepas kan word, kan met kassette opgeneem word en met groot seën in die skool aangewend word. Verder kan die onderwyser sekere lesse opneem wat hy later vir sy leerlinge kan terugspeel. Effektiewe byklanke by so 'n les kan die didaktiese impak verder verhoog. Die maklike hanteerbaarheid van hierdie medium, bied aan die oorspronklike onderwyser groot moontlikhede en voordele.

Die plaat, kasset en laserskryf mag egter nooit die opvoeder vervang nie. Dit moet slegs afwisselend gebruik word en nooit uitsluitlik nie. 'n Voorgespeelde stuk is nooit 'n volwaardige les nie, maar slegs 'n onderdeel. Die leerstof moet steeds op die bord georden word, die leerlinge moet bepaalde opdragte (wat vooraf gegee mag word) daarna uitvoer, waarby ook die Bybel en die betrokke handboek nageslaan moet word.

Die kassetspeler het die volgende voordele:

- Dit is lig, maklik hanteerbaar en meer mobiel as enige ander oudio-apparaat.
- Die kassette is lig en maklik hanteerbaar.
- Dit bied die geleentheid tot variasie in die gesproke woord, ander stemme as dié van die onderwyser kan gehoor word.

- Wanneer gedeeltes van die Bybelles deur klankopname gegee word, is die leerkrag vry om observasiewerk te doen en kan hy waar nodig individuele hulp verleen. Indien nodig kan die leerkrag ook met 'n leerder individueel werk terwyl die res van die klas dieselfde leerstof deur middel van 'n opname hoor.

#### 6.1.4.3 Die didaktiese laboratorium

Veral moeiliker gedeeltes, soos bv. sekere aspekte van die Geloofs- en Sedeleer, kan met behulp van die didaktiese laboratorium aangebied word. Dit bied die moontlikheid vir elke leerling om volgens sy eie vermoë te werk. Aan die onderwyser gee dit die kans om te toets of elke leerling individueel die leerstof baasgeraak het.

### 6.2 Konkrete hulpmiddels

### 6.2.1 Visuele nie-projekterende media

#### 6.2.1.1 Die Bybel en handboeke

Die leerlinge moet die Bybel voortdurend self hanteer. Dit is die primêre kennisbron en daarom moet dit 'n ereplek in die klas beklee. Verder moet die kind geleer word om die Bybelkonkordansie te gebruik as hulle na 'n bepaalde teks soek. Leer hulle om vertroud te raak met die gebruik van die naslaan-Bybel en die Bybel met verklarende aantekeninge.

Insover Kinderbybels reg van bestaan het moet net die werklike Bybelinhoud eenvoudig oorgedra word, soos ook 'n goeie ouer dit aan die kind sal oordra. Illustrasies moet fyn gekeur word. Let ook op die uitgewers van so 'n Kinderbybel.

#### 6.2.1.2 Die skryfbord

Geen onderwyser kan sonder hierdie medium klaarkom nie.

#### 6.2.1.3 Prente en illustrasies

Met die gebruik van prente en illustrasies kan die onderwyser baie dinge aan die leerlinge illustreer. Daar is baie wat ons in die Bybel in die prentvorm kan uitdruk (bv. die kultuurhistoriese, argeologiese en aardrykskundige aspekte). Die onderwyser moet egter kieskeurig wees met sy prentkeuse. Dit moet 'n korrekte weergawe van die Bybelse inhoud wees. Prente gee 'n konkrete beeld. Die leerlinge moet onmiddellik sien wat die onderwerp van bespreking is. Goedgekose prente lei gewoonlik tot goeie begrip. Prente oorskry die grens van tyd en ruimte. Familiegrafte, ommuurde Bybelse stede, die Sinaï-woestyn, die Olyfberg, die vlakte van Jisreël, die Dooie See, 'n herder met sy skape – dit alles kan deel van die belewenis van die leerder in enige klaskamer wees, danksy prente.

Die interpretasie van prente is afhanklik van die kyker se verwysingsraamwerk wat tot 'n groot mate deur sy ondervindings van die verlede en sy eie kultuur en sosiale agtergrond beïnvloed word. Gesien in hierdie lig, is dit nodig dat die leerkrag sy leerlinge as 't ware uit hulle eie verwysings-raamwerke in die kulturele milieu van die Bybelse tye verplaas. Dit doen hy deur die prent of illustrasie binne sy Oosterse konteks te verklaar. Die meeste prente en illlustrasies vereis verduideliking.

Kenmerke van goeie illustrasies en prente:

(a) Dit moet 'n estetiese hoogstaande waarde hê.
(b) Dit moet die onderwyser in staat stel om sy doel te bereik. Prente kan nie slegs vertoon word omdat dit 'n prent is nie.
(c) Prente en illustrasies moet die regte grootte hê. Is die prente te klein, dan kan almal in die klas dit nie waarneem nie.
(d) Kleurprente en illustrasies het 'n groter impak as swart en wit prente.
(e) Die prent moet histories juis wees, d.w.s. die indruk wat dit gee moet nie teenstrydig met die waarheid wees nie. (Vgl. die historiese onjuisthede van die Laaste Avondmaal van Leonardo da Vinci.)
(f) Die afbeeldinge van Bybelse figure soos bv. Moses, Elia, Dawid, ensovoorts moet liewers nie gebruik word nie. Hierdie afbeeldings hoort tot die twyfelagtige en afkeurens-waardige terrein.

(g) Prente of illustrasies mag nie gesien word voordat die regte tyd daarvoor aanbreek nie. Prente kan nie 'n hele geskiedenis illustreer nie, maar net 'n moment weergee of 'n agtergrondsbeeld bied en daarom moet dit alleen gebruik word om die indruk van daardie moment of agtergrond te versterk.

(h) Prente moet eenvoudig wees. Daar moet gesoek word na prente wat eenvoudig in samestelling is en wat sodoende 'n duidelike en definitiewe indruk van die belangrikste sake gee. So word die boodskap/doel duidelik oorgedra. Leerlinge kan maklik verwar word deur ingewikkelde en oorlaaide prente, en dan het die doel met die prent misluk.

(i) Die relatiewe groottes van items in die prent moet duidelik afgelei kan word deur bekende voorwerpe wat daarin voorkom.

(j) Die nadeel van te klein prente kan deur die gebruik van die truprojektor of episkoop uitgeskakel word, mits voldoende ligkontrolefasiliteite beskikbaar is.

### 6.2.1.4 Semi-prente

Onder semi-prente val kaarte, tabelle, grafieke en diagramme.

Grafieke, tabelle en diagramme kan baie nuttig gebruik word in die sekondêre skool om een of ander aspek van die werk toe te lig of om 'n vergelykende studie te lewer. Die skryfbord is hier onontbeerlik, want dit kan binne enkele oomblikke hierop geteken word. Dit spreek duideliker as syfers en woorde. In die Geloofsleer kan daar met sirkels, lyne en diagramme baie sake, aanvullend visueel, verhelder word. In die Geloofsleer kan dit tradisionele stereotipiteit, naamlik die "aaneenlopende doodpraat" pedagogies verfris. In die Openbaringsgeskiedenis kan kronologiese kaarte pragtige totaalblik en perspektief gee. By die Argeologie is die gebruik van die semi-prent 'n reël (b.v die diagramme by die opgrawing van 'n tell, kronoliese kaarte, grondplanne van geboue wat blootgelê is, skematiese sketse van pottebakkersware, ensovoorts).

Landkaarte is besonder waardevolle hulpmiddele om te gebruik in die sekondêre skool.

(a) Op die landkaart kan die bepaalde plek aangedui word waar daar sekere gebeure plaasgevind het.

(b) Uit die ligging en topografie van 'n plek kan die klimaat, plantegroei, die menslike bedryf en die natuurlike verkeersweë maklik afgelei word.

(c) Landkaarte wek die idee van realiteit en so word die geskiedenis nader aan die hede en aan ons eie land gebring.

(d) Vergelykende studie en perspektief is van die grootste belang, en daarom is dit nodig dat 'n aardbol of wêreldkaart ook gebruik moet word om die Bybellande se wêreldligging te bepaal. Hierdie studie bring ook mee dat die grootte van die Heilige Land in vergelyking met ander lande, tot 'n verrassende besef groei. Op die wêreldkaart kan die leerlinge 'n vergelyking tref tussen die Heilige Land en Suid-Afrika. Landkaarte voorsien dus 'n visuele basis vir vergelyking en werk derhalwe beter oriëntasie in die hand.

(e) Muurkaarte moet gedurig gebruik word saam met sketskaarte, drie-dimensionele kaarte, ensovoorts, sodat die leerlinge altyd perspektief behou ten opsigte van rigting, afstand, oppervlakte, staatkundige indelings ensovoorts.

(f) Vir die Bybelonderrig en Bybelkunde moet verskillende soorte kaarte gebruik word soos bv. natuurkundige en staatkundige kaarte.

(g) Kinders moet vertroud gemaak word met die proses van kaartlees.

(h) In die sekondêre skool is die gebruik van atlasse noodsaaklik. (The Macmillan Bible Atlas is veral hier aan te beveel, asook die Plate Atlas van die Bybel deur A van Deursen.)

### 6.2.1.5 Die voorwerp, monster en model

Werklike voorbeelde of replikas van munte, pottebakkersware, amulette, beeldjies, boekrolle, seëlafdrukke, ensovoorts, en monsters van wierook, lensies, anys ensovoorts, het groot waarde omdat dit die regte begrip by die leerlinge bevorder.

Die volgende modelle kan onderskei word:

- soliede modelle wat hoofsaaklik gebruik word om eksterne kenmerke aan te dui soos bv. 'n tipiese Israelitiese huis, 'n altaar, 'n gipsmodel van 'n Israelitiese stad, 'n Fenisiese skip, Israelitiese erdewerk, e.d.m.;

- Deursnitmodelle wat interne kenmerke en kwaliteit illustreer soos bv. deursnitte van die tabernakel, van die Salomoniese tempel, van die watersisteme van o.a. Hasor, Gibeon en Jerusalem, van huise, van grafte, van 'n kasematmuur ens.; en
- werkende modelle wat funksies of prosesse duidelik maak. Hier kom modelle soos osprikke, 'n slingervel, 'n dorssleewa, 'n olyfpers, 'n wynpers, spin- en weefapparate, seëlringe, 'n handmeul, die draaiskryf van 'n pottebakker, musiekinstrumente, ens. aan die orde.

Vir effektiewe onderrigdoeleindes het die gebruik van modelle die volgende moontlikhede:
- Dit verklein groot voorwerpe (bv. die tabernakel) en vergroot klein voorwerpe (bv. 'n seëlring) tot die gunstige grootte wat gerieflik is vir die onderrigsituasie.
- Deur modelle kan die binnekante van bv. die Israelitiese huis, die tempel, die tabernakel, die kasematmure e.d.m. wat andersins bedek is, ondersoek word.
- Modelle is nader aan die werklikheid en omdat dit drie-dimensioneel is, verskaf dit 'n getrouer en werklike beeld.
- By modelle kan kleur en tekstuur aangewend word om belangrike eienskappe te beklemtoon.

So kan die waterstelsel van Megiddo bv. soos volg ingekleur word:
- Die skag geel
- Die reservoir blou
- Die rotsformasies grys
- Die boonste puinlaan as donkergrys
- Modelle van die tempel of tabernakel moet uitmekaar gehaal kan word om voor die hele klas, tydens die les, weer gemonteer te word.

Kunstige leerkragte kan self hierdie modelle maak tot groot voordeel van sy/haar leerlinge. Modelle kan ook by wyse van 'n projek deur leerlinge self vervaardig word. Hierdie modelle moet egter volgens skaal gebou word en dit moet werklikheidsgetrou wees.

#### 6.2.1.6 Die bulletinbord

Die bulletinbord kan gebruik word om belangstelling in die leerstof/vak gaande te maak, mits die uitstallingsmateriaal daarop aktueel is en dikwels verander word. As 'n onderwyser nie genoegsame tyd hiervoor het nie kan hy 'n leerling of 'n klein komitee van leerlinge aanstel om die bulletinbord op datum te hou.

Die volgende wenke kan hier as riglyn dien vir die maksimale benutting van hierdie hulpmiddel:
- Beplan die uitstalling om 'n sentrale idee of tema.
- Hou die uitstalling eenvoudig. Min, maar puik illustratiewe materiaal het 'n groter impak as 'n oorvloed materiaal wat net verwar.
- Gee die uitstalling 'n opskrif wat aandag trek.
- Plaas die bulletinbord op 'n prominente plek in u klaskamer.
- Moet dit nie te hoog vasheg nie – ooghoogte is die ideale.
- Beplan vooruit; stel 'n tentatiewe rooster vir 'n kwartaal of jaar op, maar pas aan by nuwe materiaal wat opduik.
- Die uitstalling moet bespreek word of die onderwyser moet die aandag daarop vestig. 'n Wit pyl van karton of plastiek kan die aandag pertinent op nuwe uitstallingsmateriaal fokus.

### 6.2.2 Visuele projekterende media

#### 6.2.2.1 Die episkoop en epidiaskoop (diaskoop)

'n Besondere tipe prent is die projeksieprent. Die lantern (diaskoop) met sy skuifglasie waardeur die ligbeeld op 'n skerm geprojekteer word, is egter alreeds 'n verouderde apparaat. Daarenteen is die episkoop se praktiese waarde veel hoër. Die beslommernis om die skuifglasies te maak, is hier uitgeskakel. Sy waarde lê daarin dat hy enige illustrasie, prent of kaart kan reproduseer, sonder om die prent te "behandel". Prente kan in volle kleur weergegee word en selfs van vaste voorwerpe word 'n bevredigende beeld verkry. Die epidiaskoop is 'n medium wat die werk van beide die diaskoop en episkoop kan verrig.

Hierdie visuele projekterende media open 'n wye veld vir doeltreffende klassikale aanskouingsonderwys. Dit open ook die weg vir die maklike natekening van kaarte, sketse en dergelike meer. Die nadeel van hierdie apparaat is dat algehele verdonkering noodsaaklik is vir 'n goeie beeld.

#### 6.2.2.2 Die stereoskoop

Palestynse landskappe of stede kan in drie-dimensionele en in volle kleurweergawe bewonder word. Dié media het 'n geweldige groot visuele impak – iets om nooit te vergeet nie. Om dit klassikaal te gebruik is geweldig duur, want dit beteken dat elke leerling met so 'n apparaat toegerus moet word.

#### 6.2.2.3 Die skyfie

Oor die Aardrykskunde van die Bybellande en die Oudheidkunde is daar puik reekse beskikbaar. 'n Leerkrag wat die Bybellande besoek het, kan vir homself 'n uitstekende reeks opbou. Hier moet ook genoem word die rekenaarskywe wat baie waardevol kan wees ten opsigte van die verbreding van algemene Bybelkennis. Bybeldata word hierin sistematies weergegee.

#### 6.2.2.4 Die lisfilm sonder klank (Sien 6.2.3.2)

#### 6.2.2.5 Die strookfilm

Oor die keuring van die strookfilm moet die volgende in ag geneem word:

(a) is die strookfilm geskik sodat dit in die leerling se behoefte sal voorsien en sy belangstelling sal prikkel?
(b) Is die inhoud goed georganiseer en goed geredigeer?
(c) Is die opskrifte en byskrifte duidelik leesbaar?
(d) Is die feite-inhoud korrek – beantwoord dit aan die reeds genoemde grondbeginsels?
(e) Is die inhoud op datum?
(f) Word die inhoud betekenisvol aangebied?
(g) Is die visuele materiaal aanskoulik, artisties en smaakvol?
(h) Is die visuele beelde so dat dit die kommentaar verder toelig?
(i) Is die strookfilm die beste medium vir die aanbieding van die materiaal of onderwerp?

#### 6.2.2.6 Die truprojektor met transparante

Hierdie medium is goed bekend en die moderne opvoeder kan nie daarsonder klaarkom nie.

### 6.2.3 Oudiovisuele projekterende media

#### 6.2.3.1 Die 8, 16 en 35 mm film

Die film het in hoofsaak drie uitingsvorme, naamlik:

(a) Die dokumentêre film, wat 'n weergawe is van die saaklike werklikheid, bv. die bou en ligging van Palestina. Tans is daar heelwat waardevolle dokumentêre films oor die agtergrond van die Bybellande te verkry. Dokumentêre films val in die veilige terrein. Die tipe film bring dit wat verwyder is binne die bereik van die kind.

(b) Die speelfilm wat 'n weergawe is van die gespeelde werklikheid, of dan sodanig die werklikheid probeer weergee. Die speelfilm val dus op die twyfelagtige- en afkeurenswaardige terrein en word daarom nie aanbeveel nie. Die speelfilm kan nie die werklikheid weergee nie, maar dit leef in 'n wêreld van illusie en fantasie. *Die karakter van die Bybel as Woord van God is van só 'n aard dat hy hom nie laat verfilm nie. Deur die verfilming van die Bybel, word dit immers so gedramatiseer en wel op so 'n wyse dat sy waarde verlaag word tot 'n gewone roman. Die Bybel word dan nie gesien as die absolute en onfeilbare Woord van God nie, maar as nog 'n boek wat verfilm kan word, net soos al die ander. Selfs teologiese deskundiges is nie in staat om 'n volledige en volmaakte film uit te werk nie. In sekere opsigte is dit tog 'n vervalsing van die Skrif. Die fyner detaillering wat noodsaaklik is by enige film, bring juis die hele voorstelling in bedenking.*
(De Bruyn, JP, *Die verfilm van die Bybel*, in *Die Kerkblad* 25 Junie 1962, bl. 5)

(c) Die absolute films, wat uiterlik geen verband met die realiteit toon nie, maar loutere bewegingspeil van vorme is, is uit die aard van die saak nie geskik vir die Verbondsonderrigklas of die Bybelkundeklas nie. Hierdie truuks en foefies word veral

gebruik om God se ingryping in die wêreld te illustreer. Vergelyk byvoorbeeld die verkragting van die waarheid in die film *The Ten Commandments.*

**6.2.3.2 Film met klank en die skyfie met klank**
**6.2.3.3 Die lisfilm met klank**
Die lisfilm bied 'n spesiale voordeel, naamlik dat dit 'n kontinue lis vorm en daarom kan dit sonder onderbreking, herhaaldelik vertoon word. Met die herhalingstegniek kan moeilike leerstof ingedril word.

**6.2.3.4 Soorte televisie**
By televisie-onderrig kan van twee transmissiestelsels gebruik gemaak word, naamlik geslotebaan televisie en oopbaantelevisie. Daarbenewens kan videokassetopnames onafhanklik van transmissie gebruik word.

**6.2.3.4.1 Geslotebaantelevisie**
By geslotebaantelevisie is die kamera en die monitor met 'n kabel verbind. Die ontvangstoestelle kan in dieselfde gebou of op verskillende plekke wees, maar in al die gevalle word die videoseine met 'n kabel gelei. Dit hou die moontlikheid in dat 'n bekwame Bybelkunde-onderwyser gelyktydig vir 'n hele klomp klasse 'n les kan aanbied.

**6.2.3.4.2 Oopbaantelevisie**
By die standaard oopbaantelevisie word 'n antenna gebruik om seine met elektro-magnetiese golwe oor 'n beperkte area ('n radius van ±80 km.) te versprei. Programgidse moet noukeurig bestudeer word om te weet hoe die klas vir die uitsending voorberei moet word.

**6.2.3.4.3 Videokassette**
Die videobandopnemer is byna net so eenvoudig om mee te werk as die klankbandopnemer. Programmatuur kan self vervaardig word deur van oop- of geslote baan op te neem. Leerkragte kan self hulle eie videobande maak. Kopieregte moet egter altyd honoreer word. Soms is daar goeie videokassette in die handel beskikbaar. 'n Verdere taak is om die adresse van hierdie bronne beskikbaar te hê.

Eintlik is dit so dat televisie as onderrigmedium die sinvolste gebruik kan word indien die aanbieding onderbreek kan word en sekere dele herhaal of oorgeslaan kan word, en indien die leerders individueel daarmee kan werk.

Die televisie bied die volgende voordele bo die film:
(a) Dit het nie verdonkering nodig nie.
(b) Die videoband kan herhaaldelik hergebruik word vir nuwe opnames.
(c) Wanneer 'n beeld gefikseer word, verloor dit nie sy kwaliteit soos by die gewone film nie.
(d) Duplikaat afdrukke van videobande is goedkoper as rolprentafdrukke.
(e) Die leerder(s) of kyker(s) kan self die apparaat hanteer en kontroleer.
(f) Die apparaat se meganiese funksionering is geluidloos.

**6.2.3.5 Geprogrammeerde Bybel- en Bybelkunde-onderrig met masjiene en die rekenoutomaat**
Dit is een van die kragtigste onderrigmiddele wat hedendaags in die hande van die leerkragte gekom het. Met fyn oorleg en beplanning kan die rekenaar maksimaal benut word. Feitlik alle skole is tans toegerus met rekenaarlokale. Met die oog op die huidige onderwyskrisisse in die staatskole, en die aandag wat tuisonderrig en CVO skole geniet, neem die aktualiteit rondom rekenaargesteunde onderrig geweldig toe. Volledige pakkette is tans beskikbaar.

## 7. SAMEVATTING

Omdat alle denke op 'n konkreetaanskoulike onderste bewussynslaag berus, is konkrete hulpmiddels van groot belang in die onderwys. Resente navorsing toon dat mens tot 83% kan leer deur visuele ervaring. Hulpmiddels is van groot belang by die Bybelvakke, want dit help om die

leerlinge 'n duideliker beeld te gee op die wêreld van die Ou- en Nuwe Testament. 'n Bybelonderriglokaal is dus baie wenslik.

Omdat geloof 'n vaste vertroue is op die dinge wat ons nie sien nie, het konkrete hulpmiddels sy beperking in hierdie vakdissiplines. Hiermee saam is die Woord van God ook genoegsaam. God en Christus mag nie afgebeeld word nie. Die dramatisering van die Bybel moet sterk bevraagteken word.

Daar kan onderskei word tussen woordelike- en konkrete hulpmiddels. By woordelike hulpmiddels het ons die gesproke woord in die vorm van die verhaal en die toeligting met voorbeelde. Verder is daar nog die ouditiewe media soos die plaat, die radio, die kassetspeler en die didaktiese laboratorium.

By konkrete hulpmiddels kan daar onderskei word tussen visuele nie-projekterende, visuele projekterende en oudiovisuele projekterende media. Onder eersgenoemde resorteer Bybels, boeke, handboeke, skryfborde, prente en illustrasies, semi-prente, voorwerpe, monsters, modelle en die bulletinbord. In die tweede geval gaan dit oor die episkoop/epidiaskoop, die stereoskoop, die skyfie, die lisfilm sonder klank, die strookfilm en die truprojektor. In die derde geval handel dit oor die 8-, 16-, 32mm. film, die strookfilm, die skyf en die lisfilm, almal met klank, die televisie (toekring, oopbaan en videokasset) en geprogrammeerde Bybelkunde en Bybelonderrig met masjiene en die rekenaar.

## 8. BRONNE

Uit die aard van die saak was dit nie moontlik om alles te sê oor hulpmiddels nie en daarom wil ons, behalwe die reeds genoemde bronne, u nog verwys na die volgende waardevolle naslaanwerke oor hierdie onderwerp:

**BROWN, JW; LEWIS, RB and HARCLEROAD, FF; AW.** *Instruction, Media and Methods*, McGraw-Hill Book Company, New York.
**CABLE, R,** *Audio-Visual Handbook*, Capital Printers, Salisbury.
**CALLAHAN, JW.,** *Television in School, College and Community*, New York, 1953.
**CONRADIE, PJ,** *Van onderrighulpmiddel tot sisteemonderrig: 'n inleiding tot die onderwys tegnologie*, Durban, 1977.
**DALE, E,** *Audio Visual Methods*, New York, 1954.
**KINDER, JS**, *Using Audio-Visual materials in Education*, New York.
**McKNOWN, HC, and ROBERTS, AB,** *Audio-Visual Aids to Instruction*, McGraw-Hill Book Company, New York.
**RITTERSMA, Z,** *Het dramatisering van Bijbelse Geschiedenisse voor Jeugdigen*, Leiden, 1972.
**SANDS, LB,** *Audio-Visual Procedures in Teaching*, New York.
**SCHULTZ, MJ,** *The Teacher and the Overhead Projector: A Treasury of Ideas, Uses and Techniques*, Prentice-Hall, Inc., New York, 1965.
**SWART, JM,** *Die gebruik van die oorhoofse projektor in die onderrig van Geskiedenis met besondere verwysing na die aanbieding van die leerstof van die OVS Senior Sertifikaat by wyse van geskikte transparante*, Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Bloemfontein, 1971.
**VAN LOGGERENBERG, NJ,** *"Die didaktiese eise en Metodiek van die kategetiese onderrig aan die Senior Katkisasiegroep", in Onderrig uit die Woord*, Bloemfontein, 1974.
**WITTICH, WA and SCHULLER, CF,** *Audio-Visual Materials: Their Nature and Use*, Harper and Row, Publishers, New York, 1962.
**WEAVER, GG and BOLLINGER, EW,** *Visual Aids: Their Construction and Use*, New Yersey, 1961.
**YOAKAM, GA, and SIMPSON, RG,** *Modern Methods and Techniques of Teaching*, New York, 1957.

**BYLAE KJV 2**

## CHARISMATIESE GROEPE – DIE WARE FEITE

### INLEIDING

Die gereformeerde kerke in ons land, maar ook dwars oor die wêreld beleef in die tyd waarin ons leef, geweldige aanslae van alle kante – ook van die kant van charismatiese groepe. Die teiken is dikwels jongmense van die kerk wat 'n maklike teiken is omdat hulle, wat die geloof betref, nog redelik onervare en aan die begin van die weg van heiligmaking staan. Omdat ons jongmense nog besig is met verbondsonderrig, of dit so pas voltooi het, is daar nog baie vrae oor die geloof en is hulle dikwels onseker oor sekere geloofskwessies, en op hierdie stadium baie vatbaar vir beïnvloeding van buite. Dit is die tyd wanneer ons jongmense geestelik en moreel ondersteun moet word. Hulle vrae moet beantwoord word vanuit die Woord en ons belydenisskrifte, sodat hulle volkome sekerheid oor die suiwer leer van die Woord kan kry. Ook in hierdie tyd moet hulle gewaarsku word teen charismatiese groepe wat dikwels hulle kloue in jongmense slaan, en hulle met dwaalleer op 'n emosionele wyse beïnvloed. Hier geld die woorde van Mt. 7:15-20: *Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.* Met ander woorde – toets hulle belydenis en optrede aan die Woord van God. As dit nie daarmee ooreenkom nie, verwerp dit! En ongelukkig stem baie van die doen en late van die charismatiese kerke nie ooreen met die Woord van God nie.

**ONTSTAAN VAN DIE CHARISMATIESE BEWEGINGS**

Hierdie beweging het in 1901 ontstaan in Topeka in die VSA, toe daardie Bybelskool 'n *geestesdoop* ervaar het. Die groot jaar was eintlik in 1906 toe 'n sekere WJ Seymor van die Asuza Street Mission verklaar het dat hy die *geestesdoop* spesiaal ontvang het. Hiervandaan het dit na die res van die wêreld versprei.

**DIE AARD VAN DIE BEWEGING**

Aanvanklik was dit slegs bedoel om 'n vernuwingsbeweging te wees, maar dit het spoedig tot aparte organisasies ontwikkel. Daar word sterk klem gelê op emosie, en die vurige opsweping van 'n ekstrovert word dikwels verwar met die leiding van die Heilige Gees. Hierdie beweging staan ook afsydig teenoor geleerdheid, die ampte, die kerklike lewe, dogma, orde, en organisasie (wat alles direkte opdragte van die Here is - vergelyk Hd 6, 1 Tm 3:1-16; 1 Tm 4:6-16; 1 Kor 14 26, 33 en 40). Verder word die verstandelike dinge (die kennis) ondergeskik gestel aan die emosionele. Aanvanklik was die beweging fel anti-kerklik, en daar was geen gesprekvoering met Christelike kerke nie. Christelike kerke word dikwels as dood en sonder die Heilige Gees veroordeel. Daar is vandag 'n groot verskeidenheid charismatiese groepe en versplinterings met elk sy eie standpunt oor die Bybel. Die versplintering is die gevolg daarvan dat hulle geen belydenisskrifte het wat die suiwer leer uiteensit nie, wrywing ontstaan oor hoe die Bybel dan verstaan moet word, en elke keer vorm 'n nuwe versplintering met gewoonlik net een of twee gemeentes landwyd.

**DWALINGS**

Hierdie groepe aanvaar wel belangrike leerstukke van die Byel soos die Drie-Eenheid, die Godheid en die mensheid van Jesus, die Heilige Gees as een van die drie Persone in die Drie-eenheid ens. Op hierdie punte het hulle ook skeeftrekkings soos bv. die oorbeklemtoning van die werk en die persoon van die Heilige Gees, ten koste van die persoon en werk van die Vader en die Seun.

Die geestesdoop of die doop met die Heilige Gees, is ook 'n besondere kenmerk van hierdie groepe. Hierdie saak staan vir hulle sentraal en op baie maniere word gepoog om dit deelagtig te word. Die geestesdoop word gesien as 'n tweede besondere ervaring of vervulling met die Heilige Gees. Dit word gesien as 'n nuwe stap van geestelikheid en plaas die ontvanger daarvan op 'n hoër trap as die gewone gelowiges. Dit lei gewoonlik tot geestelike meerderwaardigheid soos wat by die Korinthiërs voorgekom het (1 Kor 12-14). Daar word ook 'n skerp onderskeid gemaak tussen die wedergeboorte en die geestesdoop. Volgens hulle word 'n persoon eers wedergebore nadat hyself so besluit het, en daarna ontvang hy die Heilige Gees. Die mens staan dus sentraal in sy verlossing om die besluit te neem. Maar dis nie wat die Woord van die Here vir ons leer nie. Die Skrif leer baie duidelik dat die mens se weg van saligheid begin by die Heilige Gees wat die wedergeboorte in 'n mens se hart werk (Esg 36). Die verlossing is nie van die mens se besluit afhanklik nie, maar van God se besluit! Ef 2:8 sê tog baie duidelik: *Want uit genade is julle gered, deur die geloof en dit nie uit julle self nie – dit is die gawe van God.*

Hierdie dwaalleer van die vrye wil van die mens is al so oud soos die berge, en is al deur die sekte van Pelagius in ongeveer 200 n.C. geleer, en tóé al deur die kerkvader Augustinus weerlê. Ook het Luther en Calvyn dit in die 15de eeu weer uitgewys as dwaalleer en die suiwer leer van die Bybel daarnaas gestel in die belydenisskrifte (vergelyk die Dordtse leerreëls). Die Heilige Gees werk dus van die begin af die wedergeboorte in 'n mens, en nadat jy tot geloof gekom het deur sy werking, ontvang jy die gawe van die Heilige Gees (Hd 2:38).

Hierdie groepe is van mening dat 'n mens meer as een keer die Heilige Gees kan ontvang, en dit word genoem die *second blessing*. Dit is 'n onbybelse standpunt! Nêrens in die hele Bybel hoor 'n mens daarvan dat gelowiges die Heilige Gees stukkie vir stukkie ontvang nie, of dat 'n mens die Heilige Gees 'n tweede of derde keer kan ontvang nie! Die Bybel leer dat iemand wat deur die verlossing Christus in sy lewe ontvang, ook die Heilige Gees ontvang (Jn 3:5). Dit vind net *een keer* plaas (vgl. Hd 2).

Hierdie groepe verwerp ook die leer van die uitverkiesing soos uiteengesit in die Dordtse Leerreëls, en soos uit talle plekke uit die Skrif na vore kom (vgl. Ef 1:4-6; Rm 8:30; Rm 9:11-13; Hd 13:48; Jn 15:16; Jn 6:44; Mt 20:16; Mt 22:14; Mk 13:20; Jn 13:18).

Hierdie groepe verwerp ook die kleindoop en aanvaar net die grootdoop. Hulle gebruik dikwels die teksvers Mk 16:16: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word* ... en sê daarmee dat jy eers jou geloof moet kan bely en daarna gedoop word. Daarom is die kinderdoop vir hulle onaanvaarbaar. Maar dit is presies die fout wat talle van hierdie groepe maak, nl. om tekste buite verband aan te haal om hul standpunt te staaf, en nie om teks met teks te vergelyk en na die agtergrond van die teks te kyk en die ware bedoeling en boodskap daarvan nie! In Mk 16 word die evangelie vir die eerste keer aan heidene wat reeds volwassenes was verkondig, en dié wat wel tot geloof kom deur die werking van die Heilige Gees en glo in die Blye Boodskap, word gedoop! Hoe kan dit nou in alle gevalle geld? Gereformeerde kerke bedien ook die doop aan volwassenes wat die eerste keer tot geloof kom en wat voorheen nog nie gedoop was nie. Maar op talle plekke in die Bybel sien ons dat die doop ook aan hele gesinne bedien is – kinders ingesluit (vergelyk Hd 16:14-15 en 31-34 asook Hd 11:14 en Hd 2:39). Die doop het tog die besnydenis van die O.T. vervang (Kol. 2:11-12), en is die kinders dan nie besny op 8 dae en het so deel van die verbond geword nie? Die nuwe verbond het tog die ou verbond vervang! Daarom mag ons ons kinders klein doop, en is dit Bybels regverdigbaar!

Hierdie groepe lê ook groot klem op die charismatiese gawes soos spreek in tale, duiweluitdrywing en geloofsgenesing. Dikwels word deur dié groepe gesê dat as iemand nie oor hierdie gawes beskik nie, hy nie 'n ware gelowige is nie. Die teksvers wat hulle hier as bewys gebruik is Mk 16:17-18. Weereens word uit hierdie tekste aangehaal net dit wat hulle pas en hulle standpunt steun, want in die twee verse staan ook dat deel van die charismatiese gawes is om slange op te neem en gif te drink. Waarom word die ander gawes dan uitgehaal en toegepas, en hierdie twee nie gebruik nie?

Spreek in tale word by hierdie groepe baie hoog geag. In die Bybel sê Paulus egter dat dit heel laaste aan die lys moet kom (vgl. 1 Kor 12-14). Paulus sê in 1 Kor 14:19: ... *in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek ... as tienduisend woorde in 'n taal.* Hierdie groepe sê dikwels ook dat om in tale te spreek 'n bewys is dat iemand 'n ware gelowige is. Maar in die Bybel staan dit anders. Paulus sê in 1 Kor 14:22: *Die tale is dus 'n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges; die profesie egter is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges.* Gelowiges het dus nie tale nodig nie, maar wel profesieë. En wat is dit anders as die uitlê van die Woord tydens die erediens op 'n Sondag.
Duiweluitdrywing en geloofsgenesing is ook deel van dié groepe se aktiwiteite. Dit gaan gewoonlik gepaard met groot rituele en emosionele vertonings waar honderde mense bymekaar is. Die vraag is: Oor wie gaan dit by hierdie vertonings? Oor die Here, of oor die mense? Is hierdie vertoning nie dikwels net om mense te beïndruk en na hulle groepe te lok nie? Hulle gaan dikwels ook van die standpunt uit dat siekte uitsluitlik uit die duiwel is en dat die Here almal *wil* genees. Dit is 'n onskriftuurlike standpunt. Kan siekte nie ook van God af kom nie (die 10 plae se pes en swere; vgl. ook Kl 3:38)? Vergelyk ook Jn 9:2 oor die man wat blind gebore was, en hoe Jesus gesê het dit deur God so beskik is om sy werke hier op aarde later te openbaar. Siekte kan wel ook van die duiwel kom, bv. Job (dit was egter steeds onder die beherende hand van die Here), maar dit kan

ook deur jouself kom bv. as jy iets eet wat jy weet sleg geword het, en daarna siek word. Die groepe beweer ook dat as iemand (gewoonlik die voorganger) se geloof sterk genoeg is, kan hy genesing bewerk. Die vraag wat nooit opkom by die geloofgenesers of duiweluitdrywers nie, is: is dit die wil van die Here dat so iemand gesond word? Dikwels word die Here beveel om genesing te bewerkstellig. Dit is nie net baasspelerig om so op te tree nie, maar ook die miskenning van *laat U wil geskied.* Talle geloofsgenesers is al uitgewys as bedrywers van *wit magie* (duiwelse toordery). Die bekendste van hulle was William Branham. Die gereformeerdes glo dat die Here op sy tyd en op sy wyse siek mense sal genees as dit sy wil is. Die gawe van genesing was destyds spesifiek aan die apostels en hulle alleen toevertrou. Dit moes dien vir 'n kragtige advertensie van die jong Christenkerk. Ons het geen opdrag in die Bybel om hierdie bevel voort te sit nie! Ons moet net vir gelowiges bid en nie die Here se werk probeer oorneem, wat dikwels ter wille van eie gewin is nie. Jak 5:14-15 sê: *Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid ... En die gebed van die geloof sal die kranke red en die Here sal hom oprig.* Vers 16 sê: *... bid vir mekaar sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag!*

Volgens die charismatiese groepe kan die Heilige Gees net op een manier werk, nl. in die buitengewone dinge soos spreek in tale, geloofsgenesing, ens. Daarom sê hulle die gereformeerde kerke is dood en sonder die Heilige Gees omdat daar nie sulke dinge plaasvind nie. Weereens gebruik hulle net dit in die Bybel wat hulle pas en bestudeer hulle nie die volle Woord om die ware feite te bekom nie. Talle mense en ook die charismatiese groepe wil dan weet hoekom is daar nie charismatiese gawes in die gereformeerde kerke nie? Maar dis net mooi waar hulle die fout maak, want daar is ook charismatiese gawes in die gereformeerde kerke. Die prediking, bediening, lering, onderrigting en diens van barmhartigheid is alles ook charismatiese gawes wat aan ons gegee is deur die Heilige Gees volgens Rm 12:6-8. Daar word dit *genadegawes* genoem, en in Grieks *charismata.* En is dit nie ook presies wat in ons kerke plaasvind nie? Die Heilige Gees werk ook deur *gewone* dinge, nie net deur buitengewone dinge nie.

Wat is die AP Kerk se standpunt oor die spreek in tale? Sal 'n persoon toegelaat word om in tale te spreek binne of buite die erediens? Nee, want die erediens moet ordelik geskied soos die Here beveel het (1 Kor 14:40). Spreek in tale was in die antieke tyd as openbaringe van God gesien. In die moderne tyd het ons nie meer openbaringe nodig nie, want die Here het in sy Woord vir ons alles genoegsaam geopenbaar wat vir ons saligheid nodig is, en ons glo aan 'n geslote kanon. Daarom moet ons veel eerder die Woord verkondig omdat ons weet dit is waar. Paulus sê dat hy liewer in die gemeente vyf woorde met sy verstand spreek as tienduisend in 'n taal. Verkondig eerder die Woord sodat almal daarby baat kan vind. Die Woord is kontroleerbaar – ons het dit swart op wit en weet dis die waarheid. Maar spreek in tale is onkontroleerbaar – dit kan 'n bedrogspul wees.

**HOE MOET OUERS OPTREE TEEN HIERDIE GROEPE?**

Dit gebeur dikwels dat jongmense deur vriende gevra word om saam met hulle na die groepe se byeenkomste te gaan. Wat moet die ouers se antwoord wees? Eerstens moet u rustig en kalm hierdie groepe se standpunte bestudeer en gaan **toets aan die Woord van God**. Wys die dwaalleer duidelik uit vir u kind en oortuig hom/haar om nie hierdie byeenkomste by te woon nie. 'n Mens spring tog nie eers in die vuur voordat jy weet jy kan brand nie. **MOENIE U KIND TOELAAT OM NA HIERDIE GROEPE SE BYEENKOMSTE TE GAAN NIE (NIE EERS EEN KEER NIE), WANT HULLE GAAN U KIND OP 'N SUBTIELE WYSES SIELKUNDIG EN EMOSIONEEL OORREED OM TE VAL VIR DIE DWALINGE!!**
Wys vir u kind by die huis waarom die Bybel sê ons by die suiwer leer moet bly en by dit wat jy geleer het. Lees gerus 2 Tm. 3:10-17 en moedig u kind eerder aan om by u plaaslike gemeente se aktiwiteite in te skakel. Elkeen van ons het die verantwoordelikheid om alle groepe en kerke aan die Woord van God te toets en ons by die suiwerste kerk te voeg! Die charismatiese groepe is beslis nie suiwer nie, want hulle slaag nie die toets van die Woord van God nie!
**HOOFBRON**: Sektekunde lesings – AP Kerk Akademie

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (KOO)
## Tydperk 12 September 1999 tot 30 Maart 2001

### 1. VOLWAARDIGE KOMMISSIE

Kragtens die sinodebesluit (*Handelinge 1999*, bl 441, pt 7.1) is 'n verdeling van die KVO bewerkstellig, wat volwaardige status aan die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding verleen het, met 'n ledetal van 4.

### 2. PERSONEEL

Lede deur die sinode van 1999 verkies: Di. FJ van der Merwe (sameroeper), JB Trollip en JP Bezuidenhout en oudl. HJ Hayes.

### 3. VERGADERINGS

Drie vergaderings van die volle Kommissie het plaasgevind.

### 4. LASGEWING

Voortspruitend uit die sinodebesluit soos in 1. hierbo is aandag aan die Kommissie se lasgewing gegee en word die volgende voorgestel:

**4.1** Hou die sinodes op die hoogte wat die stand en voortgang van veral Christelik-volkseie onderwys en opvoeding betref, en doen aanbevelings in hierdie verband.

**4.2** Dien die sinodes van inligting ten einde ondersteuning aan ouers, onderwysers, opvoedkundiges en vakspesialiste te kan bied, sodat daarvoor geywer kan word dat leerplanne en handboeke van 'n Christelik-volkseie grondslag sal wees.

**4.3** Is instrumenteel in die sinodes se handelinge om voorligting aan ringe, gemeentes, kerkrade en lidmate te gee oor die uitbouing van Christelik-volkseie onderwys (met inbegrip van bewaarskole en pre-primêre skole), sodat hulle hulle voortgaande vir Christelik-volkseie primêre, sekondêre en tersiêre inrigtings kan beywer.

**4.4** Dien, in samewerking met die Sentrale Kerkekommissie (SKK) as skakel tussen sinodes en die onderwysowerheid/owerheidsinstellings en onderwysvoorsieners.

**4.5** Is met beplanning gemoeid indien daar in bepaalde omstandighede oor Christelik-volkseie tersiêre onderwysinstellings deur die sinodes besluite geneem word.

**4.6** Beskou *ad hoc*-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

**AANBEVELING**

**4.7 Die sinode keur die lasgewing van die KOO goed.**

### 5 UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN DIE SINODE

**5.1** Opstel van omvattende kurrikulum vir Bybel-Godsdiensonderrig (*Handelinge 1999*, bl. 462, pt. 5.8.1.b)

**Die opdrag:**
*Die sinode besluit om dit aan die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding op te dra om 'n omvattende kurrikulum op te stel vir gebruik deur ouderlingerade en leraars vir Bybel-/Godsdiensonderrig by ons skole. In die verband besluit die sinode om die bestaande stof van die BCVO te gebruik en/of ondersoek in te stel na ander geskikte stof.*

**5.1.1** Die Kommissie het in sy beraadslaginge ook kennis geneem van 'n volledig uitgewerkte kurrikulum vir Bybelonderrig waaroor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) beskik en wat tans geredigeer en bygewerk word, met die doel om dit vir gebruik in die skool en in die ouerhuis gereed te kry. Die Kommissie is van oordeel dat, benewens die bestaande stof van die

BCVO, die materiaal van die VCHO ook ter hand gekry moet word vir evaluering sodra dit gereed is.

**AANBEVELING**
**5.1.2 Die sinode besluit dat, benewens gebruikmaking van die materiaal vir Bybelonderrig van die BCVO, dié van die VCHO, sodra dit gereed is, ook ter hand gekry moet word vir evaluering met die oog op gebruik in skole en vir huisgodsdiens.**

**5.2 Voortsetting van die gesprek met die VCVS** (*Handelinge 1999*, bl. 506, pt. 5.3)
**Die opdrag:**
*Die sinode gee opdrag aan die KOO om gesprek met die VCVS voort te sit vir amptelike toeligting in verband met die werkwyse en beheer van die vereniging.*

**5.2.1** Die gesprek met die Vereniging vir Christelik-volkseie Skole (VCVS) kon nie plaasvind nie, aangesien die vereniging nie meer bestaan nie. Die meeste van die skole het by die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO) ingeskakel. Daar is na die wete van die kommissie nog enkele volkskole wat buite die BCVO staan.

**AANBEVELING**
**5.2.2 Die sinode beskou die opdrag van die KOO, in die lig van die mededeling oor die VCVS, as afgehandel.**

**5.3** Bykomende voorstel goedgekeur onder pt 5: Evangelisasie-opdrag en/of sendingopdrag vanuit die Woord en opdrag aan alle samelewingsverbande – ook gelowiges in skoolverband (*Handelinge 1999*, bl 506, volgende op pt 5.4)

**Opdrag van sinode:**
Die opdrag volgens die *Handelinge van die sinode, 1999*, bl. 506:5, behels die volgende:
*Die sinode gee opdrag aan die KKCE en die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding om die volgende sinode met 'n verslag en aanbeveling te dien oor die evangelisasie-opdrag en/of sendingopdrag vanuit die Woord en opdrag aan alle samelewingsverbande – ook gelowiges in skoolverband.*

**Uitvoering:**
Die kommissie wens soos volg te rapporteer:
**5.3.1** Die kommissie het geoordeel dat hierdie opdrag in die besonder gaan rondom die terrein van die "gelowiges in skoolverband" aangesien daar reeds sinodale besluite aangaande die evangeliseringstaak van die kerk (*Sakelys 1990*, p 389 - 293; *Handelinge 1990*, p 563, 3.1.4.1) en die brosjure in verband met sending bestaan.
**5.3.2** Daarom herformuleer die kommissie die opdrag soos volg:
"Die evangelisasie- en/of sendingopdrag aan gelowiges in skoolverband"

**5.4 Die evangelisasie- en/of sendingopdrag aan gelowiges in skool-verband**

**5.4.1 Wat is die "evangelisasie-/sendingopdrag"?**
Die sinode van 1990 het reeds die volgende omskrywing, en onderskeiding gemaak met betrekking tot "evangelisering" (*Handelinge 1990*, bl 356. 3.1.4.1.; Bylaag 1 vir die begronding van die sinode van hierdie besluit):
Die sinode aanvaar die volgende terrein- en begripsbepaling t.o.v. die roeping van die gemeente van Christus:
Uitgaande van die basiese roeping van die mens om God te verheerlik (Mt. 28:19; Ef. 4:11-16) word twee terreine onderskei in die bereiking van hierdie doel, nl.:

1. Die gemeentelike terrein na binne: die opbou, toerusting, opsig oor en pastoraat aan die gelowige deur die besondere ampte aan die amp van die gelowige, asook onderling aan mekaar. Dit is die terrein vir gemeentelike versorging.

2. Die wêreldlike terrein na buite: die bring van die Evangelie aan ongelowige mense wat nog nie (of nie meer) ingeskakel is by die gemeente nie. Dit geskied deur getuienisse, prediking of enige

ander evangeliseringsmetode deur die besondere en/of algemene amp. Hierdie terrein vir Evangelisering word onderverdeel t.o.v. die benaderingswyse van die objekte, nl. die buitekerklike en die heiden.

In die begronding van die wêreldlike terrein na buite word die terrein breedweg verdeel in die "evangelisasieterrein" (hulle wat kennis van die Woord het, maar nie deel is van die kerk ) nie, en die "sendingterrein" (die heidene).
As daar dan sprake is van evangelisasie en/of sending, dan vind dit buite die kerk plaas aan buitekerklikes. Die arbeid aan die gemeente val onder die opbou van die gemeente wat deur die besondere ampte en lidmate onderling verrig word.
Die vraag is nou: onder watter terrein val die skool?

### 5.4.2 Onderskeibare verantwoordelikheidsdimensies tussen die verbondsgesin, die skool (Christelik gefundeer) en die Kerk

Die Kommissie het in sy ondersoek ook op die onderskeibare verantwoordelikheidsdimensies tussen die verbondsgesin, die verbondsouerskool en die kerk (in Gereformeerde sin) ingegaan. Die opvoedingsverantwoordelikheid aan die verbondsgesin opgedra, soos onder meer in Deuteronomium 6 en ander Skrifverwysings, word duidelik nie as 'n evangelisasie-opdrag gegee nie. Ooreenkomstig die Gereformeerde beskouing van die verbondsgesin en soos trouens ook deur die AP Kerk gehandhaaf het die verbondsgesin die verpligting, ooreenkomstig die doopgelofte om "....in dié leer te onderrig en te laat onderrig....."; – "dié leer" verwysende dus na alles wat in die Woord betreffende die inhoud en betekenis van die verbond aan die verstand en aan die hart gebring behoort te word. Hieruit spreek dit dat alles wat met die Woordopenbaring verband hou, m.a.w. alle kennis van die Drie-enige God (in soverre as wat dit Hom behaag het om aan die mens bekend te maak), die mens as sodanig en die skepping, hieronder verstaan word.
Terwyl in die verbondsgesin die basiese opvoedingsfondament in verband met die menslike persoon gelê (moet) word (waar dit primêr oor godsdienstige en sedelike karaktervorming gaan), is die verbondsouerskool toegerus om die gespesialiseerde kennisoordrag te doen, met die oog op die ontsluiting van die werklikheid. Dit berus uiteraard op die opvoedingsfondament waarop voortgebou moet word. (Die beredenering maak daarvoor ruimte dat in uitsonderlike omstandighede die gespesialiseerde kennisoordrag óók deur die verbondsouer behartig sou kon word.) Volgens die vroeër-ingenome standpunt dat die verbondshuis die verantwoordelikheid het om te onderrig en te laat onderrig, beteken dit dus dat die verbondsouer die plig het om toe te sien dat in alles wat in die skool gebeur, die Skrifopenbaring steeds verreken sal word, sodat vreemde leringe wat daarmee in stryd is, uitgeweer word. Dit sou dus as verbondsopvoeding en -onderrig by die huis en by die skool bestempel kon word. Die primêre roeping van die skool as verbondsonderwys is daarom kennisoordrag in ooreenstemming met die Skrif. Die konsekwensies hiervan is dat vakinhoude en -onderrig/-onderwys van 'n Christelike grond- en inslag sal moet wees; dus Skrifgefundeerd.
Die kerke van Gereformeerde belydenis het eweneens 'n belang daarby en 'n verantwoordelikheid daartoe dat Christelike opvoeding en onderwys in die skool teregkom, sodat die eenheid van die Christelike leer en geloof gestand gedoen word. Dieselfde burger van die Koninkryk wat Sondag in die erediens plaasneem is ook die burger wat gedurende die week as deelhebber aan 'n aardse bedeling die Skrifbeginsels moet laat geld. 'n Tweeslagtigheid is nie houdbaar nie. In die uitoefening van haar verantwoordelikheid sal die kerk haar egter nimmer (behalwe in uitsonderlike omstandighede) op die terrein van die skool begewe, behalwe om haar profetiese roeping in hierdie opsig konsekwent te vervul en haar invloed te laat geld. Die kerk eerbiedig dus die onderskeidende terrein van die skool.
In die Nuwe Testament word die opdrag tot evangelisering nie aan die skool nie, maar wel aan die kerk gegee (vgl. die bekende Matthêüs 28:19), wat dus die kerk se onderskeidende roeping kwalifiseer, terwyl die verantwoordelikheid van die verbondsgesin eweneens nie daardeur opgehef word nie. Indien evangelisering tot roeping van die skool gestempel word, sal dit 'n verkerkliking van die skool tot gevolg hê wat die eie aard van die skool in die gedrang sal bring. Wat die skool betref, behoort die eis te wees: verchristeliking van die vakinhoude en -onderrig om aan die skooltipiese roeping uitvoering te gee. Die Woord van God behoort derhalwe óók in die onderwys sentraal te staan onderwyl daar in die verbondsouerskool steeds voortgebou word op die opvoedingsfondament wat in die verbondshuis gelê is/word. Hierdie skool gaan van die veronderstelling uit dat daar basiese tuisopvoeding sal wees. Institusioneel hou die skool hom dus

nie met evangelisering besig nie, maar laat nogtans die Christelike invloed geld deur die besondere inkleding van die opvoedings-/onderrigprogram.

**5.4.3 Die opdrag aan die gelowige**
Die "gelowige" waarvan hier sprake is, word sekerlik gesien as die A P Kerk-lidmaat, aangesien hier vanuit 'n A P Kerk-sinode gepraat word. Die gelowige sal uit die aard van sy profetiese taak as gelowige die taak hê om oral 'n getuie te wees. Daarom sal die Christen-onderwyser, waar die geleentheid hom voordoen, wel 'n kind geestelik kon bearbei. Dit sou egter nie die skool verkerklik indien dit gebeur nie. Die onderwyser sou daardeur net sy opdrag as gelowige uitvoer.

**AANBEVELING**
**5.4.4.1 Die sinode keur die studiestuk goed.**
**5.4.4.2 Die sinode wys kerkrade en ouers op hul sending- en evangelisasietaak soos vervat in die dokument: *Elkeen oral 'n getuie.***

## 6. UITVOERING VAN OPDRAGTE VOORTSPRUITEND UIT DIE LASGEWING

## HUIDIGE STAND VAN BYBELKUNDE EN BYBEL-ONDERRIG IN STAATSKOLE

**6.1 Die verslag van die ministeriële komitee vir godsdiens-onderrig volgens die bepalinge van die Onderwyswet van 1996 in Suid-Afrika**
Die konsepriglyne vir Godsdiensonderrig geplaas deur die minister van onderwys van die sentrale ANC-regering in *Staatskoerant* nr 19775 van 13 Februarie 1999 is om onverklaarbare redes nog glad nie gefinaliseer of geïmplementeer nie. Moontlik is dit omdat anti-christelike magte in die regering nie vir Christene die geleentheid gun tot Christelike Bybelonderrig nie.

Die volgende positiewe geleenthede in die verslag is dus nog nie beskikbaar nie:

**6.1.1 Denominasioneel**
(Uit die: Opsomming van die bestuur (van die ministeriële komitee)):
Die riglyne maak dit vir individuele skole moontlik om Godsdiens-opvoeding volgens eie oortuiging en begrip in te rig, mits dit nie op die konstitusionele regte van leerlinge en opvoeders indruis nie (5 par 3). Onafhanklike skole kan hulle eie Godsdiensonderrigbeleid ontwikkel, maar dit moet in die wetlike raamwerk van hierdie riglyne (hoofstuk 12) en die *Suid-Afrikaanse Skole Wet* van 1996, #45 (3)a, inpas.

**6.1.2 Eie inhoudgewing en aanvulling**
(Uit die: Aanbevelings (van die ministeriële komitee)):
Algemene opvoeding en onderrigbande (Grade 0-9):
Opsie 4 gee aan die skole die geleentheid om die godsdienstige uitkomste van Kurrikulum 2005 met eie toepaslike inhoud te vul wat 'n "veelheid van perspektiewe" insluit; asook 'n eie aanvullende godsdiens-opvoedingsprogram in "aanpasbare, beskikbare tyd." Die beleid moes gelyktydig saam met Kurrilulum 2005 in werking gestel word.

**6.1.3 Kernkeuses:**
'n Sub-studieveld, Bybelkunde hoër- en standaardgraad (Christian Studies genoem), kan onder Mens- en Sosiale Wetenskappe onder die Studieveld "Gemeenskap en godsdiens" aangebied word. (Waarskynlik 'n 'keusevak' in grade 10-12)
Hierdie studies moet akademies- en beroepsgerig wees. Aspekte soos hermeneutika; historiese agtergrond; kritiese en interpersoonlike vaardighede, moet ingesluit word.

Bybelkunde word wel nog as keusevak in grade 10-12 toegelaat, maar alle ondersteuning aan die vak is in die meeste provinsies onttrek. Vakadviseurs word nie aangestel nie en gewese adviseurs is na ander terreine soos gespesialiseerde onderwys verskuif. Vakatures in Bybelkunde word nie geadverteer of gevul nie. Getalle van leerlinge wat die vak kies, daal skerp, ondanks pogings van die SAFCERT sub-komitee vir Bybelkunde om die vak te ondersteun. Christelike kerke sal die vak aktief moet propageer, anders sal dit uitsterf.

### 6.1.4 Die Enkelgodsdiens model (Noord-Ierland en Lesotho)

Die model word steeds sterk deur die owerheid afgewys as gegrond op die "staatsgodsdiens"-idee. Dit word as ondemokraties beskou, teen die bestaande konstitusie van die ANC-staat en onderdrukkend teen minderhede se godsdiens.

Voorgenoemde is totaal onwaar:
As die godsdiens-onderrig by 'n skool op die keuse van die ouers berus, gee dit ouers juis hul demokratiese vryheid om hul kinders in 'n eie godsdiens en lewens- en wêreld-beskouing op te voed. Die konstitusie waarborg juis groepe se kulturele en godsdienstige vryhede. Voorsiening vir minderheidsgroepe om godsdiens deur eie godsdiens-onderwysers te laat onderrig, word juis deur sulke groepe verwelkom en is nie onderdrukkend nie. Buitendien, die keuse van 'n skool deur ouers behoort immers godsdienstige en kulturele oorwegings in te sluit.

### 6.1.5 Die Parallel Enkelgodsdiens model (Nigerië en Israel)

In dié model kies groepe ouers in die skool die leerinhoud vir Godsdiens-onderrig van hul eie kinders. Alhoewel dit toegegee word dat die meerderheid Suid-Afrikaners deur hul voorleggings hierdie model verkies, word dit nog nie geïmplementeer nie. Die model is ook by 'n reeks onderwyskonferensies (byvoorbeeld die konferensie in Mmabatho van die Lid van die Uitvoerende Raad vir Onderwys in 1996) as model voorgestel.

Dit word vanweë ANC politieke redes afgewys. Die ANC is nie bereid om die voorleggings uit "grondvlak" hier te aanvaar nie. Demokratiese optrede pas nie hier hul beleid nie. Dit sou dan tot "polarisasie"; "godsdienstige apartheid" lei en die ANC se uniale staatsidee (smeltkroes) ondermyn. Kinders mag onredelik godsdienstig beïnvloed word. Dit is ook teen die wêreldeenheid-idee en kan "onprakties" wees.

Hierdie model word juis internasionaal as die ware "demokratiese" model beskou omdat dit ouers se demokratiese vryheid om hul kinders in vryheid in hul eie godsdiens op te voed, eerbiedig. Dit is die enigste model wat die Bybelse gelowige kan pas. (Deut 6: 4-15)

## 6.2 Waarnemings van die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding ten opsigte van die Ministeriële Komitee vir Godsdiensonderrig

Die uitgangspunte van die ministeriële komitee is steeds polities van aard. Die eerste uitgangspunt vir Godsdiensonderwys (Lewensopvoeding in uitkomsgedrewe onderwys) gepropageer is: "the need to contribute significantly to nation-building". Hierdie party-politieke oogmerk van die ANC-regering (om die nasies/volkere in Suider Afrika saam te dwing in een nasie) bepaal dus die karakter van die voorgestelde Godsdiens-opvoeding in die ANC beheerde staatskole. Ander politieke gesigspunte soos selfbeskikking, konfederalisme en federalisme van opposisie partye moet nou onder die dekmantel van godsdiens beveg word. Ook die unieke aard van die Christendom en Christus self (as die enigste werklike Verlosser volgens *Handelinge* 4:12) word blatant om politieke redes geïgnoreer. Die eie verskuilde politieke agenda van die ANC gee dus in die ministeriële komitee se verslag die toon aan.

In die spesifieke uitkomste van Kurrikulum 2005 (spesifieke uitkomste, graad 7 as 'n voorbeeld) word klem steeds gelê op:

- "Ubuntu" (Afrika-sosialisme).
- Menseregte.
- Menslike waardes en moontlikhede (Humanisme).

Die inbring van nie-Bybelse studiemateriaal in die Godsdiensonderwystyd word ervaar as 'n poging om die Christelike leerling te vervreem van die Bybelse wortels van sy opvoeding:

- Die voorgestelde Godsdiensonderwysbeleid bevat 'n duidelike en dikwels anti-christelike karakter.
- Dit is deel van die ANC se beleid gegrond op hul holistiese staatsidee.
- Dit is in wese humanisties van aard en wil Godsdiensonderwys vervlak tot 'n horisontale etiese studie van menslike idees.

- Dit wil sinkretisme tot een wêreldgodsdiens in die staatskole probeer bevorder. Dit word reeds deur die SABC-godsdiensprogramme aktief gepropageer.
- Dit laat geen ruimte vir Christelik-volkseie onderwys toe nie en is dus ondemokraties en onderdrukkend teenoor die Boere-Afrikanernasie.

### 6.3 Die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding (IKOO)

(Kyk verslag van waarnemer soos in BYLAE KOO 1)

Die IKOO steun die beleid van die regering aktief. Die IKOO se werkgroep vir waardes in die onderwys het vanjaar die horisontalisme in die onderwys heelhartig ondersteun.

Die volgende waardes word aktief gepropageer: Gelykheid en veeltaligheid; eerlikheid; integriteit; verdraagsaamheid; opmerksaamheid; verantwoordelikheid; meegevoel; altruïsme; regverdigheid en respek vir andere se gelowe. Die waardes word bloot humanisties gepropageer sonder die begronding in die Woord van God. Liefde tot God met die hele hart; verstand en kragte word doelbewus verswyg. Van gehoorsaamheid aan Christus en sy Woord is daar geen sprake of getuienis nie.

**AANBEVELINGS:**

**6.4.1 Die sinode versoek kerkrade om die gevare (uitgewys deur die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding) in Godsdiens-onderwys in openbare skole onder die aandag van ouers en onderwysers te bring.**

**6.4.2 Die sinode besluit dat die onderwys in openbare skole nie meer die ideale onderwysmedium vir Boere-Afrikanerkinders is nie, aangesien die inslag die kinders vervreem van hul Calvinisties-gereformeerde godsdiens en Boere-Afrikanerkultuur.**

**6.4.3 Die sinode wys verbondsouers op hul verantwoordelikhede kragtens hul doopgelofte. Bybelonderrig en Christelike opvoeding moet 'n prioriteit vir ouers in elke verbondshuis word.**

**6.4.4 Kerkrade word versoek om toe te sien dat die tyd en geleenthede vir Godsdiens-onderrig ten volle deur kwaliteit verbondsopvoeding benut word.**

**6.4.5 Die sinode versoek kerkrade om ouers aan te moedig om hul kinders in skole waarin Christelik-volkseie onderwys moontlik is, te plaas.**

**6.4.6 Die sinode versoek kerkrade om onderwysers in alle skole aan te moedig om (staande in die amp van gelowige) Bybelse leerstof en gesigspunte in alle vakke aktief by te werk waar van toepassing. Tyd afgestaan vir Godsdiens-onderwys moet in die eerste plek vir Bybel-onderrig gebruik word. Bybelkunde moet aktief in grade 10-12 bevorder en beskerm word.**

**6.4.7 Die sinode verwerp die gebrek aan Christelike getuienis en die onomwonde belydenis van Christus se Koninskap op alle lewenstereine in die werksaamhede van die IKOO.**

**6.4.8 Die sinode versoek die SKK om dringend in gesprek te tree met Christelike kerke oor:**

- **Die vertraging in die finalisering van die genoemde verslag van die ministeriële komitee vir Godsdiensonderrig.**
- **Die propagering en behoud van die Parallel Enkelgodsdiens model (Nigerië en Israel) in die finale verslag en onderwyskeuses.**
- **Die humanistiese rigting binne die IKOO.**

## 7. GESPREK MET AFVAARDIGING VAN DIE BEWEGING VIR CHRISTELIK-VOLKSEIE ONDERWYS (BCVO)

'n Gesprek tussen die KOO en die BCVO, op versoek van lg., het op 30 Maart 2001 plaasgevind. Kragtens die bepalings van die lasgewing van die kommissie moet skakeling van hierdie aard in samewerking met die SKK plaasvind. Daar is met die lede van die SKK geskakel, maar nie een van die lede was vir daardie datum beskikbaar nie. Aangesien die KOO se gewone werkvergadering reeds vir daardie dag te Pretoria geskeduleer was, is daar in oorleg met die SKK ooreengekom om met die gesprek voort te gaan, met rapport aan die SKK.

Die afgevaardigdes van die BCVO was prof A Swart, mnr P Bruwer en ds A van Staden. Prof Swart het die gesprek ingelei deur die grondbeginsel waarop die BCVO berus te stel, met verwysing na

die Skriftuurlik-reformatoriese opvoeding, onderwyskunde en vakonderwyskunde, toegelig aan die hand van 'n dokument getiteld *Capita Selecta: Calvinistiese Opvoedkunde en Onderwyskunde* (wat aan die Kommissie beskikbaar gestel is) en wat die terrein wat die BCVO vir hom afgebaken het, baie duidelik onderskei van die heersende onderwys-/opvoedkundige geestesstrominge in Suid-Afrika. Hiervolgens word uitgegaan van die soewereine gesag van God Drie-enig in al sy konsekwensies vir die onderwys en opvoeding as uit, deur en tot Hom, deur die verbond bevestig, en binne die konteks van die volkseie. Die grondbeginsels is breedvoerig in die genoemde dokument uitgewerk, wat vir insae beskikbaar gemaak kan word.

Die gesprek het daarna meer bepaald op die verhouding tussen die A P Kerk en die BCVO gefokus. Die A P Kerk het hom immers in die verlede baie duidelik ten gunste van Christelik-volkseie onderwys en opvoeding uitgespreek, soos deur sinodebesluite bevestig. Wat die grondbeginsels betref, is daar dus eenstemmigheid, maar 'n bepaalde problematiek word in terme van die eksplisiete ondersteuning van die BCVO ondervind, wat, teen die agtergrond wat gestel is, as vreemd ervaar en as 'n 'teenstrydigheid' gesien word. Dit manifesteer veral op twee vlakke soos deur prof Swart aangetoon naamlik (i) die verhouding van leerders uit A P Kerk-geledere wat by CVO-skole ingeskryf word en (ii) die mate van konkrete steun wat vanuit die Kerk aan die BCVO verleen word in sy stryd teen die hewige aanslag wat van owerheidsweë op die BCVO gerig is. Die persentasie-steun uit A P Kerk-geledere aan CVO-skole klop nie met die verklaarde standpunte van die Kerk nie. Die aanslag teen die BCVO is op sy vernietiging gerig en alles moet in die stryd om voortbestaan ingewerp word. In hierdie omstandighede sou die BCVO dus met reg op konkrete steun van die Kerk aanspraak kon maak. Vir die BCVO is dit van wesensbelang dat die Kerk kom agter die BCVO sal inwig om hierdie 'laaste loopgraaf' in belang van die oorblyfsel van die Christen-Afrikaner te behou.

Die redes vir geïsoleerde teenstand teen die BCVO is vervolgens bespreek en dit blyk dat dit nie op beginselstandpunte rakende die onderwys en opvoeding as sodanig nie, maar op ander oorwegings van 'n nie-onderwyskundige oorsprong berus.

Mnr. Bruwer het daarna 'n baie positiewe verslag gelewer oor vordering wat in die BCVO gemaak is en word, met verwysing na verskillende aspekte, wat daarvan getuig dat die Beweging die administrering van die CVO-skole stewig in die hand het. Belangrike aspekte waarna verwys kan word is die didaktiek en metodiek m.b.t. Christelike vakonderrig, die Christelike fundering van die vakinhoude, telematiese onderrig en die beplanning i.v.m. tuisskoolonderrig, waarvan met waardering kennis geneem is.
Die afvaardiging van die BCVO is die versekering gegee, by monde van die KOO, dat die A P Kerk die Beweging en sy saak goedgesind is, deur weer na die sinodale besluit oor nouer samewerking met die BCVO te verwys.

**AANBEVELING**
**7.1 Die sinode neem kennis van die gesprek met die BCVO.**
**7.2 Die sinode spreek sy dank teenoor die BCVO uit vir die onskatbare werk wat gedoen word ter bevordering van Christelik-volkseie onderwys.**
**7.3 Die sinode herbevestig sy verklaarde standpuntinname wat Christelik-volkseie onderwys en opvoeding betref, asook sy goeie trou teenoor die BCVO as 'n geesgenootlike medewerker.**
**7.4 Die sinode gee opdrag aan die KOO om die saak van Christelik-volkseie onderwys by wyse van 'n artikel in *Die Boodskapper* weer pertinent onder die aandag van gemeentes te bring en 'n beroep op ondersteuning van organisasies soos die BCVO en andere, wat hulle hiervoor beywer, te doen.**

## 8. BEGROTING

Die Kommissie lê die volgende begroting vir 2002 vir oorweging van die sinode voor: Reiskoste en etes: R12 000

**AANBEVELING**

**8.1 Die sinode keur 'n begrote bedrag van R12 000 vir die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding vir 2002 goed.**

**9. SLOT**

Die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding vertrou dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die sinode en die kerkverband in sy geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die A P Kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk

| | |
|---|---|
| **Ds JB Trollip** | **Oudl. HJ Hayes** |
| (Voorsitter) | (Skriba) |

## BYLAE KOO 1

**KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (INTERKERKLIKE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING)**

Sedert die September 1999-beraad van die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding (IKOO) word 'n duidelike wending in die koers en rigting waarin die IKOO beweeg, waargeneem. By daardie geleentheid het, benewens die afgevaardigdes van drie van die kerke van gereformeerde belydenis (A P Kerk uitgesluit), ook verteenwoordigers van kerke wat verwyderd of vreemd van die gereformeerde belydenis staan, sitting geneem. Dit is later vasgestel dat een van hierdie verteenwoordigers, vader Mkhatshwa, van 'n humanisties-sosialistiese agtergrond is (*Wysheid*, vol 6, no 3, Junie 1999, pp 2 e.v.)

Die beraad van 1999 is weliswaar nog met Skriflesing en gebed geopen, maar die voorsitter, dr Raubenheimer, het daarna verduidelik dat, ter wille van die voortgang van die gesprek, die Gereformeerde belydenis nie soveel prominensie moes geniet nie; kennelik omdat die verteenwoordigers nie van dieselfde belydenis was nie. Hierdeur is na mening die toneel vir die akkommodering van andere van 'n nie-Christelik-gereformeerde belydenis en oortuiging reggeskuif.

'n Verteenwoordiger van die Departement van Onderwys, dr Van Rensburg, het daarna die beraad oor die staatlike owerheid se onderwysbeleid toegespreek. Die owerheid gaan duidelik van 'n multiperspektiwiese godsdienstige en kulturele beskouing uit, aangesien sy beleid op godsdiensgelykheid gebaseer is. Die Christelike godsdiens as sodanig sal nog geduld word, maar dit mag nie daarop aanstuur dat leerders tot dié godsdiens oorgehaal word, of dat daar in enige opsig teen die ander godsdienste gediskrimineer word nie.

Ruim geleentheid vir standpuntstelling is aan die verteenwoordigers van die ander denominasies gegee, wat meegebring het dat die Christelik-gereformeerde standpunt gesmoor is. Die verteenwoordigers het hulle wel van 'n Christelike standpunt laat bedien, maar dit was duidelik dat dit 'n totale ander perspektief is as die konsekwent-Bybelse standpunt oor onderwys en opvoeding wat deur die gereformeerde tradisie gehandhaaf word.

Die Christelik-volkseie standpunt wat deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys gestel is, het met sterk teenkanting te doen gekry; ook vanuit een van die kerke van gereformeerde belydenis. Daar is ook sterk klem gelê op wat genoem is "values education", sonder dat uitvoerig daarop ingegaan is. Later sou dit blyk dat hierdie sogenaamde waarde-ponering 'n poging is om 'n gemeenskaplike noemer te kry, ten einde êrens 'n gemeenskaplike grondslag vir die multi-godsdienstige benadering te probeer vind.

Die wending wat hierdie beraad geneem het is ernstig bevraagteken, maar 'n antwoord oor hoe die IKOO sy pad vorentoe visualiseer, kon nie verkry word nie.

Die daaropvolgende beraad (September 2000) is sonder Skriflesing en gebed geopen en het in sy geheel in Engels plaasgevind. Vier voordragte is deur die volgende sprekers waargeneem:

Dr Manthata, menseregtekommissaris, met 'n politieke strekking;
Dr Mahlangu, president van die Assemblies of God, wat implisiet sy ontnugtering met die toepassing van die onderwysbeleid uitgespreek het;
Mnr Williams, direkteur-generaal vir Algemene Onderwys, wat godsdiensgelykheid gepropageer het; en
Dr Van Rensburg, (wat sedert die vorige beraad klaarblyklik besig is om tot ander insigte te kom) oor die veranderinge, konstansie en die uitdaging aan die kerk.

Hierdie beraad het bloedweinig tot die bevordering van Christelike onderwys bygedra, om van Christelik-volkseie onderwys nie eens te praat nie. Dit was duidelik dat die owerheid 'n geheel ander agenda vir die onderwys in Suid-Afrike het as wat selfs deur die swart Christelike kerke geglo was, maar dat dit by laasgenoemde nog ontbreek aan 'n duidelike onderskeiding op Bybelse grondslag.

Die persone wat aan die paneelbespreking deelgeneem het, waarvan mnr Williams en dr Steyn van Unisa, wat as 'n Christen gestempel wil word, en andere, het dit onomwonde gestel dat daar nie vir afsonderlike godsdiensonderrig in openbare skole voorsiening gemaak sal kan word nie.

**Konklusie:**
Dit is duidelik dat die owerheid die uniekheid van die Christelike godsdiens nie erken nie en hom nie daaraan gebonde ag om aan hierdie godsdiens 'n sentrale plek in die onderwys te gee nie. Godsdiensgelykheid bly die staatlike owerheid se benadering en 'n multi-godsdiensperspektief word gehandhaaf. Die ware aard en betekenis van godsdiens-opvoeding het nog nie tot die staatlike besinning hieroor deurgedring nie, wat meebring dat die Christelike godsdiens sy staanplek in die openbare skool ontneem word en dat 'n verskraalde multi-konsepsionele kennisoordrag in die plek daarvan gestel word wat met opvoeding tot Verbondsgehoorsaamheid en die dien van die Here niks te make het nie. Van 'n verchristeliking van die onderwys sal daar in alle waarskynlikheid weinig, indien enigiets, tot stand kom, vanweë die konstitusionele gegewenheid. Dit lei geen twyfel nie dat die selfstandige en eie aard van die onderwys misken word, aangesien die owerheid wil besluit wat tot inhoud, doelstelling en bestemming daarvan gemaak moet word – 'n verstaatliking van die onderwys dus, waardeur dit aan 'n nie-Christelike religieus-ideologiese beskouing onderwerp word.

Opsommend kan gestel word dat na waarneming hierdie beraad die IKOO by die spreekwoordelike doodloopstraat gebring het, wat Christelike onderwys betref. Die staatlike owerheid het die beraad oorheers, terwyl die gebrek aan 'n Christelike getuienis uit kerklike geledere opvallend was, en die afleiding gemaak word dat hierdie kerklike inisiatief vir Christelike onderwys versand het.
HJ Hayes

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK (KKM)
# Tydperk 11 September 1999 tot 30 April 2001

## 1. PERSONEEL

**1.1** Die Negende Sinode van die AP Kerk het die volgende persone aangewys:
Primariuslede: di. FC Burger, JG van Staden (het vertrek), GG le Roux (skriba), DJ Malan (ondervoorsitter), JD van der Merwe (voorsitter).
Sekunduslede: di. CJS Botha, JH Theron, WJA van Schalkwyk, prof. HCG Robbertze, mev. Rona Cloete (oorlede) en prof. R Marè.

### 1.2 Kommissielede verteenwoordig die AP Kerk
Die meeste van hierdie lede het die AP Kerk verteenwoordig in die gesamentlike Psalm- en Gesangekommissies van die Afrikaanse Kerke met die oog op die nuwe Psalm- en Gesangebundel, genoem "Die Liedboek van die Kerk" soos sy naam sal wees en wat verskyn DV 28 Oktober 2001.

### 1.3 Die KKM is verklein
Soos die meeste ander permanente kommissies van die AP Kerk, is ook die KKM-personeel verklein a.g.v. finansiële en ander redes. Die begrotings is ook ingekrimp.

## 2. VERGADERINGS

### 2.1 Die KKM vergader 6 keer sedert die vorige sinode
As gevolg van die kleiner begroting en die baie werksvergaderings aan die later verskene "Liedboek", het die KKM slegs drie vergaderings per jaar gehou sedert die vorige sinode.

### 2.2 Kommissies wat die AP Kerk verteenwoordig
Die twee kommissies wat die AP Kerk verteenwoordig in die Psalm- en Gesangewerks-vergaderinge het drie "marathon"-vergaderings per jaar meegemaak en hulle dienste aldaar verrig. Sommige lede, soos Rona Cloete, het meer spesialisvergaderinge bygewoon.

**2.3** Ds. (DJ) Danie Malan het ons kerk verteenwoordig tydens die Nederduitsch Hervormde Kerk se 65ste Algemene Kerkvergadering met die oog op die bespreking en goedkeuriing van die nuwe liedereboek op 27 en 28 Mei 2001. Tydens hierdie kerkvergadering het die NH Kerk die *Liedboek* goedgekeur.

## 3. SINODALE OPDRAGTE AAN SY KOMMISSIE (KKM)

### 3.1 Die proefsangbundel
#### 3.1.1 Geen toevoegings nie
Tydens die Negende Sinode besluit die sinode soos volg insake die Proefsangbundel: "In die lig van samewerking met die ander Afrikaanse Kerke aan die hersiening van die Psalms en Gesange, keur die sinode die optrede van die KKM goed, nl. dat gekeurde liedere nie aan die gemeentes deurgestuur is vir opname in die Proefsangbundel nie." Bogenoemde is een van die twee dinge wat aan die huidige Proefsangbundel gedoen behoort te word, nl. om die bundeltjie verder uit te brei. Allerweë is daar egter ernstige beswaar teen die baie sangbundels wat in omloop is in al die verskillende kerke.

Aangesien niemand werklik weet wat die toekoms van die Proefsangbundel is nie, word dit vir die huidige nie aangevul nie.

#### 3.1.2 Redaksionele veranderinge aan die Proefsangbundel
Vandat die Proefsangbundel in gebruik is en gereeld gesing word, besef baie gebruikers dat daar redaksionele veranderinge aan beide die teks en die notering van verskeie liedere nodig is. Hier en daar is ook kopieregimplikasies, wat aangespreek behoort te word. Wanneer daar egter veranderinge aangebring word, moet gemeentes die hele boekie vervang, aangesien almal dan nie meer dieselfde woorde en musieknote sal sing nie. Daar is duisende Proefsangbundels deur die

jare verkoop, sodat dit groot koste-implikasies kan hê. In die lig van bogenoemde het die KKM besluit om nie verder te werk aan die Proefsangbundel nie, minstens nie voordat die AP Kerk-sinode oor die *Liedboek* besluit het nie.

### 3.1.3 Dr. Attie van der Colf se aanbod

Tydens een van die werksvergaderinge van die Gesangekommissie het dr. Attie van der Colf, wat 'n tydgenoot en vriend van ds. JD (Hannes) van der Merwe is, gesê dat hy ingenome is met die AP Kerk-bundeltjie en bied aan om saam met die KKM te werk om dit deeglik te redigeer. Hy voel dat dit 'n sterk evangeliese bundel is, wat goed gebruik kan word onder die Afrikanervolk.

Die KKM het hierdie vriendelike opmerking en aanbod erken, maar geen besluite hieroor geneem nie. Vir die huidige volstaan die KKM met die Proefsangbundel, soos dit daar uitsien. Almal moet egter kennis dra van die feit dat dit die beste verkoper van ons boekwinkel is tot op hede.

### 3.2 Die Redaksiekommissielede van die AP Kerk

Tydens die Negende Sinode besluit die sinode soos volg: "Die sinode wys dr. HJ Smith (prim.) en prof. R Marè (sek.) aan as sy verteenwoordigers op die redaksiekommissie van die Hersiene Psalm- en Gesangeboek".

## 4. DIE NUWE PSALM- EN GESANGEBOEK ("DIE LIEDBOEK VAN DIE KERK")

### 4.1 Besluite van die AP Kerk-sinodes

### 4.1.1 Die lasgewing van die KKM vertolk sinodale besluite

In sy lasgewing (Kerkorde p. 126) verwoord die sinode sy sinodale besluite in verband met die KKM soos volg: "Die kommissie (KKM) werk intussen met die ander Afrikaanse kerke van Gereformeerde belydenis saam aan die hersiening van die Psalms- en Gesange vir sover dit moontlik is."

### 4.1.2 Samewerking met die ander Afrikaanse Kerke

#### 4.1.2.1 'n Brief van dr. De Beer

Teen die einde van 1995 het daar 'n ontmoeting plaasgevind tussen die NG Kerk, die NH Kerk, die Gereformeerde Kerke en die AP Kerk se Sentrale Kerkekommissie. Tydens die vergadering het ds. MC Adendorff die ter sake kerke se afgevaardigdes gevra of hulle nie aan ons kopieregtoestemming sal verleen nie, sodat ons in staat gestel kan word om 'n eie sangbundel saam te stel. Dit het daarop uitgeloop dat die ander kerke ons uitgenooi het om aan hulle te skryf, indien ons Kerk sou belangstel om saam te werk aan die hersiening van die huidige Psalms en Gesange.

Die KKM het nie op hom laat wag nie en briewe geskryf aan elkeen van die drie kerke. Op 12 September 1996 het dr. PJ de Beer, sekretaris van die Tussenkerklike Kommissie vir publikasies (TKKP), 'n vriendelike brief aan ds. Adendorff, ons Direkteur van Kerkadministrasie, geskryf. 'n Paragraaf uit die genoemde brief van ds. De Beer haal ons hier aan:
"Ondergetekende het opdrag ontvang van die TKKP om u te bedank vir u bereidwilligheid om saam te werk aan die nuwe Psalm- en Gesangeboek wat DV teen die jaar 2000 kan verskyn. Ons is verder dankbaar dat u verteenwoordigers, di. JD van der Merwe en DJ Malan ons vergadering van 8 Februarie 1996 bygewoon het. Ons verwelkom die samewerking aangesien ons gemeenskaplike kerklied 'n kosbare erfenis is wat ons graag wil bevorder."

Hierdie opdrag van die sinode, nl. om met die ander Afrikaanse Kerke van Gereformeerde belydenis saam te werk, het die KKM die afgelope vyf jaar, sedert 6 Februarie 1996, uitgevoer.

#### 4.1.2.2 Die samewerking self

Aanvanklik was die samewerkende kommissie van die AP Kerk klein en op die daaropvolgende Sewende Sinode is die afvaardiging vergroot. Sekere vergaderings was met tye onaangenaam, aangesien ons dikwels koppe gedruk het oor dogmatiese en ander beginselsake, soos die NG Kerk se beleid van gesamentlike aanbidding, wat soms ter sprake gekom het. Die sterk Barthiaanse standpunt van die Hervormde Kerk en die beperkende himnologiese siening van die Gereformeerde Kerke in verband met die evangeliese Gesange, het telkens die verskille in siening tussen ons en ander kommissielede uitgewys. Ons het formulerings bevraagteken wat neig in die rigting van die sinergisme, ens. Die bona fides van die ander kerke teenoor ons as afgevaardigdes en ons kerk

was dikwels deur ons bevraagteken. Soos die "marathon"-vergaderings verbygegaan het, het die afgevaardigdes mekaar leer ken en eindelik het ons broers en susters geword in die diens van die Here met een groot doel voor oë, en dit is die grootsheid van die Gereformeerde Kerklied.

**4.1.2.3 Beskrywingspunt van die Ring van Benoni**

Die Ring van Benoni van die AP Kerk vra dat die sinode besluit dat die Afrikaanse Protestantse Kerk nie verder sal deelneem aan die samestelling en publikasie van die nuwe Psalm- en Gesangeboek nie, en dat ons voortgaan met ons eie bundel soos gemotiveer.

**Motivering**

**4.1.2.3.1** Die ekonomie van die land is in 'n ellendige toestand, baie van ons lidmate hou beswaarlik kop bo water, ons gemeentes verkeer in nood en kan in baie gevalle die 15% heffing slegs met groot offervaardigheid oorbetaal. Om in hierdie omstandighede 'n verdere las op die lidmate te laai van 'n nuwe Psalm- en Gesangeboek gaan die strooi wees wat die kameel se rug gaan breek; dit is ekonomies net nie haalbaar om van gemeentes te verwag om hierdie nuwe bundel in gebruik te neem nie.

**4.1.2.3.2** Die beryming sal sonder twyfel op die teks van die nuwe Bybelvertaling gegrond wees. Dié Bybelvertaling word nie in ons eredienste gebruik nie, maar nou word van ons verwag om Psalms en Gesange wat op hierdie vertaling gegrond is, te sing. Dit is net nie logies aanvaarbaar nie.

**4.1.2.3.3** Met Geloofsverklaring 2000 het die drie sg. Susterskerke hulle gedistansieer van tradisionele gereformeerde belydenisskrifte. ""Gereformeerde belyers moet kennis neem dat daar vir die betrokke kerke 'n nuwe belydenis grondslag beplan word, soos die Algemene Kerkbode van 11 en 12 Februarie inderdaad voorsien – 'n belydenis waarin die Waarheid vir die kompromis ingeruil word!" (*Die Boodskapper* No. 130 April 2000.) Dit is nie aanvaarbaar om in dieselfde juk te trek met kerkgenootskappe wat "klaarblyklik nie kompromisloos en ondubbelsinnig die ewige heil slegs van Jesus Christus afhanklik wil stel nie" (*Die Boodskapper* No. 130 April 2000).

**4.1.2.3.4** Tydens die eerste sinodes van ons kerk is besluit dat ons kerk daarna strewe om 'n eie sangbundel saam te stel vir ons eie behoeftes gebaseer op ons eie Skrifbeskouing. Daar sou deurgaans verslag aan die sinode gedoen word van elke lied totdat die sinode uiteindelik die volle bundel goedkeur. Die Psalm- en Gesangeboek word nou aan die sinode voorgelê in 2001 met die gedagte dat dit volledig goedgekeur word. Dit kan nie. Die kerk het slegs enkele liedere ter insae gehad, en nie eens al die gemeentes nie. Ons proefsangbundel is ook nog onder aandag van die kerk en ons verneem (onder korreksie) dat slegs een lied uit die Proefsangbundel opgeneem is in hierdie nuwe bundel. Geen sinode kan op so 'n wyse die volledige nuwe sangbundel, soos gevra gaan word, ooit sinvol deurwerk en met 'n goeie gewete binne 'n week goedkeur nie. Die aangewese weg geld steeds dat ons ernstig, maar ook sinvol werk aan ons eie bundel totdat met verantwoordelikheid so 'n bundel goedgekeur kan word op die regte tyd.

**4.1.2.3.5** Die Psalm- en Gesangeboek wat tans in gebruik is in ons kerk, voldoen aan die behoeftes van die kerk. Daar bestaan ook nie 'n behoefte by die gewone lidmaat, kerkraadslid of predikant aan hierdie nuwe sangbundel nie. Hierdie saak word van "bo-af" op die kerk afgedwing, wat ons terug het by die sinodokrasie wat een van die redes was vir die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

**AANBEVELING**

**4.1.2.4 Die sinode keur nie die beskrywingspunt goed nie.**

**Motivering**

**4.1.2.4.1** Die KKM werk met die ander Afrikaanse Kerke saam in opdrag van die sinode van die AP Kerk, sien die KKM-lasgewing Kerkorde I.2, bl. 126.

**4.1.2.4.2** Alhoewel die Proefsangbundel deur baie gemeentes gebruik word, is daar openlike teenkanting teen die Proefsangbundel by ander gemeentes en hierdie gemeentes sing uit eie, saamgestelde bundeltjies.

**4.1.2.4.3** Die werk aan die *Liedboek* is voltooi en alleen redaksionele werk word nog daaraan gedoen.

**4.1.2.4.4** Die koste verbonde aan die *Liedboek* is aanvanklik R64-99 stuk – soveel as 'n ete vir twee by die Wimpy! (Besonderhede: webwerf:www.liedboek.com.za)

### 4.2 Die "Psalms" in die *Liedboek*

#### 4.2.1 Die onstaan en wording van die nuwe Psalmboek

Die Afrikaanse Kerk het die Psalms in Nederlands gehad en gebruik sedert 1773 in Suid-Afrika. Die eerste Afrikaanse Psalmboek is vir die Gereformeerde kerke in 1937 voorberei en in gebruik geneem. Die NGK en Hervormde Kerk volg die Gereformeerde Kerke in 1944. Dit was grootliks 'n Afrikaanse bewerking van die Nederlandse Psalmberyming van 1773.

Direk na die ingebruikneming hiervan, het daar stemme opgegaan in beide die NG Kerk en die Hervormde Kerk om hierdie Psalms liries en musikaal te hersien. Omdat die Gereformeerde Kerke egter die kopiereghouers van die Totius-beryming was en nie toestemming vir 'n hersiening van die Totius-teks wou gee nie, kon alleen beperkte hersiening van die melodieë plaasvind in die bundel wat op 22 Oktober 1978 in gebruik geneem is. Oor al die jare het die Psalms dus onveranderd bly voortbestaan en daar was dus 'n diepgevoelde behoefte by lidmate en leraars van die ander Afrikaanse Kerke om die Psalms, wat nog baie Nederlands was, te hersien. In teenstelling met die Psalms, is die Gesange van die 1976-bundel, wat ons tans nog gebruik, drasties vernuwe na teks en melodie voor 1976. Ons gee egter toe dat baie Psalms ongelooflike mooi en bevredigende gedagtes, formuleringe en woorde bevat en as dit wegval, sal baie van ons skade ly! Dit is die rede waarom tien oorspronklik onhersiene Psalms agter in die *Liedboek* ingesluit word.

#### 4.2.2 Die Gereformeerde Kerke stem toe tot omdigting

Dit het jare geneem vir die Gereformeerde Kerke om uiteindelik te besluit om die Psalms te "omdig". Daar was baie woelinge in die Gereformeerde Kerke oor die Gereformeerde kerklied en op baie sinodes is hieroor gepraat. Ook die Gereformeerde jeug het gevra vir meer vrye en "singbare" liedere, soos die ander Afrikaanse Kerke het. Aangesien daar 'n nuwe Bybelvertaling verskyn het in moderne Afrikaanse taal en idioom, het dit 'n bydrae gelewer om ook die Psalms nuut te laat omdig.

#### 4.2.3 'n *De novo-beryming* van die Psalms

Sover terug as 1978 besluit die NG Kerk se Algemene Sinode om 'n *de novo-beryming* van die Psalmboek te laat maak en om nie slegs die Totius-teks te hersien nie. In 1982 dra die Algemene Sinode van die NG Kerk dit op aan die Breë Moderatuur om die samewerking van die ander twee Afrikaanse Kerke te vra vir hierdie doel.

Die NG Kerk benoem prof. AC Barnard as sameroeper en identifiseer baie kundiges in so 'n taakspan. Die eerste vergadering vind plaas in 1984; 'n tweede 'n paar maande later en 'n derde in 1986. Op 1 Mei 1986 het die ander twee Afrikaanse Kerke tot hierdie kommissie toegetree, die *Gesamentlike Psalmhersieningskommissie.* Later word dit verkort na die *Psalmkommissie.* Die AP Kerk het eers, soos hierbo genoem, op 8 Februarie 1996 toegetree.

#### 4.2.4 Omdigting is 'n moeilike taak

Omdigting van die Psalms is 'n baie moeilike en moeisame werk en dit het stadig gevorder. In 1990 is prof. TT Cloete genader en deur die NG Kerk aangewys as teksdigter. Hy het 150 tekste van uitstaande kwaliteit en besondere meriete daargestel. Omdigting van die Bybelse Psalms blyk die moeilikste soort werk te wees: *Hier moes uit die Hebreeuse grondteks en poësie, met sy eie boodskap en vreemde beelde, omdigtings gemaak word, met dieselfde boodskap, maar nou vir die Christelike gemeente in 'n heel ander tyd en omstandighede om te sing; en dit in 'n hele ander soort poësie en strofebou, in goeie, vloeiende en eietydse Afrikaans* ... (Woorde van prof. AC Barnard.)

#### 4.2.5 Maklik singbare melodieë

Sinodes van meewerkende kerke dring daarop aan dat goeie, mooi en maklik singbare melodieë gebruik moet word. Daarom is sowat 60 van die bestaande melodieë weggelaat om verskeie redes, soos dat sommige melodieë te lank is, te moeilik is of net nie musikale waarde het nie. Daar is baie wyd gesoek na goeie melodieë.

**4.2.6 Melodieë kom uit ses bronne**

Die melodieë wat in die boek verskyn, is uit 6 bronne afkomstig:

**4.2.6.1** Alle melodieë wat reeds bekend en geliefd is.

**4.2.6.2** Goeie en maklik singbare melodieë wat stam uit ons ryk Gereformeerde kerkliederfenis.

**4.2.6.3** Vir 8 Psalms is mooi melodieë uit ander bundels oorgeneem.

**4.2.6.4** 'n Twintigtal bekende Gesangmelodieë is by sommige Psalms aangewend.

**4.2.6.5** Vier Suid-Afrikaanse komponiste het oorspronklike melodieë vir Psalmtekste geskryf: HP van der Westhuizen, GG Cilliers, Izak Grové en GC Olivier.

**4.2.6.5** Die geliefde liederwysies van Ps. 38, 130 en PK de Villiers se melodieë vir Ps 18 en 147 word gebruik.

**4.2.7 Tien van Totius se Psalms word ingesluit**

Op sy laaste vergadering het die Psalmkommissie besluit om die meewerkende Kerke se sinodes/kerkvergaderinge te vra om as 'n uniforme optrede 10 van die Totius-Psalms, uit sentimentele of ander oorwegings, toe te voeg, t.w. Ps. 8, 23, 24, 33, 48, 84, 100, 116, 130 en 146.

**4.2.8 Die personeel van die Psalmkommissie**

Die personeel van die Psalmkommissie by die voltooiing van die Psalmboek is in alfabetiese orde: prof. AC Barnard (voorsitter), ds. JP Bingle, prof. G Boot, dr. FJ Boshoff, proff. JP Botha, Phil Botha, APB Breytenbach, ds. FC Burger, proff. H du Plooy, RC Grabe, I Grové, DJ Human, dr. EC Kloppers, dr. DP Kruger, mnr. Rene Mathlener, ds AH Mulder, ds. RJ Neveling, proff. GC Olivier, GTN Prinsloo, ds. WP Prinsloo, proff. HCG Robbertze, PH Roodt, dr. PJW Schutte, prof. L Spies, dr. WMI Strydom, prof. AJJ Troskie, dr. AP van der Colf, mnr. HP van der Westhuizen, mnr. AA van Namen, prof. HF van Rooy, ds. WJA van Schalkwyk, dr. WC van Wyk en prof. CJA Vos. (Ons verteenwoordigers se name is onderstreep.)

**4.2.9 Beskrywingspunte van die Ring van Beaufort-Wes**

Die Ring van Beaufort-Wes versoek dat die SKK met betrekking tot die nuwe Psalm-berymings die volgende aan die ring beskikbaar stel:

**4.2.9.1** Die kommissie se oorweging met betrekking tot elke Psalm, waarom sodanige Psalm herberym moet word.

**4.2.9.2** Die nuwe berymings.

**4.2.9.3** Die bron van eksegese van elke nuwe beryming.

**4.2.9.4** Aanduiding van watter Psalms nie herberym word nie en onveranderd opgeneem sal word.

**4.2.9.5** Aanduiding van elke Psalm wat weggelaat word en die kommissie se motivering vir sodanige weglating.

**Motivering**

Kerksang is 'n integrale deel van die erediens. Die ontwikkeling van die kerklied moet dus gegrond wees in die Woord van God.

Die volgende sinode sal nuwe berymings in oorweging neem. Beaufort-Wes wil oor die nodige inligting beskik ter voorbereiding vir sinvolle debatvoering tydens die beoogde sinodesitting.

**AANBEVELING**

**4.2.10 Alhoewel hierdie beskrywingspunt groot meriete het, keur die sinode nie die beskrywingspunt goed nie.**

**Motivering**

**4.2.10.1** Die KKM se afgevaardigdes in die Psalmkommissie sal hierdie opdrag van die sinode moet uitvoer, indien die sinode so besluit. Dit lê nie op die terrein van die SKK nie.

**4.2.10.2** Wanneer hierdie sinode die beskrywingspunt goedkeur, gee hy groot werk aan die Psalmafvaardiging. Prof. HCG Robbertze sou seker die meeste van hierdie vrae kon antwoord.

**4.2.10.3** Hierdie verslag het moontlik sekere van hierdie vrae reeds beantwoord.

### 4.3 Die Gesange in die nuwe Liedboek

Die Gereformeerde Gesange het 'n lang geskiedenis en hierdie geskiedenis omvat stryd en verguising van die Gesange as geheel deur sekere Kerke hier en in die stamlande, wat vasberade glo dat in die Kerk van die Here Jesus Christus alleen gesing mag word: Psalms, die Tien Gebooie, die Credo en enkele Skrifberymings. Gereformeerde Gesange se herkoms is uit alle windrigtings, soos Nederland, Duitsland, Engeland, Ierland, Frankryk, Rusland, ens. Daar is bestaande Gesange wat selfs kom uit die Roomse Kerk. Baie Gesange is verwerkte liedere uit die Hallelujaboek; baie kom uit tye van herlewings in die 19de eeu en vroeër.

#### 4.3.1 Gesange ingebind in die Statevertaling

In die voorwoord tot die Evangeliese Gesange wat opgeneem is in die Statevertaling op 6 September 1805, verantwoord die Nederlandsche Hervormde Kerk homself dat in die hiermee gepubliseerde Gesange niks voorkom wat enigsins strydig is met die leer van die kerk nie, en dat die inhoud van die Gesange in lyn is met die dogmatiese inhoud van die Formuliere van Eenheid.

#### 4.3.2 Die eerste Afrikaanse Gesange

Op 19 Februarie 1936 verskyn die eerste Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek. In sy voorwoord sê die Gesamentlike Revisiekommissie dat die Nederlandse Evangeliese Gesange reeds sedert 1814 in Suid-Afrika orals in die NG Kerk gebruik is. In 1924 besluit die sinode van die NG Kerk in beginsel om die Psalms en Gesange in Afrikaans te laat vertaal, sodat die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap dit kan uitgee. Die behoefte word uitgespreek dat die Gesangeskat uitgebrei moet word. As gevolg van die oorlog en ander redes, vorder die werk nie vinnig nie. Ongelukkig is sommige van die Gesange geskrap om dogmatiese en letterkundige redes.

#### 4.3.3 Kosbare toevoegings tot die Gesange

Kosbare toevoegings tot hierdie Gesangeboek was sekere Skrifberymings van Totius, Gesange uit die "Vervolgbundel op die Evangelische Gezangen" (1866) en verwerkings van klassieke kerkliedere. 'n Aantal heeltemal oorspronklike Gesange het die lig gesien en is ook ingesluit. 'n Goeie rubriekindeling is voorberei en daarvolgens is die Gesange in die boek ingedeel. Vir baie jare het hierdie Gesangeboek goeie diens gelewer en gelowiges geestelik verryk.

#### 4.3.4 Die nuwe Gesangeboek bring opwinding

Die huidige Gesangeboek verskyn in 1978 en al drie die Afrikaanse Kerke het saamgewerk. Dit was 'n uiters opwindende geleentheid toe die verskillende kerke die nuwe liederebundel in gebruik neem. Daar was ou, bekende Gesange wat weer nuut voorgekom het en baie splinternuwe juwele, soos Gesang 5, 10, 63, 165, 177, 183, 200, 230 – om net 'n paar te noem.

#### 4.3.5 Leemtes in baie bestaande Gesange

Hierdie bundel het egter ook baie beperkinge, soos dieselfde onhersiene Psalms in die ou register wat nie verwerk kon word nie. Onder die Gesange is daar net drie egte kinderliedere opgeneem. Sekere melodieë is as "onsingbaar" opsy geskuif. Sommige tekste is swak en dogmaties aanvegbaar. Wanneer 'n goedgeskoolde hersieningskommissie gesang vir gesang krities deurwerk, ontdek hy die leemtes. En tog, was dit nie dat daar so 'n dringende behoefte aan die omdigting van die Psalms by sommige kerke was nie, sou die Gesange in die huidige liederebundel nog lank gebruik kon word in die Afrikaanse Kerke.

#### 4.3.6 Die personeel wat meegewerk het aan die Gesangeboek

UIT DIE NG KERK: Prof. Attie Barnard, mev. M Brits, ds. Cassie Carstens (skriba) mev. ZMJ Conradie, dr. Karen de Wet, dr. Louis Dressel, prof. Jan du Rand, mev. Rene Marais, proff. Gerrit Olivier, Piet Roodt, mev. Hetta Potgieter, dr. Louwrens Strydom, proff. Albert Troskie, Jan van der

Watt, Cas Vos, Stefan Joubert, dr. Johan Laubscher, dr. Attie van der Colf, mnr. GD van der Watt, prof. CJ Wethmar.

UIT DIE NH KERK: Prof. Louis Bezuidenhout, mnr. Bennie Bierman, prof. Andries Breytenbach, prof. Wallie da Silva, mev. M Fourie, ds Piet Geyser, dr. Elsabe Klopper, ds. Arrie Kuyper, mev. Friena Maritz, mev. Marie Schoeman, dr. Flip Schutte, ds. JF van der Merwe, mev. Cecilia van Tonder, mev. Susan van Wyk, prof. Jimmy Loader, prof. Tienie Mans, mnr. Johan Steyn, mnr. Rian Steyn en dr. Pirow Bekker.

UIT DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA: Ds. Johannes Bingle en ds. Arnold Mulder.

UIT DIE AP KERK: Di. Danie Malan, Gawie le Roux, Hannes van der Merwe, mev. Rona Cloete en prof. Roelof Marè.

UIT DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA: Ds. Ronnie Neveling.

## 5 *DIE LIEDBOEK VAN DIE KERK* IS DIE AMPTELIKE PSALM- EN GESANGEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE KERKE

### 5.1 Die *Liedboek* en die NG Kerk

Wanneer ons die geskiedenis van die Psalm- en Gesangeboek in die NG Kerk volg, is dit duidelik dat die behoefte aan 'n liederebundel oorspronklik hier gebore is. Die NG Kerk het die ander Afrikaanse Kerke gevra om saam te werk aan die daarstelling van so 'n bundel.

Die grootste deel van die personeel wat aan die *Liedboek* gewerk het, kom uit die NG Kerk asook die voorsitters van die Psalm- en Gesangekommissie. Op beide die Algemene en Streeksinodes van die NG Kerk is die *Liedboek* reeds in beginsel goedgekeur.

### 5.2 Bekendstelling en ontvangs van die *Liedboek*

Daar is 'n kommissie aangewys om die *Liedboek* in die NG Kerkkringe bekend te stel, nl. die Loodskomitee. Hierdie kommissie het reeds op 21 September 2000 vergader en daarna verskeie kere weer.

Daar word besluit om 'n inligtingspakket aan die begin van April 2000 aan gemeentes, leraars, orreliste en sangleiers te stuur. Hierdie pakket sal 'n proefbundel van plus-minus 30 liedere, 'n video, 'n inligtingstuk en 'n CD bevat. Die bekendstelling sal in ringsverband geloods word, aan die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging deurgestuur word en aan die Suid-Afrikaanse Koorvereniging en die ATKV. Streeksaamtrekke sal plaasvind, die media sal ingelig word: RSG, Radio Pretoria, ens.

### 5.3 Die hooffees

Die hooffees sal DV plaasvind op Sondag 28 Oktober 2001 om 15:00 in die Pretoriase stadsaal. 'n Konsepprogram is saamgestel en dit sal herlei word oor die eter, sodat soveel mense moontlik daarin kan deel.

## 6. DEELNAME VAN DIE ANDER AFRIKAANSE KERKE

### 6.1 Die Nederduitsch Hervormde Kerk

Prof. Andries Breytenbach van die NH Kerk het namens sy kerk die versekering gegee dat die NH Kerk saam met die ander kerke sal deel in die verrigtinge. In die tussentyd het die NH Kerk die *Liedboek* in sy geheel goedgekeur op sy pas afgelope Algemene Kerkvergadering. Die NH Kerk het die tweede grootste afvaardiging in die Gesangekommissie.

### 6.2 Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika sal uiteraard die Psalmboek aanvaar, maar dit is nog nie bekend watter Gesange ingesluit sal word as Skrifberymings of Gesange nie. Twee afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerke het deurgaans die Gesangekommissie bygewoon en aan die

besprekings deelgeneem. Hieroor sal die Gereformeerde Kerke by die eersvolgende sinodale vergadering in 2003 besluit.

### *6.3* Embleem en/of kerkwapen op die *Liedboek*

Die Loodskommissie het twee moontlikhede vir 'n embleem ondersoek. Die Christus-duogram kan as embleem op die *Liedboek* gebruik word. 'n Ander gedagte is dat elke deelnemende kerk sy eie kerkwapen daarop laat aanbring.

### 6.4 Die AP Kerk en die nuwe *Liedboek*

#### 6.4.1 Sinodale besluit tot op datum

Ons het reeds gewys op die beginselbesluit van samewerking met die ander Afrikaanse Kerke van Gereformeerde belydenis wat die AP Kerk vroeg in sy bestaan geneem het en wat reeds geïmplementeer is deur die KKM en vir hierdie groot werk het die sinode telkens voorbidding gedoen, soos blyk uit sinodale besluite.

#### 6.4.2 Hoe gaan die sinode die aangeleentheid hanteer?

Tydens die Negende Sinode van die AP Kerk het die KKM die volgende aanbeveling voor die Sinode gelê:
"Die Sinode gee opdrag aan die TKKM om tydens hierdie sitting 'n voorlegging voor te berei met die oog op die goedkeuring van die nuwe Liederebundel ..." (bl. 137, punt 5.6.2).

Die Sinode het hierdie aanbeveling behandel en 'n paar voorstelle het uit die vergadering gekom:

**6.4.2.1** Oudl. JF Jordaan, gesekondeer deur ds. EP van Staden stel voor dat reeds voltooide liedere aan gemeentes beskikbaar gestel sal word vir evaluering deur gemeentelede tydens sangoefeninge buite die die erediens.

**6.4.2.2** Ds. HF Jooste, gesekondeer deur oudl. JA Hiemstra stel voor dat die volgende sinode sal besluit of die nuwe Psalm- en Gesangeboek goedgekeur word al dan nie.

**6.4.2.3** Ds. JA du Plessis, gesekondeer deur oudl. LR Treurnich, stel voor dat die sinode besluit om 'n buitengewone sinodesitting te reël om te besluit oor die nuwe Psalm- en Gesangeboek.

**6.4.2.4** Ds. JJ Vrey, gesekondeer deur oudl. CJ Smit, stel voor: "Die Sinode besluit dat die te-verskyne, hersiene Psalm- en Gesangebundel voorlopig, tot by die volgende sinode, voor en buite die erediens gesing kan word om die liedere te leer ken en te beoordeel en dat 'n ad hoc-kommissie daargestel sal word, bestaande uit die KKM, die SKK, en die Pk. tesame met die kommissielede wat die AP Kerk verteenwoordig het in die interkerklike werkskommissies om die eersvolgende sinode met 'n finale aanbeveling te dien."

Die sinode verwys die voorstelle na die TKKM om daaroor te besin en met 'n aanbeveling te kom. Dit het die TKKM gedoen en die sinode besluit soos volg:

"Die sinode besluit om 'n ad hoc-kommissie daar te stel, bestaande uit die KKM, die SKK, en die Publikasiekommissie tesame met die kommissielede wat die AP Kerk verteenwoordig het in die interkerklike werkskommissie om die voltooide, geredigeerde Psalm- en Gesangeboek volledig na te sien, te evalueer en namens die AP Kerke te keur vir gebruik deur gemeentes buite die erediens." (*Handelinge, Negende Sinode*)

#### 6.4.3 Vertraging in die uitgawedatum

In die tussentyd is die verskyning van die *Liedboek* uitgestel van Oktober 2000 tot Oktober 2001. Die finale redigering word nie deur die werkskommissie gedoen nie, maar deur 'n paneel taalgeleerdes wat na die finale produk omsien. Tot op datum was dit nie moontlik om die finale, gekeurde liedere te bekom nie. Ds. Danie Malan het 'n stiffie van ds. Cassie Carstens, die skriba van die Gesangekommissie, bekom waarop al die notules en tekste verskyn, maar selfs dit is nog onvolledig. Dit was derhalwe nie moontlik om tot op hierdie datum uitvoering te kon gee aan die hierbogenoemde sinodebesluit nie.

### 6.4.4 Standpunte onder lidmate van die AP Kerk

Die KKM het 'n paar briewe ontvang van lidmate en gemeentes wat onomwonde verklaar dat hulle die nuwe *Liedboek* verwerp. Sommige lidmate is emosioneel hieroor en het uiteraard nie insae in die nuwe Psalms en Gesange nie. Sommige lidmate en leraars is bekommerd oor die sogenaamde Messiaanse Psalms en voel Christus ontbreek hierin, of Christus kom nie hierin voor nie.

### 6.4.5 AP Kerklidmate wil die *Liedboek* eers self ondersoek

Die KKM is van oordeel dat die meeste lidmate, kerkraadslede, leraars en gemeentes eers self die finale produk sal wil sien en bestudeer, voordat hulle daaroor besluit. Ons lidmatetal is klein in vergelyking met die ander groot Afrikaanse kerke en daarom verhinder en belet 'n latere sinodale besluit van die AP Kerk nie die uitgee en ingebruikneming van die *Liedboek* nie. Op hierdie stadium word geen sinodeganger deur enige kommissie of persoon gedwing om vinnig en onbesonne oor die groot saak te besluit nie!

### 6.4.6 Lidmatetal bepaal hoeveel bundels elke kerk benodig

Die NG Kerk-Uitgewers beraam dat 80% van die *Liedboek*-verkope aan NG Kerklidmate sal wees; 10% aan Hervormde kerklidmate; 6% aan lidmate van die Gereformeerde Kerke en 4% aan AP Kerklidmate. Die boek sal netjies gedruk wees. Dit bevat 150 Psalms, 10 onveranderde Totius-Psalms, 452 Gesange en 'n paar klassieke Engelse liedere agterin. Die koopprys vir die eerste oplaag sal wees R62 en dit word gedruk deur die NG Kerk-Uitgewers. En die meewerkende kerke sal gesamentlik die kopiereghouers van beide die Psalms en Gesange in die *Liedboek* wees.

### 6.4.7 "Behou die huidige Psalm- en Gesangeboek vir die AP Kerk!"

Dit wat hierbo in aanhalingstekens staan, is die standpunt van baie lidmate en sommige leraars van die AP Kerk. Hierdie standpunt het sekere implikasies: nuwe 1976-Gesangeboeke sal moet herdruk word. Die kopiereg berus by die NG Kerk-uitgewers en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Vir etlike jare het die NG Kerk-Uitgewers nie meer nuwe Gesangeboeke herdruk nie, in afwagting op die *Liedboek* wat kom. Die AP Kerk sal in so 'n geval 'n bestelling moet plaas vir 'n nuwe oplaag ou Gesangeboeke.

### 6.4.8 Leer uit die ondervinding van ander kerke

Die Vrye Christelike Gereformeerde Kerk op Frankfort en Ogies gebruik nog steeds die 1936-Gesangeboek en sukkel om eksemplare te bekom. Waarom bly by die ou, 1976-Gesangeboek, terwyl die AP Kerk mede-kopiereghouers van die hersiene en verbeterde *Liedboek* is!

### 6.5 Kopieregoortreding

In 'n brief, gedateer 8 Julie 1999, uit die kantoor van dr HJ Smith insake kopiereg, waarsku die skrywer gemeentes ernstig om versigtig te wees met die saamstel van eie bundeltjies, liedere vir die oorhoofse projektor en liedere wat op klankborde verskyn. Die kopiereg is ingewikkeld en kan maklik oortree word. Die TKKP sal uiteraard soos "'n waghond toesig hou daaroor dat die kopiereg van die *Liedboek* nie oortree word nie, aangesien die bundel baie duur kos en lank aan gewerk is deur baie professionele manne en vroue. Hiermee moet gemeentes van die AP Kerk rekening hou, indien hulle die *Liedboek* sou verwerp en tog liedere daaruit wil neem vir eie bundeltjies. Andersyds is kopieregoortredings ten opsigte van die *Liedboek* ook 'n oortreding teen die AP Kerk, wat 'n deelnemende kerk is.

## 7. 'n Beskrywingspunt van die Ring van Beaufort-Wes oor die kopiereg van die bestaande Psalm- en Gesangeboek

Die Ring van Beaufort-Wes versoek die SKK om skriftelik uitsluitsel te verkry van die kerke wat kopiereg hou oor die bestaande Psalm- en Gesangeboek en of die AP Kerk goedkeuring sou kan verkry om:

(i) die bestaande Psalm- en Gesangeboek vir eie gebruik te vermeerder, indien die volgende sinode die nuwe berymings sou verwerp.

(ii) Die SKK word versoek om skriftelik uitsluitsel te verkry met betrekking tot die regsposisie omtrent die kopiereg van die oorspronklike kopiereghouers, by wie oorspronklik goedkeuring vir reproduksie verkry is.

**Motivering**

Die oorweging van die kerklied moet Skriftuurlik begrond wees.
Daar mag geen sprake wees van 'n hipotetiese bedreiging dat die AP Kerk van sy kerklied ontneem sal word indien die sinode nuwe berymings en bundels nie sou goedkeur nie. Sodanige hipotese bring nie-Skriftuurlike beredenering na vore en plaas die sinode in 'n drukgang-situasie.
Sinvolle debat kan slegs gevoer word en verantwoordelike besluite kan slegs geneem word indien alle opsies met 'n oop gemoed en sonder hipotetiese veronderstellings oorweeg kan word.

**AANBEVELING**
**7.1 Die sinode keur nie die beskrywingspunt goed nie.**

**Motivering**

**7.1.1** Die NG Kerk-Uitgewers en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika behou die kopiereg oor die huidige 1976-Gesangeboek en sal seker nie die kopieregbepalings verslap nie.

**7.1.2** By die verwerping van die *Liedboek* deur die AP Kerk sal die genoemde kerke, wat die kopiereg het op die huidige Gesangeboek, miskien minder toegeeflik wees.

**7.1.3** Waarom sou die AP Kerk stry vir Psalms en Gesange wat in sommige gevalle groot gebreke het, terwyl die AP Kerk volle toegang het tot die nuwe *Liedboek*.

**7.1.4** Getrouheid aan die waarhede van die Skrif was deurgaans die maatstaf in enige werk aan die tekste van die Psalms en Gesange. U afgevaardigdes was mos vanaf die tweede werksvergadering teenwoordig en kan daarvan getuig.

**7.1.5** Bestaande Gesange is min verander en dit is alleen verander waar dit Skriftuurlik of literêr nodig was.

**7.1.6** Waarom sal die AP Kerk 'n uitstekende liederebundel verwerp waarin hy die kopiereg deel?

**7.1.7** Dit lê nie direk op die weg van die SKK om op hierdie vrae te antwoord nie, maar die KKM werk met sang en musiek.

**8. AANBEVELINGS**

**8.1 Sangleiding**
**Die sinode gee – soos gebruiklik – opdrag aan die KKM om die sang tydens die sinodesitting te reël en te lei.**
**8.2 Keur samewerking goed.**
**Die sinode keur dit goed dat die KKM, in naam van die Afrikaanse Protestantse Kerk, met die ander Afrikaanse Kerke van Gereformeerde belydenis saamgewerk het aan die daarstelling van 'n hersiene Psalm- en Gesangeboek, genoem *Die Liedboek van die Kerk***

**Motivering**

**8.2.1** Die beskrywingspunte van die ringe van Vereeniging en Benoni impliseer dat sekere lidmate en leraars ongelukkig is met die optrede van die KKM deur met die ander Kerke van Gereformeerde belydenis saam te werk, terwyl hierdie samewerking volgens die lasgewing van die KKM 'n sinodale opdrag is.

**8.3 Skrap lasgewing**
**Die sinode skrap die eerste lasgewing van die KKM, wat so lui: "Die Kommissie stel hom ten doel om uiteindelik 'n eie sangbundel vir die AP Kerk daar te stel vir gebruik in die plek van die huidige Psalm- en Gesangeboek."**

**Motivering**

**8.3.1** In die lig van die teenkanting teen die Proefsangbundel wat geopenbaar word by baie gemeentes van die AP Kerk wat nog steeds uit eie of ander bundels sing, is dit klaarblyklik dat hierdie ideaal nie verwesenlik sal kan word nie.

**8.3.2** 'n Eie sangbundel wat die huidige Psalm- en Gesangboek vervang in die erediens en wat enigsins vergelykbaar is met die *Liedboek*, sal groot fondse en mannekrag vereis. Die AP Kerk beskik heel moontlik nie oor sulke manne en vroue nie!

**8.3.3** Punte 2 en 3 van die KKM-lasgewing is streng gesproke teenstrydig.

**8.3.4** Daar is 'n sterk gevoel by sekere lidmate en leraars dat die Kommissie moet ontbind.

**8.4 Beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging insake die afskaffing van die KKM**

Die Sinode/RKA 2001 besluit dat die Kommissie vir Kerksang en –musiek afgeskaf word.

**Motivering**

**8.4.1** Die sinode het alreeds die Kommissie vir Bybelvertaling afgeskaf. Ons Kerkverband gaan tog immers nie 'n eie Bybel laat druk nie.

**8.4.2** Die Kommissie vir Kerksang en –musiek het die afgelope twee jaar saamgewerk met die drie ander Kerke met dieselfde belydenisgrondslag in die daarstelling van 'n liederebundel met ongeveer 400 liedere. Of dit in ons kerkverband gebruik gaan word, moet nog uitgeklaar word tydens die sinodesitting.

**8.4.3** Na dertien jaar van dienswerk, het slegs die Proefsangbundel die lig gesien.

**8.4.4** Gemeet aan die koste van die bestaan van die Kommissie en die vrug van die werksaamhede saam met die ander Kerke is die voortbestaan van die Kommissie gewis nie te regverdig in die lig van die ekonomiese klimaat waarin ons kerke in die kerkverband verkeer nie.

**AANBEVELING**

**8.4.5 Die KKM beveel aan dat hierdie beskrywingspunt verwys word na die volgende sinode en dat dit vir die huidige nie goedgekeur word nie.**

**Motivering**

**8.4.5.1** Aan die einde van die lasgewing van die KKM (Kerkorde bl. 126) staan daar tussen hakies: "Die Kommissie bestaan voort totdat sy opdrag voltooi is." Punt 2 van die KKM-lasgewing is na die *Liedboek* se verskyning afgehandel.

**8.4.5.2** Punt 1 van die KKM-lasgewing is slegs gedeeltelik uitgevoer met die verskyning van die Proefsangbundel. Die Proefsangbundel kan op die oomblik uiteraard nie die huidige Gesangeboek vervang nie.

**8.4.5.3** Sien die aanbeveling van die KKM in hierdie verband.

**8.5 Kontinueer besluit**

**Die sinode herbevestig en kontinueer sy besluit, geneem op die Negende Sinode van die AP Kerk, insake die uiteindelike goedkeuring en ingebruikneming van *Die Liedboek van die Kerk* wat soos volg lui:**

***Die Sinode besluit om 'n ad hoc-kommissie daar te stel, bestaande uit die KKM, die SKK en die Publikasiekommissie, tesame met die kommissielede wat die AP Kerk verteenwoordig het in die interkerklike werkskommissie om die voltooide, geredigeerde Psalm- en Gesangeboek volledig na te sien, te evalueer en namens die AP Kerke te keur vir gebruik deur gemeentes buite die erediens.*** (*Handelinge*, Negende Sinode)

**Voorts word die voorsitter van die KKM as sameroeper van die ad hoc-kommissie aangewys.**

**Motivering**

**8.5.1** As gevolg van die enorme werk om 'n liederebundel van so 'n groot formaat daar te stel, het die bundel 'n jaar later verskyn as wat verwag is.

**8.5.2** As gevolg van die latere verskyning, kon nie uitvoering gegee word aan die sinodebesluit nie.

**8.5.3** In die tussentyd kan leraars en gemeentes die *Liedboek* ondersoek en leer sing.

**8.6 Beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos insake die goedkeuring van *Die Liedboek***

Die sinode besluit om die huidige Psalm- en Gesangebundel te bly gebruik en by 'n volgende sinode finaal te besluit oor die nuwe voorgestelde Psalm- en Gesangeboek.

**Motivering**

Gun gemeentes kans om eers meer op hoogte met die woorde en melodieë te kom en voorkom oorhaastige besluite.

**AANBEVELINGS**

**8.6.1 Die sinode besluit om die huidige Psalm- en Gesangebundel te bly gebruik en by 'n volgende sinode finaal te besluit oor die nuwe voorgestelde Psalm- en Gesangeboek.**

**8.7 Verkry self 'n liedboek**

**Die sinode moedig leraars, ouderlinge, wat moontlik die Elfde Sinode van die AP Kerk sal bywoon, orreliste en sangleiers aan om so gou moontlik die *Liedboek* aan te koop en hulleself deeglik te vergewis van die inhoud daarvan met die oog op die moontlike goedkeuring van die bundel vir gebruik in die AP Kerk.**

**Motivering**

**8.7.1** Die AP Kerk-sinode kan alleen verantwoordelik oor sy amptelike liederebundel vir die toekoms besluit, indien elke lid van die sinode homself deeglik vergewis het van die inhoud van elke lied in die bundel, wat teks en melodie betref.

**8.7.2** Dit is nie billik en teenoor God verantwoord nie dat 'n sinode van die AP Kerk ligtelik en prakties oningelig besluit oor 'n liederebundel, waaraan soveel kundige mense soveel jaar gewerk het en waarvan die AP Kerk mede-kopiereghouer is.

**8.8 'n Vriendelike versoek aan prof. HCG Robbertze**

**Die sinode versoek prof. HCG Robbertze, in sy hoedanigheid as Ou Testamentiese professor en lid van die Psalmkommissie, om die eksegetiese standpunt ten grondslag van die sogenaamde Messiaanse Psalms in die *Liedboek*, skriftelik te verduidelik, aangesien dit vir vele leraars 'n struikelblok is by aanvaarding van die nuwe Psalms in die *Liedboek*.**

**Motivering**

**8.8.1** Prof. Robbertze is 'n gewaardeerde professor van ons Akademie en is ten volle op hoogte van die eksegetiese standpunte wat daar bestaan in verband met die sogenaamde Messiaanse Psalms.

**8.8.2** In die Totius-teks is die kerkvolk gewoond aan bepaalde hoofletters, wat op die Messias dui; in sekere Psalms in die *Liedboek* word kleinletters gebruik en dit dui gevolglik nie op Christus nie, maar op die destydse ter sake koning, of iemand anders. En dit verg verduideliking.

**8.9 Begroting**

**Die sinode keur die begroting van die KKM vir die nuwe termyn goed.**

**8.10 Die sinode besluit om as mosie van roubeklag oor mev. Rona Cloete vir 'n wyle op te staan.**

**9. SLOT**

Die KKM dank die Here vir sy leiding en seën gedurende die reses en dat Hy die werk van hierdie Kommissie kon gebruik, ondanks ons menslike beperkinge en beperkte fondse.

Die voorsitter wil as slotwoord sy opregte dank boekstaaf teenoor die lede van die KKM vir hulle gewaardeerde werk in die reses, en die KKM dank die AP Kerk-verteenwoordigers in die Psalm- en Gesangekommissies, wat nie volle lede van die KKM is nie, maar hier kosbare insette gelewer het namens die AP Kerk, dikwels onder moeilike omstandighede.

Die lede van die KKM vertrou dat hy aan sy opdrag, volgens sy lasgewing, voldoen het en bid die kennelike seën van die Drie-enige God af op die verdere verrigtinge van die sinode.

*.... Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie en het ons konings en priesters vir onse God gemaak* ... (Op. 5:9, 10)

**AAN GOD DRIE-ENIG AL DIE EER!**

**Di. JD (Hannes) van der Merwe (voorsitter); DJ (Danie) Malan (ondervoorsitter)**
**GG (Gawie) le Roux (skriba)**

# VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARFGIEF (KKA)
# Tydperk: Januarie 1999 tot Desember 2000

## 1. PERSONEEL

Die negende sinode (1999) het hierdie kommissie vergroot met drie lede tot vyf, nl. dr. WA Burger, ds. HDK van der Merwe, ouderlinge J Gericke, E Erasmus en TL le Roux. Ds. WM Grové was weer adviserende lid en skriba.

## 2. VERGADERINGS

Drie vergaderings is gehou. Oor die begroting is per korrespondensie besluit. Dr. WA Burger en ds. W Grové het as aangewese lede op die Ad hoc-kommissie vir Rekenarisering van Gemeente-administrasie, drie keer saam met die ander lede van die ad hoc-kommissie vergader.

## 3. VERSLAGTYDPERK

Die vorige verslag het gestrek oor die tydperk Mei 1997 tot Desember 1998. Hierdie verslag handel oor die periode Januarie 1999 tot Desember 2000.

## 4. OPDRAGTE VAN DIE NEGENDE SINODE

**4.1** Daar was net een opdrag, nl. die aanbeveel van 'n rekenaarprogram vir die hele gemeente-administrasie. In punt 2 hierbo het u gesien van die vergaderings.

Die ad hoc-kommissie is saamgestel volgens besluit van die sinode. 'n Memorandum is opgestel en aan die Bestuur vir Kerkadministrasie deurgestuur vir verdere handeling. Daar is bevind dat 'n geslaagde rekenaarprogram vir die gemeente, versoenbaar moet wees met die rekenaarprogram wat by die Sentrale Kerkkantoor gebruik word indien eersgenoemde werklik in sy doel moet slaag. Hiermee het die saak beweeg buite die kundigheid en opdrag van die ad hoc-kommissie.

**4.2** 'n Bydrae van die Kommissie vir die Kerkargief tot die werk van die ad hoc-kommissie, was die opstel van voorskrifte en vereistes vir rekenaarwerk in die gemeente, met die oog op bewaring. Dit is Bylae KKA 1 van hierdie verslag.

**AANBEVELING**

**4.2.1 Die sinode keur die voorskrifte en vereistes vir rekenaarwerk in die gemeente soos vervat in Bylae KKA 1 goed.**

**4.3** Indien die BRKA nie met 'n aanbeveling oor 'n rekenaarprogram vir die hele gemeente-administrasie kom nie, lê die Kommissie vir die Kerkargief die rekenaarregistervorms aan die sinode hiermee voor in Bylae KKA 2.1 en KKA 2.2.

**AANBEVELINGS**

**4.3.1 Die sinode keur die vorms vir die lidmaatregister en doopregister soos in Bylae KKA 2.1 en 2.2 goed.**

**4.3.2 Die sinode besluit dat kerkraadskribas wat op eie inisiatief en na goeddunke sedert die vorige sinode rekenaarregisters na die kerkargief toe gestuur het, dit moet vervang met registerafskrifte op hierdie goedgekeurde vorms.**

## 5. DOOPLIDMAATREGISTER

Bep. 4A waarin die hou van 'n dooplidmaatregister as die verantwoordelikheid van elke kerkraad voorgeskryf word, is deur die Kommissie vir Kerkregtelike Sake op eie inisiatief in 1990 ingevoer sonder om die Kommissie vir die Kerkargief op wie se terrein die saak lê, te raadpleeg of te ken.
Hierdie voorskrif het na die mening van die Kommissie vir die Kerkargief daartoe bygedra dat in die doopregisterafskrifte wat in ons kerk se argief bewaar word vir die komende geslagte 'n sterk

negatiewe element t.o.v. die beeld van ons kerkverband by toekomstige genealogiese navorsers geskep gaan word. Die rede daarvoor is dat dit aanvanklik verwarrend is omdat doopinskrywings oral tussenin voorkom en dat dit die indruk van onkundigheid en lompheid skep. Dit neem ook onnodige plek op in die beperkte ruimte van die argiefkluis.

Die Kommissie vir die Kerkargief betreur die feit dat al sy pogings om dit reggestel te kry, 'n volgehoue negatiewe reaksie van die kant van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake gekry het. Verder word dit ook betreur dat van die kant van die KKS nooit terugvoering of samewerking ontvang is nie behalwe 'n brief van dr. Henk Grobler, huidige skriba van KKS wat hy op 14 Julie 1999 gefaks het nadat dr. Willie Burger, voorsitter van die Kommissie vir die Kerkargief op 13 Julie 1999 telefonies by dr. Grobler beswaar gemaak en navrae gedoen het oor die swye van die kant van Kerkregtelike sake. Genoemde brief het geen bydrae t.o.v. die aangeleentheid gelewer nie - inteendeel.

In die lig van bostaande het die Kommissie vir die Kerkargief besluit om van die saak af te stap. Deur die hulp wat gemeenteskribas kry uit die Argiefhandleiding en deur die raad wat persoonlik - hetsy telefonies of per brief - aan skribas gegee word, en deur die welwillende samewerking van die meeste skribas word bevredigende vordering gemaak om die toekomstige skadelike uitwerking van die dooplidmaatregistervoorskrif in Bep. 4A geleidelik te verminder totdat dit hopelik eendag geheel geneutraliseer gaan wees.

## 6. NA AANLEIDING VAN DIE VORIGE VERSLAG

**6.1** Die BRKA het 'n rekenaar met CD skrywer en skandeerder vir die argief aangekoop en geïnstalleer. Dit gaan in die nabye toekoms hopelik ten volle benut word, afhangende van die beskikbaarheid van personeel.

**6.2** Daar het geen versoek van die kant van die ringe gekom om konferensies met betrekking tot bewaring te hou nie.

**6.3** Hierdie kommissie het nog nie kennis gekry van die Kuratorium dat 'n werkgroep vir vaderlandse kerkgeskiedenis begin is nie.

**6.4** Met die werkpatroon dat die argivaris sedert Julie 1999 op konsultantbasis net twee dae per week vir die voormiddag op kantoor is, word kwalik bygehou met die nasien, kommentaar lewer en ontvangserkenning van aanwinste. Enkele ander opdragte soos rondom die ad hoc-kommissie i.v.m. die rekenaarprogram vir gemeente-administrasie, het baie tyd in beslag geneem. 'n Hersiene gemeenteverslagvorm vir kerkvisitasie is ook opgestel en aan die SKK voorgelê.

**6.5** Die gesprek met die drie ander Afrikaanse kerke oor ons gemeenskaplike kerklike en kultuurerfenis kon nie weer aan die gang gekry word nie.

## 7. AANWINSTE

Sonder twyfel het die kerkargief gedurende die twee jaar van die verslagtydperk meer argivalia ontvang as ooit tevore. Daarom word hieroor in meer besonderhede verslag gedoen as tevore. Groot dank kom toe aan elke persoon wat daartoe meegewerk het.

### 7.1 Huweliksregisters

Van 'n aantal leraars is huweliksregisters ontvang. Sommige het nie net in die verslagtydperk begin en dit sedertdien gedoen nie maar dit gedoen t.o.v. alle huwelike wat hulle bevestig het sedert hul toetrede tot die AP Kerk. Hierdie welwillendheid is hoogs lofwaardig. 'n Paar broeders het dit gedurende vorige resesse ook gedoen. Al ontbreek die handtekenings van die bruidspaar op hierdie registervorms, is die gegewens baie kosbaar.
Die betrokke leraars in hierdie geval is MC Adendorff, PW Botha, IA Brink, JAC Erasmus, GJ Grobler, HF Jooste, CD Koen, GG le Roux, JD Malan, G Pretorius, NJ Rautenbach, JA Scholtz, HJ Smith, JH Theron, C van Rooyen, HB van Rooyen, JG van Vuuren, JJ (Kosie) Venter.

**7.2 Gemeentenuusbriewe**
Dit is jammer dat so min ingestuur word, hoewel ons dankbaar is dat die meeste gemeentes wat sulke briewe uitgee, blykbaar ten minste vir hulleself 'n volledige stel hou. Indien ons meer voorbeelde kon hê, sou gemeentes wat wou kom kers opsteek, meer gebaat het.

Enkele uitgawes is in die verslagtydperk ontvang van Bronkhorstspruit, Groter Durban en Potgietersrus. Steynsburg (met kombinasiegemeentes Barkly-Oos, Maclear en Tarkastad) is 'n loflike voorbeeld sowel t.o.v. gereeldheid as vindingrykheid en sprankel van inhoud en aanbieding.

**7.3 Afskrifte van doop- en lidmaatregisters**
**7.3.1** Wat hierdie afdeling betref, was dit die heel vrugbaarste. Dit is waarskynlik te danke aan die besluit van die sinode soos deur hierdie kommissie gevra, dat gemeenteskribas die afskrifte direk na die kerkargief toe moet stuur en nie via die ring nie. Ons ag dit waarskynlik dat sommige afskrifte tog nog by ringskribas uitgekom het.
**7.3.2** Sommige gemeenteskribas het skynbaar die besluit van die vorige sinode m.b.t. rekenarisering sodanig vertolk dat hulle reeds rekenaaruitdrukke van registers na goeddunke gestuur het. Dit is egter jammer omdat sommige nie bevredigend is nie en daarby by die toekomstige navorser negatief inwerk t.o.v. die beeld van ons kerkverband. Dit geld ook die fotokopie afskrifte waarvan sommige tot beskaming is.
**7.3.3** 'n Totaal van 85 gemeentes het in die tydperk van die verslag, registerafskrifte gestuur. AP Kerk Welbekend en AP Kerk Pretoria Suiderlig (twee jong gemeentes) is by die argief op datum ook met hulle gemeentenuusbriewe, afkondigings, oorspronklike en ondertekende kerkraadsnotules en ander stukke tot 2000.
**7.3.4** Die besluit van die Sinode 1999 by punt 1 van die tweede besluit, item 218 op bladsy 497 van die *Handelinge 1999*, kan lastigheid veroorsaak. Daarom vra hierdie kommissie dat dit soos volg gekwalifiseer word: Gemeentes wat voortaan die rekenaar gebruik vir die registers, stuur **nie** nou 'n **hele** registerafskrif van stigting af nie, **maar gaan slegs voort vanwaar hulle afskrifte in die Kerkargief ophou** vóór oorskakeling op rekenaar.

**7.4 Gemeentes wat ontbind het**
Dit is uiters moeilik om argivalia van sulke gemeentes te bekom. Talle pogings in die verlede was vrugteloos. Loflike uitsonderings was Bosrand en Louwna, danksy die welwillendheid van ds. Maloney; Cradock – hartlike dank aan ds. JP Bezuidenhout en Northam – baie dankie aan 'n ongeïdentifiseerde persoon van AP Kerk Thabazimbi (in antwoord op 'n versoek in die verband aan ds. W van Schalkwyk). Dieselfde waardering aan ds. Gerrit Smit (Pretoria-Oos) wat die argivalia van Diamantstreek gebring het.

**7.5 Ringsargivalia**
Hier is ook 'n rekord opgestel. Van die volgende elf ringe is **iets** tot **heelwat** ontvang, hoewel die meeste nog nie alles stuur soos dit behoort te wees nie. Dit is vir die ringskriba uiteengesit in die Argiefhandleiding, wat hom te doen staan. Die ringe is Beaufort-Wes, Derby, Gordonia, Graniet, Kimberley, Klerksdorp, Middelburg, Migdol, Nelspruit, Outjo, Somerset-Oos.

**AANBEVELING**
**7.5.1 Die sinode besluit dat ringskribas dadelik (Bep. 37E) alle argivalia volgens die Argiefhandleiding na die kerkargief toe moet stuur.**
**7.5.2 Die sinode vereis oorspronklike en ondertekende stukke en afskrifte moet vir die ring gehou word.**

**7.6 Van sinodale kant is die stand soos volg:**
**7.6.1** SKK – heelwat stukke is uit die kantoor van die Direkteur, ds. Adendorff ontvang; ook oorspronklike verslae van die tydelike kommissies en ander stukke van die Negende Sinode 1999.
**7.6.2** BRKA-verwante stukke het uit die kantoor van die Administrateur mnr. CJ de la Rey, net voor sy aftrede gekom.
**7.6.3** 'n Ruim aantal lêers vanuit die PUBLIKASIE-AFDELING (dank aan mevv. Britz en Van Lille). Hierdie afdeling besorg ook gereeld twee eksemplare van alle nuwe publikasies en herdrukke aan die Kerkargief.

**7.6.4 Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding**
Enkele notules en ander stukke uit die jare 1990-1992. Uit die jare 1993 tot 1997 is 'n aantal notules van die kommissie ontvang, saam met 'n paar stukke korrespondensie en stukke i.v.m. kursusse en kampe.

**7.7** 'n Brieweboek van wyle dr. Eben Friis – briewe aan die Sentrale Kerkekommissie in die stigtingstyd van die AP Kerk.

**7.8** Nuusbrief/tydskrif word van beide die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis ontvang wanneer dit gepubliseer word. Daarin is nuttige inligting.

## 8. HANDLEIDING VIR GEMEENTE-ADMINISTRASIE

Die argiefkonsultant het die stuk opgestel en die afgetrede Administrateur, mnr. CJ de la Rey voor sy vertrek gevra om saam te werk deur aan te vul en af te rond waar nodig. Hy het egter nie sy weg daartoe oop gesien nie. Die huidige Administrateur mnr. LJ Korkie is gevra om nou te help met die voltooiing van die handleiding.

## 9. FINANSIëLE STATE

Finansiële state van gemeentes is skaars in die kerkargief, terwyl dit groot geskiedkundige waarde het. Daarom word die volgende besluit gevra.

**AANBEVELING**
**9.1 Die sinode besluit: Elke kerkraad stuur jaarliks 'n eksemplaar van die geouditeerde finansiële state na die kerkargief toe.**

## 10. BEGROTING

Op versoek van die Finansiële Kommissie is die begrotings vir 2001 en 2002 aan hulle voorgelê. Vergaderkoste is onderskeidelik R3 122 en R3 356. Vergoeding vir die amptenaar is R23 492 en R26 254. Dit kom deur die verslag van die BRKA voor die sinode.

## 11. IN MEMORIAM

Sedert die vorige sinode tot met die gereed maak van die Sakelys vir hierdie Tiende Sinode, 2001, is sewe leraars oorlede. Die huldeblyke wat in *Die Boodskapper* gepubliseer is, vorm Bylae KKA3 tot hierdie verslag.

**AANBEVELING**
**11.1 Die voorsitter vra die vergadering om vir 'n paar oomblikke op te staan in eerbetoning en dankbare nagedagtenis aan die ontslape leraars dr. FA Bester, dr. JA Scholtz, dr. E Friis, di. D (Dirk) J Malan, en DT van Loggerenberg, PJB Engelbrecht en JJR Katzke. 'n Lid van die vergadering doen 'n gebed.**

## 12. DANKBETUIGING

Ons betuig ons dank aan ds. Grové vir die deeglike en wetenskaplike wyse waarop hy ons kerkargief gevestig het.
Lede van die Kommissie vir die Kerkargief:

| | |
|---|---|
| **Dr. WA Burger (voorsitter)** | **Oudl. J Gericke** |
| **Ds. HDK van der Merwe** | **Ds. WM Grové (adviserend en skriba)** |
| Oudl. E Erasmus | Oudl. TL le Roux. |

**BYLAE KKA 1**

# VEREISTES EN VOORSKRIFTE TEN OPSIGTE VAN DIE REKENAARWERK IN DIE GEMEENTE

**Die Kommissie vir die Kerkargief reken dat vir ons doeleindes die rekenaar 'n ontsluitings- en werksapparaat is en nie 'n bewaringsinstrument nie.**

## 1. DOOP- EN LIDMAATREGISTER

**1.1** Die vorm en opset ten opsigte van kolomme en betrokke gegewens moet dieselfde wees as die registervorms wat in gebruik is. 'n Voorbeeld word hiermee saam gestuur.

**1.2** Die inhoud van die registers moet op datum gehou word soos in die bestaande gedrukte en geskrewe registers.

**1.3** 'n Opdatum rekenaardrukstuk moet van die doop- en lidmaatregister bygehou word op hoë gehalte papier soos Camelot Cartridge 105g. (Dit is verkrygbaar by ons eie boekwinkel.) Hierdie drukstukke kan in die bestaande omslag vir die registers gehou word.

**1.4** Die jaarlikse afskrif van die drukstuk moet vir die kerkargief gemaak en aan die kerkargief gestuur word volgens die geldende reëls daarvoor, o.a. dat jaarliks slegs die nuwe inskrywings gestuur word. Die Argiefhandleiding moet steeds gevolg word.

**1.5** Attestate en doopseëls word steeds op die kerkordelike wyse uitgereik met die betrokke vorms wat by die Sentrale Kerkkantoor (Boekwinkel) verkrygbaar is.

**1.6** Die handgeskrewe of getikte stelsel mag slegs wanneer volledig en volgens bg. voorskrif gerekenariseer is, gestaak word.

## 2. BOEKHOUDING

**2.1** Die rekenaarprogram wat aanbeveel word, kan alle nodige funksies verrig.

**2.2** Drukstukke moet gemaak en bewaar word soos voorgeskryf ten opsigte van die registers, punt 1.3 hierbo.

**2.3** Van die gedrukte finansiële state moet jaarliks ná oudit, een stel na die ring en een stel aan die kerkargief gestuur word.

## 3. KORRESPONDENSIE, NOTULES, ENS.

**3.1** Vir die beginner mag die aangehegte wenke tot hulp wees.

**3.2** Ook hier geld die reël dat rugsteun/bewaringsdrukstukke gemaak moet word.

## 4. ALGEMEEN

**4.1** Geen oorspronklike bron van enige aard mag ooit sonder meer vernietig word nie. Kerkrade moet deskundige raad inwin i.v.m. vermeende uitgediende stukke voordat dit tot niet gemaak word.

**4.2** Te alle tye moet met die **vereistes en reëls soos in die Argiefhandleiding** rekening gehou word om daaraan te voldoen.

**4.3** Vir elke afdeling van die administrasie van die gemeente (registers, boekhouding, notules, ens.) is die drukstukke nie slegs 'n noodsaaklike rugsteun nie maar dit is die manier waarop die **gegewens bewaar word**. Al word gegewens op 'n kompakskyf (CD) geberg, is sy houvermoë nie soos papier nie wat gegewens reeds vir eeue bewaar.

**4.4** Met die oog op punt 4.3 hierbo is dit nodig om 'n goeie letterkwaliteit drukker te hê. Laserdrukkers is tans die beste.

**4.5** Omdat die tegnologie so vinnig ontwikkel, moet met die aankoop van hardeware (apparaat) en sagteware (programme) rekening gehou word met opgradering wat later gedoen moet word en met die versoenbaarheid van programme.

## REGISTER VAN BELYDENDE LIDMATE - AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ..... (NAAM VAN GEMEENTE)

| VAN | VOLLE NAME | ID NOMMER | LIDMAATSKAP VERKRY * | | | | | LIDMAATSKAP BEëINDIG | | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | BELYDENIS AFLEGGING | ATTESTAAT UIT APK | LIDMAATBE-WYS UIT APK | UIT ERKENDE KERK-VERBAND (NIE APK) | DATUM | REDE (A tot E **) | DATUM | |
| Ackerman | Daniel Schalk | | Dr. E Botha | Jhb | | NG Danie Theron | 29/4/60 | A | 21/11/70 | Alberton |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

* Voltooi slegs die kolom soos van toepassing t.o.v. u gemeente; ** Redes vir beëindiging van lidmaatskap: A - met attestaat vertrek (meld naam van gemeente waarheen in opmerkingskolom); B - oorlede; C - gemeenskap opgesê (meld datum deur Ouderlingeraad (Or.) aanvaar); D - afgesny; E - lidmaatskap verval (meld datum van Or.-besluit)

**BYLAE KKA 2.2**

**DOOPREGISTER VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ..... (NAAM VAN GEMEENTE)**

| | VAN | VOLLE NAME VAN KIND | ID NOMMER | DOOP-DATUM | DOOP BEDIEN DEUR | VAN EN VOLLE NAME VAN OUERS MOEDER SE NOOIENSVAN | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Brand | Doniella | | 12/11/95 | Ds. HDK van der Merwe | Vader: Peter-Donn Brand<br>Moeder: Harriet van der Merwe | |
| 2 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 3 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 4 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 5 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 6 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 7 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 8 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 9 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |
| 10 | | | | | | Vader:<br>Moeder: | |

**BYLAE KKA 3**

## IN MEMORIAM: HULDEBLYKE

**DR. FREDERICK ALBRECHT BESTER**
**GEBORE 15-01-1916**
**OORLEDE 06-08-1999**

Vroeg ná gemeentestigting gedurende 1987, het ons as gemeente met dr. Bester en sy vrou Ina kennis gemaak. Hulle het so gereeld moontlik die eredienste, toe nog in die Jukskeisaal in Bellville, bygewoon. Nadat hulle lidmate van ons gemeente geword het, het hy ook van die eredienste gelei. In hom het ons 'n dinamiese prediker gehad. Te alle tye was sy preke deeglik voorberei en het ons baie graag daarna geluister.

Gedurende dié tyd het sy vrou, Ina, hom deur die dood ontval en is hy later weer met Norma getroud.

Alhoewel dr. Bester 'n uitstaande akademikus was, was hy deurgaans 'n beskeie en nederige mens – 'n fyn opgevoede persoon. Waar hy gegaan het, het hy respek afgedwing. Hy was dan ook 'n ware geestelike vader vir gemeentelede met wie jy met vertroue jou probleme kon bespreek. Hy het ook as ouderling op die kerkraad gedien – 'n dienswerk wat hy met soveel ywer en toewyding gedoen het.

Dit was vir die gemeente 'n blye dag toe hy as ons tweede leraar beroep is, nadat ons so lank herderloos was. Hy het sy intreepreek op 28 November 1993 gelewer met as teks 1 Kor 2:2: *Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.*

Ewe-eens was dit vir ons 'n hartseerdag toe hy sy afskeidspreek op 11 November 1995 gelewer het. Hy het diep spore in ons harte en gemeente getrap.

Vandat hy uit die bediening getree het, het sy gesondheid merkwaardig versleg en was hy by tye uiters siek. Dikwels het hy hom tussen die aftree-oord en die hospitaal bevind – totdat hy op 6 Augustus 1999 in Andante Aftree-oord in Kuilsrivier oorlede is. Die roudiens het op 10 Augustus vanuit die AP Kerk Tygerberg plaasgevind, en die teraardebestelling op 11 Augustus te Hermanus.

Vir ons as gemeente is sy heengaan 'n hartseer en droewige dag – hy was 'n geliefde leraar, 'n voorbeeldige kind van die Here en 'n ware vriend. Ons eer sy nagedagtenis. Van hom kan ons ook sê: *Stil, broers, daar gaan 'n man verby!*
*Ouderling Bokkie de Villiers*

**DR. JAN SCHOLTZ**
**GEBORE 05-05-1927**
**OORLEDE 04-12-1999**

Dr. Jan Andries Scholtz het my altyd beïndruk met sy eerlike en reguit manier van praat en doen. Hy het sy teologiese studies voltooi aan die Teologiese Seminarium (Kweekskool) Stellenbosch in 1948. Daarna behaal hy sy M.Th.-graad in 1958. In die NG Kerk het hy die volgende gemeentes as leraar bedien: Noorder-Paarl, Redelinghuys en Kraaifontein. Dit is hier waar die onderwys hom roep en hy hou skool aan die Oos-Rand in Transvaal. Hy gaan toe ernstig voort met sy studies en behaal sy M.A.-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en in 1985 behaal hy sy Ph.D-graad aan die Universiteit Vista.

Dr. Scholtz is in 1981 aangestel as hoof van die Departement Bybelkunde aan die Kollege vir verdere opleiding van die Departement van Onderwys en Opleiding. In 1982 het hy by die Universiteit Vista aangesluit as senior lektor in Bybelkunde.
In 1989 voel dr. Jan Scholtz hom weer sterk geroepe om predikant te wees om veral sy geestelike bediening uit te leef in die toe nuutgestigte Afrikaanse Protestantse Kerk. Sy aansoek om predikantstatus in die AP Kerk word goedgekeur en op 23 Augustus 1989 word hy bevestig in die

AP Kerk De Aar. Daarna bedien hy vanaf 1991 die AP Kerk Meyerton en hy emeriteer finaal op 30 November 1997.

In sy jare in die bediening het hy groot werk gedoen op geestelike en onderwysgebied. Hy het sy merk gemaak in die Afrikaner se volkslewe. In die sinodale kommissies van die AP Kerk het hy besondere diens gelewer – veral by die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding asook by die Kuratorium. Ons het hom leer ken as 'n geestelike vader.

Skaars drie jaar na sy finale emeritaat is hy van ons weggeneem deur die dood aan die einde van 1999. Hiermee ons innige meegevoel aan sy naasbestaandes.
*Ds. Nico Rautenbach*

**DR. EBEN FRIIS**
**GEBORE 21-02-1921**
**OORLEDE 01-01-2000**

Ek het oom Eben in 1955 leer ken toe hy predikant was van die NG Kerk Knysna. Dit was by geleentheid van ons studentewerkskamp op Badplaas, Transvaal. Oom Eben, soos ons hom dadelik leer ken het, het die eredienste gelei en ook die Bybelstudie. Vir elkeen wat die voorreg gehad het om daar te wees, was dit 'n wonderlike ervaring en 'n reis na geestelike groei en dieptestudie van die Skrif. So was dr. Eben Friis se bediening in elke gemeente waar hy in diens van die Here was. In die NG Kerk het hy in diens gestaan vanaf 1950 in die gemeentes Krokodilrivier, Knysna, Uitenhage-Oos, Mondeor en Kroonstad. Hy emeriteer in 1981. Met die stigting van die AP Kerk het hy sterk op die voorgrond getree en was hy dan ook die eerste leraar wat met predikantstatus na die AP Kerk oorgekom het. Voor die stigting van die kerk het hy reeds op komitees gedien wat die voorbereidingswerk vir die stigting van die kerk gedoen het. Op die dag na die stigting van die AP Kerk (27 Junie 1987), op Sondag 28 Junie 1987, het hy die eerste erediens vir Pretoria en omstreke gehou in die skoolsaal van die Hoërskool HF Verwoerd. Die eerste gemeente (AP Kerk Suidkus, Natal) is onder sy leiding gestig. Daarna was hy betrokke by die stigting van 'n twintigtal ander gemeentes in Natal, Oos- en Noord-Transvaal. In die AP Kerk was hy dan ook predikant in die AP Kerke Potgietersrus/Koedoesrand, Johannesburg en Johannesburg-Suid. Sy stem in die sinodes van die NG Kerk en vanaf 1987 in die AP Kerk is gereeld gehoor en hy het gesag afgedwing. Op sinodale kommissies het hy duidelik ook sy stempel afgedruk.

In die laaste jare van sy bediening het hy liggaamlik swaar gely, maar geestelik 'n reus gebly. In my laaste gesprek met hom het hy my nog bemoedig na 'n ernstige breinoperasie wat ek gehad het.

Ons het nog beplan om saam die Here te loof vir sy genesende genade.

Wat oom Eben nog 'n merkwaardige figuur gemaak het, is dat hy op bykans 70-jarige ouderdom nog 'n doktorsgraad in die Teologie verwerf het aan die Universiteit van die Vrystaat. In 1995 het dr. Friis finaal geëmeriteer. Die laaste jare het hy gewoon binne die grense van AP Kerk Verwoerdburg. Vir sovele het hy so baie beteken tot aan die einde van sy lewe. Hy is op die eerste dag van die nuwe jaar 2000 oorlede in die ouderdom van 78 jaar en is op 7 Januarie vanuit die AP Kerk Verwoerdburg begrawe. Vir my was dit 'n besondere voorreg om die begrafnisdiens te lei en te weet: ons groet een van die groot seuns van ons Kerk.

Ons stem saam met die radioberig waarin die volgende gesê is: *Saam met sy eggenote en kinders dank ons die Here vir sy vrugbare lewe, en ons onthou met deernis sy liefde en groot ywer vir die saak van die Here, sy kerk en sy volk.*

Ons kerk dra ons innige meegevoel oor aan sy eggenote, kinders en kleinkinders.
Soli Deo Gloria.
*Ds. Nico Rautenbach*

**DS DJ (DIRK) MALAN**
**GEBORE 10-07-1929**

**OORLEDE 15-09-2000**

Dirk Johannes Malan is op Britstown gebore en voltooi sy skoolloopbaan op Carnarvon. Hy behaal B.A. Hons en B.Th. te Stellenbosch. Hy trou met Martie du Plooy wat hom in 1997 ontval. Uit hierdie huwelik is twee dogters en twee seuns gebore. Na Martie se oorlye, trou hy met Hester Blaaw, wat hom oorleef.

In 1954 is hy gelegitimeer. Hy bedien nege NG gemeentes en emeriteer in 1988. Op 8 Julie 1990 voeg hy hom by die AP Kerk. Vanaf Augustus 1990 bedien hy die AP Kerk Waterberg tot hy op 31.07.1994 emeriteer. Hy het egter steeds hulpdiens gelewer aan die Warmbad-gemeente tot by sy afsterwe.

Dirk Malan se hoogste ambisie was om die Here te dien. Met sy gesonde verstand en sy mooi en godvresende uitkyk op die lewe, was hy ook sy medemens tot seën. Sy vermoë om vrede tussen mense te bewerkstellig, was een van sy uitstaande kenmerke. Hy was 'n *weerligafleier* in die ware sin van die woord. Sy gebede vir ander was 'n voortdurende offer aan die Here. Sy invloed en nagedagtenis sal bly voortleef in die harte van vele wat baat gevind het uit sy bediening. Hy was egter 'n nederige mens wat nie lof vir homself gesoek het nie.

Sy fyn sin vir humor was bekend. Sy gevatte kwinkslae, grappies en staaltjies, meestal uit sy bediening, het altyd 'n groep mense om hom saamgetrek.

Ons sal hom mis, maar ons weet hy is nou gelukkig daar in die teenwoordigheid van sy Verlosser. Hy het hom geroep uit die aardse diens tot 'n hoër, ewige diens.

Ons betuig hiermee ook ons innige deelname aan sy eggenote en kinders.
*(Inligting verskaf deur ds. WA Burger en br. Japie Scholtz)*

**DS. DANIëL TOBIAS VAN LOGGERENBERG**
**GEBORE 06-04-1928**
**OORLEDE 04-12-2000**

Met 'n byeenkoms van die Kerkjeugvereniging van die Ned. Geref. Kerk Pretoria-Oos het ons mekaar ontmoet. Die teenstelling was opvallend: 'n grootste kerkgebou van sandsteen en twee mense, klein van postuur – veral hy die kortere van ons twee. Groot is inderdaad die Koninkryk wat hy met toewyding en buitengewone nederigheid gedien het.

Loggie – soos wat hy meesal bekend was – het in Ermelo groot geword en ook daar gematrikuleer. Aan die Universiteit van Pretoria voltooi hy sy studie in 1954. Sy gemeentebediening begin 1955 in die NG Gemeente Petronella, noord van Pretoria, nadat hy as proponent vir 'n tyd lank in Premiermyn gehelp en 'n beroep daarheen bedank het. Daarna bedien hy Soutpansberg (Louis Trichardt) vir 7 jaar en toe Premiermyn vir sowat 19 jaar. Hier emeriteer hy in 1986 omrede van swak gesondheid – ernstige nierprobleme; hy ontvang dan ook 'n nier. Hy was getroud met Maria Elizabeth du Preez. Uit die huwelik is een seun en twee dogters gebore. Marietjie het soortgelyke probleme gehad en het ook 'n nier ontvang.

As jeugdige het hy polio gehad en merkwaardig herstel. Ten spyte van 'n swak gestel (of juis ten bate van sy gesondheid) het hy as student deelgeneem aan boks en in sy volwasse lewe baie belanggestel in kampeer, jag en visvang.

Na vier jaar as geëmeriteerde van die NG Kerk word hy op 28-01-1990 predikant van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Vanaf 01-08-1990 was hy bedienaar van die Woord in AP Kerk Trans-Magalies tot 30-04-1998 toe hy geëmeriteer het. Marietjie het hom op 19-04-1999 ontval. Loggie het egter nog bly werk in Trans-Magalies totdat hulle 'n nuwe leraar in Januarie 1999 ontvang het. Toe het hy oral rond gehelp waar hy gevra is, totdat sy gesondheid hom dit nie meer toegelaat het nie.

Al is Loggie nie meer by ons nie, bly sigbare bouwerk aan sy arbeid herinner nl. kerkgeboue in NG Kerk Soutpansberg, Premiermyn en AP Kerk Trans Magalies. Monumentale geestelike bouwerk wat met groot liefde en getrouheid deur hierdie minsame dienskneg van die Here gedoen is - hy was 'n uitnemende herder - kan ons nie sien nie, net daarvan weet en saam met hom sy Here prys.
*Ds. WM Grové*

**DS. PETRUS JOHANNES BASSON ENGELBRECHT**
**GEBORE 22-01-1936**
**OORLEDE 05-02-2001**

Ds. Pieter Engelbrecht was 'n seun van Smithfield waar hy op 22 Januarie 1936 as die oudste van drie seuns gebore is. Hy matrikuleer op Smithfield, behaal sy B.A. Admissiegraad aan die UOVS in 1956, en slaag die proponenteksamen einde 1960 aan die kweekskool op Stellenbosch. Albei eksamens het hy met lof geslaag. Sy eerste gemeente was Waverley in Pretoria waar hy op 26 Februarie 1961 georden is. Hy tree op 16 Desember 1961 in die huwelik met Mariana Marais. Na Waverley bedien hulle met groot vrug en seën agtereenvolgens die volgende gemeentes:

NG Kerk
Waverley Pretoria – 26 Februarie 1961 – 30 Junie 1964
Luipaardsvlei Krugersdorp – Junie 1964 – 24 Oktober 1968
Kemptonpark Suid - 16 November 1968 - 12 Januarie 1973
Kerkenberg Harrismith - 19 Januarie 1973 - 15 April 1979
Hospitaal Park Bloemfontein - 20 April 1979 - 20 November 1986
Radiokansel (Gebiedsorganiseerder Vrystaat en Natal) - 23 Nov. 1986 - 25 Apr. 1993

AP Kerk Senekal Mei 1993 - 30 April 1995
Emeriteer 30 April 1995
AP Kerk Brandfort (beperkte Dienstermyn) 22 Augustus 1999 tot 5 Februarie 2001

Uit die huwelik van 39 jaar is vier kinders gebore, drie seuns en een dogter: Johan, Jannie, Pieter en Anso.

Op 20 September 2000 is hy gediagnoseer met akute limfoblatiese leukemia. Die leukemia was in reses en hy kon voortgaan met sy bediening.

Op 17 Januarie 2001 is hy opgeneem in die hospitaal en na 'n kort lyding is hy op 5 Februarie 2001 oorlede.

In sy laaste dae van sy bediening het hy liggaamlik swaar gely, maar geestelik 'n reus gebly. Saam met sy eggenote, kinders en kleinkinders dank ons die Here vir sy vrugbare lewe, en ons onthou met deernis sy liefde en groot ywer vir die saak van die Here, sy Kerk en sy volk. Sy laaste woorde was dat hy hom oor niks bekommer nie, want hy weet aan wie hy behoort. Fil 1:21 - *Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.*

Aan een van sy wense kon voldoen word, naamlik om hom op die AP kerkterrein te begrawe.

Ons Kerk dra ons innige meegevoel oor aan sy eggenote kinders en kleinkinders.
*Kerkraad en Gemeente Brandfort*

**DS. JULIUS JAMES RUDOLPH KATZKE**
**GEBORE: 01-01-1922**
**OORLEDE: 30-03-2001**

Julius is in Ermelo gebore – so op die nuwe jaar! In Ermelo het hy ook gematrikuleer. Hy het sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria voltooi en is in 1949 gelegitimeer.
In 1949 is hy te Utrecht met Dina Uys getroud. Uit die huwelik is sewe kinders gebore. Dit was 'n mooi Christelike en voorbeeldige en gelukkige gesin. Hy en Dina het vir meer as 'n halfeeu gelukkig saamgeleef en mekaar enduit ondersteun. Ons eer hulle daarvoor!

Julius het die volgende gemeentes bedien in die Ned. Geref. Kerk:

Paul Pietersburg – 1950
Piet Retief – 1978
Kampersrus – 1982.

In 1995 het hy sy status by die AP Kerk gekry en die gemeente Hoedspruit bedien tot twee weke voor sy afsterwe.

Julius was 'n man met onweerstaanbare *hartstog*. Alles wat hy gesien, gehoor en beleef het, het hom ter harte gegaan. Hy was 'n man met 'n groot pastor-hart. Hy het vir almal alles geword. Hy kon deel in andere se hartseer en was delend in ander se vreugde.

Hy kon die waarheid wat hom aangegryp het altyd aangee en daarmee beslag lê op ander se lewens. Ons sal hom altyd onthou as iemand met 'n fyn sin vir humor en 'n warm belangstelling in elkeen wat sy pad gekruis het.

Ons geliefde vriend, geloofsgenoot, volksgenoot is nie meer met ons nie, maar daar is tog baie sigbare bouwerk wat sy arbeid in gedagtenis sal hou. Die jare in Hoedspruit was gelukkige en geseënde jare. Hy was 'n getroue dienskneg van die Here – en behalwe vir sy dierbares was hy vir baie gelowiges 'n minsame mens en predikant. Ons prys die Here vir wat Hy met en deur sy nederige dienskneg vir Kerk en Koninkryk gedoen het. Ons bid die vertroosting van die Heilige Gees toe vir Dina en haar kinders en sy gemeente.
*Dr. CI van Heerden.*